# COMMUNIO SANCTORUM – GEREFORMEERDE KERKREG VERSUS KERKLIKE GESKEIDENHEID. ’N BIOGRAFIESE BIBLIOGRAFIE VAN W. D. JONKER, 1955 – 1968

GERT JACOBUS DUURSEMA

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

In die

Fakulteit Teologie

Jonathan Edwards Sentrum Afrika

Aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof Dr. E. A. de Boer
Mede-promotor: Prof. Dr. R. M. Britz

BLOEMFONTEIN, Februarie 2017

**VERKLARING**

VOLLE NAME: Gert Jacobus Duursema

STUDENTE NOMMER: 1971005317

**TITEL:** ***Communio sanctorum*** **– Gereformeerde kerkreg versus kerklike geskeidenheid. 'n Biografiese bibliografie van W. D. Jonker, 1955-1968.**

Ek, Gert Jacobus Duursema, verklaar hiermee dat:

a. Die proefskrif wat ek hiermee vir die graad Philosophiae Doctor in Historiese Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat indien, my selfstandige werk is en dat ek dit nie voorheen vir 'n kwalifikasie aan 'n ander hoëronderwysinstelling ingedien het nie;
b. Ek daarvan bewus is dat die Universiteit van die Vrystaat oor die outeursreg beskik;
c. Alle eienaarsregte met betrekking tot intellektuele eiendom wat in die loop van en/of in verband met die studie aan die Universiteit van die Vrystaat ontwikkel is, die Universiteit sal toeval.

2 Februarie 2017

HANDTEKENING DATUM

Voorwoord.

Lindey, my goeie vrou, het hierdie studie in alle opsigte moontlik gemaak. Ek dra dit graag aan haar op.

Ek wil in die tweede plek hierdie werk opdra aan die Ned. Geref. Gemeente Kimberley Bet-El, vir wie ek bedien met die Woord. Hulle het die kerklike geskeidenheid eerstehands beleef, toe hulle as kleurlinge nie aan die blanke Ned. Geref. Kerk mog behoort nie, maar lidmate van die Ned. Geref. Sendingkerk geword het. By twee geleenthede het hulle dit vir my moontlik gemaak om vir drie maande na Nederland te gaan vir navorsing.

Die Theologische Universiteit in Kampen het elke keer aan my gratis huisvesting verskaf. Maar meer nog, ek het daar 'n geestelike tuiste gevind en talle goeie vriende gemaak. Die biblioteek en die Deddenskamer (waarin die hele versameling van wyle prof. P. Deddens en sy seun prof. D. Deddens bewaar word) is 'n byna onuitputlike bron vir navorsing met ongeveer 150,000 boeke. Die bystand en hulp wat ek van personeel daar gekry het, sal my altyd bybly.

Finansieel is beide reise na Nederland moontlik gemaak deur die beurse wat ek van die Nederlands Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) en die Deddens-Koppe Fonds ontvang het.

Die NG Kerk in SA Argief in Stellenbosch was eweneens altyd bereidwillig om te help. Mevv. Marlene Schoeman (voor haar aftrede) en Karin Minnaar verdien my diepste dank. Hulle bied my ook 'n platform vir die Jonker Digitale argief (www.williejonker.co.za ), laai die materiaal wat ek versamel het op die web en sal ook behulpsaam wees om die dokumente wat nog nie geskandeer is nie, gereed te kry vir die web.

My hoogsgeleerde promotors, proff. E. A. de Boer en R. M. Britz, se leiding, raad en ondersteuning kan nie onder genoeg woorde gebring word nie. Wat 'n voorreg om begelei te word deur dié (internasionaal-erkende) kenners van (veral) die Nederlandse kerkgeskiedenis (prof. de Boer) en Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis (prof. Britz)!

Ek het talle telefoonoproepe na mev. E. Jonker, weduwee van prof. Willie, gemaak as ek iets meer wou weet oor die lewe en omstandighede van haar oorlede man. Sy onthou die fynste detail en het my geweldig baie ondersteun in my ondersoek.

My goeie vriend ds. Zach Blomerus het deur my werk – wat vir hom soms so klaar soos koffiemoer was – gewerk en gehelp om die manuskrip taalkundig voor te berei.

Aan u – een en almal – my diepste dank.

Ek sou hierdie studie nie aangepak het as ek nie so diep beïnvloed was deur die man oor wie hierdie studie handel nie. Hý het my laat verstaan dat die kerk alleen aan Christus behoort, dat Hy alleen deur sy Woord en Gees in die kerk mag regeer en dat alles wat in die kerk plaasvind – en dus ook hierdie studie – daarop afgestem moet wees om groter en meer eer en heerlikheid aan die Drie-enige God toe te bring.

## OPSOMMING

Hierdie studie beskryf en beoordeel die geskrewe nalatenskap van Willem Daniel Jonker tussen 1955 en 1968 histories-geneties. Die doel is om die trajek onderliggend aan sy teologiese arbeid en denke uit te lig en krities te ondervra. Die rasionaal vir die navorsing is dat Jonker, in die afwys van die teologiese regverdiging van apartheid, 'n eie posisie ingeneem het, wat nog steeds nie aan aktualiteit ingeboet het nie. Die bronne toon aan dat Jonker die teologiese regverdiging van kerklike geskeidenheid vanuit die oortuiging dat Christus in sy kerk regeer, verwerp het. In ander woorde gestel: gereformeerde kerkreg en 'n gereformeerde kerkorde kan in geen enkele opsig ruimte maak vir dié soort kerklike geskeidenheid wat deur die Ned. Geref. Kerk geglo is nie. Dit loop soos 'n goue draad deur al sy publikasies tussen 1955 en 1968. Vóór 'n studiebesoek aan Europa aan die einde van 1960, het Jonker as jong gereformeerde predikant die volkskerklike aard van die Ned. Geref. Kerk aan die hand van gereformeerde kerkordelike uitgangspunte aan die kaak gestel. Deurslaggewend in hierdie verband was sy proefskrif. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie* (1955: Kampen: Kok). Die klem het op gereformeerde ekklesiologie geval. Ná die studiereis kom daar 'n verskuiwing. Jonker kon nou, toegerus met eerstehandse kennis oor die omvangryke geskiedenis van teologiese nadenke oor die kerkregering, die struktuur en reëls van die Ned. Geref. Kerk se beleid van kerklike geskeidenheid, meet aan die regering van Christus in sy kerk. Dit was vir hom die kruks van die saak. Uit die bronne kon dus 'n teologiese verskuiwing raakgesien word. Van die ekklesiologie na die Christologie. Die publikasie uit 1965 *Om die regering van Christus in sy kerk* (Pretoria: Unisa), gebaseer op sy (1960/61) navorsing, was geheel en al 'n uitsonderlike teologiese bydrae tot die debat oor hoe die ware kerk in Suid-Afrika met integriteit ingerig moet word. Daarmee het hy 'n betekenisvolle bydrae tot die geskiedenis van die gereformeerde teologie in Suid-Afrika gelewer.

## SUMMARY

This study describes and assesses the written legacy of William Daniel Jonker between 1955 and 1968. It intended to detect and examine critically the trajectory underlying his theology and thought. The rationale for the research is that Jonker, in questioning the theological justification of apartheid, took a unique position that still has not lost its

actuality. The sources indicate that Jonker challenged the accepted theological justification of ecclesiastical separation in terms of the notion that Christ rules his church. In other words, a reformed church order, and reformed church polity in general, cannot provide for the kind of separation of churches as was believed and practiced by the DRC. It runs as a golden thread through all his publications between 1955 and 1968. Before a study visit to Europe at the end of 1960 Jonker, as young reformed pastor, critically addressed the people-centered denominational nature of the DRC on the basis of reformed church political principles. Crucial in this regard was his thesis: *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie* (1955: Kampen: Kok). The emphasis was on reformed ecclesiology. After the 1960/61 research visit, a shift in his thinking occurred. Jonker was now equipped with first-hand knowledge about the extensive history of theological reflection on the church government. He critiqued the structure, rules and regulations of the DRC's policy of ecclesiastical separation in terms of the rule of Christ in his church. This was the crux of the matter: the rule of Christ do not provide for ecclesiastical separation. The shift from ecclesiology to Christology in this regard is fundamental. The 1965 publication *Om die regering van Christus in sy kerk* (Pretoria: Unisa), based on his 1960/61 research, embodied a wholly exceptional theological contribution to the debate on how the true church should be structured with integrity in South Africa. Jonker thus made a significant contribution to the history of the reformed theology in South Africa.

| **SLEUTELBEGRIPPE** | **KEY TERMS** |
|---|---|
| Apartheid | Apartheid |
| Beyers Naudé | Beyers Naudé |
| Christelike Instituut | Christian Institute |
| Christusregering in die kerk | Rule of Christ in the church |
| Gereformeerde kerkreg | Reformed church polity |
| Reformasie van die kerk | Reformation of the church |
| Sekulêre teologie | Secular theology |
| Teologie van die NG Kerk | Theology of the Dutch Reformed Church |
| W. D. Jonker | W. D. Jonker |

**INHOUDSOPGAWE**


**Inleiding** 1

1. Aanleiding tot die studie 1

2. Doel van die studie 3

3. Probleem- en vraagstelling 5

4. Die keuse vir die tydperk 1955-1968 6

5. Die konteks waarin Jonker skryf in kaart gebring 9

6. Struktuur van die proefskrif 17

7. Evaluasie 19

**Hoofstuk 1: 1955-1957: Gekonfronteer met die bediening: kerklike evangelisasie of tug?** 20

1. Openbare verdediging, paranimfe en promosie 20

2. Legitimasie en bevestiging in die eerste gemeente 27

3. Ons Kerk 'n Volkskerk? 29

4. Die evangelisering van die kerk aangepak 37

4.1 Reaksie teen 'n metodisties-piëtistiese teologie in die volkskerk 38

4.2 Is die Kerk op 'n pad van herstel? 40

4.3 Wat is evangelisasie? 44

4.4 Die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal en die Uniale Evangelisasiekongres 1959 46

5. Die Skriftuurlike uitgangspunt: Kerklike Tug 52

5.1 Is ons gehoorsaam? 54

5.2 "En as jou broeder sondig …" 61

6. Beoordeling 66

**Hoofstuk 2: 1958-1960: Betrek by die kerkverband: Die konsep-kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk** 68

1. 'n Kerkorde vir die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk 70

1.1 Inleiding 70

1.2 Jonker en die konsep-kerkorde 72

1.2.1 Waardering vir die nuwe kerkorde 73

1.2.2 Kritiese ondervraging van die konsep-kerkorde 76

1.2.3 Jonker se kommer oor die "bevoegdheid" van Streeksinodes volgens die nuwe kerkorde 82
2. Die geskil tussen Jonker en prof. S. du Toit 87
3. Jonker se pleidooi vir die voorlopige aanvaarding van die nuwe kerkorde tydens sy Europese studiereis 1960/61 100
4. Beoordeling 105

**Hoofstuk 3: 1961-1962: Kerklike geskeidenheid móét gereformeerd-kerkregtelik geweeg word** 113
1. Apartheid as 'n geleentheid vir sending 114
2. Die politieke situasie in Suid-Afrika in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu 119
3. Die Ned. Geref. Kerk in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu 123
4. Die Ned. Geref. Kerk en die landsbeleid in die vroeë sestigerjare 138
5. Die houding van gereformeerde kerke in die buiteland teenoor die Ned. Geref. Kerk in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu 147
6. Publikasies wat Sendingbepalinge voorafgaan 150
7. Samevatting 153

**Hoofstuk 4: 1962: Kerklike geskeidenheid gewéég** 154
1. Die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal 155
1.1 Afsonderlike kerke vir verskillende bevolkingsgroepe 156
1.1.1 Sigbare en onsigbare kerk 163
1.1.2 Die eenheid en pluriformiteit van die kerk 167
1.2 Die onselfstandigheid van die Sendingkerk 176
1.3 Die posisie van die ampsdraers 180
1.4 Die juiste koers wat Jonker aandui 182
2. Beoordeling 185
3. Begeleidende Teologiese skryfwerk 188
3.1 Sistematies-Teologiese onderwerpe 188
3.2 Aan en oor die kerk 190
3.3 Verklaring van die Apostolicum 192
3.4 Die kerk in die branding 193
4. Samevatting 194

**Hoofstuk 5: 1962-1963: Een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk: Gereformeerd, Rooms of kollegialisties?** 195
1. Die aandrang op kerklike lojaliteit aan die Ned. Geref. Kerk en sy besluite 197
2. Sendingbepalinge en sy skrywer bygeloop 203
3. Jonker se verweer 204
3.1 Is Jonker Rooms? 205
3.2 Jonker sê “oppas vir Kuyper” 211
3.3 Jonker ’n kollegialis? 215
4. Kollegialisme, liberalisme en die veelheid van kerke 218
5. Beoordeling 227

**Hoofstuk 6: 1963-1965: Die stryd teen die sekularisering van die kerk en kerkreg** 238
1. Jonker, Naudé en die Christelike Instituut 245
1.1 Stigting van die Christelike Instituut 239
1.2 Jonker, Naudé en sy behoud van status 245
1.3 Jonker en Naudé: verkies, verkla, verketter 252
1.3.1 Belangrike brondokumente 253
1.3.2 Agtergrond 255
1.3.3 Appèl teen besluite van die buitengewone sitting van die Ring van Johannesburg 259
1.3.3.1 Teenstrydige besluite 260
1.3.3.2 Gesag van die Breë Moderatuur 264
1.3.3.3 Valse grond vir die tug 266
1.3.3.4 Die regering van Christus 268
1.3.3.5 Bevinding van die regskommissie 269
2. Jonker en die klag teen dr. B. J. Engelbrecht 270
3. Jonker versus Treurnicht – Die Kerkraad, Ring en die Ci 272
4. Jonker teen die Broederbond 276
4.1 Aanleiding 277
4.2 Jonker en lidmaatskap van geheime organisasies 279
5. Beoordeling 286
5.1 Jonker en Naudé 287
5.2 Jonker en die Ned. Geref. Kerk 289

**Hoofstuk 7: 1966-1968: Om die regering van Christus in sy Kerk** 294
1. Die skuif na Unisa 294
2. Die Ned. Geref. Kerk - 'n "brandende skip" 296
2.1 'n "Veggees" in die Ned. Geref. Kerk 296
2.2 Die Kerk in die branding 302
3. Intree- en afskeidspreke in die gemeente Johannesburg 305
4. Die kwessie oor die behoud van Jonker se status as predikant 308
5. Intreerede aan Unisa: Om die regering van Christus in sy kerk 316
5.1 Die inleidende gedeelte 318
5.2 Kerkregtelike beginsels van die Reformasie 318
5.2.1 Rooms-Katolieke ampsbegrip teenoor die reformatore 319
5.2.2 Regering deur Woord en Gees 320
5.2.3 Gesag in die kerk 321
5.2.4 Die plaaslike gemeente en gesag in die kerk 322
5.2.5 Verval en ontwikkeling van die kerkreg in die agtiende en negentiende eeu 323
5.2.6 Kerkregtelike ontwikkeling in Duitsland 327
5.2.7 Kerkregtelike ontwikkeling in Nederland 328
5.2.8 Vernuwing sedert die Tweede Wêreldoorlog 329
5.2.9 In Nederland: Gereformeerde kerke in 'n stryd oor bindende kerklike besluite 332
6. 'n Onbekende Jonker manuskrip: Die regering van Christus in sy kerk 336
6.1 Datering 336
6.2 Die aard en inhoud van die manuskrip 337
7. Samevatting 340

**Hoofstuk 8: 1966: Die kerkhistoriese begronding van die kerkreg by die Ned. Geref. Kerk** 342
1. Die ontbrekende hoofstuk 4 van Deel II van Die regering van Christus 343
1.1 Die kerkreg van die Afskeiding en Doleansie 345
1.1.1 Die kerkreg van die Afskeiding 346
1.1.2 Die kerkreg van die Doleansie 350
2. Die Vrymaking en die Ned. Geref. Kerk 358
2.1 Die vrymaking, Skotse kerkreg en die Ned. Geref. Kerk 365

2.1.1 Die interpretasie van die standpunte van Voetius 374
3. Die eenheid van die kerk 376
4. Samevatting 381

**Hoofstuk 9: 1955-1968: Die kruks van die saak: Christus regeer** 382
1. Die keuse vir die Dordtse Kerkorde 383
2. Die eenheid tussen Christus en sy kerk as die gemeenskap van die heiliges 387
3. Die regering van Christus deur die Woord en die Gees 395
4. Die volledigheid van die plaaslike gemeente ingebed in 'n unieke verband 400
5. Die eenheid as 'n verband in en van die kerk 406
6. Gesag in die kerk 409
6.1 Die gesag van die ampte 411
6.2 Die gesag van meerdere vergaderings 417
6.3 Bindende besluite en die Vrymaking 420
7. Die kruks van die saak 422


**Bibliografie** 424

# Inleiding

***Communio sanctorum* – Gereformeerde kerkreg versus kerklike geskeidenheid.**
**’n Biografiese bibliografie van W.D. Jonker, 1955-1968.**

## 1. Aanleiding tot die studie

Prof. Willie Jonker het homself in die Suid-Afrikaanse teologiese geskiedenis onderskei as ’n uitnemende en boweal, gereformeerde teoloog. Sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse teologie, veral in die moeilike veelbewoë en donker jare waarin hy gelewe en gewerk het, word allerweë van uitnemende gehalte én betekenis ingeskat.[1] Trouens, hy word deur talle as een van die invloedrykste teoloë van die twintigste eeu in Suid-Afrika beskou. In die waardering wat Jonker uitlok, loop dit soos ’n goue draad: Jonker het binne die Ned. Geref. Kerk teen die teologiese regverdiging van apartheid gestry en die sigbare eenheid van die kerk onverkort bepleit. Daarmee het die politieke beleid van apartheid ook onder die loep gekom. As ’n konfessionele gereformeerde teoloog het hy die tipiese rassevooroordele waarvoor die Afrikaner so berug geword het, uit die Skrif en Belydenisskrifte aan die kaak gestel, die rassesamestelling van Ned. Geref. Kerk bevraagteken en uiteindelik by die Rustenburg Beraad wat gedurende Desember 1990 plaasgevind het, namens die Ned. Geref. Kerk en die Afrikanervolk belydenis gedoen het oor die onreg van apartheid:


APARTHEID
Confession of sin / of guilt } vicariously
and for the Lord
I confess before you, not only my own sin
and guilt, and my personal responsibility for
political, social, economic and other structural
the wrongs that have been done to you and
the results of which you and our whole
from
country are still suffering, but vicariously
I dare also to do that in the name
and the Afrikaner people as a whole.
of the DRC, I have the liberty to
do just that, because the DRC at
its latest synod has declared apartheid
a sin and confessed its own guilt,
for not having said that at a much earlier stage.
The pattern of the statements are as follows:

---

[1] P. F. Theron en J. Kinghorn (Reds). 1989. *Koninkryk, Kerk en Kosmos.* Bloemfontein: Pro Christo Publikasies, skryf in die Voorwoord: “Geen teoloog het waarskynlik ’n groter bydrae gelewer tot die vernuwing in die ekklesiologiese denke in Suid-Afrika as juis hy nie.” Vgl. Johannes Froneman, “Die teoloog met die stem van ’n profeet”, *Die Voorligter*, Mei 1992, (*deel 55 no 5*), 16, 17. Vgl. ook prof. Amie van Wyk se hoofartikel in “*Die Kerkblad*” van 5 Augustus 2006 en talle ander huldeblyke wat met Jonker se afsterwe geskrywe is.

"*I confess before you and before the Lord, not only my own sin and guilt, and my personal responsibility for the political, social, economic and structural wrongs that have been done to many of you, and the results of which you and our whole country are still suffering from, but vicariously I dare also to do that in the name of the DRC of which I am a member, and for the Afrikaner people as a whole. I have the liberty to do just that, because the DRC at its latest synod has declared apartheid a sin and confessed its own guilt of negligence in not warning against it and distancing itself from it long ago*.[2]

'n Gedeelte van 'n gediggie van prof. Chris Botha verwoord iets van die statuur wat aan dié besondere man toegeken is:

"Prof WD Jonker
*Jy's wêreldwyd as 'n begaafde mens bekend*
*Jou reuse intellek, jou need'righeid en trou.*
*Jy was profeet, gesogte prediker, 'n skrywer en dosent.*
*Met hoeveel deernis sal jou oudstudente jou onthou...*"[3]

Hierbenewens is daar ook reeds 'n begin gemaak om sy teologie as sodanig wetenskaplik te ondervra. Basson het pas 'n proefskrif voltooi oor *Bevrydende waarheid. Soteriologie as sleutel vir die verstaan van W. D. Jonker*.[4]

Na my oordeel moet die geskiedenis van die teologie van Jonker uit die primêre bronne, in terme van die kronologie wat hulle aanbied, beskryf word. Hiermee het ek 'n begin gemaak deur sy vormingsjare, d.w.s. van sy geboorte (1 Maart 1929) tot met sy doktorale promosie in April 1955 aan die Vrije Universiteit in Amsterdam te beskryf. Sy studie, sy suiwere gereformeerde ingesteldheid en geloof in die genadige Here, het hom tot insigte gebring wat verskil het van die gangbare van sy Kerk. In hierdie

---

[2] Sien W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg, 204.
[3] Aangehaal deur prof. P. F. Theron in die eerste Jonker gedenklesing (2006): *Die regverdige sal uit die geloof lewe: Oor die kritiese funksie van die leer van die regverdiging van die goddelose*. Eie privaat versameling.
[4] F. D. J. Basson. 2015. *Bevrydende waarheid. Soteriologie as sleutel tot die verstaan van W. D. Jonker.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

verband was voltooiing van sy doktorale arbeid[5] onder leiding van prof. G. C. Berkouwer van deurslaggewende belang. Vandaar die titel van my eerste studie: *Deurdagte Koerswysiging. 'n Biografiese Bibliografie van Willie Daniel Jonker 1929 – 1955*[6].

By Jonker het die oortuiging gegroei dat die ekklesiologie uitsluitlik vanuit die Christologie, die Pneumatologie en die leer van die regverdiging deur die geloof alleen, benader kan word. Dan is die vorming van die Kerk volledig in die hande van Christus. Dit is die suiwer Skriftuurlike en egte gereformeerde standpunt. Vir die ekklesiologie geld dus ook: solus Christus, sola gratia, ... Vir hom is dit ononderhandelbaar. Die vorming van die Kerk is uitsluitlik en alleen in die hande van Christus. Voeg daarbý Jonker se onverkorte handhawing van die gesag van die Skrif (sola Scriptura), dan is dit duidelik waarom Jonker dit as sy roeping en teologiese taak verstaan het om vanuit die reformatoriese verstaan van die heil en van die Kerk, vir die Ned. Geref. Kerk 'n spieël op te hou. Immers, die Heidelbergse Kategismus stel dit duidelik dat Christus self sy Kerk deur sy uitverkiesende genade vergader (Sondag 21, vraag en antwoord 54). Die vorming van die Kerk word so volledig uit die hande van die mens geneem. Die stelreël *ubi gratia, ibi ecclesia* word uiteindelik die sjibbolet waaraan Jonker (later) die standpunt van die Ned. Geref. Kerk se beleid oor oop of geslote eredienste en rasbepaalde lidmaatskap van die Kerk sou meet.

## 2. Doel van die studie

Dit is nog te vroeg om 'n volledige biografie van Willie Jonker te skryf waarin die invloed wat hy uitgeoefen het op sy studente, die Ned. Geref. Kerk en op die geskiedenis van Suid-Afrika volledig uitgespel kan word. Theron en Kinghorn reken tewens dat dit 'n totaal onbegonne taak is

> "... om die invloed te probeer bepaal wat uitgegaan het van sy talle wetenskaplike publikasies, sy veelvuldige meer populêre artikels, sy prediking, die weeklikse

[5] W. D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie* Kampen: J. H. Kok.

[6] G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

> koerantrubriek oor baie jare en die nawerking wat hy deur sy studente gehad het...."[7]

In die 1989 huldigingsbundel van Theron en Kinghorn is 'n bibliografie opgeneem.[8] In die lys ontbreek 'n hele aantal belangrike gepubliseerde en ongepubliseerde werke uit sy pen. Heelwat artikels, preke, briewe, ensovoorts, wat in onder andere *Die Kerkbode* verskyn het én belangwekkende ongepubliseerde werk, moet byvoorbeeld daarin bygevoeg word.

Ek het heelwat dokumente wat uit sy pen gevloei het – waaronder 'n uitgebreide ongepubliseerde manuskrip waarin die geskiedenis en ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg beskryf word, getiteld "*Die regering van Christus in sy Kerk*", opgespoor sodat sy bibliografie vir die periode van ons ondersoek tans volledig gelys kon word. Dit was 'n moeisame werk, wat groot noukeurigheid vereis het. Daarmee is die Jonker bibliografie voltooi. Dit moet gesien word as die eerste stap van hierdie studie. 'n Platform is gelê waarop hierdie navorsing kon stoel. En, uiteraard sou dit ook kon doen vir toekomstige verdere ondersoek.

Die onderhawige studie beoog om die geskrewe nalatenskap van Jonker tussen 1955 en 1968 te analiseer. Dit word as 'n biografiese bibliografie aangepak om sodoende by te dra tot die beskrywing, bewaring en kritiese ontsluiting van die Jonker nalatenskap. Uitgangspunt vir die studie is om die kronologiese volgorde te behou en vanuit die konteks en situasie waarin dit gepubliseer is, deurgaans te verreken. Dit kom dus daarop neer dat die teologiese inhoud van Jonker se publikasies en ander pennevrugte bestudeer word as 'n historiese verloop. Dit is 'n biografiese bibliografie. Die doel is om daarmee die trajekte van sy teologiese denke en bediening in die Ned. Geref. Kerk uit te lig, krities te ondervra en as 'n samehang te beskryf. Jonker se bibliografie word gevolglik in 'n verband met sy biografie ondersoek en beredeneer teen die agtergrond van die situasie in die Ned. Geref. Kerk en die breëre Suid-Afrikaanse konteks waarin hy geleef en geskryf het. Ten diepste is dit gevolglik 'n studie in die geskiedenis van die teologie van die Ned. Geref. Kerk.

---

[7] P. F. Theron en J. Kinghorn (Reds). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, Voorwoord.
[8] Theron en Kinghorn (Reds). 1989. *Koninkryk, Kerk en Kosmos*, 179 – 184.

Om Jonker se skrifgeworde teologie *an sich* te ontleed asof dit nie in verband met 'n breëre teologiese trajek staan nie, sou 'n skewe beeld uit die verf laat kom. Jonker se werk moet verstaan en uitgeklaar word binne die groter prentjie van wat hom afgespeel het in die kerkregtelike denke van gereformeerdes in Nederland, Europa en selfs in die VSA. Jonker was goed op hoogte met hierdie ontwikkeling. Hy het dit begryp, dit teologies-histories geplaas en dit ook in sy eie werk verreken. Hierbenewens het hy die geskiedenis van die gereformeerde kerkreg eerstehands uit die bronne geken. Hy was dus akkuraat in sy omgang met die teologie van die kontinent. Nêrens het hy dit aangewend en verteken vir eie gewin nie. Hierdie opmerking word ook gemaak omdat veral in die voetnote hierdie aspek van Jonker se werk opgeteken is. In voetnote is dikwels ook verwys na ter saaklike literatuur en debate in Europa en Nederland, wat die argument van die proefskrif verder belig en ondersteun. Die voetnote is dus ewe noodsaaklik om te lees as die teks.

Dit sal 'n eerste dog verskuldigde lig werp op die lewens en akademiese profiel van 'n besondere teoloog in die resente kerkgeskiedenis van Suid-Afrika. Op hierdie manier word 'n begronde bydrae tot die teologie-geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk beredeneer. Uiteraard is die semi-outobiografie van Jonker uit 1998 *Selfs die Kerk kan verander* van besondere hulp vir die studie. Dit is egter aan die primêre bronne getoets.

## 3. Probleem- en vraagstelling

Dit staan in die kontinuum van Jonker se teologie om van die uitgangspunt uit te gaan dat kerkgeskiedenis oor die *liggaam van Christus* gaan. Dit maak dit anders as gewone (sekulêre) geskiedenis. Die teologiese karakter van hierdie geskiedenis moet daaruit na vore kom. Die vraag agter alles is wat van die Evangelieboodskap tereg gekom het in die stukkie van die kerk se geskiedenis wat ons onder die loep neem.

Die sentrale vraag wat in my eerste studie gestel is, is hoe dit gebeur het dat 'n man wat uit 'n eenvoudige, arm en "nasionalistiese" agtergrond gekom het, tot die suiwer gereformeerde insigte oor die wesenlike van die Kerk gekom het. Kortweg: Jonker leer dat die ekklesiologie (die Kerk) vanuit die Christologie, Pneumatologie en regverdiging deur die geloof alleen benader moet word. Die kerk is die vrug van genade wat Christus aan 'n mens betoon.

In die onderhawige studie word gevra na wat die wesenlike van sy teologie is soos dit tot openbaring kom in sy publikasies en ander werke wat verskyn het in die periode vandat hy in sy eerste gemeente bevestig is totdat hy na Kampen in Nederland vertrek het. Dit sal ten eerste vra dat sy geskrewe werk beskryf en beoordeel moet word. Daar sal gevra moet word wat aanleiding tot sy pennevrugte gegee het hoe die geskiedenis daarna verloop het. Was daar teologieë of kragte in die Ned. Geref. Kerk wat dié debat aan die eenkant ontlok of aan die ander kant moontlik geïnhibeer het? Wat was die impak van sy teologie? Wat was die kern van die saak waaroor dit vir hom teologies gegaan het?

Dáárby moet dit alles ondervra word: sit hy die trajek wat hy in sy proefskrif ingeslaan het voort? Bly hy getrou aan die Skrif en die gereformeerde teologie? Dit vra na 'n histories-genetiese ondersoek sodat ons uit sy publikasies en ander werke kan agterkom welke groei en ontwikkeling daar plaasgevind het. Daaruit sal na vore kom hoe en waarom dit gebeur het dat Jonker in dié periode so dikwels binne die kerkregtelike dissipline gewerk het. Waarom was die eenheid van die Kerk vir Jonker so 'n groot prioriteit? Moet die *ekklesiologiese probleem* in die Ned. Geref. Kerk in die eerste instansie *kerkregtelik* beantwoord word? Ook moet gevra word of Jonker getrou gebly het aan die gereformeerde kerkreg. Watter funksie het Jonker aan die Dordtse Kerkorde toegeken en in watter mate het hy dit nagevolg óf daarvan verskil? 'n Belangrike vraag is ook *hoe* Jonker kerkreg bedryf het. Wat lê sy kerkreg ten grondslag?

Op al hierdie vrae word in die proefskrif 'n antwoord gegee.

## 4. Die keuse vir die tydperk 1955 - 1968

Die studie beperk hom tot die periode wat strek vanaf Jonker se promosie (1955) totdat hy die beroep na die Theologische Hogeschool van die Gereformeerde Kerken in Nederland te Kampen aanvaar het (1968). Die tydperk bied homself as 'n eenheid aan. In die periode was Jonker hoofsaaklik gemeente predikant, behalwe 'n periode van skaars nege maande (van Junie 1965 tot Maart 1966) waartydens hy Kerk- en Dogmageskiedenis en Kerkreg aan Unisa doseer het. Die periode begin in 1955 toe hy tot die bediening toegetree het met die beroep na die gemeente Johannesburg-Wes en eindig met die beroep en vertrek na die Theologische Hogeschool in Kampen,

Nederland. Hierna sou hy nie weer tot die gemeentelike bediening terugkeer nie, maar in die akademie sy roeping uitleef.

'n Tweede, en miskien die belangrikste rede om die periode te begrens van 1955 tot 1968, is dat sy gepubliseerde werk tematies met mekaar verband hou. Die publikasies wat in die periode uit sy pen gevloei het, fokus grootliks op kerkregtelike temas. Kerkreg is alleen die mantel waaronder hy die eintlike tema, die ekklesiologie – wat tog direk impakteer op kerkregtelike standpuntinname, as't ware "vermom". Hy skryf: "...kerkreg was vir my ... ten nouste verbind met die dogmatiese leer oor die kerk."[9] Jonker se literêre korpus doen hierdie afbakening met ander woorde aan die hand.

Ook sy werk in die breëre kerkverband noop ons om te kies om dié tydperk as 'n eenheid te behandel. Hy dien die Kerk in dié jare as aktuarius van beide die Sinode van Suid-Transvaal (1959 – 1965) sowel as van die Algemene Sinode van Transvaal (1961 – 1962). Daaroor skryf hy: "Dit het my op 'n nuwe wyse met die binnekant van die kerklike lewe in aanraking gebring, en my verplig om 'n intensiewer studie van die kerkreg te maak."[10] 'n Beurs van die Raad vir Sosiologiese Navorsing is aan hom toegeken en hy het vir ses maande, gedurende die laaste deel van 1960 en die eerste deel van 1961, navorsing gaan doen oor die historiese ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg in Nederland, Duitsland en Switserland.[11] Dit blyk ook dat hy die historiese ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg in Frankryk en veral ook in Skotland bestudeer het. Dit het 'n belangwekkende dog onvoltooide[12] en ongepubliseerde manuskrip "Die regering van Christus in sy Kerk" opgelewer. Ons sal dit hieronder histories-geneties ondervra. Hierdie studiereis lê ongeveer in die middel van die tydperk wat ons beskryf. Die verdieping van sy kennis in die gereformeerde kerkreg en kerkreggeskiedenis het 'n duidelike wending in sy skryfwerk te weeg gebring. Word die geheel van die tydperk in gedagte gehou, kan die betekenis van hierdie studietyd na waarde geskat word.

---

[9] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 31.
[10] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 35.
[11] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.
[12] Die manuskrip is volledig in die sin dat dit nie voorkom asof Jonker nog meer daar wou toegevoeg nie, maar onvoltooi in dié sin dat dit nie afgerond en persklaar is nie.

Hy was in dié tyd óók in die akademie betrokke. Vir 'n periode van ses maande het hy, gedurende 1957 plaasvervangende doseer werk (in die plek van prof. A. B. du Preez wat met langverlof gegaan het) in die departement Dogmatiek, Universiteit van Pretoria gedoen. Prof. du Preez het versoek dat dit onder andere ook die behandeling van die kerklike tug sou insluit. "Ek het die lesings aangepak teen die agtergrond van my studie vir my doktorale tesis oor die kerk", skrywe Jonker later.[13] Dit was nie vreemd nie, aangesien kerkreg en dogmageskiedenis desjare gesamentlik behandel was. Jonker verwoord hierdie samehang soos volg:

> "Dit was vir my verrassend om te ontdek hoe nou die kerkreg met die dogmatiek saamhang. Omdat die kerkreg niks anders beoog as om die kerklike lewe op 'n wyse te reël wat in ooreenstemming met die belydenis van die kerk is nie, is dit vir Gereformeerdes belangrik om die beginsels van die kerkreg aan die Bybel te ontleen. Dit maak van kerkreg 'n teologiese vak."[14]

Des gevolge kon hy sonder veel moeite na die periode aan die Universiteit van Pretoria eenvoudig voortgaan om Sistematiese Teologie aan Unisa gedurende die jare 1957 – 1960 deeltyds te doseer totdat hy op bogenoemde studiereis na Europa vertrek het. Dit alles het hom ook uitstekend voorberei om gedurende 1965 – 1966 as professor in Kerk- en Dogmageskiedenis en Kerkreg aan Unisa aangestel te word.

Hierna sou hy net meer as 'n jaar lank as predikant van die Irenekerk in Johannesburg arbei totdat hy na die Theologische Hoogeschool in Kampen vertrek het om 'n leerstoel in die amptelike vakke te beklee. Daarmee het 'n nuwe fase in sy lewe ingetree en sou sy skryfwerk dienooreenkomstig aangepas word.

Die afgrensing 1955 – 1968 word verder versterk deur die historiese sowel as kerkhistoriese situasie eie daaraan. Rondom 1955 het die politieke weerstand teen apartheid momentum gekry, om teen 1968 uit te groei tot 'n internasionale beweging. Dit is kerklik en ekumenies-teologies begelei. Die Ned. Geref. Kerk het teen hierdie beweging stelling ingeneem en teen 1968 was dit duidelik dat laer getrek is. Jonker het

---

[13] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 30, 31.
[14] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 35.

gedurende die turbulente jare in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gelewe en gewerk. 'n Oorsig van hierdie tyd is reeds hier in die inleiding handig, omdat dit die onderliggende vraagstelling van hierdie proefskrif in kaart bring.

## 5. Die konteks waarin Jonker skryf in kaart gebring

Dit was die jare van die absolute hoogbloei van apartheid. Dr. D. F. Malan het in 1948 die verkiesing vir die Nasionale Party gewen en daarna die posisie van die party gekonsolideer en tot 1954 die party gelei. Na sy uittrede was advokaat J. G. Strydom (1954 – 1958), H. F. Verwoerd, (1958 – 1966) en B. J. Vorster (1966 – 1977) premiers van Suid-Afrika.

Dit was in dié jare dat die swart en bruin kiesers in die Kaap van die kieserslys geskrap was. Verwoerd het begin om sy sogenaamde Tuislandbeleid in te voer en een na die ander "apartheidswette" het op die Wet op Verbod op Gemengde Huwelike (1949), die Groepsgebiedewet en Bevolkingsregistrasiewet (1950) gevolg en is gepromulgeer. Van dié wette moet veral die sogenaamde "Sabotasiewet" wat in 1962 deur die parlement goedgekeur is, genoem word. Hierdie wet het alle opposisie teen die apartheidsbeleid óf verban óf onwettig verklaar. Dit het tot gevolg gehad dat die African National Congress (ANC) en Pan African Congress (PAC) daarteenoor besluit het dat passiewe verset nie langer die manier was om die regering tot sy sinne te bring nie en dat aktiewe militêre optrede nodig was. Militêre vleuels is deur sowel die ANC (*Umkhonto we Sizwe* – Spies van die Nasie) as die PAC (*Poqo* – gesuiwerdes) geskep. Voortaan sal 'n gewapende stryd gevoer word en hulle oogmerk was om sleutel teikens soos Sasol, Eskom en regeringsgeboue te saboteer. Dit het 'n tydvak van eskalerende onrus, onvrede, verharding van gesindhede, verwydering en bloedvergieting ingelei. 'n Aantal lukraak gekose insidente uit dié tydperk kan dit verder illustreer:

- in dieselfde jaar waarin Jonker gepromoveer het, word die Freedom Charter deur die ANC opgestel (1955);
- in dié periode vind die Sharpeville menseslagting plaas (21 Maart 1960)
- en volg die Cottesloe beraad as reaksie daarop, net daarna (7 – 14 Desember 1960);

- die Rivonia verhoor van Nelson Mandela en ander begin in 1963 en uitspraak word op 12 Junie 1964 gelewer waarvolgens hulle tot lewenslange gevangenskap veroordeel word.

Dit kan met reg gesê word dat 1955 tot 1968 van die mees bewoë en donkerste tydvakke in die ganse geskiedenis van Suid-Afrika is. Dit vorm die sameweefsel waarbinne Jonker die Woord aan Kerk en land moes bedien.

Tussen die Afrikanervolk en die Ned. Geref. Kerk het daar vanaf die sogenaamde "volksplanting" 'n baie noue band[15] bestaan. Prof. P. B. van der Watt skryf: "Volgens die patroon van die sewentiende eeu is volksplanting en kerkplanting bloot as twee kante van dieselfde onderneming gesien."[16] Hierdie band het deur die eeue heen bly voortbestaan, maar is in 'n besondere mate verinnig en verdiep in die eerste dekades van die twintigste eeu. Dit was die tyd waarin die nawerking van die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902), wat met die Britse magte se verskroeide aarde taktiek plase verwoes en die Boere (Afrikaners) totaal verarm agtergelaat het; 'n daarop volgende[17] droogte (1933) van ongekende omvang en die wêreldwye depressie van die dertiger jare wat die Afrikaner verder verarm het. Volgens die Carnegie-verslag wat in dié jare opgestel was, was ruim een derde van die Afrikaner in uiterste armoede vasgevang en het 'n maatskaplike toestand wat bekend geword het as die "armblankevraagstuk" onder die Afrikaner ontstaan.[18]

Die Ned. Geref. Kerk het hom die nood van die Afrikaner aangetrek en hom met diep ontferming, daarmee vereenselwig. Hy het egter nie net die Afrikaner se geestelike en

---

[15] Jonker bespreek hierdie aangeleentheid redelik uitvoerig in *Selfs die Kerk kan verander*, 3 – 8. Ons sal in die ontvouing van die verhandeling telkens na hierdie noue band tussen die kerk en die volk terugkeer.

[16] P. B. Van der Watt. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 – 1824*, Pretoria: NG Boekhandel, 3; vgl. B. J. Odendaal. 1957. *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652 – 1952)* Franeker: T. Wever, 11, 12.

[17] Die "rebellie" (1914) tydens die Eerste Wêreldoorlog word doelbewus hier uit die argumentasie omdat daar te veel fasette aan die saak verbonde is om net eenvoudig in 'n enkel sin of paragraaf te benoem – alhoewel dit ook tog ook 'n beduidende 'n rol in die noue band tussen die kerk en die Afrikaner gespeel het.

[18] Vgl. *The Poor White Problem in South Africa*: *Report of the Carnegie Commission*, Vol. III: *Educational Report: Education and the Poor White* (Stellenbosch: Pro Ecclesia, 1932), 40. Ons het die "armblankevraagstuk" in 'n bietjie meer detail in ons vorige stuk bespreek en herhaal dit dus nie weer nie – sien Duursema, *Deurdagte Koerswysiging. 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*, 13 – 15.

maatskaplike nood hom aangetrek nie, maar hom uiteindelik ook met die volk se politieke aspirasies vereenselwig. Die vermaarde historikus, prof. Herman Giliomee, het hom so hieroor uitgelaat:

> "Sonder 'n kerk wat wit en nasionaal is, kon die Afrikanernasionaliste nie praat nie. Dit het weens bepaalde historiese omstandighede 'n kerk geword wat feitlik net wit Afrikaanssprekendes bedien het. En dit was die omstrede band met die Britse Ryk wat die kerk nasionaal gemaak het."[19]

Jare later sal Jonker hom só oor die band tussen die Afrikaner en die Ned. Geref. Kerk uitlaat:

> "Die Afrikaner is deur sy geskiedenis oortuig dat hy in 'n voortdurende stryd om sy identiteit, vryheid en voortbestaan gewikkel is. Die lewensuitkyk van baie Afrikaners word bepaal deur dié stryd, wat beslissende invloed uitoefen op hulle politieke oortuigings, maar ook op hulle godsdiens en moraal. Binne hierdie konsep word die Kerk gesien as die geestelike integrasiepunt van die Afrikanervolk in sy politieke stryd. Die Kerk geld as die religieuse sy van die volkslewe wat die volk op al sy weë deur die geskiedenis moet lei en ondersteun. Daarby kan die Kerk in politieke sake goedskiks op die agtergrond bly, sodat die indruk kan ontstaan dat die Kerk hom uit die politiek hou. In werklikheid word van die Kerk verwag om die volk in sy politieke stryd moreel te dra en te motiveer deur die religieuse sanksie wat stilswyend of hardop aan die volkstryd verleen word."[20]

Hierdie integrering tussen die kerk en die volk het dermate verinnig dat gesê kan word dat sou 'n mens die Afrikanervolk, die Nasionale Party en die Ned. Geref. Kerk in een asem noem, die band nie net baie nou is nie, maar selfs *noodlottig*. Die kritiese afstand

---

[19] Herman Giliomee, "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08, http://www.litnet.co.za/Article/hermann-giliomee-het-apartheid-by-die-kerk-begin. Datum besoek 2014-06-04).

[20] W. D. Jonker. 1991. "Die noodsaak van skuldbelydenis" in Etienne de Villiers en Deon Kitching. 1991. *Derdegelui vir môre, Die NG Kerk voor die uitdagings van 'n nuwe tyd*, 94, 95. Vgl. ook De Gruchy, John W., "Century South Africa" in M. Prozesky and J. De Gruchy, 1995. *Living Faiths in South Africa*, Londen: C. Hurst & co. (Publishers), Ltd., 91 e.v. wat hom in soortgelyke terme uitspreek.

wat tussen die kerk aan die eenkant en die volk en sy politieke party aan die ander kant moet bestaan, het geheel verlore geraak. Spottenderwys was dikwels na die Ned. Geref. Kerk verwys as die Nasionale Party in gebed.

Tog is dit veelseggend dat historici dit vandag eens is dat die woord apartheid juis in die Ned. Geref. Kerk gemunt is. Dit verskyn vir die eerste keer in druk in ’n boekie met die toesprake wat by ’n sendingkongres van Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat in 1929 te Kroonstad gehou was.[21] Tog is die grondliggende gedagte daaragter nie nuut nie. Dit is reeds af te lees in die gesindhede wat tot die gewraakte besluit van die Kaapse Sinode in 1857 dat Nagmaal “apart” bedien kan word en eredienste in “een afzonderlijke gebouw” “ten gevolge van de zwakheid van sommige” en om uiteindelik gevolg te word met die besluit in 1881 dat ’n aparte kerk vir bruin mense gestig moet word.

Enkele van die mees gerekende teoloë, in ’n sin Jonker se “seniors”, wat ’n beslissende invloed op die beleid van die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen het, en steeds in die tydperk van ons studie aktief was, was manne soos proff. G. B. A. Gerdener, A. B. du Preez en F. J. M. Potgieter, om nie meer te noem nie. Gerdener, wat een van die mees gerekende sendingkundiges was en onder andere ’n gereelde Sending rubriek in *Die Kerkbode* behartig het, was opvallend pro-apartheid[22]. Tewens, dit val op dat apartheid (of afsonderlike ontwikkeling soos dit later genoem was) veral deur *Sending* yweraars voorgestaan is[23]. Om die waarheid te sê, dit was sedert 1935 die amptelike sending beleid van die kerk! Dan het proff. A. B. du Preez, by wie Jonker Sistematiese Teologie in Pretoria gehad het en F. J. M. Potgieter, ’n latere kollega van Jonker, beide publikasies die lig laat sien waarin hulle Apartheid Skriftuurlik probeer regverdig het.

---

[21] *Die N.G. Kerk in die O.V.S. en die Naturellevraagstuk: Nederduitse Gereformeerde Kerk; Sendingkongres, Kroonstad, 1929.* Bloemfontein: Nasionale Pers, 25.

[22] Gerdener ook meegewerk aan die opstel van dr. D. F. Malan se verkiesingsmanifes vir die verkiesing van 1948 – vgl. Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers: Protestant Missionaries and the Racial Politics of South Africa,* Charlottesville: University of Virginia Press, 7.

[23] Gedurende die 1930’s was dit veral ds. J. G. Strydom van die Vrystaat, ’n veglustige nasionalis, wat oortuig was dat die Afrikanervolk se voortbestaan alleen verseker kan word deur aggressiewe bearbeiding van swartmense – vgl. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 6.

’n Laaste voorbeeld sal die noodlottige band tussen die Ned. Geref. Kerk en die politiek van die Afrikanervolk goed illustreer: Ds. F. J. Hey van Paul Roux skrywe in *Die Kerkbode*

> “... as naturelle toegelaat sou word om in die moederkerk se kansels op te tree, dit ’n besliste skending sou wees van ons eeue-oue beleid van apartheid in hierdie land. Ons kerk het nog altyd hierdie uitgesproke beleid in ons land onderskryf en gehandhaaf.”[24]

Die kerk was dermate deel van die sameweefsel waarvan ons hierbo gewag gemaak het, dat dit nie meer daarvan onderskei kan word nie.

Die vraag wat vervolgens hom voordoen, is hoe Jonker die situasie soos ons dit hierbo kortliks beskrywe het, hanteer het. Aan die een kant was Jonker diep besorg oor elke vorm van sosiale onreg – en nog meer só wanneer die in die *kerk* voorkom, en aan die ander kant was daar sy liefde vir die kerk aan wie hy gekies het om, ondanks sy growwe foute, tot die einde toe getrou te bly. Twee anekdotes sal dit illustreer:

- Toe ons in die jare sewentig in die klas by hom wou weet waarom hy en Beyers Naudé – met wie hy en sy gesin vroeër baie, baie innige verbintenis gehad het – nie sáám, weens hulle teenkanting teen kerklike apartheid, die Nederduitse Gereformeerde Kerk verlaat het nie. Jonker het met sy kenmerkende geboë figuur lank doodstil langs die kateder bly staan. Uiteindelik het hy sag geantwoord: “Die Here sal eendag beslis wie van ons reg opgetree het.”

Jonker het gekies om die Woord van God *aan* die kerk *in* die kerk te bly bedien. Daarteenoor het Beyers Naudé besluit om met die Christelike Instituut ’n forum vir gelowiges in Suid-Afrika uit alle denominasies daar te stel – iets soortgelyk aan die *Bekennende Kirche* wat in Duitsland gedurende die Nazi-tydvak ’n groot rol gespeel het, maar ’n forum buite die kerk. Jonker was van oortuiging dat die Instituut ’n taak

[24] F. J. Hey “Korrespondensie” *Die Kerkbode*, *lxxxvi (14),* 28 September 1960, 439. Hierdie is een van ’n stortvloed briewe in Die Kerkbode oor “Kanselruiling”. Die polemiek het van 28 September 1960 elke week in Die Kerkbode gewoed totdat die redakteur dit beëindig het en ds. Hey repliek kon lewer op 30 November 1960.

vir sy verantwoordelikheid neem wat in werklikheid die kerk se eie taak is. Daarom moet die kerk reformeer en nie sy werk aan ander instansies oorlaat nie.[25] As gevolg van ’n groot aantal dinge wat daarin ’n rol gespeel het, maar ook Naudé se besluit om uiteindelik die Ned. Geref. Kerk as’t ware “*van buite*” – d.w.s. nie langer as bedienaar van die Woord *binne* ’n gemeente en die kerklike strukture nie, het sy stem in dié kerk stil geword ... terwyl Jonker boweal binne die kerk wou bly werk.

- Die tweede is oorvertel deur sy skoonseun, prof. Dirkie Smit:

> “I also remember a day in Jonker's sitting-room, visiting with Allan Boesak and an American editor of a church journal, for an interview. Why was he not more explicit and direct in his political critique?, Jonker was asked. Because he sincerely believed that the theology he was teaching a new generation of ministers would change church and society from within, he responded ...”[26]

Jonker was oortuig dat sy verantwoordelikheid was om gereformeerde teologie te beoefen, en dan die Woord en die Heilige Gees moet vertrou om die harte en gesindhede van mense te verander. Dié taak het hy aangepak deur juis die gevolgtrekkinge waartoe hy geraak het, in sy proefskrif toe te pas, nl. dat die Kerk alleen verstaan mag word as vrug van die heilswerk van Christus, dat die Kerk alleen vanuit die Christologie, die Pneumatologie en die leer van die regverdiging benader mag word.

Jonker word in sy eerste gemeente, Johannesburg-Wes, onmiddellik gekonfronteer met ’n Nederduitse Gereformeerde gemeente wat ’n tipiese volkskerkkarakter vertoon – wat diametraal teenoor sy oortuigings gestaan het. Hy skryf:

> “... dit het my nie lank geneem nie om vas te stel dat daar maar ’n klein gedeelte van die gemeente was wat werklik kerklik meegeleef en die evangelie verstaan het. Die meeste lidmate het net tot die kerk behoort omdat dit ’n tradisie was,

---

[25] Jonker.1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 61, 67.

[26] D. J. Smit. 2006. “Reading Scripture Theologically with Barth – In South Africa? Anecdotes for After Dinner”. (*Comments delivered by Dirkie Smit (Stellenbosch University, South Africa) during an after dinner talk at the Karl Barth Conference held at Princeton Theological Seminary in June of 2006.)* http://www.ptsem.edu/library/barth/default.aspx?menu1_id=8457&id=10852 Datum besoek: 2014-06-05

> niks meer nie. Dit was niks anders as 'n volkskerk-situasie in die slegte sin van die woord nie ... Dit sou die aard van my bediening op 'n beslissende manier bepaal ... ek (het) besluit om groot erns met die bearbeiding van die gemeente te maak. Die huisbesoek en pastoraat sou indringender moes word, die katkisasie strenger en deegliker, die gebruik van die sakramente sou teen misbruik beskerm moes word, en die kerklike tug moes weer begin funksioneer."[27]

Die volkskerkkarakter van sy eerste gemeente het teweeggebring dat Jonker se eerste publikasie, 'n brief aan *Die Kerkbode* van 18 Januarie 1956 – skaars vyf maande na sy bevestiging – onder die opskrif: "Ons Kerk 'n Volkskerk?" gepubliseer word.[28] Daarin neem hy die pen op teen die standpunte van redakteur van *Die Kerkbode*, dr. (later prof.) T. N. Hanekom, in sy hoofartikel in *Die Kerkbode* van 20 November 1955.

Dit sou inderdaad *die aard van Jonker se bediening* voortaan stempel. Hy sou oor die kerklike tug skrywe, daaroor lesings gee en 'n boek daaroor publiseer. Hy sou beswaar maak dat lidmate van die kerk geëvangeliseer word eerder as om hulle deur die ampte te bearbei. Hy sou oor die Kerk en die Kerkorde skrywe en in 1960 op 'n ses maande lange studiereis na Europa gaan. Hy sou verkies word as aktuarius van beide die Sinode van Suid-Transvaal as van die Algemene Sinode van Transvaal.

Uiteindelik sou hy in 1962 'n werkie publiseer wat as't ware die spilgewrig van sy lewe tussen 1955 en 1968 sal wees. 'n Klein werkie met 'n vae, oninspirerende "kerkreg-titel" wat 'n onberekenbare invloed op sy eie persoonlik lewe tot gevolg gehad het, maar terselfdertyd 'n dramatiese konfrontasie van die Ned. Geref. Kerk met sy eie gereformeerde belydenisskrifte. Ek verwys na *Die Sendingbepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal*.[29]

Die standpunt van sy proefskrif skyn helder deur: deur gelowiges van ander rasse uit die kerk uit te sluit, word die grense wat die Skrif en die Gereformeerde Belydenis daarstel, oorskry. Dit gaan "*Om die regering van Christus in sy Kerk*" – die titel van

---

[27] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 26, 27. Hy wy die hele hoofstuk 2 aan dié onderwerp.
[28] W. D. Jonker. 1956. "Ons Kerk 'n Volkskerk?", *Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111 – 112.
[29] W. D. Jonker. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld.

sy intreerede in 1965 by Unisa. Dit moes bely word en in die kerkorde bepaal word dat Jesus Christus die Heer is van die kerk, en dat sy Woord alleen bepaal wie aan die kerk behoort, en wie nie.
In die Rooms katolisisme bepaal die pous wie aan die kerk behoort en wie nie; en in die kollegialisme bepaal die wil en behoeftes van mense dit. Jonker waarsku telkens teen ’n kerk wat verword tot ’n vrye assosiasie van eenderse en eenders gesinde individue waarin die leer van "volksoewereiniteit" eenvoudig op die kerk oorgedra word. Inderdaad het hiérdie ekklesiologies-kerkregtelike standpunt *die aard van Jonker se bediening* in die jare waarna ons ondersoek instel, gestempel.

Wat Jonker in 1991 – ’n jaar voordat hy sou emeriteer – oor sy arbeid in die Ned. Geref. Kerk sou skrywe, geld onverkort en in die besonder vir die periode wat ons in hierdie studie onder die loep neem. Hy skryf oor:

> "... die soort stryd wat ek van die begin van my bediening af teen bepaalde situasies en opvattinge binne die Ned Geref Kerk gevoer het. Daarby het dit vir my gegaan om ’n poging om die kerk opnuut bewus te maak van sy reformatoriese erfenis. My stryd het veral gegaan teen die volkskerkkarakter van die Ned Geref Kerk, wat na my mening die identiteit van die kerk as kerk van Christus ernstig bedreig. Ek het geglo dat die beste manier om dit te verander, eenvoudig was om goeie reformatoriese teologie te probeer beoefen wat vanuit ’n inherente logika haaks sou staan op die soort denke wat meegebring het dat die Ned Geref Kerk tot ’n volkskerk kon word wat hom in bepaalde opsigte eerder deur ’n vorm van volksdenke as deur die Skrif en sy eie belydenis laat lei het. Ek het my taak primêr gesien as ’n teologiese taak om van binne uit die reformatoriese verstaan van die heilswoord en die visie op die kerk tot groter gelding te probeer bring."[30]

Hierby moet die versugting waarmee Jonker sy doktorale proefskrif afsluit, gevoeg word:

---

[30] W. D. Jonker, "Reaksie op Naudé en Fürstenberg se bespreking van *Uit vrye guns alleen"*, *NGTT, xxxv (1),* Maart 1991, 121.

> "Mag Christus self sy Kerk dit op die hart bind dat Hy *bo alle dinge* aan die Kerk as Hoof gegee is, en mag die verheerlikte Hoof sy verskeurde Kerk weer lei na 'n verstaan van die eenheid van die één liggaam, en 'n sigbare uitlewing daarvan in gehoorsaamheid aan Hom!"[31]

Presies hierdie tweeledige droom – Christus as Hoof van die kerk én die sigbare eenheid van die kerk, met name die Ned. Geref. Kerk familie – sal Jonker motiveer en die dryfveer wees agter sy arbeid in die kerk, sy skryfwerk, tewens van sy hele teologie. Uit die voorafgaande moet dit reeds duidelik word dat Jonker vanuit die sistematiese teologie, waarin hy immers gedoktoreer het, dink en dat hy veral (steeds) op die ekklesiologie konsentreer het.

Uit alles wat tot dusver gesê is, kan vervolgens 'n paar opmerkings oor die struktuur van die resultaat van die ondersoek gemaak word.

## 6. Struktuur van die proefskrif

Vóór 1962 was Jonker deur talle in die Ned. Geref. Kerk as teoloog met groot potensiaal takseer. 'n Curriculum vitae wat ek in sy argief opgespoor het, toon dat hy die kerkverband in 'n verskeidenheid van hoedanighede gedien het. In sy CV skryf hy onder andere:

> "...Dien die kerk in verskillende hoedanighede, onder andere as Actuarius van die Sinode van Suid-Transvaal (1959-1965) sowel as van die Algemene Sinode van Transvaal (1961-1962). Dien ook verskeie jare as lid en scriba van die Proponentseksamenkommissie van die Transvaalse Kerk..."

Daarbenewens was hy 'n gerekende akademikus wat reeds as student gedurende 1949 tot 1950 in 'n deeltydse hoedanigheid doseer het in die department Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Pretoria. Ek het ook reeds verwys na sy plaasvervangende doseer werk in die departement Dogmatiek, Universiteit van

[31] Jonker, 1955. *Mistieke liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie*, 216.

Pretoria, 1957 tydens die afwesigheid van prof. A. B. du Preez en dat hy deeltydse dosent in Sistematiese Teologie aan Unisa van 1957 tot 1960 was.

Na die publikasie van die *Sendingbepalinge* soos dit kortweg bekendgestaan het, het alles vir hom verander. Hy was deur die Kerk op 'n syspoor rangeer en was *persona non grata* in dermate dat sommige kerkrade selfs besluite geneem het dat hy – as gelegitimeerde van die Kerk – nie op hulle kansels mag verskyn nie![32]

Dit het nie in sy ou klere bly vassit nie, maar ook emosioneel diep letsels gelaat wat tot aan die einde van sy lewe hom belas het. Omdat die situasie in die kerk soos hy dit beleef het vir hom ondraaglik geraak het, maar hy tog in die bediening wou bly, het hy die aanbod om aan Unisa te doseer, met 'n swaar gemoed aangeneem. In sy semi-outobiografiese *Selfs die Kerk kan verander* wy Jonker self twee hoofstukke aan die aanloop tot en die nadraai van *Sendingbepalinge*. Dit is hoofstukke 3 en 4, onderskeidelik getiteld: Hoofstuk 3: "*Die eenheid van die kerk*" en Hoofstuk 4: "*Die pyn van verwerping*".[33]

Gebaseer op noukeurige studie, is versigtig gesistematiseer en is tot die gevolgtrekking gekom dat die kruks van die saak nie in *Sendingbepalinge* lê nie, maar in die resultaat van die buitelandse studiereis van 1960/61: kerkregtelik draai alles om die regering van Christus in sy kerk. Dáár het vir Jonker 'n wêreld oopgegaan wat hy in sy publikasies in Suid-Afrika kom toepas het. In die kerkreg gaan dit nie in die eerste instansie om die regte orde vir die kerk nie, maar om die regering van Christus in sy kerk. Hierin is hy grondliggend beïnvloed deur die Vrymaking in Nederland.

Hiermee in gedagte het die tydperk wat ons afbaken dus in twee gedeeltes uiteengeval. Die kronologie van sy publikasies het aan die hand gedoen dat twee hoofstukke aan sy werk vóór sy studiereis gewy kon word. Die evaluering van sy geskrewe werk ná sy terugkeer in 1961 het uitgeloop op 'n verdere ses hoofstukke. Die laaste hoofstuk bied 'n oorsigtelike samevatting en uitklaring om die kruks van die saak waarom dit vir hom gegaan het, te belig. Die volgende uiteensetting het uit die bronne na vore gekom:

---

[32] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 76 en 84.
[33] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 49 – 89.

- Hoofstuk 1: 1955-1957: Gekonfronteer met die bediening: kerklike evangelisasie of tug?
- Hoofstuk 2: 1958-1960: Betrek by die kerkverband: Die konsep-kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Hoofstuk 3: 1961-1962: Kerklike geskeidenheid móét gereformeerd kerkregtelik geweeg word.
- Hoofstuk 4: 1962: Kerklike geskeidenheid gewéég.
- Hoofstuk 5: 1962-1963: Een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk: Gereformeerd, Rooms of kollegialisties?
- Hoofstuk 6: 1963-1965: Die stryd teen die sekularisering van die kerk en kerkreg.
- Hoofstuk 7: 1966-1968: Om die regering van Christus in sy Kerk.
- Hoofstuk 8: 1966: Die kerkhistoriese begronding van die kerkreg by die Ned. Geref. Kerk.
- Hoofstuk 9: 1955-1968: Die kruks van die saak: Christus regeer.

In hierdie hoofstukke word die geskiedenis van publikasies vertel van 'n gereformeerde teoloog wat oorwoë die Woord aan en teenoor sy kerk bedien het ter wille van die regering van Christus daarin.

## 7. Evaluasie

Hierdie studie wil Willie Jonker voorhou as 'n teoloog van formaat wat selfstandig, dog steeds binne die gereformeerde tradisie, 'n Bybels-teologiese metode gevolg het. Daarmee het hy die populistiese en genootskaplike (kollegialistiese) tendense wat so eie is van die volkskerk en ook in die Ned. Geref. Kerk sy kop uitgesteek het, uitgedaag – nie deur die kerk aggressief te konfronteer nie, maar deur op 'n sagte manier alleen maar die suiwer, onvervalste Evangelie van die genade in Jesus Christus voor te hou. Jonker wil Skrifgetrou en gereformeerd bly en wil dit ook vir die kerk waaraan hy behoort. Dit sou veel van sy persoon vra. Tewens, dit het vir hom dikwels 'n kruis geword om te dra.

## Hoofstuk 1

## 1955-1957: Gekonfronteer met die bediening: kerklike evangelisasie of tug?

Hierdie verhandeling beoog ’n histories-genetiese beskrywing en uitklaring van die teologiese bydrae wat Willem Daniel Jonker gedurende die tweede helfte van die twintigste eeu gelewer het. Soos in die inleiding duidelik gemaak, beperk die ondersoek hom tot die tydperk 1955 tot 1968. In 1955 skryf Jonker ’n rigtinggewende artikel vir *Die Kerkbode* oor *Genade en kerk*.[1] Dit is ’n bondige, maar veelseggende, opsomming van sy Vrije Universiteit-proefskrif *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*.[2] Kerkhistories kan die studie dus nie anders nie as om by sy promosie te begin nie. Trouens, daar was ’n veelseggende vriendekring wat sy promosie meegemaak en daaraan gedeel het.

Die hoofstuk begin dus met sy promovering op 1 April 1955 in Amsterdam. Daarna word hoofsaaklik sy lewe en geskrewe arbeid in sy eerste gemeente geskets, dit wil sê tot ongeveer 1958. Gedurende hierdie tyd is hy as jong Ned. Geref. Kerk predikant gekonfronteer met die algemene aandrang om die kerklike lewe deur middel van *evangelisasie* te herstel. Hierop sou hy reageer en hierin sou sy studie oor die kerk rigtinggewend wees.

Alhoewel gepoog word om so na as moontlik aan die tydsorde waarin elk van Jonker se pennevrugte verskyn het te bly, word dit nie slaafs navolg nie. Afwykings van die kronologie is gering en bloot terwille van ’n logiese groepering binne die temas wat in die opskrif van die hoofstuk gegee is.

### 1. Openbare verdediging, paranimfe en promosie

Op 1 April 1955 vind die openbare verdediging van Jonker se proefskrif aan die Vrije Universiteit in Amsterdam plaas. Twee reportages van die geleentheid is opgespoor[3].

---

[1] W. D. Jonker. 1955. “Genade en Kerk: Die Verband tussen die Rooms Katolieke Genadebegrip en Kerkbegrip”, *Die Kerkbode*, *lxxvii (24),* 14 Desember 1955, 933 – 934 en *Die Kerkbode, lxxvii (25),* 21 Desember 1955, 980 – 981.
[2] W. D. Jonker, 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok.
[3] Beide is opgeneem in die *Jonker Digitale Argief* – sien www.williejonker.co.za.

Die eerste is dié wat op 9 April 1955 in *Kerknieuws*, 'n weekblad onder redakteurskap van W. C. F. Scheps, verskyn het[4]. Dit is 'n volledige reportage, waarin nie alleen 'n samevatting van sy proefskrif gegee en vyf van Jonker se twintig stellinge weergegee word nie, maar ook die name van sommige van die gaste. Onder hulle was 'n aantal



professore, bedienaars van die Woord uit Nederland en twee uit Suid-Afrika: di. J. B. Lombard (sic)[5] van Nelspruit en J. H. van Wyk van Pretoria. Wat die reportage besonder lesenswaardig maak, is dat dit verslag doen van elk van die opponerende vrae en Jonker se antwoorde daarop. Die opponente was pater dr. R. Weel, 'n Rooms-Katolieke priester, proff. J. H. Bavinck, D. Nauta en R. Schippers. Aan die einde "... deelde de rector--magnificus, prof. dr. J. Waterink, mede dat besloten was om aan de heer Jonker de graad van doctor in de heilige godgeleerdheid toe te kennen met het praedicaat cum laude" en verrig prof. G. C. Berkouwer die promosie.

Scheps skrywe dat Jonker se paranimfe "mej. E. Lindes en de heer D. C. S. Oosthuyzen (sic)" was. Dit verskil van wat Jonker in sy semi-outobiografie skrywe. Hy sê dat Elise Lindes en Cassie Crouse sy paranimfe was.[6] Hieroor is by die weduwee van prof. Jonker navraag gedoen en in 'n e-pos het sy aangedui dat dit ongelukkig 'n fout is wat in Jonker se boek ingesluip het. Cassie Crouse[7] het op dieselfde dag, in dieselfde saal, net voor Jonker gepromoveer. Die berig in *Kerknieuws* was korrek.

Mej. Elise Lindes sou met mnr. Johan Botha (later prof.) in die huwelik tree. Sy was die bekende en hoogaangeskrewe prof. Elize Botha, letterkundige en kanselier van die Universiteit Stellenbosch tot haar dood in 2007. In genoemde e-pos skrywe mev. Jonker dat hy juis vir Lindes genooi het omdat sy, net soos hy, 'n taal- en letterkunde mens was en daarbenewens ook 'n dierbare vriendin van die Jonkers. Lindes het onder N. P. van Wyk Louw studeer en by hom gepromoveer. Insgelyks was Jonker ook 'n

---

[4] *Kerknieuws*, *jg. 12, (615),* 9 April 1955, 505-506.

[5] Dit moet lees J. C. Lombard wat tussen 1955 en 1957 aan die VU studeer. Hy promoveer by prof. G. C. Berkouwer met 'n proefskrif getitel: *Die leer van die heiliging by Karl Barth*. Sien G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005, II*. Zoetermeer: Meinema, 685 en 723.

[6] W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, Kaapstad: Tafelberg, 23, 50.

[7] Hy was Casper Andries Crause wat van 1952 to 1954 aan die VU studeer en in die regte promoveer by G. H. J. van der Molen met 'n proefskrif getiteld *Lidmaatskap van die V.V.O. Membership of the United Nations*. Sien ook Schutte, 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika II*, 683 en 722.

vriend, bewonderaar én kenner[8] van Van Wyk Louw:

> "Dit was ook 'n groot voorreg om in Amsterdam kennis te kon maak met N. P. van Wyk Louw en sy vrou Truida. Ek was van my hoërskool-dae af 'n bewonderaar van Van Wyk Louw en het baie van sy gedigte uit die hoof geken... In Amsterdam het ons nie ver van hulle af gewoon nie. Van Wyk Louw het meermale van ons studente na sy huis genooi om oor aktuele sake te gesels... Ek het hom graag geraadpleeg as ek die nugter oordeel van iemand buite my vakgebied gesoek het. Dit was 'n groot eer dat hy en Truida my promosieplegtigheid in 1955 bygewoon het."[9]

Jonker was nie net teoloog nie, maar ook letterkundige.[10] Hieronder verskyn 'n foto wat geneem is by 'n gesellige byeenkoms van 'n groep Suid-Afrikaners in die Nederland–Suid-Afrikaanse–Stigting aan die Keizersgracht. Die geleentheid was die promosie van T. T. Cloete. Hy het aan die Gemeentelijke Universiteit in Amsterdam studeer en promoveer in Februarie 1953 onder N. P. van Wyk Louw met 'n proefskrif getiteld *Trekkerswee en Joernaal van Jorik.*[11] Jonker was die eerste *amikale opposisie* by Cloete se openbare verdediging van sy proefskrif.

---

[8] Dit blyk o.a. daaruit dat J. C. (Jaap) Steyn in sy dankbetuigings van sy biografie: *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal,* Jonker vermeld as een van die persone by wie hy inligting oor Van Wyk Louw d.m.v. "onderhoude en/of briefwisseling" ingesamel het (Vgl. Jaap Steyn, 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg, Deel I). Jonker word 'n hele aantal kere in Deel II aangehaal. 'n Brief van Steyn aan Jonker in dié verband is opgeneem in die Jonker Digitale Argief.

[9] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 19. In my eerste biografiese bibliografie (G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat) is dikwels na Jonker se belangstelling in taalkunde verwys. Enkele voorbeelde: op Hoërskool vertaal hy die teks van 'n operette in Afrikaans; (bl. 34); hy het vir sy BA-graad nie alleen Grieks, Hebreeus en Latyn geneem nie maar ook Afrikaans en Nederlands, Suid-Sotho en Zoeloe (bl. 43); in sy tweede jaar op universiteit sou hy die "Castalia-rubriek" van *Trek* onder die titel: "N P van Wyk Louw – 'n paar gedagtes oor sy kuns" skryf (bl. 46); ens.

[10] In die *Jonker Digitale Argief* (www.williejonker.co.za) is die N. P. van Wyk Louw gedenklesing wat Jonker in 1991 gelewer het, opgeneem. Die N. P. van Wyk Louw medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is ook 2001 aan Jonker toegeken.

[11] T.T. Cloete. 1953. *Trekkerswee en Joernaal van Jorik: twee gedigte met historiese materiaal uit twee fases van die Afrikaanse letterkunde*. Amsterdam: C.V. Swets & Zeitlinger.



Agter v.l.n.r.: Bettie Jonker, *onbekend*, Elmie Crause, Waltie Coetzee, Constance Smal, Cassie Crause, Marie Schoeman, *onbekend,* Klein-San van Rensburg, Frans van Rensburg, C. F. ("Skoek") Schoeman, Attie Barnard, Pieter Coetzee, *onbekend.*
Tweede ry: Elize Lindes(?), Ann Schonland (Oosthuizen), (Dr) Jan Bouws, Anna en Theuns Cloete, N. P. van Wyk Louw en Truida Louw (Pohl), Daantjie Oosthuizen.
Voor: Schalk Duvenhage, Johan Heyns, Willie Jonker, Dawie Stoker.[12]

Dit val buite die bestek van hierdie studie om ’n volledige prosopografie van die groep Suid Afrikaners op dié foto te skrywe. Enkele persone na wie in hierdie studie verwys word, word wel uitgewys. Bettie Jonker staan links agter en Cassie Crause, wat deur Jonker (verkeerdelik) as een van sy paranimfe aangedui is, staan sesde van links in die agterste ry; Attie Barnard, na wie in hierdie hoofstuk verwys word as die persoon wie se artikel oor die volkskerk-karakter van die Ned. Geref. Kerk uiteindelik ook Jonker na die pen laat gryp het, staan in die agterste ry, derde van regs. Van hom skrywe Jonker:

> “Met ons aankoms in Amsterdam is ons ontmoet deur Attie Barnard en sy vrou, Susie, met wie ons in die volgende jare ’n hegte vriendskap opgebou het. Later sou ons in Suid-Afrika nog hegter verbind word toe ons saam vir dieselfde dinge

---

[12] Foto en name gekontroleer met mev. Jonker en proff. T. T. Cloete en Jaap Steyn. Vgl. ook Jaap Steyn, 1998. *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg, Deel II, 653.

> gestry en 'n tyd lank ook kollegas in die gemeente Braamfontein (Johannesburg) was."[13]

Die sentrale figure in die foto is uiteraard die pas gedoktoreerde T. T. Cloete en sy vrou en die promotor, N. P. van Wyk Louw en sy vrou, met die twee paranimfe aan weerskante. Hulle was dr. Jan Bouws, by wie Jonker Franse lesse ontvang het ten einde Franse bronne te bestudeer ter voltooiing van sy proefskrif,[14] en Daantjie Oosthuizen. In die middelste ry, tweede van links, sit Ann Schonland, met wie Daantjie later getroud is. Voor sit Johan Heyns (tweede van links) en Willie Jonker (tweede van regs).

Dit is egter die naam van Daantjie Oosthuizen, ook een van Jonker se paranimfe, wat uitstaan. Van hom sê mev. Jonker dat hulle 'n hegte vriendskap gevorm het en dat dít die rede was waarom Jonker hom gevra het om een van sy paranimfe te wees. Volgens mev. Jonker was Daantjie (en sy familie) baie trots daarop.[15]

Daantjie Oosthuizen was een van die Afrikaners wat as student en redakteur van *Die Stellenbosse Student*, pas na die verkiesingsoorwinning van D. F. Malan in 1948, sy stem teen apartheid laat hoor het.[16] Hy was 'n boesemvriend en vertroueling van Beyers Naudé, stigterslid en lid van die bestuursraad van die Christelike Instituut. Naudé maak die betekenisvolle opmerking dat Oosthuizen een van die oorspronklike groep gespreksgenote was by wie die gedagte van die stigting van die Instituut ontstaan het.[17] Oosthuizen was ook betrokke by die totstandkoming van ander soortgelyke organisasies, bv. die University Christian Movement. Sy publikasies het die denkrigting wat tot die totstandkoming van organisasies soos die Christelike Instituut gely het, ondersteun.[18] Die Christelike Instituut kon in der waarheid Oosthuizen se geesteskind wees. Hy was bekend vir sy artikels oor morele, politieke en godsdienstige onderwerpe. Daar word jaarliks 'n *D. C. S. Oosthuizen Memorial Lecture* by Rhodes-

---

[13] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 19.
[14] Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging:* 149.
[15] Sien bogenoemde e-pos van mev. Jonker aan my.
[16] Vgl. Andrew Nash. 2005. "Dialogue Alone: D.C.S. Oosthuizen's Engagement with Three Philosophical Generations" in *African Sociological Review, 9 (1),* 66.
[17] Vgl. Christian Institute of Southern Africa. 1963. "Obituary" *Newsletter*. Johannesburg: Christian Institute of Southern Africa.
[18] Andrew Nash skrywe bv.: "... the focus of Oosthuizen's work shifted toward the ethical problems involved in resisting injustice – a shift that is evident in the essays collected by Ian Bunting under the title *The Ethics of Illegal Action*. Vgl. Nash. 2005. "Dialogue Alone", 69.

universiteit gehou, soos in ’n doodsberig in die nuusbrief van die Christelike Instituut in vooruitsig gestel is.[19] Daantjie Oosthuizen is onverwags op 4 April 1969 oorlede.

Oosthuizen wou hom aanvanklik as predikant bekwaam, maar het ook groot belangstelling in filosofie getoon. Hy het in Stellenbosch ’n MA in Filosofie, met ’n slaagsyfer van 90% behaal, en van Junie 1949 tot Desember 1950 as junior dosent Filosofie daar gedoseer. Volgens prof. Johan Degenaar het Oosthuizen ’n duidelike voorkeur vir die Deense teoloog en filosoof Søren Kierkegaard getoon en het sy lewe en werk inderdaad van sy besondere insig as filosoof getuig.[20] Degenaar skrywe elders ook:

> “Ek herinner my goed dat hy (N. P. van Wyk Louw – GJD) met groot waardering gepraat het van ’n gemeenskaplike vriend, die filosoof Daantjie Oosthuizen, wat met sy skerp analitiese instelling ons beide beïndruk het as dié Suid-Afrikaanse filosoof wat daarin geslaag het om die Sokratiese metode van kritiese vraagstelling toe te pas. Die Sokrates van Suid-Afrika het ons hom genoem (let wel: *Kierkegaard* staan alom bekend as “die Socrates van Kopenhagen” – GJD). Louw het Daantjie in Amsterdam leer ken terwyl ek reeds met hom as student op Stellenbosch bevriend geraak het in die veertigerjare. *Hy was die eerste Afrikaner wat vir my op oortuigende wyse die politiek van apartheid tot vraag gestel het* (ek kursiveer – GJD).”[21]

Sy teologiese studie het hy in 1949 aan die Kweekskool in Stellenbosch voltooi. Prof. B. B. Keet, een van die heel eerste stemme teen die teologiese regverdiging van apartheid, was een van sy dosente. Hy het met nagraadse studie onder prof. G. C. Berkouwer aan die Vrije Universiteit begin, maar het van studierigting verander en filosofie bestudeer onder leiding van proff. H. J. Pos en E. W. Beth vanaf 1951 tot 1955

---

[19] Christian Institute of Southern Africa. 1969. “Obituary” in *Newsletter*. Johannesburg: Christian Institute of Southern Africa, no 2, April – June 1969. Die eerste van die lesings is deur deur Allen Paton in 1970 gehou. ’n Lukraak seleksie van ander sprekers klink byna na ’n “who’s who” van die anti-apartheid stryders: Fredrik van Zyl Slabbert (1978, 1990), Helen Joseph (1982), Jakes Gerwel (1989), Albi Sachs (1991), Cheryl Carolus (1994), Mamphela Ramphele (1999), Johnathan Jansen (2002), André du Toit, Andrew Nash, Charles Villa Vincencio en Ian Macintosh (laasgenoemde 4 in 2004), Naledi Pandor (2005), Chris Brink (2006), Ferial Haffajee (2007), Barney Pityana (2008), Mac Maharaj (2010) ens.

[20] J. J. Degenaar “Obituary”, *The Star*, 7 April 1969.

[21] Vgl. http://dcsoosthuizen.blogspot.co.uk/ datum besoek 2015-05-01.

aan die Universiteit van Amsterdam. In Junie 1955 het hy cum laude gepromoveer met 'n studie oor die fenomenologie van Husserl. Met dié agtergrond word die betrokkenheid van Daantjie Oosthuizen by die Christelike Instituut duidelik. Terloops, Jonker het – soos in 'n volgende hoofstuk sal blyk – hom téén die bestaan van die Christelike Instituut uitgespreek.

Die volgende rapport oor Jonker se promosie, vind ons in *Die Voorligter* met dié titel: "*Skitterende verweer van Suid-Afrikaanse student teen aanvalle van Roomse priester*"[22]. *Die Voorligter* was 'n maandblad in 'n meer populêre styl geskrywe om lidmate (nie-teoloë) te bereik.[23] Die blad rapporteer dat Jonker "... hewig aangeval (is) deur 'n hooggeleerde priester uit die Katolieke Kerk, dog mnr. Jonker het 'n moedige en waardige verweer opgewerp."[24] Die teologiese betekenis van die proefskrif word in dié artikel egter heeltemal onderskat. Hierbenewens het niemand klaarblyklik kennis geneem van die besondere vriendekring waarvan Jonker deel was nie. Dié vriendekring 'n intellektuele platform verteenwoordig wat op kerkhistoriese ondersoek wag.

Jonker se studie oor die kerk was met die openbare verdediging van sy proefskrif afgehandel. Ongeveer ses maande na sy terugkeer in Suid-Afrika sou hy sy proefskrif opsom in 'n artikel (gepubliseer in twee aflewerings) in *Die Kerkbode* onder die titel: *Genade en Kerk: Die Verband tussen die Rooms Katolieke Genadebegrip en Kerkbegrip*.[25] In 'n vorige werk oor Jonker is reeds 'n breedvoerige uiteensetting gegee van die proefskrif, sowel as Jonker se standpunt in die artikel.[26] Dit word dus nie hier weer behandel nie. Dit is genoeg om te herhaal dat die Kerk volgens Jonker die vrug is van genade wat Christus aan mense betoon. In die Suid-Afrikaanse konteks sou Jonker egter die konsekwensies hiervan trek. Daarmee was Jonker, bevestig as predikant in die bediening van die Ned. Geref. Kerk, gou gekonfronteer. Dit kon nie

---

[22] *Die Voorligter*, *vol. xviii (6),* 15 Mei 1955, 18. *Die Voorligter* vermeld nie die skrywer nie.

[23] Die redakteur van *Die Voorligter*, (ds. A. J. V. Burger): "Die Transvaalse blad is 'n populêre maandblad wat as uitstalvenster van die werksaamhede van ons kerk juis die lidmate wat nog nie kerkbewus genoeg is nie, met informasie en inspirasie wil bedien" sien: *Die Kerkbode*, *lxxx (19),* 6 November 1957, 831.

[24] *Die Voorligter*, *vol. xviii (6),* 15 Mei 1955, 18. Sien ook Jonker se eie oordeel hieroor in Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 23.

[25] Jonker. 1955. "Genade en Kerk", *Die Kerkbode*, *lxxvii (24),* 14 Desember 1955, 933 – 934 en *Die Kerkbode, lxxvii (25),* 21 Desember 1955, 980 – 981.

[26] *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

net 'n teologiese stellingname bly wat nóg kant nóg wal geraak het nie.

### 2. Legitimasie en bevestiging in die eerste gemeente

Jonker is, terug in Suid-Afrika, tydens 'n buitengewone vergadering van die proponentseksamen kommissie gelegitimeer. Die "offisiële" berig in *Die Kerkbode* lui:[27]

> "N. H. OF G. KERK, TRANSVAAL LEGITIMASIE, DR. W. D. JONKER
> Ondergetekende verklaar hiermee dat Willem Daniel Jonker, Th.D., deur die Eksamen-kommissie van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, na ondersoek, toegelaat is tot die evangeliebediening. Hy word hiermee beroepbaar verklaar in die Gefedereerde N.G. Kerke. Dr. Jonker se voorlopige adres is: P/a ds. Beyers Naudé, Potgieterstraat 77, Lindleyplein, Potchefstroom.
> F. E. O' B. GELDENHUYS, Scriba, Eksamenkommissie. Pretoria, 22 Junie 1955."

Enkele aspekte in die berig gee beduidende inligting van die konteks waarbinne Jonker gelees moet word. Die eerste is dat die eksamenkommissie dié was van die "Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika." Alhoewel die naam op die dokument aangeteken staan as "... Kerk van *Suid-Afrika*", is dit amptelike alleen die Kerk in die *Transvaal*. Hy word egter beroepbaar verklaar in die "Gefedereerde N.G. Kerke" (meervoud). Vier selfstandige Nederduitse Gereformeerde Kerke het in die vier provinsies van die Unie van Suid-Afrika bestaan. Die ander drie was die Ned. Geref. Kerk in Natal, die Ned. Geref. Kerk in die Oranje-Vrystaat en die Ned. Geref. Kerk van Suid-Afrika – laasgenoemde die kerk in die Kaapprovinsie. Die vier was federaal met mekaar verbind in 'n Federale Raad.

Ook opmerklik in bostaande berig, is dat Jonker ná sy promosie in Nederland tuisgegaan het by ds. Beyers Naudé, 'n vriend en 'n persoon na wie Jonker reeds as student opgesien het toe Naudé in Pretoria studenteleraar was. Dit is dan ook nie

[27] "Offisieel". *Die Kerkbode*, *lxxv (26)* 29 Junie 1955, 857.

vreemd nie dat een van die drie beroepe wat hy ontvang het, na Potchefstroom Moedergemeente was waar Naudé predikant was.[28] Die ander twee beroepe was na Pretoria-Noord en na Johannesburg-Wes.

Niemand sou dit vreemd vind indien hy die beroep na Potchefstroom aanvaar het nie – Jonker en sy vrou het self gedink dat dit die logiese keuse sou wees.[29] Tog het hy die beroepe na Pretoria en Potchefstroom bedank en dié na Johannesburg-Wes aanvaar.[30] Hy sê in *Selfs die Kerk kan verander* twee keer dat dit ’n “troostelose” gebied was en beskrywe die voorstad só:

> “Dit was ’n troostelose gesig. Voorstedelike huisies ry op ry op klein erfies ingepak. Vaal en winters het hulle daar in die rook van die stad gelê. Ek het gedink: Ag, as ek maar net nie hierheen geroep word nie!”[31]

Johannesburg-Wes was ’n woonbuurt waarin vroeë Afrikaner-delwers en -mynwerkers hulle gevestig het. Dit was ’n woonbuurt vol armoede en ellende en sommige lidmate het in sinkhuisies op “sakdoek groot plotjies”[32] gewoon. Die gebied het eiesoortige eise aan die bediening gestel. Jonker kon ’n beroep na ’n gemeente waar die bediening “gemakliker” sou wees, aanvaar het. Hy het egter die beroep na Johannesburg-Wes aanvaar. Sy eie kinderjare in ’n arm gesin het hom bewus gemaak van die behoefte aan die troos van die evangelie vir mense in “troostelose” omstandighede.[33]

In Johannesburg-Wes is hy gul ontvang en op 20 Augustus 1955[34] deur die konsulent, ds. J. H. van Rooyen, die predikant van die gemeente Langlaagte, met handoplegging bevestig. Ds. van Rooyen is deur di. R. B. Murray, T. Botha en W. E. H. Söhnge (almal uit die Ring van Langlaagte) bygestaan.[35] Ander evangeliedienaars wat aan die handoplegging deelgeneem het, was Jonker se swaer, ds. A. P. (Alewyn) Burger, sy

---

[28] “Beroep” *Die Kerkbode*, *lxxiv (1),* 6 Julie 1955, 33. Vgl. ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 25.
[29] *Jonker, 1998. Selfs die Kerk kan verander,* 25.
[30] “Beroep aangeneem” *Die Kerkbode*, *lxxiv (5),* 6 Julie 1955, 161.
[31] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 25
[32] Sien: Jaap Steyn. 1998. *Van Wyk Louw: ’n lewensverhaal*, Deel II, 930.
[33] Vgl. G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 11 e.v.
[34] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 26.
[35] Vgl. *Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke 1955*, *jaargang 29*, 390.

skoolvriend en klasmaat ds. W. J. M. (Murray) Janson, asook di. J. F. (Frans) Kocks, J. L. Coetzee, C. M. de Villiers, C. S. Hattingh, G. C. Wolhuter, Eerw. T. C. Esterhuysen en Eerw. S. F. Skeen.[36]

### 3. Ons Kerk ’n Volkskerk?

Met jeugdige entoesiasme het Jonker sy bediening begin, maar spoedig tot die ontnugterende besef gekom dat die oorgrote meerderheid lidmate van die gemeente nie meelewend was nie – selfs nie die evangelie verstaan het nie. “Dit was niks anders as ’n volkskerk-situasie in die slegte sin van die woord nie.”[37] Tydens sy studentejare in Nederland het Jonker kennis gemaak met die “volkskerk-situasie in die slegte sin van die woord” en die langdurige debatte daaroor. Hy sê hy het egter ook as lidmaat van ’n gemeente van die Gereformeerde Kerken, ’n kerk belewe wat wel probeer het om werklik kerk te wees.

Abraham Kuyper het aan die einde van die negentiende eeu die term “volkskerk” gebruik vir ’n inrigting waaraan die meerderheid van die volk behoort sonder begrip van lidmaatskap en kerkwees.[38] Dit het gesprek gestimuleer oor die vraag of sommer enigeen kinders ten doop mag bring, oor die toelating tot die openbare belydenis van geloof, die tug en dergelike meer. Vir Kuyper was die mees karakteristieke van die volkskerk dat dit ’n kerk is “... waartoe men bloot door geboorte of gewoonte behoort...”, ’n “... massa-kerk, die rijp en groen in zich opneemt. Die de wereld doopt en die de zichtbare kerk met die wereld vereenzelvigt.” Daardeur word dit ’n kerk “in haar meest verwaterde, minst eigenaardige vorm”.[39] Daar was egter óók diegene wat gewaarsku het teen ’n kerkbegrip waardeur “ware kerk” in gereformeerde sin verruil

---

[36] Vgl. *Akte van bevestiging*, *Jonker Digitale Argief* by www.williejonker.co.za.
[37] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 26.
[38] Abraham Kuyper skryf “En nog breeder proportiën nam dit euvel aan, toen het denkbeeld van een volkskerk de geesten begon te benevelen, en men, het nationaal belang als richtsnoer voor kerkelijke gedraging kiezende, de sluizen wijd openzette voor alle wateren, die er slechts in wilden stroomen.” sien A. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken: aan de zonen der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfeest*. Amsterdam: Höveker, 97. Voorts: A. Kuyper. 1910. *Dictaten Dogmatiek*, *Locus de ecclesia: collegedictaat van een der studenten*. Kampen: J. H. Kok, 26 – 27; 79, 196 – 198. Vgl. ook H. J. Langman. 1950. *Kuyper en de volkskerk: een dogmatisch-ecclesiologische studie*. Kampen: Kok; P. Naude. 2010; "Op ’n mespunt. Die ontvangs van Johannes Calvyn in die denke van Willie Jonker". *NGTT. 51 (3 & 4),* 82-91.
[39] Aangehaal by H. J. Langman. 1950. *Kuyper en de volkskerk*, 100.

word vir "suiwere kerk" in 'n dooperse sin.[40]

Veral by die Gereformeerde Kerke in Nederland was daar 'n soeke na 'n belydende gemeenskap, lidmate wat wéét wat hulle glo en uit innerlike oortuiging waarlik *kerk* in die wêreld wil wees. Stemme teen 'n soort vanselfsprekende lidmaatskap, 'n bediening van die doop omdat dit gewoonte of tradisie is en toelating tot die openbare belydenis van geloof sonder behoorlike kategetiese onderrig, het opgegaan. Daarbenewens het die tug byna glad nie gefunksioneer nie en is dié onderwerp ook ywerig bespreek.[41]

Die volkskerk-karakter binne die kerke in Nederland en dié binne die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika verskil uiteraard van mekaar. Eerstens het die Ned. Geref. Kerk en die Afrikaanssprekende bevolking 'n bepaalde eie historiese ontwikkeling gehad. Dit was gewoon die kerk waaraan die Nederlanders van die Vereenigde Oostindische Compagnie behoort het wat in 1652 in die Kaap voet aan wal gesit het. Die Kompanjie was die "regering" aan die Kaap en hulle het die predikante besoldig en soos regeringsamptenare behandel. Dit was hulle verklaarde beleid om die Nederlandse taal en die Gereformeerde godsdiens met ewe veel klem te beskerm en te verkondig. Instruksies wat aan onderwysers uitgereik was, het hulle verplig om die Gereformeerde godsdiens te bewaar.[42] Met die loop van jare het 'n tweede aspek in Suid-Afrika na vore gekom: die volkskerk het 'n etniese konnotasie gekry. Nie alleen kon die kerk

---

[40] Sien P. J. Kromsigt. 1899. *De Kinderdoop en het Genadeverbond in verband met de Volkskerk*. Utrecht: Kemink & Zoon, 5. Kromsigt sê tereg (bl. 6) "... Zooals iemands doopsbegrip is, zo is zijn kerkbegrip".

[41] Hierteenoor was Hervormde Kerk uitgesproke dat hulle volkskerk wou wees – uiteraard nie in die slegte sin van die woord nie. Alhoewel die gesprek hieroor in dringendheid afgeneem het, duur dit voort. Vgl. bv. (in kronologiese volgorde) Ph. J. Hoedemaker en A. F. de Savornin Lohman. 1897. *Heel de kerk en heel het volk!: een protest tegen het optreden der Gereformeerden als partij, en een woord van afscheid aan de Confessioneele Vereeniging*. Sneek: J. Campen; P. J. Kromsigt. 1899. *De Kinderdoop en het Genadeverbond in verband met de Volkskerk*, Utrecht: Kemink & Zoon; P. J. Kromsigt. 1915. *Tweeërlei volkskerk.* Amsterdam: B van der Land; J. Kamphuis. 1967. *Op zoek naar de belijdende volkskerk: notities over het kerkelijk-kerkrechtelijk denken van dr. Ph. J. Hoedemaker, inzonderheid met betrekking tot zijn oppositie tegen het z.g. 'Doleantie-kerkrecht' van dr. A. Kuyper en dr. F. L. Rutgers: rede gehouden bij de overdracht van het rectoraat der Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerken in Nederland op 16 maart 1967*. Groningen: De Vuurbaak; O. Noordmans. 1934. *Evangelie en Volkskerk: een antwoord aan "Kerkherstel"*, Baarn: Bosch en Keuning; H. C. J. van Deelen. 1935. *Volkskerk Belijdeniskerk Vrije kerk*, Wageningen: H. Veenman & zonen; A. A. van Ruler. 1958. *Heeft het nog zin, van "Volkskerk" te spreken?* Wageningen: Veenman; Werkgroep Kerkelijk Gesprek. 1993. *Kerkelijk gesprek*. Leusden: Dienstencentrum GKN; Barend Wallet. 2005. *Samen op Weg naar de Protestantse Kerk in Nederland: het verhaal achter de vereniging*. Zoetermeer: Boekencentrum.

[42] Herman Giliomee: "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08, http://www.litnet.co.za/Article/hermann-giliomee-het-apartheid-by-die-kerk-begin, datum besoek 2014-06-04.

deur sy historiese verbondenheid met die Afrikanervolk nie sy geestelike rol as kerk na behore speel nie, maar dit het ook ’n kerk geword waaraan eksklusief *net* (blanke) Afrikaners behoort. Die kerk het begin om die Afrikaner se strewe as volk godsdienstig te sanksioneer.[43]

Hoe belangrik die stryd teen die volkskerk in Jonker se lewe en teologie was, blyk uit die volgende: reeds in die voorwoord, op die eerste bladsy van sy semi-outobiografiese boek *Selfs die Kerk kan verander*, skryf Jonker:

> "Dit beteken onder meer ook dat die kerk haarself daaraan moet ontworstel om ’n eksklusiewe blanke *volkskerk* te wees en in ’n veelvolkige land die eenheid moet soek van, allereers, die hele NG familie van kerke, maar daarnaas ook dié van alle gereformeerde kerke in die land."[44]

En in die heel laaste paragraaf van die boek:

> "Waar die stryd in die afgelope veertig jaar hoofsaaklik om die deurbreking van die volkskerkkarakter van die NG Kerk gegaan het, sal dit in die volgende dekades waarskynlik om die uitbouing van die eenheid van die NG familie van kerke gaan, sowel as om die bewaring van die gereformeerde karakter van hierdie kerke en hulle profetiese roeping in die samelewing."[45]

Dit is dus nie ’n onderwerp wat net sydelings genoem kan word nie. Te meer omdat dit op die ingeslane ekklesiologiese trajek, waarvan die bogenoemde artikel getuig, sedert sy doktorale studie voortgaan. Om Jonker se teologie en invloed te begryp, moet ’n mens die plek van hierdie tema binne sy teologie na waarde skat en verreken.

Bogenoemde twee aanhalings is in die aandskemering van Jonker se lewe geskrywe. Veral die eerste aanhaling kan die indruk skep dat Jonker die term "volkskerk" in eerste instansie in etniese terme verstaan het. Dit sou ’n verskraling en vertekening van Jonker wees. Dit moet duideliker onderstreep word – en dit sal hieronder helder na vore kom

---

[43] Herman Giliomee: "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08.
[44] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 1.
[45] Jonker. 1998 *Selfs die Kerk kan verander*, 221.

– dat Jonker in eerste instansie op Bybels-teologiese gronde beswaar het teen ’n volkskerk en dáárom óók op Bybels-teologiese gronde beswaar het teen ’n etnies eksklusiewe volkskerk.

Onderstaande aanhaling toon die Bybels-teologiese motief by Jonker duidelik aan:

> “Dit was ’n siektetoestand wat die gemeente lamgelê en die Christelike identiteit daarvan bedreig het. Dit sou die aard van my bediening op ’n beslissende manier bepaal. Ter wille van die geestelike identiteit van die kerk sou daar orde op sake gestel moes word. ... My studie oor die kerk het my daarvan oortuig dat die kerk bedoel is om ’n lewende, bewuste *gemeenskap van gelowiges* te wees. Die algemene geestelike vlak van die gemeente sou opgestoot moes word. Daarom het ek besluit om groot erns met die bearbeiding van die gemeente te maak. Die huisbesoek en pastoraat sou indringender moes word, die katkisasie strenger en deegliker, die gebruik van die sakramente sou teen misbruik beskerm moes word, en die kerklike tug moes weer begin funksioneer (ek kursiveer – GJD)”[46]

Jonker was dus daarvan bewus dat die standpunte wat hy in sy proefskrif ingeneem het (soos ook saamgevat in die artikels oor *Genade en kerk*) hom voor ’n situasie gestel het wat teologies vanuit die bediening aangespreek moes word. Hy sê immers dat dit hom “diep in die hart gegryp”[47] en nie maar sommer iets is wat in sy ou klere bly vassit het nie. Die geleentheid sou opduik toe sy goeie vriend Attie Barnard ’n artikel in *Die Kerkbode* oor die volkskerk karakter van die Ned. Geref. Kerk geskryf het, en dit reaksie uitgelok het. Hierop word nou ingaan.

Van dié “siektetoestand” in die Kerk was in haas elke *Kerkbode* op een of ander wyse gewag gemaak.[48] Die mees algemene sienswyse in die Kerk was dat die afvalliges bearbei moet word deur van allerlei “evangelisasie-metodes” gebruik te maak. In elk

---

[46] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 26.
[47] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 26.
[48] Om net enkeles uit 1955 te noem vgl. bv. *Die Kerkbode*, *lxxv (19),* 11 Mei 1955, 601; *Die Kerkbode*, *lxxvi (2),* 13 Julie 1955, 54, 55 (waarin dr. [later prof.] J. C. G. Kotzé skrywe “Die skok vir die Kerkraad was egter nie die verskil van getalle geleë nie, maar in wat die toestand van die getalle is... Uit die 1,108 lidmate is daar 350 werklik meelewende lede gevind.”), *Die Kerkbode*, *lxxvi (6),* 10 Augustus 1955, 180, 181 en 187. *Die Kerkbode*, *lxxvi (7),* 17 Augustus 1955, 214.

van die sinodes van die Ned. Geref. Kerk was daar 'n Sekretaris vir Evangelisasie beroep, daar was 'n gereelde "Evangelisasie Rubriek" in *Die Kerkbode* om deurlopend aan die probleem aandag te gee, gemeentes en ringe het almal evangelisasie-kommissies gehad en daar het gereeld een of ander "evangelisasie-aksie" plaasgevind. Aan die een uiterste was 'n groep wat die kerk – in tipies metodisties-piëtistiese terminologie – verstaan het as die primêre arbeidsterrein vir die "vissers van mense" om "siele te wen". Hierdie groep maak ook dikwels voorspraak vir spesiale evangelisasiedienste met spesiale predikers uit die buiteland soos Oswald Smith en Billy Graham of plaaslike "spesiale evangeliepredikers" soos ds. George du Toit en dr. J. C. G. Kotzé.[49]

Nie almal was hulle sienswyses toegedaan nie. Teenoor die evangelikaliese stroming, was die Bybels-teologiese standpunt dat die Kerk gelowiges is wat – as hulle afgedwaal het – met toegewyde ampsbediening, insluitend die kerklike tug, teruggelei moet word om hulle belydenis uit te leef en hulle volle plekke in die liggaam van Christus te gaan beklee. In hierdie rigting het dr. A. C. (Attie) Barnard van die gemeente Sonhoogte in Germiston aan die Oos-Rand gegaan met 'n artikel in *Die Kerkbode* onder die opskrif "Die Kerk van Christus en die volkskerk."[50] Die artikel was die tweede deel van 'n rede wat hy by 'n ringskonferensie voorgedra het. Op grond van die statistieke wat voor die ring gedien het, het hy gesê: "moet ons algeheel luister na Christus en breek met die sentiment en tradisie van 'n volkskerk" en praat hy van "Massa-kwaad soos by die volkskerk."[51] Hy bespreek die saak onder opskrifte soos "Beoefening van die sleutelmag", "Suiwering van die Kerk" en "Noodsaaklikheid en doel van tug".

Dr. T. N. (Tobie) Hanekom, redakteur van *Die Kerkbode*, wys Barnard in sy redaksionele kolom in dieselfde uitgawe van *Die Kerkbode* tereg dat hy sou gesê het "Ons dierbare Kerk het 'n Volkskerk geword".[52] Jonker tree met 'n brief op 18 Januarie 1956 aan die redakteur, vir Barnard in die bresse en sê dat Hanekom nie aan Barnard

---

[49] Vgl. *Die Kerkbode*, *lxxv (22),* 1 Junie 1955, 721; *Die Kerkbode*, *lxxvi (7),* 17 Augustus 1955, 221; *Die Kerkbode*, *lxxvii (9),* 29 Februarie 1956, 372, ens.
[50] A. C. Barnard. 1955. "Die Kerk van Christus en die volkskerk", *Die Kerkbode, lxxvi (22),* 30 November 1955, 821 – 822.
[51] A. C. Barnard "Die Kerk van Christus en die volkskerk", *Die Kerkbode*, *lxxi (22),* 30 November 1955, 821.
[52] Redaksionele kolom, *Die Kerkbode, lxxvi (22),* 30 November 1955, 814. Dié woorde wat dr. Hanekom dr. Barnard in die mond lê vind ons egter nie in soveel woorde in Barnard se artikel nie.

ten volle reg laat geskied nie. Hy gee 'n samevatting van Hanekom se kommentaar:

> U wek naamlik die indruk asof sy uitspraak sou berus op die foutiewe siening van die verhouding tussen ons Kerk en ons volk, en u gaan dan praat oor die historiese verband tussen ons volk en ons Kerk, oor die feit dat ons drie Kerke het vir die een Afrikaanse volk, oor die feit dat ons Kerk se lidmate al woon tot in Noord-Afrika, en (nota bene) oor die feit dat ons Kerk onder sy lidmate ook lidmate van ander rasse tel. Ek meen dat nie een enkele van hierdie dinge wat u noem, ter sake is in die kader van die artikel van dr. Barnard en die genoemde uitspraak daarin nie. Volgens u kan 'n mens blykbaar slegs dáár van 'n Volkskerk praat waar die verhouding één volk – één Kerk aanwesig is of, anders gesê: u gooi al u argumente oor die *etniese* boeg."[53]

Die res van Jonker se brief word dan aan twee temas gewy: ten eerste dat dit glad nie vir Barnard oor die etniese gegaan het nie terwyl Hanekom "volkskerk" *slegs* in 'n etniese kader plaas. Jonker spreek hom in die brief nie daaroor uit of 'n mens die begrip volkskerk tereg *óók* in 'n etniese kader kan plaas nie. Hy wil alleen hier beklemtoon dat dit vir Barnard nie daaroor gegaan het nie. Tweedens dat "evangelisasie" soos dit oor die algemeen verstaan was, nie die remedie is om dié probleem aan te spreek nie.

Vir Barnard gaan dit daaroor dat predikante almal wat binne die sigbare kerk gebore word, reken tot die "gelowiges en hulle saad" en eenvoudig almal doop wat ten doop gebring word. Hulle deurloop dikwels "'n slordige katkisasie" en elke sodanige persoon word as "lid van die Kerk gehandhaaf ... ook al gee hy deur sy lewe blyk dat hy op geen enkele punt meer geweet het van wat die Kerk eintlik bedoel om te wees nie!"[54]

Soos hierbo reeds aangedui is, is hierdie toestand wyd in die Kerk erken. Die oplossing vir die probleem wat meesal aangebied was, was om bogenoemde lidmate met "allerlei spesiale middele *binne sy eie grense* (te) *evangeliseer*!" So ontstaan 'n "gedrog van 'n Kerk wat 'n opvoedingsinrigting ... 'n evangelisasie-instituut"[55] wil wees. Dit is

[53] W. D. Jonker, "Ons Kerk 'n Volkskerk?", *Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111.
[54] Jonker, "Ons Kerk 'n Volkskerk?", *Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111.
[55] Jonker, "Ons Kerk 'n Volkskerk?", *Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111.

duidelik dat Jonker aan die kerk as ’n eiesoortige gemeenskap gedink het, waarin ’n bediening *dienooreenkomstig* moes geld.

Daar lewe ook die gedagte in die kerk dat dié lidmate tog net nie losgelaat of afgestoot moet word nie en as gevolg daarvan word die tug verwaarloos. In hierdie spesifieke brief laat Jonker hom nie veel oor die tug uit nie. Uit latere geskrifte blyk duidelik dat kerklike deformasie volgens Jonker teengewerk moet word deur kerklike tug, eerder as deur metodisties-piëtistiese evangelisasieaksies. Jonker oordeel dat die Ned. Geref. Kerk "’n volkskerk geword het met ’n diep piëtistiese en metodistiese inslag."[56] Uit Jonker se brief blyk gevolglik dat hy met Barnard dit eens was dat die volkskerklike karakter van die Ned. Geref. Kerk nie deur "evangelisasie" aangespreek kan word nie. Die "evangelisering" van die kerk veronderstel ’n kerkbegrip waarteen Jonker hom nou uitgespreek het. In sy verset hierteen, het hy die konsekwensies van sy ekklesiologie getrek. Die kerk is "die kinders van God" en moet dus as sodanig geag word. In ’n pinksterpreek, gepubliseer einde April 1956 in *Die Kerkbode*, dring hy weer hierop aan. Dié preek, aan die hand van Romeine 8: 14 – 15, dra nie om dowe neute die opskrif: *Ons is kinders van God* nie.[57] Die preek is ook nie "toevallig" of "terloops" gepubliseer nie, maar is deel van ’n berekende publikasie strategie.

Die opskrif van die eerste pars van die preek val op: "*Die Gees van Christus*".[58] Inderwaarheid wil die hele preek beklemtoon dat die Heilige Gees die Gees van die Christus is. Die werk van die Gees is om gelowiges "*op die allerinnigste wyse*" aan Christus te verbind en "dat ons kinders van God kan wees, is die vrug van die werk van die Heilige Gees". Omdat die Gees die Gees van die Seun is, het ons in die Seun ook deel aan die Vader. Die innige band tussen die gelowige (ongesê: óók die kerklidmaat) en Christus wat deur die Heilige Gees gewerk word, staan teenoor die onverskillige en slordige wyse waarop die volkskerk mense lidmate van die kerk laat word. Deur die werking van die Gees is die gelowiges ingelyf in Christus, die Bybel noem hulle die lede van die liggaam van Christus. So innig is die band met Christus, dat die Heilige Gees maak dat die gelowiges "en Christus as’t ware saam tot één Persoon, tot één

---

[56] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 28.
[57] W. D. Jonker. 1956. "Ons is kinders van God", *Die Kerkbode, lxxvii (17),* 27 April 1956, 750 – 751.
[58] Insiggewend dui dit in meer as een opsig aan dat dié trajek deurlopende gevolg is: in 1981 sal ’n boek deur Jonker met dieselfde titel verskyn.

liggaam" word. In Jonker se ekklesiologie is dit klaarblyklik 'n belangrike tema: die Bybel verbind die kerk op die allerinnigste wyse aan Christus. En inderdaad: die kerk is die vrug van die werk van die Heilige Gees. Die lesers sal in die preek hoor hoe 'n kerk wat met die Heilige Gees deurdronge is, daar uitsien:

> "Dieselfde Gees waarmee Christus gesalf is, ontvang ook hulle tot salwing; dieselfde Gees waarmee Hy deurdronge is, deurdring ook hulle; dieselfde Gees wat die Seun van God na die vlees toeberei het, berei ook hulle toe tot lidmate van die Seun, tot ranke in die Wynstok, tot lewende stene in die geestelike gebou, waarvan Jesus Christus self die hoeksteen is."[59]

Hy beklemtoon ook in die preek – deur 'n afsonderlike pars daaraan te wy – dat hierdie genade aan 'n mens betoon, "*Liefde Sonder Verdienste*" is. Daar is géén verdienstelikheid by die mens nie, geen woord word gerep oor enige aandeel wat die mens in sy verlossing het nie, dit is 'n "boodskap van Gods soewereine genade".[60]

Nie alleen kontrasteer die preek 'n met-die-Heilige-Gees-deurdronge-kerk met 'n volkskerk nie, maar dit adem ook 'n ander gees as die gangbare metodisties-piëtistiese (Jonker sou later die woord "evangelikalies" gebruik) paradigma van diegene wat reken dat die evangelisasie van kerklidmate die probleem van "toestand" waarin die volkskerk verkeer, sal aanspreek. Die verskil blyk duidelik wanneer dié preek met bv. die evangelisasie-rubriek in die 1955 Pinksteruitgawe van *Die Kerkbode* vergelyk word. Daarin skrywe ds. W. A. Alheit (Sekretaris Evangelisasie, Kaapland), dat Pinkster groot verwagtinge skep "omdat Pinkster die oestyd van die kerk geword het". Hy skryf:

> "Dit is dus eie aan die geboorte en wese van die kerk dat Pinkster die verwagting van 'n siele-oes sal wakker roep. Daarby het dit die Here van die oes behaag om in die jare wat verby is ons kerk tydens Pinkster met buitengewone seëninge te besoek en te verryk – dis die tyd van geestelike verkwikking en verdieping....

---

[59] Jonker. 1956. "Ons is kinders van God", *Die Kerkbode, lxxvii (17),* 27 April 1956, 751.
[60] Jonker. 1956, "Ons is kinders van God", *Die Kerkbode, lxxvii (17),* 27 April 1956, 751.

(Pinkster) bied 'n kostelike geleentheid vir die evangelisasie-aksie ... met die oog op die kerkvervreemdes en die onverskilliges."[61]

In die lig hiervan is dit duidelik dat die Pinksterpreek nie maar 'n verademing in 'n teologiese trajek is nie, maar 'n duidelike peiler plaas waarteen Jonker genoemde piëtisties-metodistiese inslag van die Kerk sal meet. Dit blyk egter ook dat die piëtisties-metodisties en kultureel-kerklike trajek ineengestrengel is en diep op mekaar in die Ned. Geref. Kerk ingebed is. Kerkhistories is die kerkbegrip in die kerk uiteindelik gevorm. Jonker sal hom beywer vir 'n suiwer Bybels-teologiese (gereformeerde) benadering tot die vraagstuk van die volkskerk wat die kerk binnegedring en lam gelê het.

### 4. Die evangelisering van die kerk aangepak

Die volkskerk-situasie waarin die Ned. Geref. Kerk homself bevind en Jonker in sy eerste gemeente gekonfronteer was, was vir hom so onaanvaarbaar dat hy besluit het om iets aan die situasie te doen. Soos aangetoon, was die heersende gedagte in die Ned. Geref. Kerk dat lidmate deur middel van spesiale evangelisasie-veldtogte, -prediking of opwekkingsdienste tot bekering gebring moes word. Jonker, soos enkele ander bedienaars van die Woord, het dit onaanvaarbaar gevind en buitendien geoordeel dat dit nie veel verandering teweeggebring het nie. Met bostaande Pinksterpreek het hy begin om die koers aan te dui: die kerk moes sy gereformeerde wortels herontdek en deur intensiewe amptelike bearbeiding wat met name die kerklike tug insluit, homself as kerk duidelik van die wêreld onderskei.

---

[61] W. A. Alheit. "Evangelisasie-rubriek", *Die Kerkbode*, *lxxv (19),* 11 Mei 1955, 601. Voorbeelde van skrywes in dieselfde teologiese paradigma vind ons in haas elk van die gereelde Evangelisasie-rubrieke. Vgl. ook bv. ds. J. C. Botha van Bloemfontein, *Die Kerkbode*, *lxxvii (2),* 11 Januarie 1956, 67 ("Die metode van spesiale dienste is 'n Bybelse metode.... 'n Bewys van die vrug daarvan is ons eie Pinksterdienste.... dienste waar daar weer hart en siel gewerk word vir bekerings.... Die gewone kerkdiens maak nie 'n indruk op die massa nie..."); dieselfde skrywer *Die Kerkbode*, *lxxvii (5),* 1 Februarie 1956, 211; Oudl. Zimmermann van Villiersdorp, *Die Kerkbode*, *lxxvii (7),* 15 Februarie 1956, 307; G. D. du Toit van Stellenbosch, *Die Kerkbode*, *lxxvii (8),* 22 Februarie 1956, 347 ens.

### 4.1. Reaksie teen 'n metodisties-piëtistiese teologie in die volkskerk

Die agtergrond waarteen Jonker se reaksie verstaan moet word, is dat die Ned. Geref. Kerk – naas sy Gereformeerde (Nederlandse) wortels – ook 'n sterk metodisties-piëtistiese invloed veral vanuit Skotland via invloedryke en vroom mense soos Andrew Murray en ander Skotse predikante ondergaan het. Ook in Murray se leeftyd het die kerk 'n behoefte aan geestelike verdieping gehad. Hieraan het hy besondere aandag geskenk en klem gelê op wat hy genoem het "geestelike herlewing". Dit was 'n ander tipe spiritualiteit – een wat van die Nederlandse gereformeerde vroomheid verskil het – wat 'n sterk metodisties-piëtistiese inslag vertoon het. Dit is hierdie tipe spiritualiteit waarteen Jonker reageer het. Hy wou dat die kerk na sy gereformeerde karakter moes terugkeer. Jonker stel die terme "evangelisasie" en "kerkherstel" teenoor mekaar. Vir hom beteken eersgenoemde die bearbeiding van mense *buite* die kerk, terwyl laasgenoemde volkskerk wil herstel na wat dit in 'n Bybels-teologiese sin bedoel is om te wees.

Hy het besluit dat hy sy eie bediening met groot erns moet aanpak. Alle aspekte van die ampsbediening moes nougeset en met indringendheid gedoen word. Met die boodskap van die evangelie van die soewereine genade van God het hy huisbesoek gedoen. Hy het die lidmate gevra of 'n mens seker kan wees van sy verlossing. Die oorgrote meerderheid het geen begrip daarvan gehad nie.[62] Dieselfde doen hy met die doop. Hy laat nie langer toe dat ouers bloot opdaag en verwag dat die kind gedoop moet word nie, maar reël dat daar vooraf met die ouers 'n gesprek gevoer word oor die betekenis van die doop. Hy vra die ouers waarom hulle hul kindjie wil laat doop. Baie doen dit bloot uit gewoonte en begryp nóg die doop nóg die evangelie as sodanig.[63] Ook met die prediking het hy groot erns gemaak en elke tweede Sondagaand aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek. Hy het kategete en lede van die

---

[62] In 1993 publiseer Lux Verbi 'n boekie met die titel "*Ja! Jy kán seker wees-- dat jy gered is*. (Kaapstad: Lux Verbi). Dit was aanvanklik 'n pamflet wat Jonker vir die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake van die Wes-Kaapse sinode geskryf het. Die grondslag is reeds met huisbesoek in Johannesburg-Wes gelê.

[63] In 1963 publiseer Jonker 'n *Brief aan doopouers*. (Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers). Jonker het aan my as B.Th. student meegedeel dat dít in wese die doopkategese was wat hy in Johannesburg-Wes gedoen het.

kerkraad geskool "en die vreugde daarvan gesmaak dat enkele die skoonheid van die gereformeerde leer ontdek en entoesiasties daaroor geword het."[64]

Hierin het Jonker nie alleen gestaan nie.[65] 'n Groep van sy medestudente uit die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, was soos hy oortuig. Jonker sonder die name van Attie Barnard, Murray Janson, Gert Erasmus, Frans Kocks, Carel Boshoff, Nico Smith, Karl Struwig, Frans van Staden en Jan van Rooyen uit.[66] Hulle het van tyd tot tyd byeengekom en mekaar aangemoedig om op 'n Bybels-teologies verantwoorde manier die karakter van die Kerk te probeer herstel. Hulle was ondersteun deur Beyers Naudé wat toe nog hoë aansien in die kerk geniet het en baie meer ervaring gehad het as "die jong Turke", soos hy hulle genoem het. Dat Naudé betrokke was, het die aansien van hulle optrede aansienlik verhoog.[67]

Met sy hulp én met die ondersteuning van die Sinodale Evangelisasiekommissie kon hulle 'n predikantekonferensie in Potchefstroom reël.[68] Die konferensie was só gereël dat die hoofsprekers nie alleen bekende kerklike figure was nie, maar ook persone wat vir die Sinodale kommissie aanvaarbaar was. Die respondente was uit die geledere van Jonker en sy vriende. Vir hulle was die konferensie 'n groot sukses. Dit het nie onmiddellik 'n sigbare verandering teweeggebring nie, maar 'n klimaat geskep waardeur die gesprek in die kerk voortaan gegaan het oor kerkherstel, die doeltreffende funksionering van die ampte, doeltreffende kategese, prediking en huisbesoek. Jonker noem dat verskeie predikante – ook uit uit ander sinodale gebiede – hulle met hom en sy vriende se strewes vereenselwig het.

Dit alles het ook op Jonker se arbeid invloed gehad. Hy was dikwels na gemeentes en ringe genooi om oor die onderwerp te praat en het ook by geleentheid in 1958 'n

---

[64] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 29.
[65] 'n Hele aantal mense het dieselfde standpunt gehuldig. Nie alleen het Attie Barnard weer van hom laat hoor nie (*Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111, 112) maar ook ander: J. C. Lombard *Die Kerkbode*, *lxxvi (25),* 21 Desember 1955, 1003, 1023; H. J. du Plessis. *Die Kerkbode*, *lxxvii (1),* 4 Januarie 1956, 23; C. W. H. Boshoff, *Die Kerkbode*, *lxxvii (5),* 1 Februarie 1956, 209, 210; J. W. Croeser *Die Kerkbode, lxxvii (6),* 8 Februarie 1956, *255;* J. J. Wijnja, *Die Kerkbode*, *lxxvii (6)*, 8 Februarie 1956, 257; en G. R. Keet skrywe 'n artikel in *Die Kerkbode*, *lxxvii (8),* 21 Februarie 1956, 330 – 332.
[66] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 28.
[67] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 29, 30.
[68] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 29. Dit was alleen 'n konferensie, m.a.w. daar is geen besluite geneem nie en daar bestaan ook nie enige acta van die byeenkoms nie.

konferensie van die Kerkjeugvereniging toegespreek. By sulke geleenthede het hy dikwels oor die noodsaak van die kerklike tug gepraat. Hierdie optredes het op hulle beurt tot pennevrugte gelei wat ons agtereenvolgens gaan bespreek: ’n artikel in 1957 in *Die Gereformeerde Vaandel*, ’n preek in *Die Kerkbode*, ’n artikel in *Die Voorligter* waarin hy sy rede voor die Kerkjeugvereniging (KJV) opteken, ’n tweede artikel in dieselfde blad waarin hy vra “*Het dit sin om van Evangelisasie te spreek*” en laastens rapporteer hy wat die teologiese gronde is vir ’n besluit van die Sinode van die Suidstreek van Transvaal van April 1959 in ’n artikel in *Die Kerkbode*. Hy het in dié periode (1956) ook twee artikels oor die kerklike tug in *Die Kerkbode* gepubliseer, wat kronologies hier hoort, maar later saam met ander artikels oor die kerklike tug onder ’n afsonderlike hoof bespreek sal word.

### 4.2. Is die Kerk op ’n pad van herstel?

Vir Willie Jonker en die groep rondom hom was een ding boweal duidelik: die probleem is teologies-ekklesiologies van aard. Wat hierbo oor die volkskerk, evangelisasie en die tug gesê is, is ook by die Transvaalse Sinode wat op 24 April 1957 en volgende dae gesit het, te berde gebring. In *Die Gereformeerde Vaandel* (soos die hedendaagse *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (*NGTT*) vroeër geheet het) publiseer Jonker: *Is die Transvaal op weg na herstel?: Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957*[69]. Dié sinode het besluit om sy naam (terug) te verander van Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk na alleen Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit hou ’n dubbele belofte met verreikende gevolge in: “nl. eenheid en gereformeerdheid”, sê Jonker. Eerstens het die kerk in Transvaal nou dieselfde naam as in die ander provinsies en was daar ’n “byna onstuimige entoesiasme” by die afgevaardigdes oor moontlike organiese kerkvereniging met die ander Ned. Geref. sinodes. Jonker sluit sy artikel af met ’n pleitrede dat die kerk nou die unieke geleentheid het om ’n baie belangrike voorwaartse stap te neem deur óók die Kerkorde van Dordt in die plek van die ou Wette en Bepalinge te aanvaar. Dié kerkorde sal eenheid binne die Ned. Geref. Kerke vergemaklik en al die vrese wat nog daaroor bestaan, besweer. Die tweede implikasie van dié besluit is volgens Jonker dat dit ’n

---

[69] W. D. Jonker. “Is die Transvaal op weg na herstel?”?: Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957”, *Die Gereformeerde Vaandel (25 nr. 3)*, September 1957, 14 – 19.

deurbreking was van die liberaal-kollegialistiese Nederlandse volkskerk-teologie uit 1816, wat "mee-resoneer in die naam *Hervormd*".

Jonker gebruik naas die term "kollegialisties" soms ook "sekulêre kerkreg". Dit was die term wat algemeen gebruik was tot prof. E. Brown dit in 1992 onder die vergrootglas geplaas het. Voordat Jonker vêrder onder die loep geneem kan word, moet die gebruik en verstaan van dié terme eers uitgeklaar word. Dié term sal deurlopend in hierdie dissertasie aan die orde kom.

Kollegialisme is 'n Duitse kerkregeringstelsel waarvolgens die kerk as 'n collegium of vrye vereniging beskou word. Dié naam is egter ook in Nederland op voetspoor van Abraham Kuyper en (later) Suid-Afrika gebruik vir ('n) kerkregeringstelsel(s) wat die karakter van 'n landswye genootskap met 'n hiërargiese struktuur het. Dit is egter nie heeltal juis nie, maar ook nie heeltemal ten onregte nie. Toe Nederland die Franse juk onder Napoleon by die Slag by Leipzig in 1813 afgooi en Willem I (1772 – 1843) koning word, het hy dadelik die uitbetaling van traktemente vir predikante laat hervat. Vroeër (1802 – 1806) het hy in Fulda, Duitsland gewoon en daar reeds laat blyk dat die grondgedagte van die "landesherrliche Kirchenregiment" vir hom 'n vanselfsprekendheid was. Na die bevryding van Nederland het hy hoofkommissaris J. D. Jansen opdrag gegee en hy het die sogenaamde *Algemeen Reglement* opgestel wat die koning in 1816 tot wet gemaak het. "Men zou dit AR kunnen typeren als een aan de Nederlandse verhoudingen en de calvinistische terminologie aangepaste vorm van het kerkregiment der Duitse landsvorsten."[70] Prof. D. Deddens skryf: "Wel is, niet zonder recht en reden, voor de kerkelijke structuur en organisatie die in 1816 werd vastgesteld en in 1852 gehandhaafd bleef, de kenschetsing 'collegiaal' (of: 'collegialistisch') gebezigd."[71] Prof. E. Brown skryf egter:

> "In die paradigma wat gesintetiseer is om die Afrikaanse kerke histories kerkregtelik te verstaan en te beoordeel, is die trefwoord 'kollegialisties' nie met

---

[70] Vgl. A. J. Bronkhorst. 1987. "De Nederlandse Hervormde kerk en het Algemeen Reglement van 1816" in Van 't Spijker, W. en L. C. van Drimmelen. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok, 121, 122.

[71] Sien D. Deddens 1986. "Het Doleantiekerkrecht en de Afgescheidenen" in Deddens, D. en J. Kamphuis (red.). *Doleantie, Wederkeer. Opstellen over de Doleantie van 1886*. Haarlem: Vijlbrief, 62.

die nodige onderskeiding gebruik nie. As gepraat word van die kerk as collegium en van verenigingsreg gebruik gemaak word, dui dit nie sonder meer op die oriëntering van die Lutherse sisteem vir Duitsland nie."[72]

Die korrekte duiding van die soort kerkreg wat in die Ned. Geref. Kerk beoefen was, moet dus eerder "genootskaplike kerkreg" wees. Die sekularisering van die kerkreg in die Algemeen Reglement kan duidelik in bv. artikel 9 gesien word:

> "De zorg voor de belangen, zowel van het christendom in het algemeen, als van de hervormde kerk in het bijzonder, de handhaving harer leer, de vermeerdering van godsdienstige kennis, de bevordering der christelijke zeden, de bewaring van orde en eendracht, en de aankweking van liefde voor Koning en Vaderland, moeten steeds het hoofddoel zijn van allen, die in onderscheiden betrekkingen met het kerkelijk bestuur zijn belast."[73]

Terug by Jonker en sy vraag of die Ned. Geref. Kerk in Transvaal op weg na herstel en Jonker se interpretasie dat dié besluit 'n deurbreking was van die liberaal-kollegialistiese Nederlandse volkskerk-teologie uit 1816. Onderstaande aanhaling vat nie net Jonker se interpretasie van die Sinode se besluit volledig saam nie, maar toon dat hy koersvas op sy ingeslane weg t.o.v. evangelisasie volhard:

> "Ons wil gereformeerd wees, ons wil ons erfenis nie verruil of verwater nie. Die sinode was dan ook nie bevrees om oor ons kerk te spreek en te sê dat daar 'n reële bedreiging vir ons bestaan om in 'n volkskerk te ontaard nie. Maar die sinode het ook weer geen twyfel daaroor gelaat nie dat ons geen volkskerk wil wees nie, dat ons intensie is om 'n belydenis-kerk te wees. Eenparig neem die

---

[72] Sien E. Brown. 1992. "Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan." *Hervormde Teologiese Studies, 48 (3/4),* 709.

[73] Aangehaal by A. J. Bronkhorst. 1987. *De Nederlandse Hervormde kerk en het Algemeen Reglement van 1816*, 122. Sien ook die dissertasie van J. C. A. van Loon. 1942. *Het algemeen reglement van 1816*. Wageningen: Zomer & Keuning, 3 e.v.; M. Bouwman. 1944. *Tweeërlei kerkrecht?: het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch gereformeerd*. Amsterdam: Bakker, 39; Joh. Jansen. 1947. *Handleiding Gereformeerd Kerkrecht.* Kampen: J. H. Kok, 4; W. Bakker. 1986. "Geschiedenis van de wetenschap van het kerkrecht." in Van 't Spijker, W. en L. C. van Drimmelen. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok, 23; E. Brown. 1979. "Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het" in *NGTT*, *xx (4)* September 1979; R. M. Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk" in *NGTT*, *xxvi (4),* September 1985, 432 – 451.

> sinode die volgende besluit: "Ten einde die kerk te vrywaar van die reële bedreiging om in 'n volkskerk te ontaard, doen die sinode 'n beroep op ampsdraers om strenger toesig te hou by die doop en die nagmaalsbediening, asook die aflê van belydenis en die toepassing van die kerklike tug na die eis van Gods Woord."[74].

Die klem wat Jonker plaas op die sinode se besluite oor evangelisasie – al noem hy dat die sinode dié besluite met 'n "mate van huiwering" geneem het – is opmerklik. Daar is bv. kennis geneem dat die Suidelike Streeksinode die skep van 'n tweede pos vir 'n sekretaris vir evangelisasie afgekeur het. Volgens Jonker het dié besluit om méér as finansiële redes gegaan – dit was óók op prinsipiële gronde geneem. Hy verhaal in hierdie konteks dat die sinode samewerking met sogenaamde interkerklike en buitekerklike bewegings soos die Afrika Evangeliese Bond (AEB), Jeug vir Christus en Morele Herbewapening van die hand gewys het. Die sinode het die standpunt ingeneem dat evangelisasie

> "... geensins die probleem van kerkvervreemding sal oplos nie, maar die evangelisasiewerk van die kerk sal kontinueer in 'n rigting waarin die kerk dit nie meer voortgesit wil hê nie, nl. die "spesiale dienste" – en "veldtog"–rigting wat reeds tevore deur die sinode van die hand gewys is toe hy die idee van 'n "spesiale evangelieprediker" laat vaar het."[75].

Hiermee het die Sinode van Transvaal 'n eerste tree gegee in die rigting waarin Jonker en vriende die Nederduitse Gereformeerde Kerke wou sien beweeg: 'n aanspreek van die probleem van 'n volkskerk, maar voortaan meer op 'n Bybels-teologies verantwoorde wyse. Hulle oogmerk spel hy so uit:

> "Die sin waarin die woord evangelisasie gebruik word, was vir ons jonger groep deurslaggewend. Sou ons die kant van die volkskerk opgaan en die kerk self as

---

[74] Jonker. 1957. "Is die Transvaal op weg na herstel", 15.

[75] Jonker. "Is die Transvaal op weg na herstel", 16. Jonker sê: "Ons het nie beswaar gehad teen die hou van reekse dienste of die oproep tot bekering as sodanig nie, maar ons het geglo dat die ware aard van die gemeente alleen herstel kon word as die hele bediening daarop gerig was om die gemeente as gemeenskap van gelowiges tot 'n lewende en aktiewe gemeenskap van volwasse Christene op te bou. Vgl. Jonker: *Selfs die Kerk kan verander*, 31, 32.

terrein van evangelisasie beskou, of sou ons die kerk as geloofsgemeenskap sien en deur intensiewe bearbeiding en die kerklike tug probeer opbou? Ons het die tweede alternatief gekies. As daar van evangelisasie gepraat word, gaan dit om 'n uitreiking na buite, 'n aksie van die kerk om kerkloses en onverskilliges buite die kerk vir Christus te wen en by die kerk in te lyf."[76]

### 4.3. Wat is evangelisasie?

In 1957 bedien Willie Jonker steeds die voorstedelike gemeente Johannesburg-Wes waarin hy die probleem van die volkskerk moet aanspreek. Van lidmate wat aan die kerk behoort bloot omdat dit tradisie is, sê Jonker dat hulle godsdiens slordig is, soos dié van Simon, die Fariseër. Jesus spreek vir Simon in Luk. 7: 47 aan en sê vir hom: "hy vir wie weinig vergewe is, het weinig lief" (1933-53 vertaling). Daaroor handel 'n preek wat Jonker in *Die Kerkbode* van 4 Desember 1957 publiseer.[77] Die Here oordeel anders as mense oor dié soort slordige godsdiens. Ten diepste ontbreek die liefde vir die Here by Simon, die Fariseër. Daarteenoor betoon die sondares aan die Here baie liefde.

'n Artikel (September 1958) in *Die Voorligter* wat volgende aan die beurt kom, het meer opsigtelik verband met die evangelisasie-tema. Dit handel oor *Die roeping van die KJV in die jeugkrisis*[78]. Wat Jonker by die jongmense wil tuisbring, is dat die krisis nie die statistieke oor jeugmisdaad of die roekeloosheid van die jeug is nie, maar dat, soos in Israel van ouds, die verbond met die Here verbreek is en Hy sy rug op hulle gedraai het. Wat staan die jeug in die situasie te doen? Hulle moet self eerstens die evangelie begryp: deur die doop eien God kinders van gelowiges ouers vir Hom toe en Hy verbind Homself aan hulle. Hulle draai egter hulle rug op Hom. Die Here reageer deurdat Hy Hom nie langer oor hulle sal ontferm nie. Die belangrikste in die roeping van die KJV is om die evangelie na die wat afgedwaal het uit te dra: "Nog is daar genade ook vir jou."

---

[76] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 32.
[77] W. D. Jonker. 1957. "Vergifnis en Liefde", *Die Kerkbode*, *lxxx (23),* 4 Desember 1957, 1013/4
[78] W. D. Jonker. 1958. "Die roeping van die KJV in die jeugkrisis", *Die Voorligter*, *vol xxi (11),* September 1958, 24.

Dit word twee uitgawes later in dieselfde blad opgevolg met die vraag "*Het dit sin om van Evangelisasie te spreek?*"[79] Waarskynlik het Jonker hierdie artikel juis geskrywe het omdat daar by lidmate (nie-teoloë) heelwat vrae en verwarring oor die debat bestaan het. Jonker sê dat hy dié artikel geskrywe het nadat hy teruggekom het van 'n byeenkoms "waarin daar weer oor 'evangelisasie' in die destyds gangbare sin van die woord gepraat is."[80]

Sedert die polemiek oor die volkskerk in *Die Kerkbode*, was daar lewendige debat oor die probleem en hoe om dit aan te spreek. Jonker sê dat nog nooit vantevore so ernstig oor die "prinsipiële vraagstukke in verband met die wese en die werksaamhede van die Kerk" besin is nie.[81] Hy erken dat evangelisasie ("in die destyds gangbare sin van die woord") in die verlede 'n werksaamheid van die Kerk was wat met redelik algemene instemming as die korrekte weg aanvaar was. Nou word dit al meer bevraagteken en vanselfsprekend sal daar verskille van opinies wees én mense wat voel dat dit onbillik is om hulle ganse lewenstaak nou verdag te maak. Nogtans is Jonker oortuig dat almal saam en sonder skroom moet besin oor "die juiste prinsipiële weg" om te werk te gaan.

Hy verduidelik breedvoerig dat die begrip "evangelisasie" verkeerd aangewend word: "(dit) het tog 'n baie duidelike betekenis ... nl. geestelike arbeid onder mense *wat nie aan die kerk behoort nie*."[82] Daarenteen doen die sekretarisse vir evangelisasie – alhoewel "kosbare en kostelike werk" – nie evangelisasie nie. Hulle is besig met toerusting van ampsdraers, bearbeiding van spoorwegwerkers polisie en tronkbewaarders, verpleegsters, pasiënte in hospitale, en die verspreiding van Christelike literatuur. Dit is alles loflike werk, "Net al, dis nie evangelisasie nie!"

---

[79] W. D. Jonker. 1958. "Het dit sin om van Evangelisasie te spreek?", *Die Voorligter*, *vol xxi (13),* November 1958, 24.

[80] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 32.

[81] 'n Baie lang lys kan opgestel word. Vgl. as voorbeeld, sien voetnoot 4 hierbo. Vgl. voorts 'n lukraak seleksie uit briewe en artikels in *Die Kerkbode*: J. P. Jacobs: "Kerkherstel en Evangelisasie" *Die Kerkbode*, *lxxix (17),* 24 April 1957, 730 – 732; Dr. C. J. G. Kotzé "Evangelisasie-rubriek" *Die Kerkbode*, *lxxx (15),* 9 Oktober 1957, 651, 652; ds. N. J. (Nico) van Loggerenberg, drie artikels oor "Kerkherstel en Evangelisasie" *Die Kerkbode*, *lxxxi (4),* 22 Januarie 1958, 158-160; *Die Kerkbode, lxxxi (5),* 29 Januarie 1958, 209-211 en *Die Kerkbode, lxxxi (6),* 5 Februarie 1958, 253-255; ds. O. S. H. Raubenheimer, *Die Kerkbode*, *lxxxi (13),* 26 Maart 1958, 539-540; ds. A. S. Cronje *Die Kerkbode*, *lxxxi (15)* 9 April 1958, 633, 634, 642; ds. W. A. Alheit *Die Kerkbode*, *lxxxi (20*), 14 Mei 1958, 865-867; ens.

[82] Jonker. 1958. "Het dit sin om van Evangelisasie te spreek?", *Die Voorligter*, *vol xxi (13),* November 1958, 24.

Die benaming skep verwarring. Die kerk verkeer onder die indruk dat daar baie *evangelisasie* gedoen word. Maar die feite spreek daarvan dat die teendeel eintlik waar is:

> "In Johannesburg is ons deurentyd besig met "evangelisasie" waarin sommige lidmate van die kerk miskien oorvoed word, maar ons raak die eendesterte[83] en die kerklose mense van Hillbrow en Jeppe en Fordsburg en al die ander voorstede feitlik met geen vinger aan nie. Ons stel ons gewete tevrede, want ons is mos besig met 'evangelisasie'!"[84]

Dit sou veel beter wees as die kerk se Sinodale Kommissie vir Evangelisasie uitsluitlik op die bearbeiding van buitekerklikes fokus en 'n nuwe Kommissie vir Ampsbediening daargestel kan word vir al die werk wat die sekretarisse vir evangelisasie op daardie stadium gedoen het. Ná hierdie artikel, sê Jonker, "het die gesprek op 'n nuwe wyse aan die orde gekom."[85]

### 4.4. Die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal en die Uniale Evangelisasiekongres 1959

Jonker skryf op dag en datum tien maande later (30 September 1959) 'n artikel in *Die Kerkbode*[86] met presies dieselfde strekking. Daarin is niks wat nie reeds in die artikel in *Die Voorligter* gesê is nie. Wat hierdie artikel wel anders maak, is dat dit geskrywe is ná die sitting van die Suid-Transvaalse Streeksinode wat gedurende April 1959 plaasgevind het. Dit het in *Die Kerkbode* verskyn op die laaste dag van die "Uniale Evangelisasiekongres" wat van 28 tot 30 September 1959 in Bloemfontein gehou is. Langs die banier opskrif – in kursiewe druk – word 'n samevatting gegee van die sinodale besluit. Dit maak die impak van die brief groter. Wanneer 'n sinode van die kerk besluit het om jou standpunt as sy eie te aanvaar, appelleer dit anders op die leser as 'n artikel wat alleen jou eie standpunt weergee.

---

[83] 'n Jongmens, veral uit die vyftigerjare van die twintigste eeu, met lang hare wat agter soos 'n eend se stert gekam was. Hulle was gewoonlik rebels en losbandig en het hulle rug op die kerk en die evangelie gekeer.

[84] Jonker, "Het dit sin om van Evangelisasie te spreek?", *Die Voorligter*, *vol xxi (13),* November 1958, 24.

[85] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 32.

[86] W. D. Jonker, "Wat is Evangelisasie?", *Die Kerkbode*, *lxxxiv (13),* 30 September 1959, 514/5, 517.

Hieronder volg die volledige besluit. Die voorsteller was dr. Willie Jonker en die sekondant dr. Attie Barnard – die twee here wat die hele diskussie oor volkskerk en evangelisasie inisieer het. Die sinodebesluit gee dus nie alleen Jonker se standpunt weer nie, maar ook dié van die groep vriende hierbo gemeld. Wat dit nog meer betekenisvol maak, is dat dit 'n *sinodebesluit* was waarmee die "jong Turke" later in die jaar na die Uniale Evangelisasiekongres sal gaan, wat uiteraard aan hulle standpunt bepaalde "gewig" verleen. Die besluit lui:

> "II. AANBEVELINGS I.V.M. EVANGELISASIE
>
> 1. Evangelisasie:
>
> Die Ass. Scriba[87] (gesekondeer predikant van Sonhoogte[88]) doen nou die volgende voorstel:
>
> Die H.E. Sinode stel dit as sy aanvaarde standpunt dat slegs persone wat buite kerkverband staan, voorwerpe van evangelisasie is, terwyl persone wat lidmate van die Kerk is, hoe kerklos en kerkvervreemd hulle ook mag wees, voorwerpe van herderlike sorg is. Gevolglik besluit die Sinode:
>
> i. Dat die bestaande Sinodale Kommissie vir Evangelisasie voortaan nie meer belas sal wees met enige werksaamheid wat die ampsbediening aan lidmate van die kerk raak nie, maar dat die Kommissie sy taak enkel daarin sal vind om hom besig te hou met die arbeid van die kerk onder buitekerklikes;
>
> ii. Dat die Sekretaris vir Evangelisasie se werksaamheid beperk sal word tot dieselfde terreine met die doel dat hy deur beplanning en studie op hierdie terrein die kerk sal dien en kerkrade sal voorlig om hierdie belangrike taak te aanvaar;
>
> iii. Dat, ten einde die voorwerp van evangelisasie duideliker omlyn te kry, by kerkrade daarop aangedring word om kerklos lidmate as voorwerpe van tug te beskou en, indien intensiewe bearbeiding van sulke lidmate hulle nie kan beweeg om weer lewende en aktiewe lidmate van die kerk te word nie. met die verskillende stappe van die kerklike tug teen hulle voort te gaan;
>
> iv. Dat daar naas die bestaande Kommissie vir Evangelisasie 'n Sinodale Kommissie vir Ampsbediening (en ekwivalente rings-kommissies vir

[87] Dr. W D. Jonker.
[88] Dr. A. C. Barnard.

Ampsbediening) in die lewe geroep sal word wat al die werk i.v.m. die gewone en buitengewone ampswerk sal behartig (soos by. spoorwegbearbeiding, hospitaalbearbeiding, gevangenis-bearbeiding, ens.) en daaroor aan die Sinode sal rapporteer.

v. Dat aan die Permanente Kommissie vir Revisie opgedra word om die nodige wetswysiginge in hierdie verband voor te berei;

vi. Omdat daar op hierdie wyse 'n verskil in benadering met die Noordstreek ontstaan, besluit die Sinode om in hierdie saak op sy eie, los van die Noordstreek, voort te gaan....

Die Moderator reël dat die voorstel van die Asst.-scriba, gesekondeer deur die predikant van Sonhoogte alleen ontvanklik sal wees indien die laaste punt soos volg gewysig word:

„Omdat daar verskil ontstaan tussen die benadering van die Noord- en Suidstreke[89] besluit die Sinode om die hele saak te verwys na die Algemene Sinode vir dringende oorweging." ...

Die voorstel van die H.E. Assessor word nou tot stemming gebring en aanvaar."[90]

Vir die Uniale Evangelisasiekongres is lank voor die tyd voorbrand gemaak. Dié kongres moes uitsluitsel gee oor die verskille tussen die twee benaderings tot evangelisasie.

"In ons eie Kerk het ons Sinodes hulle die afgelope tien jaar reeds meermale oor die beginsels en metodes van ons Kerk se evangelisasietaak uitgespreek, en hoewel die Federale Evangelisasieraad hom steeds in die rigting van koördinasie beywer het, bestaan daar nog aansienlike verskil in die beskouinge en benaderinge van ons Kerk se evangelisasie-situasie en taak. Die innige bede en verwagting is dat dit op die Uniale kongres tot duidelike en eenstemmige

---

[89] *Handelinge van die Tweede Vergadering van die Suidelike Streeksinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal* gehou te Pretoria op 16 April 1959 en volgende dae, 266 – 269. Vgl. W. L. Maree: "Suid-Transvaalse Streeksinode Vergader – II", *Die Kerkbode*, *lxxxii (21),* 27 Mei 1959, 875-877.

[90] Die Algemene Sinode waarna hier verwys word, is die Algemene Sinode van Transvaal, waarvan die Noordelike en Suidelike streke (tesame met Midde Afrika) die samestellende sinodes was.

> besinning en beslissing mag kom, vir die verdere leiding en beleidsbepaling van ons onderskeie Sinodes."[91]

Die kongres is – soos te wagte kon wees – voorafgegaan en gevolg deur 'n mag der menigte artikels en korrespondensie in die kerklike blaaie. Daar was altesame 282 beskrywingspunte[92] en nagenoeg 800 afgevaardigdes (600 predikante en 200 ouderlinge).[93] Dr. J. A. (Johan) Heyns skrywe in sy verslag van die kongres dat reeds vóór die tyd besef is dat die vraag oor wie die voorwerpe van evangelisasie is, die mees kontensieuse onderwerp was en dat menings oor dié saak die kardinale kwessie op die kongres was. Sou afgevaardigdes mekaar nie op die punt kon vind nie, sou dit die kerk se taak oneindig bemoeilik.[94] Van die ouer dominees en veral ds R. J. N. van Tonder, sekretaris vir evangelisasie in Suid-Transvaal, het skerp van Jonker-hulle verskil – en so ook prof. (Kolie) Kotzé, wat een van die hoofsprekers by die kongres was.[95]

Prof. Kolie, soos hy in die omgangstaal bekend gestaan het, was voor sy beroeping na die Kweekskool in Stellenbosch nie 'n gemeenteleraar nie, maar 'n "spesiale evangelieprediker" wat op uitnodiging opwekkingsdienste in gemeentes gelei het. Vóór die kongres het hy 'n boek gepubliseer: *Die Kerk op sy soektog: besinning oor die evangelisasietaak van die N.G. Kerk in Suid-Afrika in ons dag: die verkenning*.[96] Die boek is deur J. A. H. (dr. J. A. Heyns) bespreek en hy gee Kotzé se standpunt só weer:

> "Self gee hy (Kotzé – GJD) dan die volgende definisie: evangelisasie is die buitengewone program van die gereelde bekeringsarbeid van die Kerk onder die plaaslike gemeente met sy besondere ampte en in medewerking met die

[91] Ds. W. A. Alheit. "Evangelisasie rubriek", *Die Kerkbode*, *lxxxiv (6),* 12 Augustus 1959, 237
[92] A. S. Cronjé. 1959 "Evangelisasie rubriek", *Die Kerkbode*, *lxxxiv (11),* 16 September 1959, 441.
[93] J. A. Heyns. 1959. "Kongresflitse uit Bloemfontein" *Die Kerkbode*, *lxxxiv (16),* 21 Oktober 1959, 630.
[94] Heyns. 1959. "Kongresflitse uit Bloemfontein" *Die Kerkbode*, *lxxxiv (16),* 21 Oktober 1959, 631. Heyns, 'n medestudent en klasmaat van Jonker et al., was nie deel van die groep nie. Hy het meesal afwysend teenoor die heersende evangelisasie-beskouing gestaan, maar nie so duidelik soos Jonker-hulle nie. Hy het eerder probeer om 'n posisie tussen die twee standpunte in te neem.
[95] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 32, 33. Vgl. ook Heyns, "Kongresflitse uit Bloemfontein" *Die Kerkbode*, lxxxiv (*16*), 21 Oktober 1959, 631
[96] J. C. G. Kotzé. 1959. *Die Kerk op sy soektog: besinning oor die evangelisasietaak van die N.G. Kerk in Suid-Afrika in ons dag: die verkenning*. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers

gelowiges. Waar die vervreemding dus 'n besondere intensiteit bereik het, daar word evangelisasie gedoen — binne sowel as buite die Kerk!"[97]

Tydens die kongres was daar groot verskil van mening wat tot op die laaste middag van die byeenkoms geduur het. Ds. P. S. Z. (Pietie) Coetzee, wat voorsitter was, het 'n ordereëling getref dat prof. Kotzé en Jonker met mekaar in gesprek moes tree om te kyk of hulle nie eenstemmigheid kon bereik nie.

> "Tot my verbasing het hy ons jongeres die hand van vriendskap gereik. Hy het erken dat ons die begrip evangelisasie korrek gebruik. Maar, het hy gemeen, in 'n siektetoestand was daar náás die tug besondere metodes vir die geestelike bearbeiding van gemeentelede nodig. Op hierdie punt kon ons mekaar vind. Ons het saam 'n kompromisvoorstel geformuleer wat die vrede kon bewaar, maar dit het tog die denke in die kerk op 'n effens ander spoor gebring. Ons was al dankbaar dat ons ten minste dit bereik het.[98]

Daarmee was die saak afgedaan. Jonker sou nooit weer enigiets wat alleen oor evangelisasie handel soos hierbo, publiseer nie.[99] Hy sou egter steeds die metodisties-piëtistiese strominge soos dit wortelgeskiet het in 'n kultureel-kerklike inslag, binne die Ned. Geref. Kerk teenstaan en hom beywer om die kerk op die regte spoor te bring.

Om hierdie paragraaf af te sluit, word gewys op 'n preek oor 2 Korintiërs 3:18 met die tema "*Wat daar gebeur as dit Pinkster word.*"[100] Kortweg: kerkherstel kan slegs dán plaasvind wanneer dit pinkster word in mense se lewens, maar wat beteken dit binne die teologiese denke van Willie Jonker? Die preek verwys nêrens na evangelisasie nie, maar adem juis die teenoorgestelde gees as die standpunt van diegene wat deur Jonker et al. teengestaan was. Die evangelikaliese stroming praat graag van pinkster in terme

---

[97] J. A. Heyns. 1959. Boekbeskouing: *Die Kerkbode*, *lxxxiv (11),* 16 September 1959, 451.
[98] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 33. Vgl. ook Heyns, "Kongresflitse uit Bloemfontein" *Die Kerkbode*, lxxxiv (*16*), 21 Oktober 1959, 631
[99] Vir die besluite wat die kongres uiteindelik geneem het, sien *Die Kerkbode*, *lxxxiv (16),* 21 Oktober 1959, 634.
[100] W. D. Jonker. 1960. "Wat daar gebeur as dit Pinkster word", in D. H. Botes, 1960. *Die volle Raad: Preekbundel vir ouderlinge.* Bloemfontein, SACUM.
Die teks in die 1953 vertaling lui: "En terwyl ons almal met ontsluierde gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."

soos "die verwagting van 'n siele-oes", dat pinkster 'n tyd is vir "spesiale dienste" waar met hart en siel gewerk word vir bekerings en dergelike meer.[101]

Jonker bevraagteken bogenoemde en vra wat eintlik 'n mens se verwagting van pinkster moet wees. Desjare is graag gepraat van 'n spesiale "pinksterseën", met die verwagting van "geweldige gebeurtenisse van buitengewone aard, massa-bekerings, herlewings, ens.". Dit was tye van emosionele hoogspanning. Die probleem wat Jonker hiermee het, is dat dit "net so gou na Pinkstertyd weer verdwyn as wat dit gereeld elke jaar net in Pinkstertyd verskyn". Die preek moet nie alleen op sigwaarde geneem word nie, maar die kontras met bogenoemde moet raakgesien word. Dit is wel 'n *preek* en nie 'n stuk apologetiek nie en Jonker bied dit as sodanig aan.

Jonker bespreek drie aspekte van "'n ware Pinksterseën" soos dit in die teks na vore kom. In die eerste plek is dit "die seën van 'n ontsluierde gesig". Die Heilige Gees neem die sluier weg wat verhinder dat lidmate die Woord van God in sy ware geestelike sin kan begryp. Met pinkster open die Heilige Gees 'n mens se verstand en gee volle insig en begrip in die Woord van God. Die ongesegde apologetiese aspek is dat die insig en begrip wat die Gees gee anders is as die entoesiastiese voorstelling wat gewoonlik deur die ander groep gegee word.

Tweedens is die ware pinksterseën "die seën van 'n aanskouing van die heerlikheid van Christus". Die Heilige Gees is die Gees van Christus en 'n ware pinksterseën sal altyd tot die verheerliking van die Here Jesus Christus wees. Pinksterfees is nie in die eerste plek 'n fees van die Heilige Gees nie, maar van Christus.

In die derde plek bring 'n ware pinksterseën 'n verandering na die beeld van Christus. Dié verandering beteken die afsterwe van die ou mens (die vlees) en die verandering sodat voortaan die vrug van die Gees gedra word, 'n opstanding in 'n nuwe lewe. Daarin moet ons ook verstaan dat 'n ware pinksterseën kerkherstel in 'n egte Bybels-teologiese sin tot gevolg sal hê. Jonker wys met name die gedagte van 'n "geweldige",

---

[101] W. A. Alheit, "Evangelisasie-rubriek", *Die Kerkbode*, *lxxv (19),* 11 Mei 1955, 601. Ds. J. C. Botha, *Die Kerkbode*, *lxxvii (2),* 11 Januarie 1956, 67.

“buitengewone”, “enkele” of “second blessing” af. “Dit is oral Pinkster, waar mense gewillig geword het om hulle deur die Gees te laat vorm na die beeld van die Seun.”

In die debat was die term “kerkherstel” as’t ware as antoniem vir “evangelisasie” gebruik. Kerkherstel is egter nie ’n goeie term om te gebruik nie – dit is in kultureel-kerklike terme vatbaar vir misverstand en gaan mank gaan aan Skriftuurlike duiding en teologiese singewing. Die term het die kompromisvoorstel by die evangelisasie kongres moontlik gemaak kon alleen daarin slaag om “die denke in die kerk op ’n effens ander spoor gebring.”[102] Jonker se self dat die dringende behoefte was vir die herstel van kerklike tug.[103]

Hoewel hierdie begrip dus mank gaan aan Skriftuurlike duiding en teologiese singewing, het dit aan Jonker geleentheid gebied om sy teologiese standpunte verder definieer en profileer: hy publiseer ’n boekie oor die kerklike tug. Daarin gaan die oor die bediening van die Woord, meer as oor die herstel van die kerk. In volgende paragraaf word hieraan aandag gegee.

**5. Die Skriftuurlike uitgangspunt: Kerklike Tug**

Wanneer ’n mens Jonker se boek en artikels oor die kerklike tug bestudeer, sal vergeefs gesoek word na ’n “regstegniese” bespreking van prosedures, oor wat tegnies mag en nie mag nie, ens. In sy teologiese bydrae tot die verstaan van die kerklike tug, vra hy na die *jus constituendum*, die reg soos die Here dit in die Skrif[104] vir die kerk gegee het, maar nêrens behandel hy die die *jus constitutum*, die geldende reg soos dit in ’n kerkorde neerslag gevind het nie.[105] Jonker vra na wat die *wesenlike* van die tug is en benader die saak dus vanuit die sistematiese teologie en die eksegese. Prof. A. B. du

---

[102] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 33.
[103] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 30, 31.
[104] Vir bespreking van die Skriftuurlike begronding van die tug vgl. veral F. W. Grosheide. 1952. *Wat leert het Nieuwe Testament inzake de tucht?* Delft: Van Keulen. Voorts: A.M. Brouwer, Gerhard Sevenster, en C. G. Wagenaar. 1939. *Schrift en kerkorde: "Kerkopbouw"-rapport*. Baarn: Bosch & Keuning; A. J. Bronkhorst. 1947. *Schrift en kerkorde: een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "Schriftuurlijke kerkorde"*. Den Haag: Zuid-Holl. Boek- en Handelsdrukkerij; A.M. Brouwer. 1947. *Schrift en kerkorde: antwoord aan Dr. A. J. Bronkhorst*. Leiden: Sijthoff; J. van Bruggen. 1984. *Ambten in de apostolische kerk: een exegetisch mozaïek*. Kampen: Kok.
[105] Vgl. H. Bouwman. 1928. *Gereformeerd kerkrecht: het recht der kerken in de practijk – I*. Kampen: Kok, 2.

Preez het Jonker, sy oudstudent, in 1957 gevra om tydens sy (Du Preez se) verlof[106] 'n deel van sy lesings oor kerkreg by die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria te behartig. Oor sy eie benadering tot kerkreg skryf Jonker:

> "Ek het die lesings aangepak teen die agtergrond van my studie vir my doktorale tesis oor die kerk en my praktiese ervaring van die situasie in die gemeente. Die kerkreg was vir my dus ten nouste verbind met die dogmatiese leer oor die kerk. Dit was vanselfsprekend dat my lesings hoofsaaklik oor die verval van die kerk tot 'n tuglose volkskerk sou handel, en in verband daarmee die dringende behoefte aan die herstel van kerklike tug." [107]

Hier spreek Jonker duidelike taal: nie die herstel van die kerk nie, maar van die tug. Later sal Jonker nog duideliker praat. Die kerklike tug is Woordbediening. Hy sal telkens, bv. in sy intreerede by Unisa duidelik maak dat alleen Christus in die kerk mag heers – dít doen Hy deur sy Woord, en: "Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is, kan en mag alleen die Woord van God in die kerk heers."[108]

Jonker se uiteensetting van die kerklike tug kan nie verstaan word sonder om bogenoemde stryd (teen 'n teologie wat eers toelaat dat 'n volkskerk ontwikkel en daarna die onbetrokke *kerklidmate* wil evangeliseer) in ag te neem nie. Sy oortuiging was dat kerklidmate anders benader moet word as mense buite die kerk. Tot iemand wat voor die gemeente belydenis van sy of haar geloof afgelê het, kán 'n appèl gerig word om dié geloof uit te lewe. Dit gaan – soos hierbo uiteengesit – om kerkherstel en die kerklike tug vorm 'n wesenlike deel daarvan. Hierdie ideaal vorm die agtergrond vir nog 'n artikel in twee aflewerings wat in 1956 in *Die Kerkbode* verskyn het en twee gepubliseerde preke. Hierdie keer handel dit oor die tug.

---

106 Hy het na sy verlof gepubliseer. Sien A. B. du Preez. 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: die hoop van Suid-Afrika.* Kaapstad, HAUM. Die boek word deur 'n kollega van die Hervormde kerk teologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria beoordeel: sien A. S. Geyser. 1960. *Christelike godsdiens en eiesoortige volksdiens: 'n beoordeling van die boek van Prof. Dr. A.B. du Preez, Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens*. *Hervormde Teologiese Studies*, *16 (1,)* 1-30.

107 Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 30, 31.

108 W.D. Jonker. 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa, 8.

### 5.1. Is ons gehoorsaam?

Dit is duidelik dat Jonker met hierdie artikel nie teoloë wil aanspreek nie, maar die gewone kerklidmaat. Hy was dikwels genooi om gemeentes toe te spreek. En, sê hy, verreweg die meeste kere moes hy oor kerkherstel, die funksionering van die ampte en die noodsaak van die kerklike tug praat. Dan het hy die noodsaaklikheid dat gemeentelede meer geestelike en selfs teologiese boeke moet lees, beklemtoon.

Die artikels en preke wat nou onder die loep gaan kom, is juis bedoel vir gemeentelede, om vir hulle iets in die hand te gee om te lees waarin hulle die Skriftuurlike en gereformeerde eise vir die ware kerk sal lees, begryp en – hopelik – sal toepas. Hierdie artikels en preke wil Bybels-teologiese beginsels op ’n bevatlike en eenvoudige wyse weergee, sonder om die wetenskaplike juistheid daarvan te kompromitteer. Ook die boek *En as jou broeder sondig* wat hy in 1959 publiseer, is bevatlik geskryf en is deur heelwat lidmate en ampsdraers gelees. Dit gee verdere impetus aan die stelling hierbo dat Jonker nie die *jus constitutum*, bespreek nie, maar alleen die *jus constituendum*.

In die eerste aflewering behandel hy vier redes waarom hy reken dat die tug vir ’n gesonde kerklike lewe noodsaaklik is. Die eerste drie behandel hy baie kort, asof hy dit alleen maar volledigheidshalwe doen. Die eerste is dat die Kerk “as sigbare organisasie, wat in die wêreld bestaan, vaste orde en dissipline (tug) moet hê”. Tweedens is die kerk blootgestel aan dwalinge in die leer en die lewenswyse van sy lidmate en in die derde plek dat daar huigelaars in die kerk is wat tot orde geroep moet word.[109]

Vir Jonker is die vernaamste rede egter dat die Skrif van die Kerk van die Here verwag om tug toe te pas.[110] Gehoorsaamheid aan die Here vereis van die Kerk om die wat

---

[109] W. D. Jonker. 1956. “Is ons gehoorsaam? Enkele Gedagtes oor die Kerklike Tug”, *Die Kerkbode, lxxviii (15),* 10 Oktober 1956, 665, 666.

[110] Jonker kan hom daarop beroep dat dit reeds van die begin af deur gereformeerdes beklemtoon is, soos blyk uit die acta van die gereformeerde “sinodes”. Vgl. bv. *Artikels van Wesel,* 1568, hoofstuk VIII, i; *Emden*, 1571, XXV; *Dordt*, 1578, hoofstuk VI, i; *Middelburg*, LVIII; ‘*s-Gravenhage*, 1586, LXIV; die *Dordtse Kerkorde* art. LXXI. Vgl. F. L. Rutgers. 1980. *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*. Dordrecht; J. P. van den Tol; A. C. Van Raalte, A. Brummelkamp, en S. van Velzen. 1841. *Kerkelijk handboekje, zijnde een kort uittreksel van de voornaamste acten der Nationale en Provintiale Synoden, betrekkelijk de zuiverheid der Leere, rust der Kerke, enz., alsmede de post-acta of*

afdwaal te tugtig. In hierdie artikels is – soos die titel van die artikel aantoon – die vernaamste punt wat hy wil maak: "*Is ons Gehoorsaam*?" Jonker besig hiermee taal wat in daardie jare gebruiklik was. Kerk én samelewing was gekenmerk deur 'n bepaalde "wettiese" – moontlik selfs fundamentalistiese – ingesteldheid, met groot klem op gehoorsaamheid en dissipline. Dit is die taal wat almal in daardie jare geken het en sou verstaan: 'n mens moet God meer gehoorsaam wees as mense; die gemeente moet tot daadwerklike gehoorsaamheid aan God geroep word; die lidmaat wat volhardend weier om te gehoorsaam, moet tot orde geroep word.

Die Kerk is immers die liggaam van Christus en elke lid daarvan moet 'n persoonlike verhouding met die Here hê. Daarom moet daar gewaak word dat diegene wat tot belydenis van geloof toegelaat word, dit eg en eerlik doen en daar moet moet gewaak word dat die sakramente nie onteer word nie. Jonker se uitgangspunt – dat die kerk dáár tot stand kom waar die Here genade aan 'n mens betoon – is reeds meermale belig. Elke begenadigde is geroep om uit dié begenadiging te lewe en as hy of sy nalaat of weier om dit te doen, word hulle deur die tug daartoe opgeroep om hulle belydenis uit te lewe.

> "Dit is slegs wanneer 'n mens die Nuwe Testamentiese leer van wat die Kerk is, verruil vir die leer dat die Kerk volkskerk moet wees wat soveel mense moontlik moet insluit, omdat die Kerk dan glo die meeste invloed kan uitoefen, dat 'n mens die tug as iets onwensliks moet gaan beskou. Die volkskerk probeer om almal tevrede te stel, almal in te sluit en niemand "seer" te maak nie."[111]

Dit val op dat Jonker se kerkbegrip fundamenteel is vir sy siening van die tug. In 'n volkskerk is 'n Bybels-teologiese beskouing oor en uitoefening van die kerklike tug nie moontlik nie. Indringende vrae kan nie en word nie gevra nie. Wanneer die geleentheid hom voordoen, wanneer mense enigsins "daarvoor gewillig of begerig" is, word hulle eenvoudig sonder vrae in die huwelik bevestig, tot die openbare belydenis en gebruik

---

*nahandelingen van het Nationale Synode van Dordrecht, gehouden in de jaren 1618 en 1619: zeer dienstig en noodig voor predikanten en kerkenraden: met eene voorrede*. Amsterdam: N. Obbes.
[111] Jonker. 1956. "Is ons gehoorsaam? *Die Kerkbode, lxxviii, (15),* 10 Oktober 1956, 666.

van die sakramente toegelaat en buitendien óók in die ampte bevestig. Alles sonder om te veel na te gaan of alles na wense is met die leer en lewe van die persoon. [112]

"En dit alles geskied – o, grote bedrog! – in naam van die liefde", skryf Jonker.[113] In die volkskerk word gesê dat die tug mense verstoot, terwyl die kerk eerder aan alle mense liefde moet betoon, hulle na die kerk moet aantrek en hulle deel van die kerk moet maak. Die bedrog is daarin geleë dat die werklike rede nie liefde is nie, maar:

> "... die swakheid om Kerk te wees in die sin van die Nuwe Testament, die swakheid om vir die waarheid uit te kom, die swakheid om ter wille van die ware liefde geen mooi broodjies te bak nie, maar die verlorenes werklik te help deur langs die aangewese weg, die tug, 'n duidelik oproep tot bekering na hulle te laat uitgaan."

Teenoor swakheid staan gehoorsaamheid. Daar is geen sprake van straf, afranseling, boete of liefdeloosheid nie. Die kerklike tughandeling gaan oor die betoning van *ware liefde* waardeur dié wat verlore gaan, opgeroep word tot berou en bekering. Oor hierdie ware liefde handel die tweede aflewering.[114] Jonker se metode is om die besware wat teen die kerklike tug opgewerp word, te beantwoord deur te wys op die pastorale besorgdheid wat via die kerklike tug na die verloregaande sondaar uitgaan. In die veronderstelling (soos hierbo gemeld) dat Jonker hierdie artikel geskrywe het met kerkraadslede in gedagte, beantwoord hy dus nie alleen die kritikasters nie, maar wil hy ook kerkraadslede motiveer om deur middel van die kerklike tug betrokke te raak in God se handelinge met sy strydende kerk.

Die eerste beswaar wat Jonker aanspreek, is dat gesê word dat die Kerk onbillik optree deur in sy tughandeling 'n onderskeid te maak tussen die openbare ergerlike en aanstootlike sondes en die talle geheime sondes en slegte begeertes.[115] Teen

---

[112] Vgl. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie*, 105 – 106.
[113] Jonker. 1956. "Is ons gehoorsaam?", *Die Kerkbode, lxxviii (15),* 10 Oktober 1956, 666.
[114] Jonker. 1956. "Is ons gehoorsaam? II", *Die Kerkbode*, *lxxviii (16),* 17 Oktober 1956, 701, 702.
[115] Dieselfde wat in voetnoot 6 hierbo genoem is, geld ook hier. Van oudsher af het gereformeerdes 'n onderskeid getref tussen heimlike en openbare sondes. Vgl. ook H. J. Royaards. 1834. *Hedendaagsch kerkregt bij de Hervormden in Nederland: een handboek voor akademische lessen: alsmede ten gebruike van predikanten en leden van kerkelijke vergaderingen*. Utrecht: J. Altheer, 372; Joh. Jansen. 1923. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Kampen: Kok, 298 e.v.

eersgenoemde word dan opgetree, maar laasgenoemde bly ongestraf – dit terwyl die Skrif nie 'n onderskeid tussen sondes tref nie. Daarop antwoord Jonker dat die kerk nie oor die innerlike van 'n mens kan oordeel nie, maar alleen oor die uiterlike. Elke gelowige sal tot aan die einde van sy lewe 'n stryd voer teen allerlei sondes, soos Paulus in Romeine 7 aandui. Sonde word nie vergoeilik nie – God haat alle vorme van die kwaad. In taal wat herinner aan die klassieke nagmaalsformulier,[116] sê Jonker dat daar geen sprake van die toepassing van die kerklike tug kan wees wanneer die gelowige van harte daaroor berou het en aandui dat die sonde teen sy wil nog in hom oor is nie. Daarby moet onthou word dat prediking en persoonlike vermaning wél vorme van tug is waardeur heimlike sondes inderdaad aangespreek word.

Daar moet in gedagte gehou word dat lidmate in die openbaar belydenis van geloof gedoen het – dáármee moet die kerk rekening hou. Wanneer 'n gelowige sonde doen van 'n openbare, ergerlike aard, spreek die Kerk nie 'n oordeel oor hom uit nie, maar wys hom daarop dat sy (openbare) lewe in stryd met sy (openbare) belydenis is. Die kerklike tug begin deur so 'n persoon te vermaan om hom te bekeer. Omdat die sonde in die openbaar gepleeg was, mag die kerkraad van hom verwag om ook in die openbaar duidelike blyke van sy berou te gee deur bv. een of ander vorm van openbare belydenis van sy sonde te doen en om hom vir 'n tyd lank van die sakramente te onthou.

Wie onberoulik in sy sonde volhard, dui daarmee aan dat hy nie (meer) sy belydenis as 'n saak van erns beskou nie. Wanneer 'n kerkraad tot hierdie oortuiging kom, moet verdere stappe geneem word en tree die tug "in eintlike sin op om langs 'n meer drastiese weg tot bekering te roep." Jonker beklemtoon dat die wesenlike, kernaspek van die tug is dat met die kerklike tug uitsluitlik opgetree word teen 'n "*onbewoë, ergerlike verset teen Gods genade*"[117] Die tug wil die sondaar tot berou en bekering bring. Die berouvolle sondaar is nie langer tugwaardig nie.

---

[116] "... die bedoeling is nie om die verslae harte van die gelowiges kleinmoedig te maak asof slegs die wat sonder enige sonde is, na die nagmaal van die Here mag kom nie... Dit is wel so dat ons nog baie ellende en gebreke in onsself vind ... Waar ons egter deur die genade van die Heilige Gees oor sulke gebreke van harte berou het en opreg begeer om volgens al die gebooie van God te lewe, mag ons daarvan heeltemal seker wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem..." vgl. Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988. *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers, 62.

[117] Jonker. 1956. "Is ons gehoorsaam? II", *Die Kerkbode*, *lxxviii (16),* 17 Oktober 1956, 701.

’n Volgende beswaar teen die uitoefening van die tug wat Jonker bespreek, een wat dikwels geopper word, is dat Christus geleer het dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip moet gooi. Christus handel hier glad nie oor die tug nie, maar oor mense wat hulle verhef en dink hulle is beter of heiliger as ander. Wie dink dat die tug mense wil afransel, straf of laat boet vir hulle sondes, is heeltemal verkeerd. Christus het die volle straf op ons sondes gedra.

Dit tug beoog geensins om ’n persoon uit te sluit en weg te drywe nie, maar presies die teenoorgestelde: dat “die één afgedwaalde skaap terug moet kom na die orige nege-en-negentig.”[118] Enige en elke kerklike tughandeling moet daarop gemik wees om die sondaar tot bekering te roep. Die tug wil die lidmaat tot sy eie beswil vermaan om te word wat hy bely hy is! Langs dié weg word God geëer en die heiligheid van die gemeente bevorder.

Ten slotte is die vraag nie of die kerkraadslede nie dalk heimlik meer sonde het of doen as die voorwerp van die tug nie, maar of hulle die ampspligte waartoe hulle deur die Here self geroep is, uitvoer. Jonker sê dat die ampte ’n dure plig opgelê is om die Here se kudde te versorg en afgedwaaldes op te soek. Dit blyk uit die Skrif waar die “sleutelmag nie net opgedra (is) aan Petrus nie (Matt. 16: 18-19), maar ook aan die ander apostels (Joh. 20: 21-23), en aan die apostels tesame met die gemeente (Matt. 18: 15-18).”[119] In laaste instansie is die tug ook ’n antwoord op ’n versoek van die lidmaat met die aflê van sy belydenis. Die lidmaat het gevra om nie alleen gelaat te word nie, maar om teruggeroep te word as hy sou afdwaal. Dit is die betekenis van die vrywillige onderwerping aan die kerklike opsig en tug. Daarmee het Jonker ’n stewige fondament gelê – die *jus constituendum* – wat in ’n kerkorde neerslag moet vind en waaraan ’n kerkorde gemeet kan word.

Hierdie pastorale en soekende aspekte van die kerklike tug word ook in twee gepubliseerde preke saamgevat: die eerste verskyn in *Die Kerkbode*, pas drie weke nadat die laaste van bogenoemde twee artikels in dieselfde blad gepubliseer is;[120] die

---

[118] Jonker, “Is ons gehoorsaam? II”, *Die Kerkbode*, *lxxviii (16),* 17 Oktober 1956, 702.
[119] Jonker, “Gedagtes oor die Kerklike Tug II”, *Die Kerkbode*, *lxxviii (16),* 17 Oktober 1956, 702.
[120] W. D. Jonker. 1957. “Die Geduld van God”, *Die Kerkbode*, *lxxx (19),* 7 November 1957, 823.

tweede verskyn in ’n preekbundel[121] wat vir ouderlinge geskrywe is en in 1960 gepubliseer is. Soos Jonker se Pinksterpreek wat hierbo bespreek is, is ook hierdie twee preke nie toevallig gepubliseer nie, maar is ’n berekende publikasiestrategie om die kerklike publiek van die noodsaak van die kerklik tug te oortuig.

Dit is moontlik dat die woord *tug* ’n gelade, negatiewe konnotasie in hom omdra – al word dit gereeld verduidelik en verdedig. Dit is die geykte kerklike term wat algemeen gebruik word. Jonker wil dat kerklidmate – wat die jeug insluit – sal begryp waarom hy die kerklike tug as die Bybels-teologies korrekte teenoor evangelikaliese benadering beskou. In sy boek “*En as jou broeder sondig* ...” sê hy dit in soveel woorde: “dat dit vir almal duidelik moet wees dat die saak wat ons verdedig, Skriftuurlik is ...”[122]

Die eerste preek handel oor die gelykenis van die onvrugbare vyeboom (Luk. 13: 8 – 9), waarin die vyeboom die ongehoorsame, onvrugbare mens in ’n begunstigde posisie versinnebeeld. Jonker sê hy praat van

> “...die mens wat deur God bevoorreg is om aan Sy verbond te behoort, die mens deur God gestel op die akker van die Kerk, waar die Woord van God gehoor word en waar die geleentheid is om in al die voorregte van Gods gemeenskap te deel. Christus dink by die uitspreek van die gelykenis aan Israel, die volk van Gods guns... Van sulke mense kan daar met reg vrug verwag word...”[123]

Hy het die volkskerk-situasie in gedagte. Die Here verwag van elke kerkmens, van elke gedoopte mens om vrug te dra. Die vyeboom is die simbool van die kerklidmaat wat ten spyte van versorging, onvrugbaar bly. ’n Belangrike gevolg van ’n tuglose volkskerk is dat – soos die vyeboom die grond waarin dit staan onvrugbaar maak – die lidmaat wat nie sy geloof uitleef nie, die getuienis van die kerk na buite smoor en belemmer.

---

[121] W. D. Jonker. 1960. “Dra mekaar se laste” in D. H. Botes. *Die volle Raad*: *Preekbundel vir ouderlinge II*. Bloemfontein, SACUM.

[122] W. D. Jonker, 1959. *"En as jou broeder sondig ...": enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 156.

[123] Jonker. 1957. “Die Geduld van God”, *Die Kerkbode*, lxxx (*19*), 7 November 1957, 823.

Die vyeboom (lidmaat) word egter nie summier uitgekap nie, maar nogeens met groot en onverdiende genade intensief bewerk en bemes. Iewers is daar egter 'n grens: wanneer die grens van God se geduld oorgesteek word en die onvrugbare boom uitgekap word.

Ook die tweede preek waarna hierbo verwys is, is vir ouderlinge geskrywe oor die kerklike tug. Die preek handel oor Galasiërs 6:2. "*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus*." Jonker beklemtoon aan die eenkant dat die laste waarvan hier sprake is nie maar laste in die algemeen, soos siekte, armoede, fisiese of psigiese lyding ens. is nie, maar die las van sonde waarmee gelowiges worstel. Op 'n roerende wyse wil hy ouderlinge motiveer om hierdie laste te help dra, om werklik om te gee vir lidmate. Dan vervolg hy:

> "Die eintlike saak waarop Paulus egter hier die oog het as middel waardeur verantwoordelikheid vir mekaar se geestelike laste aanvaar moet word, is die onderlinge tug. Daarom wek hy die gelowiges daartoe op om mekaar te vermaan in die gees van sagmoedigheid (vs. 1) ... Dit gaan in hierdie vermaning van mekaar nie om 'n was van mekaar se koppe nie ... nee, dit gaan om 'n nederige en liefdevolle, biddende pleitrede by die broeder om tog die skadelike weg van die sonde te verlaat en Christus alleen te volg..."

Met hierdie twee preke en die voorafgaande artikels in *Die Voorligter* het Jonker die fondament gelê. Daaruit blyk dat hy die tug nie verstaan as 'n stok om iemand mee te slaan nie, maar soos die Dordtse Kerkorde: die Christelike bestraffing dra 'n *geestelike* karakter. Hy verstaan dat die tug in die eerste instansie die eer van God soek – Hý moet gehoorsaam word. Net so beywer hy hom vir die heiligheid van die kerk – teenoor die volkskerk wat maar enige lid van 'n bepaalde volk tot die kerk toelaat. En met pastorale bewoënheid toon hy aan dat die kerklike tug die heil van die sondaar beoog. Die kerklike tug is niks anders nie as die bediening van Woord. Dit spreek ook uit sy boek oor die kerklike tug.

### 5.2. "En as jou broeder sondig..."

Hierbo is reeds genoem dat prof. A. B. du Preez in 1957 juis vir Jonker genader het om tydens sy (du Preez se) verlof 'n deel van sy lesings oor kerkreg – wat spesifiek die behandeling van die kerklike tug insluit – te behartig. Hierdie lesings is in boekvorm verwerk en verskyn vroeg in 1959 met die titel "*En as jou broeder sondig*..."[124]. Uit die titel is die verband met bogenoemde artikels en preke duidelik. Hierbo is reeds daarna verwys dat Jonker die kerkreg vanuit die sistematiese teologie benader het, dat hy sy ekklesiologiese studie vir sy proefskrif as grondslag gebruik het, en dat hy die verval van die kerk tot 'n volkskerk en die dringendheid om die kerklike tug in ere te herstel sou aanspreek.[125]

Hoewel dit 'n verwerking van lesings vir teologiestudente is, is "*En as jou broeder sondig*..." 'n toeganklike boek vir lidmate. Dit was die eerste boek van Jonker wat in Suid-Afrika gepubliseer is en hy het daarmee die eerste prys verower in 'n kompetisie wat die Ned. Geref. Kerkuitgewers in daardie tyd vir nuwe manuskripte uitgeskryf het.[126]

In sy inleidende hoofstuk skryf Jonker dat dit nie sy doel was om 'n nuwe handboek oor die tug te skrywe, waarin hy die tug sistematies uiteensit en omskrywings gee van die gebruiklike terminologie, nie. Sy doel was tweeledig: eerstens wou hy vra na die redes vir die verval van die tug en wat daaraan ten grondslag lê en tweedens wou hy "...vra wat die Woord van God van dit alles te sê het."[127] Dit is dus nie 'n handboek met 'n volledige wetenskaplike of formele behandeling van die kerklike tug nie. Sy metode was om in die eerste hoofstuk 'n aantal inleidende opmerkings te maak, daarna die besware teen die uitoefening van die tug in drie hoofstukke te groepeer, dit uitvoerig in die lig van die Skrif te bespreek, te beoordeel, en af te sluit met 'n vyfde hoofstuk waarin hy die vernaamste beginsels vir tug gaan uitspel. Dié benadering verskil van alle ander bekende benaderings – hy benader die tug nie vanuit die jus constitutum nie,

---

[124] W. D. Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ...": enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

[125] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 31.

[126] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 31.

[127] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig*, 20.

maar vanuit die jus constituendum. As 'n veralgemeende stelling kan gesê word dat al die ander handboeke die geldende kerkorde op die spoor volg.[128]

Inderwaarheid het Jonker reeds met bostaande artikels en preke die fondasie gelê vir hierdie boek. Die weg waarlangs die boek ontstaan het, het reeds blyke gegee dat dit wel die geval mag wees. Jonker het, behalwe in hoofstuk 5, nie nuwe prinsipes neergelê wat nie reeds reeds hierbo aan die orde gekom het nie, maar hy het in die boek baie vollediger en meer sistematies te werk gegaan. Hy gee bv. heelwat breër aandag aan die volkskerk en binne dié kader heelwat meer aandag aan (misbruik van) die kinderdoop en die verbond, sonder om noodwendig nuwe beginsels op die tafel te plaas. Die basiese uitgangspunt dat die volkskerk almal wat by die doopvont kom doop, bly dieselfde maar word breër bespreek en uiteengesit. Hy gee ook enkele "nuwe" brokke inligting, soos 'n kort historiese agtergrond waarteen die volkskerk ontstaan het: die verstarring van die sewentiende eeuse ortodoksie, die liberalisme van die agtiende eeu en – daaruit voortvloeiend – die kollegialisme, of meer korrek, die genootskaplike kerkreg.

Dit val op dat Jonker baie klem daarop lê dat die primêre bestaansreg van die kerk die eer van die Here is. Hy word alleen gedien as die gemeente heilig lewe. Deur die tug na te laat, word God se eer aangetas. Die kerklike tughandeling soek dus nie dat mense (die kerkraad) geëer of gehoorsaam moet word nie, maar dat dit alles om God die Here gaan. Hy word ten beste geëer en Sy naam geheilig wanneer sondaars tot bekering kom.[129]

---

[128] Vgl. bv. (in kronologiese volgorde) Charles Schüle. 1926. *Die Grundlagen des reformierten Kirchenrechtes*. Basel: Verlag der reformierten Schweizer Zeitung, 190 – 197; Joh. Jansen. 1913. *De kerkelijke tucht: handleiding ten dienste der Gereformeerde Kerken*. Nijverdal: Bosch; Joh. Jansen. 1952. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Kampen: Kok, 302 – 352; H. Bouwman, en T. Hoekstra. 1934. *Gereformeerd kerkrecht: het recht der kerken in de practijk – II*. Kampen: Kok, 594 – 673; F. E. o'B. Geldenhuys. 1951. *Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode, onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika*, 289 -294; D. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok, 348 – 448; E. P. J. Kleynhans. 1988. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal, 139 – 189; K. de Gier. 1989. *De Dordtse kerkorde: een praktische verklaring*. Houten: Den Hertog, 352 – 405; B. Spoelstra. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 380 – 450; Deputaatschap kerkrecht van de Generale Synode 2007 van de Gereformeerde Gemeenten. 2007. *In goede orde: handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*. [S.l.]: 34 – 40; J. Schipper. 2011. *Wat zegt de kerkorde?: rondom het kerkelijk leven*. Houten: Den Hertog, 197 – 200.

[129] Vgl. Jonker. 1959. "*En as jou broeder sondig"*, 68 e.v.

Hoofstuk 5 bring 'n nuwe perspektief op die saak: dit is die hoogtepunt van die boek, waarin Jonker se aandrang dat die kerklike tughandeling tot sy reg moet kom, vlymskerp gestel word. Die kerklike tughandeling gaan nie vir Jonker om die handeling as sodanig nie, maar dit gaan oor die *Kerk*. Sy kerkbegrip lê dié boek ten grondslag. Hoe vergelyk 'n kerk waarin die kerklike tug na behore funksioneer met 'n volkskerk waarin die tug op die agtergrond geskuif en geïgnoreer word?

Die "nuwe" prinsipe wat Jonker vir kerklike tughandeling na vore laat tree, is dat die tug slegs dán na behore funksioneer wanneer daar in die gemeente egte, warme *gemeenskap van die heiliges* is. Daarteenoor is gebrek aan hierdie gemeenskap in die kerk die grootste belemmering vir die uitoefening van die tug. Ontbreek egte broederlike gemeenskap in die kerk, bestaan die regte geestelike klimaat vir die toepassing van egte kerklike tughandeling nie.[130] "Waar die ware, bloed-warme gemeenskap in die kerk ontbreek, is alle tugoefening feitlik gedoem tot mislukking; waar dit wel bestaan, is tugoefening spontaan en doeltreffend."[131] Binne hierdie "bloed-warme gemeenskap" gee gelowiges werklik vir mekaar om, dra hulle werklik mekaar se laste en wil hulle nie sien dat een verlore gaan nie. Hierdie gemeenskap vind sy oorsprong in Christus, want die kerk immers die liggaam van Christus.

Van die begin af word van die kerk gepraat as die gemeenskap van die heiliges. Dít maak die kerkvolk ánders as die burgerlike vergadering met dieselfde naam. Die Heidelbergse Kategismus (Vraag 55) leer dat ons onder "gemeenskap van die heiliges" moet verstaan dat dit 'n gemeenskap van mense is wat almal saam en elkeen afsonderlik deel het aan Christus en al Sy skatte en gawes. Dit bring mee dat elkeen dit aan mekaar verskuldig is "om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend", haal Jonker aan. Hy vind dit ook merkwaardig dat die woord "skuldig"[132] gebruik word: "... gelowiges skuld mekaar gemeenskap, hulle is verplig om mekaar te dien en te dra, omdat hulle almal saam elkeen afsonderlik deur Christus met

---

[130] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 156.
[131] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 160.
[132] Dit is duidelik dat Jonker die bron teks nagevors het. Die Nederlandse teks praat van "elck hem schuldig moet kennen" en die Duitse teks: "sich schuldig wissen soll." Vgl. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen door J. N. Bakhuizen van den Brink*. Tweede druk. Uitgeverij Ton Bolland, Amsterdam 1976., 178, 179.

Sy kruisdood gedien en deur Sy Gees gedra word. Jonker noem dít "die juiste geestelike klimaat" waarbinne die tug in die kerk uitgeoefen word.

Ontbreek hierdie geestelike klimaat, kan daar nie meer van *kerklike* tug gepraat word nie. Dan hoef die kerk ook nie ver te gaan soek na die oorsake daarvoor nie. Dit kom uit 'n gebrek aan die kerk se gebrekkige belewing van sy eenheid met Christus.[133] Wanneer die kerk eg in gemeenskap met die Here leef, heers Hy direk en persoonlik in die kerk en oefen Hyself die tug uit deur sy Woord en sy Gees. Waar Christus die Hoof van die kerk is en deur sy Gees in die lewens van sy lede heers, sal daar onderlinge sorg vir mekaar wees, sal hulle verantwoordelikheid vir mekaar aanvaar, ook vir "mekaar se sondes en struikelinge", sal hulle mekaar vermaan en tugtig.

Die Here het egter verkies om nie alleen op 'n direkte, persoonlike wyse die tug in Sy kerk uit te oefen nie. Hy gebruik mense wat Hy daartoe roep. In die eerste plek word elke gelowige daartoe opgeroep – elkeen beklee immers die algemene amp van die gelowige. Elke gelowige is profeet, priester en koning wat met hierdie verantwoordelikheid in die liggaam van Christus beklee is en hulle mag dit verwaarloos nie. Daarbenewens het Hy mense geroep om in die besondere ampte te dien en so instrumente van die Gees te wees deur wie Christus self die tug kan uitoefen.[134]

Dit moet duidelik onderstreep word dat Jonker die standpunt huldig dat die tug slegs binne die *gemeenskap van die gelowiges* enigsins beoefen kan word. Die kerklike tug handel immers slegs oor broers en susters. Mense buite die kerk, nie-lidmate, is vanselfsprekend nie voorwerpe vir die kerklike tug nie.[135] Jonker herhaal sy standpunt hierbo dat die uitdrukking van die "broeder" wat sondig nie beteken dat almal wat sondig getug moet word nie omdat almal immers voortdurend sondig. Die tug strek hom alleen uit oor die onberoulike en onbekeerlike lidmaat en sluit nie alleen sy of haar lewenswyse in nie, maar ook sy of haar leer.[136]

---

[133] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 165, 166.
[134] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 168 – 171.
[135] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 182.
[136] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 187.

Jonker sluit die hoofstuk en die boek af deur die stappe van die kerklike tug – soos Christus dit in Mat. 18: 15 – 17 beveel en soos dit in die gereformeerde kerkordes gevolg is – te verduidelik. Uit dié verskillende stappe, sê hy,

> "... kom dus duidelik uit wat ons in die begin van hierdie paragraaf reeds gestel het, dat die tug wesenlik 'n daad van gemeenskap is, 'n pleitstem om gemeenskap is, maar dat die verskillende stappe van die tug tot openbaring bring dat die hardnekkige sondaar van sy kant al meer die gemeenskap verbreek en versmaai.[137]

Ook in hierdie opsig is "*En as jou broeder sondig ...*" anders as ander benaderinge (soos hierbo na verwys is) tot die beskouing van die kerklike tughandeling. 'n Mens vind wel – byna sonder uitsondering – dat almal (op voetspoor van artikel 71 van die Dordtse Kerkorde) die geestelike karakter van die tug beklemtoon, maar hierdie besondere nadruk wat Jonker op die *gemeenskap van die heiliges* lê, vind 'n mens nie by die ander skrywers nie. Om te begryp waarom hierdie laaste hoofstuk as 'n vlymskerp snykant van die boek beskou kan word, word Jonker se slotwoorde van dié paragraaf uitvoerig aangehaal:

> "Die indruk wat dit alles by ons moet nalaat, is opnuut maar weer dat die kerk alles in sy vermoë moet doen om homself daarvan te deurdring dat die tug slegs dan ten volle tot sy reg sal kan kom as die ware geestelike gemeenskap tussen die lede en hulle Hoof en tussen die lede onderling bestaan. Daarom sal die kerk moet bly bid om verlewendiging deur die Gees van God, wat die Gees van liefde en gemeenskap is. Die kerk sal in sy prediking veel meer moet opvang van die Bybelse verkondiging van die gemeenskap tussen Gods kinders en in sy praktyk alles in werking moet stel om in ons eeu van eensaamheid en indiwidualisme die Christene saam te bind rondom Christus en die kerk. Slegs dán is dit sinvol om te spreek oor die ouderlinge tug en selfs die amptelike tug van die gemeente as daad van gemeenskap."[138]

---

[137] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 197.
[138] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 198.

## 6. Beoordeling

Terugskouend val sy eerste brief in *Die Kerkbode* dadelik op, omdat hy daarin juis van dr. Tobie Hanekom verskil, omdat Hanekom die volkskerk-gedagte alleen oor die etniese boeg wou gooi. As jong dominee staan Jonker nog nie as't ware buite die kerk om alles in 'n geheelbeeld te oorsien en duidelik te omskryf nie. Die terminologie wat hy gebruik (bv. kerkherstel) is nog te veel aan die konteks verbind. Wat wel duidelik na vore kom is dat hy begin om fundamentele vrae te stel daarvan wat in die Ned. Geref. Kerk aan die gebeur is. Daarvoor het sy proefskrif hom toegerus. Wat Jonker helder ingesien het, was dat daar 'n tweeledige teologiese wanopvatting onderliggend aan die volkse kerkbegrip gelê het.

Aan die een kant was daar die liberalistiese teologie van die agtiende eeu, waarmee ook die gereformeerde kerke in Nederland geworstel het en waarteen eers die Afskeiding en later ook Kuyper en die Doleansie sterk kapsie gemaak het. Die liberalistiese teologie het van die kerk 'n organisasie gemaak waarby mense uit vrye keuse aangesluit het – omdat hulle van oordeel was dat dit vir hulle voordelig was – sonder om werklik 'n egte band met die Here van die kerk te hê. Dan word dit 'n massakerk waar, in die woorde van Kuyper, ryp en groen sonder meer welkom is. En hand aan hand met hierdie liberalistiese kerkbegrip, word die kerk 'n genootskap van eenders denkendes en van een etniese afkoms.

Aan die ander kant was daar in die Ned. Geref. Kerk ook 'n sterk metodisties-piëtistiese invloed – wat 'n bepaalde vroomheidstipe in die kerk ingedra het – waarteen Jonker reageer. Dit het veral na vore gekom in die "evangelisasie-aksies" wat binne die kerk op lidmate van die kerk gefokus het, en wat op "geestelike herlewing" in die Andrew Murray-tradisie klem gelê het. Binne die metodisties-piëtistiese dampkring word – net soos in die liberalistiese teologie – individualisties oor die verlossing en saligheid gedink.

Beide hierdie skeefgetrekte teologieë het die individu en sy behoeftes in die sentrum geplaas. So het die kerk sy identiteit as die liggaam van Christus, waarin Hy die enigste Meester en Koning is en waarin Sy wil moet geskied, verloor. Wanneer hierdie karakter van die kerk soek geraak het, kan die (ongelowige) volk nie oor sy sosiale

verantwoordelikhede aangespreek word nie – hulle het nie ’n aanvoeling daarvoor nie. Vandaar Jonker se standpunt:

> “Ter wille van die geestelike identiteit van die kerk sou daar orde op sake gestel moes word. ... My studie oor die kerk het my daarvan oortuig dat die kerk bedoel is om ’n lewende, bewuste *gemeenskap van gelowiges* te wees (ek kursiveer – GJD).”[139]

Soos in die paragraaf oor die kerklike tug aangedui, verlang Jonker na ’n kerk wat “bloed-warme” en “ware geestelike gemeenskap” van die gelowiges bied. So ’n kerk bied ’n hawe teen die “eensaamheid en indiwidualisme” en Christene word deur Christus saamgebind in die kerk. Eers dán is dit sinvol om oor onderlinge verhoudinge te praat. [140]

Hierbo is daarop gewys dat Jonker ná die Evangelisasie-kongres in Bloemfontein nie weer dié onderwerp die tema van ’n skrywe sou maak nie. Maar eers gaan hy ’n poging aanwend om ’n kerkorde vir die beoogde Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk daar te stel wat so suiwer as moontlik ’n Bybels-teologiese inrigting van die kerk sal moontlik maak. Hoofstuk twee fokus op hierdie betrokkenheid van Jonker.

---

[139] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 26.
[140] Jonker, 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 198.

## Hoofstuk 2

### 1958-1960: Betrek by die kerkverband: Die konsep-kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Aan die einde van hoofstuk een is opgemerk dat Jonker na enkele jare in die plaaslike bediening, betrek sou word in die kerkverband, waar hy ook sy ekklesiologie sou laat geld. Hiermee het hy na aan die hart van die kerkregtelike denke van die Ned. Geref. Kerk te staan gekom. Hoe het dit gebeur?

In Oktober 1958[1] word 'n nege en twintig jarige Willie Jonker as studenteleraar na die gemeente Potchefstroom-Noord beroep. Hy aanvaar die beroep en op Sondag 7 Desember 1959 lewer hy sy intreepreek.[2] Vier maande later en enkele dae na sy dertigste verjaarsdag (29 Maart), gaan die Sinode van Suid-Transvaal – op 16 April 1959 en volgende dae – in sitting. Op dié jeugdige ouderdom word hy as assistent-skriba tot die moderatuur[3] verkies – 'n besondere eer en tekenend van die agting wat hy op daardie stadium in die Ned. Geref. Kerk geniet het.



Die Sinode van Suid-Transvaal, in sitting 16 April (e. v. d.) 1959
Moderatuur: (v.l.n.r.) ds. M. S. Joubert (actuarius) ds. C. F. B. (Beyers) Naudé (assessor), ds. C. B. Brink (moderator), dr. F. H. J. Kriek (scriba) en dr. W. D. Jonker (assistent-scriba).[4]

---

[1] *Die Kerkbode*, *lxxxii (18),* 29 Oktober 1958, 793.
[2] *Die Kerkbode*, *lxxxii (23),* 3 Desember 1958, 1013.
[3] Die name van veral twee ander lede van die moderatuur, val op: ds. C. B. Brink (moderator), en ds. C. F. B. (Beyers) Naudé (assessor). Vgl. *Die Kerkbode*, *lxxxiii (20),* 20 Mei 1959, 841. Jonker en Naudé het 'n hegte vriendskapsverhouding met mekaar gehad.
[4] Foto: *Die Kerkbode*, *lxxxiii (20),* 20 Mei 1959, 841.

Maar meer sou volg. In *Die Kerkbode* van 30 Januarie 1960 verskyn onderstaande amptelike (of “offisieel” soos die kolom destyds genoem was) berig:

> BENOEMING DR. W. D. JONKER, AS WAARNEMENDE ACTUARIUS SYNODI
> Vanweë die betreurde afsterwe van dr. L. V. Rex is dr. W. D. Jonker deur die moderatuur benoem as waarnemende actuarius synodi tot die vergadering van die Sinodale Kommissie in April 1960. Sy adres is Dwarsboomstraat 1, Potchefstroom (tel. 2059)
> F. H. J. Kriel, Scriba Synodi, Standerton, 30 Des. 1959.”[5]

Die berig, met sy Latynse terme,[6] word volledig weergegee, omdat die wyse waarop moderature en sinodale kommissies te werk gaan, hulle opdrag en hulle gesag daarin aangetoon word. Let op dat die moderatuur Jonker alleen in ’n “waarnemende hoedanigheid” kan benoem totdat die Sinodale Kommissie vergader. Die Sinodale Kommissie – wat gesag/opdrag gehad het – het dié benoeming bekragtig: Jonker sou tot en met die volgende vergadering van die Sinode as Actuarius Synodi dien.[7] Jonker teken die gebeurtenis in *Selfs die Kerk kan verander* aan, maar voeg ’n interessante kinkel daaraan toe: “Die moderatuur, waarvan Beyers Naudé ’n lid was, het my gevra om waarnemend as actuarius op te tree.”[8]

Nou het Jonker toegetree tot die binnekring van kerklike vergaderinge. Daardeur het sy onmiddellike teologiese konteks verander en verbreed. In die eerste hoofstuk is daarop gewys dat die konteks waarin hy gewerk het, die plaaslike gemeente was en wat hy daar ervaar het: ’n volkskerk in die slegte sin van die woord. Ook dat die plaaslike gemeente objek gemaak is van evangelisasie. Hy het hierteen in beweging gekom, deur aanvanklik met kerkherstel te werk en te eindig by die tug – “*En as jou broeder sondig* ...” Daar is aangedui dat sy proefskrif hom voorberei het om fundamentele vrae te begin vra – hoewel hy nog nie kon loskom van die konteks waarin hy homself gevind het nie.

---

[5] *Die Kerkbode*, *lxxxv (2),* 13 Januarie 1960, 81.
[6] Dit is kenmerkend dat die “kerktaal” wat desjare gebruik was, hoogdrawend was en graag gebruik gemaak het van Latynse terminologie soos hier.
[7] In 1961 sal hy hiernewens ook as aktuarius van die Algemene Sinode van Transvaal verkies word.
[8] W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander.* Kaapstad: Tafelberg, 34. Vgl. ook bladsye 34 – 39 waarin Jonker se eie weergawe van die hele verhaal weergegee word.

Nou het nog ’n deur vir Jonker oopgegaan. Voortaan sou sinodale werksaamhede, vergaderings, kerkordelike adviese en die vraag na ’n nuwe kerkorde sy konteks bepaal. Hy sou saam met die aktuarii van die ander Sinodes ’n kerkorde vir die Algemene Sinode wat in 1962 gestig sou word, voorberei. Inderdaad ’n veel breër werkterrein: van die kerklike tug in die plaaslike gemeente, na ’n kerkorde vir die Algemene Sinode. In dié breër konteks sou hy sy ekklesiologiese uitgangspunt moes vergestalt. Die vraag is of hy bokant die konteks sou uitkom? Sou hy hieroor as’t ware van buiteaf die probleem kan identifiseer, ondervra en uitklaar?

Op die keper beskou sou Jonker die nuwe kerkordelike ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk nie net meegemaak nie, maar dit begelei, selfs verdedig en uiteindelik ook daaroor gehuiwer. In die onderhawige hoofstuk word die Jonker publikasies en standpunte, soos dit rondom die voorgestelde nuwe kerkorde beslag gekry het, nou ondersoek.

## 1. ’n Kerkorde vir die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk

### 1.1. Inleiding

Jonker was onmiddellik uitgesproke oor die voorgestelde nuwe kerkorde vir die Ned. Geref. Kerk. In ’n artikelreeks vir *Die Kerkbode* sien hy dit as “‘n voorwaartse stap op Dordtse grondslag.”[9] Die Suid-Afrikaanse kerkhistoriese agtergrond waarteen die artikelreeks gelees moet word, is dat die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika tot in daardie stadium nie ’n organiese eenheid[10] gevorm het nie, maar ’n blote konfederatiewe eenheid. Die agtergrond vir dié verdeeldheid het grotendeels met die geskiedenis van die Afrikanervolk te doen, alhoewel ander sake ook ’n rol gespeel het.

[9] Sien W. D. Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde: ’n Voorwaartse Stap op Dordtse Grondslag”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (20),* 18 November 1959, 795/6, 800; “Die nuwe kerkorde: II”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (21),* 25 November 1959, 835 – 837 en “Die nuwe kerkorde: III”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (22),* 2 Desember 1959, 870 – 871, 883.

[10] Kuyper het ’n onderskeid getref tussen die die kerk as instituut en die kerk as organisme. Hy verstaan “organisme” as ’n lewende eenheid wat groei vanuit ’n “inwendige lewenskiem”. Vgl. A. Kuyper. 1870. *"Geworteld en gegrond." De kerk als organisme en instituut*. Amsterdam: H. de Hoogh; A. Kuyper. 1910. *Dictaten Dogmatiek*, *Locus de ecclesia: collegedictaat van een der studenten*. Kampen: J. H. Kok, 26, 27. Binne die Suid-Afrikaanse konteks beteken “*organies een*” egter “*werklik een*”.

Die georganiseerde emigrasie van meer as 6,000 mense uit die Kaapkolonie tussen 1834 en 1838 het politieke en kerklike konsekwensies gehad wat die 20ste eeuse (kerk)geskiedenis van Suid-Afrika mede bepaal het. Hierdie groot verhuising (populêr bekend as die Groot Trek) het uitgeloop op nóg ’n Britse kolonie in hierdie geweste, naamlik Natal. Hierbenewens het twee selfstandige republieke noord van die Oranjerivier hulleself georganiseer: die Republiek van die Oranje Vrystaat, en die Suid-Afrikaanse Republiek noord van die Vaalrivier. Die historiese Kaaps-Hollandse Kerk moes homself by hierdie nuwe politieke bedeling aanpas. Dit moes staatsregtelik geskied volgens Ordonnansie nr. 7 van 1843, waarvolgens die Kaapse Kerk beperk is tot die grense van die destydse Kaapkolonie.

Toe predikante van die Ned. Geref. Kerk wel begin het om die lidmate in die republieke te bedien, het hulle die Kaapse Kerk met sy Skotse predikante (wat deur die Staat besoldig is), gewantrou. Sommige het geoordeel dat bande met die Kaapse Kerk ook bande met die Britse bewind sou impliseer. Daarom is Ds. Dirk van der Hoff, ’n proponent van die Nederlandse Hervormde Kerk, beroep as predikant en het die Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek[11] in 1853 tot stand gekom. Tog was daar ander wat steeds gepoog om die band met die “Moederkerk” in die Kaap te behou, maar Ordonnansie nr. 7 het dit belet.[12]

Dit was ook die bevinding van die Hooggeregshof in sy uitspraak in die bekende Loedolff-saak van 1862, ingevolge waarvan die afgevaardigdes van gemeentes buite die destydse Kaapkolonie belet is om in die Kaapse Sinode sitting te neem.[13] Dit het tot gevolg gehad dat die Ned. Geref. Kerk in vier afsonderlike en selfstandige sinodale kerke (wat met die staatkundige grense ooreengestem het) verdeel het, te wete in die Kaap, Natal, Oranje Vrystaat en Transvaal. Hierdie uiteenloping van die Kaaps-Hollandse Kerk is verder gekompliseer toe sommige hulleself in die die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1859) gaan vind het. In die jare 80 is in ’n kerklike vereniging

---

[11] Later bekend as die (hedendaagse) Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

[12] Vgl. W. D. Jonker. 1957. “Is die Transvaal nog op weg na herstel?: Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957”, *Die Gereformeerde Vaandel (25 no 3)*, September 1957, 15; J. H. van Staden. 2014. *Church Law as a ius sui generis in South Africa: a Reformed perspective*, (Proefskrif, Bloemfontein,), 126, 127.

[13] Sien P. B. van der Watt. 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962; ’n kerkhistories-kerkregtelike studie.* [Kaapstad]: Uitgegee vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur Tafelberg.

beslag gegee aan die Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk van die ZAR (later van Transvaal), terwyl die oorspronklike Nederduitsch Hervormde Kerk selfstandig voortbestaan het.

Wat die Ned. Geref. Kerk betref, het die vier kerke met hul eie sinodale struktuur selfs na die Anglo-Boere Oorlog (1899-1902) en Uniewording (1910) voortbestaan. Hulle is wel sedert 1905 deur ’n federale band verbind wat gestalte gevind het in ’n Federale Raad van Kerke wat van tyd tot tyd vergader het. Intussen het die Sinode van Transvaal in drie streeksinodes[14] verdeel en Suid-Wes-Afrika (vandag Namibië) het van die Kaapse Sinode afgestig. Saam met die Vrystaat en Natal, was dit sewe Sinodes van die samestellende kerke wat daartoe oorgegaan het om die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1962 te konstitueer.

Die “nuwe kerkorde” waarvan hier sprake is, was ’n konsep-kerkorde, geskryf vir die beoogde totstandkoming van die Algemene Sinode. Vir almal in die Ned. Geref. Kerk was dit groot nuus en diegene wat kerkregtelik onderleg was, het met groot verwagting uitgesien na die “herinstelling” van die Dordtse Kerkorde as fungerende kerkorde vir die “organies een” Ned. Geref. Kerk. Die verwagting was dat dit die dik en lywige “Wette en Bepalinge” sou vervang wat die ganse kerklike lewe van al die sinodale kerke tot in die fynste besonderhede gereglementeer het.[15]

### 1.2. Jonker en die konsep-kerkorde

In dié tyd neem Jonker sy pen op en skryf oor die konsep-kerkorde vir die beoogde totstandkoming van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk. Hy skryf uiteindelik drie artikels hieroor waarvan een in drie aflewerings gepubliseer word. Dit is van belang om daarop te let dat hy die artikel in drie aflewerings reeds in 1959 skryf

---

[14] Hulle het bekend gestaan as die Suidstreek, Noordstreek en Midde-Afrikaanse streek.

[15] Sien E. Brown. 1979. “Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het”. *NGTT, xx (4),* 277-304; R. M. Britz. 1985. “Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk.” *NGTT, xxvi (3),* September 1985, 432 – 451; E. Brown. 1992. “Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan”. *Hervormde Teologiese Studies, 48 (3/4),* 691-715; R. M. Britz. 2010. Teologiese aantekeninge by die jubileum van “ons theologische seminarium” op Stellenbosch. *Acta Theologica*. *Vol 24, No 2*, Supplementum 5; 217-249. Fakulteit Teologie. http://www.ajol.info/index.php/actat/article/view/52284. datum besoek 2016-12-30.

– dit is vóór sy benoeming as aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal én voor die polemiek met prof. S. du Toit van Potchefstroom waaraan hieronder aandag gegee sal word. In dié artikels neem hy die nuwe kerkorde in oënskou, weeg en beoordeel dit en gee 'n waardasie daarvan. Hy spreek hom ook uit oor die stelsel van kerkregering wat deur die Ned. Geref. Kerk gevolg word.

### 1.2.1. Waardering vir die nuwe kerkorde

Jonker begin sy artikelreeks oor hierdie nuwe kerkorde met 'n jubeling oor die vooruitsig dat die Ned. Geref. Kerk uiteindelik "een organiese (werklike) eenheid" gaan vorm – 'n blydskap en dankbaarheid wat die toonaard van al drie artikels sou bepaal:

> "In die aanvaarding van hierdie konsep-kerkorde deur die Raad van die Kerke kan ons maar net weer Sy liefdevolle bewaring van sy Kerk opmerk, en met brandende en bewoë harte sien ons die dag tegemoet dat ons dierbare Nederduitse Gereformeerde Kerk weer organies één sal wees van die Kaap tot aan die Zambezi[16], en dit nie alleen in die uiterlike, organisatoriese sin nie, maar veral in die geestelike sin van die feit dat ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie – dié Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers! Juis daarom sien ons hierdie nuwe ontwikkeling as van soveel belang, omdat dit nie slegs daadwerklik organiese kerkvereniging so tasbaar en grypbaar gemaak het as wat dit nog nooit sedert 1853 (die jaar waarin die Nederduitsch Hervormde Kerk tot stand gekom het – GJD) was nie, maar omdat dit ook kerkregtelik vir ons Kerke as 'n belangrike vordering gesien moet word."[17]

Hierdie kerkorde, sê hy in sy inleidende paragraaf is "...'n kerkorde wat onmiskenbaar bedoel is om geskoei te wees op die lees van die ou Dordtse Kerkorde."[18] Dié konsep kerkorde is van gewigtige historiese belang – as 'n stap wat as reformerend beskrywe kan word. Die Ned. Geref. Kerk maak egter nie (kerkregtelike) 'n totale ommekeer, aanvaar nie 'n geheel nuwe stelsel van kerkregering nie, maar dit is vordering op 'n

---

[16] Die drie Transvaalse Sinodes was Suidstreek, Noordstreek en Midde-Afrika – en laasgenoemde het geografies tot aan die Zambezirivier gestrek.
[17] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: 'n Voorwaartse Stap op Dordtse Grondslag", *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*20*), 18 November 1959, 795.
[18] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde", 795.

weg wat syns insiens reeds vroeër deur die Kerk ingeslaan is.[19] Hy vind dus dat dit ’n stap is wat nie alleen uiterlike organisatoriese vernuwing bring nie, maar ’n stap voorwaarts:

> “...veral in die geestelike sin van die feit dat ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie – dié Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers ... en sal dien om die Gereformeerde karakter van ons Kerke te bestendig en te bevestig.”[20]

Jonker onderskei twee grondtrekke wat dié voorwaartse stap aandui, naamlik dat daar nie langer gepraat word van *Wette en Bepalinge* nie, maar van ’n *kerkorde* en in die tweede plek dat daar in die nuwe kerkorde gepoog is om so veel as moontlik by die Dordtse Kerkorde aan te sluit en daarby te hou. Wat die naamsverandering betref, reken Jonker – bloot op die klank van die woord af – dat dit suggereer dat nader aan die Skrif en belydenis beweeg word. Die begrippe “wette” en “bepalinge” laat by lidmate die indruk van regulasies wat die Kerk self – selfs willekeurig – bedink en bepaal het en met ’n oorwig van stemme op ’n vergadering vasgelê het. Daarteenoor suggereer die naam “kerkorde” vir hom dat die riglyne wat die Woord van God vir die regering van die Kerk bied en wat in ooreenstemming met die belydenis van die Kerk is, daarin weergegee word. Die kerkorde kan dáárom ’n appèl tot ons rig om dit te aanvaar en te gehoorsaam.[21]

Jonker is van mening dat die naamsverandering óók beteken dat die omvang beperk sal word. Daarmee lê hy ’n belangrike beginsel bloot: die kerkorde moet alleen die beginsels van die Skrif uitspel en die uitlewe en toepassing van daardie beginsel moet in die praktyk deur gelowiges en kerkrade gevind word. Die geskiedenis toon dat die neiging altyd bestaan om die hele kerklike lewe tot so ’n mate te reglementeer dat dit gelowiges en kerkrade hul verantwoordelikheid ontneem om self die beginsels van die Skrif uit te leef. Jonker reken dat die naamsverandering baie daartoe sal bydra om dié neiging die nek in te slaan.[22]

---

[19] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde”, 800.
[20] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde” 795.
[21] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde” 795.
[22] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde”, 795, 796.

’n Mens hoor ook Jonker se teenkanting teen ’n genootskaplike kerkreg[23] in sy argumente deurslaan wanneer hy sê:

> “Hulle kan so maklik verleer om die Kerkraad as outonoom te sien en gewoond daaraan word om die Kerkraad maar net te sien as ’n soort takbestuur van ’n groot vereniging, waarvan die hoofbestuur eenvoudig beslis wat reg en wat verkeerd is, sodat die takbestuur eenvoudig verplig is om, sonder die toets van Gods Woord in volle verantwoordelikheid in elke situasie aan te lê, te gehoorsaam aan wat die hoofbestuur sê. So ’n toestand sou vir die Kerk eenvoudig dodelik wees.”[24]

Die tweede saak in die nuwe kerkorde waarvoor Jonker veral hoë waardering het, is dat dit so na as moontlik aansluit by die Dordtse Kerkorde. Jonker vind dat die nuwe kerkorde die Dordtse Kerkorde se indeling volg en dat die artikels van die nuwe kerkorde dikwels selfs die formulering van die Kerkorde van Dordt netso oorneem. Die werk wat die kommissie van vyf aktuarii[25] van die Gefedereerde Kerke onder voorsitterskap van dr Vorster gedoen het met die opstel van dié konsep-kerkorde, verdien dus die hoogste lof. Sy hoë waardering vir die Kerkorde van Dordt, blyk uit sy eie woorde:

> “Die Dordtse Kerkorde is immers sonder enige twyfel die beste en suiwerste historiese formulering en samevatting van die Skriftuurlike beginsels waarop die Gereformeerde kerkregering rus, en ten spyte van enkele artikels wat met die oog op die verandering van die tye deur ons anders geformuleer sal moet word, is die Dordtse Kerkorde nog onaangetas in sy prestige as ’n deur-en-deur Bybels-Gereformeerde kerkorde.”[26]

By al hierdie uitgesproke waardering vind Jonker tog genoeg gebreke en tekortkominge in die nuwe kerkorde dat hy in die genoemde artikelreeks wel die vinger daarop lê. Hy

---

[23] Sien hoofstuk 1, bladsy 41, e.v. vir die motivering om eerder van genootskaplike kerkreg te praat. Waar die konteks dit genoodsaak, soos bv. wanneer die die taal is wat deur die teoloë gebruik word, sal kollegialisme steeds gebruik word.
[24] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde”, 796. Hy gebruik in die konteks ’n begrip uit die ou Wette en Bepalinge nl. dat ’n kerkraad outonoom is – ’n term wat aan Jonker se eie standpunte oor die regering van Christus in sy Kerk, vreemd is.
[25] Jonker was nog nie deel van die groep aktuarii nie.
[26] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde”, 796.

vind dat die geleentheid om ’n nuwe kerkorde vir ’n nuwe kerkverband te skrywe, ’n gewigtige taak is wat nie sommerso afgehandel kan word nie. Dit verg deeglike besinning en beraadslaging vóórdat die kerkorde finaal aanvaar kan word.

### 1.2.2. Kritiese ondervraging van die konsep-kerkorde

Alhoewel die nuwe baie nou by die Dordtse Kerkorde aansluit, meen Jonker dat dit nie genoeg is nie. Daar is beginsels wat ’n meer prominente plek moes inneem en ander wat in duideliker taal uitgedruk moes wees en nog ander wat nie volledig die Dordtse Kerkorde reflekteer nie.

Jonker verheug hom oor artikel 3 in die nuwe kerkorde en hy verwys na die laaste deel van die artikel wat lui: “By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk is.”[27] Dat die artikel dit uitspel dat Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van Sy kerk is, noem Jonker “Die één groot beginsel waardeur die gereformeerde stelsel van kerkregering beheers word...”[28]. Dit is ’n aanwins dat die nuwe kerkorde dit uitsê. Daarmee saam word die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel van die Dordtse Kerkorde, artikel 84, ook aangeteken: dat ampsdraers in die kerk nie oor mekaar mag heers nie. Wanneer ampsdraers in die kerk oor mekaar heers, word die heerskappy van Christus verdring en het dit die vorming van ’n hiërargie tot gevolg.[29] Tog is dit opmerklik dat artikel 84 nie volledig in artikel 3 (of elders) weergegee word nie. Dit word uitgelaat dat “Geen kerk zal over andere kerken … enige heerschappij voeren”[30] Jonker verwys nie uitdruklik na die weglating nie, maar dit lyk asof die konteks dit wel impliseer wanneer hy sê:

> “Hierdie grondbeginsel (dat Christus alleen sy Kerk regeer – GJD) sou ons nou graag in die nuwe kerkorde beter uitgewerk wou sien as wat, na ons beskeie

[27] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 1964. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers. Die nuwe kerkorde kombineer hiermee artikels 2 en 84 van die Dordtse Kerkorde en brei dit uit.
[28] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde: II”, 835.
[29] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde: II”, 835.
[30] Die moderne vertaling deur Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. 2007 [2008]. *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 121-144. Dit word deurgaans gebruik.

mening, wel die geval is – en dit wel in verband met die sg. moderamen of moderatuur."[31]

Die uitspel van die anti-hiërargiese beginsel beheers in werklikheid Jonker se hele artikel van 25 November 1959. Dit is hierdie selfde beginsel wat op die spel is wanneer Jonker sy besware aanteken teen 'n "permanente" moderator én 'n moderatuur wat as 'n permanente kommissie van die Sinode bly voortbestaan met die skriba en aktuarius wat ook op die moderatuur na die afloop van die vergadering dien. Die probleem is dat die "verantwoordelikhede" in die hande van slegs een of twee, of miskien vier persone gelaat word, wat die moontlikheid van 'n hiërargie skep. Dit kan ook daartoe lei dat 'n persoon 'n bepaalde statuur aanneem wat uiteindelik die hoofskap van Christus kan verdring.

Die beginsel dat daar nié 'n permanente moderator (praeses) mag wees nie, word in die Dordtse Kerkorde, artikel 35 uitgespel: "Voorts zal zijn ambt uitgaan, wanneer de samenkomst scheidt." Ook dié sinsnede is doelbewus uit die nuwe kerkorde (artikel 39) gelaat. Die artikel word egter uitgebrei om, naas die praeses van die Dordtse Kerkorde, óók voorsiening te maak vir 'n assessor, skriba en aktuarius. Daarbenewens word 'n artikel 40 toegevoeg om uitdruklik uit te spel dat die moderatuur na die vergadering voortbestaan en wat sy taak en verantwoordelikheid is, 'n permanente kommissie – volgens Jonker "nogal met 'n baie groot bevoegdheid."[32]

Jonker wil dit anders. Hy wil sien dat die sinsnede uit Dordtse Kerkorde artikel 35 wat in die nuwe kerkorde verlore geraak het, wel opgeneem word.[33] Anders is die gevaar onvermydelik dat 'n moderator – wat vir 'n termyn verkies word en veral as hy ook nog herkiesbaar is – as 'n soort hoof van die kerk, as die spreekbuis van die ganse kerk, gesien sal word wat namens die hele kerk mag en moet praat. Maar meer:

> "Onwillekeurig voel die gewone lidmaat aangaande hom dat hy die hoof van die Kerk is... Al is dit ook nie kerkregtelik so nie, moreel het hierdie broeders dan meer mag in hul hande as wat enige mens in die Kerk van die Here behoort te

---

[31] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 835.
[32] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 836.
[33] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 835.

> hê... Daarom is dit so noodsaaklik dat die moderator geen offisiële posisie in die Kerk as geheel moet beklee nie en dat sy funksie slegs die van voorsitter van ’n bepaalde vergadering sal wees.”[34]

In plaas daarvan om die gevaar van hiërargie te verhoog, moet die kerkorde so suiwer as moontlik geformuleer word om die gevaar van hiërargie eerder te verminder. Jonker reken ook dat die kerkorde dit gerus kan uitspel dat niemand vir meer as een keer tot voorsitter van die vergadering verkies mag word nie. Daar is immers talle talentvolle diensknegte van die Here wat almal in staat is om die vergadering na behore te lei.

Sonder dat Jonker dit só uitspel, is die implikasie van sy voortgaande argument dat die gevaar van hiërargie egter inderdaad verhoog, omdat nie net die moderator nie, maar die hele moderatuur,[35] nie alleen vir die duur van die vergadering verkies word nie, maar vir ’n termyn. Bedink daarby dat hulle met “’n baie groot bevoegdheid” beklee word om selfs *namens die Sinode* in spoedeisende gevalle op te tree. “Hoe kan ons so ’n groot verantwoordelikheid lê in die hande van enkele persone?” wil hy weet.[36] Jonker stel voor dat daar eerder ’n sinodale kommissie verkies moet word waarvan die moderator en skriba van die afgelope vergadering nie lede sal wees nie en wat na konstituering sy eie voor- en ondervoorsitter kies. Dié kommissie kan dan spoedeisende sake afhandel. Dit is egter nie duidelik watter wesenlike verskil – afgesien van die personeel – daar tussen die twee kommissies is nie.

Soos hierbo genoem, word die moderatuur in die nuwe kerkorde artikel 40, uitgebrei met die toevoeging van ’n skriba en aktuarius – waarteen Jonker hom ook uitspreek. Die skriba kan op die lange duur te veel seggenskap kry, sê Jonker. Hy stel voor dat die Kerk liefs ’n besoldigde skriba aanstel wat skriba van die Algemene Sinode sowel

---

[34] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde: II”, 836. Die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk het Jonker in die gelyk gestel. Byna sonder uitsondering was die moderators wat die Algemene Sinode vanaf 1962 tot op hede gelei het, deur die lidmate en die media gesien as die leiers of hoofde van die kerk – dit sal die meeste lidmate wat enigsins met die Kerk meegelewe het, toegee. ’n Lukraak keuse uit die moderators van die Algemene Sinode sluit bekende figure soos dr. Kosie Gericke, dr. Koot Vorster, prof. Johan Heyns, prof. Pieter Potgieter, dr. Coenie Burger, prof. Piet Strauss, e.d.m. in. Dieselfde is waar van die Moderatuur, Breë Moderatuur, Moderamen of Algemene Sinodale Moderamen.
[35] Wat uit ’n moderator, assessor, skriba en aktuarius bestaan – soos hy hieronder sal uitwys.
[36] Jonker. 1959. “Die nuwe kerkorde: II”, 836.

as vir die sinodale kommissie[37] kan wees – op voorwaarde dat hy nié lid van die Sinode óf sinodale kommissie is nie. Jonker het nie 'n situasie voorsien dat 'n betaalde amptenaar, skriba van die Algemene Sinode én die permanente kommissie van die Sinode (moderatuur) kan wees wat van die datum van sy aanstelling tot en met sy emeritaat skriba van die Sinode bly nie.

Jonker reken dat 'n aktuarius vir die Algemene Sinode onnodig is, aangesien elke streeksinode tog 'n aktuarius het. Hy bepleit "'n beknopte kerkorde wat so helder soos glas is", wat menings en adviese van 'n aktuarius oorbodig sal maak.[38] Buitendien het die advies van 'n aktuarius geen regsgeldigheid nie en is dit gewoon sy persoonlike mening. Tong-in-die-kies vra hy dan: "As elke Streeksinode 'n actuarius het en die Algemene Sinode het ook een, is hy dan die hoof-actuarius?"[39]

As die eerste grondbeginsel van gereformeerde kerkreg die heerskappy van Christus in sy kerk is, is die tweede die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Dit is byna of Jonker staccato-styl hieroor skryf: daar is te veel dinge wat só belangrik is en die ruimte is te beperk. Die gemeente is Sy liggaam en Hy is die Hoof en *alle* gemeentelede is alleen maar diensknegte. Daarom kom die leiding en regering van Christus die duidelikste tot openbaring in die plaaslike gemeente. Dáár regeer Hy direk en persoonlik deur Sy Woord en Gees. Hy het egter verkies om mense te gebruik (die dienste van die besondere ampte) om Sy Woord te bedien (bedienaars van die Woord) en Sy Woord te laat heers (ouderlinge). Die klem dat Christus deur Sy Woord regeer, val op. In die plaaslike gemeente regeer Christus egter nie net deur die besondere ampte nie – elke gemeentelid beklee ook "'n koningsamp" wat hy op allerlei wyses moet beoefen. Hy noem by name:

> "... deur sy medewerking by die kiesing van die ampsdraers, deur sy reg van beswaar teen die ampsdraers in die vervulling van hul ampspligte, deur sy reg om

[37] Jonker spreek hom nie negatief oor die "Sinodale Kommissie" uit nie, aangesien dit 'n kommissie is wat by elke sinodesitting deur die sinode aangewys word om die take deur sinode daaraan opgedra, uit te voer. Dit is dus geen *permanente* kommissie nie.
[38] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 837.
[39] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 837.

ongereeldhede onder die aandag van die Kerkraad te bring en mee te werk in die handhawing van die tug deur sy persoonlike vermaning, ens."[40]

Die amp van die gelowige slaan Jonker baie hoog aan. Hy waarsku teen elke en enige vorm van heerskappy deur meerdere vergaderings, veral teen die mag of gesag wat aan sekere sinodale posisies toegereken word. In dieselfde asem wil hy die mondigheid van elke gemeentelid beklemtoon. Hy stel byvoorbeeld voor dat, ten einde die koningsamp en mondigheid van die lidmaat duideliker aan die lig te laat tree, dit oorweeg moet word om lidmate 'n aktiewe rol te laat speel by elke verkiesing van kerkraadslede en die beroeping van leraars.[41]

'n Gereformeerde kerkregeringstelsel het nie net 'n renons aan alle vorme van heerskappy van meerdere vergaderings nie, maar ook aan alle vorme van klerikalisme of predikante-heerskappy. Hy is bekommerd dat die nuwe kerkorde die plasing van die regeermag in die hande van enkele persone moontlik kan maak.[42] Ook dít moet beter in die nuwe kerkorde onder woorde gestel word sodat dit uitgesluit kan word dat een lidmaat oor 'n ander kan heers.

Hy vind dit 'n skewe verstaan van die amp van die bedienaar van die Woord én van die kerkverband as die kerkorde in artikels 30 en 33 bepaal dat alle predikante afgevaardig word na meerdere vergaderings. "Is predikante kragtens hul amp vanselfsprekend lede van meerdere vergaderings?"[43], vra hy. Dit is klerikalisme. Dit is immers gemeentes wat afvaardig en hulle, as selfstandige gemeentes, het tog seker die reg om af te vaardig wie hulle goeddink.

Die volgende aspek wat hy aanroer, ontbreek in die konsep-kerkorde maar is reggestel in die kerkorde wat uiteindelik aanvaar is. Dit gaan daaroor dat daar in die konsep-kerkorde geen bepaling oor afvaardiging per geloofsbrief is nie.[44] Die beginsel wat vir Jonker op die spel is, is dat die geloofsbrief dit duidelik sal laat blyk dat die kerkraad

---

[40] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III". *Die Kerkbode*, *lxxxiv (22),* 2 Desember 1959, 870.
[41] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 870, 871.
[42] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 870.
[43] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 871.
[44] In die finale kerkorde is dit wel opgeneem in artikels 30, 33 en 38 wat handel oor afvaardiging na die ring, sinode en Algemene Sinode onderskeidelik.

die fundamentele vergadering is en dat hy mense afvaardig, nie na hoëre nie, maar na meerdere vergaderings. Die standpunt wat hy hier inneem, is dat 'n meerdere vergadering nie sy gesag aan die amptelike gesag van die ampte wat vergader ontleen nie, maar aan die plaaslike gemeentes wat gesamentlik vergader en "... aan die positiewe goddelike reg van die meerdere vergaderings, soos dit uit die Woord van God afgelei kan word (aldus Voetius!)."[45]

'n Belangrike kwessie – wat later in Jonker se teologie 'n saak van groot belang sal wees en waarop telkens in volgende hoofstukke op gestuit sal word – word aangesny wanneer Jonker baie kortliks die vraag na die gesag van besluite van meerdere vergaderings vra. Artikel 23 van die nuwe kerkorde lui: "Die besluite van vergaderings is bindend, maar is vatbaar vir beroep op 'n meerdere vergadering."[46] Dit mag die indruk skep dat besluite van meerdere vergaderings onvoorwaardelik gehoorsaam moet word. Jonker wil dat dit moet lui dat die besluite bindend is *tensy* hulle in stryd met die Skrif is. Dat teen besluite geappelleer kan word, is nie genoeg nie. Met beroep op artikel 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wil Jonker dat dit in die nuwe kerkorde duidelik gestel moet word dat 'n besluit van 'n meerdere vergadering nie lidmate se gewetens kan bind nie – selfs nie as hulle, na beroep op 'n meerdere vergadering, in die ongelyk gestel is nie.[47]

Onder die opskrif "Opvallende Gebreke" noem Jonker kortliks drie verbeterings wat hy aangebring sou wou sien. Die eerste is dat artikel 46 duideliker moet uitspel dat die Sinode géén gesag aan sy kommissies oordra nie en dat hulle opdragte beperk word – hulle mag veral nie werk na hulle trek wat in plaaslike gemeentes afgehandel moet word nie.

Die tweede aangeleentheid wat Jonker onder die hoof noem – en waarin hy nogeens in die gelykgestel is – is dat die konsep-kerkorde nie vereis dat proponente die belydenisskrifte sonder voorbehoud moet onderteken nie. Dit is tot artikel 5 toegevoeg, maar nie in artikel 8 herhaal soos Jonker voorgestel het nie. Hy beredeneer nie die saak

---

[45] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 871. Jonker sal later sy standpunt aanpas – sien hoofstukke 8 en 9.
[46] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1964.*
[47] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 871, 883.

nie, maar laat die suggestie dat ouderlinge en diakens óók die formulier behoort te onderteken.

Die laaste saak stel Jonker kort genoeg om dit volledig aan te haal:

> "'n Mens mis verder 'n artikel oor die attestate. Dit is jammer. Dit is tog nie 'n saak vir die Gebiedsinodes of die Ring alleen om te reël nie en daarom moet dit in die kerkorde staan. Rondom die kwessie van attestate staan eintlik die hele kerkbegrip weer op die spel, sowel as die visie op die plaaslike gemeente en die erns met die tug. Ons hoop hierdie saak word reggestel.[48]

Hiermee sluit Jonker die reeks in *Die Kerkbode* van 2 Desember 1959 af. Wat in die artikels opval is die positiewe waardering en lojaliteit wat Jonker – ten spyte van voorbehoude en kritiek – vir die konsep-kerkorde betoon. Dit kom egter al duideliker na vore dat hy fundamentele vrae stel van wat in die Ned. Geref. Kerk aan die gebeur is. Die tweede aflewering van dié artikelreeks is in sy totaliteit gewy aan verwatering die "anti-hiërargiese" beginsels van die Dordtse Kerkorde, artikels 35 en 84 in die nuwe kerkorde artikels 25 en 39 – 40. Jonker het hiermee presies die voetangels van die nuwe kerkorde in die kollig geplaas. Die vraag is: het hy daarin geslaag om bo die konteks uit te styg en vandaar dié nuwe kerkorde te beoordeel?

### 1.2.3. Jonker se kommer oor die "bevoegdheid" van Streeksinodes volgens die nuwe kerkorde

Vier maande later, dié keer in die *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* (*NGTT*), is Jonker baie minder opgewonde en positief oor die nuwe kerkorde. Trouens, waar hy in sy artikelreeks oor die konsep-kerkorde dit toejuig dat die Ned. Geref. Sinodes uiteindelik "weer organies (werklik) één sal wees van die Kaap tot aan die Zambezi", en hy daar kon praat van 'n "daadwerklik organiese kerkvereniging",[49] moet hy 'n ander deuntjie sing wanneer hy die bevoegdheid van streeksinodes volgens artikel

[48] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III", 883.
[49] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde", *Die Kerkbode*, *lxxxiv (20),* 18 November 1959, 795.

35 van die konsep-kerkorde bespreek.[50] Hy skryf dat, by nadere bestudering van die konsep-kerkorde by hom "'n mate van twyfel" hieroor ontstaan het. Met name oor die vraag of daar daadwerklik teruggekeer word na die Dordtse Kerkorde en – so blyk dit uit die ondervraging van artikel 35 van die konsep-kerkorde – of daar sprake kan wees van daadwerklike organiese eenheid. Hy is bevrees dat sy hoop verydel is dat weggedoen is met "... lywige en steeds lywiger wordende stelle wette en bepalinge wat van nature die neiging vertoon om die hele kerklike lewe in te knel in 'n netwerk van minusieuse reglementering."[51]

Jonker het klaarblyklik 'n verdere haal geswem om bokant die konteks uit te kom. Sou hy nóú daarin kon slaag om die kern van die problem te identifiseer? Dit gaan om artikel 35 (a) van die konsep-kerkorde, wat in 1962 onveranderd deur die Algemene Sinode aanvaar is:

> "Tot die taak en bevoegdhede van die Sinode behoort: (a) die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie ..."[52]

Jonker kan nie begryp hoe daar aan die een kant gewag gemaak word van 'n *organiese eenheid* terwyl streeksinodes aan die ander kant nie die ekwivalent van die partikuliere Sinodes van die Dordtse Kerkorde (artikel 47) is nie. Indien streeksinodes nie partikuliere Sinodes is nie, kan die Algemene Sinode uiteraard ook nie dieselfde wees nie en dus ook nie dieselfde gesag dra as die nasionale Sinode in die Dordtse Kerkorde (artikel 50) nie.[53] Dit bly ongesê, maar dit impliseer dat die Ned. Geref. Kerk daardeur ook nie werklik terugkeer na die Kerkorde van Dordt nie. Wat is dan presies die verhouding tussen die Algemene Sinode en die verskillende streeksinodes, wil hy weet.

Dit is nie vir hom duidelik wat presies met artikel 35 (a) bedoel word, of tot watter mate streeksinodes die reg het om kerkordelike bepalinge en wysiginge aan hulle eie streek-

---

[50] W. D. Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art. 35 van die nuwe konsep-kerkorde", *NGTT*, *i (2),* Maart 1960, 33 - 38.
[51] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 33.
[52] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 1964; konsep-kerkorde aangehaal by Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 34.
[53] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 34, 35.

kerkorde te maak nie. Kan hulle alleen "eie huishoudelike reëlings" tref, of het hulle "die bevoegdheid om weer 'n eie stel wette en bepalinge" daar te stel? In plaas van één kerkorde sal daar vir elke streeksinode minstens twee wees: nááŝ die van die Algemene Sinode ook nog dié van elke streeksinode.[54] Vir Jonker staan dit soos 'n paal bo water – en hy is inderdaad reg – dat die regte van streeksinodes verskans en verseker word:

> "Dan is dit egter nie duidelik waarom ons 'n kerkorde hoef te aanvaar as basis vir die organiese eenwording nie, want dan kon ons ewe goed net 'n reglement van ooreenkoms en vereniging opgestel het, waarin daar maar net enkele regte verskans en verseker word vir die provinsiale sinodes, byvoorbeeld die reg om hulle eie wette en bepalinge te mag maak!"[55]

'n Mens hoor die teleurstelling by Jonker wanneer hy bevind dat hierdie soort eenheid weinig meer as 'n kunsmatige eenheid is. Hy sê dat die twee redes wat hy aangegee het as oorsaak van sy vreugde (organiese eenheid en 'n kleiner kerkorde), onmiddellik in die gedrag gebring is met hierdie artikels. Vir hom kan dit beslis nie die gewenste eenheid wees nie. Hy gaan selfs so ver as om te sê dat "

> "... die Algemene Sinode (is dan) eintlik alleen maar 'n soort koördinerende vergadering wat as bowe-struktuur die vyf (of meer) selfstandige provinsiale sinodes saamsnoer en slegs sake van algemene gemeenskaplike belang behartig ... weinig meer as die huidige Raad van Kerke..."[56]

Hy pleit dat die Ned. Geref. Kerke bereid moet wees om opofferinge te maak, om goedere, eiendomme en inrigtings aan die Algemene Sinode oor te dra en om die Algemene Sinode toe te rus met die bevoegdheid om oor hierdie gemeenskaplike belange te mag besluit. Lees 'n mens artikel 35 in samehang met artikels 36 en 37[57]

---

[54] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 36.
[55] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 36.
[56] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 35.
[57] Die artikels lui: Artikel 36: Die samestellende kerke of sinodes *behou volle seggenskap* oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ens., wat hulle voor toetreding tot die verband gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens hierdie Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word. Artikel 37: Dit sal die samestellende kerke vry staan om *met behoud van alle regte, voorregte, besittinge, naam, ens*., uit die verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God kan regverdig in die lig van Sy heilige Woord." (ek kursiveer – GJD) Sien *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 1964.

(waarna hy alleen sydelings verwys), is dit so dat die "swaartepunt ... nog by die verskillende streek- of provinsiale sinodes (bly)" en ontstaan die vraag onmiddellik na wat die gesag van die Algemene Sinode presies is.

Alleen dan kan die Algemene Sinode 'n egte Algemene Sinode in die volle sin van die woord, in die sin van die Dordtse Kerkorde wees. "Dit is duidelik dat ons in hierdie stadium sal moet verstaan dat die enigste weg vorentoe vir ons die weg kan wees wat aangegee is in die kosbare erfenis van die Dordtse Kerkorde."[58] Met artikel 35 soos hy gelees het, is daar – volgens Jonker – steeds nie einde gemaak aan die eindelose reglementering van die kerklike lewe nie. 'n Kerkorde moet, soos die Dordtse Kerkorde die hele kerklike lewe orden deur slegs "enkele groot lyne te trek waarin die kerke in vryheid en verantwoordelikheid met die Bybel in die hand mag beweeg."[59]

Dr. Koot Vorster, voorsitter van die kommissie van aktuarii wat die konsep-kerkorde opgestel het, het op Jonker se voorbehoude oor die nuwe kerkorde, gereageer in 'n artikel in die *NGTT* van September 1960[60] – sonder om Jonker by die naam te noem. Vorster verdedig die kerkorde deur te sê dat dit "... nie anders beskryf kan word nie as die Dordtse Kerkorde, aangepas aan die eise van ons dag."[61] Vorster reageer veral teen die besware dat die moderatuur na afloop van die sinodesitting as permanente kommissie kontinueer en oor die posisie (of "status") van die moderator. Volgens Jonker – soos hierbo uiteengesit – maak dié bepalinge die deur oop vir hiërargie in die kerk en is dit 'n afwyking van artikel 35 van die Dordtse Kerkorde.[62] Volgens Vorster is daar egter spesifiek hieroor "... gevoel dat daar aan die eise van die tyd voldoen moet word ..."[63] en moet die Dortse Kerkorde aangepas word.

'n Konvensie van die Ned. Geref. Kerke was voor die konstituering van die Algemene

[58] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 37.
[59] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 36.
[60] J. D. Vorster. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke: Die besware daarteen en die betekenis daarvan", *NGTT*, *i (4),* September 1960, 12 – 18.
[61] Vorster. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke", *NGTT*, *i (4),* 13.
[62] Vgl. Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II", 836.
[63] Vorster. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke", 14. Vorster gebruik die uitdrukking drie keer: bogenoemde twee plekke (bladsye 12 en 14) en op bladsye 17 skrywe hy: "Waar die Dordtse Kerkorde daardeur aangepas is aan die eise van ons dag sonder verkragting van beginsels, het die Dordtse Kerkorde vir die kerk lewend geword."

Sinode[64] gehou om die konsep-kerkorde te finaliseer – afgevaardigdes van die onderskeie Sinodes het geleentheid gehad om wysigings voor te stel voor die finale goedkeuring by die vergadering van die Algemene Sinode. Die verslag van die aktuarii – waaronder Jonker, die aktuarius van (die Algemene Sinode van) Transvaal, sou voor die konvensie dien.[65] Sou Jonker sy standpunte en voorbehoude aan ’n onbevooroordeelde gehoor kon oordra? Die Ned. Geref. Kerk het nie – soos uit bogenoemde aanhaling van die artikels van die kerkorde van 1962 blyk – die stem van Jonker gehoor nie, maar op sy ingeslane weg volhard. Waarom nie? In die volgende hoofstuk sal hierop teruggekom word.

Hier moet egter daarop gewys word dat Jonker sou, buiten artikel 35, baie meer klem op artikel 37 kon lê. Na artikel 44[66] word glad nie verwys nie. Artikel 37 maak dit vir streeksinodes moontlik om te eniger tyd terug te keer na ’n situasie soos dit was voor die totstandkoming van die Algemene Sinode sonder om enige iets prys te gee. Hiéroor sou Jonker nog harder kon vra of dit daadwerklike organiese eenheid beteken? Daarbenewens gee artikel 44 as’t ware ’n vetoreg aan streeksinodes t.o.v. enige wysiging aan die belydenis. Daarvan hoor ’n mens egter niks by Jonker nie. En dit is tog geheel en al vreemd aan die Dordtse Kerkorde?

Vir Jonker het die probleem in die Ned. Geref. Kerk al duideliker aan die lig getree, maar hy oorsien nog nie die probleem in sy volle omvang nie. Hy bly toegeneë en aanvaar in dié artikel dat streeksinodes sy punt sal insien en ’n verandering gemaak sal word. Tot watter mate Jonker nog in sy konteks vasgevang sit, sou blyk uit ’n geskil tussen hom met prof. S. du Toit oor die Ned. Geref. Kerk se nuwe kerkorde. Daarheen verskuif die aandag nou.

---

[64] Die Algemene Sinode konstitueer op 16 Oktober 1962.

[65] *Agenda vir die Konvensie van Kerke in 1962*, 31. Die ander name wat verskyn is die van J. D. Vorster, H. D. du Toit, P. A. du Toit en J. J. le Roux.

[66] Artikel 44: “Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met ’n twee-derde-meerderheid ten gunste daarvan besluit het.” Sien *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. 1964.

## 2. Die geskil tussen Jonker en prof. S. du Toit

Vervolgens kom die debat oor die nuwe kerkorde tussen Jonker en prof. S. (Fanus) du Toit, rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom, dus aan die orde. Jonker bespreek dit binne twee verskillende, dog kronologies vervlegte, kontekste. Ten aanvang rig hy op 16 September 1959 'n skrywe aan *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarin hy hom uitspreek teen standpunte van prof. du Toit. Daarna neem hy in drie artikels in *Die Kerkbodes* van 18 en 25 November en 2 Desember 1959 die nuwe kerkorde onder die loep en op 13, 20 en 27 Julie 1960 neem hy weer posisie in teenoor die standpunte van prof. Du Toit in onder die titel "*Die ander kant van die saak*". Nadat du Toit in 'n enkele skrywe aan *Die Kerkbode* reageer het, lewer Jonker repliek op 14 September 1960. Ons ondersoek kortliks ook 'n artikel van Jonker in *Die Gereformeerde Vaandel* waarna du Toit verwys en 'n enkele tema in die *Christelijke Encyclopedie*, wat in dieselfde jaar as die polemiek gepubliseer word.

Dié debat vind plaas na aanleiding van 'n artikel van du Toit in *Die Kerkblad* van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika waarin hy sy "eeufeestoespraak" weergegee het. Die artikel was voorsien van 'n banier opskrif wat lui: "*BELANGRIKE NUWE ONTWIKKELING IN DIE N.G. KERK:* 'n *Kerkorde Aanvaar deur die Raad van die Kerke*".[67] 1959 is die jaar van die eeufeesviering van die stigting van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA). Gedurende dié jaar – veral die tydperk rondom die publikasie van du Toit se artikel – was daar heelwat onenigheid tussen die Gereformeerde Kerke en die Ned. Geref. Kerk. Die GKSA het die standpunt gehuldig en verkondig dat hulle afskeiding in 1859 geregverdig was vanweë die kerkregeringstelsel wat in die Ned. Geref. Kerk gegeld het *én steeds* geld. Meer detail oor die twiste is nie vir die doel van hierdie studie van belang nie. Bogenoemde is voldoende om die agtergrond waarteen Jonker se artikels gelees moet word, te skets.[68]

Jonker reageer op 26 Augustus 1959 in 'n brief aan *Die Kerkblad* op genoemde artikel van prof. du Toit. In dié brief is Jonker ongewoon skerp. Hy sê later self: "In wat ek

---

[67] S. du Toit. 1959. "Belangrike nuwe ontwikkeling in die N.G. Kerk: 'n Kerkorde aanvaar deur die Raad van die Kerke", *Die Kerkblad, Jaargang 61 Nr. 1511,* 26 Augustus 1959, 10, 11.
[68] As enkele voorbeeld vgl. die redaksionele kolom in *Die Kerkbode*, *lxxxiii (22),* 3 Junie 1959, 916.

later as ’n kwade oomblik beskou het, het ek in ’n brief in *Die Kerkblad* prof. Du Toit se voorstelling van sake betwis ... Dit het egter op bepaalde punte ’n reaksionêre karakter vertoon.”[69] Die indruk wat prof. du Toit se artikel skep, is nie dat hy ’n strydlustige toon aanslaan nie, maar eerder die nuwe kerkorde verwelkom en van oordeel is dat dit die twee kerke nader aan mekaar laat beweeg. Daarteenoor vertoon die brief en die latere artikel (in drie aflewerings) van Jonker hieroor, meer die geaardheid van twis geskrifte. Al die argumente word dus nie bespreek/weergegee nie – slegs die kerkregtelike beginsels onderliggend daaraan word blootgelê.

Jonker rig dié skerp bewoorde brief aan *Die Kerkblad* en daag du Toit uit om die beweringe wat hy gemaak het, te bewys. In reaksie op Jonker se brief en uitdaging het du Toit “...’n hele reeks artikels in *Die Kerkblad* geskrywe.”[70] Du Toit gee daarin ’n historiese oorsig om daarmee aan te toon dat die Wette en Bepalinge van die Ned. Geref. Kerke inderwaarheid uit die Algemene Reglement van 1816[71] stam. Alhoewel du Toit wel “spore van ’n Calvinistiese gees” opmerk in die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk, is hy steeds van mening dat die Wette en Bepalinge sterk aanleun teen die Algemene Reglement en daarom steeds kollegialisties[72] is.

Jonker het ’n kort reaksie vir *Die Kerkblad* daaroor opgestel, maar die redaksie wou nie ruimte aan die polemiek af staan nie. In reaksie daarop, besluit *Die Kerkbode* om ’n reeks artikels van Jonker te publiseer en kondig in sy banier opskrif aan:

“*Die Kerkblad* wou nie ’n antwoord op ’n artikelreeks plaas nie. Daarom stel
Dr. W. D. JONKER, Potchefstroom-Noord,

---

[69] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 38.

[70] W. D. Jonker. “Die ander kant van die saak!”, *Die Kerkbode*, *lxxxvi (2),* 13 Julie 1960, 42.

[71] *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederlandsche Hervormde Kerk in het Koningrijk der Nederlanden.* Dit staan in die volksmond bekend as die Algemene Reglement. Dit word op 7 Januarie 1816 in Nederland deur koning Willem I gepromulgeer en het die Dordtse Kerkorde vervang wat tot op daardie stadium die geldende kerkorde was.

[72] Op grond daarvan dat die Algemene Reglement die kerk as ’n vrye vereniging (collegium) beskou, het Abraham Kuyper die kerkorde ’n “Collegiaal-systeem” genoem (sien A. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken*. Amsterdam: Höveker, 196). Baie het hom nagevolg en het dit gangbaar geword om die Algemene Reglement as kollegialisties te karakteriseer. Brown skryf dat Kuyper die term uit sy histories-Duitse konteks geneem, dit Nederlands-kontekstueel ingeklee en in die proses dit dogmaties oorspeel het (Sien E. Brown. 1992. “Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan”. *Hervormde Teologiese Studies.* v 48 (3/4), 697). Dié konstruksie is by Kuyper oorgeneem om die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk te takseer. Sien ook hoofstuk 1, bladsy 41, e.v.

DIE ANDER KANT VAN DIE SAAK!"[73]

Volgens Jonker is die hoofsaak dat du Toit vind dat die nuwe kerkorde in gees en strekking radikaal met die Kerkorde van De Mist[74] en die Algemene Reglement breek en nou die gees van die Kerkorde van Dordt adem. Jonker maak sterk kapsie daarteen dat die daarstelling van die nuwe kerkorde daarop neerkom "... dat die N.G. Kerk deur hierdie stap nou eintlik erken dat sy stelsel van kerkregering nog altyd nie gereformeerd was nie..."[75] Jonker stel dat du Toit uit die staanspoor die spoor byster is, omdat hy met die voorveronderstelling werk dat die spook van De Mist nog nie uit die kerkregeringstelsel van die Ned. Geref. Kerke (die ou "Wette en Bepalinge") verdryf is nie en du Toit dáárom van die nuwe kerkorde as 'n "radikale omwenteling" praat.[76]

Jonker is van die teendeel oortuig. Sy standpunt is dat die Wette en Bepalinge alleen in vorm verskil van die nuwe kerkorde, maar dat die kerkregering in die Ned. Geref. Kerke in die loop van die jare steeds die gees van 'n gereformeerde kerkreg geadem het.[77] En gaan hy voort:

> "Vir enige persoon wat enigsins ter sake kundig is, kan daar tog nie die minste twyfel oor bestaan dat daar, sover dit beginsels raak, geen wesenlike verskil tussen die nuwe kerkorde en die bestaande Wette en Bepalinge is nie... Die nuwe kerkorde is net eenvoudig 'n nuwe vormgewing van wat ons al die jare in die Wette en Bepalinge gehad het, sodat dit in ons kerke geen verskil hoegenaamd gaan maak wanneer ons die nuwe kerkorde in die plek van die bestaande Wette en Bepalinge invoer nie. Van 'n radikale breuk kan hier geen sprake hoegenaamd wees nie, en nog minder van 'n verandering van die stelsel van ons kerkregering."[78]

---

[73] *Die Kerkbode*, *lxxxvi (2),* 13 Julie 1960, 41. Die banieropskrif is 'n aanduiding van hoe negatief die verhoudinge tussen die twee gereformeerde kerkgenootskappe op daardie stadium was.

[74] Dit word op 25 Julie 1804 aan die Kaap in werking gestel. Alhoewel deurgaans van die *Kerkorde* van De Mist gepraat word, is dit streng gesproke "... in gereformeerd kerkregtelike sin geen kerkorde nie, maar 'n Staatsordinasie of wet." – Vgl. F. A. H. Van Staden. 1973. *Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika 1652 – 1970,* 123.

[75] W. D. Jonker. 1959. Korrespondensie*, Die Kerkblad Jaargang 61 Nr. 1514*, 16 September 1959, 8.

[76] Jonker. 1959. Brief aan *Die Kerkblad,* 8.

[77] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 800.

[78] Jonker. 1959. Brief aan *Die Kerkblad*, 8.

Jonker herhaal bostaande laaste twee sinne uit sy brief in sy eerste artikel in *Die Kerkbode* maar kursiveer dié woorde: "... en nog minder van 'n verandering van die *stelsel van ons kerkregering*." Die hoofsaak van Jonker se eerste argument is dus tweeledig: die "nuwe" is nie "*radikaal*" anders as die "oue(s)[79]" nie én daar is nie sprake van 'n oorgaan van een stelsel van kerkregering na 'n ander nie. Hy daag du Toit dat hy "...in 'n volgende artikel met vers en kapittel moet bewys waar die *radikale verskil* tussen die nuwe kerkorde en die Wette en Bepalinge is ... (ek kursiveer – GJD)"[80] Die debat tussen Jonker en du Toit was nie soseer 'n geskil oor die *beginsels* van 'n gereformeerde kerkinrigting nie, maar oor die vraag of die ou Wette en Bepalinge 'n kollegialistiese (genootskaplike) en die nuwe kerkorde 'n (meer) gereformeerde kerkinrigting ten grondslag het – dus 'n verandering van een kerkregeringstelsel na 'n ander.

Jonker wy sy eerste artikel hoofsaaklik daaraan om aan te toon dat die nuwe kerkorde en die ou Wette en Bepalinge nie wesenlik van mekaar verskil nie. Na 'n uitvoerige bespreking kom hy tot die gevolgtrekking dat 62 uit die 70 artikels, óf woordeliks of feitelik woordeliks met veral die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Algemene- en streeksinodes[81] ooreenstem, óf noodsaaklike toevoegings is – geformuleer ter wille van die nuutgevonde eenheid. Die slotsom waartoe hy kom, is: "As daar van 'n radikale omwenteling sprake moet wees, dan moet dit in die orige 8 artikels voorkom."[82] Dié oorblywende 8 artikels kom volgens Jonker óf in Wette en Bepalinge van ander Sinodes voor, óf is besluite van Sinodes, óf is erkende gereformeerde kerkregtelike beginsels. Indien prof. Du Toit self so 'n ontleding gemaak het, "sou dit egter geblyk het dat die nuwe kerkorde bestaan uit artikels wat feitlik net die beendere stelsel van die bestaande Wette en Bepalinge vorm"[83], besluit Jonker en lê dit du Toit ten laste dat hy dié vergelyking nêrens gedoen het nie.

---

[79] Die "Nederduitse Gereformeerde Kerke" (meervoud) het uit 'n aantal onafhanklike/selfstandige sinodes bestaan, elk met 'n eie kerkorde, of – soos dit toe bekend gestaan het – "Wette en Bepalinge".
[80] Jonker. 1959. Brief aan *Die Kerkblad*, 8.
[81] Transvaal was in daardie jare in drie streeksinodes (Suidstreek, Noordstreek en Midde -Afrikaanse streek) verdeel, wat gesamentlik die Algemene Sinode van Transvaal gevorm het.
[82] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 42.
[83] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 42.

’n Mens kan uit Jonker se beredenering hom gelyk gee: van ’n “*radikale omwenteling*” van die ou stelle Wette en Bepalinge na ’n *geheel nuwe* kerkorde kan ’n mens inderdaad nie praat nie. As logiese uitvloeisel hiervan kan dan ook nie geredeneer word dat met die nuwe kerkorde na ’n nuwe stelsel van kerkregering oorbeweeg is nie. Jonker se standpunt beteken dus dat, indien du Toit gereken het dat die ou Wette en Bepalinge die gees van die Kerkorde van De Mist en met die Algemeen Reglement van 1816 geadem het, dieselfde van die nuwe kerkorde gesê moet word.

Hiéroor gaan dit in Jonker se reaksie op prof. Du Toit se artikel. Jonker gee du Toit se standpunt korrek weer. Du Toit skryf in sy artikel met vetgedrukte letters:

> “Wat die gees en hoofstrekking betref kan ons nie anders sê nie as dat nou presies 150 jaar na De Mist en presies honderd jaar na die reformatoriese daad van 1859 dit wil voorkom of wat die N.G. Kerk betref, radikaal met De Mist en met 1816 gebreek word.”[84]

Dit moet óók uitgewys word dat du Toit aan die begin van sy artikel praat van slegs “...die *eerste stappe* (wat) deur die N.G. Kerk gedoen ... word *om ’n radikale omwenteling* in sy stelsel van kerkregering aan te bring (my kursivering - GJD).”[85] Volgens Jonker het die Ned. Geref. Kerk egter reeds vroeër met die beginsels van die genootskaplike stelsel van regering gebreek, sodat die Wette en Bepalinge reeds ’n gereformeerde kerkregeringstelsel verteenwoordig.[86] Dit was ook die standpunt van prof. B. B. Keet. Keet het in Oktober 1924, met die sluiting van die Teologiese Kweekskool, ’n toespraak gehou waarin hy die kerkregtelike ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk gedurende die honderd jaar sedert die eerste sinodesitting in November 1824 (in Kaapstad), tot op datum plaasgevind het. Sy slotsom is:

> “Het resultaat van ons onderzoek is, dat de regeringsvorm van de Ned. Geref. Kerk, ondanks de vele onvoordelige omstandigheden welke hare geboorte

---

[84] Du Toit. 1959. “Belangrike nuwe ontwikkeling in die N.G. Kerk” *Die Kerkblad* 26 Augustus 1959, 10.
[85] Du Toit. 1959. “Belangrike nuwe ontwikkeling in die N.G. Kerk”, *Die Kerkblad, Jaargang 61 Nr. 1511,* 26 Augustus 1959, 10.
[86] Jonker. 1960. “Die ander kant van die saak!”, 41. In hoofstuk 8 en 9 sal Jonker se standpunt herbesoek en ondervra word.

> omgaven en hare ontwikkeling bemoeilikten niet in strijd is met de beginselen van het gereformeerde kerkrecht. Ze is in haar wezen niet kollegialisties … maar ze is die presbyteraal-synodale vorm van kerkregering, welke de plaatselike gemeente en het verband van de kerk beide op het zuiverst tot hun recht laten komen."[87]

Die Gereformeerde Kerk, veral in die jaar van hulle eeufeesvierings, was skerp veroordelend teenoor die kerkregtelike inrigting van die Ned. Geref. Kerk. In 'n boekie van ds. L.S. Kruger (waarna Jonker verwys), wat in die Gereformeerde Kerke graag aan katkisante by hulle belydenisaflegging gegee is, sê hy: "Daarom kan ons sê dat as die Kerkorde van De Mist die dood van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was, dan was die Sinode van 1824 die begrafnis daarvan".[88] Ook du Toit is adamant dat, alhoewel daar "spore van 'n Calvinistiese gees" in die Ned. Geref. Kerkreg te vinde is, hy tog van mening is dat die Wette en Bepalinge in gees en strekking steeds kollegialisties is. Jonker vat du Toit se mening in laasgenoemde se reeks artikels oor wat alles in die Wette en Bepalinge as kollegialisties aangemerk moet word, saam. Omdat nie aan elke punt aandag bestee word nie, word Jonker volledig aangehaal:

> "Vervolgens gaan hy dan in op die Wette en Bepalinge soos dit vandag bestaan en meen hiërargies-kollegialistiese elemente te ontdek in die voorstelling wat die Wette en Bepalinge gee van die kerkverband, die gesag van die Sinode, die praktyk in verband met geloofsbriewe en die samestelling van meerdere vergaderings, die kommissiestelsel, die praktyk om leraars te bevestig in diens van die Sinode, die magte van die Ring, die gevaar van predikanteheerskappy en

---

[87] B. B. Keet. 1925. *Na Honderd Jaar. De regeringsvorm van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk aan de gereformeerde beginselen getoetst: Toespraak gehouden bij de sluiting van de Teologische Kweekschool, Oktober 1924.* Stellenbosch: Pro Ecclesia, 26. Hierdie sentimente word gedeel J. H. Eybers. 1934. *Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria: J. L. van Schaik Bpk., 145, 146; A. D. Pont. 1981. *Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg*, Pretoria: HAUM, 4, 5; F. A. H. Van Staden. 1973. *Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) in Suid -Afrika 1652 – 1970,* Doktorale verhandeling in die Fakulteit Godgeleerdheid [afd. B.] Universiteit Pretoria, 440; R. W. Louw. 2009. *Die bydrae van dr J D [Koot] Vorster tot die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk*, Doktorale verhandeling, Fakulteit Teologie, Universiteit Pretoria, 74 e.v.; ens. Jonker sal wel later, in die stryd rondom dr. C. F. Beyers Naudé en Christelike Instituut, die Ned. Geref. Kerk meermale van die beoefening van genootskaplike kerkreg beskuldig – sien hoofstuk 6 en 8.

[88] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 74. Vgl. L. S. Kruger. 1957. *Waarom is u Lid van die Gereformeerde Kerk*? Pretoria: Craft Drukpers, 40.

die reëling van alles tot in die finesses. Ander ongereformeerde elemente wat hy meen te kan aantoon, staan in verband met die aflegging van geloofsbelydenis, die feit dat gesê word dat 'n lidmaat aan die kerk behoort, die gekombineerde kerkraadsvergadering, hulpdienste, sake op die terrein van die staat of die maatskappy wat deur die kerk gereël word, huwelike op Sondae, tug soos 'n strafprosedure, kategismusprediking, spesiale Sondae, die kerk stig vereniginge, vreemde gedagtes oor die erediens. Die konklusie waartoe prof. Du Toit uiteindelik geraak, is dan dat die Wette en Bepalinge 'in gees en strekking' nog steeds ondubbelsinnig hulle kollegialistiese oorsprong verraai, dat die amp van die gelowige nie tot sy reg kom nie en die amp van ouderling en diaken gekortwiek word."[89]

Alhoewel 'n hele rits sake hierbo genoem word waarin prof. Du Toit kollegialisme meen te ontdek, is die kruks van die saak wat Jonker uit die tent gelok het, die vraag na *die aard van die kerkverband*. Dié vraag handel uiteindelik oor die vraag na die gesag van meerdere vergaderings.[90] Daaraan word vervolgens aandag gegee – en sal in hierdie verhandeling dikwels weer opduik.

Vir Jonker is die fundamentele probleem met die Algemene Reglement van 1816 dat dit 'n "hiërargies-kollegialisties" kerkregeringstelsel daarstel, waarin die regering van die kerk verstaan word as "afdalende van bo na benede". In dié stelsel is meerdere vergaderings besture wat hiërargies na bo opklim soos in enige vrye vereniging of maatskappy, totdat die sinode uiteindelik 'n soort "topbestuur" van 'n klein groepie mense is wat oor die hele kerk gesag uitoefen, sonder enige direkte verteenwoordiging van die gemeentes.

Jonker is egter oortuig dat die Wette en Bepalinge dié spesifieke en gewraakte hiërargiese tendense juis sover moontlik probeer vermy het. Die Wette en Bepalinge verstaan die regering in die kerk presies andersom: van benede na bo. Die volgorde is dus kerkraad – ring – sinode, met die kerkraad as die fundamentele kerklike vergadering aan wie die sleutelmag toevertrou is. Daarbenewens beskou die Wette en Bepalinge

[89] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 42.
[90] Dié kwessie sal gereeld in die hoofstukke wat volg, aan die orde kom.

meerdere vergaderings as vergaderings van gemeentes wat deur afvaardiging direk en gelyk daarin verteenwoordig word.[91]

Du Toit reken egter dat die gronddwaling van die Wette en Bepalinge juis daarin gesien kan word dat dit sê dat gemeentes aan die kerk behoort. Jonker verduidelik dat die Wette en Bepalinge nie die Kerk kollegialisties verstaan as 'n groot genootskap (collegium) wat saamgestel word deur die afsonderlike *lidmate* nie, maar die kerk verstaan as 'n assosiasie van afsonderlike *gemeentes*.[92] Die implikasie hiervan is dat meerdere vergaderings "werklike vergaderinge"[93] is van gemeentes wat deur afvaardiging direk en as gelykes op dié vergaderings verteenwoordig is – iets wat geheel en al anders is as die hoër besture van 'n vrye vereniging.[94]

Die kritiese vraag is hoe, binne hierdie één kerk, gemeentes en meerdere vergaderings deel vorm van dié eenheid. Jonker sê dat du Toit inderwaarheid steeds die "reaksionêre en oorwonne standpunt van die doleansie-kerkreg" aanhang.[95]

Die Doleansie van 1886, onder die leiding van dr. Abraham Kuyper, het gestrewe om terug te keer na die kerkregeringstelsel van die Kerkorde van Dordt. Hulle wou hulle vrymaak van meerdere vergaderings (of besture) wat hulleself – in 'n genootskaplike sin – onregmatig meer mag toe-eien as wat in die gereformeerde kerkreg toelaatbaar is.[96] Doleansie-kerkreg verwys na die wyse waarop die Dordtse Kerkorde deur dr. Abraham Kuyper en sy medestander, kollega en medestigter van die Vrije Universiteit (VU), prof. F. L. Rutgers, uitgedra is. Groot klem is op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente gelê en kerkverband was as 'n federatiewe byeenkoms van

---

[91] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 74, 75.
[92] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 76, 77.
[93] Vgl. Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 75.
[94] Dié standpunt sal Jonker na sy studiereis in 1960/61 wysig. Dan is meerdere vergaderings 'n samestroming van die ampte.
[95] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 76. Die Doleansie en Vrymaking van 1944 sal in volgende hoofstukke telkens aan die orde kom en daar in groter detail bespreek word. Hier word alleen kriptiese aantekeninge gemaak.
[96] Vgl. D. Deddens en M. te Velde (red.). 1992. *Vereniging in wederkeer: opstellen over de vereniging van 1892* Barneveld: Uitgeverij De Vuurbraak, 10, 36. Vgl. ook G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929 – 1954*, Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 127, 128 waarin die Doleansie reeds aangedui is as 'n strewe om "...vry wees ... van die kerklike strukture soos die kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk dit moontlik gemaak het."

selfstandige gemeentes beskou wat in werklikheid minder gesag het as die plaaslike kerkraad. Rutgers word allerweë as die argitek van die Doleansie kerkreg beskou.[97] Volgens prof. V. Hepp, opvolger van Rutgers aan die VU, sou Rutgers in die vroeë dae van die Doleansie op sekere dele van die gereformeerde kerkreg meer nadruk gelê het as wat hy later gedoen het:

> "Schrijver dezes heeft Prof. Rutgers echter in een andere periode gekend. Hij herinnert zich zeer goed, hoe deze hoogleraar de noodzakelijkheid van het Kerkverband als tegenpool stelde tegenover de autonomie van de plaatselijke kerk … Zij die zich voor hun kerkrechtelijke bezwaren op Rutgers beroepen, beroepen zich op een halve Rutgers. Dat is misschien nog te sterk uitgedrukt. Mogelijk zouden wij moeten zeggen: op een kwart Rutgers"[98]

Dat die Doleansie-kerkreg nie steekhou nie, toon Jonker aan met beroep op gerekende akademici soos proff. K. Dijk en N. H. Ridderbos. Hulle is eenstemmig dat die Griekse woord ekklesia (ἐκκλησία) nie alleen vir die plaaslike gemeente gebruik word nie, maar ook vir die kerkverband. Jonker is oortuig dat die gedagte dat onderskeie gemeentes saam 'n eenheid vorm, nie alleen deur "al die ou-gereformeerde skrywers" geleer word nie, maar dat dit ook die standpunt van die gereformeerde belydenisskrifte is – by name, die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 32.[99] Volgens Jonker word hierdie standpunt in die Ned. Geref. Kerk voorgestaan en lê die Wette en Bepalinge ten grondslag.[100]

---

[97] Vlg. die opmerking van Kamphuis in sy inleiding tot die heruitgawe van Rutgers se toespraak: F. L. Rutgers en J. Kamphuis. 1971. De *geldigheid van de oude Kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: Ton Bolland., VIII. Vgl. verder Deddens en te Velde, (red.), 1992. *Vereniging in wederkeer ...,* 47 e.v.

[98] Aangehaal by M. Golverdingen. 2001. *De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944.* Bijvakscriptie TU Apeldoorn. Golverdingen gaan voort en dra sy interpretasie van Hepp so voor: "Ongetwijfeld spreekt Hepp hier op een gechargeerde manier. Wel is duidelijk, dat Rutgers in zijn colleges tijdens het laatste decennium van de negentiende eeuw genuanceerder heeft gesproken over de bevoegdheid van de meerdere vergaderingen dan voor en tijdens de Doleantie. Alleen in uitzonderingsgevallen, als Gods Woord in het geding komt, kan men afwijken van de uitspraak van de meerdere vergadering. Kerken hebben zich verplicht om het meerderheidsstandpunt uit te voeren, al behouden zij altijd het recht om de deelname aan het kerkverband te beëindigen."

[99] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 75, 77. Vir die standpunte van prof. Dijk en Ridderbos, vgl. *Bijlage bij de Acta van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, 1957 – 1958.* Kampen, J. H. Kok, [s.j.], bijlage LXXXIX, 303, 304.

[100] Dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk *nie* hierdie standpunt huldig nie, sal Jonker duidelik aantoon in bv. sy publikasie in 1962 "*Die Sendingbepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal*".

Dit is inderdaad Jonker se eie standpunt, wat hy reeds in sy proefskrif ingeneem het. Daar wys Jonker daarop dat Paulus in 1 Kor. 15: 9; Gal. 1: 13 en Fil. 3: 6 na sy vervolging van die gelowiges verwys as vervolging van die ἐκκλησία, in watter stad of dorp hulle hulself mag bevind. Handeling 15 toon aan dat al die onderskeie plaaslike gemeentes in 'n duidelike verband met die moedergemeente in Jerusalem gestaan het. Meer nog, Jonker redeneer dat van die kerkverband as instituut gepraat kan word:

> "En omdat al die verskillende kerke duidelik in verband gestaan het met die moeder-gemeente in Jerusalem, en in die collegium van apostels onderling verbonde was, sodat daar selfs 'n soort "sinode" moontlik was (Hand. 15), kan ons in 'n verwyderde sin van één "instituut" spreek".[101]

Jonker haal M. Bouwman se doktorale verhandeling oor Voetius se siening van die gesag van sinodes met instemming aan. Sodat daar geen misverstand oor Jonker se standpunt is nie, word hy volledig aangehaal:

> "Voetius leer bv. dat 'het geheel der synodaal verbonden kerken *ecclesia intituta* is; dat dus gesproken kan worden van een nationale, provinciale en classicale kerk als instituut, waarvan de plaatselijke geïnstitueerde kerken deelen of afdeelingen zijn; en voorts ook de gezamenlijke ambtsdragers van dit instituut een corpus, een corporatieve eenheid vormen' (M. Bouwman, *Voetius over het Gezag der Synoden*, p. 74). Voetius noem die kerk wat dus uit die afsonderlike gemeentes bestaan, 'n *totem cujus partes similares sent omnes particulares ecclesiae*. Bouwman praat selfs van die verskillende gemeentes as "compartimenten" van die een kerk."[102]

Jonker se slotsom is dat gemeentes wat onderling verbonde is, 'n eenheid "in institutêre sin" vorm en dat hierdie instituut hom met reg kerk in die enkelvoud mag noem.[103] Ten spyte van die noue verband van die gemeentes onderling, vestig Jonker die aandag

---

[101] W. D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok., 180.

[102] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 76. Jonker haal Bouwman volledig en korrek aan: sien M. Bouwman. 1937. *Voetius over het gezag der Synoden.* Amsterdam: Bakker, 74.

[103] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 77. Vgl. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk*, 86, 180.

daarop dat die Ned. Geref. Kerke[104] steeds die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes ten volle erken. Die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Sinodes noem gemeentes selfs "geheel selfstandig en outonoom". Met sodanige uitgangspunt kan meerdere vergaderinge nie, sonder 'n uitdruklike versoek daartoe, in plaaslike gemeentes ingryp nie.[105]

Wat is die implikasies van bogenoemde vir die gesag van meerdere vergaderings? Du Toit se beswaar is dat die Wette en Bepalinge – ten spyte van die belydenis in die inleiding en in artikels 16 en 25 waarin die Koningskap van Christus en die gesag van die Woord erken en bely word – nogtans bepaal dat die *hoogste* gesag in regering van die kerk by die sinode berus.[106]

Jonker gee toe dat *hoogste* gesag 'n ongelukkige formulering is, maar bepleit die saak deur hom weer op M. Bouwman te beroep. Daarmee wil Jonker aandui dat die standpunt nie aan ander gereformeerde teoloë en dus aan gereformeerde teologie self, vreemd is nie. Ook Bouwman praat nie van *meerdere vergaderinge* nie, maar van "*hoogere vergaderingen*" wat met "*hoogere macht*" beklee is, sê Jonker. Verder beroep hy hom nogeens op prof. K. Dijk. In Dijk se genoemde rapport aan die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gee hy 'n oorsig oor die geskiedenis van die sogenaamde "*tuchtrecht der Doleantie*" 1926 tot 1955. Hy toon daarin aan dat die geskiedenis van die gereformeerde kerkreg – Rutgers ingeslote – die gesag van meerdere vergaderings erken. Jonker haal 'n stelling van prof. H. H. Kuyper in *De Standaard* van 22 September 1938[107] byna woordeliks aan:

---

[104] Die feit dat Jonker hier – soos telkens in sy artikels oor die nuwe kerkorde – praat word van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*e* (meervoud), moet binne die historiese konteks reg verstaan word. Voor die totstandkoming van die Algemene Sinode was die gemeentes verbonde aan onafhanklike Sinodes wat op hulle beurt alleen federaal met mekaar verbind was – vandaar die meervoudsvorm. "Kerk*e*" is dus 'n aanduiding van Sinodes, nie gemeentes nie. In Nederland word verstaan dat plaaslike gemeentes sodanig selfstandig is, dat hulle self oor kerkverband besluit en daarom word praat van die Gereformeerde Kerk*en* in Nederland.

[105] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 77.

[106] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 107.

[107] Volgens prof. D. Deddens het H. H. Kuyper onder andere gesê dat kerke "... 'in gesubordineerde verhouding tot de meerdere vergaderingen' staan (stelling VI); dat de 'potestas synodica' 'een potestas autoritativa' is, 'd.w.z. de macht om (...) de (...) refractorii (...) met censuur te straffen zoowel gemeenteleden als ambtsdragers' (stelling VIII); dat de meerdere vergaderingen bij 'mala administratio' het recht te handhaven hebben (stelling IX). Zij kunnen in plaatselijke kerken ingrijpen, kerkenraden afzetten of tijdelijk aan de kant zetten, ook zonder de kerkenraden, gemeenteleden censurere." Vgl. D. Deddens, "Het manuscript 'kerkrechtelijke studiën': Greijdanus over gereformeerd kerkrecht" in George Harinck (red). 1998. *Leven en werk van Seakle Greijdanus* Barneveld: Uitgeverij De Vuurbraak, 255.

> "Prof. Du Toit sou Voetius bepaald kollegialisties gevind het waar Voetius leer dat die sinodale besluite bindend en finaal is, dat meerdere vergaderinge mag ingryp as minderes hulle skuldig maak aan wanbestuur of nie doen wat hulle moes gedoen het nie en selfs met sensuur mag ingryp as hulle besluite nie uitgevoer word nie."[108]

Jonker spreek nog enkele ander sake aan wat du Toit in sy artikelreeks noem, maar wat nie bogenoemde beginsels in 'n ander lig stel nie. Net een van hulle word kortliks bespreek. Dit gaan daaroor dat Jonker sê dat prof. Du Toit die funksionering van kommissies van meerdere vergaderings in die Ned. Geref. Kerk verkeerd voorstel. Jonker reken dat kommissies nie wesenlik verskil van die deputate in die Gereformeerde Kerke nie. Hulle word deur die vergadering saamgestel, opdrag gegee, moet weer aan die vergadering verslag doen en beskik nie oor enige regerende bevoegdhede nie. Dit geld vir alle kommissies, óók vir die moderatuur – al is dit Jonker se standpunt dat 'n moderatuur nie naas 'n Sinodale Kommissie aangewys behoort te word nie.[109]

Dié aangeleentheid is afgesluit met 'n kort brief van du Toit in *Die Kerkbode* van 24 Augustus 1960[110] waarop Jonker op 14 September 1960 geantwoord het.[111] Geen nuwe sake wat kerkregtelike beginsels raak, word egter ter tafel gebring nie. Dit is wel belangrik om daarop te wys dat du Toit in sy laaste brief aan *Die Kerkbode* beweer dat Jonker self, in 'n artikel in *Die Gereformeerde Vaandel* van September 1957, erken het dat daar steeds kollegialistiese trekke in die Ned. Geref. Kerk te bespeur is en du Toit haal hom uitvoerig aan. Dié artikel handel oor die besluit van die Transvaalse Sinode van 1957, waar ooreengekom is om afstand te doen van *Hervormd* in die naam *Nederduits Hervormd of Gereformeerde Kerk* (aan dié artikel is uitvoerig aandag gegee in hoofstuk 1, 4.2). Vir Jonker beteken die verandering van die naam na alleen Ned. Geref. Kerk dat afskeid geneem word van 'n teologie wat "in meerdere en mindere mate

---

[108] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 107.
[109] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", 107.
[110] S. du Toit. 1960. "Die ander kant van die saak", *Die Kerkbode*, *lxxvi (9),* 24 Augustus1960, 261 – 262. Die blote feit dat die redakteur du Toit beperk tot net 1000 woorde, terwyl Jonker 3 artikels kon skryf en daarteenoor *Die Kerkblad* wat glad nie Jonker se artikel wou plaas nie, toon tot welke mate verhoudinge vertroebel was.
[111] Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", *Die Kerkbode*, *lxxvi (11),* 14 September 1960, 375.

nog altyd mee-resoneer in die naam *Hervormd* wat in die liberaal-kollegialistiese Nederlandse volkskerk van 1816 gebore is."[112] Volgens du Toit[113] erken Jonker dat die kerkordes van die Ned. Geref. Kerk kollegialistiese trekke vertoon wanneer Jonker sê dat daar "...miskien nog baie water in die see moet loop voordat die verhouding tussen die streeksinode en die Algemene Sinode in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde gereël word."[114]

In antwoord daarop herhaal Jonker dat, ten spyte daarvan dat die Wette en Bepalinge seer sekerlik nie bo kritiek verhewe is nie, dit nogtans nie 'n oordeel regverdig dat die *hele* kerkregeringstelsel 'n kollegialistiese kerkregeringstelsel verteenwoordig óf dat die nuwe kerkorde *geheel en al* van die Wette en Bepalinge verskil nie. Steeds geld die punt dat daar nie van 'n "nuwe" stelsel van kerkregering gepraat kan word nie.

Daar bestaan nog 'n skrywe van Jonker waarin hy dieselfde klanke as in *Die Gereformeerde Vaandel* laat resoneer en waarvan du Toit skynbaar nie bewus was nie. Dit is Jonker se bydrae in *Christelijke Encyclopedie*, wat in dieselfde jaar as die polemiek gepubliseer is. Hy skrywe oor die tema: "Zuid-Afrika, Republiek van" waarin hy hom só oor die Ned. Geref. Kerk uitlaat:

> "Hoewel beslist presbyteriaal in haar kerkregering, vertoont deze Kerk ook in dit opzicht nog *enkele sporen van de invloed van het Ned. Herv. kerkrecht uit het begin van de 19e eeuw*, hoofdzakelijk naar de formele zijde, terwijl voorts invloed van het Schotse presbyteriaanse kerkrecht te speuren valt. Een nieuwe kerkorde is thans in bewerking, welke o.a. de Ned. Ger. Kerken in de 4 provincies en in ZW. – Afrika, die tot heden nog elk een eigen organisatorisch zelfstandig bestaan leiden, in één kerkverband zal samenbrengen" (ek kursiveer – GJD).[115]

---

112 Jonker. 1957. "Is die Transvaal nog op weg na herstel?", *Die Gereformeerde Vaandel* (*25 nr3*), September 1957, 16.
113 Du Toit. 1960. "Die ander kant van die saak", 262.
114 Jonker. 1957. "Is die Transvaal nog op weg na herstel?", 16.
115 W. D. Jonker, lemma: Zuid-Afrika, Repub1iek van, in: F. W. Grosheide en G. P. van Itterzon (red.) *Christelijke Encyclopedie*; Band VI Saadja—Zwolle; (J. H. Kok Kampen 1961). (Dit is nie bekend waarom Jonker gevra was om 'n artikel en daarbý net een artikel vir die ensiklopedie te skryf nie. Dit mag wees dat Nauta hom, tydens sy studiereis in Europa gedurende 1960/61, aan van Itterzon voorgestel het as skrywer van dié artikel.)

Die dispuut met du Toit, laat 'n mens met 'n aantal vrae. Die skerp manier waarop Jonker vir du Toit gepak het, is vreemd aan sy styl en karakter. Dit lyk na die enigste keer binne die korpus van Jonker se nalatenskap dat hy so reageer: reguit, op die man af, sonder vrees of voorbehoud. Sy gewone styl is minder skerp, eerder versigtig, uitnodigend, sag.

Nog meer vreemd is dat Jonker – nadat hy die vorige jaar (1959) die konsep-kerkorde van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in twee artikels (die eerste artikel in drie aflewerings) gekritiseer het en in die laaste artikel (oor Kerkorde 1962, artikel 35) sy woorde moes terugtrek – teenoor du Toit volledig optree as apologeet vir die kerkregeringstelsel van die Ned. Geref. Kerk. Na binne ondervra Jonker die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk, maar na buite is hy apologeet. Jonker kon du Toit nie gelyk gee nie. Hy toon hierdeur dat hy steeds nie bokant die konteks uitgekom het om die probleem in die Ned. Geref. Kerk sinopties te identifiseer nie. Later het hy dit in werklikheid gedoen.

Op hierdie stadium sê Jonker dinge nog nie so ronduit soos hy dit later sou doen nie. Iets het in hom gebeur toe hy weer in Nederland gaan (Oktober 1960 – Maart 1961) studeer het. Hy het van die Raad vir Sosiale Navorsing 'n beurs ontvang wat hom vir ses maande na Europa sou bring om 'n studie te maak van nuwe ontwikkelings op die bied van die kerkreg.[116] Hierdie studie onderneming sou in meer as een opsig 'n wending in sy standpunte bring. Dit blyk al duidelik in 'n artikel oor die nuwe kerkorde wat hy tydens hierdie reis skryf.

### 3. Jonker se pleidooi vir die voorlopige aanvaarding van die nuwe kerkorde tydens sy Europese studiereis 1960/61

Teen die agtergrond van sy artikels oor die nuwe kerkorde in Suid-Afrika, sowel as sy polemiek met du Toit, spring die artikel wat Jonker tydens sy studiereis in Europa

---

[116] In Jonker se "predikanteleêr" in die argief te Stellenbosch is 'n aantekening gedateer 23/8/60: "Dr. W.D. Jonker, studenteleraar van Potchefstroom-Noord en actuarius van die Suid-Transvaalse Streeksinode van die Ned. Geref. Kerk, het 'n senior-studiebeurs van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing ontvang. Dr. Jonker vertrek op 4 Oktober na Europa om 'n studie te maak van nuwe ontwikkelings op die gebied van die kerkreg. Hy sal ses maande weg wees." Vgl. NG Kerk in SA Argief: predikante lêer P.4322.

geskrywe het en op 1 Februarie 1961[117] publiseer is, 'n mens in die oog. Dié artikel is twee maande vóórdat Jonker na Suid-Afrika teruggekeer het gepubliseer. In dié artikel lewer Jonker 'n pleidooi vir slegs die "voorlopige aanvaarding" van die nuwe kerkorde. Waarom so? Waarom juis ten tyde van sy navorsing – juis oor gereformeerde kerkreg? Het hy tot ander, nuwe insigte gekom? Of het hy steeds ernstige voorbehoude ten opsigte van die nuwe kerkorde wat nie aangespreek is nie? Hierop moet die lig nou val.

Slegs dié sake word hier aangesny wat prinsipes aanraak en nie al Jonker se praktiese voorstelle oor hoe om die kerkorde alleen voorlopig te aanvaar en nogtans voort te gaan met die konstituering van die Algemene Sinode nie. Dit is egter belangrik om te noem dat Jonker as enigste voorwaarde vir die voorlopige aanvaarding stel dat die sinode moet besluit dat die uiteindelike kerkorde "niks moet bevat wat in stryd is met Gods Woord en die beginsels van die gereformeerde kerkregering soos ... veral in art. 30-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis..." vervat is nie[118]. So het die geskiedkundig belangrike Sinode van Emden 1571 dit gedoen en so kan dit in 1962 herhaal word.

Jonker begin sy "pleidooi" deur daarop te wys dat die Ned. Geref. Kerk met die beoogde totstandkoming van die Algemene Sinode inderdaad by 'n kruispunt in sy geskiedenis gekom het. En vir sy besef is 'n kerkorde nie iets wat lukraak goedgekeur en dan weer verander word nie. Dit is inderwaarheid so bepaal dat die nuwe kerkorde alleen met 'n tweederdemeerderheid verander kan word.

So was dit ook in die geskiedenis regdeur die gereformeerde wêreld dat kerkordes vir dekades onveranderd gebly het en – in die geval van die Dordtse Kerkorde – selfs eeue. Daarom pleit Jonker dat 'n deeglike, versigtige, openhartige en visioenêre proses gevolg moet word; dat die nuwe kerkorde nie oorhaastig aanvaar moet word nie, maar – aanvanklik – net voorlopig. Hy is bevrees dat, sou sy voorstel nie aanvaar word nie, die konsep-kerkorde onveranderd aanvaar sal word – selfs al is al die sinodes by die eerste vergadering van die Algemene Sinode verteenwoordig en het al die afgevaardigdes geleentheid om wysigings voor te stel vóór én tydens die sinodesitting.

---

[117] W. D. Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde: Pleidooi vir voorlopige aanvaarding", *Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 145 – 147.
[118] Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde: Pleidooi vir voorlopige aanvaarding", 147.

Hy formuleer versigtig en toon sy lojaliteit teenoor die Ned. Geref. Kerk soos hierbo reeds duidelik geblyk het.  Teenoor du Toit het hy die kerkregeringstelsel verdedig en in sy eerste reeks artikels die konsep-kerkorde hartlik verwelkom.  Hierbo is verwys na "... 'n blydskap en dankbaarheid wat die toonaard van sy drie artikels bepaal..." het.  In dieselfde toonaard gaan hy voort en bevind:

> "Die groot beginsels daarin is suiwer, talle formuleringe is uitstekend en die grootste meerderheid van die 70 artikels sal seker deur die kerk by 'n eventuele finale redaksie onveranderd gelaat kan word.  Maar by alle waardering wat daar vir die nuwe kerkorde moet wees, is daar nog steeds plek vir die vraag of daar nie aspekte is waarin so 'n kerkorde verbeter kan word nie."

Dit is 'n samevatting van sy eerste artikel: in die eerste aflewering het hy hoofsaaklik waardering uitgespreek en die ander twee die voorbehoude wat Jonker op die nuwe kerkorde nahou.  In 'n tweede artikel (in die *NGTT*) spreek hy hom nog sterk uit.  Hy vra of die nuwe kerkorde werklik 'n terugkeer na die Kerkorde van Dordt is en of dit werklik die eenheid in die Ned. Geref. Kerke teweeg sal bring waarop so lank gewag is.  Hiermee is 'n eerste merker geplaas vir die beoordeling van die vraag waarom Jonker pleit vir slegs 'n voorlopige aanvaarding.  Al sê hy dit nie pertinent nie, is dit verstaanbaar dat die voorbehoude hierbo uitgespreek reeds vir Jonker genoegsame rede uitmaak om slegs die voorlopige aanvaarding van die kerkorde te bepleit.  Hy brei egter nie verder oor sy voorbehoude uit nie.

'n Nuutjie in hierdie artikel, is dat hy argumenteer vir 'n proses soortgelyk aan die wat die Nederlandse Hervormde Kerk (NHK) gevolg het voordat hulle 'n nuwe kerkorde (wat die Algemene Reglement van 1816 vervang het) aanvaar het.  'n Noukeurige lees van die artikel toon dat dié argument die kernaspek van die geskrif is.  Die Nederlandse Hervormde Kerk het van 1945 tot 1951 aan 'n nuwe kerkorde geskaaf en gepas.  'n Lewendige openbare gesprek is in kerklike blaaie, tydskrifte en teologiese vakliteratuur gevoer, maar veral belangrik was dat elke klassis (ring) versoek is om die kerkorde deeglik te bestudeer en hulle insette aan die sinode te lewer.  Langs dié weg kon almal, ook lidmate, 'n bydrae lewer.

Hulle het baie wyd gekonsulteer.  Ander kerkgenootskappe is vir gesprek en insette

uitgenooi. Genootskappe met wie hulle gesels het, was bv. die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN), die Gereformeerde Kerken (onderhoudende artikel 31 D.K.O. – soos die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt [GKv] destyds geheet het), beide die Evangelisch Lutherse Kerk (ELK) en die Hersteld Evangelisch Lutherse Kerk (H.E.L.). Selfs kerkgenootskappe soos die Algemene Doopsgezinde Sociëteit en die Remonstrantse Broederschap was nie uitgesluit nie. Van die bekendste persoonlikhede wat uitgenooi was: proff. D. Nauta en G. M. den Hartog van die GKN; proff. P. Deddens en S. Greijdanus van die GKV; prof. W. J. Kooiman van die ELK en prof. J. E. B. Blase van die H.E.L.[119] Prof. Nauta, Jonker se studie begeleier gedurende sy kerkreg-studietoer, het ’n aansienlike bydrae in die gesprekke gelewer,[120] en prof. Nauta het dié proses baie positief beleef. In sy kommentaar op die nuwe kerkorde van die GKN van 1959, skryf hy dat die proses met die NHK “zonder enige twijfel” bygedra het tot die vernuwing van dié kerkorde. Daarbenewens skryf hy dat die werkswyse van die NHK “... dezerzijds grote waardering heeft ontmoet en die in sterke mate heeft bijgedragen tot de toenadering tussen beide kerken.”[121] Daar is weinig twyfel dat hierdie gesprekke oor die *kerkorde* die fondament gelê het vir wat later ontwikkel het in die “Samen-op-Weg”-proses wat op 24 April 1961 vir die eerste keer byeengekom het. Jonker pleit in sy artikel vir ’n soortgelyke proses in Suid-Afrika.[122] Waarom sou Jonker hiervoor pleit? Gaan dit slegs daarom dat hy die kerkregeringstelsel so suiwer as moontlik geformuleer wil hê en dat hy hoop dat sy standpunte oor die nuwe kerkorde steun by ander die kerkgenootskappe sal kry? Of moet dieper gedelf word? Het Jonker in sy studie in Europa tot nuwe insigte oor *kerkreg* gekom?

Sy “pleidooi”-artikel meld geen nuwe of ander *kerkregtelike* voorbehoude nie; inteendeel, die artikel meld nie *enige* voorbehoud nie, behalwe dat daar nie oorhaastig opgetree moet word nie. En tog... Met die skryf van die artikel bevind Jonker hom in Europa. Suid-Afrika was op daardie stadium ’n kookpot.[123] Op 21 Maart 1960 vind die Sharpeville-slagting plaas. Dit bring die hele land in beroering. Die Cottesloe Beraad

---

[119] Sien W. Balke en H. Oostenbrink-Evers. 1993. *De Commissie voor de Kerkorde, 1945-1950: bouwplan, agendastukken en notulen van de vergaderingen ter voorbereiding van de nieuwe kerkorde (1951) van de Nederlandse Hervormde Kerk*. Zoetermeer: Boekencentrum. 374, 564, 602 ens. vir persone en kerke wat uitgenooi was om deel te neem.

[120] Sien Balke en Oostenbrink-Evers. 1993. *De Commissie voor de Kerkorde,* 588 – 594, 611 – 616 vir verslae van die gesprekke met hoofsaaklik Nauta.

[121] D. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok, 35.

[122] Jonker. 1961. “Die nuwe kerkorde: Pleidooi vir voorlopige aanvaarding”, [146.]

[123] Hierdie sake word in die volgende hoofstuk volledig aan die orde gestel.

word beplan en Jonker neem deel aan die voorbereiding. Dan vertrek hy na Europa. Tydens die Cottesloe Beraad bevind hy hom in Europa en sy vrou het daagliks die berigte oor die Beraad uitgeknip en daagliks (met die destydse stadige) pos versend.[124] Dit is bekend dat kerke in Europa – in daardie spesifieke tydsgewrig – al meer en al sterker standpunt ingeneem het teen die Ned. Geref. Kerk se "rassebeleid". Dit kan aanvaar word dat Jonker daarna gevra sou word – veral aangesien hy reeds tydens sy doktorale studies daarmee gekonfronteer is.

Verdere aanwysende getuienis kan gevind word in 'n bundeltjie oordenkings wat in 1961 verskyn het. Daarin het Jonker 'n boodskap oor Handeling 20:24 vir gebruik by die maandelikse Sending-bidstonde geskrywe. Hy lewer 'n boodskap teen die agtergrond dat onder lidmate van die Ned. Geref. Kerk 'n valse motief vir sendingwerk ontstaan het dat sendingwerk gedoen moet word ter wille van die voortbestaan van die blanke Afrikanervolk in Suid-Afrika. Ook ander predikante en sendelinge het hulle hieroor uitgespreek.[125] Jonker sê in die boodskap: "Van alle kante word Suid-Afrika met sy tradisionele lewenspatroon veroordeel en verdoem..."[126]

Jonker was bewus van die kontensieuse aard van gesprekke oor kerkeenheid oor kleurgrense heen. Dit kan aanvaar word dat sy studieleier, prof. Nauta, met hom oor al hierdie sake gepraat het. As studieleier, óók oor sy (Nauta se) betrokkenheid by en oordeel oor sy eie deelname aan die ontstaan van die nuwe kerkorde van die Hervormde Kerk. Jonker sou sonder twyfel kennis geneem het van die gesprekke wat uitgeloop het op die vergadering van 24 April wat tot die "Samen-op-Weg"-proses gelei het. Dit is dieselfde maand waarin hy na Suid-Afrika teruggekeer het.[127]

Daar is dus voldoende getuienis om die stelling te maak dat Jonker gevra het vir 'n

---

[124] Soos mondelings deur mev. Jonker aan my meegedeel. Sien ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 42.

[125] Ds. (later prof.) Carel Boshoff het bv. hieroor 'n artikel getiteld "Onsuiwere Sendingmotiewe" in *Die Kerkbode* geskryf. Hy – self 'n sendeling – skryf "... ons weier om voort te gaan om onder sulke vaandels te seil. Moet die Bantoe ons sien as agente wat kom werk, nie om die opbou van Gods koninkryk en om die heil van hulle siele nie, maar om die voortbestaan van ons volk...?" *Die Kerkbode*, *lxxxv (13),* 30 Maart 1960, 500.

[126] W. D. Jonker. 1961. "Ons toekoms en die sending" in *Sendingsketse*, Uitgegee deur Die Sinodale Sendingkommissies van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal.

[127] Vir die rol wat dié gesprekke gespeel het vgl. Barend Wallet, 2005. *Samen op Weg naar de Protestantse Kerk in Nederland: het verhaal achter de vereniging*. Zoetermeer: Boekencentrum, 25 – 37.

proses soortgelyk aan dié wat deur die Nederlandse Hervormde Kerk gevolg is. Sy oproep tot "voorlopige" aanvaarding van die kerkorde, doen hy in die hoop dat dit uiteindelik tot verdere eenheidsgesprekke in die Ned. Geref. Kerke sou lei. Hierbo is reeds sy jubeling oor die eenwording van die (blanke) sinodes aangemerk. 'n Soortgelyke proses oor die kerkorde behoort ook die dogterkerke – wat nie alleen dieselfde kerkorde as die moederkerk gevolg het nie, maar ook dieselfde naam gedra en dieselfde geloof bely het – in te sluit. Nooi óók die Nederlandse gereformeerde teoloë wat so graag deur Suid-Afrikaanse teoloë aangehaal word (en hulle ook uitgespreek het oor die verdeeldheid binne die Ned. Geref. Kerk) na die gesprekke. Sulke gesprekke kan uiteindelik lei tot één kerk in Suid-Afrika – sodat die wêreld kan glo ...

Jonker pleit vir 'n bepaalde ekklesiologie: 'n kerkorde wat in ooreenstemming "... met Gods Woord en die beginsels van die gereformeerde kerkregering soos ... veral in art. 30-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis..."[128] ruimte skep vir almal wat dieselfde bely. Hierdeur beweeg hy weg uit die domein van apologeet vir die Ned. Geref. Kerk soos geblyk het in sy optrede teenoor prof. Du Toit. Dit is duidelik dat hy bokant die konteks begin uitkom. Hierdie artikel is die prelude tot sy kritiese beoordeling van die sendingbepalinge in die *Wette en Bepalinge* van die Sinode van Suid-Transvaal en waarin hy in ronde woorde die geskeidenheid binne die Ned. Geref. Kerk op grond van ras aan die kaak sal stel – waarin in die volgende twee hoofstukke aandag gegee sal word.

**4. Beoordeling**

As basiese uitgangspunt is alle gereformeerdes dit met mekaar eens dat 'n presbiteriaal-sinodale[129] stelsel van kerkregering in eerste instansie beteken dat Jesus Christus die Hoof, Meester en Koning van die kerk en Heer van die wêreld is.[130] Dit is ook Jonker

[128] Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde: Pleidooi vir voorlopige aanvaarding", 147.
[129] Die term "presbiteriaal-sinodaal" word doelbewus gebruik, bewus daarvan dat sommige gereformeerdes alleen van 'n presbiteriale kerkregeringstelsel wil praat. Teenoor diesulkes is hier nie by voorbaat kant gekies nie.
[130] Om alle bronne hier aan te teken is onmoontlik. Vgl. egter o.a. Calvijn, Johannes, en A. Sizoo. 1949. *Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdienst*. Delft: Meinema. IV iii 1, 54; A. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken: aan de zonen der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfeest*. Amsterdam: Höveker, 13 e.v.; F. L. Rutgers en J. Kamphuis. 1971. *De geldigheid van de oude*

se uitgesproke standpunt. Oor hoe die regering van Christus in 'n kerkorde neerslag moet vind, is daar egter geen eenstemmigheid nie. Wat navorsing wel duidelik aangetoon het, is dat 'n mens se verstaan van die aard van die eenheid van die kerk, bepalend is vir hoe die regering van Christus in die kerk – met ander woorde, gesag in die kerk – verstaan word.

Om enigsins die beoordeling van Jonker se teologie – soos dit in hierdie reeks skrywes in verband met die nuwe kerkorde na vore kom – te sistematiseer, moet eerstens gevra word hoe hy dink oor die eenheid van die kerk. Wat dit betref, sal oor kerkverband en die volledigheid van die plaaslike kerk gehandel moet word. Vervolgens sal Jonker se verstaan van gesag in die kerk, die aard daarvan en wie die bevoegdheid daartoe het, ondersoek moet word. Deur dit alles moet gevra word of hy konsekwent is wanneer hy die nuwe kerkorde beoordeel en wanneer hy die kerkregeringstelsel van die kerk verdedig teen prof. Du Toit.

Die een saak wat vir Jonker – veral in die Suid-Afrikaanse konteks – uitstaan en waarop hy regdeur sy loopbaan gekonsentreer het, is die belangrikheid, wenslikheid en voortdurende soeke na kerklike eenheid. Met ander woorde: die vergestalting van die *communio sanctorum*. Die verdeeldheid van die liggaam van Christus was vir hom dié steen des aanstoots. Hy het reeds tydens die skryf van sy proefskrif tot hierdie

---

*Kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: Ton Bolland, 18; H. Kaajan. 1935. *De Doleantie en haar kerkrechtelijke beginselen*. Utrecht, P. den Boer, 12; J. J. van der Schuit, 1934. *Afscheiding – doleantie getoetst aan het handboek van het kerkrecht der doleantie*. Apeldoorn: Drukkerij Jonker, s.j., 7; J. H. Eybers. 1934. *Die Kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets aan die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg*. Pretoria: Van Schaik, 49-50; G. P. L. Van der Linde. 1965. *Die grondbeginsels van die presbiteriale stelsel.* Potchefstroom: Pro Rege., 82; J. J. Van der Walt. 1976. *Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering*. Potchefstroom: Pro Rege., 53; A. D. Pont. 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*. Pretoria: HAUM., 192; E. P. J. Kleynhans. 1982. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal, 80; B. Spoelstra. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 26 en dikwels; H. Oostenbrink-Evers. 2000. *Beginselen en achtergrond van de Kerkorde van 1951 van de Nederlandse Hervormde Kerk: een kerkrechtelijke onderzoek naar de structuur van de Nederlandse Hervormde Kerk, zoals die werd ontworpen door de Commissie voor beginselen van Kerkorde (1942-1944) en de Commissie voor de Kerkorde (1945-1947)*. Zoetermeer: Boekencentrum, 22; J. J. H. Post. 2003. *Een sikkel in een vreemde oogst?: de juridische verhouding tussen hervormde gemeenten en de Nederlandse Hervormde Kerk in het bijzonder bij kerkfusie*. Heerenveen: Groen, 23; P. van den Heuvel (Red.). 2004. *De toelichting op de kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland*. Zoetermeer: Boekencentrum, 41; Mary-Anne Plaatjies-Van Huffel. 2008. *Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika.* Doktorale verhandeling, Universiteit Pretoria, etlike onderafdelings: 2.6.6.2.1, 2.7.2.1, 4.4.1 ens.

oortuiging gekom. Die eenheid van die Kerk is in Christus gegee en Christus kan nie verdeel word nie. Die verdeeldheid van die kerk is sondige verskeurdheid. Dit is Jonker se diepste oortuiging. Daarom het hy die eenwording van die Sinodes van die Ned. Geref. Kerk van harte verwelkom. Dit skemer ook deur dat hy dié eenwording nog breër wil sien gebeur om ook die dogterkerke in te sluit.

Juis dáárom is dit so vreemd – nie net aan Jonker se karakter nie, maar ook aan sy teologie – dat hy nie du Toit se eerste artikel in *Die Kerkblad* as 'n geleentheid, as "eerste stappe" tot toenadering tussen die susterkerke aangegryp het nie. Toenadering tussen dié twee kerke was in 'n bepaalde sin ook "kontensieus", soos die toenadering tussen die dogterkerke. Dit lyk byna asof Jonker in konflik met sy eie teologie handel. In sy semi-outobiografie – binne die konteks van die polemiek met du Toit – sê hy immers self:

> "Dit mag egter nie beteken dat die roeping om tot eenheid (met die GKSA – GJD) te kom, verontagsaam word nie. Dit is net moontlik dat die wet van die koringkorrel ook hier sal geld: dat die koringkorrel moet sterf om veel vrug te kan dra. Wie weet watter geestelike vernuwing 'n vereniging van dié twee Afrikaanse kerke in ons land tot gevolg kan hê?"[131]

Ook in 'n tweede opsig is Jonker se reaksie op prof. Du Toit vreemd. Jonker laat self iets daarvan deurskemer wanneer hy in *Selfs die Kerk kan verander* skryf dat hy sy optrede as "'n kwade oomblik" beskou het en dat die hele aangeleentheid vir hom pynlik was. Hy skryf: "My persoonlike respek vir hom en die feit dat ek myself in baie opsigte aan die Doppers verwant voel, het my dit laat berou dat ek die korrespondensie met hom begin het."[132] Soos blyk uit Jonker se artikel in *Die Gereformeerde Vaandel* waarna du Toit verwys en sy bydrae in *Christelijke Encyclopedie* was hy van oortuiging dat daar inderdaad steeds genootskaplik-kerkregtelike tendense in die Ned. Geref. Kerk voorkom. Hier is dus 'n duidelike trajek aan te dui: die kulturele volkskerk idee in die plaaslike kerk waar hy sy bediening begin, ekklesiologiese (sistematies-teologiese) teenoor mekaar stel van evangelisasie en kerklike tug, dan na die kerkorde, kerkverband

[131] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 37
[132] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 38.

en kerkeenheid. In die volgende hoofstukke gaan hierdie trajek nog duideliker aan die lig tree. Dit bly ook dat Jonker op hierdie stadium in sy bediening begin om bokant die konteks uit te kom.

Terug by die eenheid in die kerk. Jonker is baie oortuig van die Bybels-teologiese verstaan van eenheid in die kerk. Hy toon oortuigend aan dat Paulus die begrip ἐκκλησία nie alleen vir die plaaslike gemeente nie, maar ook vir kerkverband – die één liggaam van Christus waartoe die onderskeie plaaslike gemeentes behoort – gebruik. Dit vind hy ook in die belydenisskrifte, veral in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 32. So heg verstaan Jonker die eenheid van die kerk dat van die kerkverband as instituut gepraat kan word en dat hierdie instituut homself *kerk* in die enkelvoud mag noem.

Dit is ook belangrik dat Jonker se standpunt oor artikel 35 – 37 van die voorgestelde nuwe kerkorde benadruk word. Dit staan soos ’n paal bo water dat die regte van streeksinodes daarin verskans en verseker word. Dáárby is Jonker se teleurstelling aangeteken, omdat hy geoordeel het dat die nuwe Algemene Sinode “... eintlik alleen maar ’n soort koördinerende vergadering (is) ... weinig meer as die huidige Raad van Kerke...”[133] Kan dít die rede wees waarom die amptelike notule van die Algemene Sinode in 1962 besluit het om formeel eerder te praat van ’n “organisatoriese” verband en die begrip “organiese eenheid” nie weer gebruik het nie?[134] Dít gee Jonker gelyk dat – ten minste in sommige opsigte – die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk *de facto* ’n federasie en nie ’n “organiese (werklike) eenheid” is nie

Telkens wanneer Jonker probleme met die nuwe kerkorde identifiseer, verwys hy na die suiwer formulerings wat in die Dortse Kerkorde te vinde is. Tereg sou verwag kon word dat hy dit in sy in sy beoordeling van die konsep-kerkorde nóg duideliker moes gestel het. Sy hoë waardering vir die Kerkorde van Dordt spreek uit sy eie woorde:

---

[133] Jonker. 1960. “Die bevoegdheid van die streeksinodes”, 35.

[134] *Handelinge van die eerste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk asook van die Konvensie en die ontbinding van die Raad van die Kerke* gehou in Kaapstad op Donderdag, 11 Oktober 1962 en volgende dae.

> "Die Dordtse Kerkorde is immers sonder enige twyfel die beste en suiwerste historiese formulering en samevatting van die Skriftuurlike beginsels waarop die Gereformeerde kerkregering rus, en ten spyte van enkele artikels wat met die oog op die verandering van die tye deur ons anders geformuleer sal moet word, is die Dordtse Kerkorde nog onaangetas in sy prestige as 'n deur-en-deur Bybels-Gereformeerde kerkorde."[135]

Dit is duidelik: wat ontbreek in die nuwe kerkorde, is te vinde in die Kerkorde van Dordt.

'n Volgende saak wat aangeraak moet word, is die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Teenoor du Toit verdedig Jonker die Ned. Geref. Kerk deur te sê dat die selfstandigheid van die plaaslike gemeente in die loop van die jare gehandhaaf is. Hy vestig die aandag daarop dat die Wette en Bepalinge van die Transvaalse sinodes so ver gaan om gemeentes "geheel selfstandig en outonoom" te noem. Jonker gaan nie verder op die saak in nie. Dit is egter moeilik te aanvaar dat Jonker daarmee tevrede sou wees om 'n gemeente "outonoom" te noem. In sy bespreking van die konsep-kerkorde spreek hy egter sy besorgdheid uit dat die nuwe kerkorde van die Dordtse Kerkorde op 'n paar plekke afwyk. Een van die belangrikstes is dat die nuwe kerkorde aan die een kant die selfstandigheid van die plaaslike gemeente erken, maar dit aan die ander kant moontlik maak dat mag in die hande van enkele persone gesentraliseer word. Dit geld veral die samestelling van moderatuur. En dit geld in die besonder van 'n moderator wat vir 'n termyn verkies word en herkiesbaar is. Die gevaar van hiërargie sien hy daarin lewensgroot lê, hy noem dit maar stel dit tog nie duidelik genoegsaam aan die kaak nie.

Tydens sy studiereis in Europa het Jonker ook groter duidelikheid gekry oor die aard van kerklike gesag – 'n kwessie wat ten nouste met kwessie van die sentralisering van gesag te doen het. Alléén Christus het gesag in die kerk. Hy dra dit nie oor of verleen dit aan andere nie. Die ampte is deur Hom geroep om Sy gesag te *bedien*. Die vraag is dus nie of en tot watter mate 'n meerdere vergadering oor meerdere gesag beskik nie, maar of en tot watter mate Christus deur sy Woord regeer. Dáárin lê die gesag. 'n

[135] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde", 796.

Vergadering se besluite as sodanig is nie bindend nie, maar die geroepenes in die vergadering moet na die Woord luister en dit suiwer verkondig. ’n Gelowige mens se gewete word alleen deur die Woord van God gebind. Tydens sy navorsing in Europa oor die Lutherse kerkreg, het hy ook van die teoloog D. Hollaz te wete gekom. Hy skrywe ’n artikel – *Wat is ’n Sinode*? – na aanleiding van ’n uitspraak van Hollaz wat hy soos volg aanhaal: “Die onsigbare voorsitter van ’n Sinode is die Heilige Gees (Hand. 15: 28) wat deur middel van die Woord wat in die Heilige Skrif vervat is, spreek en leer en die gedagtes van die lede van die Sinode verlig en lei.” [136]

> “Daarmee is meteens die wesens-verskil tussen ’n sinode en enige ander menslike vergadering aangeraak. Dít maak van ’n sinode iets heeltemal anders as ’n parlement of ’n vergadering van die hoofbestuur van ’n vereniging, waar die wil van die meerderheid die regsgeldige besluit word. ’n Sinode (sekerlik, énige kerklike vergadering! – GJD) mag nooit na die wil van die meerderheid vra nie, maar uitsluitend om één ding: die wil van God”.

Sulke besluite kan die sinode, aldus Jonker, onbevange aan die kerk voorlê om self ook in die lig van die Skrif daaroor te besin en van daaruit te kritiseer as dit nodig is. Gebeur dit nie, hou dié vergadering op om ’n sinode te wees en word dit ’n gewone menslike vergadering.

> “Geen sinodelid moet, uit watter oorweging ook al, uitgaan van die standpunt dat sy saak moet seëvier nie. Oor wie? ’n Sinode moet veral versigtig wees om nie oor die Heilige Gees te seëvier nie. Met die woorde van Hollaz in gedagte, besef ’n mens met hoeveel biddende huiwering ’n sinodale saal betree moet word, kinderlik gewillig om God meer gehoorsaam te wees as alle mense tesame, om onsself te kruisig en die Heilige Gees te eer deur Hom toe te laat om Sy Saak te laat seëvier. Dan is dit werklik ‘sinode’.”[137]

---

[136] W. D. Jonker. 1961.“Wat is ’n sinode”, *Die Kerkbode*, *lxxxvii (12),* 21 Maart 1961, 398/9. Jonker verwys waarskynlik na die agtiende-eeuse teoloog D. Hollaz se *Examen theologicum acroamaticum*, uit 1707.

[137] Jonker. 1961. “Wat is ’n sinode”, 399. Jonker maak in dié artikel ’n stelling wat hy nie verder verduidelik nie, maar wat in ’n latere skrywe breedvoeriger aan die orde sal kom en dus hier net aangeteken word: “’n Sinode is dus ’n samestroming van die ampte om onder die leiding van die Heilige Gees te soek na Gods wil vir Sy kerk.”

Jonker se versugting uit hierdie periode verdien in die Ned. Geref. Kerk vandag steeds aandag: “Helaas is die toestand in ons kerk in meer as een opsig reeds sodanig dat daar baie moed nodig sal wees om alles te herstel wat deur die storms en getye beskadig is...”[138]. Dié pleit is geldiger as ooit: dat die kerkregeringstelsel van die Ned. Geref. Kerk in “ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde gereël word.”

Jonker het klaarblyklik met verdiepte insigte van sy studiereis in Europa gedurende 1960/61 teruggekom. Dit blyk onder andere dááruit dat hy later skryf dat dit hom berou het dat hy swaarde met prof. Du Toit gekruis het.[139] ’n Mens kan nie anders as om die Jonker van vóór 1960 as apologeet van die Ned. Geref. Kerk teenoor du Toit te beskou nie. Dit beteken nié dat Jonker hom van onjuisthede gekwyt het nie – trouens, sy hoofargument dat daar nie sprake van is dat die konsep-kerkorde radikaal van die ou Wette en Bepalinge afwyk nie, is geldig en waar. Waaroor hy nie met du Toit in gesprek tree nie is die vraag of – en indien wel, tot watter mate – die konsep-kerkorde as ’n vorm van genootskaplike (kollegialistiese) kerkreg gebrandmerk kan word. Dat Jonker wel krities oor die konsep-kerkorde was en wel die vrees uitgespreek het dat dit (soos in die genootskaplike kerkreg) hiërargie in die hand kan werk, het hy duidelik aangetoon in sy bespreking van die nuwe kerkorde – wat kronologies die debat met du Toit voorafgaan: oor die konsep-kerkorde laat hy hom reeds in 1959 krities uit.

Hoewel hierbo aangedui was dat Jonker tydens sy doktorale studie (1952 – 1955) reeds blootgestel was aan die teologiese – en in die besonder die kerkregtelike – opskudding in die Gereformeerde Kerken in Nederland wat in 1944 tot kerkskeuring (die “Vrijmaking”) gely het, was dit eers tydens sy studiereis dat hy hierdie gebeure in diepte bestudeer het. Die wonde van die Tweede Wêreldoorlog was nog vars in die geheue en die feit dat die kerk midde-in die oorlog geskeur het, het die gereformeerde wêreld in beroering gehad. In die volgende hoofstukke sal telkens hierna verwys en bepaalde aspekte daarvan in meer detail bespreek word. Hier moet gevra word waarom Jonker dit nodig geag het om juis in 1960/61 navorsing te gaan doen oor die geskiedenis van die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg?

---

[138] Jonker. 1957. “Is die Transvaal nog op weg na herstel?”, *Die Gereformeerde Vaandel* (25 nr 3), September 1957, 16.
[139] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 38.

Jonker se eie antwoord op dié vraag is dat sy verkiesing tot aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal in April 1960 (hoewel hy reeds einde 1959 waargeneem het) hom met die "binnekant van die kerklike lewe" in aanraking gebring het, en hy dit noodsaaklik geag het om 'n intensiewer studie van die kerkreg te doen.[140] Dié "binnekant van die kerklike lewe" het ingesluit dat hy as aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal sitting sal neem op die kommissie wat die kerkorde moet voorberei vir die te stigte Algemene Sinode. Daar sou hy sy standpunte wat hy in sy artikels wat hierbo bespreek is, teenoor die "swaargewigte" in die kerk – met name die voorsitter van die kommissie, dr. J. D. Vorster, moet verantwoord. Uit wat in die volgende hoofstukke duidelik sal word, kan nou reeds gekonstateer word dat Jonker in hierdie geledere eerstehands kennis gemaak het met die praktyk van die regering in die Ned. Geref. Kerk. Hiér het hy eerstehands die invloed en gesag waarmee individue in die Ned. Geref. Kerk beklee was, te doene gekry.

Gesag in die kerk – met name artikel 31 van die Kerkorde van Dordt – was een van die sleutel kwessies in die stryd rondom die Vrymaking en wat steeds in die sestigerjare in bakermat van die gereformeerde kerkreg gewoed het. Hy sou seer sekerlik tydens sy studiereis hierop kon fokus ter voorbereiding op sy taak as aktuarius. Die vraag is egter wat die toekoms vir Jonker sou inhou en hoe die Ned. Geref. Kerk op Jonker se standpunte reageer? Hy het immers by die konvensie die week vóór die sitting van die Algemene Sinode – waartydens die konsep-kerkorde gefinaliseer sou word – die Algemene Sinode van Transvaal as aktuarius verteenwoordig.[141] Waarom was Jonker se voorstelle om die nuwe kerkorde te verbeter, in die wind geslaan?

In die volgende hoofstuk word die pakkende verhaal van Jonker se aandrang om 'n gereformeerde kerkregtelike bedeling in die Ned. Geref. Kerk voortgesit. Daaruit sal blyk hoeveel sy studiereis na Europa sy denke verbreed en verdiep het. Immers, die Chrsitusregering skep die eenheid van die kerk, nie kerklike geskeidenheid nie.

---

[140] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 35.
[141] *Agenda vir die Konvensie van Kerke in 1962*, 31.

# Hoofstuk 3

## 1961-1962: Kerklike geskeidenheid móét gereformeerd-kerkregtelik geweeg word

Tot dusver is die verhaal van Jonker se publikasies vertel met verwysing na die eng *kerklike* konteks waarin dit afgespeel het. In die eerste hoofstuk is artikels en 'n boek uit sy pen aan die woord gestel. Dit vertel hoe hy gekonfronteer is met die volkskerklike aard van die Ned. Geref. Kerk sowel as die manier waarop dit aangespreek is. Vir Jonker was dit onvanpas om die kerk as gemeenskap van die heiliges, die kerk van Christus te "evangeliseer." Herstel moes langs die weg van die bediening van die tug kom. In die tweede hoofstuk is sy publikasies tot 1960 nagegaan. Sedert ongeveer 1957 het hy hom uitgelaat oor die voorgestelde nuwe kerkorde vir die Ned. Geref. Kerk en is ook by die kerkverband betrek as aktuarius. Hiermee het sy ondersoekende blik dus verder gegaan as die plaaslike gemeente.

Neem 'n mens al sy publikasies tussen 1955 en 1960 in oënskou, kan 'n onderliggende kerkregtelik-ekklesiologiese trajek daarin onderskei word. Die kerk, en dus ook die gemeente, is die gemeenskap van die heiliges, dié besondere gemeenskap wat aan Christus die Here behoort. Dit is in ooreenstemming met die belydenisskrifte, en dit behoort die bediening in en aan die kerk/gemeente te bepaal. Dit is volgens Jonker ook in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde, waarin die hoofskap van Christus behou word en die aard van die gemeente as sy eiendom bewaar word. Dit het uiteraard konsekwensies vir Jonker se siening van gesag in die kerk, sowel as die aard van die kerkverband wat die eenheid van die kerk moes vergestalt. Alles in ag genome, sou die titel van die proefskrif nou duideliker word: Dit gaan vir Jonker om die bediening van die gereformeerde kerkreg in en aan die kerk van Christus, die *communion sanctorum*. Dieselfde uitgangspunte wat vir die gemeente geld, geld volgens sy publikasies óók vir die kerkverband. Tog maak die titel ook gewag van "kerklike geskeidenheid." Die duiding van die titel is dat Jonker veral ook teen "kerklike geskeidenheid" te staan gekom het.

Dit is volledig begryplik dat Jonker se oortuiging dat die *communion sanctorum* ook die eenheid van die kerk van Christus impliseer en dat die kerkregtelike lyn

onderliggend aan sy skryfwerk, die bestaan van verskillende kerke vir verskillende volke – soos die sendingbeleid van die Ned. Geref. Kerk dit uitgespel het – ook hierop sou inkom. Hierdie "kerklike geskeidenheid" was net te opvallend om mis te kyk. Meer nog, as in gedagte gehou word dat kerklike geskeidenheid met apartheid vereenselwig is, is dit meteens duidelik dat betekenisvolle meningsverskille na vore sou tree. Gereformeerde kerkreg moes in beginsel hierteenoor gaan staan.

Dit sou Jonker ook doen. Sy kerkregtelike skryfwerk sou die vinger op die groot seer in Suid-Afrika lê. Sy studiereis 1960/61 het aan hierdie wending help beslag gee. Maar, ook die nuwe situasie wat in Suid-Afrika deurgebreek het. In Afrika is die proses van dekolonialisasie met vuur en vlam van stapel gestuur. Maar die protes teen Apartheid is in Suid-Afrika met geweld onderdruk. Dit het 'n insident geword wat internasionaal verontwaardiging en veroordeling uitgelok het. Ook in Nederland is vrae gevra en standpunte gestel. Wêreldwyd het kerke standpunt ingeneem. In Suid-Afrika het die Ned. Geref. Kerk in die bresse getree vir die regering en die landsbeleid. In 1962 publiseer Jonker, gesny uit die goeie kerkregtelike hout van die Dordtse Kerkorde, *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*.[1]

Die doel van hoofstuk 3 is om die konteks waarbinne die Ned. Geref. Kerk, en dus ook Jonker, hulle bevind het te skets. Jonker het eers vanuit die plaaslike kerk geskryf, toe is hy betrek by die kerkverband en die voorgestelde nuwe kerkorde, en na sy reis skryf hy in 'n nog breër konteks, dié van die familie van Ned. Geref. Kerke. Terselfdertyd kon hy die brandende politieke kwessie rondom apartheid nie meer vermy nie. Geskeidenheid was in die brandpunt.

### 1. Apartheid as 'n geleentheid vir sending

Die sesde dekade van die twintigste eeu kan met reg in Suid-Afrika as 'n dekade van storm-en-drang beskryf word. Dit was voorafgegaan deur 'n dekade van hoogbloei. 'n Positiewe gees het in die land geheers – daar was 'n nuwe regering aan die bewind onder die leiding van die Nasionale Party en die Afrikanervolk – waarvan die oorgrote

---

[1] W. D. Jonker. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld. Voortaan sal die titel verkort word na *Sendingbepalinge* – soos die pamflet ook in die omgang bekend geword het.

meerderheid aan die Ned. Geref. Kerk behoort het – het gedy. Die Afrikaner was vry en het gestreef na meer: die Unie van Suid-Afrika sou 'n onafhanklike republiek word en kerklik is na 'n verenigde Ned. Geref. Kerk gestreef. Die beleid van apartheid moes dié bevoorregte posisie van die Afrikaner verder verskans en die Tomlinson Kommissie moes ondersoek instel na metodes om die Bantoetuislande 'n lewensvatbare oplossing te maak. Die toekoms van Apartheid-Suid-Afrika moes sosiologies en wetenskaplik uitgewerk word.

Oor die Tomlinson Verslag is wyd gerapporteer. In *Die Kerkbode* kom dit in die redaksionele kolom twee keer aan die bod onder die opskrif "Die Kerk en die Bantoe"[2]. Die redakteur skryf dat feitlik alles daarin van belang is vir "Kerk en Sending" – immers slaag die tuisland beleid sal die tuislande 'n groot sendingveld vir die Ned. Geref. Kerk wees en "Wie hier agterweë bly, sal aansien en krag moet inboet". Die redakteur skryf 'n derde keer daaroor na aanleiding van 'n "volkskongres" wat in Bloemfontein oor die Tomlinson Verslag gehou was. Dié kongres wat van 28 tot 30 Junie 1956 plaasgevind, noem die redakteur "die grootste en belangrikste samekoms in ons tyd". Twee stellings van die redakteur is sprekend van die teologie in die Ned. Geref. Kerk in dié dekade. Die eerste is dat hy oor die belangrikheid van die sending skryf dat: "Wie hierdie Bantoewêreld verower, het die toekoms in sy hand!" Die tweede is die antwoord wat hy op sy vraag gee oor hoe die bevindinge van Tomlinson aan die "breë lae van ons volk" bekend gemaak sal word. Hy skryf "... daar is geen rede waarom dit nie ook op die kansel gebring sal word nie – miskien hoort dit daar beter tuis as op enige ander plek."[3]

Dis was die trant van die tydsgees. Maar dan kom daar 'n ingrypende ontwikkeling in die geskiedenis van Suid-Afrika en versand die Suid-Afrika waarvan die Tomlinson Verslag gedroom het. 'n Ander realiteit word 'n werklikheid. Dr. H. F. Verwoerd,

---

[2] Redaksioneel: "Die Kerk en die Bantoe", *Die Kerkbode lxxvii (15),* 11 April 1956, 644 en *Die Kerkbode, lxxvii* (*16*), 18 April 1956, 692.

[3] Redaksioneel: "Die Volkskongres en Ons Volksroeping", *Die Kerkbode lxxviii (2),* 11 Julie 1956, 52, 53. Ds. Z. B. Loots doen verslag oor *Die Volkskongres in Bloemfontein* wat oor vier aflewerings strek met die titel: "Die toekoms van die Bantoe"; sien *Die Kerkbode, lxxviii (4),* 25 Julie 1956, 154-155, 159; *Die Kerkbode*, *lxxviii (5),* 1 Augustus 1956, 202-203, 225; *Die Kerkbode*, *lxxviii (6),* 8 Augustus 1956, 258-259. *Die Kerkbode*, *lxxviii (7),* 15 Augustus 1956, 298-299.

toenmalige minister van Naturelle-sake, het die verslag verwerp. Ook die Ned. Geref. Kerk swyg verder daaroor.

Dit was binne hierdie konteks dat Jonker oor die piëtisties-metodisties en kultureel-kerklike ineengestrengelde kerkbegrip oor die kerklike tug en die kerkorde geskryf en gedink het. In die vorige twee hoofstukke is aangetoon dat hy nie bokant die tydsgees uitgekom het nie. Hy staan wel teen die stroom, maar sy taal is nog dié van die konteks. Op die breuklyn in die geskiedenis van Suid-Afrika waarin Apartheid geweld uitlok, gaan Jonker oorsee om navorsing te doen.

Dit het hom teologies toegerus om sy kerkreg in Suid-Afrika te kontekstualiseer. Sy studiereis na Europa rus hom ook toe om nou as't ware van buite na die kerkregtelike bestel van die Ned. Geref. Kerk te kyk en dit te takseer. Dit laat Jonker besef dat hy nie langer kon swyg nie. By sy terugkeer besluit hy om oor die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal te skryf. Hy sou nie kon sien dat dit die *geleentheid* om sukses in die sending te behaal, uitgestippel het nie. Hy was van die teendeel oortuig.

In Europa het Jonker 'n deeglike kennis oor die historiese ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg opgedoen. Dit blyk uit die verwysings na historiese dokumente, acta en boeke oor die onderwerp waarna hy in sy werke verwys. Sy ontmoetings met teoloë in Europa het hierin meegewerk – hy was begelei deur die gerekende kerkregtelike, prof. D. Nauta. Dié navorsing het hom oortuig "... dat daar voorsiening gemaak moet word vir die taal en kulturele eie-aard van almal wat tot die kerk behoort, maar dat die eenheid van die kerk oor al hierdie grense heen uitdrukking behoort te vind in 'n gereformeerde kerkverband."[4] Die naam van 'n vriend en latere kollega en medewerker moet ook genoem word. Dit is die promovendus, J. J. F. Durand. Hy en Jonker deel dieselfde sentimente en dit is duidelik dat die twee mekaar oor en weer beïnvloed het. Durand was besig was met sy proefskrif getiteld *Una Sancta Catholica in sendingperspektief: 'n analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*.[5] Hy gebruik twee begrippe in die titel van sy proefskrif,

---

[4] Vgl. W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, Kaapstad: Tafelberg, 55.
[5] J. J. F. Durand. 1961. *Una Sancta Catholica in sendingperspektief: 'n analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. Amsterdam: Ten Have.

*pluriformiteit* en *ekumenisiteit* wat ook belangrike temas in Jonker se *Sendingbepalinge* was.

Nog 'n teoloog wat Jonker beweeg het om *Sendingbepalinge* te skryf was prof. W. J. Snyman van die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool in Potchefstroom. Hy was 'n kollega van prof. S. du Toit, met wie Jonker vroeër oorhoops was oor die gereformeerde karakter van die Ned. Geref. Kerk. Jonker was aangegryp deur 'n artikel van Snyman in April 1962 in *Die Kerkblad*[6] oor die eenheid van die kerk. Daarin skryf hy (Snyman): "'n Kerkverband wat sou bly staan by lands- of volksgrense en nie op een of ander wyse daaroor heen gaan nie, breek die eenheid van die kerk op in aparte volkskerke."[7] Dat Snyman die verdeeldheid van die kerk in Suid-Afrika aan die gedagte van 'n volkskerk[8] koppel, noem Jonker "die laaste stootjie" wat vir hom duidelikheid gebring het.[9]

Op daardie stadium was Jonker aktuarius van die Sinode van Transvaal. Dit is dus glad nie ongewoon om juis oor die Ned. Geref. Kerk se sendingbeleid vanuit 'n kerkregtelike perspektief te skryf nie. Daarbenewens het hy sedert sy laerskooldae 'n lewendige belangstelling in die sending gehad. Hy het as student dit selfs oorweeg om sy studies aan die Universiteit van Pretoria te verruil vir opleiding as sendeling aan die Hugenote Kollege in Wellington. Daar het gereeld oordenkings, artikels en ander geskrifte met die sending as tema, uit sy pen gevloei.[10] Alles dui dus daarop dat dit 'n logiese stap was om die pen oor hierdie saak op te neem. Vir Jonker het die kerklike geskeidenheid (en dus ook apartheid), teen die gangbare oortuiging in, 'n geheel ander geleentheid gebied, naamlik om die uitgangspunte van die gereformeerde kerkregering daartéén te stel.

---

[6] Vgl. *Die Kerkblad*, *jaargang 65, no. 1643*, 11 April 1962, 6, 7.
[7] Aangehaal by Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 57.
[8] Dit lyk asof nie almal duidelik onderskei tussen die begrippe *volk* en *nasie* nie. Dié terme word soos volg gebruik: 'n volk is is 'n kulturele eenheid, d.w.s. 'n groep mense wat deur taal, kultuur en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van samehorigheid het. 'n Nasie kan verskeie volkere insluit – dit is 'n politieke eenheid. Snyman – en so dus ook Jonker – wil 'n kerk wat alle gelowiges van die nasie omsluit én selfs nasionale grense oorspan.
[9] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 56.
[10] Vgl. G. J. Duursema. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2013, 35, 36.

Jonker publiseer *Sendingbepalinge* in 1962 by die klein drukkery van mnr. van der Spoel in Potchefstroom. Dié titel maak nie juis die indruk dat die inhoud boeiend, pakkend kan wees nie. Jonker sê self dat dié titel vir hom en vir mnr. van der Spoel nie baie "uitnodigend" geklink het nie. Tog sê hy, het hy die titel doelbewus gekies omdat hy geweet het dat wat hy hierin gaan aanroer, kontensieus is en hy gehoop het dat dit nie teveel aandag sal trek nie. Ook dít erken hy en noem homself "tweeslagtig". Aan die een kant het hy geweet hy kan nie langer swyg nie, maar aan die ander kant wou hy nie aandag trek nie![11] Jonker se *Sendingbepalinge* beslaan net 59 bladsye. Tog het dit 'n groot impak gehad – ook op Jonker se lewe - soveel so dat dit die spilgewrig in dié tydperk van Jonker se lewe (1954 – 1968) noem kan word. Vir Jonker was dit immers die geleentheid om die sending in gereformeerde kerkordelike baan te bring.

Die uitgewers van die boek, "Die Studie-groep oor 'Kerk en Wêreld,'" was 'n uitgelese groep sendingkundiges. Hulle almal was ook betrokke by die opleiding van nie-blanke sendelinge – met, op daardie stadium, die uitsondering van dr. Dawid Bosch, van die Madwaleni-sendingstasie. Bosch sou egter later een van die mees gerekende missioloë ter wêreld word. Die ander lede was ds. A. A. Odendaal, van die Ned. Geref. Opleidingskool, Witsieshoek, dr. Alex van Wyk, van die Ned. Geref. Opleidingskool, Turfloop en ds. Attie van Niekerk, van die Ned. Geref. Opleidingskool, Pietersburg. Die naam W. D. Jonker staan uit omdat hy in 'n blanke gemeente gearbei het en nie onmiddellik met die sending of die opleiding van sendingleraars geassosieer word nie.

Om die publikasie na waarde te skat, is dit belangrik om eers die breër historiese konteks te skets. Die sestigerjare van die twintigste eeu was in die ganse wêreld, maar veral in Afrika en in moontlik in 'n nog groter mate so in Suid-Afrika, 'n periode van storm-en-drang – inderdaad, 'n periode van kentering. 'n Bondige beskrywing van die agtergrond waarteen en die situasie waarbinne *Sendingbepalinge* geskryf is, behoort verhelderend te wees.

---

[11] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 56, 57.

## 2. Die politieke situasie in Suid-Afrika in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu

As die wêreld waarin Jonker in die vyftiger en sestigerjare van die twintigste eeu geleef en gewerk het in één woord saamgevat kan word, sal die woord *verandering* wye instemming vind. Voor die Eerste Wêreldoorlog het die christendom sy piek bereik en was dit die vernaamste godsdiens in die wêreld. Na die Tweede Wêreldoorlog was die mensdom ontnugterd en teleurgesteld dat dié twee wêreldoorloë juis in die sogenaamde "christelike" en "beskaafde" lande afgespeel het. Veral in die Weste leef die sentiment dat so iets nooit weer mag gebeur nie. Sekularisasie het hand oor hand toegeneem en leef ons tans in 'n post-christelike wêreld. Die ganse psige van die mens het verander en is waarneembaar op haas elke terrein van die samelewing.

In Suid-Afrika het die Nasionale Party onder leiding van dr. D. F. Malan in 1948 die verkiesing gewen en in die vyf jaar wat daarop gevolg het, is die meeste "apartheidswette" deur die parlement aanvaar.[12] Die dekade van 1950 – 1960 staan in die teken van die gevolge en reaksies op hierdie politieke ideologie. Enkele voorbeelde sal dit illustreer: in 1952 begin die African National Congress (ANC) met 'n versetbeweging wat bekendgestaan het as die "defiance campaign" en in 1955 aanvaar hulle die "Freedom Charter"; in 1956 word die sogenaamde "Kleurlinge" van die kieserslys verwyder. In 1958 word dr. H. F. Verwoerd Eerste Minster van die land.[13]

Staatkundig het groot veranderings in Afrika plaasgevind. Al die kolonies in Afrika en Suidoos-Asië het in die jare tussen 1946 en 1976 onafhanklikheid verkry[14]. Koloniale heerskappy was vir goed verby. Dit is vervang met onafhanklikheid (in die breedste sin van die woord), menseregte en byna ongebreidelde individualisme. In Afrika het die proses van dekolonialisasie baie vinnig verloop. In 'n kwessie van 8 jaar – tussen 1957 en 1965 – het 26 lande in Afrika die koloniale juk van hulle afgeskud met Ghana

---

12 Vgl. Hermann Giliomee en Bernard Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg, 306.

13 Vgl. Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 306 – 333.

14 P. E. M. Meijers. 2008. *Blanke broeders - zwarte vreemden: de Nederlandse Hervormde Kerk, de Gereformeerde Kerken in Nederland en de apartheid in Zuid-Afrika 1948-1972*. s.l: s.n., 179 -181; J. Knigge. 1994. *Historisch perspectief: wereldgeschiedenis van de 20e eeuw Boek II*. Historisch Perspectief. Barneveld: De Vuurbaak, 241.

op 6 Maart 1957 onder leiding van Kwame Nkrumah eerste. Talle is van mening dat dit oorhaastig, onbehoorlik en halsoorkop plaasgevind het (soos bv. in die Belgiese Kongo[15]) sonder om die state behoorlik voor te berei om die regering van die land oor te neem.

Op die proses wat tot dekolonialisasie gelei het, is gedurende die Tweede Wêreldoorlog ooreengekom en staan bekend as die "Atlantic Charter". President Franklin D. Roosevelt van die VSA en Winston Churchill, Eerste Minister van Brittanje, het tydens 'n konferensie op 'n oorlogskip wat in Placentia Bay, Newfoundland voor anker gelê het, ooreengekom dat alle volke in die wêreld voortaan hul eie politieke toekoms mag bepaal. Die VSA wou sodoende aan die een kant deure tot nuwe markte vir hulleself open én toegang tot die minerale en grondstowwe in die voormalige kolonies verkry.[16] Aan die ander kant was hulle ook van oortuiging dat, sou hulle die inisiatief neem met die proses van dekolonialisasie, hulle die guns van die mense sou wen en langs dié weg verhinder dat kommunisme 'n vastrapplek in Afrika verkry. So nie, mag die nasionalistiese groepe in die kolonies hulle na die kommuniste wend. In die 1960's het kommunisme "... 'n wêreldbedreiging geword, nie alleen vir die eintlike westerse (sic) wêreld nie, maar vir die Christendom en die Kerk as geheel."[17]

In Suid-Afrika, en met name in die geledere van die Ned. Geref. Kerk, is aan hierdie bedreiging die status van 'n retoriese instrument toegeken om die werklikheid te ontsluit en die bediening van die Woord te motiveer. Die Afrikaanse kerke het 'n gesamentlike "Anti-Kommunistiese Aksiekomitee" in die lewe geroep en 'n Volkskongres oor Kommunisme is van 31 Maart tot 2 April 1964 in die stadsaal van

---

[15] J. Knigge. 1994. *Historisch perspectief: wereldgeschiedenis van de 20e eeuw Boek II*, 252.
[16] Vir die teks van die Atlantiese Verdrag, sien http://web.archive.org/web/20080712004047/http://usinfo.state.gov/infousa/government/overview/53.html. Vgl. ook Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers: Protestant Missionaries and the Racial Politics of South Africa*. Charlottesville, VA (etc.): University of Virginia Press, 275, 322.
[17] Dr. Ben Marais. 1960. "Die Kerk in die Kontemporêre Wêreld" in A.S. Geyser. 1960. *Vertraagde aksie: 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerke*. Pretoria: uitgegee deur outeurs, 25. Oor dié bedreiging is heelwat geskryf – onder andere deur Jonker self: "Die Marxistiese godsdienskritiek" in D. J. Kotzé. 1978. *Kommunisme: die stryd om die mens*. Kaapstad: Uitgegee deur N.G. Kerk-Uitgewers in samewerking met die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch. Ook Jonker se dosent aan die Universiteit van Pretoria, prof. A. B. du Preez het meegedoen: sien P. J. Meyer, Nik Lee en A. B. Du Preez. 1970. *Die rooi gevaar is hier: kommunistiese aanslag op ons land en gees*. Pretoria: Antikommunistiese Aksiekommissie van die Afrikaanse Kerke.

Pretoria gehou.[18] Die Engelse pers, die "liberaliste" en lede van swartbewussyn bewegings is doodluiters as kommuniste geëtiketteer en langs hierdie weg word dit gou ook 'n rassekwessie.

Die magsvakuum wat op die skielike onttrekking van die Weste uit Afrika gevolg het, het direk aanleiding gegee tot die koue oorlog waarin Amerika en Rusland met mekaar meegeding het om invloed in Afrika te uitoefen. Dat Afrika onder die invloed en meer nog, moontlik ook onder die beheer van die kommunisme kon geraak, was 'n reële moontlikheid. Dié bedreiging was in Suid-Afrika sterk aangevoel en die kerke het hulle dikwels teen dié ateïstiese stelsel uitgespreek. Die geykte term om na dié bedreiging te verwys, was die "Rooi Gevaar".

Een na die ander Afrikastaat het onafhanklikheid verkry.[19] In 1960 alleen het nie minder nie as sewentien Afrikastate hulle onafhanklikheid verkry. Trouens, die Verenigde Nasies (VN) het 1960 die *Jaar van Afrika*[20] genoem en sedertdien staan dié jaar algemeen so bekend. Blank Suid-Afrika het besef dat hulle al meer en meer met die drang na vryheid en die verwesenliking van nasionale strewes en ideale van swart Suid-Afrikaners gekonfronteer sal word.

Vir die inwoners van Suid-Afrika kan 1960 in meer as een opsig as 'n waterskeiding in die geskiedenis van dié land beskou word.[21] Die sestigerjare was 'n dekade van woeling en onrus waarin "die winde van verandering" met mag en mening oor die land heen gewaai het. Enkele voorbeelde gee genoegsame getuienis hiervan. Op 3 Februarie 1960 lewer die Britse Eerste Minister, Harold McMillan, sy beroemde *wind-of-change-*toespraak in die Suid-Afrikaanse parlement. Daarin sê hy: "The wind of change is blowing through this continent. Whether we like it or not, this growth of national consciousness is a political fact."[22] Die groei van swart nasionalisme in Suid-Afrika

---

[18] Sien Volkskongres oor Kommunisme. Pretoria 31 Maart – 2 April 1964. 1964. *Christendom teen Kommunisme; referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme*. Pretoria: die Kongres.
[19] Vgl. Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 324.
[20] Vgl. Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika, 33;* Kevin Shillington. 2005. *History of Africa*. Oxford: Macmillan Education, 396, 427; Zuberi, Tukufu. 2015. *African Independence: How Africa Shapes the World*. Lanham: Rowman & Littlefield; Mark Wallet, 2010. "1960, Het jaar van Afrika" by http://www.digibron.nl/search/detail/012dba7e7720626f8598eb66/het-jaar-van-afrika.
[21] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 39.
[22] https://en.wikiquote.org/wiki/Harold_Macmillan. Sien ook Vgl. Giliomee, en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 333.

was – soos in die res van Afrika – inderdaad ’n werklikheid waarmee daar in die jare na die Tweede Wêreldoorlog deeglik rekening gehou moes word. Die uitspraak word allerweë as ’n historiese baken in die geskiedenis beskou.

Dié toespraak het verskillende reaksies onder die verskillende bevolkingsgroepe tot gevolg gehad. Aan blanke kant het die destydse Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, hom skerp teen McMillan uitgespreek. Die resultaat was dat die regering hom eerder verhard het en strenger teen die sogenaamde vryheidsbewegings opgetree het. Blank Suid-Afrika het die nasionalistiese strewes van die swart volkere as ’n bedreiging gesien en daarna verwys as “die swart gevaar” waarteen hy homself moes verskans en beskerm.

Onder die swart bevolking het McMillan se toespraak die teenoorgestelde uitwerking gehad. Vir swart Suid-Afrikaners was dit ’n motivering, ’n bevrydende woord en selfs ’n oproep om tot aksie oor te gaan. Kort na die toespraak, op 21 Maart, vind ’n betoging teen die gewraakte paswette in Sharpeville naby Vereeniging plaas en op 30 Maart in Langa naby Kaapstad.[23] Wat in Sharpeville vreedsaam begin het, het op ’n bloedbad uitgeloop en dit was een van die donkerste dae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die polisie het op die betogers losgebrand en 69 is gedood en 180 gewond. Die regering het op 8 April hierop reageer, ’n noodtoestand afgekondig, die ANC en PAC verban en duisende swart mense is in hegtenis geneem.

Op 9 April, 19 dae na Sharpeville, wond David Pratt in ’n mislukte sluipmoordaanslag vir Verwoerd by die Randse Paasskou in Johannesburg.

---

Dr. Johan Heyns maak die vreemdste gevolgtrekkings oor hierdie toespraak in ’n artikel in *Die Kerkbode*, van 24 Februarie 1960. *Die Kerkbode* som sy standpunt so op: “Die nie-blanke nasionalisme is in sy wese heidens.” en “Wil die Weste die Christendom aan die Heidendom uitlewer?” vgl. J. A. Heyns. 1960. “Afrika, Politieke Leiers en die Christendom.” *Die Kerkbode*, *lxxxv (8),* 24 Februarie 1960, 294 – 296. Veral prof. Bennie Keet reageer skerp afwysend hierop: “Nie-blanke Nasionalisme, Vreemde Gevolgtrekking”, *Die Kerkbode*, *lxxxv (11),* 16 Maart 1960, 435. Heyns word ook tereggewys deur prof. Willie van der Merwe. Sien W. J. van der Merwe. “Kerk in Krisistyd”, *Die Kerkbode*, *lxxxv (11),* 16 Maart 1960, 435, 436.

[23] Sien bv. G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005*. Deel II, Zoetermeer: Meinema, 455 ev.; Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 334, 335; David M. Scher. “Die vestiging van die apartheidstaat” in Fransjohan Pretorius. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, 338, 340 – 341; Jackie Grobler. Swart verset teen apartheid” in Pretorius. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 374 – 377. J. Knigge. 1994. *Historisch perspectief: wereldgeschiedenis van de 20e eeuw Boek II*., 256; Kevin Shillington. 2005. *History of Africa*, 427;

Ook in 1960, op 5 Oktober, word ’n referendum oor republiekwording gehou en op 31 Mei 1961 word Suid-Afrika amptelik ’n republiek. In reaksie besluit Nelson Mandela en van die jonger ANC-leiers om saam met die SAKP Umkhonto Wesizwe (MK), ’n gewapende militêre vleuel, te stig en in Desember 1961 het hulle met hul sy eerste tuisgemaakte bomme sabotasie dade gepleeg.[24]

Op 5 Augustus 1962 word Mandela naby Pietermaritzburg in hegtenis geneem en die ander leiers van die ANC – waaronder Walter Sisulu en Govan Mbeki op 11 Julie 1963 in Rivonia. Hierop het die bekende Rivonia verhoor gevolg waartydens Mandela en verskeie ander ANC leiers tot lewenslange gevangenskap gevonnis was vir hul teenstand teen die regering.[25]

Inderdaad: 1960 was ’n beslissende, waterskeidingsjaar in die geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het nie net die toon aangegee van wat in dié dekade in die land sou gebeur nie, maar ook in die Ned. Geref. Kerk.

## 3. Die Ned. Geref. Kerk in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu

Die Ned. Geref. Kerk kon nie oor die verwikkelinge swyg nie. Die kerk het die kontemporêre ontwikkelinge duidelik afgewys en hom verbind aan die “volk” se tradisie en oortuiging dat die enigste veilige toekoms in apartheid lê. Om die Kerk se reaksie binne sy historiese konteks te verstaan, is dit belangrik om eers ’n tree terug te gee en denke onderliggend aan die Ned. Geref. Kerk se pro-Apartheid standpunt op te diep en te oorweeg. Uit die aard van die onderwerp is dit onmoontlik om volledig te wees. Hieroor het talle publikasies reeds die lig gesien – soos hieronder sal blyk. Ook word daar nie voorgegee dat die lys van publikasies waarna verwys word, uitputtend is nie.

Dit het reeds in die voorafgaande hoofstukke geblyk dat ’n noue band tussen die Ned. Geref. Kerk en die Afrikanervolk bestaan het.[26] Sou ’n mens die Ned. Geref. Kerk, die Afrikanervolk en die Nasionale Party in een asem noem, die band nie net baie nou is

[24] Vgl. Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 336.
[25] Vgl. Giliomee en Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 337, 339.
[26] Sien voetnoot 5 hierbo.

nie, maar selfs noodlottig[27]. Die kritiese afstand tussen die kerk en die volk en sy politieke party het verlore geraak. Grappenderwys is dikwels na die Ned. Geref. Kerk as die Nasionale Party in gebed verwys.[28]

Dié verweefdheid van die kerk met die regering van die land, kom 'n lang pad – in werklikheid, vandat die kerk saam met die Hollandsche Oost-Indische Compagnie in die Kaap voet aan wal gesit het. Die koloniale bewindhebbers aan die Kaap veral, maar later ook die regerings van die "Boere-Republieke", het hulle gesag en invloed in die kerk laat geld. Die (vroeë) Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis kan nie los van hierdie invloede na behore beskryf word nie. Die "Afrikanervolk en sy kerk" wou veral vry van die Britse koloniale owerhede wees – veral ná die Anglo-Boereoorlog. Maar dit was veral die Rebellie van 1914, toe Boer teen Boer teenoor mekaar gaan staan en ook in die Ned. Geref. Kerk tweespalt gesaai het, wat 'n nuwe impetus verleen het om godsdiens, politiek en taal in een nasionale bewussyn te inkorporeer.[29] Na die Rebellie het predikante van die Ned. Geref. Kerk in Bloemfontein vergader om oor die gebeurtenis te besin. Sommige wou die rebelle sensureer. Op voorstel van dr. D. F. Malan – indertyd nog predikant in Graaff-Reinet – het die vergadering besluit:

> "Dat ons kerk behalwe haar algemene roeping as Christelike kerk ook 'n besondere roeping het teenoor die Hollands-sprekende Afrikanervolk, met wie se bestaan die kerk op so 'n innige wyse verbonde is, en daarom dit altyd as sy plig beskou het om self nasionaal te wees en te waak vir ons besondere belange en om aan die volk te leer om in sy eie geskiedenis en wording en om by die

---

[27] 'n Term waarop Ferdinand Deist sinspeel in sy gelyknamige boek. Sien Ferdinand Deist. 1975. *Die noodlottige band: die verhouding tussen kerk en staat in Oud-Israel*. Kaapstad: Tafelberg.

[28] Vgl. Redaksionele kolom in *Die Kerkbode*, *lxxix (2),* 9 Januarie 1957, 36; George Hofmeyr. 2002. NG Kerk *350: een honderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Wellington: Lux Verbi, 189; P. J. Strauss. "Die kerk, maatskappy en vrye verenigings: 'n studie van die kerkorde van die NG Kerk" in *Acta Theologica, vol. 34 n. 2*, Bloemfontein. 2014. by http://dx.doi.org/10.4314/ACTAT.V34I2.8. Datum besoek 2016-01-12.

[29] Vgl. bv. Herman Giliomee: "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08, http://www.litnet.co.za/Article/hermann-giliomee-het-apartheid-by-die-kerk-begin. Datum besoek 2014-06-04. Ook J. H. P. van Rooyen toon in sy proefskrif die rol wat die Ned. Geref. Kerk hierin gespeel het – sien J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 18 e.v. by http://hdl.handle.net/10539/20402. Datum besoek 2016-05-31. Sien verder ook David M. Sher. "Die Vestiging van 'n Apartheidstaat 1948-1966" in Fransjohan Pretorius. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 325; Lindie Koorts. 2014. *D F Malan en die opkoms van Afrikaner Nasionalisme*. Kaapstad, Tafelberg, 385.

> Afrikanervolk ’n besef van ’n nasionale roeping en bestemming lewend te hou, waarin die geestelike, sedelike en stoflike vooruitgang van ’n volk geleë is.”[30]

Die lotgevalle van die Ned. Geref. Kerk en dié van die Afrikanervolk is so nou verweef dat Giliomee kan vra “Het apartheid by die Kerk begin?” en daarna aandui dat daar gronde vir so ’n vermoede mag bestaan. Hy skryf:

> “In die loop van die 1930’s het die vraag by Nasionale Party-politici ontstaan: As elke volk sy eie kerk het, hoekom word daar nie daarvoor voorsiening gemaak dat elke volk sy eie volksregering, sy eie groepsgebiede, sy eie volksgerigte onderwys en sy eie volkstaat kry nie?”[31]

Die woord “apartheid” het waarskynlik vir die eerste keer in 1929 in ’n publikasie van die Ned. Geref. Kerk in druk verskyn.[32] ’n Sendingkongres is in 1929 oor die “NG Kerk van die OVS en die Naturellevraagstuk” in Kroonstad gehou. ’n Bundel met die voordragte wat gelewer was, is daarna gepubliseer. Dit was ds. J. C. du Plessis van Bethlehem-Wes wat gesê het:

> “In hierdie grondbegrip van Sendingwerk en nie in rassevooroordeel nie, moet die verklaring gesoek word vir die gees van apartheid wat ons gedragslyn nog altoos gekenmerk het, en wat sommige deur misverstand in ons laak. Die verwyt word ons dikwels gemaak dat ons Kerk uit rassevooroordeel die vader is van die kleurlyn, deurdat ons nooit wou toelaat nie dat bekeerlinge uit die heidene in ons kerkelike en sosiale samelewe met ons blanke lidmate sou meng ...”[33]

---

[30] Aangehaal by Giliomee. “Het Apartheid by die Kerk Begin?”, *LitNET*, 2013-05-08.

[31] Giliomee. “Het Apartheid by die Kerk Begin?”, *LitNET*, 2013-05-08.

[32] Vgl. Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 6, 229.

[33] N.G. Kerk in die Oranje Vrystaat. 1929. *Die N.G. Kerk in die O.V.S. en die Naturellevraagstuk*. Nasionale Pers, Bloemfontein, 22. Elphick sê van die besluite en standpunte op die kongres dat “... the succinct combination of several themes – equality of the races in principle; denial of blacks' rights in white spheres; unlimited opportunities for blacks to “advance” in black spheres; development of a separate African nation; generous aid from the churches to blacks; and denial of whites' rights in black spheres – was so emphatic (despite rather sloppy drafting), and so fundamental to the document, that one can say, with little exaggeration, that the Free State Mission Policy outlined an apartheid ideology almost two decades before it became the official policy of the South African government.” Vgl. Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 230

Vir hierdie studie is dit nie nodig om verder op dié deel van die geskiedenis in te gaan nie. Die vraag wat wel gevra moet word, is waar dié soort denke vandaan kom. Pas ná die beëindiging van apartheid en veral gedurende die 5 tot 10 jaar daaraan voorafgaande, is die blaam byna uitsluitlik voor die deur van die (neo)-Calvinisme en Kuyper gelê. Vandag bestaan taamlik breë instemming dat dié denke nie uitsluitlik en sonder meer daaraan toegeskryf kan word nie.[34]

Veral die invloed van Kuyper en die Vrije Universiteit is vir hierdie spesifieke konteks belangrik. Terwyl sommige dinge ten onregte voor Kuyper se deur gelê word, was hy hy inderdaad nie sonder invloed op wat hier gebeur het nie. Prof. G. J. (Gerrit) Schutte gee op grond van sy navorsing van primêre bronne, die volgende mening:

> "Calvinisme en neocalvinisme, antithese en soevereiniteit in eigen kring, de wijsbegeerte der wetsidee: ze duidden in Nederland en Zuid-Afrika niet geheel dezelfde realiteiten aan. Een serieuze historische analyse, aan de hand van de primaire bronnen, kan slechts tot de conclusie komen dat Guillaume Groen van Prinsterer, Abraham Kuyper en Herman Dooyeweerd niet de peetvaders waren van de filosofie van de apartheid of eigensoortelijke ontwikkeling. Ook al gebruikten verdedigers van de apartheid soms hun begrippen. Die hadden daar, in een andere context, immers een andere betekenis. Niet schuldig aan de apartheidsideologie dus. Maar geheel onschuldig aan de apartheid waren gereformeerd Nederland en de VU óók niet."[35]

Dit sal ook blyk dat Jonker, terwyl hy vir Kuyper vol in die visier het, sy teëstanders telkens daarop wys dat hulle ook nie aan Kuyper ten volle reg laat geskied nie. Veral die invloed van die fundamentalisme uit Princeton word nie na behore verreken nie.[36]

---

[34] So onderskei Murray Coetzee bv. ses belangrike teologiese denkstrome wat bygedra het tot die teologiese ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk. Hy noem: "... a) die Utrechtse stroom, b) Skotse Evangeliese-piëtisme, c) Princetonse fundamentalisme, d) Amsterdamse neo-Calvinisme, e) die Romantiese Volksbegrip en f) die Sendingkunde van Warneck ..." Vgl. Murray Coetzee. 2013. "Eertydse Nederduitse Gereformeerde teologiese denkstrome ten grondslag van Beyers Naudé se kritiek op apartheid". *NGTT, 54 (3 & 4),* 155.

[35] G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005*. Deel II, Zoetermeer: Meinema, 653.

[36] Sien G. J. Schutte. 2006. "Meer dan theologie alleen: Neo-Calvinistische perspectieven op kerk en samenleving in Zuid-Afrika; opmerkingen bij de Du Plessis-zaak". *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe, 46 (3),* 351 – 354; G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005*. I. Zoetermeer: Meinema, 191, 192.

Die invloed van iemand soos Dale Carnegie[37] en hoe rasseverhoudinge in die Suide van Amerika verstaan is, moet nog in hierdie debat na waarde geskat word. Dit val egter buite die fokus van hierdie studie aangesien die gesprek tussen Jonker en die Ned. Geref. Kerk hoofsaaklik fokus op Kuyper en die gereformeerde invloede uit Nederland

Terwyl die diverse invloede wat op die Ned. Geref. Kerk ingespeel het ten volle erken word, was die kontekstuele resepsie van Kuyper en die neo-Calvinisme nogtans baie groot. Dit is duidelik genoeg dat daar deur die "argitekte" van "kerklike apartheid" telkens gepoog was om hulle op Kuyper en Calvyn te beroep. Hulle het – ten regte of ten onregte – self die band gelê. Kuyper – en sy leerling, die filosoof Herman Dooyeweerd – is dikwels bygehaal om standpunte te verdedig. In die eerste helfte van die twintigste eeu het 'n promosie aan Kuyper se Vrije Universiteit groot aansien gehad en het talle – soos Jonker – hulle weg na Amsterdam en die Vrije Universiteit gevind. Kuyper en die VU se invloed sou vir baie jare in die kerk figureer.[38] Omdat dit ook in Jonker se bespreking van die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal oor hiérdie boeg gegooi word, word nou aandag daaraan gegee.

Die invloed van die "Kuyper-skool" het algaande gegroei, hoewel Kuyper dikwels eklekties gebruik is. Dit beteken dat die neo-Calvinisme van Kuyper in die Suider-Afrikaanse gereformeerde konteks 'n eie karakter aangeneem het, alhoewel daar dikwels aanspraak gemaak was dat dit *volledig* op Kuyper teruggaan[39] Die bekende wysgeer aan die (destydse) Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), prof. H. G. Stoker was eerste om van "egte Boere-Calvinisme"[40] te praat. Sy bedoeling was klaarblyklik nie om met dié term te sê dat "boere-Calvinisme" van "neo-Calvinisme" verskil nie. Die term is egter nuttig om juis

---

[37] Oprigter van die Carnegie-Stigting wat die Carnegie Verslag oor die Armblankevraagstuk befonds het.
[38] George Hofmeyr. 2002. N.G. Kerk *350*, 159. In my eerste werk oor Jonker is ook die ontstaan en invloed van die VU bespreek. Sien Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 124 – 129.
[39] Vgl. J. C. Adonis. 1999. "The Role of Abraham Kuyper in South Africa – A Critical Historical Evaluation." in Cornelis van der Kooi and J. de Bruijn. 1999. *Kuyper Reconsidered: Aspects of his Life and Work*. Amsterdam: VU Uitgeverij, 270; P. J. Strauss. 2002. "Die N.G. Kerk en sy ekumeniese bande" in: Flip Du Toit. 222. *Moeisame pad na vernuwing: die N.G. Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie*. Bloemfontein: Barnabas, 223.
[40] H. G. Stoker. 1941. *Die stryd om die ordes*. Pretoria: Caxton, 84. Hy skryf: "Die enigste redding van ons volk op kerklik-godsdienstige gebied is ... 'n terugkeer tot die egte Boere-Calvinisme wat ook politiek, volksbestaan, onderwys, ja alles onder Gods soewereiniteit en onder die koningskap van Christus plaas."

aan te dui dat "boere-Calvinisme" en Kuyper se neo-Calvinisme baie raakpunte het, maar *nie* identies is nie.

Hierdie "boere-Calvinisme" het veral na vore gestu met die bekende "du Plessis-saak" wat van Maart 1928 tot November 1932 geduur het. Du Plessis word uiteindelik aangekla van leerdwaling en die saak het in die burgerlike hof gedraai.[41] Die meeste aandag is gewy aan sy inspirasieleer en die indruk mag bestaan dat dit al was waarom dit gegaan het. Prof. J. D. du Toit (Totius), hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Potchefstroom, is opgeroep om as deskundige getuie oor die gereformeerde inspirasieleer vir die Ned. Geref. Kerk op tree.[42] Prof. Gerrit Schutte gee 'n uitstekende opsomming van die hele aangeleentheid en dui aan dat dit om veel meer gaan:

> "In this affaire, various theological, ecclesiastical, religious, intellectual and sociocultural traditions clashed. Even the relationship of state and church was at stake... According to many, Du Plessis stood for the Scottish-Calvinist tradition, the personal Methodist religion and an open, modern church, while his complainants – influenced by reactionary Princeton-based American fundamentalism – stood for a strict confessional church, Biblicist and fundamentalist, for the type of Christian-national Calvinism and sturdy conservatism, if not even worse. This article asks for attention to the role of alumni of the Amsterdam Free University, influenced by its modern confessional neo-Calvinism and its new ecclesiastical concepts and successful practices, providing very promising perspectives for church and society in South Africa too. By confronting Du Plessis's views by modern "Kuyperian" neo-Calvinism, much more was at stake than only theology."[43]

---

[41] George Hofmeyr. 2002. N.G. Kerk *350*, 172 – 173.
[42] Vgl. V. E. D'Assonville. 1993. *Dit is Totius: J. D. du Toit, 1877-1953*. Lynnwoodrif: MARNIX, 58 en 153 – 160.
[43] Vgl. G. J. Schutte. 2006. "Meer dan theologie alleen", 348. Vir 'n volledige uiteensetting van du Plessis se standpunte vgl. die slotbeskouing in Erasmus se biografie van du Plessis in A. S. Erasmus. 2009. *Baanbreker, verbreker van die gereformeerde geloof*? Bloemfontein: UV Teologiese Studies, 449 – 459.

Du Plessis het in 1923 'n eie tydskrif uitgegee met die titel *Het Zoeklicht*. Die opponerende party se tydskrif het die naam van *Die Oude Paaie* gedra. Lesers van laasgenoemdes het die naam "Oupajane" gekry. Dié teologiese tydskrif van Ned. Geref. Kerk word in verskillende publikasies deur navorsers uitgewys as een van die grondleggers van die Suid-Afrikaanse neo-Calvinisme en die weg gebaan het vir die ontwikkeling van 'n apartheidsteologie."[44]

Die eerste redaksie van *Die Oude Paaie* het bestaan uit D. G. Malan (Wellington), E. E. van Rooyen (Kweekskool, Stellenbosch) met dr. D. R. Snyman – Du Plessis se oorspronklike aanklaer – as redakteur. Snyman, predikant van die Ned. Geref. Kerk Stellenbosch, is 'n alumnus van Princeton en "voorman van die Princeton-groep", sê Schutte. Hy gaan voort: "Snyman had in zijn studietijd in Amerika kennis gemaakt met het biblicisme en werd gegrepen door het fundamentalisme."[45] Dit is 'n belangrike ontwikkeling, want hierdeur het die fundamentaliste/biblisiste met die neo-Calviniste magte saamgesnoer. Dit is hierdie mengsel van neo-Calvinisme, fundamentalisme en biblisisme waarvoor Stoker se term "Boere-Calvinisme" in hierdie studie gebruik word.[46]

*Die Oude Paaie* se naam verander in 1933 na die *Gereformeerde Vaandel*[47], maar die redaksie bly teoloë uit dieselfde kring. Richard Elphick skryf dat dié tydskrif "...was becoming more assertively neo-Calvinist ...".[48] As voorbeeld: hierin publiseer Prof. F.

---

[44] Vgl. Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 160 – 161; George Hofmeyr. 2002. N.G. Kerk *350*, 159; Kinghorn, Johann, and C. F. A. Borchardt. 1986. *Die N.G. Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan South Africa, 55 – 58; F. E. O'Brien Geldenhuys. 1982. *In die stroomversnellings: vyftig jaar van die NG Kerk*. Kaapstad: Tafelberg, 3; Murray Coetzee. "Eertydse Nederduitse Gereformeerde teologiese denkstrome ten grondslag van Beyers Naudé se kritiek op apartheid". *NGTT, 54, 3 & 4*, September en Desember 2013, 3; P. J. Strauss. 2014. *Gereformeerdes onder die Suiderkruis: 1652-2011.* Sun Press, Bloemfontein, 56.

[45] Vgl. G. J. Schutte. 2006. "Meer dan theologie alleen", 351

[46] Hans Engdahl beskryf bv. die bekende prof. F. J. M. Potgieter as "kontemporêre fundamentalis" met biblisistiese beskouinge én as 'n neo-Calvinis. vgl. Hans S. A. Engdahl. 2011. "Contemporary fundamentalism and F. J. M. Potgieter's theology" *Scriptura 107 (2011).* http://scriptura.journals.ac.za/, 207, 209.

[47] In 1959 word die naam verander na *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* en sedert 2015 heet dit die *Stellenbosch Teologiese Joernaal*.

[48] Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 245. Elphick beklemtoon die invloed van die neo-Calvinisme té eensydig en verreken nie die invloed van die fundamentalisme vanuit Amerika genoegsaam nie.

J. M. Potgieter 'n artikel getiteld *Veelvormige ontwikkeling: Die wil van God*[49] waarin hy poog om apartheid in 1958 Skriftuurlik te begrond.

In 'n verdere ontwikkeling het sommige teoloë van die Gereformeerde Kerke ("Doppers") en die Ned. Geref. Kerke begin om met mekaar saam te werk.[50] Studenteliggame van die PU vir CHO en dié op Stellenbosch het saamgesmelt om die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings te vorm. Die Vereniging het 'n uitgebreide publikasie, *Koers in die Krisis*, gepubliseer. Twee en veertig artikels het daarin verskyn, waarvan die teoloë van die Ned. Geref. Kerk negentien en die Doppers slegs tien geskryf het.[51] Du Plessis het destyds reeds gewaarsku teen die "Dopperse rigting" en selfs gepraat van 'n "verdoppering" van die Ned. Geref. Kerk.[52] 'n Laaste voorbeeld: die bekende en invloedryke dr. J. D. (Koot) Vorster promoveer – nie aan sy alma mater, die Kweekskool in Stellenbosch by sy kerkreg-leermeester prof. B. B. Keet, aan wie hy erkenning gee in die voorwoord van sy proefskrif, nie – maar aan die PU vir CHO.[53]

So het 'n gemeenskaplike "Boere-Calvinistiese" denkpoel ontstaan wat gepoog het om sy invloed op elke terrein van die samelewing te laat geld. Uit dié poel was invloedryke NG teoloë soos onder andere proff. A. B. du Preez en F. J. M. Potgieter en drr. A. P. Treurnicht, J. S. Gericke en J. D. Vorster baie aktief in die kerklike lewe. Die ontstaan van dié "denkpoel" kan ook nie losgemaak word van die invloed van prof. Valentijn Hepp, hoogleraar in dogmatiek, apologetiek, etiek en dogmageskiedenis aan die Vrije Universiteit en promotor van F. J. M. Potgieter nie. Hy het hom beywer vir 'n internasionale bond van calvinisme en in Suid-Afrika het 'n groep uit die Gereformeerde Kerke (Doppers) die inisiatief geneem. Hulle was D. Postma, J. C. van Rooy, J. A. du Plessis en H. G. Stoker.[54]

---

[49] *Gereformeerde Vaandel, 26:1*, 1958

[50] Daar moet egter géén misverstand bestaan nie: dit beteken nie dat die diepe verdeeldheid onder die Afrikaners nou opgehef is nie – die partypolitieke geskiedenis lewer genoeg getuienis daarvan.

[51] Vgl. Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers*, 242.

[52] George Hofmeyr. 2002. *N.G. Kerk 350*, 159.

[53] Vgl. die voorwoord tot sy proefskrif: J. D. Vorster. 1956. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652-1792*. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.

[54] Sien W. G. de Vries. 1974. *Calvinisten op de tweesprong: de Internationale Federatie van Calvinisten en haar invloed op de onderlinge verhoudingen in de Gereformeerde Kerken in Nederland in de dertiger jaren van de twintigste eeuw*. Groningen: De Vuurbaak, 17. Vgl. ook bladsye 17 – 25.

Hierdie gemeenskaplike denkpoel is vanuit filosofiese kring aangevul met wysgere wat hulle wortels ook by die VU terugvind, met name by proff. Vollenhoven en Dooyeweerd. Laasgenoemde munt en noem die filosofie wat hulle by die VU doseer, die *Wysbegeerte van die Wetsidee*. Dooyeweerd noem die Wysbegeerte van die Wetsidee "*reformatorische wijsbegeerte*".[55] In 'n reeks artikels[56] wat hy tussen 1923 en 1925 skryf, gebruik en verduidelik hy die begrip "*wetsidee*" en werk hy Kuyper se idee van soewereiniteit in eie kring verder en breër uit. Waar Kuyper dit hoofsaaklik tot die maatskaplik-sosiologiese lewe beperk het, gee Dooyeweerd daaraan 'n kosmies-universele betekenis. Kuyper en Dooyeweerd het die beginsel van soewereiniteit in eie kring uitdruklik in die skeppingsorde gefundeer[57] – hierop sal hieronder verder uitgebrei word.

Kuyper het in sy beroemde rede "Soevereiniteit in eigen kring"[58] waarmee hy die Vrije Universiteit op 20 Oktober 1880 geopen het, dié beginsel uitgespel. Die universiteit wou iets bied wat aan geen ander universiteit in die wêreld aangebied was nie, naamlik die beoefening van *christelike wetenskap*. Vir Kuyper (én Dooyeweerd) word die verstaan van die hele werklikheid inderwaarheid religieus bepaal. Die beoefening van *christelike wetenskap* sê Kuyper: "... zal het christendom een zuurdeeg in ons volksleven zijn, dan moet ook de rechter, ook de geneesheer, ook de staatsman, ook de letterkundige, ook de wijsgeer, den inhoud zijner wetenschap door het licht van den Christus laten beschijnen."[59]

---

[55] Herman Dooyeweerd. 1924. *In den strijd om een christelijke Staatkunde: proeve van een fundeering der Calvinistische levens- en wereldbeschouwing in hare wetsidee*. Kampen: Kok.

[56] Die titel van die reeks in die driemaandelikse blad van die *Antirevolutionaire Partij* was: "*In de strijd om een christelijke staatkunde; proeve van een fundering der calvinistische levens- en wereldbeschouwing in hare wetsidee," Antirevolutionaire Staatskunde (1924-25)*, 7-25, 62-79, 104-118, 161-173, 189-200, 228-244, 309-324, 433-460, 489-504, 528-542, 581-598, 617-634; *2 (1926),* 244-265, 425-445; *3 (1927)*, 142-195. Hy werk dit in 1926 verder uit in sy intreerede as professor in Regte aan die Vrije Universiteit met die titel: *De Beteekenis der Wetsidee voor Rechtswetenschap en Rechtsphilosophie* (Kampen: J. H. Kok, 1926) en uiteraard in sy hoofwerk: *De Wijsbegeerte der Wetsidee.* 3 Volumes (Amsterdam: H. J. Paris, 1935-1936).

[57] Sien J. D. Dengerink. 1948. *Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw*. Kampen: Kok, 162 ev.

[58] Vgl. Gerrit Schutte, *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880 – 2005*, I, 13.

[59] Aangehaal by van Deursen, *Een hoeksteen in het verzuild bestel, De Vrije Universiteit 1880 – 2005,* 19. Hierdie standpunt van Kuyper is van groot belang. Dit vorm ook die grondslag vir die hele gedagte van Christelik-Nasionale onderwys in Suid-Afrika wat – op voetspoor van Kuyper – ook die Universiteit van die Oranje Vrystaat en veral die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onmiskenbaar beïnvloed het.

Bepaalde aspekte van die *Wysbegeerte van die Wetsidee* en van Kuyper se teologie, filosofie en politiek het in Suid-Afrika aanklank gevind en is kontekstueel aangepas en verwerk. Kuyper se aandrang op 'n onderwysstelsel wat vanuit calvinisties-gereformeerde beginsels beoefen word, was in Suid-Afrika só ontwikkel dat dit onder andere tot die ideologie van Christelik-Nasionale onderwys verword het. Aan twee universiteite in Suid-Afrika het dit navolging gevind, nl. die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat met sý variant van die Wysbegeerte van die Wetsidee, het manne soos prof. H. J. Strauss[60] wat hoof was van die departement Staatsleer, opgelewer. Twee dosente uit hierdie departement het later in die Nasionale Party regering gedien. Dr. Louis van der Watt dien in die Volksraad en word later administrateur van die Vrystaat. Die ander was dr. Niel Barnard wat deur president P. W. Botha as hoof van Nasionale Intelligensie aangestel was. Prof. Strauss het gereeld aan teologiese debatte deelgeneem soos bv. in die polemiek wat Jonker se *Sendingbepalinge* gevolg het.[61]

Hierbo is reeds na prof. H. G. Stoker van die PU vir CHO met sy *Wysbegeerte van die Skeppingsidee* verwys.[62] Reeds die naam van die universiteit waaraan hy verbonde was, dui daarop dat eksplisiet geïmpliseer word dat 'n verbintenis met Dooyeweerd en die VU bestaan: Potchefstroomse Universiteit vir *Christelike Hoër Onderwys*. Die grondidee van Kuyper en Dooyeweerd dat die hele werklikheid religieus bepaal word, geld – soos geïmplementeer aan die PU vir CHO – in die besonder ook die onderwys. Wel moet dit baie duidelik gemaak word dat Dooyeweerd Stoker se "korreksies" (sprekend in die naam Wysbegeerte van die *Skeppingsidee*, nie *Wetsidee* nie) bestry het.[63]

Hoewel hulle uit dieselfde wortel stam, het die filosowe van die twee universiteite soms skerp van mekaar verskil. Maar vanuit hierdie gemeenskaplike christelik-filosofiese

---

[60] G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika*, 314, 370 en dikwels.
[61] Sien *Die Kerkbode*, *xcii (10),* 4 September 1963, 336.
[62] Sien sy invloedryke publikasie: H. G. Stoker. 1933. *Die wysbegeerte van die skeppingsidee, of, Grondbeginsels van 'n Kalvinistiese wysbegeerte*. Pretoria: De Bussy.
[63] Sien by G. C. Berkouwer. 1989. *Zoeken en vinden: herinneringen en ervaringen*. Kampen: Kok, 30.

denkmodel word daarop aangedring dat die lewens- en wêreldbeskouing in die land "Christelik-nasionaal" moet wees. Uit dié geledere is die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO)[64] in die lewe geroep. Prof. F. J. M. Potgieter van die kweekskool in Stellenbosch was 'n aantal jare voorsitter van die VCHO. In Giliomee se woorde hierbo: 'n vereniging vir "volksgerigte onderwys". Dit is egter belangrik om te herhaal – in die woorde van prof. G. J. Schutte:

> "Eén van de vaste elementen van de beeldvorming rondom Kuyper en Zuid-Afrika is, dat vriend en vijand hem het peetvaderschap toedichten van het christelijk-nationaal onderwijs in Zuid-Afrika, en alle problemen die dat in de twintigste eeuw opgeleverd heeft ..."[65]

Desnieteenstaande is die uiteinde van die saak dat uit dié tradisie kerke, Afrikanerkultuurliggame en die Nasionale Party elk vanuit sy eie hoek apartheid ondersteun het.[66]

Twee figure wat hierbo genoem is, proff. Potgieter en Stoker,[67] word uitgesonder om bostaande te illustreer. Hans Engdahl promoveer in 2005 aan die universiteit van Uppsala in Swede oor prof. F. J. M. Potgieter.[68] In 'n artikel in *Scriptura* beskryf hy hom as 'n "kontemporêre fundamentalis"[69] met biblisistiese beskouinge[70] Terselfdertyd sê hy "Potgieter could certainly be called a *neo-Calvinist*... That is, he had, already as a doctoral student there in the 1930s, *adopted the neo-Calvinist life view*. The prime authority (next to Calvin) was without competition *Abraham Kuyper* (ek kursiveer – GJD).[71]

---

[64] Vgl. W. G. de Vries. 1974. *Calvinisten op de tweesprong*, 48 – 50 en G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika*, I, 370 – 374.
[65] G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika*, I, 65.
[66] Vgl. Johann Kinghorn en C. F. A. Borchardt. 1986. *Die N.G. Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan South Africa, 118; P. J. Strauss. 2002. "Die Ned. Geref. Kerk en sy ekumeniese bande", 223
[67] 'n Mens sou goedskiks ook op ander wat hierbo genoem is, fokus, bv. op Totius of op drr. Koot Vorster of A. P. Treurnicht, ens.
[68] Hans S. A. Engdahl. 2006. *Theology in Conflict – Readings in Afrikaner Theology the Theologies of F. J. M. Potgieter and B. J. Marais*. Frankfurt am Main: Peter Lang.
[69] Hans S. A. Engdahl. 2011. "Contemporary fundamentalism and F. J. M. Potgieter's theology" *Scriptura 107 (2011).* http://scriptura.journals.ac.za/
[70] Engdahl. 2011. "Contemporary fundamentalism and F. J. M. Potgieter's theology", 207.
[71] Engdahl. 2011. "Contemporary fundamentalism and F. J. M. Potgieter's theology", 208, 209.

Wanneer Potgieter egter oor die kerk praat, is sy vertrekpunt, a la Kuyper[72], die kosmologie waarvan die pluriformiteit van die skepping ’n hoeksteen is. Hierdie pluriformiteit is ’n rykdom van die geskape werklikheid en word in alles sigbaar. Daar is egter ook ’n bepaalde eenheid in die geskape werklikheid soos bv. gesien kan word in die menslike geslag. Hierdie eenheid het egter as gevolg van die sondeval tot niet gegaan. Maar deur die algemene genade van God – soos gesien kan word by die toring van Babel – het Hy deur die verskeidenheid van tale en uiteindelik ook nasionaliteite en rasse, die mens nie verdelg nie, maar behoue laat bly. Die menslike geslag is steeds een, maar – vanweë God se genadige ingreep – in hierdie bedeling verdeel. Net so tas afsonderlike kerke vir verskillende volkere sonder ’n sigbare kerkverband nie die eenheid van die kerk aan nie.[73]

Uiteraard is daar veel meer fasette aan prof. Potgieter as bogenoemde. Hy was ’n gesiene en gerespekteerde hoogleraar in die Ned. Geref. Kerk. Jonker, Potgieter se latere kollega, skryf ook met waardering oor hom. Hy sê dat hulle goed met mekaar oor die weg gekom het omdat Potgieter “... so ’n beskaafde en opreg-vriendelike mens was ...” en Jonker self het “... ’n opregte agting vir hom gekoester, en ’n sterk toegeneentheid tot hom as mens” gehad.”[74] Die profiel van ’n fundamentalistiese, biblisistiese neo-Calvinis pas egter presies in met wat hierbo as “Boere-Calvinisme” beskryf is.

Ook Stoker wil by die beginsels van Kuyper en die Vrije Universiteit aansluit. Die beginsel van Kuyper se soewereiniteit in eie kring verwoord hy só:

> “Die Calvinisme erken die verskeidenheid deur God in die menslike verhoudinge gelê, nl. die verskeidenheid tussen individu en menslike verband, tussen menslike

[72] Sien onder andere P. J. Strauss. 1994. *Abraham Kuyper, Apartheid and the Reformed Churches in South Africa in their Support of Apartheid*. Kampen: Theologische Universiteit, 5 – 6 en 1999. “Abraham Kuyper and pro-apartheid theologians in South Africa – was the former misused by the latter?” in Cornelis van der Kooi and J. de Bruijn. 1999. *Kuyper Reconsidered: Aspects of his Life and Work*. Amsterdam: VU Uitgeverij, 222 ev.

[73] Potgieter het ’n aantal publikasies laat verskyn waarin hy apartheid Bybels probeer regverdig. Sien F. J. M Potgieter. 1956. *Veelvormige ontwikkeling die wil van God*. Bloemfontein: Sacum Beperk; “Is die Apartheidsbeleid Moreel te Regverdig?” in H. B. Thom (Red.), 1961. *Grense: ’n Simposium oor Rasse- en ander verhoudings*. Stellenbosch, Grahamstad: Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars (EDMS.) Bpk. En “Die Apartheidsvraagstuk” in *Die Gereformeerde Vaandel* xviii (1), 2 – 4. Sien ook Engdahl. 2006. *Theology in Conflict*, 115 ev.

[74] Jonker. 1998. Selfs die Kerk kan verander, 125.

> verband en menslike verband, en tussen die onderskeie kultuurkringe, asook tussen godsdiens en kultuur."[75]

Hierdie verskeidenheid voer Stoker terug na "skeppingsordonansies" – dit is immers "deur God in die menslike verhoudinge gelê". En die onderskeid wat tussen godsdiens en kultuur gemaak moet word – elk is immers soewerein in eie kring! – noodsaak dit dat mense van verskillende kulturele agtergronde – ongeag die feit dat hulle dieselfde geloof bely – in hulle eie, afsonderlike kerke georganiseer moet word. Dit is 'n logiese uitvloeisel van bostaande dat beide die sosiale struktuur en die kultuur van elke volk na die skepping teruggevoer word. Maar:

> "G. C. Berkouwer heeft veel jaren later opgemerkt dat Stokers wijsbegeerte der scheppingsidee (beoogd als een correctie op de Wijsbegeerte der Wetsidee) allerlei discussies opriep en dat hem verwijten werden gedaan alsof 'schepping' bij hem als het ware tot 'normerende' werkelijkheid werd …" en dat "… vele jaren lang grote aandacht bestaan voor het trekken van conclusies uit de 'scheppingsordeningen' in het debat over volk en ras en apartheid en ... het Calvinisme met de soevereiniteit in eigen kring!"[76]

Hierbo is opgemerk dat Kuyper en Dooyeweerd die beginsel van soewereiniteit in eie kring uitdruklik in die skeppingsorde gefundeer het en is onderneem dat daar verder aandag aan gegee sal word. Op hierdie stadium kan volstaan word met die opmerking dat Jonker – student van Berkouwer – in sy bespreking van die sendingbepalinge, pertinent op hierdie "conclusies uit de scheppingsordeningen" sal fokus.

Stoker het hom gedurende die Tweede Wêreldoorlog verset teen die Smuts-regering se besluit om die geallieerde magte te steun en tot die oorlog toe te tree. Hy word lid van die pro-Duitse, fascistiese Ossewa Brandwag (OB) met sy eie paramilitêre vleuel, die "Stormjaers". Die organisasie het mense van wyd uiteenlopende agtergronde en oortuigings gelok. Politici het nasionaliste soos dr. Nico Diedericks (later staatspresident) en John Vorster (latere eerste minster), volbloed Nazi-bewonderaars

---

[75] H. G. Stoker. 1941. *Die stryd om die ordes*. Pretoria: Caxton, 263.
[76] G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika*, I, 307.

soos Oswald Pirow, akademici soos Stoker[77] en L. J. du Plessis, maar ook predikante soos Totius en Koot Vorster ingesluit.

’n Naam wat uitstaan is een van Stoker se leerlinge, Johan Heyns. As ’n laerskool-seun was hy ’n jeugleier van die Ossewa Brandwag.[78] Heyns voltooi sy BA graad aan die PU vir CHO met Wysbegeerte as hoofvak en 1961 behaal hy ’n tweede doktorsgraad hierdie keer in Wysbegeerte met Stoker as promotor.[79] Die vormende invloed wat Stoker op Heyns gehad het, word allerweë erken.[80] Wanneer Jonker by van die afskeid geleentheid van Heyns op 28 Oktober 1993, ’n lesing met die titel *In gesprek met Johan Heyns* lewer, wys hy op dié invloed.

Volgens Jonker het die Christelike wysbegeerte van Stoker ongetwyfeld die grootste invloed op Heyns se denke uitgeoefen. Die teologie van Johan Heyns het die begrip van die koninkryk van God as sentrale tema, met gehoorsaamheid as die immanent-subjektiewe korrelaat daarvan. Jonker verwys na die proefskrif van D. F. Theron waarin hy soortgelyke bevindinge maak. Theron sê ook dat Heyns se klem op die kosmiese aard van die koninkryk van God korreleer met Stoker se wysbegeerte van die skeppingsidee. Jonker vind ook dat Heyns se teologie ’n wysgerige eerder as ’n eksegetiese onderbou het. Wat meer is, bevind Jonker,

> “Om die waarheid te sê, hy gaan ook ’n eie weg deur die begrip van die koninkryk tot die skepping terug te voer – iets wat vreemd is aan die wyse waarop die begrip in die Bybel self en in die geskiedenis van die gereformeerde teologie funksioneer. ... Theron trek daaruit die konklusie dat Heyns se verstaan van die

---

[77] Stoker was ’n kommandant in die OB en dit lei tot sy internering op 21 Desember 1942 en dit duur tot in Januarie 1944. Sien H. H. Williams. 2006. *J. A. Heyns en die Ned. Geref. Kerk en apartheid*. Doktorale proefskrif, universiteit van die Vrystaat, 7. Christoph. Marx. 2008. *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag*. Berlin [etc.]: LIT Verlag.
[78] Sien H. H. Williams. 2006. *J.A. Heyns en die Ned. Geref. Kerk en apartheid*, 3.
[79] Die titel van sy tesis was *Die teologiese antropologie van Karl Barth vanuit wysgerig antropologiese oriëntering*.
[80] Vgl. naas Jonker se artikel waarna vervolgens verwys sal word, o.a. D. F. Theron. 1984. *Die koninkryk van God in die teologie van J.A. Heyns*. Doktorale proefskrif Unisa, 12-15; D. F. Theron. 1994. "’n Gesprek oor die teologie van Heyns". *Verbum Et Ecclesia. 15 (1),* 108; H. H. Williams. 2006. *J. A. Heyns en die Ned. Geref. Kerk en apartheid;* P. G. J. Meiring. 1994. ’n Huldigingsartikel: Johan Heyns – Man van die kerk. *Skrif en Kerk*, *vol 15, no 1*; S. J. L. Marais. 2011, ‘Die koninkryk van God as sistematies-teologiese kategorie in die werk van J. A. Heyns’, *Verbum et Ecclesia 32(1),* Art. #475 doi:10.4102/ve.v32i1.475, ens.

> koninkryk van God nie uit sy omgang met die gereformeerde teologie gebore is nie, maar direk na Stoker teruggevoer moet word."[81]

Dit is hierdie begronding vanuit die skepping wat Heyns verhinder het om (saam met Jonker, sy klasmaat en mede-student by Berkouwer) van die begin af krities teenoor die volkskerk-teologie te staan. Heyns het dit steeds moeilik gevind om 'n kritiese afstand tussen homself en die volksteologie duidelik aan die lig te laat tree. In hierdie lesing oor Heyns skryf Jonker dat die teologie van Heyns by hom die gevoel wek "... dat sy wysgerige inset meebring dat hy aan die algemene openbaring en algemene genade 'n baie meer positiewe betekenis toeskryf as wat ons in die gereformeerde dogmatiek gewoond is."[82] In 1998 sal hy dit herhaal dat Heyns se teologie "... te wysgerig, te min gewoon-eksegeties was ..." Dan vervolg hy egter: "Om dit in teologiese taal uit te druk: ek het altyd gedink dat Johan vanweë sy wysgerige vorming 'n stuk '*natuurlike teologie*' met hom saamdra. Vandaar sy sterk nasionalistiese sentimente en sy ingeboude weerstand teen die kritiese element in die teologie van Barth (ek kursiveer – GJD)."[83]

Reeds as student in Amsterdam het Jonker met Karl Barth kennis gemaak en duidelikheid gekry oor natuurlike teologie en, vreemd genoeg, die rol wat christelike teologie daarin kan speel.[84] Presies dít: die begronding van teologiese denke vanuit die algemene openbaring en die algemene genade, die sogenaamde skeppingsordeninge en nié uit die Skrif alleen nie, het ten minste by sommige Suid-Afrikaners nasionalistiese sentimente aangewakker. Henry Williams skryf 'n doktorale proefskrif onder die studie leiding van prof. P. J. Strauss van die Vrystaatse Universiteit oor Johan Heyns – by wie beide klas geloop het en maak dié verdoemende bevinding:

> "Uiteindelik het Heyns nie heeltemal daarin geslaag om apartheid ongekwalifiseerd te verwerp nie en moet sy worsteling met die definiëring van

---

[81] W. D. Jonker. 1994. "In gesprek met Johan Heyns", *Verbum Et Ecclesia, 15 (1),* 17.
[82] Jonker. 1994. "In gesprek met Johan Heyns", 23.
[83] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 133, 134.
[84] Sien Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 136 – 141 en 166 – 167.

apartheid en die vashou aan die aanvanklike goeie bedoelings daarmee toegeskryf word aan sy ingesteldheid van kritiese identifikasie met die Afrikanervolk."[85]

Hierbo is in breë trekke weergegee hoe en waar apartheid ingesluip het. Dit het gebeur omdat die Ned. Geref. Kerk 'n natuurlike teologie gekoester het. 'n Platform is hiervoor na die Anglo-Boereoorlog geskep en het via die stryd vir die Afrikaanse taal en herdenking van die Groot Trek by die kerk ingekom. Langs dié weg het die Ned. Geref. Kerk vir homself 'n kulturele volkskerk identiteit geskep. Toe daar na teologiese begronding gesoek word, is Kuyper en neo-calvinisme gewoon bygehaal.

Hierdie hele stuk teologiese geskiedenis is nog nie ondersoek nie. Wat wel duidelik geword het, was dat die kulturele volkskerk met groot evangeliese gejuig die Ned. Geref. Kerk gevorm en gestuur het. Jonker het hierteen gestaan – sy studiereis het hom bewus gemaak van die omvang van die probleem. En, hom teologies verdiep.

## 4. Die Ned. Geref. Kerk en die landsbeleid in die vroeë sestiger jare

Reeds in Desember 1959 – drie maande vóór die onverkwiklike gebeure in Sharpeville en Langa – hou die Wêreldraad van Kerke 'n konferensie in Johannesburg oor die onderwerp: "Ons Gesamentlike Christelike verantwoordelikheid ten opsigte van gebiede van snelle maatskaplike verandering".[86] Dit is opmerklik dat dié konferensie se besluite versigtig geformuleer is, waarskynlik om niemand aanstoot te gee nie, maar steeds duidelik genoeg die teologiese geskilpunte oor plaaslike rasseverhoudinge ter tafel plaas.

Reeds by hierdie "veelrassige konferensie" word die verantwoordelikheid van die kerk beklemtoon: "... om 'n lewende gemeenskap te wees waarin alle gelowiges sowel die voorregte as die verpligtinge van hul broederskap deel, vry van die beperkinge van

---

[85] Williams. 2006. *J. A. Heyns en die Ned. Geref. Kerk en apartheid*, 398.

[86] Sien G. B. A. Gerdener. 1959. "Sending Rubriek", *Die Kerkbode*, *lxxxiv (26),* 30 Desember 1959, 1062 en *lxxxv (4),* 27 Januarie 1960, 146, 148. Prof. J. W. Hofmeyer noem 'n sestal berade en konferensies wat die bekende Cottesloe Beraad in 1960 voorafgegaan het – vgl. J. W. Hofmeyr, "'n Beraad te Midde van Berade: Die Historiese Konteks van die Cottesloe-Kerkeberaad Herbeoordeel" in *Skrif en Kerk*, *jaargang 12 (2),* 1991, 242 – 258. Vgl. ook J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut*, 123 e.v.

onwaardige maatskaplike stelsels ....”[87] Wat destyds “beperkinge” genoem was, word vandag kortweg euwels genoem: “onmenslike nywerheids-regimentasie (sic)” (vandag bekend as werkreservering), “trekarbeid” en die “loonpeil van ongeskoolde nie-blanke werkers”.[88] En die vyfde van die nege besluite bepleit in der waarheid – “vertaal” in moderne taal – die erkenning van universele menseregte “afgesien van rasse- en kultuurverskille” as “oplossing van die vraagstukke wat voortspruit uit snelle maatskaplike verandering in ’n veelrassige gemeenskap.”[89]

Sharpeville het Suid-Afrika, tewens, die hele wêreld, in beroering gehad. Die wêreld was feitlik eenstemmig in sy veroordeling van Suid-Afrika. Harde woorde het geval en heftige afkeuring is uitgespreek. Prof. Brillenburg Wurth van Nederland, wat op ’n baie goeie voet met die Ned. Geref. Kerke verkeer het, skryf in ’n artikel: “Hier en daar vielen woorden van hartstochtelijke verontwaardiging over wat men zag als de funeste gevolgen van een in wezen ook funeste apartheidspolitiek.”[90]

Die Ned. Geref. Kerk het egter die regering en die landsbeleid verdedig. In *Die Kerkbode* van 13 April 1960 reik ’n aantal “kerklike leiers” van die Ned. Geref. Kerk[91] ’n skerp bewoorde verklaring uit. Hulle kry allereers “Kerklike leiers ... hier te lande en oorsee ...” in die visier. Dié sou hulle “...die vryheid veroorloof om kommentaar te lewer en skokkende verklarings vry te stel ...” waardeur hulle “ons land, volk en kerk” beswadder – sonder om volledig ingelig te wees. In die verklaring word hierdie kerklike leiers voor stok gekry omdat hulle kwansuis met die Weste saamspan (lees: in die Koue Oorlog) met “histeriese ywer” om die Ooste (lees: die kommunistiese lande, Rusland en China) te oorbie vir die guns van die nie-blankes. In taal wat herinner aan dié van Churchill in die Tweede Wêreldoorlog verklaar hulle: “Nog nooit in die geskiedenis is soveel duiwelse suggesties oor so ’n lang tydperk tot soveel miljoene mense gemaak wat nie die vermoë het om dit te beoordeel nie.”[92]

---

87 Dr. G. B. A. Gerdener. 1960. “Sending Rubriek”, *Die Kerkbode, lxxxv (4),* 27 Januarie 1960, 146.
88 Gerdener. 1960. “Sending Rubriek”, 146.
89 Gerdener. 1960. “Sending Rubriek”, 146. Sien ook die artikel van ds. A. M. Meiring “Werknemers en Bediendes – Betaal ons hulle genoeg?” *Die Kerkbode*, *lxxxv (7),* 17 Februarie 1960, 262 – 263.
90 Vgl. G. Brillenburg Wurth, 1960. “Onze Broeders in Zuid-Afrika”, *Gereformeerd Weekblad”*, *15de jaargang Nr. 45*, 6 Mei 1960.
91 Die verklaring is onderteken deur A. J. van der Merwe, P. S. Z. Coetzee, A. M. Meiring, C. B. Brink, A. G. E. van Velden, J. D. Vorster, W. A. Landman, F. E. o'B. Geldenhuys en Z. B. Loots. Vgl. *Die Kerkbode*, *lxxxv (15),* 13 April 1960, 549.
92 Redaksioneel: *Die Kerkbode*, *lxxxv (15),* 13 April 1960, 549.

In dié verklaring soek ’n mens tevergeefs na ’n profetiese woord van die “kerklike leiers” in die Ned. Geref. Kerk wat die politieke situasie in die land krities vanuit die Skrif aanspreek. Trouens, die nie-blankes word opgeroep tot wetsgehoorsaamheid en vermaan om hulle nie deur ’n “klein georganiseerde minderheid” te laat mislei nie. Die regering en die landsbeleid daarenteen word nie aangespreek nie omdat die kerk sogenaamd – op grond van die “Boere-Calvinistiese” verstaan van die filosofie van “soewereiniteit in eie kring” – nie mag oortree op die terrein van die staat nie.

Die politieke verstrengeling van die Ned. Geref. Kerk met die Nasionale Party en die regeringsbeleid spreek duidelik uit die verklaring van dié “kerklike leiers”:

> “Die Ned. Geref. Kerk het dit in die verlede deur sy eie beleid en deur uitsprake van die sinodes duidelik gestel dat hy die beleid van selfstandige, eiesoortige ontwikkeling kan billik en goedkeur, mits dit op ’n regverdige en eerbare wyse toegepas word, sonder aantasting of krenking van die waardigheid van die mens. Die kerk het ook aanvaar dat die beleid, veral in sy aanvangstadiums, noodwendig ’n mate van ontwrigting en persoonlike ongerief en ontberinge sal meebring, soos bv. by die opruiming van agterbuurtes. Die hele passtelsel[93] moet in hierdie lig gesien word.[94]

Ten laaste word die nie-blankes, veral die Christene, aangespreek. Die “verantwoordelike en wetsgehoorsame nie-blankes” word gewaarsku teen misleiding “deur die valse beloftes van agitators ... die klein georganiseerde minderheid”[95].
Op 1 April 1960 betree nog ’n belangrike rolspeler die arena. Dr. A. P. Treurnicht word redakteur van *Die Kerkbode*.[96] Vandag is hy veral bekend vir sy regse politieke sentimente en dat hy die leier was van ’n groep regses wat hulle van die Nasionale Party afgeskei het om die Konserwatiewe Party te stig. Die eerste hoofartikel uit sy pen onder die banier: “’n Groet in die Krisis”[97], verskyn pas ’n week na bogenoemde verklaring

---

[93] Dít was waaroor die betogings by Sharpeville en Langa gegaan het.
[94] *Die Kerkbode*, *lxxxv (15),* 13 April 1960, 549.
[95] *Die Kerkbode*, *lxxxv (15),* 13 April 1960, 549
[96] *Die Kerkbode*, *lxxxv (12),* 23 Maart 1960, 459
[97] *Die Kerkbode*, *lxxxv (16),* 20 April 1960, 580, 581.

deur die "Kerklike leiers" oor die opstande by Sharpeville en Langa en elf dae na die sluipmoordaanval op Verwoerd.

Hy spreek beide aangeleenthede aan en voeg 'n derde daarbý: hy striem die Aartsbiskop van Kaapstad,[98] Dr. Joost De Blank, vir laasgenoemde se aanvalle op die lands- en kerkbeleid. Treurnicht werp die teerling in duidelike taal:

> "Maar as daar gedink word dat ons beleid van afsonderlike kerke so vlak sit dat dit prysgegee sal word as gevolg van optogte, uitbarstinge of geweld en intimidasie, of as gevolg van bose moedswilligheid waarmee die wêreldmening teen ons opgesweep is, dan word die diepte van ons oortuiging en verantwoordelikheidsbesef op 'n ligsinnige wyse onderskat."[99]

Die oorgrote meerderheid van al Treurnicht se hoofartikels spreek een of ander aspek van die "kleur kwessie" aan. Hy rig hom dikwels teen ander binnelandse kerkgenootskappe – ook teen die "dogterkerk" (Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk) se blad *Die Banier*,[100] maar dr. De Blank was veral in die visier. Dit is duidelik dat groot spanning aan die opbou was tussen die Afrikaanse en die ander kerke in die land oor die kwessie. Volgens Jonker het dié spanninge aanleiding gegee tot die Cottesloe-beraad waaraan hieronder meer aandag aan gewy sal word.[101]

Daar was egter ander stemme wat opgegaan het. In dieselfde *Kerkbode* skryf prof. B. J. (Ben) Marais[102] oor dié krisistyd en waarsku teen die verkeerde reaksies op die krisis. Sommige wil alles met die geweer reg skiet, ander verval in défaitisme en nog ander

[98] Church of the Province of South-Africa ook bekend as die Anglikaanse Kerk – dus die kerk waarvan Desmond Tutu in later jare die Aartsbiskop was.
[99] *Die Kerkbode*, *lxxxv (16),* 20 April 1960, 581.
[100] Vgl. bv. *Die Kerkbode*, *lxxxv (18),* 4 Mei 1960, 644, 645 en *Die Kerkbode*, *lxxxv (19),* 11 Mei 1960, 676, 677.
[101] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 40. Sien ook J. W. Hofmeyer: "Die Afrikaanse kerke in die twintigste eeu" in Pretorius. 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, 447 – 448.
[102] Prof. Marais was studenteleraar in Pretoria ten tye van Jonker se studie aan Tukkies. Jonker noem hom "ons geliefde studenteleraar" (vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 15) en dat hy Marais tydens sy studiereis (1960) dikwels besoek het "... wat ons die geleentheid gebied het om weer die ou vriendskap te hernuwe. Ons gesprekke het maar meestal bly draai om die onrusbarende ontwikkelinge in Suid-Afrika." (Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 40). Jonker was dus volledig op hoogte van Marais se sieninge en het dit met hom gedeel.

maak asof niks gebeur het nie. Hierdie reaksies, sê hy, is gewoon *gevaarlik*. Hy pleit dat mense nie paniekbevange sal raak nie, maar sal aanvaar dat verandering onafwendbaar is. Juis in dié tyd moet gedemonstreer word wat die Christendom werklik beteken. Hy pleit daarvoor dat christene (skrywende in *Die Kerkbode* word uiteraard veral dié in die Ned. Geref. Kerk bedoel) die nie-blanke medegelowiges soos nog nooit te vore nie vir hulle rekening sal neem en om deur kontak oor die kleurgrens heen brûe te bou. Gelowiges moet toon dat die belydenis van die "gemeenskap van die heiliges" 'n lewende werklikheid is en nie alleen 'n rympie wat Sondae onnadenkend herhaal word nie.[103]

Dieselfde trajek word gevolg in 'n boek waarvan Marais medeskrywer is. Die boek *Vertraagde Aksie*, *'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk*[104] het – veral in die Afrikaanse kerke – groot opspraak verwek. Die beginsels wat in die besluite van die Cottesloe Beraad verwoord sou word, is reeds in die boek bepleit.[105]

Die boek verskyn ná Sharpeville, maar vóór die Cottesloe Beraad. In die voorwoord verklaar die skrywers dat dié vreemde titel gekies is omdat dié "... boek oor die Kerke en rasse verhoudinge in ons land laat op die dag verskyn ...". Die standpunt wat prof. B. B. Keet in die eerste hoofstuk beredeneer, is dat die kerk reeds so lank versuim het om sy profetiese roeping teenoor die staat oor die beleid van apartheid na te kom, dat dit byna te laat is want "Die Klok het al Gelui" – so sê ook die titel van sy artikel.[106]

Die boek handel oor 'n enkele tema: die wese van die kerk en hoe dít rasseverhoudinge in Suid-Afrika raak. Dit handel nie oor die politieke beleid van apartheid *per se* nie maar oor die kerk, oor verdeeldheid in die kerk op rassegronde, oor die gemeenskap van die heiliges tussen gelowiges van verskillende rasse, ens. Prof. A. S. Geyser van die Nederduitsch Hervormde Kerk se bydrae: *Die Eerste Evangelie oor die Eenheid*

---

[103] B. J. Marais. 1960. "In die krisistyd", *Die Kerkbode*, *lxxxv (16),* 20 April 1960, 580, 581.
[104] A. S. Geyser. et al. 1960. *Vertraagde aksie: 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk*. Pretoria: uitgegee deur outeurs. Die boek bevat bydraes van proff. B. B. Keet en B. J. Marais van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, A. S. Geyer en A. Van Selms van die Nederduitsch Hervormde Kerk, H. du Plessis van die Gereformeerde Kerke en ander.
[105] Prof. B. (Ben) Engelbrecht skryf in 'n brief: "Dit is nie nodig om daarop te wys dat die boekie *Vertraagde aksie* deur almal wie se gemoedere daardeur in beroering gebring is, in verband gebring word met die sestien besluite van die Kerkekonferensie op Cottesloe nie. Feit is dat albei in die grond van die saak één getuienis laat hoor." – sien *Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 160.
[106] Prof. dr. B. B. Keet. 1960. "Die Klok het al Gelui" in Geyser, *Vertraagde aksie*, 5 – 11.

*van die Kerk as Christusgetuienis*[107] gee die toon aan. Volgens hom word in die Apostolicum bely "... nie alleen dat die Kerk een is nie, maar dat dit ook die enigste in sy soort is. Daar is nie nog kerke naas die Kerk nie... In werklikheid kan 'n mens daarom nooit praat van die Hollandse, Afrikaanse, Boere-, Engelse, Skotse en Bantoe-kerk nie."[108]

F. J. M. Potgieter reageer met 'n artikel waarin hy Geyser se standpunt afwys. Potgieter se mening weerspieël 'n wye konsensus wat in die Afrikaanse kerke teenoor standpunte soos die van Geyser gehandhaaf was. Dit sal ook in T. N. Hanekom se resensie van *Sendingbepalinge* herhaal word en sal dan meer volledig bespreek word. Dit is tans voldoende om daarop te wys dat Potgieter hoofsaaklik twee argumente – met 'n eklektiese beroep op Kuyper – gebruik: die eerste dat onderskei moet word tussen die sigbare en die onsigbare kerk en dat die eenheid van die kerk net van die onsigbare kerk waar is. Tweedens dat die sigbare kerk nie "uniform" nie maar "pluriform" moet wees.[109]

In *Vertraagde Aksie* verskyn ook 'n hoofstuk "Die profetiese Roeping van die Kerk teenoor die Staat" uit die pen van dr. G. J. Swart[110]. Die hoofstuk het bepaald die Dooyeweerdiaanse "soewereiniteit in eie kring" waarna hierbo verwys is, in die oog en wys dit af.[111]

Die beroering wat op die politieke en kerklike terreine plaasgevind het en waarvan Sharpeville 'n bepaalde kulminasiepunt was, het die spanning tussen die drie Susterkerke aan die een kant en veral die Engelstalige kerke aan die ander kant tot by breekpunt gedryf. Direk na Sharpeville het die Wêreldraad van Kerke die inisiatief geneem wat tot die Cottesloe Beraad gelei het. Volgens Jonker was die doel van die

---

[107] A. S. Geyser. 1960. "Die Eerste Evangelie oor die Eenheid van die Kerk as Christusgetuienis" in Geyser, *Vertraagde aksie*, 12 – 23.
[108] Geyser. 1960. "Die Eerste Evangelie oor die Eenheid van die Kerk as Christusgetuienis"*, 13, 14.*
[109] Vgl. F. J. M. Potgieter. 1961. "Die wese van die Kerk van Christus" *NGTT*, *iii (1),* Desember 1961, 271 – 278.
[110] Dr. G. J. Swart. 1960. "Die Profetiese Roeping van die Kerk teenoor die Staat", in Geyser, *Vertraagde aksie*, 130 – 144. Swart was predikant van die NG Gemeente Paardekraal Monument in Krugersdorp en 'n goeie vriend van Jonker – vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 63. Swart promoveer in 1959 by prof. A. B. du Preez (UP) met 'n proefskrif: *Die vraagstuk van die eenheid, verskeidenheid en verdeeldheid van die kerk: 'n Ekumenies-ekklesiologiese ondersoek*.
[111] Sien ook voetnoot 12 hierbo.

Wêreldraad om afgevaardigdes van lidkerke van die Wêreldraad byeen te bring "... om die verskille tussen hulle deur te praat".[112] Dit vind ongeveer ses maande ná Sharpeville in die Johannesburgse voorstad Cottesloe in 'n koshuis van die Universiteit van die Witwatersrand plaas. Die Beraad is deur tien verteenwoordigers van elk van die agt kerke wat lid van die Wêreldraad in Suid-Afrika was, bygewoon.

Na die byeenkoms is 'n verklaring uitgereik waaruit ek net die vyfde en sesde besluite aanhaal, aangesien die standpunte ook in *Sendingbepalinge* voorkom:

> 5. "The Church as the Body of Christ is a unity and within this unity the natural diversity among men is not annulled but sanctified.
> 6. No-one who believes in Jesus Christ may be excluded from any Church on the grounds of his colour or race. The spiritual unity among all men who are in Christ must find visible expression in acts of common worship and witness, and in fellowship and consultation on matters of common concern."[113]

Die verklaring spreek ook aspekte van die sosio-politieke situasie aan, soos dat kleurlinge direkte verteenwoordiging in die parlement moet hê, werkreservering, die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike en dergelike meer. Dié aangeleenthede word nie in *Sendingbepalinge* aangespreek nie.

Jonker was nie by die beraad teenwoordig nie. Hy het reeds in Oktober 1960 na Europa vertrek vir die studiereis waarna reeds verwys is. Hy het egter wel deel gehad aan die voorbereidings vir die Cottesloe Beraad. Die moderatuur van die Transvaalse sinode het vyf studie kommissies benoem om memoranda op te stel. Jonker dien in die derde van dié kommissies wat 'n memorandum oor Die Evanston-verklaring (waar apartheid veroordeel is)[114] moes voorberei. Die sameroeper van die kommissie was prof. E. P.

[112] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander* 40. Oor die beraad is baie en word steeds baie geskryf. Sien bv. Vgl. Robert Vosloo. 2011. "The Dutch Reformed Church, Beyers Naude and the Ghost of Cottesloe", *Studia Historiae Ecclesiasticae*, *vol. XXXVII, no. 1*, 1-17. http://hdl.handle.net/10500/4632, datum besoek 24 Junie 2015.
[113] Sien: Archive of the World Council of Churches 4223.18.1/1 Cottesloe consultation (1952-1963).
[114] Dit verwys na die tweede vergadering van die Wêreldraad van Kerke in Evanston, Illinois, VSA in 1954.

Groenewald en saam met Jonker het dr. J. Alex van Wyk en di. J. F. du Toit en J. P. Theron aan die memorandum gewerk"[115]

Die reaksie op die Cottesloe-verklaring en saam daarmee, op die boek *Vertraagde Aksie*, "... kan met geen ander woord beskrywe word nie as *paniek*..." (ek kursiveer - GJD), skryf prof. B. J. Engelbrecht. Hy gaan voort en praat van die "kokende bruising van die reaksie", "klaarblyklike onredelikheid" en "'n hele stuk moedswilligheid". [116] 'n Stortvloed briewe en artikels word in koerante en tydskrifte gepubliseer[117], daarteen word van die kansels af "gepreek" en verskeie protesvergaderings is gehou.[118] Verskeie kerkrade het hulle besluite teen die Cottesloe Verklaring in *Die Kerkbode* gepubliseer[119] en deurgaans is gevra dat die Ned. Geref. Kerke hulle lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke moet beëindig.

By die sinodesitting van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal in 1961 het nie minder nie as *vyftig gemeentes* – waaronder Aasvoëlkop, die gemeente waar Beyers Naudé in die bediening gestaan het – beskrywingspunte ingedien wat vra dat die sinode standpunt inneem téén die besluite van Cottesloe en téén *Vertraagde Aksie* en dat dié kerk sy lidmaatskap by die Wêreldraad van Kerke moet beëindig.[120]

Jonker was intiem betrokke by dié sinodesitting: tot sy uiterste verbasing word hy – nadat hy slegs 'n week voor die sitting uit Nederland na Suid-Afrika teruggekeer het – "met 'n oorweldigende meerderheid" verkies tot aktuarius. Hy vermoed dat die sinodegangers onder die wanindruk verkeer het dat hy, omdat hy nie die Cottesloe Beraad bygewoon het nie, nie van dieselfde oortuiging was nie en hom daarvan sou

---

[115] Sien Acta van die Vyf-en-Twintigste sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, 367. Sien ook Jonker.1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 40.
[116] B. Engelbrecht. 1960. Korrespondensie. *Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 160.
[117] As voorbeeld word net na die Kerk se tydskrif verwys: in *Die Kerkbode (lxxxvii (4),* 25 Januarie 1961, 117 – 120 – die eerste uitgawe waarin reaksie op Cottesloe gepubliseer is) verskyn (protes)briewe van Dr. D. D. Rosslee van Reitz-Wes, Ds. Z. B. Loots van Bloemfontein-Noord en "Navorser" van Bloemfontein. In die daaropvolgende *Kerkbode*, (*Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 158 – 162.) Dr. J. A. Heyns van Rondebosch, Ds. G. J. Snyman van Elandia, Klerksdorp, Ds. J. P. van der Walt, Emeritus van Bloemfontein, Ds. W. T. Badenhorst van Salisbury. So duur dit voort totdat die korrespondensie deur die redakteur van *Die Kerkbode* van 3 Mei 1991 gesluit word.
[118] Vgl. Robert Vosloo. 2011. "The Dutch Reformed Church, Beyers Naude and the Ghost of Cottesloe".
[119] Bv. die kerkrade van Venterspost, Parys-Wes ("Hierdie kerkraad staan vir algehele apartheid en vra al ons kerkrade om ook so te besluit."), Lyttelton-Oos en Hartbeesspruit – vgl. *Die Kerkbode*, *lxxxvii (14),* 5 April 1961, 470 – 472.
[120] Sien Acta van die Vyf-en-Twintigste sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, 345.

distansieer.[121] Jonker sê egter: "By my was daar geen twyfel dat die uitsprake van Cottesloe korrek was nie."[122] Jonker het besluit om geen wanindruk by die sinode te laat nie en het sy oortuiging duidelik te kenne gegee. Die gevolg was "...dat daar in die wandelgange gesê is die sinode het die duiwel met Beëlsebul uitgedryf. Ek was soms bitter eensaam in die stoel van die actuarius."[123] Dié gevoel van eensaamheid en verwerping was slegs 'n voorspel van wat later sou volg.

Uiteindelik is die besluite van Cottesloe met 'n oorweldigende meerderheid deur die sinode verwerp.[124] Dié sinode is hierin deur al die ander sinodes van die Ned. Geref. Kerke nagevolg. Daarmee saam het die sinode besluit:

> "In die lig van die verslag van die ad-hoc-Kommissie, waaruit blyk dat daar baie besware teen die Wêreldraad van Kerke in te bring is en *terwille van die lang gekoesterde ideaal van Kerkvereniging – die verwesenliking waarvan reeds in sig is, maar gevaar loop om ter elfder ure te verongeluk en wel vanweë ons Kerk se lidmaatskap van die Wêreldraad van Kerke* (ek kursiveer –GJD) – besluit die sinode om genoemde lidmaatskap onverwyld te beëindig".[125]

Die besluit van die sinode dui op 'n trajek wat al duideliker na vore kom: dié besluit is nie op grond van die Skrif geneem nie, maar die motivering is die "*lang gekoesterde ideaal van Kerkvereniging*". Die verslag van die ad-hoc-kommissie verwys egter nêrens na die Skrif nie.[126] Dit kan ook nie, omdat die besluit inderwaarheid met homself in stryd is: ter wille van die eenheid van die kerk, word die eenheid van die kerk op ekumeniese vlak verbreek! Die eenheid wat nagestrewe word, is onteenseglik verbind met die eenheidstrewe van die Afrikanervolk. Soos uit hierdie hoofstuk by herhaling geblyk het, lyk dit asof dat laasgenoemde (die eenheidstrewe van die Afrikanervolk) dus die motief agter die besluit was en nie die Skrif nie. Die besluit van die sinode dui

---

[121] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 43, 45.
[122] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 42.
[123] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 45.
[124] Acta van die Vyf-en-Twintigste sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, 388; vgl. ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 46.
[125] Acta van die Vyf-en-Twintigste sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, 388, 389. Die kursief gedrukte gedeelte stem byna woordeliks ooreen met met die onverbloemde dreigement in 'n verklaring van die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. van 22 Februarie 1961. Vgl. *Die Kerkbode, lxxxvii (12),* 22 Maart 1961, 402 – 406.
[126] Vgl. Acta van die Vyf-en-Twintigste sinode van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal.

op ’n stuk natuurlike teologie.[127] Vir Jonker was die ekumeniese beweging en die strewe na eenheid belangrik en daarom ook die Wêreldraad van Kerke. Hy het ’n voorstel van dr. David de Villiers gesekondeer dat die sinode ten minste met die Wêreldraad in korrespondensie bly, maar dit is met ’n groot meerderheid verwerp.[128]

Jonker het dus deeglik kennis gedra van die heersende sentimente in die kerk. Nogtans het hy ’n bewuste keuse gedoen “... om helderder te sê dat die beleid van kerklike apartheid vir my onaanvaarbaar was.” Dit doen hy in *Sendingbepalinge*. En die verband met die voorafgaande hoofstukke spreek duidelik wanneer hy skryf: “Die volk[129] kan nie bepalend vir die kerk wees nie.”[130]

## 5. Die houding van gereformeerde kerke in die buiteland teenoor die Ned. Geref. Kerk in die vroeë sestigerjare van die twintigste eeu

Ten tye van die skryf van *Sendingbepalinge*, was die verhoudinge tussen die Ned. Geref. Kerke en veral die Gereformeerde Kerk in Nederland nog baie goed. In dié jare is nog gereeld na die drie susterkerke verwys as die Hollands-Afrikaanse Kerke.[131] Vanuit hierdie oord was daar ook gesprek met die Nederduitse Gereformeerde Kerke.

Een van die vriende van Suid-Afrika, was prof. Gerrit Brillenburg Wurth van die Theologische Hogeschool Kampen. Hy het ná Sharpeville ’n baie simpatieke artikel in twee aflewerings in die *Gereformeerd Weekblad*[132] gepubliseer. Die titel spreek reeds boekdele: *Onze broeders in Zuid-Afrika*. Hy is egter nugter genoeg om ook duidelik te praat van “...de funeste gevolgen van een in wezen ook funeste apartheidspolitiek.”[133]

---

[127] Vgl. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 140 en dikwels. Vgl. ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verande*r, 23.
[128] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 46. Vgl. ook Archive of the World Council of Churches 4223.9.3/34 Cottesloe Consultation (1952-1963*)* “*Summary of a letter from dr. Gerhard Swart concerning the session of the synod of the Neth. Reformed Church of Transvaal, April 1961*”. Swart skryf aan dr. Willem Visser ‘t Hooft dat Jonker “... seconded the resolution asking that the Church should remain a member of the World Council.”
[129] Sien voetnoot 5 hierbo.
[130] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 43.
[131] ’n Lukraak keuse uit *Die Kerkbodes* van 1961 toon dat B. J. Engelbrecht bv. so na dié kerke verwys (*Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 161) en so ook die redakteur in sy hoofartikel in *Die Kerkbode*, *lxxxvii* (*10*), 8 Maart 1961, 308.
[132] G. Brillenburg Wurth, 1960. “Onze Broeders in Zuid-Afrika”, *Gereformeerd Weekblad*, *15de jaargang Nr. 45*, 6 Mei 1960 en *Gereformeerd Weekblad”*, *15de jaargang Nr. 46*, 13 Mei 1960
[133] Brillenburg Wurth, “Onze Broeders in Zuid-Afrika, 3.

Hy pleit vir begrip in Nederland vir die moeilike situasie in Suid-Afrika, maar vermaan ook die kerke in Suid-Afrika om te verander.[134]

Dieselfde gees heers by die vergadering van die algemene sinode van Utrecht 1959 en 1960 van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Die sinode besluit om hom nie uit te spreek oor die "apartheidspolitiek" in Suid-Afrika nie, maar dat die sinode hom "... uiteraard onthoudt van elke beoordeling van de jongste gebeurtenissen in Zuid-Afrika".[135] Dat daar al meer stemme opgegaan het, moet egter duidelik gestel word. Die Suid-Afrikaanse kwessie is aan die orde gestel deur drie mindere vergaderings: die klassis Almelo, wat slegs gevra het dat 'n brief aan die "zusterkerken in Zuid-Afrika" gerig moes word; die klassis Rotterdam, wat gevra het dat die sinode sy diepe onrus oor die situasie in Suid-Afrika moes uitspreek en die kerkraad van Giessendam-Neder-Hardinxveld, wat die sinode gevra het om apartheid te veroordeel "... als in strijd met het evangelie van Christus".[136] Die sinode het nie die gevoel wat in Nederland geheers het, gereflekteer nie. Nederland was geskok oor Sharpeville. Daar was protesoptogte en demonstrasies en die "Tweede Kamer" (parlement) het sy besorgdheid oor die situasie in Suid-Afrika uitgespreek. By die Verenigde Nasies het Nederland hom sedert 1952 teen apartheid uitgespreek, maar ná Sharpeville word sy standpuntinname verskerp.[137]

Oor die Cottesloe Beraad is egter nie veel in die Nederlandse pers te lees nie, berig prof. Herman Ridderbos in die "*Gereformeerd Weekblad*."[138] Ook Jonker bemerk dit tydens sy studiereis in 1960/61. Hy sê dat hy op berigte uit Suid-Afrika oor die Cottesloe Beraad aangewese was. "Beyers Naudé het my sover moontlik op hoogte van sake

---

[134] Dis 'n prikkelende gedagte wanneer Brillenburg Wurth sy tweede artikel vanuit dié perspektief skryf: "Maar tegelijk deed ik dat, omdat ik zo'n duidelijke parallel zag tussen het klassenprobleem in de negentiende en het rassenprobleem in de twintigste eeuw." Vgl. Brillenburg Wurth. 1960. "Onze Broeders in Zuid-Afrika", *Gereformeerd Weekblad", 15de jaargang Nr. 46*, 13 Mei 1960.

[135] Sien *Acta van de generale synode van Utrecht 1959 en 1960 van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: J. H. Kok, s.j., 516. Sien ook die volledige verslag hieroor in *Centraal Weekblad*, 8e jaargang no. 20, 21 Mei 1960, 156.

[136] *Acta van de generale synode van Utrecht 1959 en 1960 van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: J. H. Kok, s.j., 516.

137 Vgl. G. J. Schutte. 2005. De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005 II, Zoetermeer: Meinema, 457, 458

[138] Herman Ridderbos. 1961. "Zuid-Afrikaans Kerkelijk Beraad" *Gereformeerd Weekblad*, 16e jaargang, nr. 36, 3 Maart 1961, 282.

gehou ..."[139] Ridderbos, 'n hoogsaangeskrewe en gerespekteerde teoloog in Suid-Afrika, sê oor Cottesloe:

> "Wie kennis neemt van de resoluties, kan niet anders dan onder de indruk komen van de indringende wijze, waarop men in dit Beraad ("Consultation") gepoogd heeft van Christelijk standpunt het grote probleem van Zuid-Afrika gemeenschappelijk te benaderen; ook van het concreet bij-de-naam-noemen van allerlei dingen, die uiterst gevoelig liggen."[140]

Die sesde dekade van die vorige eeu en die jaar 1960 in die besonder, was 'n oomblik in die geskiedenis dat al die inwoners van Suid-Afrika en in die besonder en nog meer so, die Ned. Geref. Kerk hulle op die breuklyn tussen twee tydperke bevind. Jonker self het persoonlik en teologies ook op dié breuklyn gestaan. Dié breuklyn was vir Jonker duidelik gemarkeer toe hy in Oktober 1960 na Europa vertrek het om navorsing te doen. Hy het na kontinuïteit in die geskiedenis van die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg gaan soek. Dáár het die insig geryp dat die diskontinuïteit tussen die gereformeerde kerkreg en die situasie in die Ned. Geref. Kerk so groot is dat hy nooit weer sal kan terugkeer na die tydperk wat verby is nie. Hy het nie alleen die fisiese grense oorgesteek nie, maar teologies óók 'n grenslyn oorgesteek. Hy het bewus geword dat hy geroep word om rekenskap te gee van hierdie oorgang wat hy gemaak het.

Jonker was midde-in hierdie geskiedenis betrokke. Hy was gekonfronteer met 'n situasie waaraan hy hom nie kon onttrek of langer swyg nie. Dááruit is *Sendingbepalinge* gebore. Vir Jonker was nie 'n vraag óf die Ned. Geref. Kerk op die breuklyn staan nie, dit staan vas, die vraag is watter rigting die kerk gaan inslaan. Vir Jonker was die uitdaging om die Ned. Geref. Kerk só te bedien dat aan die Woord van God as enigste riglyn vas gehou sal word.

---

[139] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 42.
[140] Ridderbos. 1961. "Zuid-Afrikaans Kerkelijk Beraad", 283.

## 6. Publikasies wat *Sendingbepalinge* voorafgaan

Vroeg in 1962 het Jonker die studente bediening in Potchefstroom vaarwel toegeroep en 'n beroep na die gemeente Johannesburg, in die omgang bekend as Braamfontein, aanvaar.[141]

Dit lyk asof Jonker in die aanloop tot die publikasie van *Sendingbepalinge* 'n berekende publikasie strategie gevolg het.[142] In 1961 publiseer hy 'n preekskets *Ons toekoms en die Sending*[143] en 'n artikel in *Die Kerkbode* wat eweneens met die sending te doen het: *Die Transvaalse sinode en die status van sendelinge*.[144]

Na eersgenoemde publikasie is reeds in die vorige hoofstuk twee[145] verwys. Dit is 'n preekskets aan die hand van Handeling 20:24 vir gebruik by die maandelikse Sending-biduur. Die tema was dat die Ned. Geref. Kerk nie met 'n valse motief sendingwerk moet aanpak nie. Sendingwerk mag nie gedoen word ter wille van die voortbestaan – en met name die "tradisionele lewenspatroon" van die blanke Afrikanervolk – in Suid-Afrika nie. En as voorspel van sy standpunt in *Sendingbepalinge* skryf hy: "Van alle kante word Suid-Afrika met sy tradisionele lewenspatroon veroordeel en verdoem..." [146] In taal wat sterk herinner aan dié van N. P. van Wyk Louw, skryf Jonker in die preekskets:

> "Belangriker is ons Toekoms (met hoofletter) in die sin van ons geestelike toekoms, ons verskyning voor God en sy regterstoel. Voor Gods regterstoel kan

---

[141] Jonker skryf dat hy aan die begin van 1961 die beroep aangeneem het – sien Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 49. Dit is egter nie korrek nie. Die berig van sy beroep verskyn in *Die Kerkbode*, *lxxxviii (25),* 20 Desember 1961, 947 en dat hy die beroep aanvaar het in *Die Kerkbode*, *lxxxix (3),* 17 Januarie 1962, 103. In die Jonker Digitale Argief is die intreepreek (met 1 Pet. 1: 5 as teksvers) opgeneem met 11.2.1962 in pen daarop geskryf. Hy is tot lid van die Ring van Johannesburg verklaar in *Die Kerkbode*, *lxxxix (9),* 28 Februarie 1962, 307.

[142] Twee publikasies waarna nie verwys is nie en wat nie die trajek tot hiertoe gevolg naloop nie, is 'n oordenking vir Goeie Vrydag (*Die Kerkbode*, *lxxxv (15),* 13 April 1960, 555, 556) en 'n artikel wat hy as aktuarius van die Transvaalse sinode oor die beroepbaarheid van sendelinge in Moederkerk geskryf het (*Die Kerkbode*, *lxxxix (12),* 1962-03-21, 396 – 397.). Daaraan word nie verder aandag gegee nie.

[143] W. D. Jonker. 1961. "Ons toekoms en die sending" in *Sendingsketse*, Uitgegee deur Die Sinodale Sendingkommissies van die Ned. Geref. kerk van Transvaal.

[144] W. D. Jonker. 1961. "Die Transvaalse sinode en die status van sendelinge", *Die Kerkbode*, *lxxxvii (26),* 28 Junie1961, 866 – 868.

[145] Sien bladsy ...

[146] Jonker, 1961. "Ons toekoms en die sending", 44.

nooit die blote voortbestaan van 'n volk tel nie, maar die vraag of daardie volk in geregtigheid gewandel het en die wet van God geken het en die verlossing in Christus gevind het en die gegewe taak in gehoorsaamheid volbring het. Wat 'n volk groot maak, is nie sy blote voortbestaan nie, maar sy geregtigheid, sy gehoorsaamheid, sy onselfsugtige diens aan God, sy oorgawe daaraan om die God-gegewe taak te vervul."[147]

Dít is die onderliggende tema, die stemming-skeppende agtergrondmusiek, waarteen *Sendingbepalinge* gelees moet word.

Die tweede artikel waarna hierbo verwys is, *Die Transvaalse sinode en die status van sendelinge*, het ook raakpunte met *Sendingbepalinge*. Die feitelike situasie rakende die "status van sendelinge", was dat die Hugenote Kollege in Wellington[148] 'n kursus aangebied het vir mense wat hulle tot die sending geroepe gevoel het. Die vereistes om as sendeling gelegitimeer te word, was dat die persoon 'n driejarige of vierjarige kursus deurloop het, óf in besit moes wees van 'n teologiese graad of diploma. Hulle verskil in "status" (of ampsbevoegdheid) het tot uitdrukking gekom in die aanspreekvorm "eerwaarde". Hulle is nie as "dominee" – soos in die "moederkerk" – aangespreek nie. De facto was daar dus twee kategorieë bedienaars van die Woord. Volgens Jonker is die probleem daarmee dat "... dit in die Sendingkerk[149] noodwendig die indruk moet maak dat hulle leraars minderwaardig is, nie goed genoeg vir die blankes nie en half-geleerd."[150] Die Transvaalse sinode het besluit om die saak reg te stel en Jonker beredeneer en motiveer dié besluit. Hoewel Jonker dit nie pertinent stel nie, vereis die voorgestelde verandering uiteraard óók 'n kerkordelike wysiging van die

---

[147] Jonker, "Ons toekoms en die sending", 45, 46. Vgl. N. P. van Wyk Louw se waarskuwing dat 'n volk nie mag redeneer dat "blote voortbestaan verkieslik is bo die *voortbestaan in geregtigheid*" nie. Sien Jaap Steyn, 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*, II. Kaapstad: Tafelberg, 643.

[148] Vir meer inligting oor die Hugenote Kollege, sien Dreyer, A. 1927. *Kruisgesante in Suid-Afrika: jubileum-gedenkboek van die Sendinginstituut op Wellington: 1877-1927*. Kaapstad: Nasionale Pers.

[149] Wanneer Jonker na die Sendingkerk of Ned. Geref. Sendingkerk verwys, bedoel hy die *NG Sendingkerk in Transvaal*. Dit moet nie verwar word met die (hoofsaaklik "kleurling") sendinggemeentes in Kaapland wat in 1881 in die sinodale verband van die *NG Sendingkerk* saamgevoeg is nie. Die Vrystaatse sendinggemeentes is in 1910 sinodaal saamgevoeg om die *NG Sendingkerk in die OVS* te vorm; die hoofsaaklik Xhosa-sprekende bevolking in 1951 in die *NG Bantoekerk in Suid-Afrika*; die *NG Sendingkerk in Transvaal* het in 1932 gevolg en die *NG Sendingkerk in Natal* in 1952. Laasgenoemde vier het in 1963 verenig om die vier streeksinodes van die Ned. Geref. Kerk *in Afrika* te vorm.

[150] Jonker, "Die Transvaalse sinode en die status van sendelinge", *Die Kerkbode*, *lxxxvii (26),* 28 Junie1961, 866.

sendingbepalinge van die Wette en Bepalinge van die Transvaalse Nederduitse Gereformeerde Kerk.

’n Derde saak wat aangeteken moet word, is dat Jonker in dié tyd – naas sy studiereis na Europa om navorsing oor die kerkreg te doen – ook ’n “intensiewe studie” van die *Wette en Bepalinge van die Ned Gereformeerde Kerk van Transvaal* gedoen het. Dit het hom tot die oortuiging gebring dat baie daarvan nie onveranderd gelaat kon word nie. Hy was ook aktuarius van Ned. Geref. Kerk van Transvaal en het in dié hoedanigheid die eerste maande van 1962 aan die hersiening van die ou Transvaalse Wette en Bepalinge gewy. Die hersiening is genoodsaak in die lig van die totstandkoming van die Algemene Sinode, wat aan die kerke ’n gemeenskaplike kerkorde sou gee wat bepalend sal wees vir al die streeksinodes.

In die *Wette en Bepalinge* was reste wat uit die vereniging van die Ned. Geref. Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal aan die einde van die negentiende eeu gespruit het. Met name verwys Jonker na artikel 3[151] wat bepaal het dat slegs blankes lidmate van die kerk mag wees. Dié artikel was gegrond op die “beginsel” dat “geen gelykstelling tussen Blank en Nie-blank” in die kerk toelaat mag word nie.[152] In sy hersiening het Jonker dié artikel gewoon weggelaat sonder om iets daaroor te sê en dit is sonder slag of stoot deur die sinode goedgekeur!

---

[151] Jonker skryf ietwat ongenuanseerd oor dié geskiedenis. Kortliks: aanvanklik het die Ned. Geref. Kerk in Transvaal *De Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek* geheet (sien G. D. Scholtz. 1956. *Die geskiedenis van die Nederduitse, Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842 – 1885.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 218 ev.). Die *Wette en Bepalinge* van dié kerk het die Ned. Geref. Kerk in SA (Kaapkolonie), nagevolg. Met die kerkvereniging in 1885 het die N H of G Kerk van ZAR tot stand gekom, met *Wette en Bepalinge*, hoofsaaklik die van die NGK in ZAR (sien G. D. Scholtz. 1960. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885 – 1910*. Kaapstad: Kerk-Uitgewers). Die bepaling dat slegs blanke persone aan die Ned Geref kerk van die Transvaal behoort duik vir die eerste keer op in die *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormed of Gereformeerde Kerk, in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. (Kaapstad: Hofmeyer & Regter. 1890, 5.) In die Eerste Afdeeling onder Algemeene Bepalingen omskryf artikel 3 lidmaatskap: “Tot elke dezer bijzondere gemeenten behooren alleen blanken
a. Die op belijdenis des geloofs tot lidmaten zijn aangenomen;
b. Die door den doop in haar gemeenschap zijn ingelijfd;
c. Die door geboorte tot haar in betrekking staan;
d. Die tot andere Kerkgenootschappen met Gereformeerde belijdenis behoorende, op bewijs van doop of lidmaatschap worden erkend.
e. De Kerk laat geen gelijkstelling toe.”
In die hersiene *Wetten en Bepalingen* van 1894, 2, word punt e duidelik omskryf:
“De Kerk laat, echter, geen gelijkstelling toe tusschen blanken en Kleurlingen.”

[152] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 53.

> "Ek was veral gevoelig vir die wyse waarop die bepalinge in verband met die sending en die verhouding tot die dogterkerke van die Ned. Geref. Kerk daarin verwoord is. In die bepalinge oor die sending wat tot daardie stadium gegeld het, het 'n sterk diskriminerende tendens na vore gekom. Hoewel die beleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volke of volksgroepe gemotiveer is deur die ideaal van die inheemswording van die kerk, het elkeen wat met die geskiedenis van ons land bekend was, geweet dat daar ook 'n stuk rasse-vooroordeel met die sendingkundige oorwegings vermeng was."[153]

## 7. Samevatting

Jonker het besef dat hy nie langer kon swyg nie. Hy besluit om oor die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal te skryf. Hierbo is reeds daarop gewys dat die interpretasie van die Wette en Bepalinge van die kerk sy verantwoordelikheid as aktuarius was. Daarbenewens was daar 'n lewendige belangstelling in die sending en was dié tydperk 'n periode van hoogbloei van sendingywer in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Die sending was dus aktueel. Maar daar is meer: in die Wette en Bepalinge van die kerk vind die ekklesiologie wat in die kerk heers, sy neerslag in die praktyk van die kerklike lewe. Die Wette en Bepalinge sê só, en nie anders nie, moet die kerk lyk. In die volgende hoofstuk kom Jonker se pamflet *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal* aan die orde. Daarin het hy inderdaad kerklike geskeidenheid teologies-kerkregtelik geweeg.

---

[153] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 53, 54.

## Hoofstuk 4

## 1962: Kerklike geskeidenheid gewéég

In die vorige hoofstuk is daarop gewys dat die begin van die sestigerjare die Ned. Geref. Kerk op die breuklyn geplaas het. Die nuwe omstandighede het die Kerk uitgedaag. In die algemeen was die reaksie van die Kerk om hom in sy tradisie terug te trek. Dit was immers uit die hand van God ontvang. Daarby het hy die apartheidsbedeling teologies regverdig. En so ook sy sendingbeleid wat vir afsonderlike kerke voorsiening gemaak het. Om hierdie omvattende teologiese paradigma af te wys as 'n vergissing, mag eenvoudig nie gebeur nie. In die krisis was dit ontydig….

Jonker het op 'n unieke wyse die hele paradigma ondervra. Sy vraag het onontwykbaar op 'n antwoord aangedring. Hy het naamlik uit die gereformeerde kerkreg daarop gewys dat hierdie huis op sand gebou is. Sy *Die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal*[1] spruit nie alleen uit die soort gereformeerde kerkregtelike denke wat hy uit die staanspoor van sy bediening na vore gebring het nie, dit sluit ook aan by sy standpunte oor die nuwe kerkorde van die Ned. Geref. Kerk. Trouens, dit lê in lyn met die Dordtse Kerkorde, wat eweneens so hoog opgegee is deur diegene wat hom nou, op grond van die *Sendingbepalinge*, onwrikbaar onder verdenking geplaas en teologies verdag sou maak. *Sendingbepalinge* het immers kerklike geskeidenheid geweeg. Die Dordtse Kerkorde het dit te lig bevind.

*Sendingbepalinge* verskyn in dieselfde jaar wanneer die Ned. Geref. Kerk in een Algemene Sinode verenig. Jonker bespreek die sendingbepalinge in drie hoofstukke. Eerstens bespreek hy dit soos dit in 1962 daar uitgesien het. Daarna oorweeg hy die vraag hoe die sendingbepalinge in terme van 'n Bybels-teologiese ekklesiologie daar uit te sien. In die derde hoofstuk maak hy voorstelle vir die juiste koers wat die kerk behoort in te slaan. In elke hoofstuk kom drie temas aan die orde: die vraagstuk van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe; die selfstandigheid van die

---

[1] W. D. Jonker. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld.

dogterkerke en die posisie van die blanke sendeling. Dié temas sal hieronder bespreek word.

## 1. *Die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal*

Voordat Jonker die sendingbepalinge van die kerk onder die vergrootglas plaas, beredeneer hy die noodsaak vir sy ondersoek. Daaruit blyk nou ook sy reeds gevestigde benadering. Jonker vra éérs na hoe die sendingbepalinge volgens die Skrif (die *jus constituendum*) daar moet uitsien. Daarna sal hy die heersende sendingbepalinge (die *jus constitutum*) in die lig daarvan ondervra. Die kerk se sendingbepalinge behoort ná diepgaande skriftuurlike en prinsipiële nadenke geskryf word volgens Jonker, want daarin vind ’n mens die “neerslag van die kerk se gesindheid teenoor en benadering van die sending.”[2] Die sendingbepalinge reël die kerk se aksies na buite. Dit laat ’n bepaalde indruk op die heidene aan wie die Evangelie verkondig word. Ter wille van die uitbreiding van die Koninkryk van God moet die kerk se optrede suiwer en Bybels-verantwoord wees. ’n Derde rede waarom die sendingbepalinge suiwere Skrifbeginsels moet verwoord, is omdat die bepalinge van die sendende kerk (“moederkerk”) ’n bepaalde stempel afdruk op die jong kerk wat as vrug van die sendingaksie tot stand kom. Die kerk moet ook om dié rede noulettend sorg dat sy sendingbepalinge op die Skrif alleen gebaseer is.[3]

Dit is duidelik dat Jonker van oortuiging is dat die huidige sendingbepalinge nie aan bogenoemde voldoen nie. Daarom wil hy daarvoor “... pleit dat die Ned. Geref. Kerk van Transvaal sy sendingbepalinge *volledig en radikaal* moet hersien (ek kursiveer – GJD).”[4] Sy indruk is dat die sendingbepalinge nie die vrug van suiwer Bybels-teologiese nadenke is nie, maar dat dit eerder “... uit die praktyk opgekom het en stadigaan aangegroei het totdat dit geword het wat dit vandag is. ’n Mens mis die prinsipiële lyn ...”[5]

---

[2] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge,* 5.
[3] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 5, 6.
[4] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 6, 7.
[5] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 6, 7. Hierdie gekursiveerde woorde word deur prof. T. N. Hanekom in sy resensie van *Sendingbepalinge* herhaal.

### 1.1. Afsonderlike kerke vir verskillende bevolkingsgroepe

Die grondliggende uitgangspunt van die sendingbepalinge as 'n geheel, is dat daar van die standpunt uitgegaan word dat bekeerlinge uit die heidendom nie van die moederkerk nie, maar van 'n afsonderlike, 'n ander kerk, lidmate moet word. Met ander woorde, dit word vergestalt in kerklike geskeidenheid wat die *communion sanctorum*, die gemeenskap van die heiliges ondergrawe. Jonker weeg hierdie toedrag van sake in terme van die gereformeerde kerkreg, soos hy dit verstaan het. Alles wat hy in hierdie pamflet aanroer, spruit hieruit voort of het direk of indirek daarmee te doen.

Die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal, so beklemtoon Jonker, bepaal dat bekeerlinge nie lidmate van die moederkerk word nie, maar aanvanklik in afsonderlike "werkkringe" georganiseer word. Uiteindelik stig hulle afsonderlike gemeentes wat in verband met die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk van Transvaal staan. Maar: "Kerkregtelik gesproke is hierdie sendingkerk 'n *volledige ander kerk* as die Ned. Geref. Kerk van Transvaal, 'n kerk met sy eie gemeentes, eie kerkrade, ringe en sinode, wat parallel naas die Ned. Geref. Kerk bestaan (ek kursiveer – GJD)."[6]

Wat meer is, skryf Jonker, die implikasie van die sendingbepalinge is dat die sendinggemeentes nie as "volwaardige en selfstandige gemeentes van Christus" beskou word nie.[7] As voog kon die moederkerk te eniger tyd op die terrein van die dogterkerk optree en selfs ingryp in die regering van die kerk: "... haas al die bepalinge getuig daarvan dat die moederkerk te eniger tyd van sy kant af met die sendingkerk kan handel ..."[8]. Die een kerk heers gewoon oor die ander. Daar word in die bepalinge ook géén voorsiening gemaak vir enige vorm van kerkverband tussen die moederkerk en dogterkerk nie:

> "... selfs nie eers vir 'n offisiële beraad wat kan plaasvind tussen die twee kerke ... nie... As daar sprake is van 'n kerkverband tussen die twee kerke, is dit 'n eensydige kerkverband wat daarop neerkom dat die sendingkerk vir die

---

[6] Jonker verwys na artikel 238 e.v. – vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 8.
[7] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander,* 54.
[8] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 8.

moederkerk se optrede na alle kante oopstaan, maar dat die moederkerk self nêrens oopstaan vir invloed of indringing van die kant van die sendingkerk nie."[9]

Jonker vind die motivering vir hierdie standpunt in Reglement I (4) (ii): "Die Kerk laat geen gelykstelling toe tussen blankes en gekleurdes nie. (Vgl. Art. 9)." Sy interpretasie hiervan is:

> "Artikel 9 waarna hier verwys word, het tot in 1957 gelui: 'Die Kerk laat geen gelykstelling tussen blankes en nie-blankes toe nie.' Toe is dit egter gewysig na: 'Die Kerk beywer hom vir die stigting van afsonderlike Kerke onder die verskillende etniese groepe van die land. Alleen blanke persone sal tot lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk toegelaat word. (Art. 3).' In art. 3 word dan neergelê dat 'alleen blanke persone' aan die gemeentes van die Ned. Geref. Kerk behoort. In die bepalinge van die Suidstreek word dieselfde gedagte herhaal in art. 253 waar dit lui: 'Lidmate uit die sendinggemeente word nie tot lidmaatskap van blanke gemeentes in die Ned. Geref. Kerk van Transvaal toegelaat nie, maar blankes wat om een of ander rede hulle status as blankes prysgegee het, mag alleen met toestemming van die Kerkraad van die blanke gemeente toegelaat word tot lidmaatskap in die sendinggemeente.'"[10]

Jonker verwys ook na artikel 248 wat bepaal: "Die lede van die sendinggemeente sal geen gebruik van die kerkgeboue van die blanke lede van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal mag maak nie."[11] Hy gaan nie verder op die saak in nie – waarskynlik omdat dit nie direk met sy onderwerp te doen het nie. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat daar aan die wortel van artikel 248 'n geestesingesteldheid lê wat tot gevolg het dat óók "gesamentlike aanbidding" in die moederkerk in feite onmoontlik was en die kansels van van die moederkerk vir nie-blanke leraars ontoeganklik was.[12] Jonker sê

---

[9] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 8.
[10] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 8.
[11] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 8.
[12] Ter illustrasie hiervan word verwys na 'n onverkwiklike polemiek wat in *Die Kerkbode* losgebars het ná 'n artikel van Ds. W. D. Gerryts, 'n sendeling in die Soedan. (W. D. Gerryts. 1960. Moeder- EN Dogterkerke. *Die Kerkbode*, *lxxxvi (7),* 17 Augustus 1960, 214 – 216.) Hy skryf: "Dis nodig dat ons soveel moontlik die vooroordeel wat vir ons aan die kleur verbonde is, sal uitskakel en ook die inboorlingleraar sal erken as 'n gesant van God om selfs by wyse van uitsondering die erediens in 'n blanke gemeente waar te neem, net soos die blanke leraars ook dikwels dienste waarneem in gemeentes van die dogterkerk." Ds. F. J. Hay van Paul Roux reageer namens die kerkraad skerp hierop: "My

dat hy geen ander gevolgtrekking kan maak nie as dat die beleid van afsonderlike kerke alleen op die kleurgevoel van die blanke gebaseer is:

> "Immers, wat anders kan 'n oningeligte persoon aflei uit die herhaalde gebruik van die terme blank en nie-blank, en dit nog in kombinasie met die ou bekende politieke term gelykstelling?[13] Wat wil die kerk presies sê as hy sonder verduideliking 'n dergelike politieke term oorneem en dit op die terrein van die kerk van Christus van toepassing maak? ... Soos die bepalinge nou daar staan, word daar geen enkele Bybelse of teologiese grond aangevoer vir die beleid van afsonderlike kerke nie, daar word slegs gerep van die onwil van die kerk om gelykstelling tussen blank en nie-blank toe te laat."[14]

Waarteen Jonker nie gekant is nie, trouens hy ag dit baie gewens, hy is selfs *geweldig positief* daaroor dat elke bevolkingsgroep, elke taal- en kultuurgroep, wat elk hul eiesoortige nood en behoeftes het, die geleentheid gegun sal word om God in sy eie taal te hoor en te aanbid (in die tweede hoofstuk kom hy breedvoeriger hierop terug en hieronder sal weer hieraan aandag gewy word).[15]

Volgens Jonker volg al die sinodes van die Ned. Geref. Kerk dieselfde sendingbeleid, maar net een, die Transvaalse, het dié gewraakte formulerings expressis verbis in sy sendingbepalinge. Dit het 'n historiese aanloop: "... die Transvaalse kerk sit met hierdie

---

kerkraad het eenparig besluit om sterk protes aan te teken teen so 'n gedagte, en dit aan my opgedra om sy mening daaroor in Die Kerkbode te lug. Hy voel dat as naturelle toegelaat sou word om in die moederkerk se kansels op te tree, dit 'n besliste skending sou wees van ons eeue-oue beleid van apartheid in hierdie land. Ons kerk het nog altyd hierdie uitgesproke beleid in ons land onderskryf en gehandhaaf. Selfs om die titel van "dominee" aan naturelle te gee, soos u korrespondent bepleit, stuit ons teen die bors." (vgl. *Die Kerkbode*, *lxxxvi (14),* 28 September 1960, 439.) In *Die Kerkbode* van 26 Oktober 1960 word tien briewe oor die aangeleentheid gepubliseer, in *Die Kerkbode* van 9 November 1960, sewe 7 briewe, ens.

[13] Jonker verwys ook in 'n voetnoot (no 15 op bl. 12) na artikel 9 van die grondwet van die ou Transvaalse Republiek (die ZAR) wat lui: "Het volk wil geen gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk, noch in Staat." En in 'n ander voetnoot (no 13 op bl. 12) haal hy prof. G. B. A. Gerdener aan wat in sy boek *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep*, op bl. 380 skryf dat die "Hervormde broeders so sterk teen 'gelykstelling' gekant (was), dat hulle selfs nie eers wou toelaat dat 'n sendeling geestelike werk onder blankes verrig nie, daar dit gesien kon word as 'een eerste beginsel van gelijkstelling' en 'men tegen beginselen moet waken'". Jonker verwys na ds. D. P. Ackerman van Wakkerstroom wie se voorstel by 'n vergadering wat die hereniging tussen die Ned. Geref. en die Ned. Herv. Kerk voorafgegaan het en wat goedgekeur was. Sien G. B. A. Gerdener. 1930. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad, Die Nasionale Pers Beperk, 380.

[14] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 9.

[15] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 10, 11.

bepalinge opgesaal sedert die kerkvereniging met die Ned. Hervormde Kerk in 1885 toe daar by wyse van 'n toegewing aan die Hervormde broeders uitdruklik neergelê moes word dat die kerk geen gelykstelling toelaat nie ...". Hy haal ook weer artikel 3 by dat slegs blankes lidmate van die kerk mag wees. Jonker is oortuig: "Uit sy eie sou die Ned. Geref. Kerk nooit tot dergelike formuleringe gekom het nie."[16] Nog 'n rede vir hierdie formulerings is volgens hom die gevolg van 'n tipiese negentiende eeuse benadering van die rassevraagstuk.[17]

Die wortels van dié soort benadering tot die rassevraagstuk gaan inderwaarheid nog verder in die geskiedenis terug. Blanke meerderwaardigheid wat die "gelykstelling" tussen blank en nie-blank ongewens sou maak, het algemeen in die Weste sedert die 17de eeu voorgekom. Terme soos "white supremacy", "the master-race", "das Herrenvolk", ens. het vry algemeen voorgekom. "Van die laat 18de eeu was daar onder die Kaapse koloniste 'n sterk afkeer van wat hulle "gelykstelling" met slawe of die kinders van slawe genoem het. Hierdie teenstand teen gelykstelling sou tot die 1970's voortduur."[18]

Op hierdie punt moet 'n terloopse opmerking gemaak word. Dit is miskien te haastig om die feit dat die kerklike Wette en Bepalinge van die Ned. Geref. Kerk van die Transvaal voorsien het dat slegs blanke persone aan die Kerk mag behoort, volledig op die skouers van die Ned. Herv. Kerk te laai. Die bepaling dat slegs blanke persone aan die Ned Geref Kerk van die Transvaal behoort duik vir die eerste keer op in die 1890 uitgawe van die *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormd of Gereformeerde Kerk, in de Zuid-Afrikaansche Republiek.*[19] In die Eerste Afdeeling onder Algemeene Bepalingen omskryf artikel 3 lidmaatskap as volg:

"Tot elke dezer bijzondere gemeenten behooren alleen blanken

a. die op belijdenis des geloofs tot lidmaten zijn aangenomen;

[16] Sien voetnoot 150 in hoofstuk 3. Jonker is nie genuanseerd genoeg met hierdie stuk kerkgeskiedenis nie.

[17] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge,* 12, 13.

[18] Vgl. Herman Giliomee. "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08.; Sien ook Johann Kinghorn, (red.). 1986. *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan Suid-Afrika, 87 – 90. Veral Richard Elphick gaan uitvoering op "gelykstelling" in – in 'n sekere sin sê die titel van sy boek reeds dat die hele boek daaroor gaan: Richard H. Elphick. 2012. *The Equality of Believers.*

[19] *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormed of Gereformeerde Kerk, in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. Gedrukt bij Hofmeyer & Regter, Groente Plein, Kaapstad. 1890.

b. die door den doop in haar gemeenschap zijn ingelijfd;
c. die door geboorte tot haar in betrekking staan;
d. die tot andere Kerkgenootschappen met Gereformeerde belijdenis behoorende, op bewijs van doop of lidmaatschap worden erkend.
e. De Kerk laat geen gelijkstelling toe."[20]

In die hersiene *Wetten en Bepalingen* van 1894 (p. 2) word punt e duidelik omskryf: "De Kerk laat, echter, geen gelijkstelling toe tusschen blanken en Kleurlingen."

Hierdie bepalings kom nóg in die kerklike reëls van die Ned. Herv. Kerk in die ZAR, nóg in dié van die Ned. Geref. Kerk van die ZAR voor. In hoofstuk 1 van die 1874 die *Soli Deo Gloria. Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek*.[21] onder die Algemeene Bepalinge in artikel 2 word lidmaatskap as volg omskryf:

> "Tot de Nederduitsch Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek behooren allen, die op belijdenis des geloofs overeenkomstig de belijdenisschriften der Gereformeerde Kerk tot leden alhier zijn aangenomen; voorts degenen die, in andere landen of staten van Zuid-Afrika als tot de Nederduitsch Gereformeerde Kerk behoorende erkend, zich in eene der gemeenten van de Zuid-Afrikaansche Republiek nederzetten, mits zij door behoorlijken attestation van hun lidmaatschap hebben doen blijken: eindelijk allen die in de Nederduitsch Gereformeerde Kerk gedoopt en alhier woonachtig zijn."[22]

Wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, ontbreek die bepaling in die kerkordelike reëlings en bepalings tot in 1904.[23] In die vroegste *Reglemente voor de*

---

[20] *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormed of Gereformeerde Kerk, in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. 1890, 5.
[21] *Soli Deo Gloria. Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek*. Utrecht: J. H. van Peursum. 1874.
[22] *Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek*, 1874, 5-6.
[23] Vgl. C. B. Prinsloo. 2016. *Die teologiese diskoers oor apartheid in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1951 – 2011)*, ongepubliseerde Meesters Verhandeling, Universiteit van Pretoria, 22 – 27.

*Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek*[24] is die *Algemeen Reglement voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek* opgeneem, waarin die *Algemeene Bepalinge* in Artikel 2 lidmaatskap nie tot slegs blanke persone bepaal nie. Artikel 2 lui:

> "Tot de Nederderd. Herv. Kerk alhier behoorden zy, die op belydenis van geloof tot lidmaten zyn aangenomen; die, in anderen landen of staten tot de Nederd. Herv. Kerk behoort hebbende, hier komen wonen en door dergelyke bewyzen van hun lidmaatschap doen blyken; sy die in de Nederd. Herv. Kerk gedoopt syn." omskryf sonder die blanke persone alleen."[25]

Hieruit is dit wel duidelik dat die bepaling wat Jonker in die oog het, op die rekening van die Ned. Geref. Kerk geplaas moet word. Om verder hierop in te gaan, val buite die bestek van hierdie studie. Dit is wel op te merk dat die Ned. Geref. Kerk óók volledig verantwoordelikheid moet aanvaar vir hierdie bepaling. Jonker weeg dus ook die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Hoewel hy dus aanvaar dat die sendingbepalinge 'n afbuiging van die historiese lyn wat die Ned. Geref. Kerk sou gevolg het, is hy op hierdie punt nie akkuraat genoeg nie. Sou hy die volle geskiedenis bygehaal het, sou hy die punt wat hy maak, nog sterker kon stel.

Teenoor die sendingbepalinge wil Jonker 'n Bybels-teologiese ekklesiologie stel. Die Nuwe Testament gebruik verskeie beelde om die kerk se verbinding met Christus aan te dui bv. die van die wynstok en sy ranke, die van die gebou waarvan Christus die hoeksteen is of die van die bruidegom en die bruid. Jonker verkies egter om die beeld dat die kerk die liggaam van Christus is, te gebruik. Dié keuse is voor die hand liggend – dit was immers waaroor sy proefskrif gehandel het: *Mistieke Liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie*. Die eerste ding wat dié beeld vir Jonker na vore roep, is dat die kerk die eiendom van Christus is. Dit beteken dat daar 'n innige band, 'n diepe eenheid tussen Christus en die kerk bestaan. *Hierin lê die sleutel vir Jonker se kerkbegrip* en die fondament waarop hy reken die kerk se sendingbepalinge gebou moet word:

---

[24] *Reglemente voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. Potchefstroom: JP Borrius, 1862.
[25] *Reglemente voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. 1862, 1.

> "Die eenheid van die kerk met Christus het nou egter ook betekenis vir die vraag wie aan die kerk van Christus mag behoort.... Die grense van die kerk word deur niks anders gevorm as die genade van God nie. Buite en binne word met betrekking tot die kerk slegs deur een ding bepaal, en dit is die verhouding wat daar tot Christus bestaan."[26]

In my eerste studie oor Jonker, is die volgende stelling gemaak: "Willie Jonker het die wesensvraag van die ganse ekklesiologie in die proefskrif raak saamgevat in die sin: 'Die vraag na wat die aard van die liggaam van Christus is, is ... die vraag na die verhouding van die Kerk tot die genade."[27] En elders in sy proefskrif skryf Jonker: "Op al die beslissende punte in die geskiedenis waarby die vraag wat die Kerk wesenlik is, in die brandpunt gestaan het, het dit om 'n worsteling met die probleem gegaan. Dit is die probleem van die verhouding van Kerk en genade."[28]

Jonker slaan dus nie 'n totaal nuwe weg in *Sendingbepalinge* in nie – trouens, hy bly op sy ingeslane trajek. Nou bedien hy die Skrif aan die kerk. In dié pamflet spel Jonker die praktiese implikasies uit van die teologiese insigte wat hy aanvanklik in sy proefskrif ingeneem het, wat hy daarna in die bediening van die Christelike tug eerder as evangelisasie uitgemaak het, wat hy as uitgangspunt geneem het in die oorweging van 'n nuwe kerkorde vir die Ned. Geref. Kerk en nou vir die sendingwerk van die kerk waartoe hy behoort. Sy standpunt is duidelik: *alleen* die genade wat Christus self aan 'n skepsel betoon bepaal of iemand tot sy liggaam, die kerk behoort. Die implikasie moet vir almal duidelik wees: ras kan nooit medebepalend of selfs bo genade verhef word tot 'n faktor wat bepaal wie tot die kerk mag behoort en wie nie. In sy eie woorde:

> "Ten opsigte van die saak van lidmaatskap aan die kerk beteken dit net eenvoudig dat niemand tot lidmaatskap daaraan toegelaat kan word, as die kerk nie aangaande hom rede het om te glo dat God hom self by die kerk voeg nie (Hand. 2: 47), maar ook omgekeerd: dat niemand lidmaatskap aan die sigbare kerk

---

[26] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge,* 20. Sien ook W. D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok, 15, 214.
[27] Vgl. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 155. Sien ook bladsy 150 e.v.
[28] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam*, 10.

geweier mag word, tensy ons aangaande hom moet glo dat hy buite Christus is nie."[29]

Elkeen wat die Here by Sy kerk gevoeg het, is 'n lid van Christus. En: Christus het net één liggaam. Vanuit die staanspoor neem Jonker die standpunt in dat daar 'n onverbreekbare eenheid moet wees tussen die onsigbare, innerlike wese van die kerk soos dit in Christus bestaan – die onsigbare kerk – en die sigbare gestalte wat dit op aarde aanneem. Die heersende teologie in die Ned. Geref. Kerk sou wel skoorvoetend saamstem dat die Skrif alleen één ongedeelde kerk ken, maar dan sê dat dit alleen van die verheerlikte kerk ná die wederkoms geld, maar nie van die sigbare kerk in hierdie sondige bedeling op aarde nie.[30] As Jonker kerklike geskeidenheid aan die uitgangspunte van die gereformeerde kerkreg toets, kom hy teenoor die gangbare opvattings rondom die teologiese regverdiging van hierdie soort geskeidenheid van die Ned. Geref. Kerk te staan. Goed geskool in die Nederlandse kerkregtelike denke, hou hy 'n ander interpretasie van die veel gebruikte terme sigbare en onsigbare kerk en die eenheid en pluriformiteit van die kerk daarop na.

### 1.1.1. Sigbare en onsigbare kerk

Die gedagte dat die sigbare gestalte van die kerk as van minder belang beskou is en dat praktiese oorwegings eerder as die prinsipiële standpunte die inrigting van die kerk bepaal het, wyt Jonker aan die liberale denke van die negentiende eeu. Dít lê ten grondslag van 'n on-Bybelse skeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk. Hierdie skeiding het wyd verbreid in die teologiese denke van die Ned. Geref. Kerk geleef. Hoe moet die kwessie van die sigbare en onsigbare kerk Bybels-teologies verstaan word? Hoe is dit in die Ned. Geref. Kerk verstaan en wat is die herkoms van hierdie teologiese denke in die kerk?

---

[29] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 22.

[30] Vgl. bv. "Verklaring van die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. soos goedgekeur op sy vergadering van 22 Febr. 1961 na aanleiding van die Kerkeberaad, Johannesburg 7-14 Desember 1960" *Die Kerkbode*, *lxxxvii (12),* 22 Maart 1961, 402 – 406; Prof. Dr. E. P. Groenewald. 1961. "Die Wêreldraad van Kerke", *Die Kerkbode*, *lxxxvii (10),* 8 Maart 1961, 310 – 314; Ds. F. A. Kock. 1961. "Christendom en Nasionalisme", *Die Kerkbode*, *lxxxvii (10),* 8 Maart 1961, 321. Bogenoemde drie voorbeelde is geselekteer om die breë spektrum waar die siening waarteen Jonker reageer, te reflekteer. Dit verteenwoordig 'n amptelike verklaring van 'n meerdere vergadering van die kerk, 'n teologiese dosent van die Teologiese Fakulteit, Pretoria en laastens 'n leraar wat in die gemeentelike bediening gestaan het.

Die sigbare-onsigbare kerk-kwessie kan terug gelei word na die ekklesiologie van Abraham Kuyper. Kuyper word graag – in die woorde van prof. P. F. Theron – "as kroongetuie"[31] bygehaal om gewig aan 'n teologiese standpunt te verleen; of – soos Jonker dit in *Sendingbepalinge* sê – dat Kuyper "aangehaal word asof dit vir ons ook van outoritatiewe betekenis sou wees".[32] Dit behoort egter deeglik verreken te word dat Kuyper sy ekklesiologiese denkbeelde in 'n totaal ander konteks geformuleer het as dié in die Suid-Afrika van die twintigste eeu. Kuyper het sy ekklesiologie – met name die denkbeeld van die pluriformiteit van die kerk – geformuleer teen die agtergrond van die spesifieke kerklike stryd teen die volks- of massakerk waarin hy in homogene Nederland betrokke was. Soos in hoofstuk een reeds aangedui, was daar beslis ooreenkomste tussen die volkskerk-probleem in Nederland en dié in Suid-Afrika – maar ook duidelike verskille. Saaklik kom dit daarop neer dat Kuyper sy denkbeelde ontwikkel het om daarmee die reg van ortodokse gelowiges te verdedig om hulle van die tuglose en liberale volkskerk af te skei en eie afsonderlike kerke te stig, maar sonder om skuldig te wees aan die sondige verskeuring van die kerk.

Kuyper se denkbeelde is byna naatloos op die Suid-Afrikaanse konteks getransponeer – asof die kontekste identies is. Daarbenewens vind 'n mens 'n vreemde dualisme: dat Kuyper daarbý ook taamlik eklekties gebruik is. Die één groot verskil in konteks is dat dit vir Kuyper nooit om etnisiteit gegaan het nie terwyl dit in die Suid-Afrikaanse konteks juis om die volkse karakter van die kerk gegaan het. Hierbo is gewys op die verskil tussen "Boere-Calvinisme" en Kuyper se neo-Calvinisme.

Tog moet erken word dat beroepe op Kuyper as gesaghebbende teoloog, nie geheel en al ten onregte geskied het nie. Die wyse waarop teoloë van die Ned. Geref. Kerke die sigbare en die onsigbare kerk teenoor mekaar stel, is juis aan Kuyper ontleen. Vir Kuyper is die eenheid van die kerk in die eerste plek onsigbaar. Dit is 'n geloofswaarheid wat net soos die heiligheid en die katolisiteit van die kerk attribute van die onsigbare kerk is, maar nie van die sigbare kerk nie. Vir Kuyper druk die belydenis

---

[31] Vgl. P. F. Theron. "Corpus Christi, Katolisisme en Kuyper" in P. F. Theron en Johann Kinghorn (reds.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 88.
[32] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 29.

van die eenheid van die kerk nie uit dat daar nie "…meerdere kerken zijn of zijn kunnen, maar om aan te duiden, dat de leden der kerk ééne onverbrekelijke eenheid uitmaken, saam één organisch geheel zijn en dat dit ééne lichaam altoos en overal hetzelfde lichaam is."[33]

Jonker is die mening toegedaan dat die skeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk te wyte is aan die liberale denke van die negentiende eeu. Die vraag is nou of Jonker vir Kuyper – ten minste wat Kuyper se denkbeelde oor die eenheid van die kerk betref – in hierdie hoek vind? Die antwoord is dat dit inderdaad die geval is. In 'n voetnoot sê hy Kuyper het "... in sy beskouinge oor die eenheid van die kerk soms die slagoffer geword van 'n byna liberale siening, waarvolgens elke mens kan *kies* saam met wie hy 'n kerk wil maak. Asof die kerk nie die liggaam van Christus is nie."[34] Daarteenoor wil Jonker nie dat van 'n sigbare *en* 'n onsigbare kerk gepraat moet word nie omdat dit die indruk mag wek dat daar sprake kan wees van twee kerke. Die sigbare kerk *is* volledig liggaam van Christus.

Dat die sigbare en onsigbare kerk mekaar egter nie volledig dek nie, het hy reeds in sy werk *En as jou broeder sondig...* (wat in die eerste hoofstuk oor die tug behandel is) in groter detail bespreek.[35] Die kern daarvan is dat huigelaars en ander mense onder valse voorwendsels hulle by die kerk mag aansluit, "... want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie" (Rom. 9: 6). Dit is faktore waaroor die kerk nie self kan beskik nie. Die kerk mag egter nooit daarin berus nie maar moet alles in sy vermoë doen om die sigbare kerk so na as moontlik te laat ooreenstem met sy onsigbare sy.

---

[33] A. Kuyper. 1910. *Dictaten Dogmatiek*, *Locus de ecclesia: collegedictaat van een der studenten*. Kampen: J. H. Kok, 80. Durand gee uitvoerig aandag aan die "sigbare en onsigbare" kerk in sy proefskrif – sien J. J. F. Durand. 1961. *Una Sancta Catholica*, *in sendingperspektief: 'n analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. Amsterdam: Ten Have, 30 – 33,106 -107, 122, ens.

[34] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 29. Jonker behandel die tema van die sigbare en onsigbare kerk en die wyse waarop die liberale kerkreg dit van mekaar geskei het, uitvoerig in 'n artikel in die *NGTT*. Hy skryf dat hierdie gedagtes reeds in die liberale kerkreg van iemand soos Rooijaards voorkom: "En nou is dit merkwaardig dat Rooijaards daarin van die onderskeiding *sigbare* en *onsigbare kerk* op 'n wyse gebruik maak wat geweldig resent aandoen." Vgl. W. D. Jonker. 1964. "Die Liberale Kerkreg en die Veelheid van Kerke" *NGTT*, Januarie 1964, deel V no 1, 5.

[35] Vgl. W. D. Jonker, 1959. *En as jou broeder sondig... enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 43 – 45. In *Sendingbepalinge* verwys Jonker ook daarna – vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 20.

Jonker het deurgaans die standpunt gehuldig dat die Bybelse beeldspraak dat die kerk die liggaam van Christus is, óók op die sigbare kerk slaan en dat alle uitsprake in die Nuwe Testament oor die kerk vir beide die sigbare en onsigbare kerk geld.[36] Hy moes hom dikwels oor hierdie saak in sy proefskrif teenoor die Roomse kerkbegrip[37] verantwoord, maar terselfdertyd ook aantoon dat daar sekere interpretasies van dié onderskeiding (wat eintlik na Augustinus terug te voer is) in protestantse geledere is wat onaanvaarbaar is.[38] Omdat die kwessie telkens – ook wanneer die resensie van die pamflet deur prof. T. N. Hanekom bespreek sal word – aan die orde kom, is dit nodig om dieper hierop in te gaan. By die standpunte wat hy in sy proefskrif ingeneem het, het hy konsekwent gebly, dieselfde argumente gebruik en haal hy dieselfde teoloë aan. Hy skryf bv.:

> "Daar bestaan hoegenaamd geen rede om 'n teëstelling te konstrueer tussen die liggaam van Christus en die Kerk nie, of om sonder meer te sê dat Paulus die onsigbare Kerk bedoel wanneer hy oor die liggaam van Christus spreek nie.... Wie in die lig van die Skrif oor die Kerk gaan spreek, sal met Grosheide die ecclesia van die Nuwe Testament ook sien as 'n uitwendige, waarneembare organisasie ... Grosheide spreek tereg van die sigbaarheid van die Kerk wat veral uitkom in die afgeslotenheid van die kring van gelowiges, in hulle vergadering as ecclesia, in die amp, die tug en die sakrament.... Omdat die Reformatore Skrifgetrou was, is die erkenning van hierdie dinge oer-Reformatories en, meer spesifiek, oer-Gereformeerd."[39]

Paulus gebruik juis die beeld van die liggaam om op 'n konkrete wyse duidelik te maak hoe intiem lede van die liggaam by mekaar se lewens betrokke is, skryf Jonker. Hulle moet in mekaar se vreugdes en leed deel, mekaar met hulle Godgegewe gawes dien, ens. In hierdie konteks praat Paulus ook oor die ampte in die kerk. Slegs die sigbare kerk het ampsdraers. Jonker verwys na Grosheide wat die kerk sien as 'n "uitwendige,

[36] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 20, 21.
[37] Dit is die aanspraak van Roome dat "... hy sonder meer *die Kerk* is, nie slegs die sigbare Kerk waaragter 'n algemene, onsigbare Kerk, wat die eintlike Kerk is, bestaan nie..." Sien Jonker. 1955. *Mistieke liggaam*, 94.
[38] Sien Jonker. 1955. *Mistieke liggaam*, veral 90 – 97; vgl. ook 15, 90, 102, 103, 105, 177 – 182, 195, 196.
[39] Vgl. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam*, 178.

konkrete, waarneembare organisasie wat selfs in die briewe aan die Efesiërs en die Kolossense nie 'n louter geestelike, onsigbare en ongeorganiseerde grootheid is nie, maar 'n konkrete, sigbare kerk met ampte en sakramente." En, vervolg Jonker: "So het Calvyn dit ook verstaan."[40] Al die eienskappe van die onsigbare kerk word betrek op die kerk as sigbare instituut. Om dié eienskappe konkrete gestalte te laat aanneem, moet die doel en strewe van die kerk op aarde wees. "Ook die Ned. Geref. Kerk van Transvaal kan nie met 'n goeie gewete hierby verby kom nie."[41]

Bogenoemde standpunt van Jonker oor die sigbare en onsigbare kerk, stem grootliks ooreen met die van Karl Barth. Hy is wel nie bereid om saam met Barth die kerk die "irdisch-geschichtliche Existenzform" van Christus te noem nie,[42] maar hulle is eenstemmig in hulle afwysing van die teenstelling wat tussen die sigbare en onsigbare kerk gemaak word.[43] Jonker praat van 'n werklike, mistieke en organiese eenheid[44] van die sigbare kerk met Christus.[45] Aan dié eenheid wil hy nie in die minste afdoen nie, sodat hy alle nadruk daarop lê dat wie met die kerk te doen het, met Christus self te doen het. Die kerk kan alleen vanuit Christus verstaan word.

### 1.1.2. Die eenheid en pluriformiteit van die kerk.[46]

Genoemde werklike, mistieke en organiese eenheid van die kerk met Christus, beteken óók dat die lede van die liggaam van Christus werklik organies met mekaar een is. Vir Jonker spreek dié waarheid veral uit 1 Kor. 12: 12 – 13. Alle gelowiges, ongeag die groot verskeidenheid waarvan 1 Kor. 12 melding maak, is deel van die één liggaam van

[40] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 21.
[41] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 22.
[42] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 20.
[43] Die ooreenstemming tussen Jonker en Barth oor hierdie saak is opvallend: "For this reason (1) the visible and the invisible Church are not two Churches – an earthly-historical fellowship and above and behind this a supra-naturally spiritual fellowship. As we have already seen, the one is the form and the other the mystery of one and the self-same Church. The mystery is hidden in the form, but represented and to be sought out in it. The visible lives wholly by the invisible. The invisible is only represented and to be sought out in the visible. But neither can be separated from the other. Both in their unity are the body, the earthly-historical form of existence of the one living Lord Jesus Christ. For the same reason (2) the *ecclesia militans* and the *ecclesia triumphans* are not two Churches but one Church." Vgl. Karl Barth and G. W. Bromiley. 2004. *Church Dogmatics Vol. IV, 1*. London: T & T Clark, 669.
[44] Sien voetnoot 10 in hoofstuk 2 om die verskil tussen Kuyper se gebruik van "organisme" en die Suider-Afrikaanse begrip dat "organiese eenheid" 'n "*werklike*" eenheid beteken.
[45] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 20.
[46] J. J. F. Durand wy 'n groot gedeeltes van sy proefskrif aan die pluriformiteitsgedagte. Veral hier ter sake is hoofstuk II, bladsye 59 – 122. Sien Durand. 1961. *Una Sancta.*

Christus. Die eenheid tussen gelowiges, ongeag hulle verskille in volksverband of sosiale stand, is ’n werklike, reële, ’n organiese eenheid. Dié eenheid is egter van ’n ander aard as die wat mense van nature en op ’n gewone menslike vlak met mekaar het. Dié eenheid is in Christus, want ons het “... één Here, één geloof, één doop, één God en Vader wat oor almal en deur almal en in hulle almal is (Ef. 4: 5 – 6)”.[47]

Teen ’n kerk wat organies een is, had – byna sonder uitsondering – al die rigtinggewende teoloë in die Ned. Geref. Kerk ernstige besware. Dit is: teen ’n Ned. Geref. Kerk wat oor rassegrense heen organies een is, want in dieselfde jaar waarin *Sendingbepalinge* verskyn, word die blanke Ned. Geref. Kerke organies een. Jonker bespreek sommige van die besware wat teen ’n sigbare organiese eenheid oor rassegrense heen, geopper word. Hy noem dit “algemene vrae” en sê dat hy daarmee “die praktiese konsekwensies van hierdie duidelike leer van die Skrif” wil aandui.

Die eerste beswaar is dat die eenheid van die kerk – ook vir Jonker – “kennelik ’n geestelike eenheid” is. Die belangrike vraag waarvoor die kerk in sy sendingbepalinge te staan kom, is of hierdie geestelike eenheid “konkreet en tasbaar”, d.w.s. ook *sigbaar*, gestalte moet verkry. Op die agtergrond speel die denkbeelde van Abraham Kuyper hieroor steeds hoorbaar mee. Hierbo is reeds daarop gewys dat die eenheid van die kerk, soos sy heiligheid en katolisiteit, ’n attribuut van die kerk is. Van daaruit moet die gedagte dat die eenheid van die kerk ’n (blote) geestelike eenheid is, verstaan word. Hierdie geestelike eenheid hoef egter – volgens dié denkrigting – nie binne een kerklike organisasie of instituut sigbaar tot uitdrukking te kom nie.

Die wyse waarop Kuyper die kerk as organisme en die kerk as instituut teenoor mekaar stel, is deur die teoloë van die Ned. Geref. kerke oorgeneem en speel hier ’n belangrike rol. Die kerk as instituut hoort volgens Kuyper nie tot die wese van die kerk nie. Die kerk as instituut is vir hom net iets uiterlik. “Meer is de kerk niet. Ze is eenvoudig *een instituut voor den dienst des Woords*.”[48] Verloor ’n mens die diepgaande onderskeid tussen die onsigbare kerk en die sigbare kerk (die kerk as instituut) en word die sigbare

---

[47] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 23.

[48] A. Kuyper. 1923. *E voto Dordraceno, toelichting op den Heidelbergschen Catechismus II*. Kampen: J. H. Kok, 134. Sien ook p. 137.

kerk as wesenlik vir die kerk beskou, is dit vir Kuyper niks anders nie as kerkisme.[49] Kuyper gaan selfs so ver as om te skryf: "De onzichtbare zijde der kerk word *nooit* zichtbaar, want nooit en nimmer zal een geestelijk werking als zoodanig waarneembaar zijn."[50] Vir Kuyper kom die wesenlike eenheid van die kerk dus nie in gedrang deur die bestaan van 'n groot aantal kerklike institute naas mekaar nie. Hierdie denkbeelde van Kuyper het in die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal 'n neerslag gevind.

Daarteenoor redeneer Jonker met beslistheid en oortuiging dat dit wat in Christus Jesus waar is, ook in die praktyk neerslag móét vind. Dit geld die ganse geestelike lewe – hoe gebrekkig ook al – én dus ook vir die eenheid van die kerk. Indien dit nie die geval is nie, het dit maar een oorsprong: die sonde. Die volmaakte eenheid sal wel nie in hierdie bedeling bereik word nie, maar dit neem niks weg van die roeping van die kerk om na "dié eenheid in die praktyk met alle mag te soek nie".[51] Hiervoor beroep hy hom op die belydenisskrifte (Heidelbergse Kategismus antwoord 55), die nagmaalsformulier en op talle tekste in die Skrif. Hy beklemtoon die onderlinge liefde wat die lewe van gelowiges moet kenmerk en wys daarop dat Jakobus die "aanneming van die persoon", klasse- en standsverskille en partydigheid by gelowiges radikaal veroordeel. Hy vervolg dat Jakobus moeite doen

> "... om dit duidelik te maak dat klasse- en standsverskil in die gemeente van Jesus Christus nie mag ingang vind nie, want "partydigheid" is sonde (vgl. Jak. 2: 1-13). Die kerk dui hierdie konkrete onderlinge eenheid en gemeenskap van die lede van die liggaam van Christus van oudsher af aan onder die naam: *gemeenskap van die heiliges*."[52]

Hiermee sny hy tot in die hart van die probleem wat hy in die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal vind.

---

[49] Kuyper. 1923. *E voto Dordraceno II,* 135.
[50] Kuyper. 1923. *E voto Dordraceno II,* 145.
[51] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 23.
[52] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 24.

Die tweede beswaar wat Jonker opper, sluit ten nouste by bogenoemde aan – tot so ’n mate dat hy genoop word om te sê dat, in die lig van bostaande, daar geen twyfel oor die antwoord kan wees nie. Hy vra:

> “*Moet hierdie eenheid van die gelowiges in Christus nou ook organisatories tot uitdrukking kom?* Anders gestel: Moet ons daaruit aflei dat daar net een sigbare kerk moet wees, of mag ons uitgaan van die standpunt dat die onderlinge eenheid van die gelowiges ewe goed gewaarborg is as daar verskillende “kerke” is wat naas mekaar bestaan?”[53]

Alhoewel Jonker nie twyfel oor die antwoord het nie, het die heersende teologie in die Ned. Geref. Kerke ontkennend op dié vraag geantwoord. Só blyk dit immers uit die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal. Daar bestaan by Jonker geen twyfel nie dat die Skrif slegs één kerk van Jesus Christus ken – nie twee of meer nie – en dat dit duidelik die wil van God is dat die kerk ook sigbaar één en onverdeeld sal wees. Dáárom durf die kerk nie die verdeeldheid van die kerk goedpraat óf daarin berus nie. By implikasie is dit duidelik dat Jonker wil sê dat juis dít in die sendingbepalinge van die kerk gebeur.

In hierdie konteks gaan Jonker vervolgens in op die vraag hoe kerkverband dan verstaan moet word. Hoe moet die Nuwe Testamentiese gebruik van die meervoudsvorm “kerke” verstaan word? Beteken dit nie dat die Nuwe Testament self die legitieme bestaan van verskillende kerke naas mekaar ken nie? Gesien in die lig van die Bybels-teologiese verstaan van die plaaslike kerk as ekklesia completa, dui ook dit nie op ’n legitieme naasmekaar staan van onafhanklike en selfstandige kerke nie? Jonker antwoord deur daarop te wys dat alhoewel elke plaaslike gemeente volledig kerk is, hulle tog nie los van mekaar nie, maar in die aller nouste verband staan. Dit is die één kerk van Christus wat op verskillende plekke tot openbaring kom. Ook wys hy op gedeeltes in die Skrif – bv. Efesiërs 4 – “wat tog kennelik op die universele kerk slaan”.[54] Daar behoort ’n kerkverband te wees wat die verskillende plaaslike kerke en

---

[53] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 24.
[54] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 25.

die kerke in verskillende lande omsluit. Só moet die (geestelike) eenheid wat die een, algemene, Christelike kerk in Christus reeds besit, tot openbaring gebring word.

Oor die eenheid van die kerk, spreek Jonker hom ondubbelsinnig uit. God se wil vir Sy kerk is "onontwykbaar" en "seker" dat die kerk sigbaar één sal wees. Vir die kerk moet dit 'n voortdurende ideaal wees waarna hy strewe en alles moet in werking gestel word om dié eenheid 'n werklikheid te laat word.[55]

Sulke denkbeelde oor die eenheid van die kerk is wyd in gereformeerde kringe in Suid-Afrika as Rooms afgemaak.[56] Miskien, reken Jonker, is sommige van diegene wat só redeneer, onbewus daarvan dat Calvyn ook só oor die eenheid van die kerk gedink het. Hy beroep hom oor dié standpunt van Calvyn onder andere op twee proefskrifte, dié van W. Nijenhuis: *Calvinus Oecumenicus*, en in 'n voetnoot ook op dié van J. J. F. Durand: *Una Sancta Catholica in Sendingperspektief*.[57]

Om die bestaan van verskillende kerke naas mekaar te regverdig, is die denkbeeld van die pluriformiteit van die kerk vry algemeen in die Ned. Geref. Kerk – met 'n beroep op Kuyper – gebruik. Dié denkbeeld het Abraham Kuyper ontwikkel vanuit die historiese situasie waarin die Nederlandse Hervormde Kerk tot 'n tuglose massakerk verword het en waarteenoor hy skerp krities gestaan het.[58] Na Jonker se oortuiging wou Kuyper terwille van die behoud van die gereformeerde belydenis en godsdiens van die volkskerk, met sy valse, bloot uiterlike en ongeestelike eenheid, wegkom. Die vraag vir hom was hoe om dit te doen sonder om die bestaande kerk tot die valse kerk te verklaar. Die verdeling van die bestaande kerk in 'n aantal vrye kerke van eendersdenkendes beteken klaarblyklik vir hom geen skisma óf dat die eenheid van die kerk daardeur in gedrang gebring word nie, sê Jonker.[59] Daarom praat Kuyper van die

---

[55] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 26, 27.
[56] Dit was ook van die besluite van die Cottesloe Beraad gesê – sien hierbo. Sien ook Hanekom se standpunt hieroor in voetnoot 71 hieronder.
[57] Hierbo is reeds daarop gewys dat dit vir Jonker na sy gesprekke met Durand in 1960/61 duidelik geword het dat hy *Sendingbepalinge* moet skryf. Durand sal ook later toetree tot die polemiek oor *Sendingbepalinge* en die standpunte van Jonker verdedig. Die lees van Durand se proefskrif toon duidelik dat die twee mekaar wedersyds beïnvloed het en dat daar tussen hulle teologiese eenstemmigheid geheers het. Tog lewer elkeen 'n eie, unieke bydrae tot die debat. Durand en Jonker het intieme bande gesmee en was medeskrywers aan die reeks *Wegwysers in die Dogmatiek*.
[58] In hoofstuk 1 is die saak reeds bespreek.
[59] Vgl. A. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken: aan de zonen der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfeest*. Amsterdam: Höveker, 117 e.v. waarin hy breedvoerige strategieë

een kerk wat op veelvormige – oftewel, pluriforme – wyse tot uitdrukking kom. In 'n voetnoot (waarna hierbo ook verwys is) beoordeel Jonker Kuyper se sieninge só:

> A. Kuyper wat die inisiator van die begrip "pluriformiteit" was, het ... soms ook die verskeurdheid van die kerk as 'n legitieme pluriformiteit gesien ... en dit selfs vergoeilik[60] ... Ook kom 'n mens nie weg van die feit dat Kuyper as kind van sy tyd baie indiwidualisties oor die kerk gedink het ..."[61]

Oor drie bladsye heen[62], bespreek Jonker die uitgangspunte waarmee Kuyper en sy navolgers hulle optrede (om die band wat hulle aan die Hervormde Kerk verbind het, los te maak) regverdig. Dít doen hy egter sonder om Kuyper by die naam te noem. "Pluriformiteit" was gebruik om die bestaan van 'n groot aantal kerke wat náás mekaar – selfs téénoor mekaar – bestaan, te regverdig. Die proses wat gevolg is, was egter niks anders nie as 'n proses van *afskeiding*. Al het Kuyper gesê dat hy die teenoorgestelde beoog, is dit Jonker se opinie dat geen ernstige afskeiding kan plaasvind sonder om die instituut wat verlaat word, as die valse kerk te brandmerk nie en homself te verstaan as 'n poging om die kerk sy ware karakter as kerk van Jesus Christus te laat aanneem. Jonker is daarvan oortuig dat die term "pluriformiteit" ten onregte vir *hierdie* soort veelheid van kerke gebruik word. Dit ontken aan die eenkant die erns van die verskille waaroor dit gaan en aan die anderkant die erns van die daad van afskeiding. Dit gaan nie bloot om 'n verskil in uiterlike vorm nie; in die lig van die eis van die Skrif dat die kerk één moet wees, is die bestaan van 'n veelheid van kerke wat teenoor mekaar bestaan niks anders as 'n sondige verskeurdheid nie.[63] "Hoe moet ons hierdie situasie beoordeel?", vra Jonker. Hy antwoord:

---

bespreek wat kerkrade kan volg om nie skeuring te veroorsaak nie, maar sodat die ontstaan van 'n nuwe kerkverband inderwaarheid 'n daad van reformasie is.

[60] J. Kamphuis het op die eensydige vertekening van Kuyper gewys asof sou Kuyper die pluriformiteit "alleen maar" gebruik word om diens te doen om die verdeeldheid in die kerk "zelfs te verheerlijken". Kuyper het hom inderwaarheid beywer vir eenheid onder Gereformeerdes. "Dat element is er bij Kuyper... maar is dat 'verheerlijken' een onbillijke term." Sien J. Kamphuis. 1992. "'Geen klauw macht achterblijven!' Enkele opmerkingen over A. Kuypers begeerte naar de éénheid der gereformeerde belijders" in D. Deddens, en M. te Velde. 1992. *Vereniging in wederkeer: opstellen over de Vereniging van 1892*. Barneveld: De Vuurbaak, 34.

[61] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 29.

[62] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 27 – 29.

[63] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 27, 28.

> "Ons moet daarvan uitgaan (a) dat die kerk van Jesus Christus nie verdeel mag word nie maar (b) dat die kerk van Christus geen gemeenskap met die valse kerk moet hê nie.... Dit gaan in die naas-mekaar-bestaan van die verskillende kerke nie om "pluriformiteit" nie: dit gaan enersyds om sondige verskeurdheid, andersyds om die antitese tussen die ware en die valse kerk."[64]

Die belangrikste wat Jonker in dié verband sê, is dat die kerk nie mag rus nie voordat almal wat nie die valse kerk verteenwoordig nie, sigbaar in 'n eenheid saamgesnoer is. Dié strewe het Jonker gekenmerk tot aan die einde van sy lewe. "Alles wat nog kerk is, moet in gehoorsaamheid aan die Woord van God saamgevoeg word", sê hy.[65]

Daar moet opgelet word dat 'n groot verskil aan te toon is in die wyse waarop pluriformiteit in die Ned. Geref. Kerk verstaan is en dié in Nederland. Vir Kuyper gaan dit om daardeur die ware karakter van die kerk teenoor die valse kerk na vore te laat kom. In Suid-Afrika gaan dit alles behalwe daaroor. Dit is dieselfde kerk met dieselfde naam, dieselfde belydenis en dieselfde kerkorde wat alleen op etniese gronde met behulp van die denkbeeld van Kuyper oor die pluriformiteit van die kerk uiteengehou word.

Die derde vraag oor die eenheid van die kerk waarop Jonker ingaan, handel oor die korrekte aanwending van die begrip "pluriformiteit". Hier gaan dit oor die inheemswording van die kerk onder verskeie volke, elk met 'n eie aard, taal en kultuur. Dit noem Jonker "natuurlike faktore waaroor die kerke self geen beskikking het nie".[66] Hy vind dit goed dat elkeen 'n eie kerk het. Dit is 'n legitieme pluriformiteit want dit gaan nie om kerke wat *teenoor* mekaar staan nie, maar kerke wat *naas* mekaar staan. Hierdie onderskeie kerke staan met mekaar in één verband en is sodoende die sigbare openbaring van die één kerk van Christus. Natuurlike faktore soos landsgrense, volks-taal- en kultuurverskille is géén rede om die kerk van Christus te verdeel nie.

Dat die verskeidenheid God-gegewe is en die Skrif nêrens dié verskille negeer of wegredeneer nie, val nie te betwyfel nie, skryf Jonker. Hy wil dit ten volle eerbiedig

---

64 Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 28, 29.
65 Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 28.
66 Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 29.

en selfs aanmoedig. Sy standpunt is egter dat die één kerk die ryke verskeidenheid (pluriformiteit) van volkere moet reflekteer en binne die raamwerk van hierdie eenheid, vir elke bevolkingsgroep die geleentheid bied om ’n eie en selfstandige geestelike en kerklike lewe ontwikkel. Hiervoor beroep hy hom op die Dordtse Kerkorde, met name, die sogenaamde "Waalse Bepalinge" (artikels 51 en 52). Daarvolgens mag die Franssprekende (Waalse) protestante afsonderlike gemeentes hê, met eie kerkrade, klassisse en partikuliere sinodes. Sodoende kan hulle hul eie aard ten volle uitlewe, sonder om die kerkverband prys te gee. Hulle deel steeds dieselfde kerkorde en hulle kom saam in een Algemene Sinode.

Vir die Ned. Geref. Kerk was dit die algemeen heersende teologie om ’n aantal aparte en losstaande kerkgenootskappe met dieselfde naam, dieselfde belydenis en dieselfde kerkregeringstelsel te hê.[67] Soos hierbo aangedui, was dít nie Kuyper se bedoeling nie. Jonker haal hom aan sê: "Hy verwerp die idee van ’n nasionale kerk en sê: ‘Een nationale Kerk is een contradictie, want er is in Christus geen Jood of Griek of Barbaar, maar allen zijn in hem één’."[68]

Jonker wil dat die verskeidenheid ten volle eerbiedig sal word. Sy probleem is dat uit die eerbiediging van die verskeidenheid ten onregte gekonkludeer word dat daar aparte kerke moet wees. In ’n voetnoot noem hy dat hy die soort dwaaldenke vind by proff.

---

[67] Talle voorbeelde kan hiervan gegee word – letterlik te veel op almal op te noem. Die standpunte wat prof. G. B. A. Gerdener, hoogleraar in Sendingkunde en gesiene leier in die kerk en die van dr. T. N. Hanekom, indertyd redakteur van *Die Kerkbode* en grepe alleen uit die jaar 1955 is genoegsaam ter illustrasie.
Vir Gerdener vgl. bv. *Die Kerkbode*, lxxv (*3*), 19 Januarie 1955, 73. *Die Kerkbode*, lxxv (*6*), 9 Februarie 1955, 164, 169.
Hanekom wy twee redakteurskolomme aan die uiteensetting van hierdie standpunt – vgl. *Die Kerkbode*, lxxvi (*7*), 17 Augustus 1955, 204. 205 en *Die Kerkbode*, lxxvi (*9*), 31 Augustus 1955, 270. Hy neem die pen in laasgenoemde op teenoor ’n artikel van dr. H. M. Matter in die Nederlandse blad *Trouw* van 19 Julie 1955. Hanekom maak beswaar dat Matter die kerk "... ook sy verskeidenheid in vorm, lewensgestalte en inkleding afwys ..." en langs dié weg prooi word "... van ’n wydverspreide dwaling in ons dag, wat alle menslike lewe wil afbring tot ’n eenvormige gedaante ... Telkens kom ’n mens onder die indruk daarvan dat hierdie soort ideale meer deur die tydgees as deur die gees van Christus ingegee word, afgesien van die klaarblyklike dwaling dat die eenheid van die Kerk nie in sy innerlike wese nie, maar in sy uitwendige vorm gesoek word – ’n ou Roomse misvatting." – vgl. *Die Kerkbode*, lxxvi (*7*), 17 Augustus 1955, 204.
[68] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 29.

A. B. du Preez[69], F. J. M. Potgieter[70] en T. N. Hanekom[71], asook by die amptelike beleidsdokument: *Die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika en die Vraagstuk van Rasseverhoudinge*. Enersyds, sê hy, bely laasgenoemde dokument die eenheid van die kerk om later eenvoudig te verklaar dat die een ware kerk in *onderskeie selfstandige kerke* gestalte kan aanneem. Hy vra: "Kan één kerk, kerkregtelik gesproke, meer as een kerk wees..."[72]

Vir hom is dit die kollegialisme (genootskaplike kerkreg) wat toelaat dat die kerk deur die mense gevorm word soos dit hulle pas. Hy sê:

> "Tensy ons sou wil aanneem dat die kerk 'n privaatsaak is van mense, sodat hulle soos by elke ander vereniging van mense, die kerk na hulle eie smaak en voorkeur kan inrig, het ons geen reg om parallelle kerke in die lewe te roep vir mense net omdat hulle Engelse of Duitsers, Afrikaners of Skotte, Franse of Bantoes is nie. Graag haal ek in hierdie verband weer prof. W. J. Snyman aan: 'Daarom glo ons nie in een Bantoekerk en daarnaas een Blanke kerk nie. Want ons glo nie in twee of meer Christelike kerke nie, maar in een Christelike kerk onder blankes en nie-blankes'."[73]

Sy slotsom is dat daar goeie rede is om 'n groot verskeidenheid in die kerk te erken en te koester, maar dat dit géén Bybelse grond bied vir die bestaan van aparte kerke nie. Hy verkies dus om eerder te praat van pluriformiteit *in* die kerk, van die eenheid-in-die-verskeidenheid en die verskeidenheid-in-die-eenheid.[74]

---

[69] Vgl. A. B. du. Preez. 1955. *Die skriftuurlike grondslag vir rasseverhoudinge*. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers; A. B. du Preez. 1959. "Die kerkregtelike posisie van die sendeling in ons nuwe Sendingaksie", in: *Op die Horison*, Sept.; A. B. du Preez. 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens, die hoop van Suid-Afrika*. Kaapstad: H.A.U.M. en A. B. du Preez. 1959. *Inside the South African crucible*. Kaapstad: H.A.U.M.

[70] Vgl. F. J. M. Potgieter. 1956. *Veelvormige ontwikkeling die wil van God*. Bloemfontein: Sacum Beperk; "Veelvormige Ontwikkeling: die wil van God," *Gereformeerde Vaandel*, Maart 1958 en "Is die Apartheidsbeleid moreel te regverdig?" in H. B. Thom. 1961. *Grense: 'n Simposium oor Rasse- en ander verhoudings*. Stellenbosch, Grahamstad: Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars (EDMS.) Bpk.

[71] Vgl. T. N. Hanekom. "Ons inheemse Kerke vir die Inboorlinge" in Thom, H. B. 1961. *Grense: 'n Simposium oor Rasse- en ander verhoudings*. Stellenbosch, Grahamstad: Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars (EDMS.) Bpk.

[72] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 32.

[73] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 30.

[74] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 35.

Jonker dui ook die kerkregtelike konsekwensies van die sendingbepalinge vir die praktyk van die kerklike lewe aan. In die volgende paragrawe word dit uitgewys.

### 1.2 Die onselfstandigheid van die Sendingkerk

Ten spyte van die feit dat die moederkerk die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk as 'n ander kerk naas die moederkerk beskou, word die Sendingkerk nogtans nie as "'n volwaardige, selfstandige, outonome kerk"[75] beskou nie. Die sendingkerk staan volledig onder die beheer van die moederkerk. Die Ned. Geref. Kerk het vroeër van "dogterkerke" gepraat. Dit weerspieël wat die verhouding tussen dié kerke destyds was: 'n verhouding waarin die blanke Ned. Geref. Kerk paternalisties teenoor die sendingkerke gestaan het – in die omgang en veral in Sending geledere is van die "voogdyskap"[76] van die moederkerk oor die dogterkerke gepraat.

Jonker lig 'n sestal voorbeelde uit om dit te illustreer. Dit weerspieël die tipiese bestuurstyl van 'n groot koöperatiewe instelling:

- Die moederkerk behou beheer oor die sendingkerk deur middel van 'n grondwet wat alleen deur die moederkerk gewysig kan word. Jonker lig dit nie uit nie – dit is egter opvallend dat van 'n *grondwet* gepraat word. En inderdaad: die sendingbepalinge van die kerk praat in Reglement IX van "'n grondwet" of, soos Jonker dit noem "sendinggrondwette".[77] Hierdie grondwet reël die hele institutêre lewe van die sendingkerk: van die kerk se belydenis en kerkregeringstelsel tot by die samestelling van die moderatuur.[78]
- Verteenwoordigers van die moederkerk het keurstem by meerdere vergaderings van die sendingkerk. Wat meer is, in gevalle waar daar nog nie 'n gemeente bestaan nie, maar net 'n sg. sendingwerkkring, het 'n blanke lid keurstem op die

[75] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 14. Jonker sal dit geredelik toegee dat van 'n kerk nie as "outonoom" gepraat kan word nie. Trouens, elders in *Sendingbepalinge* (bl. 36) noem hy dat hy voorbehoude t.o.v. die term "selfstandigheid" het. Dié terme is egter vry algemeen gebruik.
[76] Sien bv. G. B. A. Gerdener, "Redakteurs kolom" *Die Kerkbode*, lxxv (*6*), 9 Februarie 1955, 164.
[77] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 14.
[78] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 14.

ringsvergadering, terwyl die leraars en evangeliste van daardie werkkring slegs adviserende stem het.[79]

- Blankes wat in sendinggemeentes arbei, word normaalweg beroep en bevestig en dien volledig in die regering van die sendinggemeente. Máár: die blanke word nie lidmaat van die sendinggemeente nie. Die opsig en tug van die blanke leraars berus by die moederkerk. Volgens Jonker is dit "volkome ongerymd!" [80]
- Die blanke kerk mag sonder enige oorleg, binne die grense van 'n sendinggemeente sendingwerk doen. Die moederkerk kan selfs 'n leraar beroep of 'n evangelis aanstel vir dié sendingwerk. Die enigste vereiste is dat die sendinggemeente in kennis gestel moet word.[81]
- Die reg van die sendinggemeente om self 'n leraar te beroep, word beperk deur hulle finansiële bydrae vir die werk gelewer. Selfs al sou hulle in staat wees om die volle salaris van die leraar te betaal, word hulle steeds nie toegelaat om selfstandig 'n beroep uit te bring nie. Die beroeping van 'n leraar vir die gemeente moet altyd geskied in kombinasie met die lede van die betrokke kommissie van die moederkerk wat toesig hou oor die werk in die gemeente. [82] Jonker noem ook dat die voorsitter by 'n gesamentlike vergadering van die kerkraad van die sendinggemeente en die sendingkommissie moedergemeente altyd 'n blanke leraar moet wees.
- Op drie maniere hou die moederkerk die sendinggemeente finansieel onselfstandig.[83]
    - Die moederkerk behou seggenskap oor die beroep van 'n leraar.
    - Eiendomme bly op die naam van die moederkerk geregistreer totdat die sendinggemeente meer as die hefte van die kostes aan die eiendom verbonde betaal het – en selfs dan kan die eiendom eers ten volle aan die sendinggemeente oorgedra word wanneer die

[79] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 15.
[80] Sien Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 16. Jonker verwys na prof. du Plessis wat sê dat dit "ongewens" is dat 'n *blanke* deur swartes verhoor mag word! Sien J. Du Plessis. 1932. *Wie sal gaan?: of die sending in teorie en praktyk*. Kaapstad: Die S.A. Bybelvereninging, 256.
[81] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 16.
[82] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 17.
[83] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge,* 17, 18.

kerkkantoorkommissie van die moederkerk daartoe toestemming verleen.

- Derdens bly die finansiële administrasie in die hande van die moederkerk totdat die gemeente volledig selfonderhoudend is.

Wanneer Jonker – teenoor die sendingbepalinge – standpunt inneem, is dié standpunt dat die sendinggemeentes selfstandig *is*. Hulle *word* dit nie eers later nie. Hulle is dit omdat Christus die Hoof van Sy liggaam, die kerk is. In Hom is elke kerk kompleet – die geykte uitdrukking: ekklesia completa. Die kerk mag nie ’n ander hoof hê nie en veral mag die regering van die *mens* in die kerk nie geduld word nie.[84] Die genootskaplike kerkreg (kollegialisme), daarenteen, gaan van die standpunt uit dat “die kerk ’n privaatsaak is van *mense*, sodat hulle soos by elke ander vereniging van mense, die kerk na hulle eie smaak en voorkeur kan inrig” (ek kursiveer – GJD).[85]

Die enigste afleiding wat ’n mens van Jonker se uiteensetting kan maak, is dat die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk die kerke vir die afsonderlike bevolkingsgroepe regeer, die vrug is van genootskaplik-kerkregtelike denke oor die kerk. Immers, die feit dat die sendingkerke deur die Ned. Geref. Kerk as onselfstandig entiteite hanteer was, is tipies van die bestuurstyl van ’n groot korporatiewe besigheid. Oor wat hy presies met sy argument dat die Sendingkerk as ’n selfstandige en volledige kerk deur die sendingbepalinge van die moederkerk beskou moet word, skryf hy:

> “Wanneer ’n versameling van gelowiges só rondom Woord en sakrament gekonstitueer is, en daar deur die arbeid van die besondere ampte ’n gereelde bediening tot stand gekom het, dan het ons ’n kerk. Dan is die ganse volmag waarmee Christus oor Sy kerk regeer, daar teenwoordig. Dan mag daar alles geskied wat die Woord van God van die kerk verwag, want dan is die sleutels van die hemelryk aan daardie gemeente gegee.”[86]

---

[84] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 35. *Om die regering van Christus in sy Kerk* sal in 1965 die titel van sy intreerede as hoogleraar aan Unisa wees en ook van ’n ongepubliseerde manuskrip – aan beide sal in ’n hoofstuk hieronder aandag gegee word.
[85] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 30.
[86] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 37.

In *Sendingbepalinge* toon Jonker ook aan dat dié bepalinge vreemd is aan die teologie van Calvyn en Luther. Dit is ook strydig met die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel wat die "vaders" neergelê het, dat die een gemeente nie oor 'n ander mag regeer nie.[87] Dié beginsel was vir die protestantse vaders van die allergrootste belang. Dit het nooit eers by hulle opgekom dat een kerk*verband* oor 'n ander kerkverband heerskappy kan voer nie. Hierdie soort hiërargie was vir hulle deur-en-deur 'n vreemde saak, dit was vir hulle onvoorstelbaar on-Bybels.[88]

Jonker meen dat die gedagte dat dit die taak van die sending was "om die jong inheemse kerke 'op te voed' tot selfstandigheid", teruggevoer kan word na die sendingkunde van die befaamde Gustav Warneck, soos hy dit uiteensit in sy *Evangelische Missionslehre*.[89] Die heersende denke in die Ned. Geref. Kerk was – op voetspoor van Warneck – dat die moederkerk met 'n soort voogdyskap oor die jong sendingkerke beklee is en hulle deur 'n evolusionêre groeiproses moet lei om tot selfstandigheid te kom. Met akklamasie haal Jonker die besluit van die sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland van 1896 aan:

> "Overmits elke plaatselijke kerk, ook op Java, in zich zelve compleet is, en rechtstreeks onder Koning Jezus staat, mag de zendende Kerk, als moederkerk, zulk een Kerk op Java wel steunen en raden, maar zich nooit enige autoriteit over haar aanmatigen. De Javaansche Kerk is met ons gecoördineerd, niet aan ons gesubordineerd."[90]

---

[87] Vgl. Dordtse Kerkorde, artikel 84.
[88] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 38.
[89] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 40. Dié werk van Warneck werk dateer uit 1892. Sien ook Durand. 1961. *Una Sancta Catholica*, 75 – 80 waarin hy uitvoerig ingaan op die sendingkunde van Warneck en die invloed daarvan op Suid-Afrika.
[90] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 41. Die konteks waarbinne dié verklaring van die sinode voorkom, is 'n rapport waarin die beginsels en grondtrekke uitgespel word aan die hand waarvan sendingwerk deur die Gereformeerde Kerken in Nederland gedoen word. Dit interessant om te merk dat die deputate proff. Kuyper, Rutgers en Bavinck ingesluit het. Dit sal dan ook duidelik Kuyper se standpunt wees. Sien *Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Middelburg van 11 Augustus tot 4 September 1896*. 1897. Leiden: D. Donner, Art.116, 73.

### 1.3 Die posisie van die ampsdraers

Die laaste knelpunt in die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal wat Jonker bespreek, is die ampsbegrip wat daaraan ten grondslag lê. Dit raak veral die posisie van die bedienaars van die Woord.

Die volgende word weer kortliks aangestip: Eerstens: blanke leraars wat na die sending beroep is, is soos enige ander leraar na ’n sendinggemeente beroep en bevestig. Hy bly egter lidmaat van ’n blanke gemeente en word dus nie lidmaat van die gemeente waar hy bedienaar van die Woord is nie. Die opsig en tug oor die leraar berus gevolglik by die gemeente waar hy lidmaat is en nie waar hy dien nie. Nogtans dien hy op die kerkraad (van die sendinggemeente) en neem volledig deel aan die regering van die gemeente – wat uiteraard ook opsig en tug insluit. Tweedens het sendinggemeentes nie die reg om self hul eie leraar te beroep nie en hul inspraak in die uitbring van ’n beroep word beperk deur die mate waartoe hulle in staat is om by te dra tot die finansiering van die pos.

Wanneer Jonker in *Sendingbepalinge* sy leer oor die ampte uiteensit, baseer hy dit op die uitsprake van die Skrif oor die liggaam van Christus. Hiervoor beroep hy hom op Calvyn se leer “over de leeraren en dienaren der kerk, Hun verkiezing en ambt”.[91] Vir Jonker is ampsdraers ’n wesenlike deel van die liggaam van Christus. Niemand kan ’n ampsdraer van ’n kerk wees waarvan hy nie lid is nie. Hulle is nie ’n vreemde element wat van buite of selfs teenoor die liggaam staan nie. Die ampte kom uit die liggaam op en is ten nouste aan die liggaam verbonde. Jonker beklemtoon dat bogenoemde vir Calvyn beteken dat die ampte deur die gemeente self aangewys moet word. En “Die wettige roeping van ’n dienaar van die Woord bestaan vir Calvyn volgens die Woord van God daarin, dat hy deur “die eenstemmigheid en goedkeuring van die volk" gekies word.”[92] Ook al sou ’n gemeente finansiële hulp ontvang, bly dit ’n basiese reg van die gemeente om self sy leraar te beroep sonder inmenging van buite. Volgens Jonker is dít “die gesonde siening van die Skrif en die gereformeerde kerkreg.”[93] Die

[91] Vgl. *Institusie* IV, III, 1 e.v. Jonker verwys ook na *Institusie*, IV, VI, 9.
[92] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 45.
[93] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 46.

sendingbepalinge van die Transvaalse kerk en die gangbare teologiese beskouinge in die ander Ned. Geref. Kerke neem ’n teenoorgestelde posisie in.

Wanneer die ampte só deel is van die liggaam van Christus, beteken dit voorts dat die gemeente toesig moet hou oor die ampte. Jonker vind dit totaal onmoontlik dat iemand ’n ampsdraer in ’n gemeente kan wees, sonder om ook onder die opsig en tug van daardie gemeente te staan. Dié toesig geld veral die verkondiging van die Woord. Die prediking moet immers deur die gemeente beoordeel word. Wie die tug oor die ampsdraers van ’n gemeente wegneem, tas die kerk tot so ’n mate in sy wese aan dat die kerk sy karakter as ware kerk van Jesus Christus verloor.[94]

Jonker erken dat dit in sekere omstandighede ongewens mag wees dat ’n Westerling ’n permanente posisie in ’n jong kerk inneem – bv. wanneer dit remmend kan inwerk op die inheemswording van die jong kerk en die ontwikkeling van ’n eie karakter en aard. In sulke omstandighede is dit gewens dat die sendeling nie ’n lidmaat van die jong kerk word nie, hy geen amp daarin beklee nie, nie aan die regering van die kerk kan deelneem nie en nie onder die opsig en tug van die jonge kerk val nie. Met die eerste oogopslag mag dit voorkom as Jonker nou met homself in stryd kom.

Hy stel voor dat ’n vierde amp, die van sendeling, geskep moet word. Daar moet duidelik onderskei word tussen die amp van leraar en dié van sendeling. Eersgenoemde word gewoon na ’n gemeente beroep, daar bevestig en word lidmaat van die gemeente. Die sendeling word egter deur die sendende gemeente beroep en in daardie gemeente bevestig. Hy is lid van die sendende gemeente en val onder hulle opsig en tug. Hy word dus nie in die sendinggemeente bevestig nie en neem nie deel aan die regering van die sendinggemeente nie. Hy maak gebruik van die “ou gereformeerde onderskeiding tussen gewone en buitengewone ampte” om die amp “Sendeling” as ’n *buitengewone amp* in die kerk te omskryf.[95] Hy vind ’n parallel met die ampte van sendeling en dié van evangelis in die Nuwe Testament. Soos die evangelis, word die sendeling deur die plaaslike gemeente afgesonder en uitgestuur vir ’n taak buite die gemeentegrense. In die sendingveld is sy taak nie om ’n gemeente te bedien nie, maar

---

[94] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 46.
[95] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 48.

om ’n kerk te plant deur die heidene te kersten. Word hy egter ’n ampsdraer van die nuwe gemeente, verander sy opdrag: nie langer die kerstening van ongelowiges nie, maar leraar van die gemeente wat die gemeente in alle opsigte geestelik moet versorg.[96]

Jonker beroep hom hiervoor op artikel 7 van die Dordtse Kerkorde. Die artikel bepaal dat ’n leraar aan ’n gemeente gekoppel moet wees en Jonker haal aan: “ten waer dat hy gesonden worde om hier oft daer te predicken inde Gemeente onder 't cruyce, ofte andersins om Kercken te vergaderen.”[97] Hy vind bevestiging vir sy standpunt in die besluit van die Gereformeerde Kerke in Nederland by hulle Sinode te Utrecht in 1905. Die betrokke artikel is daar gewysig, maar die sinode besluit tog om die laaste deel van artikel VII: “ofte andersins om Kercken te vergaderen” nie weg te laat nie.[98] Jonker haal nie die sinodebesluit aan nie, maar die volgende interpretasie van Johannes Jansen uit sy *Korte Verklaring van de Kerkorde*[99] oor die besluit van die sinode om die sinsnede te behou:

> “Ook in het geval van de zending is het dus geoorloofd, dat een of meer kerken in Nederland een dienaar des Woords uitzenden, om door de prediking des Evangelies onder de heidenen en mohammedanen te arbeiden en aldaar kerken te vergaderen, zonder dat hij nog aan een vaste standplaats verbonden is.”[100]

## 1.4 Die juiste koers wat Jonker aandui

Die juiste koers wat Jonker vir die kerk aandui, bespreek hy ook aan die hand van genoemde drie temas: die vraagstuk van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe; die selfstandigheid van die dogterkerke en die posisie van die blanke sendeling. Die twee laaste temas word eerste kortliks bespreek. Die teologiese uitgangspunte is immers reeds hierbo gegee. Met die totstandkoming van die

---

[96] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 48.
[97] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 49. ’n Moderne vertaling lui: “...tenzij dat hij gezonden wordt om hier of daar te prediken in de gemeenten onder het kruis, of anderszins om kerken te vergaderen.” Sien Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. 2007 [2008]. *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 2007 by: http://kerkrecht.nl/node/2769.
[98] Sien *Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Utrecht van 22 Augustus tot 7 September 1905*. 1905. Amsterdam: Hoveker & Wormser, artikels 67 en 72 en bylaes XL en XL a.
[99] Johannes Jansen. 1952. *Korte Verklaring van de Kerkorde*, Kampen, J. H. Kok, 40.
[100] Aangehaal by Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 49.

Verenigende Gereformeerde Kerke het *oënskynlik* 'n nuwe situasie ontstaan. Jonker se standpunte sal egter aktueel bly totdat die *teologie* wat aan die sendingbepalinge van 1962 ten grondslag lê, verander het.

Die "juiste koers" is dat die jong gemeentes wat uit die Ned. Geref. Kerk se sendingwerk ontstaan het, as volledig en selfstandige gemeentes van Jesus Christus erken sal word wat alleen aan die Woord van God gebonde is. Hulle moet ten volle die vryheid hê om hulle eie kerkorde op te stel. Elke plaaslike sendinggemeente moet – soos enige ander Ned. Geref. Moederkerk – ook erken word as ekklesia completa. Die jong gemeentes moet op presies dieselfde wyse en in elke opsig net soos enige ander Ned. Geref. gemeente van die moederkerk, as volwaardige, selfstandige gemeentes erken en behandel word. Dit impliseer uiteraard dat hulle die volle reg moet hê om self 'n leraar te beroep en alle ampsdraers sal aan alleen die plaaslike kerk se opsig en tug onderworpe wees soos dit in hulle kerkorde bepaal word.[101]

Wanneer Jonker die juiste koers gaan aandui waarop die kerk moet beweeg om die kwessie van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe aan te spreek wil hy aan twee beginsels vashou. Die eerste is dat die kerk as die liggaam van Christus werklik en in waarheid één moet wees. Die ander is dat die verskeidenheid van volkere, tale, kulture en uitingsvorme nóg genegeer, nóg geïgnoreer, nóg verhinder mag word, maar eerder verwelkom en gekoester moet word.

Die laaste beginsel beteken vir Jonker dat daar, waar moontlik, gemeentes tot stand sal kom vir elkeen van die onderskeie taal- en etniese groepe. Hy vind dit onvoldoende dat daar slegs een kerk vir alle nie-blankes, ongeag taal en kulturele verskille, bestaan. Naas gemeentes van 'n bepaalde taal- en kultuuragtergrond, is dit ook gewens dat hulle in ringe en waar daar genoeg gemeentes is, ook in 'n streeksinode saamgevoeg word. Hy besef dat dié ideaal getalsgewys moontlik nie haalbaar is nie en stel dus voor dat gemeentes verband in 'n streeksinode van 'n ander groep wat die naaste aan hulle

[101] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 54 – 58.

verwant[102] is, kan soek.[103] Hierdie ideaal van Jonker, het nie sy oorsprong by Jonker self nie, maar is die praktiese toepassing in Suid-Afrika van die beginsel wat in die Dordtse Kerkorde artikel 51, neergelê is.

Die toedrag van sake – dat afsonderlike kerkverbande vir die verskillende volkere parallel naas mekaar bestaan – vind Jonker, nóg in die lig van die Skrif, nóg volgens die beginsels van die gereformeerde kerkreg, aanvaarbaar. Tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie bestaan immers ’n geestelike band wat hulle ten nouste aan mekaar verbind: hulle handhaaf deurgaans dieselfde belydenis en dieselfde gereformeerde kerkregeringstelsel. Dit kan tog nie anders nie as dat dié eenheid uitdrukking moet vind in ’n kerkverband wat almal met dieselfde belydenis – ongeag aan watter bevolkingsgroep jy behoort – omsluit. Jonker skryf:

> “Maar êrens moet dit tog sy duidelike uitdrukking ook organisatories vind, dat die Ned. Geref. Kerk één is. Die beste sal wees as dit kan geskied op ’n Algemene Sinode waarop verteenwoordigers van al die verskillende streeksinodes sitting sal neem.[104]

Hy stel wel voor dat die pligte en bevoegdhede van hierdie voorgestelde Algemene Sinode baie beperk moet word en dat die sinode net “... sake sal behandel wat op die terrein van die belydenis en die groot beginsels van die kerkregering lê.”[105] Dit is ook opmerklik dat hy sê dat hierdie eenheid nie geforseer moet word nie. Jonker vervolg: “Ons moet na mekaar toe groei, mekaar vertrou en weet dat ons met mekaar staan in één eenheidsfront in die gistende Afrika.”[106] Daarmee sinspeel hy op die woelinge in Afrika waarop aan die begin van hierdie hoofstuk gewys is.

---

[102] Die 11 tale in Suid-Afrika word in 5 taalgroepe gegroepeer: die *Nguni-taalgroep* wat Noord-Ndebele, Suid-Ndebele, SiSwati, isiXhosa en isiZulu insluit; die *Sotho-taalgroep* wat Noord-Sotho (Pedi), Suid-Sotho (Sesotho) en Tswana insluit en dan twee tale wat nie met ander verwant is nie, tw. *Tsonga* en *Venda*. Dit is hierdie taalverwantskap wat Jonker klaarblyklik in gedagte het.
[103] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 52.
[104] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 52, 53.
[105] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 53.
[106] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 54.

## 2 Beoordeling.

Die wortels van die drie temas wat in *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal* te berde gebring is, is reeds in die vorige hoofstukke aangetoon en is trouens reeds in sy proefskrif te vinde. Sy standpunte oor die eenheid van die kerk, die selfstandigheid van die plaaslike gemeente en 'n Bybels-teologiese ampsbeskouing, is reeds vroeg in sy teologiese loopbaan opmerklik. *Sendingbepalinge* pleit óók vir 'n terugkeer na die Dordtse Kerkorde – hierdie keer met name na die Waalse Bepalinge. 'n Vorige hoofstuk is afgesluit met die versugting van Jonker uit 1957 dat die kerkregeringstelsels van die Ned. Geref. Kerke in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde gereël sal word. Hy het gesê: "Helaas is die toestand in ons kerk in meer as een opsig reeds sodanig dat daar baie moed nodig sal wees om alles te herstel wat deur die storms en getye beskadig is." [107] *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal* stel dié stormskade aan die kerk in 'n helder lig.

Dit beteken dus dat Jonker teologies nie 'n geheel nuwe koers inslaan nie. Sy teologiese kennis het gegroei en sy insig in die teologiese problematiek waarin die Ned. Geref. Kerk gewikkel was en wat die Bybels-teologiese antwoord daarop was, het verdiep. Die belangrikste wat gebeur het, is dat Jonker daarin geslaag het om bo die konteks uit te kom, die teologie en praktyk in die Ned. Geref. Kerk in 'n helder lig gesien het en die Skrif daaraan bedien het.

Alhoewel dit buite die bestek van hierdie studie val, is dit belangrik om terwille van 'n volledige beeld, op die verdere verloop van een van die voorstelle wat Jonker as "Die juiste weg" gemaak het, te wys. Dit het te doen met sy voorstel dat die kerk sal terugkeer na die Waalse bepalinge van die Dordtse Kerkorde. Hy stel voor dat die onderskeie taalgroepe in die land eie gemeentes, ringe en streeksinodes sal vorm en al die Nederduits-Gereformeerde Kerke saam in één Algemene Sinode sal byeenkom. Die standpunt oor één algemene sinode het Jonker regdeur sy lewe gehandhaaf. Hierdie saak het in 1978 op die agenda by die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in

---

[107] W.D. Jonker. 1957. "Is die Transvaal op weg na herstel?: Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957", *Die Gereformeerde Vaandel (25 no 3)*, September 1957, 19.

Bloemfontein beland. Dit was ’n voorstel van die “Federale Raad” – ’n kontakorgaan tussen die Ned. Geref. Kerk en die “dogterkerke” wat uit sy sendingwerk ontstaan het, die sogenaamde sendingkerke. Dié voorstel vra dat die Federale Raad deur ’n oorkoepelende sinode vervang moet word. In dié oorkoepelende sinode moet die hele Ned. Geref. Kerk familie verteenwoordig wees. Jonker skryf:

> “Dit sou baie meer as die Federale Raad uitdrukking kon gee aan die eenheid van die kerke. Dit was vir my ’n baie belangrike saak. In my boekie, *Die Sendingbepalinge van die NG Kerk van Transvaal* het ek reeds in 1962 gepleit vir één kerkverband vir die NG Kerk familie en die totstandkoming van één algemene sinode waarin die eenheid van die kerkverband van die hele NG Kerk uitdrukking sou vind.... Ek het geweet dat die sg. dogterkerke ernstige aandag aan my boekie gegee het. Dis selfs moontlik dat dit daartoe kon bygedra het dat hierdie versoek van die kant van die Federale Raad gekom het.”[108]

Hy het ook ’n artikel oor dié oorkoepelende algemene sinode in *Die Kerkbode* in 1978[109] gepubliseer en ’n referaat by ’n konferensie oor die sending voor die Algemene Sinode gelewer. Ook in 1978 waarsku hy: “

> “Gestel immers die Algemene Sinode sou besluit om die aanbeveling van die hand te wys, dan is dit feitlik seker dat die verhouding tussen die Ned. Geref. Kerk en die drie susterkerke sal versleg, dat hulle uitmekaar sal groei en (as God dit nie verhoed nie) uiteindelik teenoor mekaar te staan sal kom.”[110]

Dit was profetiese woorde. Die Ned. Geref. Kerk en die drie “dogterkerke” het teologies tot so ’n mate teenoor mekaar te staan gekom, dat die Ned. Geref. Sendingkerk ’n status confessionis afgekondig, en die Belydenis van Belhar opgestel en aanvaar het. Die Ned. Geref. Kerk is van teologiese kettery beskuldig en het wêreldwyd geïsoleerd geraak. By die skryf van hierdie studie, het die kerk ’n ingewikkelde proses deurloop in ’n poging om Belhar as belydenisskrif te aanvaar, maar dit is beslissend verwerp.

---

[108] Vgl. Jonker, *Selfs die Kerk kan verander*, 146 ev.
[109] W. D. Jonker. 1978. “Die uitdaging”, *Die Kerkbode*, *130 (7),* 16 Augustus 1978, 198 – 200; 211.
[110] W. D. Jonker: “Die Uitdaging”, *Die Kerkbode*, 130 (7), 16 Augustus 1978, 199.

Alhoewel daar hoopvolle tekens is, is betrekkinge steeds gespanne en nog nie so genormaliseer dat kerkhereniging kon realiseer nie. Jonker het gepleit:

> "Ons is daarvan oortuig dat die kerk dit met dergelike uitdrukkings[111] nie so sleg bedoel het as wat dit op die oog af lyk nie, maar juis daarom glo ons ook dat die kerk van daardie uitdrukkings ontslae moet raak om alle moontlike misverstand in verband met sy gesindheid teenoor die nie-blanke en sy sendingbeleid uit die weg te ruim."[112]

Nie alleen is Jonker se voorstelle om die nuwe kerkorde te verbeter in die wind geslaan nie; ook sy voorstelle om die sendingbepalinge van die kerk op sy Bybels-teologiese fondamente terug te plaas, is verwerp. Met dieselfde "kokende bruising van die reaksie ... klaarblyklike onredelikheid" en "'n hele stuk moedswilligheid" – in die woorde van prof. B. J. Engelbrecht[113] – is teenoor Jonker reageer. Sy standpunte en dié van *Vertraagde Aksie* en die besluite by die Cottesloe Beraad, waarna hierbo verwys is, beweeg op dieselfde trajek. Oor die reaksie op *Sendingbepalinge*, sal in die volgende hoofstuk aandag gegee word. Daarin is Jonker geweeg, en te lig bevind.

Dit is natuurlik 'n vraag of Jonker se bespreking van die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal van 1962 meer as 'n halwe eeu later nog enigsins aktueel is. En is dit nodig om so uitvoerig daaraan aandag te bestee? Dié vrae kan alleen beantwoord word as 'n antwoord op 'n volgende vraag gegee kan word, naamlik of die Ned. Geref. Kerk afskeid geneem het van die teologiese onderbou van die sendingbepalinge van 1962. In Jonker se ontleding van die sendingbepalinge het ons 'n skerp ontleding van dié soort teologie. Vir die doeleindes van hierdie proefskrif is dit egter nodig om daarop te wys dat Jonker se *Sendingbepalinge* niks anders was as om kerklike geskeidenheid aan 'n gereformeerde kerkordelike oortuiging te toets nie. Daarmee bly Jonker in die lyn van wat hy sedert 1955 gedoen het. Opvallend is sy aansluiting by die Dordtse Kerkorde.

[111] Jonker het die terme "... *blank* en *nie-blank*, en dit nog in kombinasie met die ou bekende politieke term *gelykstelling*..." in die oog – sien Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 9.
[112] Vgl. Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 10.
[113] B. J. Engelbrecht. 1961. Korrespondensie, *Die Kerkbode*, lxxxvii (5), 1 Februarie 1961, 160.

Voordat op die reaksie wat sy *Sendingbepalinge* uitgelok het ingegaan kan word, word die onderhawige hoofstuk afgesluit met ’n oorsig van publikasies uit die pen van Jonker sedert sy terugkeer uit Europa. Die teologie wat hierin beoefen word, het Jonker nie in die moeilikheid gebring nie – *Sendingbepalinge* wel

## 3 Begeleidende Teologiese skryfwerk

### 3.1 Sistematies-teologiese onderwerpe

Jonker was baie produktief – soos uit die groot aantal produkte uit sy pen wat ons hierbo bespreek het blyk. Alles wat hierbo bespreek is, het met die ekklesiologie en - as uitvloeisel daarvan - die kerkreg, te doen. Daar is op gewys dat Jonker ekklesiologie vanuit die sistematiese teologie bedryf het. Dit was die spesialiteitsveld waarin hy gepromoveer het. Daarom vloei daar ook in hierdie tyd ’n aantal sistematies-teologiese onderwerpe uit sy pen. Dit word nie nou behandel nie, aangesien dit nie direk met die onderwerp van hierdie verhandeling te doen het nie. Tog is dit belangrik om daarvan kennis te neem, aangesien dit aantoon waar die hartklop van sy teologie lê. Die publikasies word net genoem, met ’n kort beskrywing by elkeen.

In 1963 publiseer hy ’n *Brief aan doopouers*[114] en twee preke oor die doop na aanleiding van Sondag 26 en 27 van die Heidelbergse Kategismus[115]. Sy skoonseun, prof. D. J. Smit, het die gedenkdiens na Jonker se oorlye op 31 Augustus 2006 só begin: “Willie Jonker het gelewe vanuit die doop. Almal wat hom geken het, het dit geweet.” Die *Brief aan doopouers* is verskeie kere herdruk.[116] Dié pamflet het in die eerste gemeente wat Jonker bedien het, ontstaan. Daar was hy gekonfronteer met die volkskerk-situasie waar ieder wat hulle aanmeld en vra dat hulle kindjie gedoop moet word, sonder meer toegelaat word. Hy skryf dat dit nie sommer enigeen gedoop mag word nie:

> “*Slegs diegene mag gedoop word van wie die kerk in die lig van Gods Woord mag glo dat God vir hulle ’n God is en dat hulle vir Hom kinders is*; slegs diegene

---

[114] W. D. Jonker. 1963. ’n *Brief aan doopouers*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
[115] W. D. Jonker. 1963. Twee preke oor Sondag 26 en 27 in H. D. A. du. Toit. 1963. *Vier eeue van troos: preke oor die Heidelbergse Kategismus*. Kaapstad, Pretoria: N.G. Kerk-uitgewers.
[116] Dié werkie is in 1970 ’n tweede keer uitgegee. Die uitgawe is drie keer herdruk en is in 1984 hersien en weer uitgegee.

van wie die kerk mag glo dat hulle *mense is met wie die Here Sy verbond opgerig het*. Slegs diegene wat volgens Gods Woord lede van die verbond is, mag die teken van die verbond ontvang."[117]

Hoewel dit 'n klein geskrifie is, is dit tog volledig en bevatlik om aan doopouers die volle betekenis van die verbondsdoop te verduidelik.

Jonker het 'n groot liefde vir die belydenisskrifte van die kerk gehad. Dit blyk onder andere uit twee preke wat hy gepubliseer het. Vir die vierhonderd jarige herdenking van die publikasie en ingebruikneming van die Heidelbergse Kategismus, publiseer hy "Die Heidelbergse Kategismus – van waar dit kom en wat dit leer"[118] in *Die Voorligter* van Desember 1963. In 1968 verskyn 'n artikel "Belydenis van Gods Genade"[119] oor die 350ste herdenking van die Dordtse Leerreëls in *Die Kerkbode*. In dieselfde trant verskyn daar in Oktober 1967 "Wat die Hervorming vandag nog beteken"[120] in *Die Voorligter*. Die twee laaste sistematies-teologiese onderwerpe wat hy aanspreek én wat beide ook in 'n sin met die hervorming te doen het, is 'n artikel in Maart 1963 oor die "Teologiese Verskuiwinge by Rome in die Laaste tyd"[121] en in Julie 1968 oor "Grace and Justification".[122]

Hy publiseer ook 'n aantal artikels in *Die Voorligter*, 'n blad wat op die lidmate fokus en hulle wil aanmoedig en help in die praktiese uitlewing van hulle christenskap. Dié artikels word net in kronologiese volgorde gelys – opmerklik is dat die eerste drie met die diakenamp verbind kan word: "Die gee van Tiendes" ('n kort referaat gelewer voor die Diakonale Konferensie van Suid–Transvaal) "Die Christen en Aardse

[117] Jonker. 1963. 'n *Brief aan doopouers*, 3.
[118] W. D. Jonker. 1963. "Die Heidelbergse Kategismus – van waar dit kom en wat dit leer", *Die Voorligter, vol xxi* (*11*), Desember 1963, 27, 29.
[119] W. D. Jonker. 1968. "Belydenis van Gods Genade", *Die Kerkbode ci (8)*, 21 Februarie 1968, 265/6 en 268.
[120] W. D. Jonker. 1967. "Wat die Hervorming vandag nog beteken", *Die Voorligter, vol xxx* (*11*), Oktober 1967, 3, 8, 9.
[121] W. D. Jonker. 1963. "Teologiese Verskuiwinge by Rome in die Laaste tyd", *NGTT iv (2),* Maart 1963, 67-77.
[122] W. D. Jonker. 1968. "Grace and Justification", *NGTT* deel ix (*3*), Junie 1968, 132-143.

Besittings."[123], "Die gawe om te kan uitdeel"[124], "Die Eenvoud van Jesus"[125], "Hulpmiddels by die hou van Huisgodsdiens"[126], "Getuig met woord en daad"[127], "Dankbaarheid is die geheim van Oorwinning"[128], "Ontslae van die wet"[129] en "Dit is salig om gering te wees"[130]

In 1967 skryf hy nog 'n artikel in *Die Kerkbode* oor "Konflik in die Kerk"[131] en in 1968 publiseer hy 'n preek oor Rom. 3: 22-24 "Daar is geen onderskeid nie", in 'n versamelbundel.[132] 'n Paar publikasies uit hierdie tyd verdien wel nadere oorweging. Dit behels skrywes aan en oor die kerk, 'n verklaring van die Apostolicum, en 'n artikeltjie: "Die kerk in die branding."

### 3.2 Aan en oor die kerk

In 1965 publiseer Jonker ook 'n boekie *Aandag vir die Kerk*. Dit is die eerste in 'n reeks "Die stryd om die Kerk" wat onder redaksie van V. E. D'Assonville, J. H. Roberts en T. van der Walt geskryf is "om in populêr-wetenskaplike taal enkele kern-gedagtes te ontvou".[133] In dié boek kom Jonker se ekklesiologie weer aan die orde, maar nou nie met teoloë as lesers in die oog nie, maar gewone lidmate. Die werkie is wel wetenskaplik verantwoord met 'n bronnelys – maar dié is vir die leser wat meer wil weet en is nie 'n volledige verwysingsbron vir wat oor die onderwerp geskryf is nie.

Jonker het hom in 1965 – na sy aanstelling by Unisa – in 'n omgewing bevind waar sy kollegas hoofsaaklik met sy ekklesiologie saamgestem het. Hy het 'n grondteks geskryf en na oorleg met en amendering deur hulle, 'n brosjure met die titel: *Verwarring:*

---

[123] W. D. Jonker. 1964. "Die Christen en Aardse Besittings", *Die Voorligter*, *vol xxvii, (3*), Februarie 1964, 16-17.
[124] W. D. Jonker. 1964. "Die gawe om te kan uitdeel", *Die Voorligter*, *vol xxvii, (6),* Mei 1964, 7-8.
[125] W. D. Jonker. 1966. "Die Eenvoud van Jesus", *Die Voorligter*, *vol xxix (2),* Januarie 1966, 24, 29.
[126] W. D. Jonker. 1966. "Hulpmiddels by die hou van Huisgodsdiens", *Die Voorligter*, *vol xxix (2),* Februarie 1966, 14.
[127] W. D. Jonker. 1967. "Getuig met woord en daad", *Die Voorligter*, *vol xxx (9),* Augustus 1967, 12.
[128] W. D. Jonker. 1968. "Dankbaarheid is die geheim van Oorwinning, *Die Voorligter*, *vol xxxi (2),* Januarie 1968, 14.
[129] W. D. Jonker. 1968. "Ontslae van die wet", *Die Voorligter*, *vol xxxi (4),* Maart 1968, 12.
[130] W. D. Jonker. 1968. "Dit is salig om gering te wees", *Die Voorligter*, *vol xxxi (4),* Mei 1968, 10.
[131] W. D. Jonker. 1967. "Konflik in die Kerk", *Die Kerkbode*, *119 (22),* 29 November 1967, 770 – 772.
[132] W. D. Jonker. 1968. *Verkondig die Woord: 52 boodskappe deur 52 leraars*. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
[133] W. D. Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*. Potchefstroom: "Die Evangelis", voorwoord.

*Opheldering noodsaaklik!*[134] aan al die leraars in die Transvaal gestuur. Dit het gehandel oor die ekklesiologiese verwarring – soos Jonker skeefgroei in die kerk eufemisties genoem het. Vir Jonker was dit duidelik dat daar onder die leraars van die kerk "verwarring" oor die ekklesiologie geheers het`. Daarom spreek hy sake aan soos wat die ware aard van die kerk is, die rassevraagstuk in die kerk, die gesag van die kerk, die tug, ens. Jonker skryf: "Die brosjure is nie met entoesiasme begroet nie en hoofsaaklik doodgeswyg."[135] Alhoewel die titel die aandag trek, kom geen nuwe insigte hierin na vore nie en word dit gevolglik nie verder bespreek nie.

Hoewel nie heeltemal populêr-wetenskaplik nie, handel nog 'n pennevrug óók oor die kerk. Ek verwys na 'n dagboek vir die jeug, *Aandgesprekke*[136], wat in 1963 onder die redaksie van drr. M. T. S. Zeeman en J. A. Heyns verskyn het. Jonker het die sesde hoofstuk – dagstukke vir Juniemaand – behartig. Al die temas handel oor die kerk, bv. "Wat die woord kerk beteken", "Die oorsprong van die kerk", "Christus versamel die kerk", "Christus versamel deur sy Gees", ens. In hierdie dagstukkies word die ekklesiologiese "strydpunte" van die dag aangespreek. Jonker bespreek bv. "Die liggaam van Christus", "Die liggaam en sy lede", "Die kerk is één en algemeen", "Die kerk is die gemeenskap van die heiliges", "Christus bou sy kerk op deur die diens van mense", "Die kerk moet die tug handhaaf", "Christus en die kerkregering", ens.

Bogenoemde drie werkies het dit met mekaar gemeen dat Jonker daarmee die lidmate van die kerk en nie die akademici nie, wil bedien met 'n deurdagte Bybels-teologiese ekklesiologie. Sy oogmerk is om die verwarring wat in die kerk hieroor geheers het, uit die weg te ruim, soos die titel van die brosjure waarna hierbo verwys is, suggereer. Uiteindelik gaan dit om reformasie van die Ned. Geref. Kerk en om dit te bereik, moet die jeug en die gewone lidmaat bereik word.

---

[134] W. D. Jonker, W. J. C. Cilliers, et al. 1965. *Verwarring: opheldering noodsaaklik!: ope brief aan evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. [S.l: s.n.]. Die ander skrywers was: dr. H. W. de Jager, prof. dr. I. H. Eybers, prof. dr. J. A. Lombard, dr. J. H. P. van Rooyen, dr. A. J. Venter en mnr. A. C. Viljoen.
[135] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 81.
[136] M. T. S. Zeeman en J. A. Heyns (red.). 1963. *Aandgesprekke*. Bloemfontein: Sacum.

Laastens word in hierdie onderafdeling gewys op ’n artikel van Jonker wat onder die titel “Ontwrigting van stedelike bantoe” gepubliseer is.[137] Binne die konteks van hierdie hoofstuk mag die titel die indruk skep dat dit oor die rassesituasie in die Ned. Geref. Kerk handel. Dit is egter nie die geval nie. Jonker skryf in *Die Voorligter* ’n verslag van sy indrukke van die sendingkongres wat van 7 tot 9 Oktober 1964 in Johannesburg gehou was. Die titel suggereer reeds die inhoud: vir Jonker was die vernaamste indruk wat die kongres op hom gelaat het, die nood en ontwrigting waaronder die nie-blanke deur verstedeliking gebuk gaan. Jonker se deernis met die mens in nood kom na vore wanneer hy skryf oor probleme van die nie-blanke wat “... as kind van die vlaktes en die rustige stamlewe, in die groot-stad met sy industrialisering en massifikasie die kluts kwytraak en tot die groot eensaamheid versink, waaruit hy alleen kan wegvlug in die roes van drank, onsedelikheid, verdowingsmiddels, ens.”[138]

### 3.3 Verklaring van die Apostolicum

Gedurende ’n soektog na Jonker-argivalia is ’n heeltemal onbekende stuk uit Jonker se pen in die biblioteek van die Vrystaatse Universiteit ontdek.[139] Dit blyk dat die Transvaalse Onderwys Departement ’n “departementele opknappingskursus in Bybelkunde” aan die Goudstadse Onderwyskollege van 1 tot 5 April 1968 aangebied het. Jonker het die kursus aangebied. Die dokument het ’n dubbele titel. Op die eerste bladsy heet dit *Perspektief op geloofsleer in Bybelkunde–onderrig* en op die tweede, *Christelike Geloofsleer*.[140]

Na twee inleidende afdelings oor “Geloof en Openbaring” en “Openbaring en Heilige Skrif”, word die Apostolicum volledig in populêr-wetenskaplike taal bespreek. Elkeen van die twaalf artikels word deeglik en uitvoerig ontleed, sonder om op iedere en elke

---

[137] W. D. Jonker 1964. “Ontwrigting van stedelike Bantoe”, *Die Voorligter*, *vol xxviii,* (*1*), Desember 1964, 23, 25.
[138] Jonker. 1964. “Ontwrigting van stedelike Bantoe”, *Die Voorligter*, *vol xxviii, (1),* Desember 1964, 23.
[139] Dit is ’n kopie van ’n dokument wat op wasvelle getik en afgerol is – dit is m.a.w. nie in boekvorm nie, maar afgerolde bladsye wat vasgekram is. Dit is nie finaal versorg en persklaar gemaak nie – dit blyk bv. uit ’n hele aantal verskille wat in die dokument voorkom soos verskil in uitleg, verskillende lettertipes, verskil in die spelling van woorde, bv. Drieënig/Drie-enig, e.d.m. Dit is waarskynlik dat ’n *groep* tiksters van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) die tik- en afrol werk gedoen het.
[140] Op WorldCat staan dit onder eersgenoemde bekend: Jonker, W. D. 1968. *Perspektief op geloofsleer in Bybelkunde-onderrig*. (Pretoria): TOD: – Sien http://www.worldcat.org/title/perspektief-op-geloofsleer-in-bybelkunde-onderrig/oclc/637844551 Voortaan is dit ook op die *Jonker Digitale Argief* beskikbaar by www.williejonker.co.za.

teologiese geskil of debat oor ’n bepaalde artikel in te gaan. Die opskrif bevestig laasgenoemde: “Die Twaalf Artikels as hoofsom van die Christelike geloof”. Hier is Jonker in sy element: die sistematiese teologie. Dié bespreking oor die Apostolicum is die enigste wat uit sy pen oor hierdie onderwerp gevloei het. In sy latere werk *Bevrydende Waarheid* word die Apostolicum net genoem maar nie uitgelê nie.

### 3.4 Die kerk in die branding

Dié opskrif is ontleen aan ’n bydrae van Jonker in die 1966 *Polumnia,* die studenteblad van die Kweekskool in Stellenbosch. Dit dra die titel “Terwyl die Bruidegom talm om te kom ... staan die kerk in die branding”.[141] Oor dié artikel skryf prof. J. J. F. Durand: “Politiek en die NGK word hierin nie by name genoem nie, selfs nie by implikasie nie. Maar die jaar is 1966 en die stryd binne die NGK rondom Cottesloe, die Christelike Instituut en die Broederbond woed op sy felste. Kan hy oor die kerk in die branding skryf as hierdie dinge nie vir hom baie naby aan die oppervlak lê nie?” Hy praat van “...’n proses van skokervaringe (wat) hom op die gees van ’n jong predikant en teoloog afgedruk het...” en van ’n “lys van emotiewe uitdrukkings” wat hy in dié artikel van Jonker vind.[142] Jonker self skryf

> “... dat die kerk na sy wese alleen reg verstaan kan word vanuit die eskatologie, bring nou egter vanself mee dat die kerk in hierdie bedeling dus ook voortdurend in die branding sal staan. Die laaste dae – die tyd tussen die eerste en tweede Koms van Christus – is by uitstek die tyd van die laaste, finale worsteling tussen Christus en die Satan. Daarom word hierdie tyd gekenmerk deur woeling, gisting, stryd en spanning.”[143]

In hierdie trant skryf hy dat die listigste metode wat die bose gebruik, is “om die kerk te bestry vanuit die kerk self”.[144] Dieselfde “emotiewe uitdrukkings” kom voor in drie

---

[141] W. D. Jonker. 1966. “Terwyl die Bruidegom talm om te kom ... staan die kerk in die branding”, *Polumnia*, [s.l. s.n.], 33 – 37.
[142] J. J. F. Durand. 1989. “Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk” in P. F. Theron, en Johann Kinghorn (red.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 66.
[143] Jonker. 1966. “Die kerk in die branding”, *Polumnia*, 33.
[144] Jonker. 1966. “Die kerk in die branding”, *Polumnia*, 33.

homiletiese artikels wat hy in 1966 en 1967 publiseer. Die eerste hiervan verskyn in *Die Kerkbode* met die titel "Oor Erdekruike en ... Gesante van God."[145] Die strekking hiervan stem in sekere opsigte ooreen met die artikel in *Polumnia*. Die gesant van die Here is 'n vaal, breekbare houer – en dit hoort so, want dit gaan immers om die skat in die houer. "Enige mens sal 'n waardevolle skat in 'n duursame en waardevolle kluis of houer bewaar. Maar God doen dit anders. Hy soek 'n waardelose houer, sodat die voortreflikheid van die inhoud des te beter aan die lig kan kom."[146]

Die ander twee artikels is in *Die Voorligter* gepubliseer. Die eerste, "Die sin van ons lyding"[147], skryf hy na aanleiding van Romeine 8. Die ooreenstemming met die *Polumnia*-artikel is onmiskenbaar. Hy skryf: "'n Christen sonder lyding is feitlik deurgaans oppervlakkig, wêreldgelykvormig, vol van homself, onbruikbaar. Maar 'n Christen wat deur die meule gegaan het, deur 'n worsteling met God wat soms jare kan duur en waarin hy eenvoudig mank geslaan word (vgl. die heerlike Gen. 32), is 'n mens in wie iets van die hemelse glans reeds op aarde begin deurstraal."[148] Die ander artikel is ook n.a.v. Rom. 8 geskrywe. Dit is genaamd "Die sug na bevryding".[149] Dit handel oor Rom. 8:23 en gelowige se verlange om saam met die hele skepping van "die lyding van die teenswoordige tyd" bevry te word.

## 4 Samevatting

In hoofstuk vier hierbo is deeglik ingegaan op Jonker se *Sendingbepalinge* uit 1962. Daarin het hy die konsekwensies van sy gereformeerde kerkreg oortuigings ten opsigte van kerklike geskeidenheid, kerklike mag en oorheersing duidelik uiteengesit. Hy het die praktyk van kerklike geskeidenheid geweeg. Dit sou hom in die gedrang bring. En dit sou die profiel van sy gereformeerde kerkregtelike uitgangspunt helder teenoor dié van die Ned. Geref. Kerk stel. Sou Jonker in sy reaksie hierop teen die Ned. Geref. Kerk gaan staan? In die volgende hoofstukke word hierdie pakkende verhaal ontknoop.

---

[145] W. D. Jonker. 1966. "Oor Erdekruike en ... Gesante van God.", *Die Kerkbode*, *xcvii (9*), 2 Maart 1966, 262 – 264.
[146] Jonker 1966. "Oor Erdekruike en ... Gesante van God.", *Die Kerkbode*, *xcvii* (*9*), 2 Maart 1966, 263.
[147] W. D. Jonker 1966. "Die sin van ons lyding", *Die Voorligter*, *vol xxix (5),* April 1966, 11.
[148] Jonker. 1966. "Die sin van ons lyding", *Die Voorligter*, *vol xxix (5),* April 1966, 11.
[149] W. D. Jonker. 1967. "Die sug na bevryding", *Die Voorligter*, *vol xxx (5*), April 1967, 12.

# Hoofstuk 5

## 1962-1963: Een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk: Gereformeerd, Rooms of kollegialisties?

3 Oktober 1962: ’n Week vóór die totstandkoming van die Algemene Sinode van die Ned.Geref. Kerk. ’n Baie skerp en “negatiewe”[1] resensie van *Sendingbepalinge* uit die pen van prof. T. N. Hanekom, toenmalige dosent in Kerkreg en Kerkgeskiedenis aan Teologiese Kweekskool in Stellenbosch en vorige redakteur van *Die Kerkbode*, word in *Die Kerkbode* gepubliseer – vier maande ná die publikasie van Jonker se pamflet.[2] Die resensie het gevolg gegee aan openbare standpunte en polemiek, waarin dit veral om één saak gedraai het: of daar één kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk (insluitende die kerke wat uit sy sending gekom het) gevorm moes word, al dan nie. Vir Jonker was dit die enigste weg om die eenheid van die kerk op ’n gereformeerde manier tot uitdrukking te bring. Dit het hy in *Sendingbepalinge* helder uitgemaak. Dié standpunt sou hy, toe sy siening afgewys is as ongereformeerd, oor en oor in publikasies en briewe herhaal. Tog het sy teenstanders volgehou dat sy standpunt Rooms is. Later is selfs beweer dat hy ’n kollegialistiese kerkbegrip daarop nahou. Daarmee is hy onder verdenking geplaas. Jonker sê self dat die resensie – komende van iemand met die statuur van prof. Hanekom – hom baie skade berokken het:

> “Die etiket liberalisme is spoedig om my nek gehang. Dit was in dié tyd ’n gewilde skeldwoord ... Met dié etiket is ek gelyktydig teologies en polities onder verdenking gebring... Die wyse waarop baie afgevaardigdes my tydens die sinode aangekyk het, het my laat besef dat hy doeltreffend daarin geslaag het om my as liberaal te brandmerk.... Ek was verstom oor die felheid van sy woorde.”[3] En, sê hy later “... prof. Hanekom (het) tog daarin geslaag om my persoonlike, teologiese, kerklike en “politieke” integriteit onder verdenking te bring.”[4]

---

[1] Vgl. W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* Kaapstad: Tafelberg, 57.

[2] T. N. Hanekom. 1962. “Boekbeskouing”, *Die Kerkbode*, xc (*14*), 3 Oktober 1962, 473 474. Daar het ook ’n resensie in die eerste uitgawe van *Pro Veritate* verskyn – reeds op 15 Augustus 1962. Dié resensie beoordeel *Sendingbepalinge* in ’n baie positiewe lig, maar dit is vir die doel van hierdie biografiese bibliografie nie nodig om verder daarop in te gaan nie. Vgl. *Pro Veritate*, i (4), 15 Augustus 1962, 5.

[3] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 58.

[4] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 59

Hierdie hoofstuk bepaal hom dus by die resensie van Hanekom én wat daaruit gevloei het. Dit maak immers duidelik dat Jonker nou nog sterker, op grond van gereformeerde kerkregtelik uitgangspunte, hom teen 'n baie sterk meerderheidsoortuiging in die Ned. Geref. Kerk bevind het. Dit alles val saam met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die (wit) Ned. Geref. Kerk. Dit is as 'n grootse oomblik in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk beleef.

Op 11 Oktober 1962 word eers 'n konvensie - bestaande uit 450 afgevaardigdes van al die sinodes van die Ned. Geref. Kerke - gehou om die voorgestelde wysigings aan die kerkorde van die te stigte Algemene Sinode te bespreek en goed te keur. Jonker het meegewerk aan 'n verslag van die aktuarii oor voorgestelde wysigings wat aan die konvensie voorgelê was[5]. Dr. J. D. Vorster was die voorsitter van daardie kommissie van aktuarii en hy is ook later tot eerste aktuarius van die Algemene Sinode verkies. Daarna het die (federale) Raad van Kerke formeel ontbind en het die eerste Algemene Sinode die volgende dag op grond van dié kerkorde gekonstitueer.

In hoofstuk twee hierbo (oor die nuwe kerkorde), is die vraag gestel of Jonker die geleentheid sou hê om sy standpunte en voorbehoude oor die kerkorde aan 'n onbevooroordeelde gehoor te stel. Jonker se besware oor die nuwe kerkorde is van die hand gewys. Waarom het die Ned. Geref. Kerk nie Jonker se stem gehoor het nie? Waarskynlik het die resensie van prof. Hanekom baie daarmee te doen gehad dat Jonker se voorstelle geïgnoreer is. Geen ander afleiding kan gemaak word nie as dat die resensie in 'n berekende publikasiestrategie deur die redakteur, dr. A. P. Treurnicht en die resensent – Treurnicht se voorganger – presies 'n week voor die stigting van die Algemene Sinode gepubliseer is. Enige invloed wat Jonker moontlik op die wysiging van die konsep-kerkorde kon uitgeoefen, is daarmee effektief gestuit. Die resensie en die polemiek wat daarop gevolg het, het Jonker se stem stiller en stiller laat word. Dié resensie sal hieronder aan die orde gestel word, nadat die milieu waarbinne dit verstaan moet word, geskets is.

[5] *Agenda vir die Konvensie van Kerke in 1962*, 31.

In hoofstuk drie[6] is gewag gemaak van 'n gemeenskaplike "Boere-Calvinistiese" denkpoel wat gepoog het om op elke terrein van die samelewing sy invloed te laat geld. Sommige van die name wat daar genoem was, tree in hierdie hoofstuk weer na vore: A. B. du Preez, T. N. Hanekom, F. J. M. Potgieter, A. P. Treurnicht en J. D. Vorster. Dié name sal dikwels hieronder gehoor word.

## 1. Die aandrang op lojaliteit aan die Ned. Geref. Kerk en sy besluite

Om die konteks duideliker te laat meespreek, word gewys op twee artikels wat prof. A. B. du Preez – Jonker se dosent in Dogmatiek aan die Universiteit van Pretoria[7] – in *Die Kerkbode* van 12 en 19 September 1962[8] gepubliseer het, vóór die publikasie van Hanekom se resensie. 'n Polemiek het daarop gevolg en voortgeduur totdat dit in *Die Kerkbode* van 5 Desember 1962 deur die redakteur gestaak is.[9] Die artikels verskyn onder die titel "Lojaliteit – 'n verdwynende deug". Du Preez definieer lojaliteit as "'n innerlike sielsgetrouheid aan die gemeenskapskringe" waarin God ons geplaas het[10]. Volgens hom verwag God van 'n mens "om *ontsag* te bewys teenoor die van God ingestelde *gesag*". Daarmee is op sigself nie fout te vind nie, maar Du Preez gaan verder:

> "Lojaliteit is ... 'trouw aan hetgeen waartoe men door zijn positie verplicht is'; of soos 'n Duitse woordeboek sê: lojaal is wetsgetrou, *dit beteken die politiek van die regering te steun* (ek kursiveer – GJD) of sy beskouing te verteenwoordig *selfs ten koste van die eie oortuiging* (du Preez se kursivering)."[11]

---

[6] Sien bladsy 130.

[7] Vgl. G. J. Duursema, *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 2013, 87 e.v.

[8] A. B. du Preez. 1962. "Lojaliteit – 'n verdwynende deug". *Die Kerkbode*, xc (*11*), 12 September 1962, 361 – 364 en xc (*12*), 19 September 1962, 390 – 392.

[9] *Die Kerkbode*, xc (*23*), 5 Desember 1962, 817.

[10] Die keuse om na dié artikels te verwys, is nie lukraak gedoen nie. In *Die Kerkbode*, van 15 Mei 1963 verskyn 'n brief van 26 leraars van die kerk wat beswaar aanteken teen 'n besluit van die Sinode van Suid-Transvaal wat op 8 April 1963 geneem is. Die beswaar handel oor die "bindende besluite" van die sinode. In die periode van Jonker se lewe waaraan in hierdie studie aandag gegee word, vind 'n mens ook 'n artikel (in twee aflewerings) uit sy pen, getiteld: "Die Aard van die Kerklike Gesag" wat in *Die Kerkbode* van 8 Desember 1965 en 15 Desember 1965 gepubliseer is. In die volgende hoofstuk sal daaraan – binne die historiese konteks waarin dit geskryf is – aandag gegee word.

[11] Du Preez. 1962. "Lojaliteit", *Die Kerkbode*, xc (*11*), 12 September 1962, 361.

Van die drie "belangrikste gemeenskapskringe"[12] – die gesin, die staat en die kerk – wat Du Preez uitsonder, is slegs laasgenoemde vir die doel van hierdie studie van belang. Vir Du Preez beteken lojaliteit aan die kerk dat lidmate en veral ampsdraers, *gebind* is aan die belydenis van die kerk. Daarbenewens – hoewel in sekondêre sin – "... is 'n dienaar van die kerk ... gebind deur *sinodale besluite*."[13] Die besluite van sinodes is outoritatief en gesaghebbend omdat hulle onder leiding van die Heilige Gees geneem is. Om nie in Roomse vaarwater te beland nie, sê Du Preez, dat laasgenoemde egter nie beteken dat die besluite onfeilbaar is nie. Hy gee dus wel ruimte vir diegene wat op prinsipiële gronde van besluite verskil, om langs 'n *ordelike weg* teen besluite te appelleer. Die implikasies wat hierdie soort standpunt vir Jonker ingehou het, sal later blyk.

Uit die polemiek wat gevolg het, blyk dat nie almal met Du Preez saamgestem het nie. Nogtans was sy standpunt verteenwoordigend van 'n denkpatroon wat in die Ned. Geref. Kerk gelewe het. Dit blyk nie alleen uit die briewe ter ondersteuning van Du Preez se standpunt nie, maar ook uit sy repliek op die polemiek wat op sy artikels gevolg het. Hy skryf daarin dat sy artikel ontstaan het as 'n studiestuk wat in opdrag van 'n sinode (hy meld nie watter een nie) vir die Kommissie vir Aktuele Sake voorberei het. 'n Vriend het hom gevra om die artikels te publiseer, omdat dié vriend dit as van aktuele belang beskou het. Hy sê dat hy daarmee "... my kerk wou oproep tot ware lojaliteit soos ons dit vandag dringend nodig het."[14]

Hy verwys na die dislojaliteit wat hy onder andere by die blad *Pro Veritate* bespeur. Dit is die blad wat onder die redakteurskap van C. F. B. (Beyers) Naudé in die lewe geroep is ná die Cottesloe Beraad en as die mondstuk van die Christelike Instituut gedien het[15]. Du Preez verwys nie net na dié blad nie, maar ook na die "teenswoordige tydsgees" en 'n "bedenklike geestestroming" wat hy in die kerk opmerk. Die boekie

---

[12] Du Preez. 1962. "Lojaliteit", *Die Kerkbode*, xc (*11*), 12 September 1962, 362.
[13] Du Preez. 1962. "Lojaliteit", *Die Kerkbode*, xc (*11*), 12 September 1962, 363.
[14] Du Preez. 1962. "Lojaliteit", *Die Kerkbode*, xc (*23*), 5 Desember 1962, 810.
[15] 'n Groep wat gereeld saam met Jonker Bybelstudie gedoen het – A. S (Albert) Geyser, G. J. (Gert) Swart, B. J. (Ben) Engelbrecht, (eersgenoemde drie was medeskrywers van die boekie *Vertraagde Aksie* wat baie opslae gemaak het) Fred van Wyk (direkteur van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge), dr. W. B. (Bruckner) de Villiers en C. F. B. (Beyers) Naudé – besluit om 'n onafhanklike tydskrif te begin. Die oogmerk was om 'n forum te skep vir teologiese debat oor rasse-aangeleenthede, die eenheid van die kerk, die ekumene en dergelike aangeleenthede. Die eerste uitgawe van *Pro Veritate* het op 15 Mei 1962 verskyn, met Naudé as eerste redakteur.

*Vertraagde Aksie* is ook in Du Preez se visier – hy verwys in die tweede artikel na 'n skrywer van dié boek, maar vermeld nie sy naam nie[16]. 'n Mens sou goedskiks Jonker by diegene wat Du Preez in gedagte het, kon insluit.

In die maande en jare na Du Preez se artikel sal blyk dat opponerende groepe in die kerk toenemend uiterste posisies teenoor mekaar ingeneem het. Ter illustrasie kan verwys word na die Sinode van Suid-Transvaal wat op 26 Maart 1963 en volgende dae gehou is, d.w.s. ses maande na die publikasie van Du Preez se artikels. Die eis tot lojaliteit is daar verder gevoer. By dié sinode dien 'n verslag van die Kommissie vir Aktuele Sake wat, volgens ds. W. L. Maree, verslaggewer van *Die Kerkbode*, "'n aantal omstrede onderwerpe" op die agenda van sinode geplaas het. Dit sluit afsonderlike ontwikkeling (apartheid), die besluite van die Cottesloe Beraad en medewerking aan *Pro Veritate* in. Dit het tot lang debatte op die sinode vloer gelei.[17] Uiteindelik neem die sinode 'n besluit wat appelleer op lidmate en ampsdraers se lojaliteit teenoor en gehoorsaamheid aan sinodale besluite. Kortliks: die kerklike milieu in die vroeë sestigerjare is gekenmerk deur debatte en besluite oor veral die rassevraagstuk en ekumene. Maar teenstand teen die "amptelike" standpunt van die kerk is nie geduld nie.

Dit val dus op dat dié sinode vir Naudé tot moderator en vir Jonker tot aktuarius verkies het.[18] Jonker self spreek sy verbasing hieroor uit.[19] Hy staan self in die spervuur oor sy standpunte in *Sendingbepalinge,* terwyl Naudé nie alleen 'n omstrede "Ekumeniese Studiekring"[20] in die lewe geroep het nie, maar ook die blad *Pro Veritate* in Mei 1962 laat verskyn het. Veral oor dié blad het die sinode sterk standpunt ingeneem. Lidmate en ampsdraers is "afgeraai" om aan *Pro Veritate* mee te werk.[21]

Die sinode het egter nie daarmee volstaan om mense "af te raai" om mee te werk nie, maar 'n besluit geneem wat die vryheid van diegene wat van sinodale besluite verskil,

---

[16] Vgl. A. B. du Preez. 1962. "Lojaliteit", *Die Kerkbode*, xc (*12*), 19 September 1962, 390.
[17] W. L. Maree. 1963. "Uitdagings van Suid-Transvaal" *Die Kerkbode*, *xci (21),* 22 Mei 1963, 696.
[18] Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xci (*15*), 10 April 1963, 489. Foto: *Die Kerkbode*, *xci (20),* 15 Mei 1963, 663
[19] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* Kaapstad: Tafelberg, 60.
[20] Hierby was ook Daantjie Oosthuizen betrokke waarna in die eerste hoofstuk verwys is.
[21] W. L. Maree. 1963. "Uitdagings van Suid-Transvaal" *Die Kerkbode*, *xci (21),* 22 Mei 1963, 696.

streng wou beperk en gehoorsaamheid aan die besluite van sinodes geëis het. Dié besluit roep leraars en lidmate - wat van kerklike standpunte verskil – op om debat hieroor alleen *in die kerklike vergaderings en kerklike organe* te voer. En per implikasie *nie* in *Pro Veritate* nie. Die volledige besluit lui:

> "'Die Sinode besluit dat alle ampsdraers en lede van die Kerk *gebonde is* en *gehoorsaamheid verskuldig is* aan Sinodale besluite wat wettiglik geneem is, en sulke besluite steeds behoort te verdedig (ek kursiveer – GJD). Indien 'n ampsdraer of lidmaat in gemoed beswaard voel oor 'n Sinodale besluit wat in stryd met die Heilige Skrif sou wees of in stryd met die belange van Gods Koninkryk, staan dit hom vry om te bewys dat sodanige besluit in stryd met die Skrif of die belange van die Koninkryk is en aan te dring op sy herroeping of wysiging. Sodanige kritiek op Sinodale besluite moet egter altoos geskied met Christelike waardigheid en selfbeheersing en langs die koninklike weg van debat *in die kerklike vergaderings en kerklike organe* (my kursiveer – GJD). Dit mag nooit die karakter van openbare agitasie of skeurmakery aanneem nie en aanleiding gee dat die wêreld die liggaam van Christus laster nie" (Agenda, p. 300, Afgerolde notule, p. 173)."[22]

In reaksie op hierdie besluit, reageer 26 leraars[23] van die kerk – waaronder Jonker en Naudé – in 'n brief aan *Die Kerkbode* met die opskrif: "Opmerkinge oor sinodale besluit". Die briefskrywers se grootste probleem is dat dié besluit mense wat oor besluite van die sinode verskil, beperk om alleen in 'n debat in 'n kerklike vergadering of in kerklike organe hulle daaroor uit te spreek.[24] Wat meer is, is dat die besluite waaroor dit in dié geval gaan, geensins die belydenis van die kerk raak nie, maar op die "terrein van die bestuur, beleid, werkmetode en administrasie van die kerk" lê. Die briefskrywers noem die sake wat tot die besluit aanleiding gegee het by die naam (en daaruit blyk die verband met *Sendingbepalinge*). Dié besluite, skryf hulle, is gebore

---

[22] Aangehaal in 'n brief onderteken deur 26 leraars van die Ned. Geref. Kerk. Vgl. *Die Kerkbode*, *xci (20),* 15 Mei 1963, 677.
[23] Die ander is A. C. Barnard, T. Botha, A. P. Burger, W. J. C. Cilliers, P. Cronjé, A. B. du Toit, B. Engelbrecht, K. W. Gerritsma, C. J. A. Greyling, J. M. Hofmeyr, C. J. de W. Lombaard, P. C. J. Loots, L. J. Loots, C. du P. le Roux, F. S. Malan, P. W. Marais, R. A. Meyer, M. J. J. Prinsloo, S. O. Skeen, J. D. Smith, D. B. Steyn, J. H. P. van Rooyen, A. J. Venter en C. J. Vermaak – vgl. *Die Kerkbode*, *xci (20)*, 15 Mei 1963, 677.
[24] Vgl. "Opmerkinge oor sinodale besluit", *Die Kerkbode*, *xci (20),* 15 Mei 1963, 677.

> "... uit die vrees dat 'n openlike bespreking van die standpunt en beleid van die kerk insake rasseverhoudinge verleentheid kan veroorsaak. Dieselfde vrees bestaan ook vir die vrye bespreking van ekumeniese aangeleenthede, want die toenemende afkeer van die ekumene in ons kringe groei uit die innige samehang tussen die ekumene en die rassevraagstuk, soos dit duidelik geblyk het uit die hele diskussie oor hierdie sake gedurende die afgelope paar jaar."[25]

Met dié besluit word lidmate se gewetens gebind. Én – wys hulle daarop – luidens die studiestuk wat die besluit ten grondslag lê, kan lidmate wat besware teen sinodale besluite op 'n ander plek sou lug as dié deur die sinode voorgeskryf, selfs onder tug geplaas word. Hulle stel dit sagkens deur slegs te sê dat hulle dit vreemd vind. Dit is vir hulle vreemd, nie alleen in die Ned. Geref. Kerk nie, maar in alle kerke van Gereformeerde belydenis.[26] Volgens die propageerders van die sinodale besluit – soos blyk uit die twisgesprek wat na die plasing van die brief van die 26 ontstaan het – beskik 'n meerdere vergadering wel oor die gesag om bindende besluite te neem.[27] Vir die doeleindes van hierdie studie is dit nie nodig om volledig op die polemiek in te gaan nie, maar die vraag na die gesag waaroor meerdere vergaderinge beskik, sal hieronder aan die orde gestel word.

Waarop gewys moet word, is dat A. P. Treurnicht, redakteur van *Die Kerkbode*, in sy redaksionele kolom ook tot die polemiek toetree.[28] Sy verdediging van die besluit van die sinode praat presies dieselfde taal as dié in die artikel van Du Preez waarop hierbo gewys is. Treurnicht begin sy kolom en skrywe:

---

[25] Vgl. "Opmerkinge oor sinodale besluit", *Die Kerkbode*, *xci (20),* 15 Mei 1963, 678.
[26] Vgl. *Die Kerkbode*, *xci (20*), 15 Mei 1963, 678.
[27] Van die deelnemers was onder andere J. D. Vorster (vgl. *Die Kerkbode*, *xci (24),* 12 Junie 1963, 819), ds. N. van Loggerenberg (vgl. *Die Kerkbode*, *xci (24),* 12 Junie 1963, 821 en *Die Kerkbode*, *xci (25),* 19 Junie 1963, 863), ens. 'n Brief onderteken deur 11 leraars, P. A. de Wet, S. J. Eloff, D. S. Jacobs, E. P. J. Kleynhans, M. J. P. Olivier, B. J. Schutte, H. J. Schutte, G. J. Snyman, J. P. van der Merwe, A. C. Viljoen en S. S. Weyers word ook geplaas – vgl. *Die Kerkbode*, xcii (*3*), 17 Julie 1963, 99, 100. Na afloop van die polemiek het die groep van 26 daarop repliek gelewer. Hulle het nie van standpunt verander of nuwe standpunte ingeneem nie, daarom word hieraan ook nie verder aandag gegee nie. Sien "Repliek op korrespondensie i/s sinodale besluit" *Die Kerkbode*, *xcii (18),* 30 Oktober 1963, 614, 615.
[28] Vgl. *Die Kerkbode*, *xci (24),* 12 Junie 1963, 800, 801. *Die Kerkbode*, *xci (24*), 12 Junie 1963, 821.

> "Dit was te verwag dat daar in sinodale vergaderings bespreking en besluite moes kom aangaande die *lojaliteit* van ampsdraers en lidmate teenoor sinodale besluite en kerklike beleid" en vervolg dat dit vir hom voorkom asof "... sommige broeders allergies is vir die eis tot *lojaliteit* (ek kursiveer telkens - GJD)."[29]

Die ondertekenaars van die brief word beskuldig dat hulle hul kritiek aan die groot klok ophang, smalend van die kerk se beleid praat en Treurnicht insinueer dat hulle onordelikheid in die kerk bevorder. Verder word geïnsinueer dat hulle tot so 'n mate onversetlik is – selfs oor sake wat nie die kerk se belydenis raak nie – dat hulle nie sou omgee dat die kerk skeur nie.[30] *Sendingbepalinge* kan oor dieselfde kam geskeer word. Dit vertoon – volgens hulle – 'n bepaalde dislojaliteit jeens die kerk, sy besluite, sy beleid en sy kerkorde. Die pamflet plaas die sake waaroor slegs in kerklike blaaie en kerklike vergaderinge gepraat mag word, volledig in die openbare domein.

Bogenoemde is voldoende om 'n aanvoeling te kry vir die milieu waarbinne die resensie van *Sendingbepalinge* geplaas is. 'n Milieu waarin 'n bykans klakkelose gebondenheid aan kerklike besluite en lojaliteit aan die Ned. Geref. Kerk verwag word. Dít is wat van lidmate en ampsdraers verwag kan word in 'n hiërargiese kerkregeringstelsel. Die vrese en voorbehoude wat Jonker uitgespreek het oor die onvolledige opname van Dordtse Kerkorde artikel 84 (die sogenaamde anti-hiërargiese beginsel), die mag wat in die hande van enkelinge geplaas word (die moderatuur) en die posisie van die moderator het hom laat waarsku dat die nuwe kerkorde die moontlikheid 'n hiërargie skep.

Dit gaan nie vir Willie Jonker om sy persoon wat aangetas of bedreig word nie, maar dat mense of strukture (sinodes) in die kerk 'n statuur aanneem wat uiteindelik die hoofskap van Christus verdring. Wat hier op die spel is, is dat lojaliteit en gehoorsaamheid aan instellings en besluite van vergaderings geëis word wat nie onvoorwaardelik op die Skrif gebaseer is nie. Ook dít het nou vir Jonker 'n werklikheid geword.

---

[29] Vgl. *Die Kerkbode*, *xci (24),* 12 Junie 1963, 800.
[30] Vgl. *Die Kerkbode*, *xci (24),* 12 Junie 1963, 800.

## 2. *Sendingbepalinge* en sy skrywer bygeloop

Jonker is inderdaad reg wanneer hy oordeel dat Hanekom se resensie van *Sendingbepalinge* baie skerp en negatief is.[31] Dit is duidelik dat Jonker in *Sendingbepalinge* 'n gevoelige senuwee raakgeboor het. In hoofstuk drie[32] is aangedui met watter emosie op die besluite van die Cottesloe Beraad en die boekie *Vertraagde Aksie* gereageer is. Jonker het ook duidelik gemaak dat hy geen twyfel gehad het nie dat die besluite van Cottesloe Skriftuurlik begrond en korrek was. In hoofstuk drie[33] is reeds daarop gewys dat daar by die sinodesitting van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal in 1961 van Jonker gesê is dat die sinode die duiwel met Beëlsebul wil uitdryf. Hanekom het 'n grotendeels partydige gehoor gehad wat die resensie gelees het. Dit impliseer die oorgrote meerderheid in die Ned. Geref. kerk.

Hanekom maak bitsige, siniese opmerkings, soos dat Jonker meen dat "*hy* vir die *hele* Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika *die regte koers* kan aanwys (ek kursiveer – GJD)."[34] Daarbenewens oordeel hy dat Jonker nie net naïewe stellings maak nie, maar dat sy aansprake ook nog pretensieus is én dat die aanpak in *Sendingbepalinge* nie op wetenskaplikheid aanspraak kan maak nie. Hy teken Jonker nie net as een van die dislojale ampsdraers in die kerk nie, maar maak hom ook 'n buitestander. Hy praat telkens van "*ons* Ned. Geref. Kerk", oor Jonker wat "*ons* kerk se tradisionele beleid" en *ons* sendingbeleid "soos *ons* dit nog altyd geken het" veroordeel as immorele en onchristelike rassediskriminasie. Jonker is nie een van "*ons*" nie – so begin 'n proses waarin hy al hoe meer geïsoleer en uitgesluit word.[35] Hanekom skryf elders "*Ons* kerk behoort aan die *volk* en ... ook behoort 84 persent van die Afrikaanse *volk* aan *ons* Ned. Geref. Kerk (ek kursiveer – GJD)."[36] So word die Ned. Geref. Kerk geïdentifiseer met die Afrikanervolk en omgekeerd. Vanweë dié verstrengeling is iemand wat nie met die stroom meegaan nie, polities 'n liberalis en sonder meer ook teologies 'n liberalis!

---

[31] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 57.
[32] Sien bladsy 145.
[33] Sien bladsy 146.
[34] T. N. Hanekom. 1962. "Boekbeskouing", *Die Kerkbode*, *xc (14),* 3 Oktober 1962, 474.
[35] T. N. Hanekom. 1962. "Boekbeskouing", *Die Kerkbode*, *xc (14),* 3 Oktober 1962, 474.
[36] T. N. Hanekom. 1953. *Kerk en volk: die verhouding tussen Afrikaanse lewenskringe*. Kaapstad: N.G. Kerk, 137.

Met Hanekom se resensie is die kleed van liberalisme om Jonker se nek gehang is. Liberalisme was indertyd 'n gewilde skeldwoord. 'n Mens kan as voorbeeld na die korrespondensie in die briewekolomme van *Die Kerkbode* ná die Cottesloe Beraad verwys. Die voorstanders van Cottesloe is deur die bank as "liberaal" geëtiketteer.[37] In die Ned. Geref. Kerk is die term "liberaal" nie uitsluitlik – soos in die res van die gereformeerde wêreld – vir teologiese vrysinnigheid gebruik nie. Dit is veral as skeldwoord gebruik vir diegene wat teëstanders was van die kerk se rassebeleid.

Hanekom voeg egter skande by skade wanneer hy oordeel dat Jonker "ondubbelsinnig" 'n verwantskap met Roomse opvattings toon in sy (Jonker se) afwysing van die (Kuyperiaanse gedagte van die) pluriformiteit van die kerk en sy aandrang dat die kerk sigbaar één moet wees. Hanekom noem dit 'n "tragiese sprong na die Roomse kerkbeskouing".[38] Hy sê:

> "... die opvatting dat die eenheid van die kerk van Christus nie anders verstaan kan word as 'n *sigbare institutêre eenheid en eenvormigheid nie* (één kerkverband, één kerkorde, één Algemene Sinode ...), is deur-en-deur Rooms, sowel in sy konsepsie as in sy praktiese toepassing 'n ongelukkige geboorte uit die Romeinse staatsbeskouing, maar buite die Skrif om..."[39]

Om beskuldig te word dat jy Rooms is, is byna dieselfde as om beskuldig te word van liberalisme. Vir die meeste lidmate van die Ned. Geref. Kerk het hierdie etikette

## 3. Jonker se verweer

Jonker het alles probeer om homself en sy standpunte te verdedig. Aanvanklik het hy 'n brief aan *Die Kerkbode* gestuur. Hanekom se reaksie is onder Jonker se brief gepubliseer. Daarop volg 'n artikel in twee aflewerings en weer word dit gevolg deur

---

[37] Vgl. bv. *Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 158 – 162; *Die Kerkbode*, *lxxxvii (6),* 8 Februarie 1961, 198 – 199, ens. Sien ook bv. die redakteurskolom van A. P. Treurnicht in Die Kerkbode, *lxxxv (18),* 4 Mei 1960, 644, 645; e.d.m.
[38] T. N. Hanekom. 1962. "Boekbeskouing", *Die Kerkbode*, *xc (14),* 3 Oktober 1962, 473.
[39] T. N. Hanekom. 1962. "Boekbeskouing", *Die Kerkbode*, *xc (14),* 3 Oktober 1962, 474.

repliek van Hanekom. Dit lei tot ’n volgende artikel uit Jonker se pen. Einde ten laaste loop dit uit op ’n polemiek met ander deelnemers wat tot die woordestryd toetree.

### 3.1. Is Jonker Rooms?

Die brief van Jonker waarin hy hom verweer teen Hanekom se resensie, word eers vier maande ná die publikasie van die resensie op 20 Februarie 1963 in *Die Kerkbode* gepubliseer.[40] Daar verskyn egter ’n ander datum langs Jonker se naam: “22/10/62”. Daar is geen aanduiding of dit die datum is waarop Jonker sy brief geskryf het en of dit moontlik die datum is waarop die brief by *Die Kerkbode* ontvang is nie. In Hanekom se repliek wat direk onder Jonker se brief gepubliseer is,[41] bied Hanekom verskoning aan dat dit vir hom onmoontlik was om dadelik daarop te reageer aangesien hy – as professor aan die Kweekskool – die brief ontvang het gedurende die jaareind eksamen en “ander verantwoordelikhede” gehad het om na te kom. Daarna was dit die somervakansie. Dit wil voorkom asof daar by *Die Kerkbode* en Hanekom nie dieselfde dringendheid was as by Jonker nie, wat gevoel het dat hy deur die resensie benadeel is.

Die is nie nodig om volledig op Jonker se verweer of Hanekom se repliek daarop in te gaan nie. Ingenome standpunte word slegs verduidelik of verdedig en gesiene gereformeerde teoloë word bygeroep om gewig aan argumente te verleen.

Dit is voldoende om daarop te wys dat – naas Jonker se verweer dat Hanekom hom verkeerd interpreteer en onjuiste afleidings maak – hy hom op twee ander fronte verdedig. Die eerste is dat Hanekom beweer dat Jonker die *totale* sendingbeleid van die kerk afwys. Dit ontken Jonker. Hy sê dat hy slegs spesifieke bepalinge, wat on-Bybelse trekke toon en eerder uit die praktyk opgekom het en dus nie prinsipieel begrond is nie, uitgewys het. Die volgende aanhaling toon duidelik dat Jonker nie, soos Hanekom beweer, verskeidenheid ontken of negeer nie:

---

[40] W. D. Jonker. 1963. “Verweer teen resensie”, *Die Kerkbode*, *xci (8),* 20 Februarie 1963, 271, 272.
[41] T. N. Hanekom. 1963. “Repliek”, *Die Kerkbode*, *xci (8),* 20 Februarie 1963, 272, 273.

> "Ek het ons sendingbeleid nog steeds so verstaan, dat ons pleit vir die erkenning van die Godgegewe verskeidenheid óók in die kerk en sy arbeid, sonder om die Godgegewe éénheid te wil negeer."[42]

Die vraag moet egter gevra word waarom Hanekom meen dat Jonker die *hele* sendingbeleid afwys, terwyl Jonker sê dat dit vir hom net oor 'n aantal spesifieke bepalinge gaan. Hanekom ís egter in een opsig reg: indien dié bepalinge wat op die "kleurgevoel van die blanke" berus (en waarop Jonker wys) wegval, sal die sendingbeleid van die (blanke) Ned. Geref. Kerk in 'n gans ander paradigma teregkom. Dit is 'n paradigma wat so fundamenteel anders is, dat 'n mens inderdaad kan sê dat die *hele* sendingbeleid *radikaal* gewysig word. Jonker het dus met sy kritiek teen die sendingbeleid van die Ned.Geref. Kerk, die hart van dié beleid uitgeruk.

Belangriker in Jonker se verweer is die beskuldiging dat sy teologie Rooms sou wees. Dit is op hiérdie punt dat die diskussie sal vasval en die meeste gesprek sal uitlok. Dit vra dus ook hier om meer aandag. Hanekom herhaal sy beskuldiging in groter detail in sy repliek op Jonker se brief. Sy oortuiging kom kortliks daarop neer dat dit Rooms is om, soos Jonker, die sigbare eenheid van die kerk van Christus op aarde as 'n onontkombare Bybelse eis te beklemtoon. Hieroor sê Jonker:

> "As ek Rooms is, is Calvyn dit ook. Dan is ons belydenisskrifte dit ook. Dan is die Dordtse Sinode dit ook. Dan is die gereformeerde teoloë in Nederland dit ook. Dan is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, wat op presies dieselfde beginsels hulle sendinginrigting baseer, dit ook."[43]

Die kern van die saak is hoe die onderskeiding sigbare-onsigbare kerk verstaan word. Wanneer Hanekom sy beskuldiging herhaal, publiseer Jonker 'n artikel in twee aflewerings "Rooms of gereformeerd? Enkele gedagtes oor die noodsaaklikheid van die kerkverband"[44]. Uit die aard van die saak sal hy na die "gereformeerde vaders"

---

[42] Jonker. 1963. "Verweer teen resensie", *Die Kerkbode*, *xci (8),* 20 Februarie 1963, 271.
[43] Jonker. 1963. "Verweer teen resensie" *Die Kerkbode*, *xci (8),* 20 Februarie 1963, 272.
[44] W. D. Jonker. 1963. Rooms of gereformeerd? Enkele gedagtes oor die noodsaaklikheid van die kerkverband", *Die Kerkbode*, *xci (13),* 27 Maart 1963, 435 – 438 en *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 469 – 471.

moet teruggryp om sy standpunt te verdedig – wat hy inderdaad ook doen. Hy "bewys" dat die "vaders" inderdaad standpunte huldig soos dié deur hom voorgestaan.

Jonker haal in sy artikels die "*Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*"[45] nie minder nie as vier keer aan. Dit vra om nadere ondersoek. Wat is so besonders aan dié rapport? Die temas wat die rapport aansny – die eenheid van die kerk versus die pluriformiteit van die kerk – raak die kern van die saak waarom dit in *Sendingbepalinge* gaan. Die rapport het voor die sinode van die Gereformeerde Kerken in Nederland, wat in 1959/60 te Utrecht gehou is, gedien. Dit is nie in die bylaes tot die acta opgeneem nie, maar is as 'n afsonderlike boekie versprei. Dié feit alleen maak die rapport uitsonderlik en toon dat dit ook in die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) as belangrik genoeg beskou is om aan 'n wyer gehoor bekend te stel. Jonker het pas ná dié sinode na Europa gegaan vir sy studiereis – hy het waarskynlik toe met die *Rapport* kennis gemaak. Te meer omdat sy promotor, prof. G. C. Berkouwer, op die deputate gedien het. Wanneer Jonker in sy artikel 'n opmerking maak soos "As ons manne soos Polman, Berkouwer, Kunst e.a. mag glo ..."[46] praat hy van persone wat op die deputate gedien het.[47]

Die rapport behandel – soos die naam aandui – die "ekumeniese vraagstuk" en baie spesifiek hoe die standpunt oor die pluriformiteit van die kerk beoordeel moet word in die lig van die kerk se belydenisskrifte. Pluriformiteit was immers die GKN – komende uit die Doleansie en gemunt deur Abraham Kuyper, een van die grootste teoloë tot op daardie studium wat die GKN opgelewer het – se uitgesproke standpunt. Versigtig word gevra hoe die standpunte oor die pluriformiteit van die kerk en dié oor die ekumene in samehang met mekaar verstaan moet word. Met name vra dit na die GKN se verhouding met die Wêreldraad van Kerke. Die punt wat die rapport maak, is dat die GKN van standpunt behoort te verander. By vroeëre sinodes het die kerke duidelik "nee" gesê op die vraag of ekumeniese samesprekings, respektiewelik, samewerking, 'n eis van Christus en die Skrif is.[48] Maar die ekumeniese vraagstuk het steeds op die

---

[45] Gereformeerde Kerken in Nederland. 1959. *Rapport van de deputaten voor bestudering van het vraagstuk der "pluriformiteit" en oecumeniciteit*. [S.l.]: [s.n.]. Voortaan *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*.
[46] Vgl. Jonker. 1963. Rooms of gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (13*), 27 Maart 1963, 437.
[47] Die rapport is, benewens die drie, onderteken deur F. L. Bakker, E. N. van Loo en A. Kuyper. Laasgenoemde het die skribaat hanteer terwyl Kunst voorsitter van die deputate was – vgl. *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, 62.
[48] *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, 18.

tafel gebly, ook al het dit net "... maar ten dele aan de orde gekomen"[49] Nadat dié historiese verloop van dié aangeleentheid geskets is, behandel die rapport in die vierde hoofstuk "de kerk in het nieuwe testament" en in hoofstuk vyf "de Nederlandse geloofsbelijdenis en de "pluriformiteit" van de kerk".

Waar die kerke vroeër duidelik gesê het dat ekumeniese samesprekings/samewerking *nie* 'n eis van Christus en die Skrif is nie, sê die rapport duidelik "ja" – Christus en die Skrif eis dit. Oor die praktiese toepassinge hiervan is die rapport nog versigtig, skoorvoetend, maar sê tog uitdruklik: Skrif én belydenis *eis* dat die liggaam van Christus één sal wees. Die verdere verloop van die geskiedenis toon duidelik dat 'n verandering ingetree het. In die hoofstuk oor die nuwe kerkorde vir die Algemene Sinode, is reeds op die historiese verloop van hierdie vernieude denke gewys: dit het uitgeloop het op die "samen-op-weg" proses en uiteindelik op die totstandkoming van die Protestantse Kerk Nederland.

Dit lyk asof Hanekom nie van hierdie veranderinge in denke bewus was nie. Hy verwys glad nie daarna nie, maar skryf alleen dat Jonker: "... onkrities alles naskrywe uit die rapport *Oecumeniciteit en Pluriformiteit*". Die enigste opmerking wat moontlik as "kritiek" beskou kan word, sinspeel op die ouderdom van die opstellers van die rapport: dit is "... opgestel deur agtenswaardige vriende, maar, net soos ek, moet hulle ook maar sing: "wij zijn van gisteren, wij".[50] Die waarheid is egter dat die rapport opgestel is nadat 'n hele aantal – 13 om presies te wees – beskrywingspunte en verslae voor die vorige sinode (1955) gedien het wat *gevra* het dat die sinode sy standpunt t.o.v. die ekumene moet heroorweeg. Jonker skryf self ook in 'n volgende brief dat Hanekom hom dwing om "... daarop te wys dat prof. H. uit voeling is met wat daar in die afgelope tyd oor die kerkreg veral in Nederland gedink en geskrywe is" – en die aanklag word enkele sinne verder herhaal.[51]

[49] *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, 18.
[50] T. N. Hanekom. 1963. Korrespondensie. *Die Kerkbode*, *xci, (22),* 29 Mei 1963, 756. (Hanekom het egter eers 13 jaar later, in 1976 geëmeriteer!)
[51] W. D. Jonker. 1963. "Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 98.

Die vraag moet gestel word of die Gereformeerde Kerken in Nederland die Skrif met dié verslag geheel *anders* verstaan het, of was dit eerder ’n geval dat hulle die Skrif *beter* verstaan het. In beide gevalle kan dit immers meebring dat ’n kerk ’n nuwe koers inslaan. Ook in die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika sou ’n mens bepaald kon redeneer dat Hanekom en sy navolgers by die “ou paaie” wou bly! Jonker – soos die rapport – wil egter aantoon dat die Skrif én die gereformeerde vaders, reeds vroeër – om die waarheid te sê, nog altyd – ’n duidelike taal gespreek het. Hulle is egter nie in die Ned. Geref. Kerk duidelik gehoor nie. Breedvoeriger aanhalings is klaarblyklik hier aangewese. Omdat hierdie verhandeling oor Jonker handel en nie oor die rapport nie, word hy aangehaal – ook omdat sý interpretasie van en aanhalings uit die rapport dit suiwer weergee. Eerstens haal hy aan uit hoofstuk vier van die rapport wat oor die Skrif en die eenheid van die kerk handel en in die proses ook na Calvyn en Kuyper verwys:

> “As ons manne soos Polman, Berkouwer, Kunst e.a. mag glo, dan geld dit van Calvyn en alle kerkhervormers dat hulle geglo het dat die één Katolieke evangeliese kerk op grond van die Skrif in sy sigbare openbaring nie verskeur mag wees nie. ‘Met name Calvijn heeft zijn leven lang geworsteld om deze gebrokenheid in het zichtbare weg te nemen’ (vgl. Rapport Oecumeniciteit en “Pluriformiteit”, p, 27 e.v.). En as die kerk nie verskeur mag wees nie, dan moet hy sy eenheid ook in die sigbare uitlewe en openbaar – en die Skriftuurlike kanaal daarvoor is die kerkverband... Kuyper self noem ’n “nasionale kerk” ’n kontradiksie, aangesien daar in Christus geen Jood of Griek of barbaar is nie, want almal is in Hom een (Pro Rege II, 201). In die genoemde rapport oor “Oecumeniciteit en Pluriformiteit” word verklaar dat dit vir die Nuwe Testament volkome vanselfsprekend is dat daar slegs één kerk van Christus kan wees, watter verskeidenheid (van gawes, taal, ras, ens.) daar ook al mag bestaan tussen die gemeentes. ‘Wanneer er – uiteraard – van verscheidenheid sprake is, dan gaat het om verscheidenheid binnen de éne kerk en wordt er juist tegen gewaarschuwd, dat de verscheidenheid niet mag ontaarden in tegenstellingen, die een breuk betekenen ... Het ‘in Christus’ nivelleert de verschillen niet noch miskent ze (man-vrouw), maar het verschil heft de eenheid niet op’.”[52]

---

[52] Vgl. Jonker. 1963. “Rooms of Gereformeerd?” *Die Kerkbode*, *xci (13),* 27 Maart 1963, 437

Jonker stem ook met die rapport saam oor die interpretasie wat daarin aan die gereformeerde belydenisskrifte gegee word. Hoofstuk 5 handel spesifiek oor "*De Nederlandse Geloofsbelijdenis en de "pluriformiteit" van de kerk*".[53] Jonker vat dié hoofstuk só saam:

> "Ons stem saam met die Rapport "*Oecumeniciteit en Pluriformiteit*" as daarin verklaar word dat ons belydenis van ons eis om alles te doen wat die eenheid, katolisiteit, apostolisiteit en heiligheid van Christus se kerk 'ook in het georganiseerde leven der kerk bevorderen kan.' (bl. 30)"[54]

Samevattend: Jonker verdedig in die eerste artikel sy standpunt dat die gereformeerde kerkreg deurgaans die noodsaaklikheid van 'n verband tussen al die gemeentes van die liggaam van Christus beklemtoon. Dat hierdie sigbare eenheid van die kerk van Christus spesifiek oor lands-, volks-, taal en rassegrense strek, is volgens Jonker óók die uitgesproke bedoeling van die gereformeerde kerkreg. Hy kom, nadat hy dit alles gesê het, tot presies dieselfde gevolgtrekking as in sy brief van 20 Februarie, waarna hierbo verwys is:

> "Die gevolgtrekking wat ons hieruit moet maak, is dat dit van alle grond ontbloot is om teen die opvatting dat dit Gods wil is dat daar ook sigbaar slegs één kerk van Christus op aarde moet wees, te polemiseer deur dit ongereformeerd te noem. As dié slag raak was, sou ons in die absurde posisie beland dat alle gereformeerde kerkregtelikes, Calvyn self en die Dordtse Sinode, ongereformeerd en met Roomse suurdesem (sic) besmet sou wees. En waar ons herhaaldelik gehoor het dat die gereformeerde kerkregtelikes hulle op die Skrif beroep, sou dit beteken dat hulle Skrifuitleg ook Rooms was."[55]

---

[53] *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, 27 – 30.
[54] Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.
[55] Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 469.

### 3.2. Jonker sê "oppas vir Kuyper"

In die tweede artikel bespreek Jonker drie ander aspekte in antwoord op Hanekom se beskuldiging dat hy hom in Roomse vaarwater bevind. Die eerste twee argumente word net kortliks genoem.

Die eerste is dat die teenstanders van die strewe na egte sigbare eenheid hulle nie op die Skrif kan beroep nie.[56] Vir hierdie standpunt sou Jonker ook hier – soos in sy vorige artikel – na die rapport *Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, kon verwys.[57] Die Skrif leer wel dat die plaaslike gemeente volledig kerk is, maar wie dít as argument gebruik teenoor die argumente wat die noodsaak van kerkverband beklemtoon, beland noodwendig in independentistiese vaarwater. In hierdie konteks klassifiseer hy die Doleansie-kerkreg as "half-independentisties".[58]

Die tweede saak wat hy aanroer is dat sy teenstanders "egte gereformeerde kerkeenheid" met die Roomse siening oor een kerk met mekaar verwar. Kortliks: egte gereformeerde kerkeenheid is 'n eenheid in Christus – Sy liggaam kan tog nie onderverdeel word nie. Daarteenoor is die Roomse siening dat die kerk dáár waar Petrus, of sy opvolger, die pous, is. Jonker sê: "Die leser sal die verskil met toe oë kan sien."[59]

Dit is egter wanneer Jonker 'n derde tema aansny, dat hy op gevoelige tone trap. Hy is oortuig dat daar in die afwysing van die één sigbare kerk, steeds reste "van die oorwonne negentiende-eeuse denke" naleef.[60] By implikasie sê hy hiermee dat nie hy nie, maar die Ned. Geref. Kerk oor hierdie aangeleentheid liberaal is! Hy het dié standpunt – dat liberalistiese denke aan die kerk se sendingbeleid ten grondslag lê –

---

[56] In sy proefskrif gaan J. J. F. Durand uitvoerig op die saak in. Nadat hy die eenheid van die kerk volgens die getuienis van die Skrif bespreek het (bladsy 18 – 43), kom hy op bladsy 43 tot dié gevolgtrekking: "Versprei oor die antieke wêreld is die plaaslike kerke deel van die een algemene kerk kragtens die een enige Fondament en Hoof; een in belydenis, een in diens, een in sy getuienis teenoor die wêreld. Dit is die taal van die Nuwe Testament wat nóg weggeredeneer, nóg ontwyk kan word. Dit is 'n felle aanklag, maar terselfdertyd die verkondiging van 'n heerlike realiteit." Sien J. J. F. Durand, 1961. *Una Sancta Catholica in sendingperspektief: 'n analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. Amsterdam: Ten Have, 43.
[57] Vgl. *Rapport Oecumeniciteit en Pluriformiteit*, 21 – 26.
[58] Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.
[59] Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.
[60] Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.

reeds in *Sendingbepalinge*[61] aangeraak en hy sal nog telkemale hieroor die pen opneem.[62] In hierdie artikel tel hy die drade uit *Sendingbepalinge* weer op en gaan dieper op die saak in. Kerkregtelik was die negentiende eeu ’n laagtepunt, met die kollegialisme[63] tiperend van die wyse waarop daar oor die kerk gedink is, sê Jonker. Die kollegialistiese kerkbegrip sien die kerk bloot

> “... as ’n vereniging wat hom soos alle menslike verenigings kan inrig soos hy wil, soos die meerderheid van sy lede dit wil. Gevolglik het die negentiende eeu ook die eeu van die vermenigvuldiging van kerke geword: elke groep kan hul eie kerk hê wat hulle pas en wat hulle kan inrig soos hulle wil.”[64]

Voeg daarbý dat die negentiende eeu ook die eeu was waarin die individualisme en die demokrasie in die kerk wortel geskiet het, dan word die denkpatrone (wat agter die ontstaan van ’n veelheid van denominasies lê) duidelik: word die kerk ’n vereniging van eendersdenkendes, kan mense by enige kerk – wat by hulle smaak pas – aansluit. Die implikasie van Jonker se standpunt is dat die verdeling van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika langs rasselyne, uit ’n soort teologie en kerkbegrip spruit wat die kerk as ’n demokrasie – wat die meerderheid ter wille wou wees – ingerig het. Die Kerk behoort egter volgens die eise van die Skrif gevorm te word. In ’n poging om moontlike kritiek te besweer, is – volgens Jonker – die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk ingespan. Dié argument word gebruik: “(d)ie onsigbare kerk is tog heilig, één en katoliek: daarom hoef die sigbare kerk dit nie te wees nie.”[65] Dit sal een of ander kunsgreep soos hierdie verg om verby die Skriftuurlike eis vir die eenheid van die kerk te kom, is Jonker se klag.

---

[61] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 19, 29.

[62] Die volgende is ter sake: 1964. “Die Liberale Kerkreg en die veelheid van Kerke” *NGTT*, *v (1),* 3 – 9; 1965. *Aandag vir die Kerk*. Potchefstroom: Die Evangelis; 1965. *Om die Regering van Christus in sy Kerk*, Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. Reeks A, Intreeredes, 39; 1965. “Die Aard van die Kerklike Gesag” *Die Kerkbode*, *xcv* (*49*), 8 Desember 1965, 1573 – 1575 en *Die Kerkbode*, *xcv (50),* 15 Desember 1965, 1615 – 1616. Laastens word op ’n tot nog toe ongepubliseerde boek van Jonker gewys wat in ’n volgende hoofstuk bekend gestel sal word: (Dit sal gepubliseer word sodra hierdie dissertasie verdedig is.) *Die regering van Christus*. www.williejonker.co.za.

[63] In hoofstuk 1, bladsy 41 e.v. is die punt gemaak dat dit nie korrek is om van kollegialisme te praat nie. Dit is egter die term wat Jonker deurgaans gebruik en word sy voetspoor hier gewoon nagevolg.

[64] Vgl. Jonker. 1963. “Rooms of Gereformeerd?”, *Die Kerkbode*, *xci (14*), 3 April 1963, 470.

[65] Vgl. Jonker. 1963. “Rooms of Gereformeerd?”, *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.

Soos Jonker reeds in *Sendingbepalinge* aangetoon het, word die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe met dié onderskeiding geregverdig. Maar, sê hy, só word 'n begrip wat sedert Augustinus gebruik word, *misbruik* en word die sigbare kerk *gedegradeer*. Dit is volgens Jonker vreemd aan die Skrif én aan die reformasie.[66] Augustinus het die onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk gemaak om daarmee aan te dui dat daar aan die een kant diegene is wat (nog) buite die sigbare kerk is, maar tog aan die ware kerk behoort, bv. die moordenaar aan die kruis, of hulle wat nog nie tot geloof gekom het nie, e.d.m. Aan die ander kant is diegene wat wel tot die sigbare kerk behoort, maar wat soos die onkruid tussen die koring is (Matt. 13) en nie tot die ware kerk behoort nie.[67] Augustinus het hom daarmee teen die Donatiste verweer, wat hom beskuldig het dat hy leer dat daar twee kerke bestaan.[68] Ook Calvyn en die ander reformatore het dié onderskeidings só, soos Augustinus, gebruik.

Daar behoort teen hierdie tyd nie meer twyfel te bestaan dat Jonker die oorsprong van die *misbruik* van die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk na Kuyper terug voer nie. Om jou egter in die laat vyftiger–vroeë sestigerjare in gereformeerde kringe in Suid-Afrika teenoor Kuyper op te stel, was gewaagd. Jonker meld tereg dat kritiek teen Kuyper se kerkbegrip in gereformeerde kringe in daardie jare aan't toeneem was[69], maar in Suid-Afrika is Kuyper steeds graag as kroongetuie aangehaal, asof sy mening een of ander outoritatiewe betekenis in sigself sou omdra. Jonker raak dus 'n teer punt aan wanneer hy sê:

> "En dan nog Kuyper. Ook vir Kuyper moet 'n mens oppas, want Kuyper was wel 'n groot man, maar Kuyper se teologie dra tog in sommige opsigte die spore van die negentiende-eeuse denke."[70]

---

[66] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 470.
[67] Augustinus was wel nie die eerste wat hierdie onderskeidings gebruik het nie: "Origenes had intussen wel zoveel oog voor de werkelijkheid, dat hij ook van onechte leden der Kerk wist en het anderzijds mogelijk achtte, dat er ware leden buiten de Kerk waren, een van de voorstellingen, die bij Augustinus tot verdere ontwikkeling komen." Sien J. N. Bakhuizen van den Brink, en C. A. Tukker. 1966. *Ecclesia II: een bundel opstellen*. 's-Gravenhage: Nijhoff, 81. Ook C. J. H. de Wet skryf in sy proefskrif uitvoerig hieroor – sien C. J. H. de Wet. 1921. *Die kollegiale kerkreg*. Amsterdam: Bottenburg, 102 ev.
[68] Vgl. H. Bavinck. 1967. *Gereformeerde dogmatiek, IV*. Kampen: Kok, 10.
[69] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 471.
[70] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 471. Jonker sou jare later steeds hierdie mening oor Kuyper huldig - sien W. D. Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper", *In die Skriflig*, *Jaargang 23, Nommer 91*, September 1989.

Vir hierdie standpunt beroep Jonker hom in hierdie artikel veral op die proefskrif van Lothar Coenen, *Gemeinde und Synode* uit 1952. Coenen toon aan dat sekere trekke van die teologie van Kuyper sterk verwantskap met Schleiermacher vertoon en dat die individualisme van die negentiende eeu ook in die teologie van Kuyper sy tol eis. Die skema van potentia en actus (met die daarmee gepaardgaande klem op die wedergeboorte, wat Kuyper se hele teologie beheers) toon duidelik tot watter mate die negentiende eeu hom beïnvloed het.[71] In 'n voetnoot skryf Coenen:

> "Scholten war seit 1843 Professor für Dogmatik in Leiden. Scholten steht in den Fußspuren von Hegel, Schleiermacher, Strauss und Rothe, welche dadurch auch auf Kuypers Theologie beträchtlichen Einfluss ausgeübt haben. ... Kuyper hat seinen ersten, geschätzten Lehrmeister, so sehr er später zu seinem Gegner wurde, niemals verleugnen können. Am wenigsten darin, dass er gleich ihm ein Bewusstseinstheologe mit einem, starken Zug zur Immanenz gewesen ist."[72]

Wat óók uit Jonker se bespreking blyk, is dat hy op dieselfde trajek volhard wat hy reeds in sy proefskrif ingeslaan het. In hoofstuk twee is gewys op sy pleit dat die nuwe kerkorde net voorlopig aanvaar moes word. Daar is op gewys dat in die motief daaragter inderwaarheid 'n hoop verskuil lê dat dieselfde weg bewandel sal word as die wat deur die Hervormde Kerk in Nederland gevolg en wat op die "samen-op-weg"-proses uitgeloop het.[73] Dit is insigte wat met sy studiereis in Europa verdiep is. Dié klanke slaan weer deur wanneer Jonker – in reaksie op Hanekom – skryf:

---

[71] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 471. Jonker het sy BD-Skripsie oor Schleiermacher geskryf – vgl. W. D. Jonker. 1951. *Die invloed van die leer aangaande God op die opvatting van die vergiffenis van sondes in die teologie van Schleiermacher, Ritschl en Brunner*, BD-Verhandeling, Universiteit van Pretoria. Vgl. ook L. Coenen. 1952. *Gemeinde und Synode: eine kritische Untersuchung ihrer Beziehungen in den reformierten Kirchen der Niederlande seit 1816*. Göttingen: [s.n.], 34 – 39. Sien ook W. H. Velema. 1957. *De leer van de Heilige Geest bij Abraham Kuyper*. 's-Gravenhage: Van Keulen, 123, 205 en G. J. Duursema. 1979. *Die kinderdoop en die veronderstelde wedergeboorte*. Ongepubliseerde lisensiaat skripsie, 8 – 14.

[72] Coenen, 1952. *Gemeinde und Synode*, 32. Vgl. ook J. Vree. 2006. *Kuyper in de kiem: de precalvinistische periode van Abraham Kuyper, 1848-1874*. Hilversum: Verloren, 61, 62. Hy toon aan dat die denkbeeld van bv. die kerk as organisme "in de kiem" reeds in Kuyper se pre-Calvinistiese periode aanwesig was; dat hy dit ontleen aan die Duitse Idealisme en "In het bijzonder valt te danken aan Schleiermacher ..."

[73] Sien bladsy 103, 104.

"Selfs in die kringe van die Gereformeerde Kerke in Nederland hoor ons deesdae die erkenning dat sekere leidende figure in die Hervormde Kerk in die dae van die Doleansie (Gunning, Hoedemaker en later Kromsigt) sekere elemente van die waarheid aangaande die kerk raakgesien het wat deur Kuyper gemis is. Ons sal dus goed doen as ons agter Kuyper teruggryp op die Reformatore en die Skrif. Dit is in ons tyd miskien makliker as ooit tevore, want die leerstuk aangaande die kerk staan reeds sedert die Eerste Wêreldoorlog in die brandpunt van die teologiese belangstelling van die ganse Christenheid in alle lande... Die onmiskenbare vrugte daarvan kan reeds gemerk word in veel goeds wat daar gebeur het in die Nederlandse Hervormde Kerk, die Switserse en Skotse kerke, die Franse en Hongaarse Gereformeerde Kerke en die Duitse Evangeliese Kerk – om maar enkele voorbeelde te noem."[74]

### 3.3. Jonker 'n kollegialis?

Na bogenoemde twee artikels publiseer *Die Kerkbode 'n* brief waarin Jonker reageer op 'n brief van Hanekom[75] – 'n soort "repliek" op Jonker se twee artikels wat hierbo bespreek is – waarin Hanekom sy beskuldiging herhaal. Die tweegesprek tussen hulle neem egter nou die die karakter van polemiese verweer aan, argumente word herhaal en die beroep op "gereformeerde voorgangers" word uitgebrei. Daar sal net aan die nuwe argumente aandag gegee word indien dit belangrik is vir die verdere verloop van die aangeleentheid.

Die hele debat gaan in laaste instansie om één vraag, die noodsaaklikheid (of nie) van één kerkverband vir al die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika. Hanekom betoog opnuut dat Jonker se aandrang daarop dat die Ned. Geref. Kerke in een kerkverband saamgesnoer moet word, "... noodwendig moet uitloop op één instituut – en hierin kan alleen Rome berus."[76] Volgens hom bepleit Jonker één sigbare wêreldkerk en dit kan (volgens Hanekom) net een ding beteken: die een wêreldinstituut van die Rooms-Katolieke Kerk. Wat egter nou by hierdie klag gevoeg word, is dat Hanekom dit voor

---

[74] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 471.
[75] T. N. Hanekom. 1963. Korrespondensie, *Die Kerkbode*, 29 Mei 1963, *xci (22),* 754 – 766.
[76] T. N. Hanekom. 1963. Korrespondensie, *Die Kerkbode*, 29 Mei 1963, *xci (22),* 755.

Jonker se deur lê dat hý – nie Kuyper of Rutgers nie – kollegialistiese denke op dié saak nahou. Hy haal Jonker soos volg aan:

> Bouwman ... wys ewe nadruklik die kollegialisme af, wat uitgaan van 'n algemene kerk met "plaatselijke ... *onderafdelingen*" ... Maar nou kom dr. J. – en dit met 'n beroep op Calvyn – met presies hierdie kollegialistiese formule en in feitlik dieselfde woorde. Ons haal woordeliks aan uit sy artikel (*Kerkbode*: 27/3/1963, p. 437): "'Die sigbare algemene kerk is vir hom (Calvyn) die ganse menigte uit alle volkere wat saamstem in die één ware belydenis, en *wat onderverdeel is in plaaslike kerke* vanweë hul verspreidheid oor die aarde'."[77]

Hanekom vind die gedagte van een kerk, wat in plaaslike kerke onderverdeel is, "naakte kollegialisme". Ten slotte bevind Hanekom Jonker tweeslagtig, met denkpatrone wat enersyds tuis hoort by Rome en andersyds by die kollegialisme.[78] Wanneer Jonker hierop antwoord,[79] spaar hy Hanekom glad nie – ook al betuig hy sy "opregte agting vir sy persoon en amp". Jonker vind dat Hanekom *onwetenskaplik* is, dat hy baie *eensydig aanhaal*, dat Hanekom se voorstelling van Jonker se standpunt op grond waarvan hy dan Rooms dink, *misleidend* is en twee keer sê hy dat Hanekom *uit voeling is* met wat daar in die afgelope tyd oor die kerkreg – veral in Nederland - gedink en geskryf is. Hanekom het inderdaad teenoor prof. P. A. Verhoef gekla dat Jonker 'n refleksie op sy wetenskaplikheid gewerp het.[80]

Op Hanekom se beskuldiging dat Jonker se pleit vir een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerke kollegialisties is, moet verder ingegaan word. Hanekom verstaan klaarblyklik dat Jonker steeds met die gedagte goedere van die Hervormde Kerke in Nederland woeker wat die kerk – in Hanekom se woorde hierbo – verstaan as "'n algemene kerk met 'plaatselijke ... *onderafdelingen*'". Anders gestel, Hanekom verstaan dat Jonker se aandrang op een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerke gelykgestel kan word aan 'n (groot) genootskap waarin die gesag sover moontlik gesentraliseer is en wat dan

---

[77] T. N. Hanekom. 1963. Korrespondensie, *Die Kerkbode*, 29 Mei 1963, *xci (22),* 755.
[78] T. N. Hanekom. 1963. Korrespondensie, *Die Kerkbode*, 29 Mei 1963, *xci (22),* 756.
[79] Jonker. 1963. "Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 97-99.
[80] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 58.

gedesentraliseer word in (kleiner) plaaslike afdelings. Indien dít Jonker se bedoeling was, sou Hanekom inderdaad reg wees.

Jonker wys laasgenoemde egter ten sterkste af. In sy antwoord wys hy daarop dat die gronddwaling van die kollegialisme is dat die kerk as presies dieselfde as ’n gewone menslike genootskap of vereniging (collegium) verstaan word, wat volgens menslike goeddunke regeer word.[81] Ook Bouwman verstaan die kollegialisme as ’n vereniging van mense wat onderling ooreenkom om ’n kerklike genootskap te vorm. Die oorsprong van die kerk is dus nie Christus self nie en die bestuur van die genootskap berus nie by Hom nie, maar by die meerderheid, wat die gesag oorgedra het aan ’n bestuur wat deur hulle verkies is.[82] J. C. A. van Loon skryf oor dié kerkregeringstelsel: “... dat men de inrichting der kerk louter als een technische kwestie beschouwde, die geheel buiten het geloof en buiten Schrift en belijdenis stond. En collegialistisch werd dan ook de kerkrechtelijke toepassing van het natuurrecht …”.[83] Jonker beroep hom vir sy standpunte teenoor die kollegialisme juis op hierdie twee teoloë.

In die ongepubliseerde werk uit Jonker se pen, wat in ’n volgende hoofstuk bekend gestel sal word, gee Jonker ’n meer akkurate omskrywing van waaroor dit in die geskil tussen hom en Hanekom (oor kollegialisme) gaan. Hy skryf:

> “Die fout van hierdie opvatting lê nie daarin dat die kerk landswyd as ’n eenheid gesien word nie, maar dáárin, dat dit as ’n eenheid van persone gesien word, as ’n groot vereniging, want daardeur is daar nie meer rekening gehou met die eienaardigheid van die kerk dat dit plaaslik tot openbaring kom as kerk in die volle sin van die woord nie. Dit beteken egter dat die kerk omskryf word vanuit sy konstituerende lede en nie vanuit Christus die Hoof en Sy Woord waarmee Hy Sy kerk versamel nie.”[84]

---

[81] Jonker. 1963. “Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd?”, *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 99.
[82] Vgl. M. Bouwman. 1937. *Voetius over het gezag der synoden*. Amsterdam: Bakker, 14 – 15.
[83] Vgl. J. C. A. van Loon. 1942. *Het algemeen reglement van 1816*. Wageningen: Zomer & Keuning, 41,42.
[84] Sien voetnoot 55 hierbo. W. D. Jonker. *Die regering van Christus*. www.williejonker.co.za, 133.

Die tweegesprek tussen Jonker en Hanekom het hiermee tot 'n einde gekom, maar 'n hele polemiek het in *Die Kerkbode* losgebars. Dit is beëindig toe 'n hele nuwe debat losgebars het – oor die stigting van die Christelike Instituut deur C. F. B. Naudé.

Die opskrifte van enkele van die briewe wat in *Die Kerkbode* verskyn het, is genoeg bewys dat dit telkens oor een onderwerp handel: die vraag na één kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Dit val op dat, op 'n enkele uitsondering na, almal Hanekom se standpunt steun: *Eenheid van die kerk(e)* – Ds. F. A. Kock, Bloemfontein;[85] *Een kerkverband?* – Kerkbegrip, Kaap;[86] *Een kerkverband vir moeder- en dogterkerke* – Dr. D. D. Rosslee, Reitz-Wes;[87] *Kerkverband – moeder- en dogterkerke* – Prof. H. J. Strauss, Bloemfontein;[88] *Dogterkerke — afsonderlik en selfstandig* – Ds. S. O. Skeen, Krugersdorp.[89] Die uitsondering is Dr. J. J. F. (Jaap) Durand van die N.G. Sending, Cala, in die Transkei. Sy brief verskyn met die opskrif: *Een kerkverband*.[90] Inhoudelik kom die standpunt van Durand in 'n baie hoë mate met dié van Jonker ooreen.[91]

Dit is nie nodig om in detail op die polemiek in te gaan nie – dieselfde argumente word telkens net in 'n nuwe kleed aangebied. Nou gaan vêrder aan die tema van die kollegialisme en die invloed van die negentiende eeu aandag gegee.

## 4. Kollegialisme, liberalisme en die veelheid van kerke

Nadat Jonker se brief in *Die Kerkbode* van 17 Julie 1963 verskyn het, publiseer die *NGTT* ses maande later 'n artikel van Jonker getiteld: *Die liberale kerkreg en die veelheid van kerke*.[92] Dit is geskryf in dieselfde tyd waarin die polemiek oor die vraag na één kerkverband vir die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika aan die gang was. Soos uit

---

[85] *Die Kerkbode*, *xci (21),* 22 Mei 1963, 723, 724.
[86] *Die Kerkbode*, *xci (23),* 5 Junie 1963, 785, 786.
[87] *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 95.
[88] *Die Kerkbode*, *xcii (10),* 4 September 1963, 336.
[89] *Die Kerkbode*, *xcii (10),* 4 September 1963, 337.
[90] *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 96, 97.
[91] Durand skryf later "... ek onthou nog hoe hy (Jonker – GJD) my opgebel het waar ek in die uithoeke van die Transkei op 'n sendingstasie gesit het ... en my gevra het om tot die polemiek toe te tree..." Sien J. J. F. Durand. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk" in P. F. Theron, en Johann Kinghorn. 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker.* Bloemfontein: Pro-Christo, 69.
[92] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg en die veelheid van kerke." *NGTT*, *v (1),* 3 – 9.

die opskrif van die artikel blyk, is die tema dieselfde: dit gaan steeds oor die vraag na één kerkverband.

Dit kom inderdaad voor asof Jonker in sy denke nog met dieselfde mense polemiseer. Hy skryf in die derde paragraaf: "Om hiervan maar ten oorvloede *nog 'n voorbeeld* te noem *naas ander* wat *reeds genoem* is... (ek kursiveer – GJD)"[93] Voor dié paragraaf was nog geen voorbeeld genoem nie. Die enigste logiese afleiding wat gemaak kan word, is dat hy na voorbeelde in sy vorige skrywes in *Die Kerkbode* verwys. Dié artikel moet dus met voorafgaande skrywes verbind word en daarmee saam gelees word. In hierdie artikel wil hy egter die verwantskap van die voorstanders van 'n veelheid van (Ned. Geref.) Kerke met die kollegialisme aantoon. Sy toon is skerp en afwysend, gefrustreerd, moontlik selfs geïrriteerd. Dit spreek duidelik uit die woorde waarmee hy die artikel begin:

> "Solank die Skrifgebonde reformatoriese siening van die kerk die gereformeerde kerkreg beheers het, was daar nie plek vir die opvatting van meer as een kerk wat legitiem langs mekaar kan bestaan nie. Daar was slegs twee kerke: die ware en die valse, en hierdie twee kerke kon in die sigbare "met sekerheid geken" en onderskei word op grond van Gods Woord (N.G.B., art. 29). Die kerkregtelike denke van die reformasie, soos dit ook nog in die Dordtse Kerkorde gestalte vind, hou nie eers rekening met die bestaan van 'n ander kerk wat ook as kerk kan geld nááS die gereformeerde kerk nie."[94]

Vir die reformatore het die bestaan van 'n Lutherse of Zwingliaanse kerk 'n *onregmatige* verdeeldheid en verskeurdheid van die kerk beteken, iets wat nooit moes wees nie. Hy herhaal die standpunt wat hy reeds in *Sendingbepalinge* – en wat daarop gevolg het – ingeneem het: hierdie reformatoriese standpunt het verander toe die liberalisme van die Aufklärung in die kerk en teologie wortelgeskiet het. Die sigbare kerk is verlaag tot gewone vereniging van mense wat uit eie vrye wil saamkom. Die sigbare kerk word nie meer verstaan as die liggaam van Jesus Christus wat Hy self versamel nie. Jonker sê: "En op hierdie liberale opvatting van wat die kerk is, is 'n

---

[93] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 4.
[94] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 3.

liberale kerkreg gebou wat tot in ons tyd nog sy invloed laat deurwerk, selfs by diegene wat opreg meen dat hulle goed gereformeerd is."[95]

Hy vervolg dat die gereformeerde vaders nooit daaraan sou dink "... om 'n teorie te ontwerp waardeur die verskeurdheid goedgepraat kon word nie, nog minder het hulle die gereformeerde kerkreg verander om plek te maak vir die gedagte dat die gereformeerde kerk maar één van die legitieme moontlikhede kerk-wees naas sovele andere is..."[96] Uit die hele trajek wat tot hiertoe gevolg is, is dit duidelik dat Jonker die onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk, soos dit met beroep op Kuyper in die Ned. Geref. teologie gefigureer het, in die visier het.

Jonker noem Kuyper egter nooit in dié artikel by die naam nie – trouens, in dié artikel word alleen verwys na die bekende Utrechtse hoogleraar, prof. H. J. Rooijaards (ook Royaards gespel)[97] en spesifiek na een van sy werke, die *Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland,*[98] wat hy "een van die bekendste voorbeelde van die kollegiale kerkreg noem". Dit is in pas met die bevindinge van onder andere C. J. H. de Wet en J. C. A. van Loon, wat albei na Royaards verwys as moontlik die beste verteenwoordiger van die kollegialistiese kerkreg in Nederland.[99] Volgens Jonker het Royaards dié werk geskryf as 'n "*verdediging* en *verduideliking*" van die kollegiale kerkreg wat die basis gevorm het van "Het Algemeen Reglement"[100] – wat dié werk inderdaad 'n belangrike dokument oor hierdie onderwerp maak.

Royaards is om meer as een rede vir die Suid-Afrikaanse konteks en die Ned. Geref. Kerk belangrik – soos hieronder aangetoon sal word. Hy is egter in die een-en-twintigste eeu 'n grootliks 'n vergete figuur in die Ned. Geref. Kerk. Daarom sal dit

---

[95] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 3.
[96] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 3.
[97] 'n Uitgebreide soektog op Google Books toon dat beide spelwyses gebruik is. By dieselfde titels word die outeur afwisselend as Royaards en Rooijaards aangedui. In die bibliografie en voetnote word eersgenoemde spelling gebruik. Dit is soos dit op geraadpleegde bronne gespel word.
[98] H. J. Royaards. 1834. *Hedendaagsch kerkregt bij de Hervormden in Nederland: een handboek voor akademische lessen: alsmede ten gebruike van predikanten en leden van kerkelijke vergaderingen*. Utrecht: J. Altheer.
[99] C. J. H. De Wet. 1921. *Die kollegiale kerkreg*. Amsterdam: Bottenburg, 73 en J. C. A. van Loon. 1942. *Het algemeen reglement van 1816*. Wageningen: Zomer & Keuning, 44.
[100] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 4.

goed wees om, voordat verder aan Jonker se artikel aandag gegee word, kortliks in te gaan op wie Royaards was en wat sy verbintenis met Suid-Afrika behels het.

’n Mens kry ’n indruk van sy belang in *Die Kerkbode* van 28 Oktober 1959 – ’n feesuitgawe waarin die eeufeesviering van die Kweekskool in Stellenbosch herdenk word. Daarin skryf dr. A. M. Hugo[101] ’n artikel: *Herman Johan Royaards – 1794 – 1854. ’n Vriend van ons Kerk.*[102] In die loop van die volgende twee weke sou hy dit opvolg met nog twee aflewerings.[103] In die feesuitgawe haal hy “Een Feestgenoot” aan (wat hy identifiseer as “die bekende ds. J. H. Neethling van Stellenbosch – en oudleerling van Royaards”) wat die opening van die Kweekskool soos volg beskryf:

> “‘Wij treden nu het auditorium – de grote zaal – binnen... Achter het spreekgestoelte, van tusschen twee keurige bloem kransen, treft ons het welgelijkend portret ... van den voor vele leraren onzer kerk onvergetelijken ROYAARDS, in leven Hoogleraar in de Godgeleerdheid te Utrecht… De aanblik

---

[101] In dié artikel verkeerdelik as ds. betitel. Dr. André Malan Hugo is nie ’n bekende figuur in Ned. Geref. teologiese kringe nie – hy was wel nie in eerste instansie teoloog nie, maar klassikus. Maar tog: hy promoveer in 1957 aan die Universiteit van Utrecht oor *Calvijn en Seneca: een inleidende studie van Calvijns Commentaar op Seneca, De Clementia, anno 1532*.
Hy is bekend vir sy publikasies oor plaaslike geskiedenis. Hy publiseer bv. saam met Johannes van der Bijl in 1963 *Die kerk van Stellenbosch, 1686-1963: ’n geskiedenis van die kerkgeboue van die Nederduits Gereformeerde Gemeente te Stellenbosch, en van die mense wat hulle gebou het, vanaf die dae van Simon van der Stel tot op die huidige dag, in opdrag van die Kerkraad van Stellenbosch geskryf*.
Hugo word hoog aangeslaan deur onder andere prof. H. (Heiko) A. Oberman – kerkhistorikus en dosent aan die universiteite van Harvard, Tübingen en Arizona. Oberman en Hugo was tydgenote: beide studeer onder die kerkhistorikus, prof. M. van Rijn in Utrecht en beide promoveer in 1957 onder sy leiding. (Dit was Hugo se tweede promosie – sy eerste was in 1954 – en beide grade behaal hy hy cum laude.) Oberman ag hom so hoog dat hy sy postuum-gepubliseerde boek waarin hy sy lewenswerk herbesoek, só aan hom opdra: “*Gratefully dedicated to wayfarers who lived to destroy life-size caricatures:* ANDRÉ M. HUGO (1929-1975) Professor of Classical History, University of Stellenbosch, South Africa – A Puritan Calvin scholar who lived and died opposing apartheid...” – sien Oberman, Heiko Augustinus, and Donald Weinstein. 2003. *The two Reformations: the journey from the last days to the new world*. New Haven: Yale University Press.
Hugo doseer aanvanklik Latyn aan die Universiteit Stellenbosch en was later tot met sy dood in 1975 professor in Klassieke Tale aan die Universiteit van Kaapstad. Sien: http://stellenboschwriters.com/hugoa.html. Datum besoek 2016-02-06.

[102] A. M. Hugo. 1959. “Herman Johan Royaards – 1794 – 1854. ’n Vriend van ons Kerk”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*17*), 28 Oktober 1959, 678 – 680. Hugo is klaarblyklik goed ingelig – die artikels spreek van deeglike navorsing. Hy skryf dat hy sy inligting oor Royaards grond op drie uitvoerige publikasies: “... *Levensberigt*, deur sy briljante leerling, die bekende prof. J. H. Scholten te Leiden, tweedens, ’n *Leerrede ter aandenking* en laastens, ’n breedvoerige Latynse *Narratio* (Lewensverhaal), beide deur sy Utrechtse ampgenoot, prof. Herman Bouman” – sien *Die Kerkbode*, lxxxiv (*17*), 28 Oktober 1959, 678. Hugo het ook met die nasate van Royaards korrespondeer – sien *Die Kerkbode*, lxxxiv (*18*), 4 November 1959, 729, voetnoot 8.

[103] A. M. Hugo. 1959. “Herman Johan Royaards”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*18*), 4 November 1959, 699, 700, 729 en *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*19*), 11 November 1959, 746 – 748, 759

van zijne beeltenis zij voor onze beide hoogleraren – zijne vroegere leerlingen – steeds ten spoorslag …'"[104]

"(O)nze beide hoogleraren" was John Murray, wat vanaf 1845 tot 1848 en N. J. Hofmeyr wat vanaf 1848 tot 1850 in Utrecht by (onder andere) Royaards studeer. Die bekende Andrew Murray het in dieselfde periode as sy broer, John, ook daar studeer. So ook studeer "die bekende ds. J. H. Neethling van Stellenbosch" gedurende 1846 tot 1849 in Utrecht, sowel as nog 'n bekende uit die piëtisties-metodistiese kringe, die bekende ds. G. W. A. van der Lingen[105] (1822 – 1831).[106] Hugo skryf dat daar van die eerste dag van Royaards se amps-aanvaarding in 1823 ten minste twee Kaapse studente in sy klas was – "soms selfs soveel as sewe tegelyk".[107] Prof. F. J. M. Potgieter het gelyk wanneer hy skryf: "Waar ons jongelinge hul studie gaan voortsit het aan Nederlandse universiteite en die liberalistiese rigting aldaar bekwame pleitbesorgers soos H. J. Scholten gehad het, spreek dit vanself dat daar invloed op sommige van hulle sou uitgaan."[108]

Hugo maak nog twee aantekeninge oor Royaards wat van belang is om die konteks waarbinne Jonker oor die onderwerp van die kollegialistiese kerkreg en die verdeeldheid in die Ned. Geref. kerke skryf, te verstaan. Die eerste is dat Royaards volledig ingelig was oor die situasie en die kerkregtelike reëlings in die Kaap – en sy instemming daarmee betuig het. Ds. P. E. Faure, een van sy oud-leerlinge, het hom in besit gestel van die verskillende "*Reglementen op het Bestuur der Nederlandsch Hervormde Kerk in Zuid-Afrika*". Daarop het Royaards 'n "uitvoerige artikel van byna honderd bladsye" gepubliseer met die titel: "*De Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (Kaap de Goede Hoop), in haren kerkregtelijken toestand, vooral in*

---

[104] Hugo. 1959. "Herman Johan Royaards", *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*17*), 28 Oktober 1959, 678.
[105] Aanvanklik het die Sinode van 1857 van der Lingen benoem as hoogleraar. Toe hy bedank, is Murray benoem.
[106] F. J. M. Potgieter. 1952. "Ons kerk in Kaapland" in Hanekom, T. N. 1952. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 84.
[107] Hugo. 1959. "Herman Johan Royaards", *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*19*), 11 November 1959, 746, 747.
[108] F. J. M. Potgieter. 1952. "Ons kerk in Kaapland", 85.
Dit is hierbo aangedui dat daar nie altyd duidelik onderskei is oor wat presies met die term "liberaal" bedoel is nie. In teologiese kringe in Nederland behels dit teologiese vrysinnigheid, maar in die Ned. Geref. kerk het dit daarnaas ook nog die betekenis van politieke liberalisme gehad. Dit is steeds 'n onbeantwoorde vraag of die predikante en teoloë met wortels in die Réveil en piëtisties-metodistiese kringe nie moontlik 'n derde betekenisveld (dat almal wat volgens hulle opvatting nie "reg" lewe nie, liberaal is?) hieraan toegevoeg het nie!

*betrekking tot Nederland, beschouwd door Herm. Joh. Royaards*." Royaards bevind dat "die Kerkorde van 1804[109], die Wysigings van 1824, en uiteindelik ook die nuwe Kerkorde van 1843 almal ... saaklik of selfs woordeliks gemodelleer was op Nederlandse voorbeelde."[110] Daar bestaan min twyfel dat die kollegialisme – ten minste, aanvanklik – 'n bepaalde invloed uitgeoefen het op die kerkreg wat aan die Kweekskool gedoseer is.

Die tweede belangrike saak waarop uit Hugo se artikels gewys word, is die intreerede waarmee Royaards sy hoogleraarsamp begin. Dit handel oor "*Het Verschil van Menschen en Volken, dat in de Geschiedenis der Chr. Kerk moet opgemerkt worden.*" Hugo vervolg:

> "In hierdie rede, wat in die Latyn gehou is, sê Scholten, het Royaards hom 'n waardige leerling van Van Heusde getoon deur met skerpe blik te wys op die groot en dikwels deurslaggewende betekenis van die menslike aard, en met name van die verskillende volksaarde, in die gang van die geskiedenis, en veral van die kerkgeskiedenis – 'n *onderwerp wat juis op die oomblik weer heelwat aandag geniet hier in Suid-Afrika*! (my kursivering– GJD)"[111]

Laasgenoemde opmerking is nie so terloops gemaak as wat dit dalk met die eerste oogopslag mag lyk nie. Hugo was bekend as – in die woorde van prof. H. (Heiko) Oberman – "A Puritan Calvin scholar who lived and died opposing apartheid". Hy het 'n uitstaande proefskrif geskryf oor *Calvijn en Seneca. Een inleidende studie van Calvijns Commentaar op Seneca, De Clementia, anno 1532*[112] en in 1957 aan die Utrechtse universiteit gepromoveer. Min is oor Hugo bekend en sy pennevrugte het grootliks in die vergetelheid geraak. Een artikel van hom is wel in *Pro Veritate*, die blad van die Christelike Instituut onder redaksie van dr. C. F. B. Naudé, opgespoor. Die titel daarvan was: *Geloofsoortuiging en Politieke Beskouing*.[113] Hugo dui 'n trajek oor

---

[109] Die bekende Kerkorde van De Mist".

[110] Hugo. 1959. "Herman Johan Royaards", *Die Kerkbode*, lxxxiv (*19*), 11 November 1959, 745 – 747. Ook in Suid-Afrika bestaan breë instemming dat laasgenoemde kerkordes gemodelleer is op die "Algemeen Reglement" van 1816.

[111] Hugo. 1959. "Herman Johan Royaards", *Die Kerkbode*, lxxxiv (*17*), 28 Oktober 1959, 678.

[112] A. M. Hugo. 1957. *Calvijn en Seneca. Een inleidende studie van Calvijns Commentaar op Seneca, De Clementia, anno 1532.* Groningen: J. B. Wolters.

[113] A. M. Hugo. 1971. "Geloofsoortuiging en Politieke Beskouing", *Pro Veritate*, *vol. 10, no. 5*, 4 – 5.

volkere verhoudinge in Suid-Afrika aan, wat van Royaards en die liberalistiese teologie wat destyds aan Utrecht geheers het, na die Kweekskool in Stellenbosch geloop het. As voorbeeld: prof. N. J Hofmeyer het reeds in 1853 ’n reeks artikels oor die sending in *De Gereformeerde Kerkbode* gepubliseer waarin hy afsonderlike bediening van die nagmaal vir die afsonderlike bevolkingsgroepe bepleit het as ’n middeweg: gesamentlike eredienste, maar afsonderlike nagmaalbediening. Dus, nie algehele skeiding nie, maar ook nie algehele integrasie nie. Algehele skeiding het egter tydens die die sinode van 1857 ’n realiteit begin word toe daar “ten gevolge van de zwakheid van sommige” besluit is dat die nagmaal afsonderlik aan die verskillende bevolkingsgroepe bedien sal word. Dit het die skeiding van die Ned. Geref. Kerke op rassegrondslag ingelui.[114] In hoofstuk vier is reeds daarop gewys dat prof. Johannes du Plessis – t.o.v. opsig en tug – soortgelyke sentimente jeens nie-blankes gekoester het. Jonker haal aan dat hy in sy sendinghandboek gesê dat dit “ongewens is om aan inboorlingouderlinge en -leraars die reg te gee om blanke sendelinge onder verhoor te bring en te sensureer.”[115]

Laastens moet ook aangemerk word dat Hugo aandui dat “die bekende prof. J. H. Scholten” van Utrecht een van Royaards se leerlinge was. Hugo skryf dat Scholten na Royaards se dood, ’n lewensbeskrywing oor hom geskryf het.[116] Dié prof. Scholten was op sy beurt die leermeester van dr. A. Kuyper – die persoon op wie die Ned. Geref. teoloë hulle beroep het vir ’n spesifieke inkleding van die onderskeiding tussen sigbare-onsigbare kerk en wat die term “pluriformiteit” van kerke gemunt het. Hierbo is Coenen aangehaal, wat geskryf het: “Kuyper hat seinen ersten, geschätzten Lehrmeister, so sehr er später zu seinem Gegner wurde, niemals verleugnen können.”[117]

Jonker beskryf vir Royaards as iemand wat “... sonder die minste twyfel gesien moet word as ’n goeie verteenwoordiger van die liberale kerkregtelike opvattinge wat aan die begin van die negentiende eeu in Nederland posgevat het.”[118] Hy skets die noue teologiese verwantskap tussen Royaards en kommissaris J. D. Jansen – die

---

[114] Sien *De Gereformeerde Kerkbode*, Deel v no. 11, 28 Mei 1853, 166 – 168.
[115] Sien Jonker, *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde kerk van Transvaal*, 16.
[116] Hugo. 1959. “Herman Johan Royaards”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv* (*19*), 11 November 1959, 746.
[117] Coenen, 1952. *Gemeinde und Synode*, 32. Vgl. ook J. Vree. 2006. *Kuyper in de kiem: de precalvinistische periode van Abraham Kuyper, 1848-1874*. Hilversum: Verloren, 61, 62.
[118] Jonker. 1964. “Die liberale kerkreg.”, 5.

hoofrolspeler in die opstel en uiteindelike aanvaarding van die "Algemeen Reglement" van 1816. Jonker verduidelik dat dié reglement gebore is uit die gees van die liberalisme wat op sy beurt onmiskenbaar die grondstruktuur van die kollegiale kerkreg van die Verligting[119] vertoon. Dié kerkreg is gebore in die tyd van die Aufklärung en het noue aansluiting gevind het by gees van die Franse Revolusie.[120]

"En nou is dit merkwaardig dat Rooijaards daarin van die onderskeiding *sigbare* en *onsigbare kerk* op 'n wyse gebruik maak wat geweldig resent aandoen", bevind Jonker.[121] Daarmee wys Jonker terug na *Sendingbepalinge* en na die hele polemiek daarna, waarin hy aangedui het hoe dié onderskeiding in die Ned. Geref. Kerk – met beroep op Kuyper – misbruik is. Royaards, skryf Jonker, het die betekenis wat die reformatore aan dié onderskeiding gegee het, prysgegee en "dié terme gevul met inhoud vanuit die idealistiese wysbegeerte". Hierdie idealistiese wysbegeerte spreek bv. uit Royaards se instemmende aanhaling van Bretschneider wat sê: "Die Kirche, als Idee, ist die unsichtbare; als Erscheinung, die sichtbare".[122] Die onsigbare kerk as Idee is 'n "innerlike, onsigbare" koninkryk van God, die "geestelike *vereniging*", maar, haal Jonker hom aan, "zonder den vorm van een Genootschap".[123] Prof. F. Floor van die Teologiese Skool aan die PU vir CHO skryf: "Ondanks Kuyper se indrukwekkende ontwerp van die kerk vind ons daarin tog 'n stuk idealistiese wysbegeerte wat so kenmerkend was vir die 19de eeu. As kind van die 19de eeu kon Kuyper hom nie ontworstel aan die Duitse Idealisme wat sy denke beheers het nie.[124]

Wanneer Jonker Royaards se siening van die belydenisskrifte bespreek, kom die onderskeiding tussen sigbare en onsigbare kerk weer eens na vore. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27 en Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus praat - volgens Royaards - alleen van die onsigbare kerk. Jonker haal hom uitvoerig aan om

---

[119] Vgl. die sg. "Landesherrliche Kirchenregiment". Sien A. J. Bronkhorst. 1987. "De Nederlandse Hervormde Kerk en het Algemeen Reglement van 1816" in W. van 't Spijker en L. C. van Drimmelen. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok, 121.
[120] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg.", 5. Vgl. ook A. J. Bronkhorst. 1987. "De Nederlandse Hervormde Kerk en het Algemeen Reglement van 1816", 121 ev.
[121] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 5.
[122] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 6.
[123] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 6.
[124] F. Floor. 1993. 'n Nuwe-Testamentiese perspektief op 1892, *In die Skriflig 27(2)*, 205. Vgl. ook J. Vree. 2006. *Kuyper in de kiem: de precalvinistische periode van Abraham Kuyper, 1848-1874*. Hilversum: Verloren, 61, 62 en W. H. Velema. 1957. *De leer van de Heilige Geest bij Abraham Kuyper*. 's-Gravenhage: Van Keulen, 70 – 78.

aan te toon dat dié artikels uit die belydenisskrifte vir Royaards glad nie op die sigbare kerk pas nie, bv.: "... Want op geen *Kerkgenootschap* zijn de bovenvermelde eigenschappen (d.w.s. dié genoem in die betrokke artikels) toe te passen…"[125]

Ook wanneer Jonker daarop wys dat Royaards praat van die sigbare kerk as "maar net die (toevallige) vorm", "'n *menslike instelling*" wat aan "voortdurende verandering onderhewig" is en wanneer Royaards in die meervoud praat van "sigbare aardse kerkgenootskappe", het Jonker presies die polemiek wat op *Sendingbepalinge* gevolg het, in die visier. Wie die onderskeiding tussen die sigbare en die onsigbare kerk gebruik soos Royaards, doen dit nié in navolging van die reformasie nie, maar in navolging van die liberale ekklesiologie en Royaards.[126] Gevolglik is die inrigting van die sigbare kerk 'n betreklik onverskillige saak. Jonker sê dat Royaards "alle moeite" doen "om duidelik te maak dat die sigbare kerk ... homself moet sien as 'n vrywillige vereniging van mense ..." en is dit volgens Royaards moontlik dat "... verskillende genootskappe naas mekaar in die lewe geroep word op grond van allerlei toevallige en uiterlike faktore... Met ander woorde, *vir Rooijaards is die kerkverband 'n willekeurige saak*."[127]

Bogenoemde uiteensetting van die standpunte kan almal teruggevind word in Jonker se besware teen die sendingbepalinge van die Ned. Geref. Kerk in Transvaal en sy antwoorde op die polemiek wat gevolg het. Jonker sê:

> "Wie so redeneer, kan nie anders as om art. 27 – 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, direk teen die klaarblyklike sin daarvan in, te verstaan van die onsigbare kerk, en die belydenisskrifte te kritiseer omdat hulle nie duidelik genoeg onderskei tussen die ware kerk en die genootskappe nie! Latere voorstanders van die opvatting van die pluriformiteit van kerke het dieselfde moeilikheid met die belydenisskrifte en die reformatore ondervind, omdat hulle uitsprake net nie ingepas wil raak in die eenvoudige skema innerlik-uiterlik, onsigbaar-sigbaar waarmee die liberale kerkreg werk nie... Maar wie só dink,

[125] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 6.
[126] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 7.
[127] Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 7.

dink nóg Bybels, nóg reformatories."[128]

Daar kan min twyfel bestaan dat Jonker vir Kuyper – en uiteraard, sy navolgers in Suid-Afrika – in die oog het wanneer hy hierbo praat van "latere voorstanders van die opvatting van die pluriformiteit van kerke...". Hy sê dat dié "... voorstanders" altyd die gevaar loop "... om nie alleen Calvyn nie, maar ook ons belydenisskrifte te kritiseer, en om uiteindelik selfs te sê dat die Skrif ons nie genoeg lig oor die saak bied nie, want daar was die kerk nog maar in sy beginstadium – gevolglik moet ons ons maar deur die geskiedenis laat lei en dit tot norm verklaar!"[129] Dit het Jonker reeds in *Sendingbepalinge* aangetoon. In die voetnoot (nommer 23) wat Jonker daarby plaas, verwys hy na Kuyper se standpunt soos hy dit in sy bekende werk *De Gemeene Gratie III*[130] uiteengesit het.

Uit alles wat nagegaan is ná die *Sendingbepalinge* resensie van Hanekom, kristalliseer die standpunte, polemieke, twisgesprekke rondom die vraag of een kerkverband vir die Ned. Geref. Kerke (swart en wit) 'n gereformeerde vereiste is (soos Jonker dit beklemtoon), en of dit 'n Roomse, kollegialistiese en selfs liberale afwyking (soos sy teenstanders dit oor en oor afgemaak het) is. Dié kerkregtelik-teologiese diskussie is besonder venynig in die geledere van die Ned. Geref. Kerk gevoer, met name omdat die tradisionele sendingbeleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike volke in die gedrang gekom het. Daar was opens 'n aansluitingspunt met die groeiende wêreldwye verwerping van apartheid as regeringsbeleid in Suid-Afrika. Dit is nou nodig om die lyne in 'n beoordeling bymekaar te bring.

## 5. Beoordeling

Jonker het hom vroeg in die sestigerjare die gramskap van (leiers in) die Ned. Geref. Kerk op die hals gehaal toe hy – met die skryf van *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde kerk van Transvaal* – bedenkinge oor die kerk se rassebeleid geopper het. As jong aktuarius van die Suid-Transvaalse Sinode pleit hy dat die sendingbepalinge van die kerk grondig hersien moet word. Ten diepste gaan dit oor

---

128 Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg", 8, 9.
129 Jonker. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*, 30.
130 Vgl. Kuyper, A. 1904. *De gemeene gratie III*. Kampen, JH Kok, 228-233.

die geskeidenheid op grond van ras binne die Ned. Geref. Kerk. Hy was sy lewe lank 'n pleitbesorger vir die eenheid van die kerk en dus ook vir hegte ekumeniese bande met ander kerke – hoewel laasgenoemde nie in *Sendingbepalinge* aan die orde gekom het nie.

Die boekie is vroeg in die jare sestig geskryf. In Afrika – en in die besonder in Suid-Afrika – was dit 'n periode van storm-en-drang. Dit was die jare waarin al die Afrikastate hulle onafhanklikheid van die koloniale moondhede gekry het en apartheid in Suid-Afrika hoogbloei beleef het; die jare van Sharpeville en die Cottesloe Beraad; die jare waarin Suid-Afrika en die Ned. Geref. Kerk al meer geïsoleerd geraak het, maar die regering én die Ned. Geref. Kerk hulle rûe styf gemaak het; die jare waarin die ANC en PAC besluit het om tot 'n gewapende stryd oor te gaan, terwyl vanuit kerklike geledere gewaarsku is teen die liberalisme en kommunisme; dit was die jare van Verwoerd, die Rivonia-verhoor en Nelson Mandela se veroordeling tot lewenslange tronkstraf.

In die aanloop tot die jare sestig het die Ned. Geref. Kerk sy "apartheids-teologie" ontwikkel en gegrondves. Dié kerk, die Afrikanervolk en die Nasionale Party was op die innigste wyse aan mekaar gebind. Die band tussen die Ned. Geref. Kerk en die Nasionale Party was sodanig dat na die Ned. Geref. Kerk as die Nasionale Party in gebed verwys is. Ná die Sharpeville gebeure is die optrede van die polisie en die regering deur "kerklike leiers" van die Ned. Geref. Kerk verduidelik en verdedig.

In dié jare het die gedagterigtings van manne soos drr. J. D. Vorster, A. P. Treurnicht, proff. T. N. Hanekom, F. J. M. Potgieter, H. J. Strauss en andere, die toneel oorheers. Tog was daar ander stemme soos bv. die skrywers van die boekie *Vertraagde Aksie*, waaronder proff. B. B. Keet en B. J. Marais. En dan was daar Cottesloe – en C. F. B. Naudé. Die laaste groep het deurgaans die onderspit gedelf – soos bv. geblyk het by die sinodesitting van die Ned. Geref. Kerk van Suid Transvaal in 1961. Die Cottesloe-besluite is daar veroordeel, maar Jonker het hom nogtans openlik ten gunste daarvan uitgespreek.

Teologies is 'n soort "Boere-Calvinisme" beoefen. Die Ned. Geref. Kerk wou homself as *gereformeerd* modelleer na die voorbeeld van die Gereformeerde Kerken in

Nederland – met Abraham Kuyper as die hoofsegsman en kroongetuie in enige teologiese debat of geskil. Tog blyk dit dat die invloed van die teologiese liberalisme van die Utrechtse skool aan die een kant, en die biblisisme en fundamentalisme van Princeton aan die ander kant, ook belangrike invloede was wat verreken moes word in dié "Boere-Calvinisme".

Dit was in dié jare dat Jonker *Sendingbepalinge* geskryf het. Met dié werkie toon Jonker aan hoe die Ned. Geref. Kerk deur middel van sy sendingbeleid aparte kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe kerkregtelik verskans het. Hoewel hy ook ander sake uitwys wat duidelik nie met die Skrif te rym is nie – soos bv. die paternalisme by die blanke Moederkerk – is dít die hoofsaak: hoe kan daar afsonderlike kerke in dieselfde land bestaan, terwyl hulle dieselfde belydenis, kerkorde, liturgieë en naam het? Dié skeiding was alleen op rassegronde.

In die debat is dié teologiese kwessies aangespreek: wat leer die Skrif regtig oor die eenheid van die kerk? Is dit altyd Rooms as daar aangedring word op die eenheid van die kerk? Uit Hanekom se resensie, Jonker se reaksie ter verdediging van sy standpunt, asook die polemiek wat daarop gevolg het, is dit duidelik dat elke tema wat aangesny word in laaste instansie oor die vraag na die eenheid van die kerk handel. Dit maak dié debat vandag steeds aktueel vir die kerk wêreldwyd – dus ook vir gereformeerde kerke.

En dan nog Kuyper. Die teologie wat desjare in die Ned. Geref. Kerk geheers het, het swaar op veral die standpunte en denkbeelde van Abraham Kuyper geleun. Die een denkbeeld uit Kuyper se teologie wat telkens na vore gekom het, was die sogenaamde pluriformiteit van die kerk. Jonker toon aan dat die term teologies korrek gebruik word om daarmee die diversiteit binne die één kerk aan te dui. Die Skrif, die belydenisskrifte en die Dordtse Kerkorde toon dit duidelik aan. Dit word egter teologies verkeerd gebruik wanneer – soos Kuyper – die verskeurdheid van die kerk daarmee geregverdig word. Dít was óók die geval in die Ned. Geref. Kerk.

Dié verkeerde gebruik van die term geregverdig met 'n kunsgreep op die eeue-oue onderskeiding tussen die sigbare en onsigbare kerk. Augustinus (en op sy voetspoor later ook Calvyn) het die term gebruik om aan te toon dat daar in die sigbare kerk op aarde ook mense is wat wolwe in skaapsklere is, wat nie die ewige lewe sal beërwe nie.

Wie hulle almal is, is nie vir die menslike oog sigbaar nie. Die egte gelowiges vorm die onsigbare kerk. Kuyper het dááruit geredeneer dat die onsigbare kerk dus alleen ’n voorwerp van die geloof is. Met ’n kunsgreep, wat sy wortels in die liberalisme van die negentiende eeu het, redeneer hy dan dat die sigbare kerk in pluriforme groeperinge van eenders denkendes kan verdeel.

Veral Hanekom se resensie het die etiket van liberalisme om Jonker se nek gehang en sy lojaliteit jeens die kerk bevraagteken. Dit het hom geweldige skade aangedoen en uiteindelik tot gevolg gehad dat hy “... feitlik nie toegelaat is om kerklik aktief te wees nie...”[131]

In die replieke wat hy gelewer het, kom hy drie keer tot dieselfde gevolgtrekking: “As ek Rooms is, is Calvyn dit ook. Dan is ons belydenisskrifte dit ook. Dan is die Dordtse Sinode dit ook. Dan is die gereformeerde teoloë in Nederland dit ook.”[132]

Uiteindelik is Hanekom se verwyt dat Jonker Rooms is, versag en verskraal, maar toe beweer hy dat Jonker kollegialisties is. Daarop het hy skerp gereageer en aangedui dat Hanekom uit voeling is met die nuutste ontwikkelinge in die Gereformeerde Kerke in Nederland. Dat die kerk hom met alles in sy vermoë moet beywer vir die eenheid van die kerk, is ’n onvermybare eis van die Skrif én die gereformeerde belydenisskrifte. Hy toon aan dat die pluriformiteitsleer van Kuyper nie uit die Skrif of belydenisskrifte geregverdig kan word nie. Dit spruit uit die Verligting, met sy individualisme. Uiteindelik toon Jonker die verwantskap tussen Kuyper se begronding van die veelheid (pluriformiteit) van kerke en die teologie van een van die beste verteenwoordigers van die kollegialisme, prof. H. J. Royaards, aan.

In die beoordeling van bostaande, word vooruit gegryp na ’n artikel wat buite die kronologiese bestek van hierdie biografiese bibliografie val, maar tematies by hierdie bespreking verreken moet word. Dit is ’n artikel wat Jonker in September 1989 in *In*

---

131 Durand. 1989. “Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk”, 69.

132 Vgl. Jonker, 1963. “Verweer teen resensie”, *Die Kerkbode, xci (8),* 20 Februarie 1963, 272. Vir die tweede geleentheid vgl. Jonker. 1963. “Rooms of Gereformeerd”, *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 469 en vir die derde Jonker. 1964. “Die liberale kerkreg”, 8, 9.

*die Skriflig*[133] gepubliseer het. Die titel was "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, teologiese onderbou vir die konsep van aparte kerke vir aparte volksgroepe?"[134] Sewe en twintig jaar het verloop sedert die publikasie van *Sendingbepalinge*. As iets in Jonker se teologiese denke verander het, of as hy tot nuwe insigte oor Kuyper en Hanekom se teologie gekom het, sou dit uit hierdie artikel blyk.

Die styl of toonaard van die stuk is opvallend. Jonker se jare lange vriend en kollega, J. J. F. Durand, skryf dat Jonker se styl van doen nie was om skerp en veroordelend te wees nie. Hy skryf: "Die NGK sal ver moet gaan soek vir soveel kritiese lojaliteit."[135] Dit vind hy ook terug in *Sendingbepalinge*. Van die sestigerjare skryf hy dat dit by Jonker op 'n ongekende wyse emosies losgemaak het. In Jonker se replieke moes hy uiteraard verduidelik en sy eie standpunte verdedig, en teen onbillike beoordeling en etikettering verweer. "In ander en meer 'normale' omstandighede het sy kritiek altyd gekom met groot deernis, begrip en 'n onmiskenbare gevoel van solidariteit", skryf Durand.[136] In die artikel uit 1989 is dit weer die "ou Jonker" wat met groot deernis, begrip en solidariteit skryf.

'n Mens sal in dié artikel egter vergeefs soek na ánder standpunte as dié wat hy in die debat rondom *Sendingbepalinge* gehandhaaf het. Dit is in 'n sekere sin eerder 'n samevatting van al die standpunte wat hy ingeneem het in die hele debat oor *Sendingbepalinge*. Sulke debatte leen hulle nie daartoe om 'n kwessie sistematies te behandel nie. In dié artikel artikel het Jonker egter die geleentheid gehad en hy het dit deeglik benut. Dit is onnodig om opnuut sy standpunte weer te gee. Enkele sake wat Jonker breër uitwerk en duideliker stel sal egter, waar nodig, uitgewys word. Die eerste wat opval en in 'n bepaalde sin "anders" is, is dat die sistematisering van sy gedagtes gelei het tot 'n duideliker uiteensetting van en groter balans in sy standpunte.

Jonker skryf met groot waardering oor die bydraes wat Kuyper gelewer het. En dit is nie vir die skyn nie: in sy studeerkamer hang het 'n portret van Kuyper gehang – Jonker

---

[133] 'n Publikasie van die "Gereformeerde Teologiese Vereniging" van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
[134] W. D. Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, teologiese onderbou vir die konsep van aparte kerke vir aparte volksgroepe?" in *In die Skriflig*, *Jg. 23 nr. 91*, September 1989.
[135] Durand. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk", 73.
[136] Durand. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk", 69.

het inderdaad respek en waardering vir Kuyper gehad.[137] Dit spreek ook duidelik uit Jonker se opmerking dat Kuyper gedryf was deur "... die een groot motief: Kuyper se patos vir die behoud van die gereformeerde belydenis en religie..."[138] Óók die opsplitsing van die groot massakerk (of volkskerk), waarin die Nederlandse Hervormde Kerk ontaard het in 'n aantal groeperinge van eendersdenkendes, is uit dié patos gebore. Die balans in Jonker se oordeel spreek ook in onderstaande, waarin Jonker in een sin waardering vir Kuyper uitspreek én hom kritiseer:

> "Nee, daaroor kan daar geen twyfel wees nie: Kuyper was 'n magtige figuur, 'n uiters begaafde mens en teoloog, maar hy was ook 'n kind van sy tyd, ... en bereid was om mee te gaan met die gees van die negentiende eeu – wat die eeu was van die vermenigvuldiging van kerke en kerkies."[139]

Jonker verduidelik weer eens Kuyper se standpunt oor die volkskerk-situasie waarin die Hervormde Kerk in Nederland verkeer het. Kuyper het sy denkbeeld oor pluriformiteit ontwikkel om legitimiteit te verleen aan ortodokse gelowiges om die Hervormde Kerk te verlaat en hul eie kerke te vorm. Dit bied óók die moontlikheid om uit dié kerk te tree sonder om die Hervormde Kerk tot die "Valse Kerk" te verklaar. Die noodsaak van die eenheid van die kerk van Christus op aarde, verklaar hy weg met 'n kunsgreep op die sigbare en onsigbare kerk.

In sy teologie en in die uiteensetting van Kuyper se pluriformiteitsleer, toon Jonker weer die verwantskap met die negentiende-eeuse liberale teologie aan. Hy vind dat Kuyper nie maar toevallig

> "... telkens gebruik maak van biologiese en organiese beelde nie. Die organisme-begrip het in die teologie van die negentiende eeu 'n groot rol gespeel... Kuyper

---

[137] P. F. Theron. 1989. "*Corpus Christi*, Katolisisme en Kuyper" in in P. F. Theron, en Johann Kinghorn (red.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 87. Ek het dit eerstehands beleef. As finale jaar teologiese student het ek in 1979 my lisensiaat skripsie onder Jonker se leiding oor die veronderstelde wedergeboorte en die kinderdoop geskryf en moes uiteraard op Kuyper fokus. In "jeugdige voortvarendheid" was ek te skerp en te negatief oor die "dwalinge" van Kuyper. Jonker het my berispe. "Kuyper was 'n groot man – jy mag hom kritiseer, maar jy moet hom *respekteer*!"

[138] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 12.

[139] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 19.

kon die organisme-begrip maklik assimileer deur dit by die gereformeerde verbondsleer aan te hak, en daardeur het dit in sy denke 'n groot en beslissende invloed verkry. Die gevaar by hom is dat by vanuit die organisme-begrip allerlei elemente oorneem en dit in sy ekklesiologie hanteer asof dit geopenbaarde waarheid is. Sy hele idee dat dit 'n wet van Gods skepping is dat alles as 'n eenheid begin, maar dan deur 'n proses van ontwikkeling heen in verskeidenheid moet ontplooi om eers eenmaal aan die einde weer in 'n volmaakte eenheid sigbaar te word, is natuurlik nie aan die Skrif ontleen nie, maar word aan die Skrif opgelê. Tog speel dit 'n groot rol in sy pluriformiteitsleer."[140]

Jonker vind dit merkwaardig dat Kuyper reeds in sy leeftyd heelwat insig in die konsep van die *kontekstualiteit* waarbinne die teologie beoefen moet word. Jonker sê:

> "Kuyper het volkome gelyk gehad dat die kerk werklik inheems moet word in die lewe van die volkere en kulturele groeperinge binne die mensheid en dat daarmee ten volle rekening gehou moet word in die bestaan van die kerk. *In hierdie sin is sy stryd teen eenvormigheid ook volkome ter sake.* Die problematiese van sy posisie is egter dat hy daaruit die konklusie trek dat *kontekstualisering noodwendig tot 'n veelheid van kerke moet lei*."[141]

Die terminologie is nuut en modern, tog is die saak waaroor laasgenoemde aanhaling handel, deeglik in *Sendingbepalinge* bespreek. Daar het Jonker gepleit vir 'n pluriformiteit binne die één kerk en is ook die "moderne" begrip "diversiteit" bygehaal. Dit was in dié konteks dat Jonker gepleit het – op grond van die "Waalse bepalinge" in die Dordtse kerkorde – vir eie gemeentes, ringe en sinodes vir die onderskeie taalgroepe in Suid-Afrika, maar één oorkoepelende Algemene Sinode. Daar is toe op die pad wat dié gedagte geloop het gewys, totdat dit as voorstel voor die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1978 gedien het, maar dat dit deur die sinode verwerp is.

[140] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 20.
[141] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 21.

Jonker sluit die artikel af deur te vra of die Ned. Geref. Kerk homself ten regte op Kuyper se pluriformiteitsleer kon beroep vir die bestaan van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe. Daarop antwoord hy ja en nee.

Kuyper het in 'n totaal ander konteks geleef en geskryf. Sy oogmerke was anders as dié in Suid-Afrika. Vir hom het dit oor die suiwerheid van die belydenis gegaan, terwyl politieke motiewe in Suid-Afrika sterk meegespreek het. Jonker noem dit in 'n kort sinnetjie, maar dit behoort baie duideliker gesê te word. Hy skryf dat die Ned. Geref. Kerk: "... vir aparte kerke vir aparte volksgroepe pleit, ook waar daar eenheid van belydenis bestaan. Dit is moeilik om te sê of Kuyper hiervoor vaderskap sou wou aanvaar." Dit duidelik moet gesê word dat Kuyper die idee van 'n volkskerk (wat alleen van die "moederkerk" op etniese gronde geskei word terwyl nóg die suiwerheid van die belydenis, nóg die kerkorde, nóg die naam van die kerke verskil), afwys. Kuyper verwerp die idee van 'n volkskerk, maar die Ned. Geref. Kerk kies daarvoor! Niemand kan hom dáárvoor op Kuyper beroep nie.

Dít het Jonker reeds in die debat oor *Sendingbepalinge* aangedui. Teenoor Hanekom, wys hy daarop dat daar volgens Kuyper wel 'n verband tussen moeder- en dogterkerk moet bestaan.[142] Jonker dui ook aan dat Hanekom die besluite van die sinode van 1896 (van die GKN) eensydig aanhaal. Dié sinode het besluit dat die kerk in Java nie op rassegronde geskei mag wees nie.[143]

Aan die ander kant toon Jonker aan dat Suid-Afrikaanse teoloë hulle ook nie heeltemal sonder reg op Kuyper beroep het nie – sekere aspekte in sy teologie daartoe aanleiding gegee. Kuyper verdedig sy pluriformiteitsleer met argumente wat aan die skepping en die voorsienigheid van God[144] ontleen is.[145] 'n Afleiding wat hy dááruit gemaak het, is

---

[142] Jonker verwys na stelling xvii in Kuyper, Abraham. 1940. *Historisch document. Referaat van wijlen Professor Dr. A. Kuyper over zending, uitgesproken op het Zendings-congres te Amsterdam, op 28, 29 en 30 Januari 1890. Volgens besluit der Voorloopige Synode van Nederd. Gereformeerde Kerken, in 1889 te Utrecht gehouden ... Hierbij zijn gevoegd de besluiten van de Synode te Middelburg in 1896 gehouden, alwaar op voorstel van Dr. A. Kuyper werd besloten de zending van de plaatselijke Kerk te doen uitgaan*.

[143] Vgl. Jonker. 1963. "Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 98.

[144] Bv. die gedagte dat die ontstaan van verskillende tale by die Toring van Babel gelei tot die vorming van verskillende volke.

[145] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 21.

dat dit 'n "wet van Gods skepping is dat alles as 'n eenheid begin, maar dan deur 'n proses van ontwikkeling heen in verskeidenheid moet ontplooi."[146] Kuyper gebruik hierdie "... argumente wat aan skepping en voorsienigheid ontleen is om te bewys dat verskille in taal, kultuur, ras en volk *noodwendig* tot verskille in belydenis moet lei, en dat sulke belydenisverskille op hul beurt afsonderlike kerkformasies *noodsaaklik* maak (ek kursiveer – GJD)."[147] Dié argumente is inderdaad baie wyd deur Suid-Afrikaanse teoloë gebruik.[148] Wanneer die invloed van die individualisme wat Kuyper uit die verligting meegeneem het ook verreken word, is dit logies dat gelowiges dus daarop geregtig is om 'n kerk te vorm waarin hulle sal "tuis voel". Etniese veelvormigheid en rassevooroordeel lei vanself tot 'n veelheid van kerke op etniese grondslag.

Hoewel Jonker nie self daarna verwys nie, gebruik Kuyper beslis ook terminologie en denkbeelde wat kenmerkend is van die Eurosentriese kulturele meerderwaardigheid wat in sy leeftyd geheers het. Hier word na veral sy *Plancius-rede*[149] en sy *De crisis in Zuid-Afrika*[150] verwys. As enkele voorbeeld: in sy Stone lesings sê hy: "... nu een mens bent, bent u ... liever van de arische ras dan hottentot of kaffir."[151]

Dit is vandag natuurlik onaanvaarbare taalgebruik. Dit moet egter gesê word dat die Ned. Geref. Kerk ook uit "patos vir die behoud van die gereformeerde belydenis en religie" na Kuyper gelei is. Die Ned. Geref. Kerk wou niks anders as gereformeerd wees nie, maar deur 'n groot verskeidenheid faktore het die Ned. Geref. Kerk sy konteks op 'n bepaalde wyse geïnterpreteer en gekies om hom tot só 'n mate met die lotgevalle van die Afrikanervolk te identifiseer, dat dit vir hom moeilik was om 'n getuie vir alle volke, tale en nasies te wees. Deur hierdie verkeerde teologiese keuses het juis die gereformeerde karakter van die kerk in die slag gebly.

---

[146] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 20.
[147] Jonker. 1989. "Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper, 22.
[148] Sien bv. F. J. M. Potgieter. 1956. *Veelvormige ontwikkeling die wil van God*. Bloemfontein, Sacum, 7 – 11 en F. J. M. Potgieter.1978. "Eenheid en veelvormigheid prinsipieel verantwoord" in J. D. Vorster (red), *Veelvormigheid en eenheid*: Kaapstad, N G Kerk Uitgewers, 17. Hierbo is ook reeds na prof. H. G. Stoker se "Wysbegeerte van die Skeppingsidee" verwys en na prof. J. A. Heyns, wat sy denkbeeld oor die Koninkryk ook uit die skepping aflees, eerder as om dit eksegeties te begrond.
[149] Vgl. A. Kuyper. 1884. *Plancius-rede*. Amsterdam: J. H. Kruyt, 22.
[150] Vgl. A. Kuyper. 1900. *De crisis in Zuid-Afrika*. Amsterdam: Höveker & Wormser, 16.
[151] Vgl. Abraham Kuyper en George Harinck. 2002. *Het calvinisme: zes stone-lezingen in oktober 1989 te Princeton (N.J.) gehouden*. Soesterberg: Aspekt, 215. Vgl. ook A. Kuyper. 1904. *De gemeene gratie Dl. 3,* Amsterdam, Pretoria: Höveker & Wormser, 233.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Suid-Afrikaanse teoloë self verantwoordelikheid vir die verdeling van die kerk op rassegronde moet aanvaar. Kuyper het ’n groot rol in die teologie van Suid-Afrika gespeel, maar so ook die fundamentalisme van Princeton. In die sestigerjare het biblisisme en fundamentalisme ’n groot inpak op die kerklike lewe in Suid-Afrika gehad. Daarvan kan elkeen wat in daardie tyd lidmate van die Ned. Geref. Kerk was, getuig. “Calvinisme” is later vir alles wat in Suid-Afrika skeefgeloop het, geblameer. Dit was egter eerder “Boere-Calvinisme”, die vermenging van bogenoemde drie invloede en daarmee saam ’n goeie skoot eie Suid-Afrikaanse teologie, wat hiervoor verantwoordelikheid was.

In laaste instansie was dit ’n vorm van politieke teologie – “wit-teologie”! Wanneer ’n mens jou nie langer op die Skrif alleen beroep en deur die Skrif laat lei nie, maar deur die geskiedenis, skeppingsbeginsels – of wat dan ook – kan ’n mens jou teologie nie “gereformeerd” noem nie, maar is dit ’n stuk natuurlike teologie.

Jonker het sy kerk se woede oor sy sogenaamde “liberalisme” lewenslank aan die lyf gevoel, maar vandag probeer die blanke Ned. Geref. Kerk doen wat Jonker meer as vyf dekades gelede bepleit het. Daar lê egter ’n wêreld van swart en bruin verbittering in die pad van die blanke kerk om apartheid uit sy strukture te wis en ’n enkele kerkverband vir al sy lidmate tot stand te bring.

Sal dit nou kan gebeur? Of het Jonker weer eens die situasie reg beoordeel as hy oor die natuurlike teologie (soos Kuyper se pluriformiteitsleer in Suid-Afrika beoefen is) sê:

> “Dit het nie net in die verlede ’n groot rol in die debat oor kerklike eenheid binne die Nederduitse Gereformeerde Familie van kerke gespeel nie, maar speel nog steeds ’n rol daarin. Dit sou maklik wees om die invloed daarvan op die dokument *Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif* (1974) aan te dui, asook die spore daarvan in die latere *Kerk en Samelewing* (1986).”[152]

[152] Jonker. 1989. “Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper” *In die Skriflig*, jg. 23, nr. 91, September 1989, 22.

By vele wat steeds dié standpunt handhaaf, leef die persepsie dat die Ned. Geref. Kerk steeds nie volledig afstand gedoen het van apartheid en sy vroeëre teologie nie. Dié persepsie is/word verstrek deur die reaksie van sommige op die resente proses om die Belydenis van Belhar "op 'n kerkordelike wyse deel te maak van die belydenisgrondslag van die Ned. Geref. Kerk".

Vir Jonker was dit 'n uitgemaakte saak: Die Dordtse Kerkorde voorsien hiervoor. As 'n mens die kerkregtelike denke van Jonker goed beskou, dan kom dit uit die verf. As gereformeerde kerkregtelike het hy in die kerk van Christus die *communion sanctorum*, en derhalwe die ware eenheid behou en dit deurgaans teenoor kerklike geskeidenheid, kerklike outoriteit en kerklike lojaliteit gestel. Sy gereformeerde kerkreg het hom egter verhoed om die Ned. Geref. Kerk te verlaat. Hy het wel beleef dat die Kerk hom 'n kruis opgelê het. Maar, dit is hom in die hand gegee toe hy die stryd teen die sekularisering van die kerkreg aangeknoop het. Daaroor handel hoofstuk ses.

## Hoofstuk 6

## 1963-1965: Die stryd teen die sekularisering van die kerk en kerkreg

*Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal* handel oor kerkregtelike bepalinge, maar die ondervraging van kerklike geskeidenheid, is 'n sistematies-teologiese vraag waaraan die kerkordelike bepalinge gemeet is. Dit is die vraag of die kerkordelike bepalinge die eiesoortigheid, andersheid, die eie aard van die kerk erken en tot sy reg laat kom of nie. Ten diepste is dit die vraag of die sendingbepalinge 'n ruimte skep waar die *communio sanctorum* beleef en uitgeleef kan word. Daarom móés dit geweeg word. Daar was teologies geen keuse nie.

Hierdie hoofstuk borduur daarop voort – en daar kom nog 'n aspek by: hier word gesien hoe die kerkorde vanuit 'n bepaalde teologiese denkraamwerk gebruik én misbruik is en watter impak dit op die lewens van mense in die Ned. Geref. Kerk gehad het. Die onmiddellik konteks was die stigting van die Christelike Instituut, die oprigting van die blad *Pro Veritate*, die verlaat van die bediening van die Ned. Geref. Kerk deur Beyers Naudé en die algemeen afkeurende resepsie hiervan in die Ned. Geref. Kerk. Jonker was in vele opsigte hierby betrokke. En soos die kerkregtelike kant hiervan ontplooi het, het die oortuiging by hom gegroei dat die kerkreg by die Ned. Geref. Kerk gesekulariseer het. Dit kon hy nie sonder meer aanvaar nie. As gereformeerde teoloog het hy dit uitgewys – veral met betrekking tot die kerklike gesag en die outoriteit van kerklike besluite. Daarom is die opskrif vir hierdie hoofstuk die stryd teen die sekularisering van die kerk en kerkreg. Wanneer Jonker van gesekulariseerde kerkreg praat, praat hy in sistematies-teologiese terme van die genootskaplike kerkreg wat uit die liberale teologie spruit hy sistematies-teologies (dogmaties) tipeer.[1]

### 1. Jonker, Naudé en die Christelike Instituut

Vóór die stigting van die Christelike Instituut (Ci) het 'n groep, die Ekumeniese Studiekring, wat gereeld saam Bybelstudie gedoen het – A. S. (Albert) Geyser, G. J.

[1] Sien W. D. Jonker. 1964. "Die Liberale Kerkreg en die Veelheid van Kerke" *NGTT*, Januarie 1964, deel V no 1, 3 – 9.

(Gert) Swart, B. J. (Ben) Engelbrecht,[2] Fred van Wyk (direkteur van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge), W. B. (Bruckner) de Villiers, W. D. (Willie) Jonker en C. F. B. (Beyers) Naudé – besluit dat die tyd om ’n onafhanklike tydskrif te begin, ryp is. Die oogmerk was om ’n forum te skep vir teologiese debat oor rasse-aangeleenthede, die eenheid van die kerk, die ekumene en dergelike aangeleenthede. Die eerste uitgawe van *Pro Veritate* het op 15 Mei 1962 verskyn, met Naudé as eerste redakteur.[3] Dié blad sou later die mondstuk van die Ci word.

### 1.1. Stigting van die Christelike Instituut

Pas nadat Jonker se laaste brief, “Rooms, kollegialisties of gereformeerd” in reaksie op Hanekom se resensie oor *Sendingbepalinge* op 17 Julie 1963 in *Die Kerkbode* gepubliseer is, is die Ci op 15 Augustus 1963 onder leiding van Naudé gestig. Sowat 180 teoloë, predikante en lidmate van sowel die Ned. Geref. Kerk as ander kerke, het op dié dag in die saal van die Sentrale Metodistekerk in Pritchardstraat, Johannesburg, onder voorsitterskap van dr. J. B. Webb, die plaaslike leraar, vergader om die Christelike Instituut van Suid-Afrika op te rig. Volgens Naudé het onder andere Fred van Wyk, direkteur van die SA Instituut vir Rasseverhoudinge, ’n sleutelrol gespeel in die totstandkoming van dié instituut. Talle ander bekendes, soos drr. B. Marais, A. S. Geyser en B. J. Engelbrecht was ook teenwoordig.[4]

Naudé skryf die stigting van die Ci aan ’n hele aantal faktore toe. Dit begin met teleurstelling oor die Ned. Geref. Kerk se reaksie op die besluite van die Cottesloe Beraad. Die eerste van dié reaksies was by die vergadering van die Transvaalse Sinode van 5 April 1961 (en volgende dae), waar sterk besluite oor Cottesloe geneem is. Reeds by daardie vergadering het Naudé verklaar dat hy, op grond van die Skrif, hom nie van die besluite van Cottesloe kan distansieer nie en het hy medeverantwoordelikheid vir die formulering van daardie besluite aanvaar.[5] Die een sinode na die ander het

---

[2] Eersgenoemde drie was medeskrywers van die boekie *Vertraagde Aksie* waarna in vorige hoofstukke verwys is en wat soveel opslae gemaak het.
[3] Vgl. Beyers Naudé. 1995. *My land van hoop: die lewe van Beyers Naudé*. Kaapstad: Human & Rousseau, 63.
[4] Sien W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg, 62 en Naudé. 1995. *My land van hoop*, 66, 67.
[5] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 58.

soortgelyke besluite as die Transvaalse Sinode geneem. Naudé het sy laaste bietjie hoop op die Algemene Sinode se eerste vergadering van Oktober 1962 gevestig, maar,

> "Die verloop van hierdie Sinode ... was 'n groot teleurstelling. Dit het my ergste vrese bevestig, naamlik dat die skok van Cottesloe so groot was dat die NG Kerk nog vir baie jare interkerklike aksies, aktiwiteite tussen verskillende rasse en ekumeniese aktiwiteite sou vermy, teenstaan of met ernstige agterdog bejeën. Wat ek vantevore nie besef het nie, maar wat by hierdie Sinode al hoe duideliker geword het, was dat dit jare sou duur voordat die NG Kerk as instituut die Cottesloe-skok bevredigend sou kon verwerk."[6]

Hy vervolg dat hy met die vraag oor hoe hy sy bediening as predikant in die Ned. Geref. Kerk in sulke omstandighede sou kon volhou, geworstel het. Volgens hom was die primêre taak van die kerk om sensitief te wees vir elke vorm van onreg of verwydering tussen mense of groepe. Daarna moet die kerk luister en gesprek daaroor fasiliteer.

> "As die Kerk nie die basis kan bied, die ruimte en die geleentheid kan skep waarin so 'n gesprek kan plaasvind nie, watter ander instansie is daar in 'n land en 'n gemeenskap wat dit betekenisvol kan doen? ... Ek het tot die oortuiging begin kom dat die NG Kerk nie die dure plig en roeping wat God aan hom toevertrou het, gebruik soos hy moet nie."[7]

Daarmee het Naudé sy motivering vir die bestaansreg van die Ci gegee. Volgens Jonker het Naudé daarnaas "... die groter ideaal begin koester om iets soos die *Bekennende Kirche* wat in die Nazi-tyd in Duitsland 'n groot rol gespeel het, in Suid-Afrika tot stand te bring."[8] Die Ci moes 'n ekumeniese organisasie vir verantwoorde getuienisaksie wees vir diegene wat van die hoofstroom verskil het – dus, nie net binne die Ned. Geref. Kerk nie, maar ook binne ander kerke.

---

[6] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 64.

[7] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 64, 65. Die vraag of Naudé 'n korrekte siening van die primêre taak van die kerk hiermee aantoon, word hier oopgelaat. Dit gaan in dié studie in die eerste instansie oor Jonker se standpunte en dié sal ondervra word.

[8] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 61. Jonker wys voorts daarop dat juis die verwysing na die *Bekennende Kirche* verwarring veroorsaak het. Mense – onder andere iemand met die statuur van N. P. van Wyk Louw – het onder die wanindruk verkeer dat hulle 'n nuwe kerk wou stig.

Jonker het nie met Naudé oor die stigting Christelike Instituut saamgestem nie. Hy was wel by die stigtingsvergadering en hoewel hy teen die stigting gekant was, het hy nie teen die stigting gestem nie.[9] Een van Jonker se besware was dat die stigting van die Ci tot gevolg sou hê dat diegene wat met die Ci geassosieer word, in die kerk geïsoleer sou word en so hulle invloed in die kerk sou verloor. (Hy het veral vir Naudé in gedagte gehad.) Ten spyte van alles wat reeds gebeur het, het Naudé en Jonker steeds op die moderatuur van die Sinode van Suid-Transvaal gedien, wat aandui dat daar steeds 'n mate van simpatie met en steun vir hulle was.[10] Daar was steeds 'n groep in die kerk wat krities teenoor die gang van sake in die kerk gestaan het en hulle het juis na Naudé opgesien om *binne* die kerk die voortou as leier te neem.

Jonker en Naudé was intiem bevriend. Naude was studenteleraar tydens Jonker se teologiese studie aan die Universiteit van Pretoria en hy het die Jonker-egpaar op 2 September 1952 in die huwelik bevestig. Die Jonkers het ook gedurende 1954, nadat Jonker sy studie in Amsterdam voltooi het, tydelik by die Naudés in Potchefstroom tuisgegaan. Hulle het verskeie kere saam op kerklike kommissies en moderature gedien en het dikwels sy aan sy gestry teen die kerk se rassebeleid.[11] Jonker was ook deel van die Ekumeniese Studiekring wat Naudé in die lewe geroep het en waarna reeds in hoofstuk 4 verwys is. Dié Studiekring het van tyd tot tyd in die kerkgebou van Braamfontein (waar Jonker predikant was) bymekaargekom om aktuele kwessies, wat die kerklike en politieke lewe raak, te bespreek.[12]

Om dus teen die stigting van die Ci gekant te wees was geen eenvoudige, ondeurdagte keuse wat op die ingewing van die oomblik geneem is nie. Jonker sê die stigting het hom met 'n gevoel van onvergenoegdheid en onsekerheid gelaat. Maar die stigting was 'n voldonge feit. 'n Beheerraad is verkies en Naudé is genader om direkteur van die instituut te word. Dit het 'n nuwe fase in die sage ingelui. Naudé skryf dat hy

---

[9] P. B. van der Watt sê dat Jonker 'n medewerker aan *Pro Veritate* was en direk daarna verwys hy na die stigting van die Ci. Hy laat ruimte vir die moontlike wanindruk dat Jonker met die stigting van die Christelike instituut meegegaan het – sien P. B. van der Watt. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1905-1975. Dl. 4*. Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel, 112. Jonker was nooit lid van die Ci nie – sien Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 62, 63.

[10] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 62.

[11] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 15, 25, 34, 42, 43, 45 en dikwels.

[12] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 60.

"... eers by die NG Kerk die versekering wou kry dat ek my status as predikant kon behou indien ek hierdie interkerklike pos aanvaar. Vir my het dit nie gegaan om die "status" van 'n predikant nie, maar om die openbare erkenning dat die NG Kerk hierdie werk sien as 'n voortsetting van my evangeliebediening in die Kerk van Christus."[13]

In die tyd totdat die eksamenkommissie (wat oor die status van predikante moes besluit) vergader het, is Naudé uit verskeie oorde versoek om nie die bediening te verlaat nie. Naudé skryf dat kerkrade mosies aangeneem het om hom dringend te versoek om nie die direkteurskap van die Ci te aanvaar nie. Sy swaer, dr. Frans O'Brian Geldenhuys, saam met 'n groep predikante en sendelinge, het hom ook die duimskroef aangesit om nie die pos te aanvaar nie, maar om liewer verandering "binne die struktuur van die Ned. Geref. Kerk te probeer bevorder".[14] Ook Jonker en dr. D. J. Bosch het "... 'n hele Saterdagaand met hom oor sy posisie geredeneer ..." om nie die direkteurskap van die Ci te aanvaar en sy posisie in die kerk prys te gee nie. Maar, sê Jonker, "(s)oos in ander sake waarvan hy oortuig was, was dit egter nie moontlik om hom te oorreed nie. Hy het die direkteurskap van die Christelike Instituut aanvaar."[15]

Hierdie meningsverskil het 'n groeiende verwydering tussen Jonker en Naudé tot gevolg gehad. Op sy beurt het dit tot verwarring onder baie predikante in die Ned. Geref. Kerk gelei. Gevolglik is besluit om by die afsluiting van die Ekumeniese Studiekring se werksaamhede vir die jaar, vir Jonker en Naudé geleentheid te gee om hulle onderskeie standpunte te stel. Dit het in Oktober 1963 plaasgevind in die kerksaal van die gemeente Paardekraal Monument in Krugersdorp, waar dr. G. J. (Gert) Swart die leraar was. Volgens Swart is "... ds. C. F. Beyers Naudé, destyds nog moderator van die Sinode van die Suidstreek, versoek om die predikante ... toe te spreek en hom

[13] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 66. Ten spyte van besware teen die term "status", word dit gebruik. aangesien dit in daardie tyd gebruik is. Hier word ook op 'n skynbare kontradiksie gewys: aan die een kant motiveer Naudé die stigting van die Ci omdat "die NG Kerk nog vir baie jare interkerklike aksies, aktiwiteite tussen verskillende rasse en ekumeniese aktiwiteite sou vermy, teenstaan of met ernstige agterdog bejeën" maar hier vra hy na "die openbare erkenning dat die NG Kerk hierdie werk sien as 'n voortsetting van my evangeliebediening"?
[14] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 67, 68.
[15] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 63.

voor die studiekring te verantwoord oor die aanvaarding van sy benoeming as direkteur van die Christelike Instituut."[16]

Jonker het sy toespraak *Die kern van die probleem* genoem.[17] Hy sny daarin 'n bekende tema aan wat hierbo telkens aan die orde gekom het: die kerk het in "'n haglike situasie" beland deur "deformasie en ontwikkeling tot 'n volkskerk." Deurdat die Ned. Geref. Kerk hom tot so 'n mate met die lot van die volk vereenselwig het, kon hy nie na behore 'n profetiese stem laat hoor nie. Dít wyt Jonker aan twee redes: aan die een kant 'n piëtistiese-metodistiese ingesteldheid (in hoofstuk twee hierbo bespreek); aan die ander kant het die Ned. Geref. Kerk die ideale van die Afrikanervolk – óók die ideaal om die sogenaamde "Afrikaner-identiteit" te bewaar – teologies gesanksioneer.[18]

Een ding is duidelik, Jonker en Naudé maak dieselfde diagnose: hulle verskil geensins oor die afkeur van die rassebeleid van die kerk, die noodsaak vir kerklike eenheid, of die ekumene nie. Wanneer hulle egter 'n remedie moet voorskryf, gaan hulle in teenoorgestelde rigtings: Jonker wou die *Ned. Geref. Kerk* reformeer sodat *alle* gelowiges daarin 'n tuiste kon vind. Naudé, daarenteen, was van oortuiging dat dit te lank sou neem.[19] Hy wou 'n ekumeniese liggaam daarstel waaraan individuele gelowiges kon behoort en waarbinne die eenheid van die geloof uitgeleef kon word.[20]

Vir Jonker was daar egter teologies dieperliggende probleme. Hy was van oordeel dat die Ci *prinsipieel* geen bestaansreg het nie. In Februarie 1966 reageer Jonker op 'n skywe van prof. P. A. Verhoef wat op 5 Januarie 1966 in *Die Kerkbode* gepubliseer is.[21] Verhoef was van oortuiging dat daar nie op prinsipiële gronde beswaar gemaak kan word teen die bestaansreg van die Ci nie. As motivering sê Verhoef dat alle gelowiges die reg het om hulle ook buite die kerk as instituut te organiseer. Jonker sê egter:

---

16 Dr. G. J. Swart, "Verduideliking i/s vergadering": *Die Kerkbode*, xciv, (*11*), 9 September 1964, 344. Vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 63.
17 Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 64. Tot dusver was pogings om dié toespraak op te spoor onsuksesvol. In Jonker se argief is geen spoor daarvan gevind nie.
18 Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 64.
19 Naudé. *My land van hoop*, 64.
20 Naudé. *My land van hoop*, 66.
21 W. D. Jonker. 1966. "Het die Christelike Instituut bestaansreg?" *Die Kerkbode*, xcvii (*5*), 2 Februarie 1966, 155.

> "Daar sou geen beswaar gemaak kon word, as die Instituut 'n gesamentlike Christelike aksie met die oog op 'n bepaalde omlynde doel, wat nie op die terrein van die kerk as instituut lê nie, georganiseer het nie. Maar wanneer dit gaan om die beoefening en belewing van die gemeenskap van die gelowiges, gaan dit om iets wat so wesenlik tot *die gemeente van Christus* behoort, dat dit nie meer op die terrein van 'n vereniging lê nie."[22]

Spontane gemeenskap van gelowiges op individuele vlak behoort daagliks tussen alle gelowiges beoefen te word. Maar wanneer dit "... *georganiseer* word, en dan nog wel rondom die Woord van God en in die gemeenskaplike gebed...", oortree die vereniging op die terrein van die kerk en word iets in die lewe geroep wat langs of bo-oor die kerke staan. Daarbenewens is geen kerk amptelik betrokke nie. Die feit dat verskillende denominasies tot stand gekom het, het in sommige gevalle alles te doen met die kerk se belydenis. Dít, sê Jonker, kan nie maar sommer op georganiseerde vlak geïgnoreer word nie. Mense wat erns maak met hulle verbondenheid aan die kerk en die kerk se belydenis, moet waak oor die suiwer verkondiging van die Woord. Die Ci het 'n organisasie opgerig wat "wesenlik 'n gestalte van die kerk is".[23] En dít is "*Die kern van die probleem*". Prof. J. H. (Amie) van Wyk, 'n jare lange vriend van Jonker, tref die kol in 'n koerantrubriek: "Juis dít was Willie Jonker se hoofkritiek teen die Ci, naamlik dat 'n buítekerklike organisasie kérklike werk doen."[24]

Soos reeds genoem, het die kern van die probleem aan die lig getree by die byeenkoms wat deur dr. G. J. Swart in die kerksaal van die gemeente Paardekraal Monument in Krugersdorp gereël is. Jonker het verduidelik waarom hy geen prinsipiële rede vind om die bestaan van die Ci te regverdig nie. Van dié toespraak skryf hy later:

> "As ek vandag op die toespraak terugkyk, besef ek dat ek dáár nie net die rede probeer uitspel het waarom ek nie die weg van Beyers Naudé kon opgaan nie, maar ook die motivering vir my hele weg deur die kerk... Ek het ook probeer aantoon dat die ideaal van reformasie in die kerk wyer strek as die dringende dinge wat hom spesifiek gemotiveer het. Daarom kon ons metodes in die stryd

---

[22] *Die Kerkbode*, xcvii (*5*), 2 Februarie 1966, 155.
[23] *Die Kerkbode*, xcvii (*5*), 2 Februarie 1966, 155.
[24] Amie van Wyk. 2010. "Profetiese stem het 2 style". *Beeld,* 24-08-2010.

> ook nie dieselfde wees nie. Dit was eintlik ’n pynlike dag. Dit was die uitspel en uitspreek van die skeiding van ons weë.”[25]

Jonker “se hele weg deur die kerk” het ingehou dat hy skerp – selfs verdoemende – kritiek teen dié kerk moes uitspreek. Maar dié kerk is ook sy moeder en moet *gereformeer*, nie geïgnoreer of opsy geskuif en ’n alternatief daarvoor of daarnaas geskep word nie. Jonker het die Ned. Geref. Kerk liefgehad, hy was lojaal aan die kerk. Sy weg deur die Ned. Geref. Kerk was om aan ’n *de*formeerde kerk die Woord te verkondig om die kerk te *re*formeer. *Sy lojaliteit* om Skriftuurlik-teologies skeefgroei aan die kaak te stel.

**1.2. Jonker, Naudé en sy behoud van status**

Die Eksamenkommissie wat Naudé se aansoek om behoud van status moes aanhoor, het op 8 September 1963 vergader – skaars meer as drie weke na die stigtingsvergadering van die Ci. Jonker was lid van dié kommissie.[26] Twee lede van die Raad van Beheer van die Ci, dr. J. Dalziel en adv. G. P. C. Kotze, is geleentheid gebied om die Eksamenkommissie toe te spreek en vrae te beantwoord, waarna Naudé dieselfde geleentheid gebied is.[27] Die artikel van die kerkorde waaraan uitvoering gegee moes word, was artikel 11:

> “’n Bedienaar van die Woord mag nie sonder gewigtige redes tot ’n ander lewenstaak oorgaan nie. As hy egter sy gemeente verlaat om ’n ander betrekking te aanvaar, verbeur hy sy status as bedienaar van die Woord, tensy hy in sinodale diens tree of vooraf van die betrokke kommissie van die sinode verlof tot behoud van status ontvang het. Sodanige verlof tot behoud van status mag alleen verleen word indien die betrekking wat hy aanvaar het, ’n geestelike karakter dra en met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan.”[28]

---

[25] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 64.
[26] Vgl. *Notule van Buitengewone vergadering van die kommissie van eksaminatore gehou op 8 September 1963*. Die ander lede was drr. F. E. o’B. Geldenhuys, A. C. Barnard, J. A. Heyns, J. T Jordaan, A. B. du Toit, J. D. W. Kritzinger, A. van der Merwe, M. W. Retief, di. J. F. du Toit, J. P. Theron en D. W. de Villiers. Dr. G. J. Swart verskyn as sekundus in die plek van ds. C. F. B. Naudé.
[27] *Notule van Buitengewone vergadering van die kommissie van eksaminatore gehou op 8 September 1963*. NG Kerk in SA Argief, DIV 1130.
[28] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, 1964. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Voordat Jonker se standpunte verder bespreek word, moet eers (kortliks) daarop gewys word dat hierdie artikel van die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk verskil van die ooreenstemmende artikels in ander gereformeerde kerke. Dit gryp wel terug na artikel 12 van die Dordtse Kerkorde wat lui:

> "Dewijl een dienaar des Woords, eens wettig, als boven, beroepen zijnde, zijn leven lang aan de kerkendienst verbonden is, zo zal het hem niet geoorloofd zijn zich tot een andere staat des levens te begeven, tenzij om grote en gewichtige oorzaken, waarvan de classis kennisnemen en oordelen zal."[29]

Die Dordtse Kerkorde gaan uit van die plaaslike gemeente – daarom word as eerste vereiste gestel dat die Bedienaar van die Woord wettig beroep moet wees. Die amp van bedienaar van die Woord ontstaan in die plaaslike gemeente en is dus ten nouste daaraan gekoppel. Die bepaling dat die roeping lewenslank is, gaan nie uit van die beginsel van een of ander inklewende waardigheid (character indelibilis) wat aan die persoon eie is nie.[30] Vir die standpunt dat 'n predikant lewenslank aan die diens verbonde is, beroep Gereformeerdes hulle op die Skrif.[31]

Die gedagte dat die amp een of ander *character indelibilis* is wat aan die persoon kleef, is deurgaans deur die Ned. Geref. Kerk teengestaan en verwerp. Deur dit egter 'n "status" te noem, is die verduideliking van dié standpunt bemoeilik en die konsekwente toepassing daarvan in die wiele gery en vertoon dit die invloed van die genootskaplike

---

[29] Moderne vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. 2007 [2008]. *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 2007: http://kerkrecht.nl/node/2769. Die beginsels hierin vervat kom in al die vroeëre gereformeerde kerkordes voor: artikel 12 van die *Discipline ecclésiastique* uit 1559, artikel 7 van die sinode van 1578, artikel 6 van die sinode van 1581 en artikel 10 1586. Vgl. H. Bouwman. 1928. *Gereformeerd Kerkrecht: I*. Kampen: J. H. Kok, 461, 462. Sien ook D. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok, 81 – 83.

[30] Rutgers argumenteer selfs dat dié artikel bepaal dat die leraar lewenslank aan een plaaslike gemeente gekoppel was en nie daardie gemeente se diens sonder gewigtige redes mag verlaat nie - vgl. F. L. Rutgers, en J. de Jong. 1892. *Bespreking der hoofdpunten van het kerkrecht naar aanleiding van de Dordtsche Kerkenorde*. [S.l.]: [s.n.], artikel 12.

[31] Bv. op Luk. 9: 62, Joh. 21: 16, Rom. 1: 1, 1 Cor. 9: 16, 17, 2 Kor. 5: 14, ens. Sien Bouwman. 1928. *Gereformeerd Kerkrecht: I*, 462.

kerkreg op die Ned. Geref. Kerk se ampsbeskouing.[32] Daardeur is dit moontlik gemaak dat 'n persoon in sinodale diens óf selfs buite die amptelike strukture van die kerk in organisasies wat "'n geestelike karakter dra en met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan", die "status" van bedienaar van die Woord kon behou. Hierop beroep Naudé hom en toon dat hy in hierdie opsig van dieselfde kerkregtelike standpunt as die Ned. Geref. Kerk uitgaan.

Dr. A. P. Treurnicht, redakteur van *Die Kerkbode*, stel in sy redaksionele kolom 'n aantal ander voorwaardes waaraan die Ci na sy oortuiging moet voldoen vir Naudé om sy status te behou. Dit val op dat hy dit publiseer op die dag waarop die eksamenkommissie vergader – 18 September 1963. Alhoewel dit sy eie standpunt verteenwoordig, is dit tog aanduidend van die genootskaplike kerkregtelike denke wat by sommige in die Ned. Geref. Kerk gangbaar was: pragmatiese vrae word gevra – 'n mens soek daarin vergeefs na 'n ekklesiologies-verantwoorde Bybelse ampsbegrip. Dit is 'n aanduiding van die sekulêre kerkreg wat in die Ned. Geref. Kerk in omgang was. Treurnicht skryf:

> "Die behoud van status sou in orde kon wees mits die kerk op grond van sy plig tot toesig oor sy lidmate en ampsdraers en die organisasie waaraan hulle behoort, die Instituut goedgekeur het as organisasie waarin hy graag sy lede sal sien dien... Daar is nog ander vrae wat opgeklaar sal moet word: Wat sal die posisie wees as die direkteur nie lid of ampsdraer van die N.G. Kerk is nie? En indien hy wel ampsdraer is, met toegang tot die kansels van ons kerk met geleentheid tot propaganda, en die Sinode sou die Instituut nie erken nie?"[33]

Jonker huldig 'n ander standpunt. In Jonker se ongepubliseerde werk wat in die volgende hoofstuk aan die orde gestel sal word, skryf hy:

---

[32] Dit is wel in die onlangse verlede verander en tans word van "ampsbevoegdheid" gepraat. Die toepassing het egter nie verander nie en dit toon dat die onderliggende genootskaplik-kerkregtelike denke steeds fundamenteel aanwesig is.

[33] Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcii (*12*), 18 September 1963, 380, 381. Hier is reeds die eerste aanduidings dat die Ci as 'n "dwaalrigting" beskou word – soos die Algemene Sinode inderdaad in 1966 besluit het - sien *Die Kerkbode*, xcviii (*18*), 2 November 1966, 621 en voetnoot 101 hieronder.

> "Nou moet ons ook hier weer opmerk dat die gereformeerde kerkreg nooit daarvoor blind was dat die ampte uitgryp bokant die plaaslike gemeente en betekenis het vir die algemene kerk nie. Maar dit is vir die gereformeerde kerkreg deurgaans wesenlik dat die ampte uit die plaaslike gemeente opkom en dus ampte van die plaaslike gemeente is en nie in enige sin ampte van die algemene kerk nie."[34]

Hy is nie ten gunste daarvan dat predikante hulle status as predikant behou wanneer hulle hul amp in die kerk verruil vir diens aan 'n organisasie buite die kerk nie.[35] Tog sou hy wou sien dat die Ned. Geref. Kerk met integriteit optree en Naudé dieselfde behandel as baie ander predikante wat in die diens van organisasies soos die Christen Studentevereniging (CSV), die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) of die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) gestaan en hulle status behou het. Dieselfde standpunt is deur prof. B. B. Keet in 'n brief aan *Die Kerkbode* ingeneem.[36]

In Naude se appèl noem hy 'n sewetal "Presidente (sic) in die verlede" wat ooreenstem met bogenoemde standpunt van Jonker. Behoud van status is inderdaad aan 'n aantal persone verleen, wat Naudé se argument sodanig begrond dat dit onbetwisbaar is. Selfs aan persone wat hoegenaamd nie meer "geestelike arbeid" verrig nie, is behoud van status verleen. [37]

---

[34] W. D. Jonker. (Dit sal gepubliseer word sodra hierdie dissertasie verdedig is.) *Die regering van Christus*. www.williejonker.co.za, 69.

[35] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 65.

[36] B. B. Keet. 1963. "Pleidooi vir versigtigheid", *Die Kerkbode*, xcii (*16*), 16 Oktober 1963, 540.

[37] Sien NG Kerk in SA Argief, SIN 1329. Naudé se voorbeelde is oortuigend:

i. Aan professor P. F. D. Weiss is behoud van status verleen by sy aanvaarding van die Direkteurskap van die Afrika-Instituut, 'n arbeid wat geen geestelike karakter dra nie en nie in verband staan met die bediening van die Woord nie.
ii. Aan dr. A. M. Dekker is behoud van status verleen om die Christelike Lektuurfonds te help loods. Daarna het hy redakteur geword van die Bantoeblad, Elethu Mirror.
iii. Aan ds. G. J. V. Bell, mede-hoofsekretaris van die C(hristelike)S(tudente)V(ereniging) ('n Christelike Interkerklike vereniging) is behoud van status verleen.
iv. Aan ds. J. C. du Plessis is behoud van status verleen as sekretaris van die O.V.S. Onderwysers Vereniging. (Hand. Algemene Sinode van Transvaal 1957 bls. 132, 497).
v. Aan ds. L. C. Holtshausen is behoud van status verleen as Organiserende Sekretaris van S(uid)A(frikaanse)B(uro vir)R(asse)A(angeleenthede). (Hand. Algemene Sinode van Transvaal 1957, bls. 131, 497).
vi. Aan dr. J. C. Lombaard is behoud van status verleen as voorligtingshoof van die V(ereniging vir)C(hristelike)H(oër)O(nderwys). (Hand. Algemene Sinode 1961, bls. 109, 406).
vii. Aan eerw. V. J. Wessels en eerw. F. J. Malan is behoud van status verleen as voorligtingsbeamptes van die Departement van Naturellesake (Hand. Algemene Sinode 1954).

Die notule van die eksamenkommissie lui dat die kommissie 'n besluit geneem het na "... langdurige en grondige bespreking..."[38] Jonker het aan die bespreking deelgeneem en, naas sy standpunte hierbo gemeld, ook gewaarsku dat 'n weiering "polities verdag en diskriminerend" sou wees. Alle redenasies het niks gehelp nie. Jonker skryf dat die kommissie die aansoek "met siniese verontagsaming van die voorbeelde van hoe die kerk in die verlede te werk gegaan het" met 'n meerderheid van stemme afgekeur het.[39] Die Eksamenkommissie het besluit dat Naudé se aansoek nie aan die eise van die kerkorde voldoen nie. In die notule het drr. G. J. Swart en J. D. W. Kritzinger laat aanteken dat hulle in die minderheid gestem het.[40]

In die appèlstukke wat later voor die Sinodale Kommissie gedien het, het die voorsitter van die Eksamenkommissie Naudé – sonder enige verdere toeligting laat weet – dat die besluit juis op Kerkorde artikel 11 gegrond is.[41] Die begronding van die besluit van die Eksamenkommissie op Kerkorde artikel 11, is vreemd. In 'n brief waarin Naudé sy appèl verder toelig, verwys hy ook hierna. Hy vind tereg dat dié artikel net twee vereistes stel vir die behoud van status: dat die werk 'n geestelik karakter moet dra; en dat dit in regstreekse verband met die verkondiging van die Woord moet staan. Daaraan het Naudé se direkteurskap van die Ci voldoen.

Hoewel Jonker en Naudé se weë uiteengegaan het ná die stigting van die Ci én Jonker nie daarmee saamgestem het dat aan persone wat nie meer in die kerk arbei behoud van status verleen word nie, het hy – ten koste van homself – alles in sy vermoë gedoen om toe te sien dat die kerkorde artikel ten minste konsekwent toegepas sal word. Sulke optrede het uiteraard konsekwensies gehad:

> "Ek was natuurlik lankal met Beyers Naudé geassosieer, maar deur my kerkregtelike standpunt oor sy status het ek my in die oë van baie duidelik aan sy

---

[38] *Notule van die kommissie van eksaminatore, 8 September 1963*. NG Kerk in SA Argief, DIV 1130.
[39] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 65, 66.
[40] *Notule van Buitengewone vergadering van die kommissie van eksaminatore gehou op 8 September 1963*. NG Kerk in SA Argief, DIV 1130. Jonker se naam is nie saam die van Swart en Kritzinger aangeteken nie. Dit is waarskynlik vanweë sy dubbelslagtige gevoel dat prinsipieel behoud van status in sulke gevalle nie verleen moet word nie, maar dat dit vir Naudé wel moet gebeur, soos vir andere voor hom.
[41] NG Kerk in SA Argief, SIN 1376.

kant geskaar. Dit sou nie ongestraf kon bly nie. Ek het hoe langer hoe meer 'n rekening van onguns by die kerklike instansies opgebou."[42]

Jonker het geweet wat die reaksie in die Ned. Geref. Kerk sou wees – hy het dit immers reeds sedert die publikasie van *Sendingbepalinge* eerstehands ervaar. Nogtans het hy verkies om 'n korrekte en verantwoordbare kerkregtelike weg te bewandel. Jonker het dié weg nie net bewandel omdat hy Naudé as persoon wou bystaan nie; hy het Naudé bygestaan omdat dit sy diepste oortuiging was dat dit die enigste korrekte en verantwoorde kerkregtelike weg was om te volg.

Naudé het met Jonker in gesprek getree oor die moontlikheid van 'n appèl teen die besluit van die Eksamenkommissie – Jonker was immers, behalwe vriend, óók aktuarius en kerkregtelike kundige. Jonker het in *Selfs die Kerk kan verander* geskryf dat hy dit "ondenkbaar" vind dat iemand sou dink dat dit nie moontlik is om teen die bevindinge van 'n kommissie na 'n meerdere vergadering te appelleer nie.[43] Hy het in sy hoedanigheid as aktuarius van die sinode vir Naudé 'n volledige advies geskryf. Daarin skryf hy: "Dit is egter vanselfsprekend dat u u op die Sinode sal kan beroep, want die Eksamenkommissie is in alle opsigte aan die Sinode verantwoording verskuldig."[44] Aangesien die sinode egter eers oor vyf jaar sou vergader, beredeneer hy uitvoerig Naudé se reg om hom op die Sinodale Kommissie te beroep vir die dringende afhandeling van sy appèl.

Dié appèl het 'n hele opskudding veroorsaak. Jonker sê dat talle van hom verskil het oor die moontlikheid van 'n appèl. Óók sy voormalige dosent en studieleier, onder wie hy sy BD-skripsie voltooi het, prof. A. B. du Preez, "... het in 'n brief in *Die Kerkbode* betoog dat daar teen die beslissings van *ander* kommissies wel 'n verdere beroep moontlik is, maar dat die Eksamenkommissie die één kommissie is wat 'n *finale beslissing vel* waarteen geen appèl moontlik is nie (ek kursiveer – GJD)"![45]

---

[42] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66.
[43] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66.
[44] Sien *Advies aan Beyers Naudé i.v.m. Behoud van Status* 23 Oktober *1963*. – opgeneem in die *Jonker Digitale Argief* by www.williejonker.co.za
[45] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66. Die brief kon nie in *Die Kerkbode* opgespoor word nie (dis moontlik elders gepubliseer?).

Jonker kon hom beroep op die oud-gereformeerde standpunt, wat in die Kerkorde van Dordt, artikel 31, só verwoord is: “Zo iemand zich beklaagt door de uitspraak der mindere vergadering verongelijkt te zijn, zal deze zich op een meerdere kerkelijke vergadering beroepen mogen ...”.[46] In sy advies aan Naudé interpreteer Jonker die beginsel in hierdie saak só dat dit die bedoeling van die kerk moet wees om empatie met sy beklaagde en verontregte lidmate te hê. Hy skryf aan Naudé:

> “Ek wil ... u daarop wys dat dit na my beste wete nêrens die bedoeling van die Kerk in sy bepalinge is om aan enige persoon die reg te gee om te voel of te beweer dat hy onbillik behandel is nie. Daarom dat die Kerk die weg geopen het dat iemand wat beswaard voel, hom deur verdere beroep weer na die kerk kan wend om wat hy as onreg voel, te verwyder.”[47]

Jonker was reg: Naudé kón appelleer. Daarom het hy vir Naude gesê dat hy dit ondenkbaar vind dat iemand nié teen die bevinding kan appelleer nie, veral aangesien dit nie eens die bevinding van ’n mindere vergadering was nie, maar slegs van ’n kommissie van die sinode. Die Ned. Geref. Kerk het egter sy mes vir Naudé ingehad: hy moes nie toegelaat word om langer die Woord amptelik in die Ned. Geref. Kerk – of daarbuite – te bedien nie.

Die appèl is by die Sinodale Kommissie van die sinode van Suid-Transvaal ingedien.[48] Jonker skrywe dat dit ’n lang proses geword het. Uiteindelik het die kommissie besluit dat daar nie teen die bevindinge van die eksamenkommissie appelleer kan word nie. Die appèl was volgens hulle nie “as appèl” ontvanklik nie en is gevolglik nie behandel nie en hulle raai Naudé “...vriendelik aan om indien hy verkies kragtens besluit 21 van die Kerkorde van Suid-Transvaal te handel.”[49] Naudé mag volgens besluit 21 aansoek doen om herstel van status. Indien dit goedgekeur word, moet hy aanmeld vir ’n

---

[46] Moderne vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. In die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk van 1962, artikel 23, is dié bepaling van Dordt só aangepas: “Die besluite van vergaderinge is bindend, maar is vatbaar vir beroep op ’n meerdere vergadering.”
[47] *Advies aan Beyers Naudé.*
[48] Sien: *Notule van ’n buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie gehou op die gewone plek te Johannesburg 11 Februarie 1964,* NG Kerk in SA Argief: SIN 1376.
[49] *Notule van ’n buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie gehou te Johannesburg 11 Februarie 1964*, NG Kerk in SA Argief, SIN 1329; Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66.

colloquium doctum.[50] Die boodskap was duidelik: die Sinodale Kommissie het beslis dat die bevindinge van die Eksamenkommissie finaal is. Die Ned. Geref. Kerk wou ten alle koste van Naudé ontslae raak en was bereid om in die proses alle gereformeerd-kerkregtelike reëls te verontagsaam. Daarbý – ten spyte van al die argumente van die aktuarius (Jonker) tot die teendeel – is selfs, hoe ongelooflik dit mag klink, toestemming geweier dat Jonker se minderheidstem aangeteken word.[51]

Jonker het beleef dat hy, vanweë die feit dat hy met Naudé geassosieer is (al het hy hom in die openbaar[52] téén die stigting van die Ci uitgespreek), ook in die ban gedoen moes word. Bogenoemde gebeure – waartydens Jonker hom skerp teenoor die rigting waarin die Ned. Geref. Kerk beweeg uitgespreek het – het meegehelp om die verhouding tussen Jonker en die "kerklike leiers" nog verder te laat versleg. Jonker sê "... die algemene agterdog teen my (het) voelbaar gegroei."[53]

### 1.3 Jonker en Naudé: verkies, verkla, verketter

Die volgende rondte om vir Naudé geheel en al uit die kerk te ostraseer, vind plaas in die nuwe gemeente waarheen hy en sy vrou, Ilse, verhuis het. Naudé het, nadat hy die direkteurskap van die Ci aanvaar en hy sy status as predikant verloor het, sy afskeidspreek in die gemeente Aasvoëlkop op Sondag 3 November 1963 gelewer. Gedurende die laaste week van November 1963 het hulle na Greenside, 'n voorstad in Johannesburg wat binne die grense van die gemeente Parkhurst geval het, verhuis.[54]

---

[50] Besluit 21 – Herstel van Status lui:
a) 'n Persoon wat sy status as evangeliedienaar op grond van die bepalinge van artikel 20 verloor het, mag aansoek doen om herstel van status by die Sinode, of in die reses by die Sinodale Kommissie. Die aansoek moet vergesel wees van getuigskrifte van die Kerkraad van die gemeente(s) en van die Ring(e) waarbinne die applikant sedert die tyd van sy verlies van status of gedurende die afgelope drie jaar gevestig was.
b) Indien die Sinode of Sinodale Kommissie homself oortuig het dat daar geen beswaar teen die herstel van status bestaan nie, sal die applikant verlof gegee word om hom by die Kommissie van Eksaminatore aan te meld vir 'n colloquium doctum. Indien hy slaag, sal aan hom opnuut 'n akte van legitimasie oorhandig word en die scriba van die Kommissie van Eksaminatore sal daarvan kennis gee in die amptelike orgaan." Sien *Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk tesame met die besluite van die Sinode van Suid-Transvaal, uitgawe 1963:*
[51] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66, 67.
[52] Veral die geleentheid by Paardekraal Monument is hier in gedagte. Maar daar is meer – ten spyte van versoeke om dit nie te doen nie, is 'n bandopname van Jonker se toespraak gemaak én dit is aan drr. J. D. Vorster en A. P. Treurnicht beskikbaar gestel. Alle pogings om die opname op te spoor, was tot dusver onsuksesvol. Vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 63.
[53] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 67.
[54] Naudé. *My land van hoop*, 70 – 72.

Vyf maande later, teen die einde van April 1964, is Naudé tot ouderling in dié gemeente verkies. Daarteen is sterk beswaar aangeteken.

### 1.3.1 Belangrike brondokumente

Onder die dokumente wat Jonker bewaar het, is ’n aantal saamgebinde bladsye gevind wat waarskynlik met ’n afrolmasjien gedupliseer is. Dié dokumente werp lig op die stryd wat in die Kerk losgebars het ná Naudé se verkiesing as ouderling. Dat Jonker dié dokumente behou het, trek aandag omdat Jonker – volgens sy eggenote – nie juis daaraan erg gehad het om dinge te bewaar nie.[55] Tog was dié dokumente klaarblyklik vir Jonker van soveel belang dat hy dit bewaar het. Dit word as bylaes hierby aangeheg.

Uit die bundel dokumente self is dit nie sonder meer duidelik waaroor dit presies handel nie. Wat aanvanklik in een bundel vasgekram was, het by nadere ondersoek geblyk twee dokumente te wees. Die eerste dokument dra die opskrif: “*Appèl ses leraars teen ringsbesluit*”[56] en die tweede “*Konsiderasies en Bevindinge van die Ringskommissie*”[57]. Voorts kon vasgestel geword dat beide dokumente met ’n besluit van die Ring van Johannesburg, wat op 2 Julie 1964 geneem is, verband hou. Dié buitengewone vergadering was die eerste van ’n reeks ringsvergaderings oor Naudé se verkiesing as ouderling.

Die laaste punt in die notule van dié vergadering lui:

---

[55] ’n Voorbeeld van dokumente wat nie deur Jonker bewaar is nie, is sy belangrike toespraak, *Die kern van die probleem*, waarin hy die verskille tussen hom en Naudé uitgespel het. Sien voetnoot 16 hierbo. So het hy ook – met slegs enkele uitsonderings – al sy preke vernietig!

[56] Sien *1964 – Appèl ses leraars teen Ringsbesluit*. Jonker digitale Argief: www.williejonker.co.za. Bladsynommers is digitaal aangebring. Voortaan word hierna bloot verwys as *Appèl ses leraars*.
Die ondertekenaars van die dokument, drr. W. D. Jonker, A. C. Barnard, B. J. Engelbrecht, A. J. Venter en di. J. H. P. van Rooyen, R. M. Meyer, was afgevaardigde leraars na dié vergadering van die ring – vgl. *Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg*, 2 Julie 1964. NG Kerk in SA Argief, Ring 463. Vgl. ook *Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke 1965.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1964, 647, 648.

[57] *Konsiderasies en Bevindinge van die Ringskommissie* is die opskrif van die dokument. Ter wille van makliker opsporing en identifisering, is die digitale lêer die volgende titel gegee: *Aanbeveling van die ringskommissie insake klag teen dr. B. Engelbrecht*. Opgeneem in die Jonker Digitale Argief: www.williejonker.co.za.[s.j.] Bladsy nommers is digitaal aangebring. Voortaan word hierna verwys as *Aanbeveling van die ringskommissie*.

"Verklaring van die Voorsitter: Die voorsitter, Dr. W. D. Jonker, verklaar dat, hoewel hy deurgaans die vergadering objektief en onbevooroordeeld gelei het, hy nou tog aan die einde wil sê dat hy ongelukkig voel oor die beslissing van die ring. Die vergadering het na sy mening 'n beslissing geneem met diepgrypende implikasies, en het daarin s.i. verder gegaan as die Hervormde Kerk, wat besluit het om lede van die Christelike Instituut broederlik te bearbei om uit die Instituut uit te tree. Hierdie Ring het egter beslis dat lidmaatskap aan die Instituut voldoende is om iemand uit die amp te weer, en dit op grond van 'n voorlopige verklaring van 'n kommissie van die Breë Moderatuur, 'n verklaring waarin lidmaatskap aan die Instituut nie eers verbied word nie."[58]

Die *Appèl ses leraars* stem tot 'n groot mate met hierdie verklaring van Jonker ooreen. Daarbenewens is die skryfstyl, taalgebruik en argumentasie tipies dié van Jonker, hoewel die appèl uiteraard op die rekening van al ses leraars staan. Die appèl berus hoofsaaklik op kerkregtelike argumente, maar – en ook daarin kan Jonker se hand gesien word – dit word deeglik ekklesiologies begrond. Die standpunte stem ook ooreen met Jonker se standpunte waaraan reeds in die vorige hoofstukke aandag gegee is. Dit lei tot die gevolgtrekking dat Jonker ten minste die grondteks van die dokumente geskryf het. Hulle word hieronder as sodanig in behandeling geneem.

Die appèl is teen besluite van die Ring van Johannesburg wat op bogenoemde vergadering geneem is. Die dokument is egter nie die oorspronklike appèl dokument nie, maar 'n verslag van die regskommissie van die Sinode van Suid-Transvaal wat aan die Sinodale Kommissie gelewer is.[59] Na die beredenering van elke appèlgrond van die ses leraars, word die "Bevindinge van die Regskommissie" telkens weergegee.

Die tweede dokument, *Konsiderasies en Bevindinge van die Ringskommissie*, handel oor klagtes teen dr. B. J. Engelbrecht. Ook die grondteks van dié dokument is bes moontlik deur Jonker geskryf. Hy was voorsitter van die ring en as sodanig ook van die ringskommissie. Hy was ook aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal en het

---

[58] *Notule*, 2 Julie 1964, 5. NG Kerk in SA Argief, Ring 463.
[59] Sien NG Kerk in SA Argief, SIN 1376. Dit blyk ook uit die argiefstukke dat ds. N. J. van Loggenberg die waarnemende skriba van die regskommissie was. Sien ook voetnoot 60 hieronder.

as aktuarius kerkregtelike leiding gegee.[60] Die klagtes teen Engelbrecht is na die ringskommissie verwys vir ondersoek en die dokument is sy verslag aan die ring. Dié dokument word hieronder onder die loep geneem.

Beide dokumente bied besondere insigte oor die wyse waarop Jonker sy kerkregtelike en ekklesiologiese standpunte toepas. Voordat aan elk van die dokumente in meer detail aandag gegee word, moet die konteks waarin hulle die lig gesien het, eers beskrywe word.

### 1.3.2 Agtergrond

Volgens Jonker het ds N. J. van Loggerenberg – na wie reeds in hoofstuk 1 verwys is[61] – "die ring tot die uiterste beproef".[62] Uiteindelik sou hy nie minder nie as 36 klagtes, appèlle en beswaarskrifte teen die Ring van Johannesburg of sy lede indien.[63] Hy het aanvanklik "... gebruik gemaak van die dienste van ouderling P. J. Potgieter van Parkhurst, wat uit sy eie nie iemand was wat veel sou vermag het nie ...". Potgieter sou die wiel aan die rol sit om beswaar te maak teen Naudé se verkiesing as ouderling in Parkhurst.[64] Potgieter se vernaamste klag was dat Naudé "ongehoorsaam is" aan die

[60] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 68, 69.

[61] Hy het meermale die pen teen Jonker opgeneem. In hoofstuk 1 is daarna verwys (sien voetnoot 81) dat hy geskryf het oor Jonker se standpunt oor die volkskerk en in hoofstuk 5 (sien voetnoot 27) het hy deelgeneem aan die polemiek teen die 26 leraars wat beswaar gemaak het oor bindende sinodebesluite. Nog 'n voorbeeld: Jonker moes as aktuarius by twee geleenthede advies gee oor – soos dit in *Die Kerkbode* gepubliseer is – "Die beroepbaarheid van sendelinge in moederkerk". Dit handel oor die "sendelinge" wat aan die Wellingtonse Sending-instituut (ook bekend as die Hugenote Kollege) gestudeer het. Die kurrikula van die teologiese fakulteite aan die universiteite en dié by die Hugenote Kollege het verskil en die sendelinge was nie beroepbaar na moedergemeentes nie. 'n Sendeling is nie "dominee" genoem nie, maar "eerwaarde". Lang debatte en polemieke in *Die Kerkbode* het uiteindelik daartoe gelei dat die Kaapse Sinode besluit het om die studente wat in 1961 en 1962 by Hugenote Kollege afstudeer, ook in die moederkerk beroepbaar te stel. Dit het 'n kerkregtelike probleem veroorsaak, omdat hulle nie na die Transvaalse gemeentes beroepbaar was nie. Hierdie saak spreek Jonker aan in *Die Kerkbode* (lxxxix (*12*), 1962-03-21, 396/7). Van Loggerenberg betwis telkens Jonker se interpretasie en in *Die Kerkbode* (xci (*10*), 6 Maart 1963, 335/6) antwoord Jonker op van Loggerenberg se beskouinge. Wanneer van Loggerenberg die saak nogeens wil bespreek, wys Jonker hom daarop dat Sinode van Suid Transvaal wat in 1963 in sitting was, sy interpretasie ten volle onderskrywe het. Hy skryf dat hy dus nie die saak verder gaan bespreek nie.

[62] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 69.

[63] Vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 95, 96; J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 207 by http://hdl.handle.net/10539/20402 Datum besoek: 2016-05-31.

[64] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 69. Naudé sê dat van Loggerenberg die beswaar ingedien het: "Ds. N. J. van Loggerenberg ... het 'n dringende klagskrif ... ingedien". Sien Naudé. *My land van hoop*, 80. Jonker het wel Naudé se boek – en dus ook sy standpunt – onder oë gehad, maar sê tereg dat dit Potgieter was wat die beswaar ingedien het; vgl. ook Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 157. Dit stem

leiding wat die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode oor die Christelike Instituut gegee het. Terwille van duidelikheid word die verklaring van die Breë Moderatuur waaraan Naudé na bewering "ongehoorsaam" was, volledig weergegee:

> "Die breë moderatuur van die Algemene Sinode wat ook as ekumeniese kommissie dien, het van verskeie ringe en kerkrade versoeke ontvang om leiding te gee in verband met die Christelike Instituut van Suidelike Afrika. Die Breë Moderatuur het die saak deeglik bespreek en die volgende besluit geneem:
> "Om die volgende redes kan die Breë Moderatuur die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie goedkeur nie:
> "1. Omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die Kerk;
> "2. Omdat die Instituut hom begeef op die terrein van die Kerk deur vir hom sekere funksies wat tot die roeping en terrein van die Kerk behoort, toe te eien. Hierdie werksaamhede is nog altyd in die verlede met veel vrug en seën deur die Kerk behartig. Hierin kan die stigting van die Instituut die Kerk nie vrugbaar help nie, maar dit kan verwarring skep en die Kerk in die uitvoering van sy taak hinder;
> "3. Omdat die Ned. Geref. Kerk vir die reëling van die verhouding tussen moeder- en dogterkerke en die behartiging van ekumeniese belange van tyd tot tyd na die eis van die behoeftes en omstandighede die nodige liggame en kanale vir konsultasie en same werking geskep het."[65]

Dié klag teen Naudé het 'n hele beroering veroorsaak en 'n lang proses tot gevolg gehad. Naudé skryf: "Die stryd om my ouderlingskap van Parkhurst het heen en weer, van Sinodale Kommissie na ring na kerkraad en terug, van Pontius na Pilatus, gegaan."[66] Jonker meen dat van Loggerenberg buite alle perke gegaan het: "Met klag-

---

ooreen met die *Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg*, 2 Julie 1964, 3. NG Kerk in SA Argief, Ring 463. Vgl. ook J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*,184 en 188.
In die appèl word wel melding gemaak van die "beswaar van br. P.J. Potgieter" – vgl. *Appèl ses leraars*, 2.

[65] Vgl. "Breë Moderatuur Spreek hom uit oor die Christelike Instituut", *Die Kerkbode*, xcii (*22*), 27 November 1963, 737.

[66] Naudé. *My land van hoop*, 80.

en beswaarskrifte, briewe, telefoonoproepe, appèlle en dreigemente het hy die hele kerklike proses rondom Beyers Naudé 'n lang tyd aan die gang gehou."[67] Hy wóú Naudé vervolg en het almal wat enigsins simpatiek teenoor Naudé gestaan het, verdag gemaak.

Dié lang en uitgerekte proses[68] het kortliks soos volg verloop: Potgieter het begin deur beswaar te maak teen die verkiesing van Naudé as ouderling. Hy was verder beswaard oor die optrede van die kerkraad en leraar van Parkhurst, dr. J. H. P. van Rooyen omdat daar nie tugstappe teen Naudé geneem is vanweë sy lidmaatskap van die Ci nie.[69] Dié beswaar is by 'n kerkraadsvergadering op 5 Mei 1964 – onder die voorsitterskap van die konsulent, dr. B. J. Engelbrecht, leraar van die gemeente Johannesburg-Oos – bespreek. Die kerkraad het Potgieter nie gelyk gegee nie, waarna hy na die Ring van Johannesburg appelleer het. Bý die beswaar teen Naudé se verkiesing tot ouderling, het Potgieter egter nóg 'n beswaar gevoeg – hy het nou ook beswaar gemaak teen Engelbrecht, aangesien dié ook lid van die Ci was. Engelbrecht was (volgens Potgieter) bevooroordeeld en het die kerkraad mislei.

---

[67] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66, 67.

[68] Uiteindelik was die hele sage rondom Naudé, Engelbrecht en die Ci by tenminste 15 gewone en buitengewone ringsittings (sien NG Kerk in SA Argief, Ring 463 en 464) asook by talle gewone en buitengewone Sinodale Kommissie vergaderings in behandeling geneem (sien NG Kerk in SA Argief, SIN 1314, 1333 en 1376).
Om enigsins 'n idee te vorm van die omvang van die stryd wat in die ring gewoed het, word die agenda van die buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg van 11 Mei 1965 volledig aangehaal:
1) Appèlle en klag teen Ring en Ring se verweerskrifte
a) Appèl van mnr. P.J. Potgieter
b) Appèl van Ds. C. Barnard
c) Appèl van br. Senekal
d) Klag van Ds. van Loggerenberg
e) Kommentaar van Ring op a. en b.
f) Kommentaar van Ring op Senekal-appèl
g) Kommentaar van Ring op van Loggerenberg-klag
2) a) Rapport en bevindinge van R. K. oor Belgravia
b) Klag van Ds. van Loggerenberg teen Ds. Meyer
3) a) Klagtes van oudl. Heckroodt teen Dr. B. Engelbrecht
b) Antwoord van Dr. Engelbrecht
c) Konsiderasies van R. K.
4) a) Klagtes van oudl. Heckroodt teen Ds. Pienaar
b) Antwoord van Ds. Pienaar
c) Konsiderasies van R. K.
5) Die Ringskommissie rapporteer oor korrespondensie met die kerkraad van Johannesburg-Noord oor 'n beweerde kerkraadsbesluit en oor moontlike kerkraadslede nie in hulle grense woonagtig nie.
6) Klag van Ds. van Loggerenberg teen leraar van Parkhurst.
7) Appèl van Ds. van Loggerenberg teen kerkraadsbesluit van Parkhurst
8) Bedanking van Ringscriba en kiesing van nuwe scriba.
Vgl. NG Kerk in SA Argief, Ring 463

[69] Vgl. Naudé. *My land van hoop*, 80.

Dié appèl is by ’n buitengewone ringsvergadering aangehoor. Die vergadering het uiteindelik op vier afsonderlike dae gesit om die saak te ondersoek: op 17, 23 en 30 Junie en ten laaste, op 2 Julie 1964.[70] Uit die notule word dit duidelik dat daar ’n diep en ernstige verdeling binne die ring was. Jonker het dit later as ’n “hele ongure situasie” beskryf.[71] By elk van die 4 sittings van die ring is nuwe klagtes en besware bygevoeg. Vir byna elke voorstel was daar ’n amendement. Dikwels is die uitslag van die stemming ook genotuleer – waaruit die verdeeldheid verder blyk. Dié verdeeldheid kan ’n verklaring bied vir die teenstrydige besluite wat geneem is en vir Jonker se verklaring as voorsitter wat hierbo aangehaal is.[72]

Om ’n duidelike beeld van die onderlinge verdeeldheid en teenstrydighede te kry, word die besluite met hul amendemente uit notule van die ringsitting volledig aangehaal:

> “Hierna gaan die vergadering oor tot die behandeling van die besware (d.w.s., die appèl van ouderling P. J. Potgieter teen die verkiesing van Beyers Naudé as ouderling – GJD).
>
> (a) Die volgende voorstel en amendement word, na bespreking, tot stemming gebring:
>
> Voorstel: Hoewel dit as te betreure te ag is dat Br. Naudé nie uitvoering gegee het aan die Sinodale versoek insake Pro Veritate nie, kan hierdie vergadering dit nie as ongehoorsaamheid sien op grond waarvan by uit die amp geweer mag word nie, en daarom handhaaf die Ring die beslissing van die Kerkraad van Parkhurst. (A. J. Venter/R. A. Meyer).
>
> Amendement: Die H.E. vergadering besluit dat Punt A van die beswaarskrif aanvaar word omdat br. C. F. B. Naudé wel ongehoorsaam is aan die Sinodale besluit ten opsigte van Pro Veritate. (C. J. Barnard/F. G. Badenhorst).
>
> Die voorstel word besluit van die vergadering.

---

[70] Jonker *Selfs die Kerk kan verander*, 67 en 96 verwys lesers van sy semi-outobiografie wat meer oor die prosesse en intriges wil te wette kom, na die proefskrif van dr J. H. P. van Rooyen: *Die NG Kerk, Apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika* (Universiteit van die Witwatersrand, 1990). Vgl. hoofstuk 6 in J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 184 – 214.

[71] Vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 96.

[72] Vgl. J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 200, 205 en dikwels.

(b) Die volgende voorstel en amendement word ingedien:

Voorstel: Die H.E. vergadering besluit dat punt (b) van die beswaarskrif aanvaar word aangesien br. Naudé die leiding van die Breë Moderatuur ten opsigte van die Christelike Instituut ongehoorsaam is. (C. J. Barnard/G. Erwin)."

Amendement: Die Ring gee die Kerkraad gelyk dat hoewel Naudé sy status verloor het omdat hy die direkteurskap van die Christelike Instituut aanvaar het, die besluit van die Breë Moderatuur nogtans nie gesien kan word as grond om iemand uit die amp te weer nie (A. C. Barnard/A. J. Venter).

Die voorstel word aanvaar."[73]

Die diep kloof tussen die partye blyk ook dááruit dat daar reeds tydens individuele sittings kennis gegee is dat daar oor pasgenome besluite van die ring appèlle by die Sinodale Kommissie ingedien sal word. Ook in appèlle na die Sinodale Kommissie sonder Jonker die rol wat van Loggerenberg daarin gespeel het uit.[74] Die Sinodale Kommissie het bevind dat die saak de novo ondersoek moes word.[75] Dit is gedoen en teen die nuwe besluite is wéér geappelleer. So het dit 'n lang en uitgerekte proses geword. Volgens Jonker kon van Loggerenberg by die Sinodale Kommissie op 'n simpatieke gehoor reken en was daar inderdaad genoeg ondersteuning om die Ring van Johannesburg in die ongelyk te stel. "In die klimaat van vooroordeel was 'n billike hantering van die saak feitlik nie meer moontlik nie", skryf Jonker.[76]

### 1.3.3 Appèl teen besluite van die buitengewone sitting van die Ring van Johannesburg

Ses leraars van die ring, drr. Jonker, A. J. Barnard, Engelbrecht, A. J. Venter en di. J. H. P. van Rooyen en R. A. Meyer besluit na die buitengewone ringsitting van 2 Julie 1964, om teen die tweede[77] besluit wat geneem is, te appelleer. Dié appellante voer 'n viertal gronde vir appèl aan wat breedvoerig beredeneer word. Eerstens voer hulle aan

---

[73] Vgl. Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 2 Julie 1964, 3. Woordeliks ook so aangehaal in *Appèl ses leraars*, 1. Vgl. ook Naudé. *My land van hoop*, 79, 80.

[74] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 69.

[75] Sien NG Kerk in SA Argief, SIN 1314

[76] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 69.

[77] Sien die begeleidende brief wat met die appèl dokumente aan die Sinodale Kommissie gestuur is – NG Kerk in SA Argief, SIN 1376.

dat die besluite teenstrydig is; tweedens maak hulle beswaar teen die geïmpliseerde "gesag" van die Breë Moderatuur se verklaring; derdens voer hulle aan dat valse gronde vir die tug geskep word en laastens dat die jongste besluit van die ring misverstand wek. Die appèl word nie opgesom nie, maar hieronder word die kerkregtelike beginsels wat beredeneer word, onder die hoofde waaronder dit in die appèl-dokument voorkom, belig.

#### 1.3.3.1 Teenstrydige besluite

By die buitengewone ringsitting op 2 Julie 1964 neem die ring direk na mekaar twee besluite wat volgens die appellante direk met mekaar in stryd was en op grond waarvan hulle na die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal appelleer. Die appellante vind dié twee besluite teenstrydig. Voorstel (a) en die amendement by voorstel (b) is ooreenstemmend en omgekeerd is die amendement by (a) gelykluidend met voorstel (b) – die enigste wat anders is, is dat dit by (a) om die tydskrif *Pro Veritate* gaan en by (b) om lidmaatskap van die Ci. Dat die appellante die standpunte van besluit (a) en amendement (b) voorstaan, is logies aangesien drie van die appellante voorsteller en/of daarvan was. Uit die besluit blyk dat die appellante, Venter en Meyer, voorsteller en sekondant van die eerste besluit was. Appellante Barnard en Venter was voorsteller en sekondant van die (verwerpte) amendement op die tweede besluit. Die ander twee appellante was Van Rooyen, predikant van die gemeente Parkhurst en Jonker wat as voorsitter reeds ter vergadering sy mening oor die verloop van die vergadering gegee het.

Hulle standpunt is dat die ring nie Naudé se voortgaande betrokkenheid by *Pro Veritate* en die Ci as "ongehoorsaamheid" kan beskou nie. Die grondvraag is of die weiering om uitvoering te gee aan 'n besluit van 'n sinode[78] of meer nog, die advies van 'n kommissie van die sinode[79] enigsins "ongehoorsaamheid" genoem kan word – met die implikasie dat dit oortreding van die vyfde gebod is. In hulle appèl bespreek hulle dit

[78] Die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal by sy vergadering in 1963 waarin lidmate en ampsdraers afgeraai word om met met *Pro Veritate* saam te werk, word geïmpliseer. Vgl. die verslag van ds. W. L. Maree oor dié sinode in *Die Kerkbode*, xci (*21*), 22 Mei 1963, 696. Dit is reeds in die vorige hoofstuk bespreek. Vgl. ook die brief van 26 leraars "Opmerkinge oor sinodale besluit" in *Die Kerkbode*, xci (*20*)15 Mei 1963, 677, 678. Dié 26 sluit bogenoemde 6 appellante in.
[79] Die advies van die Breë Moderatuur by implikasie.

aan die hand van die vraag of ’n besluit van ’n meerdere vergadering ’n bindende krag in homself omdra – of met ander woorde – hulle vra na die aard van kerklike gesag.

Jonker se standpunt oor “bindende besluit” tree duidelik na vore in ’n artikel in twee aflewerings (aanvanklik was drie beplan[80]) wat aan die einde van 1965 in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Dié artikels verskyn ongeveer ses maande nadat Naudé in Mei 1965 finaal van die Sinodale Kommissie verneem het dat sy verkiesing as ouderling nietig verklaar is. In dieselfde maand, op 16 Mei 1965 lewer Jonker sy afskeidspreek in die gemeente Johannesburg om die pos as hoogleraar aan Unisa te aanvaar. Dié artikels toon sterk ooreenkomste met sy intreerede by Unisa[81] wat hy ook in dié periode gelewer het. Die appèl-dokument en artikels spruit uit dieselfde periode. In die artikel bespreek Jonker die eiesoortige karakter van kerklike gesag.[82] Dié artikels maak die standpunte in die appèl-dokument enigsins duideliker. Jonker se standpunt is dat Christus persoonlik in die kerk regeer en geen plaasvervangers nodig het nie. “Hy kan en wil en sal dit self doen” skryf hy. Die logiese uitvloeisel hiervan is dat “... as Christus die Hoof van Sy kerk is en self oor die kerk regeer, *geen mens in die kerk heerskappy mag voer nie*.”[83]

Die Rooms-Katolieke teologie se antwoord op die vraag na die aard van kerklike gesag, is dat lidmate onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan ampsdraers verskuldig is. En in die liberale teologie, met sy gesekulariseerde genootskaplike kerkreg, het die individu die mag. Op ’n demokratiese wyse word die wil van die meerderheid wet. Dan word die aard van kerklike gesag verstaan as ’n saamgebondelde mag wat aan die kerklike besture oorgedra word en waar eweneens onvoorwaardelike gehoorsaamheid, maar nou aan die kerklike bestuur, geëis word. Wat op die oog af direk teenoorgesteld lyk, het

---

[80] Vgl. Jonker. 1966. “Die aard van kerklike gesag” *Die Kerkbode*, xcvi (*1*), 5 Januarie 1966, 23

[81] In die volgende hoofstuk, waarin Jonker se intreerede aan die orde gestel word, sal dié twee artikels weer ter sprake kom.

[82] W. D. Jonker. 1965. “Die aard van kerklike gesag” *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573 – 1575 en *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615 – 1616. Die artikels volg op ’n polemiek in die kleine nadat dr. Z. B. Loots drie artikels in *Die Kerkbod*e oor “Die bevoegdheid van meerdere vergaderings van die Kerk” gepubliseer het – vgl. *Die Kerkbode*, xcv (29), 21 Julie 1965, 914, 915, *Die Kerkbode*, xcv (30), 28 Julie 1965, 947 en *Die Kerkbode*, xcv (31), 4 Augustus 1965, 982. Ander deelnemers aan die debat was onder andere dr. D. D. Rosslee (*Die Kerkbode*, xcv (35), 8 September 1965, 1144 en ds. F. A. Kock *Die Kerkbode*, xcv (45), 10 November 1965 en *Die Kerkbode*, xcvii (22), 1 Junie 1966, 721, 722, 1426; C. W. H. Boshoff. *Die Kerkbode*, xcvii (*18*), 4 Mei 1966, 570 – 573; ds. E. Ellis *Die Kerkbode*, xcvii (*26*), 29 Junie 1966, 857.

[83] Jonker. 1965. “Die aard van kerklike gesag” *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573.

uiteindelik dieselfde effek. In albei gevalle word die heerskappy in die kerk in die hande van die mens gelê.[84] Dit is veral die gesekulariseerde genootskaplike kerkreg wat Jonker in die oog het. Vir Jonker is dit 'n grondreël – soos vir die Reformatore – dat daar gebondenheid aan die leer, maar vryheid t.o.v. die kerkorde moet wees. In die gesekulariseerde kerkreg word dit presies die teenoorgestelde: "... oor die werklike belydenis inhoud van 'n saak word selde gehandel – alles word beslis op die formele vraag of daar aan die besluite van die meerderheid en die reglemente formele uitvoering gegee is."[85]

Volgens Jonker het die kerk geen bevoegdheid om lidmate aan besluite te bind wat nie sonder enige voorbehoud op die Woord van God gegrond is nie. Hy som sy standpunt in 'n brief aan *Die Kerkbode* só op: "... dat my artikels geskrywe is met die uitsluitende bedoeling om die struktuur of aard van die kerklike gesag te probeer omlyn as 'n gesag wat onlosmaaklik aan die gesag van die Woord van God gebonde moet bly."[86] En in die tweede artikel só: "Die kerk moet hom vir al sy beslissinge kan beroep op die gesag van die Skrif. Die kerk mag nie maar allerlei besluite neem, en lidmate daaraan bind, as dit nie duidelik is dat die lidmate daardeur aan die Woord van God gebind word nie."[87] Met dié uitgangspunt is dit duidelik waarom Jonker en sy mede-appellante gekies het vir die aanvanklike besluit van die ring. Hulle staan daarby dat lidmate en ampsdraers se gewetens nie deur sinodale besluite gebind kan word nie. Alhoewel lidmate die sinode se advies moet volg, is hulle gewetens nie gebind nie, mag hulle op grond van die Skrif daarvan verskil en mag hulle besluit om nie die advies te volg nie, sonder dat daar enige sprake kan wees van ongehoorsaamheid.[88]

> "Die resultant waartoe ons in die vorige artikel gekom het, kan die beste saamgevat word in die uitspraak van Calvyn, dat die mag waarmee die kerk regeer, eintlik nie iets is wat aan die mense gegee is nie, maar aan die diens waarin hulle aangestel is, of (om duideliker te spreek) aan die Woord waarvan die

[84] Vgl. Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573, 1574.
[85] Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573.
[86] Jonker. 1966. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcvi (*1*), 5 Januarie 1966, 23.
[87] Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615.
[88] *Appèl ses leraars*, 1, 2.

> bediening aan hulle toevertrou is (vgl. Inst. IV, VIII, 2). Alle gesag in die kerk is dus Woordgesag."[89]

Gehoorsaamheid aan kerklike gesag is die kern van die saak in Potgieter se beswaar teen Naudé se verkiesing: dat Naudé ongehoorsaam sou wees aan die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal en aan die advies van die Breë Moderatuur. Volgens Jonker moet 'n kerkregtelike beswaar allereers ekklesiologies verstaan en beantwoord word. Eers wanneer die aard van die kerk se gesag verstaan word, eers wanneer begryp word dat alléén aan die Woord van God gehoorsaamheid geëis kan word, kan die kerkregtelike vraag of daar 'n tugwaardige sonde gepleeg is, beantwoord word. Die tug kan volgens Jonker nooit oor allerlei dinge gaan wat nie

> "... onmiskenbaar duidelik sonde teen God en die heiligheid van Sy verbond is nie", maar "...waar die liberale kerkreg ingang gevind het, verloop alle tugprosesse feitlik oor die *formele* kwessie van 'gehoorsaamheid aan kerklike reglemente'. Die tug word gedegradeer tot verenigingstug en word nie meer verstaan as 'n hantering van die sleutels van die hemelryk nie. Weer eens het die *mens* die regering in die kerk oorgeneem."[90]

Bogenoemde is presies waarom dit in die appèl-dokument gaan. Die Sinode van Suid-Transvaal en die Breë Moderatuur word verhef en 'n gesag gegee waarvolgens lidmate getug word omdat hulle nie die besluit of advies formeel gehoorsaam het nie. In hulle appèl-dokument sê hulle dat gehoorsaamheid nie geëis kan word "...net maar omdat die Breë Moderatuur nie van die Instituut hou nie."[91] Wat die kerkregtelike dwaling erger maak, is dat dit hier nie om 'n *besluit* van 'n *sinode* gaan nie, maar *advies* van 'n *Sinodale Kommissie* (dit sal in die volgende punt verder bespreek word). Wanneer die tug om iets anders as die regering van Christus gaan, wat Self direk deur Sy Woord regeer, "... word die kerkreg vanself hard, juridies en veral formeel."[92] Dat die advies van die Breë Moderatuur nie gevolg is nie, kan hoogstens betreur word, maar dit is nie 'n tugwaardige sonde nie.

---

[89] Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615.
[90] Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615.
[91] *Appèl ses leraars*, 2.
[92] Vgl. Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag" *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1574.

’n Tweede beginsel wat vir die appellante op die spel is wanneer hulle ’n keuse doen vir besluit (a) van die ring, waarin die beswaar teen Naudé se verkiesing tot ouderling van die hand gewys word, is die vraag na ’n Bybels-teologiese ampsbegrip. Christus self roep mense tot die amp. Dit doen Hy deur die gemeente: hulle wys mense aan as geroep deur die Here. Om ’n persoon wat deur die Here geroep is, op grond van beweerde ongehoorsaamheid aan besluite van ’n meerdere vergadering uit die amp te weer, is “niks minder as ’n vergryp” nie. Dit is te meer ’n “vergryp” omdat daar geen sprake daarvan is dat die geroepene in leer of lewe gedwaal het nie, óf dat hy nie oor die gawes beskik wat vir sy amp nodig is nie. So was die geval met Naudé se verkiesing: hy het sonder beswaar teen hom as predikant gedien en was nou tot ouderling geroep.

In die voorafgaande hoofstukke is aangetoon dat Jonker dit as een van die belangrike kenmerke van die sekularisering van die kerkreg beskou (soos by die genootskaplike kerkreg), wanneer die kerk funksioneer soos ’n “vereniging van eendersdenkendes”, met ’n hoofbestuur – in dié geval, die sinode – waar die wil van die meerderheid tot norm verhef word

> “Daarom kan ’n Sinode nie besluite neem om mense wat nie in leer of lewe dwaal nie, maar hoogstens oor sekere sekondêre sake opvattings huldig wat van die van die meerderheid van die lidmate afwyk, uit die amp te weer, asof die Sinode ’n wêreldlike vereniging is wat oor sake soos die amp besluite kan neem soos hy wil, sonder enige grond daarvoor in die Woord van God nie.”[93]

Die enigste norm en maatstaf in die kerk van Christus is die Woord van God.

#### 1.3.3.2 Gesag van die Breë Moderatuur

In die beswaar teen die verkiesing van Naudé en in die tweede besluit van die ring, word aan die Breë Moderatuur gesag toegeken wat dit nie het nie. Die Breë Moderatuur as kommissie het geen gesag om enige verbod van watter aard ook al op lidmate en ampsdraers te lê om aan die Ci te behoort “... net maar omdat die Breë Moderatuur nie

[93] *Appèl ses leraars*, 1.

van die Instituut hou nie." Die Breë Moderatuur is eenvoudig net nog 'n kommissie van die sinode. Die verklaring van die moderatuur het dieselfde status as dié van enige ander kommissie van die Algemene Sinode, tensy die Breë Moderatuur 'n tussentydse bestuur is wat regeer wanneer die sinode nie in sitting is nie. Die appellante vra:

> "Sedert wanneer het kommissies in die N.G. Kerk 'n dergelike status? En as daarop persone uit die amp geweer word, is die hiërargie reeds binne in die kerk ingehaal, en is die bepaalde kommissie, in hierdie geval die Breë Moderatuur, gelyk aan die Rooms-Katolieke Kurie! ... Hoe ver lê hierdie dinge weg van ons gereformeerde opvattings oor die Kerkregering!"[94]

Die appellante verys selfs na die opskrif van 'n destydse koerant, *Dagbreek* van 17 November 1963, oor die verklaring van die Breë Moderatuur aan te haal: "*Hoogste Liggaam* van N.G. Kerk Bestraf Christelike Instituut (ek kursiveer – GJD)"

Jonker het presies teen hierdie soort verwording gewaarsku toe hy in 1959 die "nuwe kerkorde" vir die Algemene Sinode in *Die Kerkbode* krities bekyk het. Dit is in hoofstuk 2 hierbo bespreek.[95] Daar is aangetoon dat die nuwe kerkorde nie artikel 84 van die Dordtse Kerkorde volledig opgeneem het nie: die sinsnede "Geen kerk zal over andere kerken ... enige heerschappij voeren"[96] is weggelaat. Jonker het dit so belangrik geag dat hy die hele tweede artikel in 'n reeks van drie daaraan gewy het. Hy het destyds gewaarsku dat die beginsel dat *Christus alleen* sy Kerk regeer, gevaar loop om bedreig te word, omdat die nuwe kerkorde – "... en dit wel in verband met die sg. moderamen of moderatuur"[97] – dit nie na behore verwoord het nie.

---

[94] *Appèl ses leraars*, 3, 4.
[95] Sien bladsy 76 e.v.
[96] Vertaling van die Gereformeerde Gemeenten in Nederland.
[97] Vgl. W. D. Jonker, "Die nuwe kerkorde: II". *Die Kerkbode*, lxxxiv (*21*), 25 November 1959, 835 - 837.

### 1.3.3.3 Valse grond vir die tug

Die appellante reken dat dit in die beswaar teen die verkiesing van Naudé nie om tug in die ware sin van die woord kan gaan nie. Die saak wat hulle hier aanspreek is, in samehang met die voorafgaande, 'n belangrike en gewigtige kwessie vir die appèl. Hulle redeneer dat 'n verkose lidmaat slegs om drie redes nie tot die amp toegelaat mag word nie: (i) indien formele kerkregtelike foute begaan is, of aan kerkregtelike vereistes nie uitvoering gegee is nie; (ii) indien die verkose lidmaat nie oor die gawes en talente beskik wat vir die uitoefening van die amp nodig is nie en (iii) indien die persoon in leer of lewe dwaal en dus sondig teen Skrif.

Die beswaar van Potgieter handel nie oor enige van die eerste twee nie. Sy beswaar is alleen dat Naudé "ongehoorsaam" was. Die appellante lei daarvan af dat dit dus *alleen* om die derde gaan: dwaling in leer of lewenswandel. Wanneer iemand op grond van sy gedrag of op grond van 'n dwaling in die leer uit die amp geweer word, kan nie daarmee volstaan word nie. Een of ander vorm van tug behoort ook toegepas te word – anders tree die kerk nie konsekwent op nie. Maar volgens hulle kan die ware tug nie toegepas word nie, aangesien die ware tug, op grond van die Skrif, toegepas word na aanleiding van sonde geen die Here. Die alternatief is volgens hulle, dat dit om iets anders as die ware tug gaan. Dít gebeur wanneer tug toegepas word op grond van ongehoorsaamheid aan die advies van 'n kommissie. Sodoende word 'n valse grond geskep om tug toe te pas.

Dat die appellante ook met hierdie argumentasie 'n senuwee raakboor, word duidelik uit die reaksie van die sinodale regskommissie. In hulle bevinding oor hierdie punt sê hulle: "... derhalwe het ons hier nie te doen met die skepping van 'n grond vir die valse tug nie maar die *beoefening van die ware tug* in breëre sin ooreenkomstig Art. 59[98] van

---

[98] Kerkorde 1962, artikel 59, meld niks van die tug in "breëre sin" nie. Daar is alleen sprake van *sonde*. Die volledige artikel lui:
"Artikel 59:
(a) Die kerklike opsig strek hom uit oor die hele lewenswandel van die lidmate, en die tug gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God en die Belydenis indruis.
(b) In die geval van geheime sondes moet gehandel word volgens die leer van Christus in Matt. 18: 15-16.
(c) In gevalle van openbare ergerlike sondes moet die betrokke kerklike vergadering handel volgens die bepalinge van die Kerk.
(d) Onderskeid moet gemaak word tussen 'n enkele oortreding en volharding in die sonde.

die Kerkorde (ek kursiveer – GJD).”[99] Die erns van hierdie punt word deur die appellante – met beroep op die Skrif (Matt. 18:15) en die Dordtse Kerkorde (artikels 79 en 80) – soos volg beredeneer:

> “Christus (is) die gewer van die amp. Die kerk gee nie die amp nie, maar wys alleen onder leiding van die Heilige Gees aan wie God tot die amp geroep en van die nodige gawes voorsien het. Ook is dit weer Christus Self wat die amp wegneem. Die kerk mag alleen, staande op die hegte basis van die Skrif, uitspraak doen dat Christus volgens Sy Woord sekerlik nie die amp wil lê in die hande van iemand wat so en so dwaal in leer of lewe nie. Hieruit is dit duidelik dat die kerk niemand uit die amp kan weer op grond van dwaling, tensy die kerk bereid is om op grond van die Skrif aan te toon wat dié persoon se sonde teen God is nie.”[100]

Hulle vervolg met ’n verdoemde oordeel – en dáárom word dit ook uitgebreid aangehaal:

> “... ons (moet) dit hiermee uitspreek dat die Ring van Johannesburg daarmee die basis van die Skrif en die Kerkorde verlaat het. Iemand word hier uit die amp geweer, nie op grond van enige dwaling in leer of lewe, nie op grond van sonde nie, maar op grond daarvan dat hy die opinie van ’n kommissie van die Algemene Sinode, wat nog nie eers deur die Algemene Sinode bekragtig is nie, links laat lê het... Want – en dit moet baie duidelik wees – daarmee het die Ring die weg betree van ’n tugoefening wat in flagrante stryd is met art. 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, waarvolgens die tug alleen uitgeoefen mag word ‘volgens Gods Woord’ en nie volgens ‘menslike vindinge’ nie. Dit beteken egter ook dat ... die kerk sy voet sit op die weg van die valse kerk, wat volgens art. 29 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis ‘aan homself en sy verordeninge meer mag en gesag toeskrywe as aan die Woord van God’ en ‘hom meer grond op mense as op Christus, diegene vervolg wat heilig lewe na die Woord van God en wat hom oor sy gebreke, gierigheid en afgodery bestraf’... ’n Kerk wat tug toepas op grond van

[99] *Appèl ses leraars*, 6.
[100] *Appèl ses leraars*, 5.

> Sinodale besluite wat nie direk op die Skrif gebaseer is nie, het die hiërargie binnegelaat, het die wese van die tug geskend en sy voet geplaas op die weg van die valse kerk."[101]

Nêrens in die ringsnotules en notules van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal kon iets gevind word waarin gepoog is om aan te toon dat Naudé se weiering om aan die advies van die Breë Moderatuur gehoor te gee, sonde teen die Skrif is nie. Sy "status" as predikant is hom nie ontneem ná 'n klag teen hom geformuleer, dit ondersoek en hy skuldig bevind is nie. Hy het in diens van 'n buitekerklike organisasie getree en gevolglik (tereg!) sy status verloor. As 'n ongesensureerde lidmaat is hy verkies as ouderling. Die beswaar teen sy verkiesing was "ongehoorsaamheid" aan die advies van die Breë Moderatuur. Tensy aangetoon kon word dat hierdie "ongehoorsaamheid" sonde teen die Here en die Skrif was, was Jonker korrek in sy oordeel dat die uitsprake van kerklike liggame, luidens Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 32, gewoon "menslike versinsels en ... wette (is) wat mense sou wou invoer om God te dien".

Wanneer die vraag nie meer is of gesondig word teen die Skrif nie, maar of reëls en regulasies wat mense daargestel het verbreek/oortree word, word die kerkreg gesekulariseer soos dit tipies in die genootskaplike kerkreg gebeur. Wanneer die advies van die Breë Moderatuur aan die wet van God gelykgestel word, val dit inderdaad soos Jonker interpreteer, onder die oordeel van NGB artikel 29. Dan het die Ned. Geref. Kerk in hierdie spesifieke optrede verword tot die valse kerk. Die kerkorde van 1962, artikel 59 stem daarmee ooreen: die tug gaan oor *sonde*. En sonde word daar gedefinieer as dit wat teen die Woord van God en die Belydenis indruis.

#### 1.3.3.4 Die regering van Christus

Die laaste saak wat deur die appellante aangeroer word, is dat die besluit van die ring (volgens hulle) by die oorgrote meerderheid van die lidmate van die kerk die indruk "werk en voed" dat die kerk 'n persoon uit die amp van ouderling weer

---

[101] *Appèl ses leraars*, 6.

> "... nie op grond van egte, kerklike en Bybelse redes nie, maar op grond van die feit dat dit hier gegaan het oor 'n persoon wat vir 'n deel van die Afrikanervolk onaanvaarbaar geword het om politieke redes... Die brandende vraag is: wie regeer in die kerk, die Woord van God of die wil van die mens?"[102]

Die appellante versoek die Sinodale Kommissie om die (tweede) besluit van die ring tersyde te stel en dit daardeur duidelik maak dat die kerk nie 'n demokrasie is waar die wil van die meerderheid wet is nie, maar dat die Ned. Geref. Kerk alleen deur Christus regeer word. Hulle versoek aan die Sinodale Kommissie is dus om 'n fundamentele kerkregtelike keuse te maak: om die rug op die genootskaplike kerkreg te keer en 'n duidelik te maak dat alleen die Woord van God in die kerk regeer.

#### 1.3.3.5 Bevinding van die regskommissie

Die regskommissie het al die besware van die appellante – sonder enige behoorlike (skriftelike) beredenering van sy standpunt óf vir die afwysing van die appèl – van die hand gewys. In Mei 1965 het die Sinodale Kommissie die verkiesing van Beyers Naudé as ouderling van die gemeente Parkhurst, ongeldig verklaar.[103]

Aan die begin van hierdie verhandeling is daarop gewys dat Jonker sy toetrede tot die openbare debat oor die teologie van die Ned. Geref. Kerk gemaak het oor die volkskerkkarakter wat die kerk aangeneem het. Hiér dui Jonker en sy medestryders aan tot watter uiterstes die volkskerk-teologie gegaan het. Om die volk ter wille wees, is Skrif en belydenis tersyde gestel en is *sola scriptura* vervang met *vox populi*. J. J. F. Durand is reg: vir Jonker, wat so lojaal aan die Ned. Geref. Kerk was, moes dit moeilik gewees het om steeds aan 'n kerk lojaal te bly wat hy beskuldig het dat hy sy voete op die pad van die valse kerk gesit het – en deur die beslissing oor die appèl van Jonker en sy vriende getoon het dat hy op die pad volhard.

---

[102] *Appèl ses leraars*, 6, 7.
[103] Naudé. *My land van hoop*, 80.

## 2. Jonker en die klag teen dr. B. J. Engelbrecht

Deel van die saamgebinde bladsye waarvan hierbo reeds melding gemaak is, is 'n tweede dokument met die opskrif: "*Konsiderasies en Bevindinge van die Ringskommissie*".[104] Kortliks: ook dié dokument was in Jonker se besit en die styl en argumentasie is tipies Jonker. Hy was indertyd voorsitter van die Ring van Johannesburg en het as sodanig op die ringskommissie gedien. Hy was ook aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal en moes aan ringe en gemeentes kerkregtelike leiding gee. Dit is moontlik dat Jonker die basis dokument opgestel het en dié dokument word nou bespreek.

Hierbo is reeds aangedui dat ouderling P. J. Potgieter beswaar teen die verkiesing van Naudé as ouderling aangeteken het. Die kerkraad van Parkhurst het op 5 Mei 1964 'n vergadering, onder voorsitterskap van dr. B. J. Engelbrecht, konsulent van die gemeente, gehou. Toe die kerkraad die besware van Potgieter verwerp het, het hy na die Ring van Johannesburg appelleer. Die grond vir sy appèl was dat Engelbrecht bevooroordeeld was en die kerkraad beïnvloed het. Ter vergadering het Potgieter nuwe stukke aan die ring voorgelê waarin Engelbrecht ook aangekla is dat hy – soos Naudé – ongehoorsaam was aan die besluite van die Sinode van Suid-Transvaal. As voorbeelde van Engelbrecht se "ongehoorsaamheid" word sy medewerking aan die blad *Pro Veritate* en sy lidmaatskap van die Christelike Instituut van Suidelike Afrika genoem. Dié aangeleentheid is eers na die ringskommissie – onder voorsitterskap van Jonker – verwys vir ondersoek.[105]

Dié appèl teen die kerkraad se besluit, het die wiel aan die rol gesit om Engelbrecht óók voor stok te kry. Engelbrecht was lank reeds vir sekere groeperinge binne die Ned. Geref. Kerk onaanvaarbaar. Hy was een van die skrywers van die boekie, *Vertraagde Aksie,* wat soveel opspraak verwek en teenstand opgeroep het. Die ringskommissie het vergader, die saak ondersoek en besluit om by die ring aan te beveel dat die appèl in sy

---

[104] Sien: *Aanbeveling van die ringskommissie insake klag teen dr. B. Engelbrecht*. Jonker Digitale Argief: www.williejonker.co.za. Vgl. ook voetnoot 47 hierbo. Vir agendas van die Sinodale Kommissie sien NG Kerk in SA Argief SIN 1314; vir notules van die appèlle wat deur die Sinodale Kommissie hanteer was, sien NG Kerk in SA. SIN 1376.
[105] Vgl. Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 2 Julie 1964, 4; NG Kerk in SA Argief, Ring 463.

geheel van die hand gewys moet word. Die klagte, die beredenering van die aangeleentheid en die ringskommissie se aanbeveling stem ooreen met dié in *Appèl ses leraars teen ringsbesluit* en hoef nie herhaal te word nie. Wat wel nuut en anders is, is die laaste twee (van drie) aanbevelings wat die ringskommissie ter oorweging aan die ring voorlê:

> "(b) Om Dr. Engelbrecht egter aan te raai om in die lig van die besluit van die Sinode insake *Pro Veritate* nie verder met die blad mee te werk nie;
> "(c) Om Dr. Engelbrecht aan te raai om hom in die lig van die besluit van die Breë Moderatuur ernstig rekenskap te gee van die vraag of dit wenslik is om voort te gaan met sy lidmaatskap aan die Christelike Instituut."

Aanbeveling (b) verduidelik enigsins waarom Jonker – alhoewel in die eerste uitgawe van Pro Veritate aangekondig was dat hy gedurende die jaar 'n artikel in drie aflewerings oor die verhouding tussen die drie Afrikaanse Kerke in dié blad sou publiseer[106] – nooit sover gekom het nie. Hierbo is aangedui dat Jonker betrokke was by die oprigting van die blad. Daar is egter ook aangedui dat hy die bestaansreg van die Ci prinsipieel onhoudbaar gevind het. Aanbeveling (c) is in ooreenstemming met laasgenoemde. Jonker sou waarskynlik nie 'n probleem hê met die oprigting van 'n blad as sodanig nie. Publikasie bevorder gesprek. Dit oortree nie op die terrein van die kerk nie. Met *Pro Veritate* is dit dus prinsipieel anders as met die Ci. Nogtans het Jonker verkies om hom daarvan te weerhou om die besluit van die Sinode van Suid Transvaal – waarin lidmate en ampsdraers versoek is om nie met dié blad mee te werk nie – te verontagsaam. Ten spyte van die feit dat hy die "houding van die kerk ongereformeerd en polities-geïnspireerd gevind"[107] lééf hy sy kerkregtelike oortuigings.

Hierbo is verwys na Jonker se advies aan Naudé oor die vraag of hy teen die besluit van die Eksamenkommissie mag appelleer. Hy is aangehaal dat Naudé selfs verplig is om te appelleer. In Jonker se intreerede by Unisa waaraan in hoofstuk sewe aandag gegee sal word, word dit duidelik wat die oorsprong van dié kerkregtelike advies is. Hy verwys in voetnoot 113 na die nuwe kerkorde van die Gereformeerde Kerken

[106] Vgl. *Pro Veritate* Jaargang 1 nr. 1, 15 Mei 1962, 3
[107] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 60.

Nederland 1959, artikel 29 (2) waarin neergelê word dat iemand met Skriftuurlike besware *verplig* is om in appèl te gaan. Dié artikel gaan vêrder en bepaal dat niemand verplig sal word tot medewerking aan die besluit nie, maar "... met dien verstande, dat ze zich voor het overige te gedragen hebben naar de door de desbetreffende vergadering gegeven aanwijzingen."[108] Dáárom het Jonker nie die besluit van die Sinode van Suid Transvaal verontagsaam nie en raai hy Engelbrecht aan om dieselfde te doen.

Die uiteinde van die saak was dat Engelbrecht ook sy status verloor het toe hy redakteur van *Pro Veritate* geword het.[109] Ook hy appelleer na die Sinodale Kommissie, maar net soos in Naudé se geval, word die appèl ook as "nie ontvanklik nie" verwerp.[110]

### 3. Jonker versus Treurnicht – Die Kerkraad, Ring en die Ci

Vervolgens word aandag gegee aan Jonker se skerp reaksie op die standpunt wat Dr. A. P. Treurnicht, redakteur van *Die Kerkbode*, in 'n redaksionele kolom ingeneem het. Treurnicht het hom dit klaarblyklik ten doel gestel om gereeld die Ci – en enige iemand wat hy enigsins met die organisasie kon verbind - in sy redaksionele kolomme voor stok te kry. Naudé self skryf dat hy en die Ci by herhaling in *Die Kerkbode* deur die redakteur aangeval is – hy praat selfs van georkestreerde aanvalle.[111] Dit gaan nogmaals om "gehoorsaamheid" in genootskaplik-kerkregtelike sin aan die besluite van meerdere vergaderinge, soos in die gevalle van die appèlle hierbo.

Oor die hele Naudé–Ci-sage is wyd in die pers gerapporteer. Van weerskante van die politieke spektrum is dié saak met valkoë dopgehou. Ook kerkmense het probeer om die pers in te span om hulle standpunte aan 'n breër gehoor bekend te stel. Reeds op die tweede sittingsdag van die buitengewone ringsvergadering van die Ring van

---

108 Sien Kerkorde GKN 1959, art. 29 by http://kerkrecht.nl/content/kerkorde-gkn-1957-art-29
109 Sien *Notule van die kommissie van eksaminatore, 16 Junie 1965*. NG Kerk in SA Argief, DIV 1130.
110 Sien *Notule van die dertiende gewone vergadering van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal*; NG Kerk in SA Argief SIN 1333.
111 Naudé. *My land van hoop*, 86. Vgl. bv. die eerste redaksionele kommentaar deur Treurnicht oor die Ci, waarin hy skerp afwysend en selfs veroordelend daarteenoor staan. Treurnicht is van oordeel dat die "Instituut met sy toespitsing op eenheid en broederskap, bedoel is om ons Afrikaanse kerke die leviete voor te lees oor ons beleid van afsonderlike kerke vir die verskillende volksgroepe." Vgl. redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcii (*10*), 18 September 1963, 380. Reeds die volgende week plaas hy sy tweede kommentaar -dié keer oor Naudé self en met name oor sy afskeidspreek in Aasvoëlkop. vgl. redaksioneel: *Die Kerkbode*, xciii (*11*), 25 September 1963, 488, 489; ens.

Johannesburg op 30 Junie 1964 (i.v.m. die verkiesing van Naudé as ouderling), is 'n mosie aanvaar waarin die ring sy sterkste afkeur uitspreek teenoor diegene wat "reeds die nag na die vergadering (die eerste sittingsdag 23 Junie 1964 – GJD) inligting aan die pers verskaf het."[112]

Soos genoem, reageer Jonker teen Treurnicht se standpunt in die redaksionele kolom van *Die Kerkbode* van 28 Junie 1967. Treurnicht het reeds in die redaksionele kolom van 31 Mei 1967 tot dié gesprek toegetree – juis na aanleiding van persberigte. Op 28 Junie neem Treurnicht die pen op teen die kerkraad (van Parkhurst, maar sonder om hulle by die naam te noem) oor hulle skynbare traagheid om tug toe te pas op lidmate (Naudé) wat weier om die Algemene Sinode se besluite oor die Ci uit te voer. Hy skryf: "Die verontskuldiging dat tug slegs in geval van sonde teen God toegepas word en dat die betrokke lidmaat in die lig daarvan nie tugwaardig is nie, is 'n bietjie te vroom."[113] Dit was Jonker se standpunt waarna hierbo verwys is. Treurnicht verwerp ook Jonker se waarskuwing dat die kerk hom op die weg van die valse kerk plaas indien hy wel mense oor iets wat nie duidelik sonde is nie, wil tug:

> "Ons het gelet op die waarskuwing teen menslike vindinge en wette waardeur mense se gewetens gebind kan word (Art. 32, Ned. Geloofsbelydenis). Maar dit was geen willekeurige menslike 'binding' toe ons aan lidmate die veelvuldige implikasies van die standpunt en optrede van die Instituut aangetoon en hulle vermaan het om hulle daaraan te onttrek nie."[114]

Hierop het Jonker nie gereageer nie, maar prof. P. A. Verhoef wel. Hy meld dat hy na die pen gegryp het na aanleiding van 'n koerantberig waarvolgens "enkele lede van die Breë Moderatuur" – waarvan Treurnicht lid was[115] en dus bes moontlik een van die persone kon wees na wie Verhoef verwys – kerkrade adviseer om dissiplinêr teen lidmate wat nie as lidmate van die Ci bedank nie, op te tree. Die opskrif van Verhoef se brief in *Die Kerkbode* pleit: "Doen dit asseblief nie!"[116] 'n Week later volg prof. B.

---

[112] Notule van buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 30 Junie 1964, 2.
[113] Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcix (*22*), 31 Mei 1967, 748.
[114] Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcix (*22*), 31 Mei 1967, 748.
[115] Sien redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcviii (*17*), 26 Oktober 1966, 589.
[116] P. A. Verhoef. 1967. "Doen dit asseblief nie!", *Die Kerkbode*, xcix (*23*), 7 Junie 1967, 810.

B. Keet hom na met ’n brief onder die opskrif “’n Woord van waarskuwing”.[117] Dié twee opskrifte spreek vanself en het nie verdere verduideliking nodig nie.

Twee weke na prof. Keet se woord van waarskuwing – op 28 Junie 1967 – hervat Treurnicht die onderwerp van voortgesette lidmaatskap van die Ci in sy redaksionele kolom. Hy skryf na aanleiding van ’n besluit van die Ring van Johannesburg, wat op 15 Junie 1967 vergader het, om navraag te doen oor die gronde vir die besluit van die Algemene Sinode van 1966, waarin die Ci as “dwaalrigting” verwerp is.[118] Treurnicht het die Algemene Sinode se besluit[119] volledig in sy redaksionele kolom van 2 November 1966 opgeneem en omvattend daarop ingegaan onder die opskrif: “Duidelike besluit oor Instituut”. Treurnicht skryf:

> “Blykbaar word die volle erns waarmee die sinode en die hele kerk die saak bejeën, nie besef nie. Die Instituut is as ’n *dwaalrigting* verwerp. Die vraag is nou of diegene wat hulle in weerwil van die sinodale besluit volhardend met die dwaalrigting vereenselwig, nie daardeur self hul lidmaatskap van die kerk in die gedrang bring nie. In die praktyk neem die kerkraad van Parkhurst en die Ring van Johannesburg nou persone in beskerming van wie die sinode verklaar het dat

---

[117] B. B. Keet. 1967. “’n Woord van waarskuwing”, *Die Kerkbode*, xcix (*24*), 14 Junie 1967, 841.
[118] Die Ring vra: “(i) In die lig van watter skriftuurlike gronde het die Algemene Sinode tot sy konklusies oor die C.I. gekom en sy besluit wat daaruit voortgevloei het? (ii) Watter bewyse en ander ter sake inligting het die Sinode tot sy insae gehad wat hom tot sy bevindinge en besluit gelei het, waarmee ons die gemeente kan dien ten einde die besluit van die Algemene Sinode te implementeer?” Sien *Notule buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 15 Junie 1967*; NG Kerk in SA, Ring 463.
[119] Die volledige besluit van die sinode lui:
“Aangesien die Christelike Instituut van Suidelike Afrika
a) ’n buitekerklike organisasie is;
b) mededingend met die kerk op kerklike terrein optree;
c) voorgee om die taak van die kerk beter te verrig as wat die kerk dit self doen;
d) almal wat voorgee om Christene te wees, met insluiting van Rooms-Katolieke, in een organisasie wil saamsnoer en daardeur ons Protestantse Belydenis, volgens die Skrif en soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid, verloën en ook in stryd met die ondertekeningsformulier vir predikante is;
e) die kerk se Skrif verantwoorde en beproefde sendingbeleid weerstrewe;
f) ’n uiters bedenklike kerkbegrip en opvatting oor ekumenisiteit huldig en voorgee dat die eenheid van die kerk in ’n eenheid van uiterlike organisasie gedemonstreer en bevorder moet word;
g) deur sy optrede en openbare uitsprake die Skrif-gefundeerde kerklike gesag ondermyn en tweedrag in gemeentes bevorder;
*besluit die Sinode*:
a) om die Christelike Instituut te verwerp as ’n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweed rag onder lidmate saai;
b) dat ampsdraers en lidmate hulle uit lojaliteit teenoor hul kerk aan die Christelike Instituut moet onttrek en onwankelbaar trou te staan in hul liefde vir hul eie kerk as ’n stigting van God deur Jesus Christus.” Vgl. *Die Kerkbode*, xcviii (*18*), 2 November 1966, 621.

> hulle 'n dwaalrigting volg. En tog is die besluit van die sinode bindend vir sowel die kerkraad as die ring. Albei sal hul posisie in hierdie saak moet heroorweeg, net soos die betrokke lidmate."[120]

In geen onduidelike taal nie sê Treurnicht dat hulle hul moet hou by die "bindende besluite" van die Algemene Sinode – so nie, beskerm hulle 'n "dwaalrigting" en moet hulle hul posisie heroorweeg. As voorsitter van die Ring van Johannesburg wil Jonker die saak in die reine bring en die lesers inlig oor die juiste stand van sake. Hierdie skrywe van Jonker moet in die lig van veral sy artikels, *Die aard van kerklike gesag,* wat hierbo bespreek is, en die hele proses rondom Naudé gelees word. In hiérdie brief spreek Jonker moontlik die skerpste kritiek ooit teen iemand in 'n leiersposisie in die Ned. Geref. Kerk uit. Nooit tevore of hierna sou hy hom só skerp uitlaat nie:

> "Die redakteur van *Die Kerkbode* neem sake wat nog voor kerklike vergaderinge moet dien, in die redaksionele kolomme in behandeling, spreek 'n oordeel daaroor uit, oordeel selfs oor die motiewe van kerklike ampsdraers wat in die sake moet handel, deel dreigemente en waarskuwings uit en gee op die manier 'n volbloed-pouslike "leiding" aan die kerk. As die kerk hom nie betyds oor hierdie manier van optrede van 'n kerklike amptenaar gaan besin nie, voorsien ek 'n ontwikkeling wat ons maar kan laat vergeet dat ons kerkregtelik gereformeerd wil wees."[121]

Dit wil vir hom voorkom asof daar sommige is wat van mening is dat die besluit van die Algemene Sinode in 1966 oor die Ci beteken dat almal wat lede van die organisasie is, summier voor 'n keuse gestel moet word om óf uit die Ci te bedank, óf hulle name word uit dié lidmaatregisters van die Ned. Geref. Kerk geskrap. Laasgenoemde is die ergste en finale stap van die kerklike tughandeling: die uitbanning van 'n lidmaat. Dit kan ten enemale nie só nie en dit mag kerkregtelik ook nie só gedoen word nie. Die kerk sal daardeur sy eie kerkreg "verkrag".[122]

---

[120] *Die Kerkbode*, xcix (*26*), 28 Junie 1967, 892.
[121] W. D. Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135.
[122] Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135.

Die Algemene Sinode se besluit is volgens Jonker só bewoord dat dit die tug "*eis*". Die kerkraad van Parkhurst het dan ook presies dít gedoen: lidmate wat lede van die Ci was, is vermaan en "(d)ie betrokkenes is opgeroep en elkeen van die punte van die motivering van die Sinodale besluit is as 'n klag teen hulle gehanteer." Na ondervraging "... van twee ure lank ... het die kerkraad eenparig tot die gevolgtrekking gekom dat hy in die lig van die Skrifuitsprake oor die kerklike tug, die belydenis-uitsprake oor die tug en die kerkordelike bepalings oor die tug nie teen hierdie mense met die tug mag optree nie."[123] Die ring het op sy beurt die optrede van die kerkraad ondersoek en geoordeel dat die kerkraad korrek opgetree het. Die ring het egter 'n verdere stap geneem deur die kerkraad te vermaan om die volle kerklike pad te loop en 'n gravamen teen die besluit van die Algemene Sinode in te dien.

Wat verder in die brief opval, is dat Jonker skryf "Ek kan u die versekering gee dat ons in die Ring van Johannesburg hartlik moeg is vir die Ci en diegene wat altyd weer sonder verposing die vuur om die Ci aanblaas... Ons is moeg daarvoor om kosbare dae en nagte af te staan vir Ringsake oor hierdie beweging..."[124]

Twee dinge kan uit bostaande afgelei word: in die eerste plek dat die kloof tussen Jonker en Naudé al wyer geword het; in die tweede plek dat Jonker met alle mag en ywer daarna gestreef het dat die kerkreg, wat in die kerkregtelike sage rondom Beyers Naudé afgespeel het, op die suiwerste Bybels-teologiese beginsels gebaseer en toegepas word. Soos hierbo geblyk het, kon hy nie daarin slaag nie.

## 4. Jonker teen die Broederbond

Jonker skryf redelik uitvoerig – van bladsy 69 tot 75 – in sy semi outobiografie *Selfs die Kerk kan verander* oor die hele Afrikaner Broederbond-episode en sy verhouding met dié organisasie. Maar, soos telkens in dié hoofstuk, het die 'n storm om die kop van Beyers Naudé losgebars en die kerklike en teologiese debat geïnisieer. Gedurende 1964 het 'n polemiek oor die Afrikaner Broederbond (AB) vir etlike maande in *Die Kerkbode* gewoed. Dit het begin met 'n artikel van dr. J. D. W. Kritzinger van

---

[123] Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135.
[124] Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 136

Germiston in *Die Kerkbode* van 5 Februarie 1964 onder die opskrif: "Die Christen en geheime bewegings".[125] Vóór die polemiek in 1964 in *Die Kerkbode,* het 'n reeks insidente in 1963 plaasgevind wat sonder twyfel tot skryf van die artikel en die polemiek wat daarop gevolg het, aanleiding gegee het. Daaraan gaan eers in breë trekke aandag gegee word.[126]

### 4.1. Aanleiding

In Mei 1963 publiseer prof. A. van Selms 'n pamflet met die titel: *Kerk en Geheime Organisasie, met verwysing na die Vrymesselary en die Broederbond*.[127] Van Selms was een van die teoloë wat 'n bydrae in die boek *Vertraagde Aksie* gelewer het. Dié boek, wat onder redaksie van prof. Albert Geyser uitgegee is, is in hoofstuk 3 bespreek. Engelstalige koerante het Van Selms se pamflet aangeprys, maar die Afrikaanse pers het dit veroordeel.

Naudé – wie se vader 'n stigterslid van die Broederbond was en op 2 Julie 1918 tot eerste president van die organisasie verkies is[128] – het na die publikasie vir Van Selms besoek en 'n indringende gesprek met hom oor die AB gevoer.[129] By Naudé jr. het bedenkinge oor die AB begin groei.[130] Hy het daaroor met prof. Albert Geyser – 'n sielsgenoot van Naudé en lid van die Ci – gaan praat. Geyser was lidmaat van die Hervormde Kerk en destyds verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Naudé wou met Geyser praat om ook sy advies oor die AB in te win.

---

125 J. D. W. Kritzinger. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciii (*6*), 5 Februarie 1964, 190-193.

126 Vir 'n breër uiteensetting vanuit joernalistieke oogpunt, sien J. H. P. Serfontein. 1982. *Apartheid, change and the NG Kerk*. Emmarentia, South Africa: Taurus, 207 – 216. Serfontein was sedert 1965 'n joernalis by Sunday Times. Hierdie boek is gebaseer op berigte wat in Sunday Times verskyn het. Genoemde bladsye (207 – 216) is ook die volledige teks van die vierde hoofstuk in 'n vroeëre boek van hom: J. H. P. Serfontein. 1979. *Brotherhood of power: an exposé of the secret Afrikaner Broederbond*. London: R. Collings.

127 A. van Selms. 1963. *Kerk en geheime organisasie, met verwysing na die Vrymesselary en die Broederbond*. Pretoria: die skrywer.

128 Naudé. *My land van hoop*, 16. Vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 4.

129 C. J. Labuschagne. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid: achtergrondinformatie van een medestrijder van het eerste uur*. Leeuwarden: Christelijk Gymnasium Beyers Naudé, 14.

130 Vgl. Colleen Ryan. 1990. *Beyers Naudé: pilgrimage of faith*. Kaapstad: D. Philip, 86 -95.

Naudé het as voorsitter van die AB afdeling Aasvoëlkop, dokumente van die AB uit die sekretaris van die organisasie se huis gaan haal. Die sekretaris was egter nie tuis nie (waardeur Naudé homself aan die beskuldiging van diefstal blootgestel het).[131] Naudé het die dokumente aan Geyser oorhandig. Geyser het die dokumente gefotografeer en die negatiewe – sonder Naudé se medewete – aan 'n vriend van hom, Charles Bloomberg, politieke verslaggewer van die (Suid-Afrikaanse) *Sunday Times,* gegee.[132] Dié Engelse koerant het vanaf 21 April 1963 op agtereenvolgende Sondae in 'n reeks berigte opspraakwekkende onthullings oor die werkswyses van die Broederbond gemaak.[133]

Die Uitvoerende Raad van die AB het in 'n verklaring vir Naudé van diefstal beskuldig.[134] Dié klag is egter nooit deur die polisie nie, maar wel deur die veiligheidspolisie ondersoek: toe Naudé sy oë weer uitvee, daag die hoof van die veiligheidspolisie, die bekende kolonel "Lang Hendrik" van den Berg, by die kantore van die Ci op![135] Hy wou by Naudé vasstel of hy inderdaad die AB-dokumente aan Geyser oorhandig het.[136] Naudé het dit bevestig. Jonker skryf (met 'n tikkie galgehumor) dat dit het soveel opspraak verwek het dat 'n radioprogram

> "... met noodseine onderbreek en 'Hier volg 'n belangrike aankondiging'. 'n Mens het verwag dat êrens oorlog uitgebreek het of so-iets. Maar nee, dit was om aan te kondig (as 'n saak van nasionale belang) dat die polisie nou vasgestel

---

[131] Sien Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 73.
[132] Colleen Ryan. 1990. *Beyers Naudé*, 88
[133] Sien Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 73, Naudé. *My land van hoop*, 16. C. J. Labuschagne. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid:* 16; Nico Smith. 2009. *Die Afrikaner Broederbond: belewinge van die binnekant*. Pretoria: LAPA Uitgewers, 28, 103, 130, 191. Dié boek van Nico Smith is nie 'n histories-wetenskaplike dokument oor die AB nie, maar die "verhaal", soos hy dit noem, van sy persoonlike ervaring in en met die AB.
[134] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 75. Labuscagne, wat homself op die titelblad van sy lesing "een medestrijder van het eerste uur" van Beyers Naudé noem, skryf: "De Broederbond had meteen aangifte van diefstal gedaan." Sien C. J. Labuschagne. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid:* 16.
[135] Naudé. *My land van hoop*, 16. C. J. Labuschagne. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid:* 16.
[136] Nico Smith skryf dat hy twyfel het of "Naudé met hom eerlik was ..." toe laasgenoemde teenoor hom volgehou het dat hy nie van Geyser se optredes geweet het nie. Sien Nico Smith. 2009. *Die Afrikaner Broederbond*, 104 – 106. Later skryf hy dat Naudé sy standpunt oor die AB verander het en "... wesenlik niks teen die bestaan en funksionering van die AB te sê gehad het nie." Sien Nico Smith. 2009. *Die Afrikaner Broederbond*, 193 – 196

> het wie die teoloog is aan wie Beyers Naudé die dokumente van die Broederbond oorhandig het."[137]

In die tyd het Naudé een oggend vroeg by Jonker opgedaag, "sigbaar ontsteld ... Hy het verward voorgekom en nie geweet wat om te doen nie." Naudé het vertel dat die polisie vasgestel dat die geheime dokumente van hom afkomstig was. "Ek het hom probeer kalmeer, vir hom 'n gebed gedoen ..."[138] – so was Jonker inderdaad, nie alleen teoloog en kerkregkundige nie, maar ook pastor. Tot sover Naudé se rol en die agtergrond van die polemiek. Nou verskuif die fokus terug na Jonker en sy siening van die AB.

### 4.2. Jonker en lidmaatskap van geheime organisasies

Jonker was van die begin af baie krities jeens die AB. Hy is in 1958 genader om lid van die AB te word. Hy sê dat hyself op daardie stadium nie veel van die AB geweet het nie, slegs dat sy skoonpa, mnr. P. C. Rossouw wat 'n onderwyser was, kritiese opmerkings oor sy ondervindings in die onderwys met die AB gemaak het. Maar dan:

> "Ek wou die saak egter graag met één ander persoon bespreek, en dit was Beyers Naudé... Hy het my sterk aangeraai om ook 'n lid te word. Maar toe maak hy die fout en sê dit sou my soveel meer invloed in die kerk en samelewing gee, omdat mense my dan sou vertrou... Dis tog onaanvaarbaar dat lidmaatskap van 'n vertroulike organisasie aan 'n predikant invloed in die kerk moet gee. Dan hoef ek maar liewer geen invloed te hê nie. Daarmee was die saak meteens vir my uitgemaak. Terug in Johannesburg het ek ... gesê dat ek dit liewer nie sal aanvaar nie."[139]

Teen hierdie agtergrond kan aandag aan die polemiek oor die AB, wat na die artikel van dr. J. D. W. Kritzinger in *Die Kerkbode* losgebars het, gegee word. Dié Kritzinger is dieselfde persoon wat in die Eksamenkommissie laat aanteken het dat hy in die minderheid gestem het toe Naudé se ampstatus van hom weggeneem was. Kritzinger bewoord sy artikel baie versigtig en noem nêrens die naam van die AB nie. Hy maak

---

[137] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 75.
[138] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 74.
[139] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 70.

ook geen verwysing na Van Selms se brosjure nie. Hy gaan uit van die Ned. Geref. Kerk se standpunt oor die Vrymesselary en gebruik die boek van ds. F. N. van Niekerk, *Vrymesselary, Sy Geheime en Gevare* om op die gevare van alle geheime organisasies te wys. Hy verwys na die besluit van die Sinode van Transvaal in 1957 teen die Vrymesselary en sê dan: "Ons mag dit egter nie beperk tot die eksklusiewe broederskap van die Vrymesselary nie; dit geld van elke eksklusiewe, geheime broederskap."[140] Hy sluit dan ook met dié suggestie af:

> "In die lig van bogaande oorwegings kan ons slegs tot een gevolgtrekking geraak en dit is dat *alle geheime bewegings kragtens hulle aard vir die kerk groot gevare inhou*. Daarom ag ons dit ook noodsaaklik dat die Sinode van Suid-Transvaal sy besluit oor hierdie saak in hersiening sal neem en dat die Algemene Sinode sy besluit oor lidmate wat aan die Vrymesselary behoort, sal uitbrei tot alle lidmate wat lede van enige geheime organisasie is."[141]

Daar was onmiddellik reaksie: dr. D. F. du T. Malherbe, 'n selferkende lid van die AB, uit die Mosselbaaise distrik, skryf dat Kritzinger se artikel oor "*sogenaamde* geheime organisasies" 'n aanval is op "...die beste en heilsaamste organisasie wat nog ooit in ons geliefde vaderland tot stand gebring is". Hy noem dit 'n "geseënde instelling" en dat die organisasie met goeie rede "sy verrigtinge en lidmaatskap *vertroulik* en beperk hou". Dit is 'n fout, reken hy, om dié liggaam in dieselfde asem as ander "geheime organisasies" soos die Vrymesselaars te noem weens laasgenoemde se loëning van Christus.[142] So duur die polemiek voort en telkens word onder skuilname geskryf. Daar is nog ander soos Lidmaat, Transvaal,[143] Amptenaar, Pretoria,[144] ens. wat aan dié polemiek deelgeneem het. 'n Uitsonder was mnr. N. F. Botha van Brandfort.[145] Opvallend is "Versigtig en Opreg" (klaarblyklik 'n sinspeling op Matt. 10:16 "wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe") van "Duiwekop" wat – in tipiese

---

140 Kritzinger. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciii (*6*), 5 Februarie 1964, 191. Hiermee stem die siening van Jonker ooreen. Hy skryf dat die kerk die Vrymesselaars veroordeel het "...onder andere juis omdat dit 'n geheime organisasie was." – vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 71.

141 Kritzinger. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciii (*6*), 5 Februarie 1964, 192, 193.

142 *Die Kerkbode*, xciii (*10*), 4 Maart 1964, 323 – 324.

143 *Die Kerkbode*, xciii (*17*), 22 April 1964, 451, 452.

144 *Die Kerkbode*, xciii (*17*), 22 April 1964, 452.

145 *Die Kerkbode*, xciii (*11*), 11 Maart 1964, 353, 354.

alarmistiese taal van destyds waarsku dat ons moet besef "...dat ons in 'n totale oorlog gewikkel is, en die oorlog eis spesifieke strydmetodes..."[146]

Jonker het aanvanklik nie by die polemiek betrokke raak nie. Die debat het aanvanklik rondom die vraag of die AB 'n drukgroep binne die Ned. Geref. Kerk is of nie, gesentreer. Voor- en teenstanders het met allerlei pragmatiese argumente vorendag gekom, maar wat vir Jonker en sy medeleraars in Braamfontein (drr. Barnard en Venter) na die pen laat gryp het, was 'n brief in *Die Kerkbode* "Die Christen en Geheime Bewegings – 'n Positiewe Benadering" uit die pen van "Kaaplandse Leraar".[147] Jonker was op daardie studium reeds daarvan oortuig dat die AB – nie noodwendig op 'n georganiseerde wyse nie, maar deur sy individuele lede – groot invloed op die kerk uitgeoefen het. So het hy "... reeds geweet dat baie sleutelposisies in die Afrikaanse kerke, die onderwys, die kulturele lewe, die Nasionale Party, die SA Uitsaaikorporasie en die Afrikaanse perswese deur lede van dié organisasie gevul was."[148] Volgens hom het die Broederbond in 'n byna onaantasbare posisie verkeer. Onder die dekmantel van die "beswil van die Afrikanervolk" is die openbare mening ideologies beïnvloed sonder dat enigsins buite die organisasie rekenskap gegee is.

Die vraag na wanneer die pragmatiese beredenering verskuif het na 'n teologiese debat oor geheime bewegings in die kerk, word só prof. J. J. F. Durand beantwoord: "Wanneer Willie Jonker en sy twee Braamfonteinse kollegas, (Andries Venter en Attie Barnard) tot die debat toetree, vind daar 'n fundamentele verskuiwing in die argumentering plaas".[149] Jonker en sy kollegas wil nie aan 'n politieke gesprek of gemene verdagmakery deelneem nie. Hulle wil ook nie pragmatistiese vrae na die beste belange wat met geheime organisasie bereik kan word vra nie. Hulle "...wil vra wat die sentrale getuienis van die Woord van God en die teologiese beginsels is wat ons in die

---

[146] *Die Kerkbode*, xciii (*11*), 11 Maart 1964, 353. Die adres "Duiwekop" is nie algemeen bekend nie. In 'n advies wat hy onder die datum 13.7.1964 aan die Sinode van Suid-Transvaal gee dr. J. D. Vorster sy adres aan as Gardenialaan, *Duiwekop*, Kaapstad (sien NG Kerk in SA Argief, SIN 1376) maar in die *Jaarboek, 1964* is dit Gardenialaan 17, Duiwelspiek-Landgoed, Kaapstad. (sien *Jaarboek van die Ned. Geref. Kerke 1964*. Kaapstad, NG Kerk-Uitgewers, 230) "Versigtig en Opreg" kon moontlik ook in dieselfde naam vir dieselfde woonbuurt gebruik het.
[147] *Die Kerkbode*, xciii (*22*), 27 Mei 1964, 717 – 719.
[148] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 71.
[149] J. J. F. Durand. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk" in P. F. Theron, and Johann Kinghorn. 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 67.

beoordeling van die geheime bewegings behoort te lei"[150] – dáárin lê die fundamentele verskuiwing. En tog vind Durand in "... hierdie brief die skerpste kritiek wat Willie Jonker, voor of daarna, teen die NGK sou uitspreek."[151]

Jonker en sy twee kollegas uit Braamfontein toon dat "Kaaplandse Leraar" se Skrifberoep vir die regverdiging van 'n vertroulike organisasie soos die Broederbond, heel onhoudbaar is. Hulle skryf dat die duidelike en sentrale boodskap van die Skrif, die hele aard van die Skrif, nie geheimhouding is nie, maar openbaring, bekendmaking, aan die lig bring. Die evangelie is nie 'n geheime leer nie; die kerk is vir almal kenbaar; die lewenswandel van gelowiges moet dié van "kinders van die lig" wees; al hulle werke moet die toets van die daglig kan deurstaan. Dit is 'n wesenskenmerk van die kwaad dat dit die duisternis en verborgenheid soek, maar die goeie kan die toets van openheid deurstaan.[152] 'n Geheime beweging onttrek juis dit wat tot die openbare lewe behoort om dit in die geheim te doen en daardeur word dit ook aan openbare beoordeling in die lig van die Woord van God onttrek. Dit gaan nie maar om private sake nie, maar sake van openbare belang, "...sake wat dikwels teologiese implikasies het en met die lewe van die kerk ten nouste gemoeid is."[153]

Jonker en sy kollegas rig skerp en fel kritiek teen die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk geheime bewegings beoordeel het. Die geskiedenis toon dat die Ned. Geref. Kerk met dubbele maatstawwe gemeet het: aan die een kant is die Vrymesselaars herhaaldelik ondersoek en is uitvoerige en deeglike bronne-studie gedoen. Die argumentasie is teologies en die Skrif word hanteer. Die organisasie word op grond daarvan veroordeel. Geheimhouding as sodanig dien as grond vir die veroordeling van die Vrymesselary. Aan die ander kant is die AB slegs een keer ondersoek, en dan op grond van "uiters karige (kwantitatief en kwalitatief) literatuur" beoordeel en dan op só 'n wyse asof die ondersoek eens en vir altyd afgehandel is. By die AB vind die beoordeling nie op grond van teologiese argumente plaas nie en word die Skrif nie hanteer nie. By die AB is geheimhouding vergoeilik en die AB word vrygespreek. Hoe is dit moontlik dat die

---

[150] *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 86.
[151] Durand. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk", 67.
[152] W. D. Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 86.
[153] Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 86.

twee geheime organisasies so verskillend beoordeel word? Volgens Jonker-hulle, omdat so baie predikante en ouderlinge van die kerk aan die AB behoort en die AB dus *noodwendig* 'n ander behandeling ontvang. Die werklikheid is dat lede van die AB regter in hulle eie saak is wanneer hulle hul eie beweging binne die Ned. Geref. Kerk moet beoordeel.[154] Die briefskrywers spreek hiermee inderdaad van sy skerpste kritiek ooit uit, nie net oor die Ned. Geref. Kerk nie, maar veral oor die noodlottige band tussen die kerk en die AB. Maar hierin is ook pertinent die invloed van hierdie geheime organisasie op die Ned. Geref. Kerk ontbloot. Hulle stel die uiterstes waartoe die volkskerk en volkskerk-teologie gegaan het deeglik aan die kaak.

Bogenoemde is egter nog nie die mees verdoemende oordeel nie. Dié tree na vore wanneer Jonker en sy kollegas vra na die teologie wat daaragter sit. Hulle insinueer dat die AB 'n toewyding aan die belange van die Afrikanervolk vra wat van so 'n aard is dat dit in stryd kom met die belang van Gods Koninkryk. Jonker et al., vind dit bedenklik dat die AB

> "... in een van sy omsendbriewe verklaar: 'Wanneer ons dan so saam in ons organisasie geplaas is, simbool en kragbron van ons volk se strewe om voortbestaan, dan moet ons alles van ons afskud wat selfsugtig is, alles wat kleinlik is en alles wat selfsoekend is. Want ons het iets geword wat meer is as onsself ... Ware geluk word slegs gesmaak deur jou *onvoorwaardelik* met alle kragte te wy aan 'n saak veel groter as jy self; so 'n saak is ons organisasie; so 'n saak is ons volkstryd om voortbestaan ter wille van die vervulling van ons Godgegewe volksroeping.' *In 'n gelade, religieuse taal word hier opgeroep tot 'n religieuse toewyding aan die Afrikanersaak* (ek kursiveer – GJD). Kan 'n Christen aan 'n beweging behoort wat van hom onvoorwaardelike toewyding vra vir 'n saak wat nie Gods Koninkryk is nie? Kan 'n Christen aan 'n beweging behoort wat verklaar dat ware geluk alleen gesmaak kan word deur hierdie soort toewyding, o.a. aan 'n geheime beweging en die Afrikanersaak? Kan 'n Christen behoort aan 'n beweging wat die grond vir 'n moraal van onselfsugtige diens vind, nie in die bloed van Jesus Christus nie, maar in die grootsheid van die Afrikanersaak? Het ons nie hier te doen met 'n beweging wat *neigings toon in*

[154] Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 87.

> *die rigting van die nasionaal-sosialisme* (ek kursiveer – GJD) wat alle menslike verbande alleen ter wille van die volk laat bestaan, selfs ook die kerk nie?"[155]

Hulle toon aan dat die AB ook die Afrikaner se godsdiens – wat "nou toevallig die Christelike godsdiens" is en wat die Afrikaner se kerk as deel van sy kultuurerfenis wil bevorder. Godsdiens en kerk word verlaag tot nog een van die "volksbesittings". Hulle vra:

> "Word die belydenis van Jesus Christus hier nie verlaag tot 'n stamaangeleentheid nie? En word die kerk daarmee nie vanself vereng tot die *bolwerk van die Afrikaner*, wat moet dien tot die handhawing van die Afrikanernasie, in plaas daarvan dat dit voluit gesien en bely word as die kerk van Christus nie?"[156]

Hierdie verstrengeling van die Ned. Geref. Kerk en die Afrikanervolk bring 'n volgende verskil tussen die volkskerk in Suid-Afrika en die volkskerk waarteen Kuyper in Nederland te velde getrek het na vore. In hoofstuk een is daarop gewys dat Kuyper reageer het teen 'n kerk wat tugloos "groen en ryp" in die kerk toegelaat het. Só was dit ook in Suid-Afrika. Daarbý, is aangetoon, het 'n tweede aspek gekom naamlik dat die volkskerk in Suid-Afrika 'n etniese element bygekry het: die Ned. Geref. Kerk is uitsluitlik 'n blanke kerk – mense van 'n ander ras het 'n eie Ned. Geref. Kerk gekry. Hierbo het Jonker-hulle aangetoon dat die volkskerk in Suid-Afrika "volksbesitting" geword het, dat lidmate van die AB wat "toevallig" ook lidmate van die kerk was, "opgeroep (word) tot 'n religieuse toewyding aan die Afrikanersaak" en dat die kerk daarin "neigings toon in die rigting van die nasionaal-sosialisme". In hierdie derde spesifieke aspek toon die Ned. Geref. Kerk inderdaad meer ooreenkoms met die nasionaal-sosialisme as met Kuyper.

In lyn hiermee sê Jonker-hulle dat die AB met "die belange van die Afrikanerdom" as hermeneutiese sleutel, hom uitspreek oor die eksegese van die Skrif. Dít blyk uit

---

[155] Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 87, 88.

[156] Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 88.

vertroulike omsendbriewe van die AB.[157] Die AB het "die toestand van die kerke" bespreek en 'n oproep op lede gedoen om die teenstanders van kerklike apartheid te beveg. Langs dié weg meng die AB hom doeltreffend in met die kerke wanneer kerkleiers in die geheim opgeroep word en hulle in antwoord op die beroep, "... binne die kerke artikels begin publiseer en besluite help deurloods wat tot in die bewoording toe ooreenkom met die besluite van die geheime beweging ...?"[158]

Durand haal die volgende uit die slotparagraaf van die brief aan: "Die smartlike van ons situasie op die oomblik is dat die geheime beweging homself met baie effektiewe middele aan enige ondersoek kan onttrek, omdat dit beskik oor die nodige invloedryke persone en kanale waardeur iemand wat na 'n ondersoek van die geheime beweging vra, tot 'n liberalis, Kommunis, gefrustreerde afwykende en vyand van die Afrikaner gebrandmerk kan word." Dié woorde was selfvervullende profesie, reken Durand en sê later dat dit veral gebeur het toe Jonker, soos hierbo aangedui is, beskermend teenoor Naudé opgetree het. Hy vervolg:

> "Só onaangenaam het die situasie geword dat hy 'n akademiese aanstelling by Unisa aanvaar het... om daarna ... 'n hoogleraarskap in 'n vak buite sy spesialiteitsveld aan die Theologische Hogeschool te Kampen in Nederland te aanvaar. Die leierskap in die NGK in die Transvaal het daarin geslaag om een van sy knap jong teoloë op 'n subtiele manier buite die kerklike spel te plaas."[159]

Hierdie afdeling oor Jonker en die AB moet met die volgende opmerking van Jonker afgesluit word:

> "Langsamerhand het die oortuiging by my geryp dat die venyn teen Beyers Naudé die gevolg was van 'n diepe teleurstelling in hom oor wat verstaan is as sy dislojaliteit, nie net teenoor die kerk nie, maar veral teenoor die saak van die Afrikanervolk. Dan kom die gedagte vanself by 'n mens op dat hy, jare lank 'n

[157] Die skrywers verwys waarskynlik na die gepubliseerde dokumente in die *Sunday Times*. Jonker skryf: "Deurdat dele van Broederbond-dokumente juis in dié tyd in die Sunday Times gepubliseer is, kon ons daaruit aanhaal om ons argumente te staaf" vgl. Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 72.
[158] Jonker, et al. 1964. "Die Christen en geheime bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 88.
[159] Durand. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk", 69.

lid van die Afrikaner-Broederbond, waarskynlik sy mede-broeders so verbitter het dat hulle selfs in die kerklike hantering van die saak nie objektief kon bly nie."[160]

Die polemiek was nog nie verby nie. "Kerkman, Kaap" het teen Jonker en sy kollegas gereageer met 'n brief getiteld: "Drie leraars en geheime bewegings"[161] waarin hy hulle beskuldig het dat hulle ook geheime vergaderings gehou het. Dr. Gert Swart van Krugersdorp het dié vergadering verduidelik[162], maar Jonker het nie verder aan die debat deelgeneem nie.

## 5. Beoordeling

So het die sweer wat onder die oppervlak in die teologie van die Ned. Geref. Kerk geskuil het en deur die Cottesloe Beraad en Jonker se *Sendingbepalinge* oopgeprik is, behoorlik oopgebars. Drie name het telkens na vore getree: Jonker, die Ned. Geref. Kerk en Naudé. Maar in die proses het die paaie egter uiteengeloop.

Die periode wat in hierdie hoofstuk onder die loep geneem is, strek vanaf die tyd na die polemiek oor die resensie van *Sendingbepalinge* tot met die begin van Jonker se Unisa-periode – naastenby vanaf 1963 tot 1965. Jonker is – naas sy eie stryd met die Ned. Geref. Kerk – óók ingesuig in die stryd tussen die kerk en Naudé. Naudé se handelinge het negatiewe gevolge vir Jonker self gehad. Aan die pad wat Jonker en Naudé geloop het, word eerste aandag gegee.

---

[160] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 69. Labuschagne gee 'n feller oordeel. Hy skryf: De bond beschouwde hem (Naudé – GJD) als verrader en zou wraak nemen, want, zoals later bleek, kreeg elk nieuw lid bij zijn installatie het volgende te horen: "Wie de Bond verraadt zal door de Bond vernietigd worden; de Bond vergeeft nooit en vergeet nooit; haar wraak is snel en zeker; geen verrader is ooit zijn verdiende straf ontlopen". Sien C. J. Labuschagne. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid:* 14.

[161] Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xciv, (*7*), 12 Augustus 1964, 215, 216.

[162] Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xciv, (*11*), 9 September 1964, 344.

## 5.1. Jonker en Naudé

Die ink van Jonker se laaste brief in *Die Kerkbode* van 17 Julie 1963[163] in antwoord op prof. Hanekom se standpunte oor *Sendingbepalinge* was nog nie behoorlik droog nie, of Naudé stig die Ci op 15 Augustus 1963. Jonker was deel van ’n Bybelstudiegroep – wat in die kerksaal van sy (Jonker se) gemeente byeengekom het – by wie die gedagte van ’n ekumeniese liggaam soos die Ci ontstaan het. Maar Jonker was van oordeel dat die Ci nie op prinsipiële gronde bestaansreg het nie: hy kon geen Bybelse of teologiese regverdiging daarvoor vind dat ’n buítekerklike organisasie kérklike werk (wou) doen nie.

Hierbo is telkens melding gemaak van Jonker se lojaliteit teenoor die Ned. Geref. Kerk – ten spyte van die skerp kritiek wat hy teen die kerk uitgespreek het. Die ideaal wat hy vir die kerk gekoester het, was dat die kerk ingrypend sal reformeer en na die gereformeerde wortels terugkeer. Dáárom kon hy nie sy goeie vriend en iemand na wie hy sedert sy studentedae aan die Universiteit van Pretoria opgesien het vir rigtinggewing, volg nie. Jonker het nie *téén Naudé* gekies nie, maar vír ’n Nederduitse *Gereformeerde* Kerk. Naudé se optrede het volgens Jonker negatiewe gevolge vir die reformasie van die Ned. Geref. Kerk gehad. Jonker skryf dat Naudé:

> “... die krag van die groep predikante wat krities teenoor die gang van sake in die kerk gestaan het, ’n gevoelige knou toegedien (het). Veral deur die stryd wat rondom sy posisie en oortuigings ontbrand het, het die inisiatief wat ons met die oog op ’n omvattende vernuwing van die kerk probeer neem het, prakties in duie gestort.”[164]

Dit was verdoemende kritiek om in 1998 te uiter teen iemand wat in daardie jare die statuur van Naudé beklee het: dat sy optrede tot gevolg gehad het dat die reformasie in die Ned. Geref. Kerk in werklikheid in sy spore gestuit is. Dié woorde gebruik Jonker in sy semi-outobiografiese boek, wat 35 jaar na die stigting van die Ci verskyn het en nie in die hitte van die stryd nie. Die vraag na die historiese korrektheid van Jonker se

---

[163] Jonker. 1963. “Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd?”, *Die Kerkbode*, xcii (*3*), 17 Julie 1963, 97-99

[164] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 63.

stelling sal breër navorsing verg as waarvoor hierdie studie ruimte laat en daarbý is dit waarskynlik nog te vroeg om ’n klare antwoord daarop te gee.

Wat wel binne die bestek val, is om daarop te wys dat Jonker, ten spyte van skerp kritiek wat hy teen Naudé uitspreek, hom steeds bygestaan het – selfs ten koste van homself. Dit gebeur as hy vir Naudé bystaan wanneer hy aansoek doen om behoud van sy status as predikant. Jonker doen dit ten koste van sy eie oortuigings. Hy was oortuig dat Naude nié die bediening moes verlaat nie. Daarin was Jonker nie alleen nie: Naudé se familie, sy vriende, die gemeente én ander gemeentes, selfs iemand met die statuur van D. J. Bosch, het hom versoek om dit nie te doen nie. Jonker was egter prinsipieel daarteen gekant dat iemand sy status behou wanneer hy die bediening verlaat – hy was van mening was dat predikante nie hulle status moet behou wanneer hulle nie meer in die kerk arbei nie. Nogtans het Jonker hom daarvoor beywer dat Naudé sy status behou – gewoon omdat hy wou sien dat die Ned. Geref. Kerk konsekwent optree en sy eie kerkorde vir almal eenders toepas.

Dit het nie daar geëindig nie: Jonker het Naudé ook bygestaan om appèl aan te teken teen die weiering van die Eksamenkommissie om Naudé sy status te laat behou. Dié appèl het misluk. Daarna is Naudé tot ouderling verkies. Daar was ’n georkestreerde aksie om die verkiesing nietig te verklaar. Dit was ’n uiters onverkwiklike en lang proses. Ds. Nico van Loggerenberg het die Ring van Johannesburg tot die uiterste beproef en buite alle perke gegaan met allerlei “... klag- en beswaarskrifte, briewe, telefoonoproepe, appèlle en dreigemente ...”[165] waarmee hy die ring “... heen en weer, van Sinodale Kommissie na ring na kerkraad en terug, van Pontius na Pilatus”[166] laat gaan het.

In dié proses, waarin Jonker Naudé bygestaan het, het hy vir sommige binne die ring van Johannesburg onaanvaarbaar geword. Hy is met Naudé geassosieer, al was hy teen die stigting van die Ci gekant en al het hy hom openlik teen die Ci uitgespreek. Jonker sê “... die algemene agterdog teen my (het) voelbaar gegroei”[167] en die verhouding tussen Jonker en die “kerklike leiers” het verder versleg. Dit het tot sulke uiterstes

---

[165] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 66, 67.
[166] Naudé. *My land van hoop*, 80.
[167] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 67.

gegaan dat die predikant van Johannesburg-Noord, ds. C. J. Barnard, die Ring van Johannesburg versoek het om Jonker nie weer as konsulent van daardie gemeente aan te wys nie, omdat die kerkraad besluit het dat Jonker nie meer op die gemeente se kansel welkom was nie.[168]

In hiérdie lig moet Jonker se kritiek teen Naudé verstaan en beoordeel word.

## 5.2. Jonker en die Ned. Geref. Kerk

Waarom het Jonker die optrede van die Ned. Geref. Kerk teenoor Naudé bestry en vir Naudé bygestaan in sy appèl teen die verlies van sy ampsbevoegdheid en weer toe beswaar gemaak is teen sy verkiesing as ouderling? Die antwoord is eenvoudig dat dit nie vir Jonker om die persoon gegaan het nie, maar om wat kerkregtelik regverdig en verantwoordbaar is. Dit tree nie alleen duidelik na vore in die lang proses rondom Naudé se verkiesing as ouderling nie, maar ook op dieselfde wyse in die beswaar teen dr. B. J. Engelbrecht. Van beide is gehoorsaamheid aan ’n sinode besluit en aan die advies van die Breë Moderatuur geëis en toe dit volgens die klaers nie gebeur het nie, moes hulle kerklik getugtig word. Nie gehoorsaamheid aan die Woord nie, maar aan mense word geëis.

Die kerkregtelike vraag wat hier aan die orde gestel word, is die vraag na kerklike gesag. By Jonker bestaan hieroor geen twyfel nie: alleen Christus mag in sy kerk regeer. Dít bepaal tot watter mate die besluite van kerkvergaderinge bindend is. Jonker gaan van die standpunt uit dat besluite van kerkvergaderinge bindend is, maar dat geen besluit enige gesag of binding kan dra tensy onomwonde aangedui kan word dat dit op die Skrif gebaseer is nie. Daarom kan steeds op grond van Skrif en belydenis teen besluite van kerkvergaderings geappelleer word. Kerklike gesag is onlosmaaklik aan die gesag van die Woord van God gebonde. ’n Kerkvergadering het geen gesag om enige lidmaat aan sy besluite te bind as dit nie duidelik is dat die lidmaat nie aan die besluit van die kerkvergadering as sodanig gebind is nie, maar aan die Woord van

---

[168] Vgl. *Notule buitengewone vergadering van die Ring van Johannesburg, 11 Mei 1965*; NG Kerk in SA, Ring 463. Sien ook voetnoot 70 hierbo. Verder ook Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 76.

God.[169] Dít het nie in die Ned. Geref. Kerk gebeur nie. Op grond van die konsep-kerkorde, het Jonker in 1959 in *Die Kerkbode* daarvoor gepleit dat artikel 23 uitgebrei moet word:

> "... dat besluite van meerdere vergaderinge bindend is *tensy dat hulle in stryd is met die Woord van God.* Ons moet alles in ons vermoë doen om die indruk te verwyder dat die Sinode of die Ring kan heers oor die plaaslike gemeentes en besluite kan neem wat onvoorwaardelik gehoorsaam moet word. In art. 23 word daar wel ruimte gelaat vir hoër beroep, maar dit is nie genoeg nie. Immers, indien iemand by homself oortuig is voor God dat 'n bepaalde besluit van 'n kerklike vergadering in stryd is met die Woord van God, dan is hy nie geroepe om daardie besluit te gehoorsaam nie, ook al sou hy by hoëre beroep in die ongelyk gestel word. Dit is tog immers in ooreenstemming met art 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis!"[170]

Jonker het dus tóé reeds die gevaar van hiërargie aangedui. Daar is nie aan Jonker se pleit gehoor gegee nie. Wat Jonker in 1959 gevrees het, het tussen 1963 en 1965 'n verskriklike werklikheid geword: "die indruk ... dat die Sinode ... kan heers oor die plaaslike gemeentes en besluite kan neem wat onvoorwaardelik gehoorsaam moet word". So het die *gesekulariseerde genootskaplike kerkreg* neerslag gevind in die kerkorde die Ned. Geref. Kerk. Die Breë Moderatuur is spoedig beskou as die topbestuur van 'n hiërargies funksionerende organisasie wat heers en wat onvoorwaardelik deur (onder andere) Naudé en Engelbrecht gehoorsaam moes word. Die Breë Moderatuur, het Jonker aangedui, is soortgelyk aan die Rooms-Katolieke Kurie.[171]

Jonker het by die Sinodale Kommissie gepleit dat hy die ring van Johannesburg moet waarsku dat die ring deur sy optrede teen Naudé en Engelbrecht, "in flagrante stryd is met art. 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis" gehandel het en dat hy "sy voet sit op die weg van die valse kerk". Die Sinodale Kommissie het nie gehoor gegee nie,

---

[169] Vgl. Jonker. 1965. "Die Aard van die Kerklike Gesag", *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615 en Jonker. 1966. "Die Aard van die Kerklike Gesag", *Die Kerkbode*, xcvi (*1*), 5 Januarie 1966, 23.
[170] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde III", *Die Kerkbode*, lxxxiv (*22*), 2 Desember 1959, 871, 883.
[171] *Appèl ses leraars*, 4.

maar met die ring saamgestem en die optrede van die ring goedgekeur. Daarmee toon die sinodale kommissie volgens Jonker dat hy op dieselfde weë wandel en aan dieselfde oordeel van "valse kerk" blootgestel is.

Dat die Ned. Geref. Kerk met die soort gesekulariseerde kerkregtelike denke deursuur was, het telkens hierbo geblyk. Desjare was dr. A. P. Treurnicht hoogaangeskrewe in die Ned. Geref. Kerk. Die redakteurskap van *Die Kerkbode* was 'n gesogte "leiersposisie" in die kerk. Maar van hom moes Jonker by geleentheid skrywe dat hy homself veroorloof om "volbloed-pouslike 'leiding' aan die kerk" te gee.[172]

Voeg hierby die geheime beïnvloeding van kerklike vergaderinge en besluit deur die Broederbond toe om 'n volledige beeld te kry van 'n kerk wat "sy voet sit op die weg van die valse kerk". Die AB roep sy lede in "gelade, religieuse taal" op tot "'n religieuse toewyding aan die Afrikanersaak". Jonker se taal is eweneens hoogs gelade in 'n verdoemende oordeel oor die AB:

> "Word die belydenis van Jesus Christus hier nie verlaag tot 'n stamaangeleentheid nie? En word die kerk daarmee nie vanself vereng tot die *bolwerk van die Afrikaner*, wat moet dien tot die handhawing van die Afrikanernasie, in plaas daarvan dat dit voluit gesien en bely word as die kerk van Christus nie?"[173]

Die Ned. Geref. Kerk wou ten alle koste van Naudé ontslae raak. Daarom was die kerk doof daarvoor dat sy optrede inkonsekwent is, dat hy met sy optrede juis die "gereformeerde kerkreg" – waaroor hy so hoog opgegee het – verloën het, die gereformeerde vaders op wie hy homself so graag beroep het, die rug toegekeer het en in stryd gekom het met die gereformeerde leer soos vervat in die drie formuliere van enigheid – veral met die Confessio Belgica, spesifiek artikels 29 en 32 – waaroor die kerk teenoor die liberalisme so jaloers wou waak.

Uit alles blyk dat die Ned. Geref. Kerk 'n volkskerk geword het: die onderskeid tussen die kerk van Christus en die Afrikanervolk het vervaag. Daarin vertoon die Ned. Geref.

---

[172] Jonker. 1967. "Die Kerkraad, Ring en die CI", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135.
[173] Jonker et al. 1964. "Die Christen en Geheime Bewegings", *Die Kerkbode*, xciv (*3*), 15 Julie 1964, 88.

Kerk neigings wat aan die volkskerk in Duitsland ten tye van die nasionaal-sosialisme herinner. Die Deutsche Evangelische Kirche (wat van 1933 tot 1945 bestaan het en ook bekend gestaan het as *Deutsche Christen*), is gekenmerk deur natuurlike teologie. Die lidmate van dié kerk het hulle van ganser harte agter die Führer geskaar, was oortuig daarvan dat hulle in ’n stryd om lewe en dood teen die bolsjewisme gewikkel is, en dat die Ariese ras suiwer gehou moet word. Dit stem opvallend ooreen met die soort natuurlike teologie wat veral in die Broederbond, maar óók in die Ned. Geref. Kerk, geheers het.

Jonker en Naudé was beide profetiese stemme wat die Ned. Geref. Kerk aangespreek het. Naudé het uiteindelik heeltemal uit die Ned. Geref. Kerk getree en sy kritiek van buite gelewer. Dié styl het egter dit moontlik gemaak dat die Ned. Geref. Kerk makliker sy ore vir Naudé se kritiek kon sluit. Jonker het ’n ander pad gevolg. Die kerk moes hom noodgedwonge aanhoor – al het hy nie gehoor gegee nie. Uiteindelik het die kerk wel daarin geslaag om vir Jonker uit die kerklike strukture te rangeer en hom ’n eensame pad laat loop. Jonker skryf:

> “Die voortdurende aksies in die Ring van Johannesburg rondom die geval Beyers Naudé, die spanning wat daarmee gepaard gegaan het ... het stadig maar seker hulle tol begin eis. Die gevoel om in opposisie te wees teen die algemene gang van sake in die kerk, en meer nog, die ervaring van verwerping het op die duur sy psigiese en later ook fisieke tol geëis. Die klimaat in kerklike kringe het koud en vyandig teenoor my geword. Eertydse vriende het my begin vermy. Ek is steeds minder uitgenooi om in ander gemeentes op te tree. Ek het verneem van kerkrade wat besluit het dat ek nie weer toegelaat sou word om op hulle kansel op te tree nie.”[174]

Dit het daartoe gelei dat Jonker ’n aanstelling by Unisa aanvaar het. In die volgende hoofstuk word aan dié deel van sy lewe aandag gegee. Vir die studie is dit van belang om daarop te let dat hy nou nie meer die gesekulariseerde kerkreg aan die orde gestel het nie (hoewel hy steeds daaraan bloot gestel is), maar dat hy sy uitgangspunt positief

---

[174] Jonker. *Selfs die Kerk kan verander*, 76.

formuleer: dat dit in die kerkorde en beoefening van die kerkreg om *die regering van Christus in sy kerk* gaan.  Dit is die kruks van die saak.

## Hoofstuk 7

## 1966-1968: Om die regering van Christus in sy Kerk

In dié hoofstuk word gefokus op 'n fase uit Jonker se lewe wat vanuit 'n kerkregtelike oogpunt die hoogtepunt van sy loopbaan was: sy werk as hoogleraar in Kerk- en Dogmageskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Dogmageskiedenis val binne sy vakgebied en hy het 'n voorliefde vir die geskiedenis gehad. Dit is in hierdie periode dat Jonker die geleentheid kry om die kerkregtelike trajekte wat hy gevolg het, sistematies byeen te trek en die historiese (gereformeerde) wortels daarvan aan te dui. Hierdie ekklesiologies-kerkregtelike bydraes kulmineer in sy intreerede, *Om die regering van Christus in sy kerk*[1] wat gegrond is op 'n uitgebreide, ongepubliseerde, maar ook onvoltooide, histories-kerkregtelike navorsingsverslag: *Die regering van Christus in sy kerk*. Alles wat hierdie hoofstuk voorafgaan, word in hierdie werke tot 'n brandpunt gefokus.

Jonker het nie sy aanstelling by Unisa as 'n hoogtepunt ervaar nie. Vanuit sy perspektief was dit 'n laagtepunt. Gevolglik was hy skaars nege maande aan Unisa verbonde: van Junie 1965 tot Maart 1966. Om dít te begryp moet die historiese konteks wat aan hierdie fase voorafgaan, verreken word.

### 1. Die skuif na Unisa

Jonker het sy vriend, kollega en medestryder, C. F. Beyers Naudé, verwyt dat hy die Ned. Geref. Kerk in die steek gelaat het toe hy die direkteurskap van die Ci aanvaar het. In die vorige hoofstuk is na hierdie skerp veroordeling van Naudé en die Ci verwys: volgens Jonker het Naudé met sy optrede nie alleen die Ned. Geref. Kerk in die steek gelaat het nie, maar ook die reformering van die Ned. Geref. Kerk in duie laat stort. Doen Jonker nie dieselfde deur aan 'n nie-kerklike instelling – 'n teologiese fakulteit waarvan die opleiding nie sonder meer deur die Ned. Geref. Kerk erken is nie – te gaan doseer nie?

[1] W.D. Jonker. 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa.

Die situasie waarin Jonker hom in 1965 bevind het, moet in ag geneem word. Jonker was steeds aan die gemeente Johannesburg (Braamfontein), waar hy sedert 11 Februarie 1962 in die bediening gestaan het, verbonde.[2] Sy afskeidspreek in dié gemeente lewer hy op 16 Mei 1965. Hy was dus net meer as drie jaar aan die gemeente verbonde. Dit was drie van die moeilikste jare van sy bediening. Alles wat in hoofstukke 3 tot 5 van hierdie verhandeling beskryf is, val binne dié periode. *Sendingbepalinge* – die spilgewrig van sy bediening van 1955 tot 1968 – is in Junie 1962 gepubliseer, vier maande na sy bevestiging in die gemeente. Daarna het die verhouding tussen Jonker en die leierskap van die Ned. Geref. Kerk hand-oor-hand versleg. Die etiket van liberalisme is om sy nek gehang en sy lojaliteit jeens die kerk is bevraagteken. Die stryd in die Ring van Johannesburg het ’n sneeubaleffek gehad op die spanning en depressie wat hy ervaar het. Die tol wat die voortdurende spanning sielkundig en liggaamlik van hom geëis het, was hoog. Hy het hoe langer hoe meer geïsoleerd geraak en het die kerk as koud en selfs vyandig ervaar. Sy vreugde in en entoesiasme vir sy bediening – nie alleen in die kerkverband nie, maar ook in die gemeente – het getaan:

> “Dit was vir my veral pynlik dat ook my persoonlike integriteit soms in twyfel getrek is. Ek het al hoe meer depressief geword, hoe ek dit ook probeer afskud het. Ek was dodelik vermoeid as ek op huisbesoek uitgaan of ander gemeentewerk moes verrig. My entoesiasme vir my werk as actuarius het verdwyn, want my adviese in sake wat werklik saak gemaak het, is telkens deur die Sinodale Kommissie verwerp.”[3]

Jonker wou ’n goeie predikant vir die gemeente wees. Hoewel hy merendeels só in die gemeente aanvaar is, was daar tog probleme: “... op huisbesoek het ’n gemeentelid my daarmee gekonfronteer dat ek ’n raadgewer van Beyers Naudé is.”[4] Hoewel daar geen aanduiding is dat laasgenoemde die reël was nie, was dit ’n bydraende faktor om Jonker negatief te stem om met die bediening voort te gaan. Geen wonder dat mev. Jonker die

---

[2] Hy was wel na die gemeente Florida-Suid beroep – sien *Die Kerkbode* xcv (*7*), 10 Februarie 1965, 188, maar het dit dadelik bedank. Die berig daarvan is ’n week later gepubliseer: vgl. *Die Kerkbode* xcv (*8*), 17 Februarie 1965, 219. Buiten ’n vermelding in Jonker se semi-outobiografie, *Selfs die Kerk kan verander*, kon geen verdere inligting hieroor ingewin word nie. In genoemde boek vermeld hy dat – skaars ’n jaar na die beroep – die kerkraad besluit het dat hy nie op hulle kansel mag optree nie! Sien Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 84.
[3] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander* .76, 77.
[4] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 74.

aanstelling by Unisa as 'n uitkoms gesien het.[5] Jonker het egter nie oorgeloop van entoesiasme oor die aanstelling nie; hy sê dat hy dit later as "'n kwade uur beskou het" toe hy besluit het om die professoraat te aanvaar.[6] Mev. Jonker het vertel dat haar man by geleentheid aan haar gesê het dat sy aanvaarding van die pos by Unisa hom soos die spreekwoordelike rot, wat die brandende skip verlaat, laat voel het.[7]

## 2. Die Ned. Geref. Kerk – 'n "brandende skip"

Waarom sou Jonker die Ned. Geref. Kerk in die mid-sestigerjare met 'n brandende skip vergelyk? Om dié vraag te beantwoord, moet vooruit gegryp word na 'n artikel wat Jonker in 1966 geskryf het. Maar die metafoor van die kerk as 'n skip gebruik hy reeds in sy intreepreek op 11 Februarie 1966 in die gemeente Johannesburg-Oos. Jonker se intreerede by Unisa is, binne die konteks van dié metafoor, die skeepskompas wat in die stormgety op Christus wys. Die historiese konteks van die jare 1965/66 kom eerstens aan die orde.

### 2.1 'n "Veggees" in die Ned. Geref. Kerk

Dieselfde teologiese en kerklike onenigheid wat in die vorige hoofstuk beskryf is, het voortgeduur. In die woorde van prof. P. A. Verhoef, het 'n "veggees" in die kerk gegroei wat 'n uiters nadelige invloed op die geestelike lewe in die kerk gehad het.[8] Die debat het veral rondom die Christelike Instituut (Ci) gesentreer[9] en dit loop uiteindelik op 'n sterk bewoorde besluit van die Algemene Sinode van 1966 uit. Dr. A.

---

[5] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 77.
[6] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 77.
[7] Telefoniese onderhoud 11 Augustus 2015. Jonker het later 'n blink toekoms en hoogaangeskrewe loopbaan as hoogleraar aan die Theologische Hogeschool in Kampen, Nederland vaarwel toegeroep toe hy na Stellenbosch as professor in dogmatologiese vakke beroep is – 'n daad wat vir talle vreemd was. Hy skryf: "Die feit dat ek ná drie jaar in Kampen sou vertrek, is nie deur almal daar goed ontvang nie. Maar vir myself was daar geen twyfel dat ek na Suid-Afrika moes terug keer nie." Sien Jonker.1998. Selfs die *Kerk kan verander,* 123.
[8] Vgl. *Die Kerkbode*, xcvii (*22*), 1 Junie 1966, 705.
[9] Dit is voldoende om na die artikel van prof. P. A. Verhoef "Die Christelike Instituut van Suidelike Afrika", in *Die Kerkbode* en die debat wat daarna tussen hom, Jonker en dr. B. Engelbrecht en "br.(!)" C. F. B. Naudé gevoer is, te verwys. Vir Verhoef, sien *Die Kerkbode*, xcvii (*1*), 1966, 12, 13 en *Die Kerkbode*, xcvii (*22*), 1 Junie 1966, 702 – 705. Jonker se reaksie is reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek. Vir sy volledige brief sien *Die Kerkbode*, xcvii (*5*), 2 Februarie 1966, 155. Engelbrecht en Naudé verdedig die bestaansreg van die Ci (met veral Jonker in die visier) in *Die Kerkbode*, xcvii (*12*), 23 Maart 1966, 375 – 377.

P. Treurnicht skryf op 2 November 1966 in sy redakteurskolom 'n lang artikel, "Duidelike Uitspraak oor Instituut", waarin hy die volledige besluit van die sinode aanhaal. Die sinode het luidens dié berig besluit "... om die Christelike Instituut te verwerp as 'n dwaalrigting wat die suiwere leer ondermyn, die goeie orde in die kerk ondergrawe en tweedrag onder lidmate saai..."[10] Maar, skryf Jonker, dié besluit is geneem "onder aanvoering van drr. Treurnicht en Vorster ... sonder enige ondersoek daarna of verslag daaroor." Vorster en Treurnicht het volgens Jonker by die sinode (en by ander vergaderings) met uitknipsels en dokumente, wat volgens hulle inkriminerende getuienis teen Naudé en die Ci bevat, opgedaag. "Dit het groot ontsag ingeboesem – selfs al is die dokumente nie gelees of behandel nie."[11]

Hierdie "veggees" spreek ook duidelik uit die redakteurskolomme wat uit Treurnicht se pen gevloei het. As voorbeeld: in nie minder nie as drie onderskeie kolomme neem hy sterk standpunt in teen, soos hy dit noem, "die gesamentlike aanbidding van verskillende volksgroepe in Suid-Afrika, veral dié tussen blankes en nie-blankes", wat hy 'n "sogenoemde 'bont' byeenkoms" noem. Dié gewraakte byeenkoms is in die Groote Kerk, Kaapstad gehou. Hy maak daarteen beswaar in "die lig van van ons geskiedenis en oortuiging" en vra dat ook "ons kerk" teen die siening beswaar moet maak.[12] Hierop reageer prof. J. C. G. Kotze, een van die organiseerders van die byeenkoms, in die Kaapse dagblad, *Die Burger*. Op sy beurt kapittel Treurnicht hom in sy kolom in *Die Kerkbode* van 24 November 1965.[13] 'n Polemiek ontstaan en word in *Die Burger* verder gevoer waarin, onder andere, "'n paar van ons Kweekskoolprofessore" reageer. Treurnicht skrywe dat die optrede van dié professore op georganiseerde agitasie neerkom.[14] Die rubriekskrywer van *Die Burger*, "Dawie" tree ook in *Die Burger* van 1 Januarie 1966 tot die debat toe en beskuldig – volgens dr. F. K. Tompson in *Die Kerkbode* – die teëstanders van gesamentlike aanbidding dat hulle "'n nare neurose oor kleur" sou hê.[15]

---

[10] Vgl. Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcviii (*18*), 2 November 1966, 620, 621.
[11] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 67, 68.
[12] Vgl. Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcvi (*45*), 10 November 1965, 1406, 1407.
[13] Vgl. Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcvi (47), 24 November 1965, 1470, 1471.
[14] Sien Redaksioneel: *Die Kerkbode*, xcvi (*50*), 15 Desember 1965, 1598, 1599.
[15] F. K. Tompson. 1966. "Neurose oor kleur" *Die Kerkbode*, xcvii (*4*), 26 Januarie 1966, 120.

Treurnicht kry egter in dié tyd steun van wyd en syd – van sinodes (bv. die Ned. Geref. Kerk in Suidwes-Afrika[16]), kerkrade (bv. Harmonie, O.V.S.[17]) individue (bv. dr. F. K. Tompson van Howard[18]), ens. Ook ds. Nico van Loggerenberg werp sy stuiwer in die armbeurs: hy wil weet wie die "bont-diens" gereël het. Van Loggerenberg sê dat, indien die organiseerders van die byeenkoms "... 'n kommissie met sinodale opdrag was, dan was die 'bont-diens' prinsipieel in orde ..." Maar indien dit gereël was "... sonder enige sinodale opdrag ... dan was dit 'n voorbarige optrede en daar kan niks ter regverdiging daarvoor geopper word nie."[19] Ook ds. A. P. Potgieter skryf 'n artikel ter ondersteuning van Treurnicht se standpunt: "Afsonderlike Aanbidding Skriftuurlik Verantwoord" – die opskrif spreek vir sigself.[20]

Daarbenewens is daar in dié jare (1965/66) in alle erns debat oor die gesag van meerdere vergaderings gevoer. Dit volg op 'n artikel in drie aflewerings van dr. Z. B. Loots in *Die Kerkbode* oor "Die bevoegdheid van meerdere vergaderings van die Kerk".[21] Jonker tree tot die debat toe en 'n artikel in twee aflewerings oor "Die aard van kerklike gesag"[22] en 'n brief oor 'n derde artikel wat hy beplan het, maar wat nie gepubliseer is nie.[23] Ook ds. (later dr. en prof.) C. W. H. Boshoff werp 'n stuiwer in die armbeurs en skryf 'n artikel "Bevoegdheid of beperktheid van meerdere vergaderings."[24] Die "veggees" kom ook aan die ander kant van die spektrum na vore: in reaksie op Boshoff se artikel skryf ds. F. A. Kock van Bloemfontein 'n brief aan Die *Kerkbode* waarin hy waarsku teen hiërargie en sinodokrasie. Hy skryf sonder om doekies om te draai:

> "Laat ons ... op ons hoede wees teen die groot en wesenlike gevaar in ons kerklike lewe vandag om van die hele kerkvolk-met-hulle-kerkrade 'n onkundige en

---

16 Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (*1*), 5 Januarie 1966, 23.
17 Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (*3*), 19 Januarie 1966, 89.
18 Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (*4*), 26 Januarie 1966, 120.
19 Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (*5*), 2 Februarie 1966, 153.
20 A. P. Potgieter. 1966. "Afsonderlike Aanbidding Skriftuurlik Verantwoord", *Die Kerkbode*, xcvii (*6*), 9 Februarie 1966, 171 – 173.
21 Z. B. Loots. 1965. "Die bevoegdheid van meerdere vergaderings van die Kerk", *Die Kerkbode*, xcv (29), 21 Julie 1965, 914, 915, *Die Kerkbode*, xcv (30), 28 Julie 1965, 947 en *Die Kerkbode*, xcv (31), 4 Augustus 1965, 982.
22 W. D. Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag", *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573 – 1575 en *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615 – 1616.
23 Jonker. 1966. "Die aard van kerklike gesag", 23.
24 C. W. H. Boshoff. 1966. "Bevoegdheid of beperktheid van meerdere vergaderings", *Die Kerkbode*, xcvii (*18*), 4 Mei 1966, 570 – 573.

> onwetende lekestand te maak, terwyl die Sinode alleen, saamgestel uit die bestes en die kundigstes, die "leiers" van hierdie kerkvolk net eenvoudig bo die moontlikheid van enige fout of dwaling verhewe is. Laat ons in elk geval nie meen dat die Bybel 'n gevaarlike boek in die hand van die kerkvolk en die "leke" is, terwyl net die enkele sinodale spesialiste weet hoe om met die Bybel om te gaan nie! Dan het ons nie meer die Kerk van die Here nie, maar die "sinagoge" van 'n klompie gewiksste kerkmanne en "leiers"[25]

Jonker se interpretasie van die situasie in 1965/66 was "... dat die hele kerkleiding homself gemonster het om die Christelike Instituut, Beyers Naudé en al sy vermeende medestanders as links, liberaal, onbybels en selfs as kommunisties en gevaarlik vir kerk en staat voor te stel."[26] Die sitting van die tweede Algemene Sinode van 13 – 22 Oktober 1966 in Bloemfontein gee waarskynlik die beste spieëlbeeld van hierdie teologiese klimaat in die Ned. Geref. Kerk in die sestigerjare.

Dit is dan ook nie vreemd dat rasseverhoudinge 'n baie groot deel van dié sinodesitting se tyd en aandag in beslag geneem het nie. "Lywige rapporte" oor "Menslike Verhoudinge in die lig van die Skrif" het voor die sinode gedien.[27] Van die sinode van Midde-Afrika – wat klaarblyklik die rassesituasie anders verstaan en belewe het as wat dit in Suid-Afrika verstaan en belewe is – is 'n paar beskrywingspunte ontvang, waarin onder andere gevra word dat die Algemene Sinode duidelik moet uitspel wat die verhouding tussen die rasse moet wees[28] en dat bepaald besin moet word "... oor die moontlikheid om die eenheid van die N.G. Kerk (Blank, Kleurling, Bantoe) tot praktiese, organisatoriese uitdrukking te bring ..."[29] Hiéroor het die sinode besluit "... die eenheid van die Ned. Geref. Kerke kom vir die huidige genoegsaam tot organisatoriese uitdrukking in die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke."[30]

---

[25] Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (22), 1 Junie 1966, 721, 722. Ds. E. Ellis van Die Vleie betuig dank en instemming met ds. F. A. Kock en voeg by: "Ek het veel verwag van die destydse organiese vereniging van die kerke, maar ek moet erken dat dit vir my lyk asof dit maar net moet uitloop op 'n super-sinode, met die streeksinodes al minder van waarde en betekenis in die kerklike opset. Vgl. Korrespondensie: *Die Kerkbode*, xcvii (*26*), 29 Junie 1966, 857.

[26] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 67.

[27] G. J. Kotzé. 1966. "Indrukke en besluite van die Algemene Sinode", *Die Kerkbode*, xcviii (*22*), 30 November 1966, 766.

[28] Vgl. Beskrywingspunte: *Die Kerkbode*, xcviii (*13*), 28 September 1966, 441.

[29] Vgl. Beskrywingspunte: *Die Kerkbode*, xcviii (*13*), 28 September 1966, 457.

[30] Kotzé. 1966. "Indrukke en besluite van die Algemene Sinode", *Die Kerkbode*, xcviii (*22*), 30 November 1966, 766.

By hierdie sinode is apartheid in die kerk op grond van 'n bepaalde hantering van die Skrif gesanksioneer. Die sinode het naamlik die sogenaamde "pluriformiteit van volkere", waaraan in hoofstuk 4 uitvoerig aandag gegee is, beredeneer en as standpunt aanvaar. Die sinode het besluit:

> "... Gen. 11 (dui) op 'n intensivering van die differensiasieproses wat tot groter pluriformiteit van volkere en rasse gelei het... Deur die spraak van die menslike geslag te verwar en hulle oor die aarde te verstrooi, het die Here die eiewillige magskonsentrasie wat in die teken van verset gestaan het teen Hom, uit genade verbreek. Ook die verskerping van die verskeidenheid en veelvormigheid was louter vrug van genade en nie van die sonde nie."[31]

Jonker se standpunt oor dié soort omgang met en hantering van die Skrif en die wyse waarop Kuyper se pluriformiteitsleer in Suid-Afrika beoefen is, was dat dit 'n vorm van natuurlike teologie is.[32] Dit is nodig om hier reeds daarop te wys dat hierdie soort teologie volgens Jonker

> "... nie net in die verlede[33] 'n groot rol in die debat oor kerklike eenheid binne die Nederduitse Gereformeerde Familie van kerke gespeel (het) nie, maar speel nog

---

[31] Kotzé. 1966. "Indrukke en besluite van die Algemene Sinode", *Die Kerkbode*, xcviii (23), 7 Desember 1966, 817.

[32] Aan die einde van hoofstuk 5 is hierdie saak onder die loep geneem. Jonker gee die volgende verklaring van natuurlike teologie: "Met natuurlike teologie word 'n soort teologie bedoel wat nie op die openbaring van God in die Skrif gebaseer is nie, maar op die mens se eie nadenke oor wat van God en sy wil uit die algemene openbaring in die natuur en geskiedenis afgelei kan word. Dit kan veral in etiese kwessies 'n ontoelaatbare rol speel, omdat dan nie net na die geopenbaarde wet van God geluister word nie, maar afleidings uit die natuur en geskiedenis tot normatiewe beginsels vir ons sedelike gedrag verhef word." Sien Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 20. Sien ook D. J. (Dirkie) Smit se weergawe van Jonker se standpunt oor natuurlike teologie as dat dit alle tipes on-Christelike skeppings- en voorsienigheidsordeninge-teologieë asook liberale, antropologiese, subjektivistiese ervaringsteologieë omsluit. – vgl. Dirkie Smit en Robert Vosloo. 2013. *Remembering theologians, doing theology: collected Essays 5*. Stellenbosch, SUN Press, 269, 270.

[33] Hier kan bv. verwys word na die proefskrif van dr. R. T. J. Lombard: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek: met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*. Hy skryf dat die konsekwente toepassing van die apartheidsbeleid en die wêreldwye bevraagtekening daarvan, die Ned. Geref. Kerk genoop het om vir homself hieroor duidelikheid te kry. Die Nuwe-Testamentikus, prof. E. P. Groenewald het in 1947 'n verslag "*Die Apartheid van die Nasies en hul roeping teenoor mekaar*" vir die Raad van Kerke geskryf. 'n Kort opsomming daarvan dra die titel "*Skriftuurlike grondslag van ons opvatting insake verskeidenheid en eiesoortigheid van rasse*". Daarin probeer Groenewald apartheid Skriftuurlik regverdig met onder andere dieselfde argumente as hierbo genoem. Volledigheidshalwe moet genoem word dat eers dr. B. J. Marais en later veral prof. B. B. Keet hierdie soort Skrifhantering en -beskouing aan die kaak gestel het. Sien R. T. J. Lombard. 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek: met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*. Pretoria: NG Kerkboekhandel, 79 e.v.

> steeds ’n rol daarin. Dit sou maklik wees om die invloed daarvan op die dokument *Ras, volk en nasie in die lig van die Skrif* (1974) aan te dui, asook die spore daarvan in die latere *Kerk en Samelewing* (1986).”[34]

Met dieselfde natuurlik-teologiese argumente word gemengde huwelike afgewys.[35] Ook die sogenaamde “Christelike Voogdyskap” (waaroor Jonker hom in sy *Sendingbepalinge* uitgelaat het en wat ook in hoofstuk 4 bespreek is) het beleid van die Algemene Sinode geword. Onder dié term besluit die sinode dat hy daaronder

> “... die roeping van ’n Christelike volk (verstaan) om ... uit en ooreenkomstig die Heilige Skrif te onderrig, en hulle ... mettertyd tot volwaardige kultuurontplooiing ... te lei. Sonder sodanige voogdyskap kan die heiden nie die beskawing[36] deelagtig word wat op die Skrif gegrond is nie ...”[37]

Inderwaarheid het al die sake wat in die Cottesloe besluite aangeroer is by dié sinode ter sprake gekom. Dit sluit gesamentlike aanbidding, grondbesit en politieke regte, stemreg vir kleurlinge, werkreservering en die probleem van trekarbeid in. Oor laasgenoemde was die standpunt van die sinode dat die probleme wat trekarbeid oplewer erken word en die oplossing daarvoor te vinde is in die ontwikkeling van Bantoetuislande en die ontwikkeling van sogenaamde grensgebiede.[38]

Laastens moet ook daarop gewys word dat die Ned. Geref. Kerk hom tot so ’n mate met die Afrikanersaak en apartheid vereenselwig het dat Jonker geoordeel het dat “... daar geen redelike moontlikheid meer was om nugter te oordeel oor kwessies waarvan

---

[34] W. D. Jonker. 1989. “Die pluriformiteitsleer van Abraham Kuyper. Teologiese onderbou vir die konsep van aparte kerke vir aparte volksgroepe? *In die Skriflig*, jg. 23, nr. 91, September 1989.

[35] Dit behoort vir elkeen wat ter sake kundig is voor die hand liggend te wees dat dit nie baie moeite sal verg om ’n trajek vanaf die standpunte by dié sinodesitting ingeneem na Ras, volk en nasie aan te dui nie (vgl. Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1975. *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

[36] Dit is voldoende om hier bloot na stelling xiii waarmee G. C. Oosthuizen sy proefskrif verdedig te verwys sonder om verder op die saak in te gaan: “Die herhaalde gebruik van die term ‘Christelike beskawing’ hou nie rekening met die demoniese magte wat dikwels in dié beskawing skuil nie.” sien G. C. Oosthuizen. 1958. *Theological discussions and confessional developments in the churches of Asia and Africa*. Franeker: T. Wever.

[37] Kotzé. 1966. “Indrukke en besluite van die Algemene Sinode”, *Die Kerkbode*, xcviii (23), 7 Desember 1966, 817.

[38] Kotzé. 1966. “Indrukke en besluite van die Algemene Sinode”, *Die Kerkbode*, xcviii (23), 7 Desember 1966, 818.

vermoed is dat hulle teen die volksaak ingaan nie."[39] Dié sinode kan die beste getipeer word as 'n sinode wat sy besluite geneem het in reaksie op Cottesloe én dr. Verwoerd se dood. 'n Sprekende voorbeeld is die wyse waarop dr. G. J. Kotzé oor die dood van Verwoerd berig:

> "Diep bewus van die gevoelige verlies wat ons volk gely het, het hierdie hoogste vergadering van ons kerk aan een van die grootste seuns van ons volk hulde gebring. Met geboë hoofde word die volgende mosie staande aanvaar: 'Die algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk dink met diepe weemoed aan die tragiese heengaan van ons onvergeetlike Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd. Die Sinode bring dankbare hulde aan die nagedagtenis van 'n getroue en gesiene lidmaat van ons kerk en huldig hom vanweë sy voortreflike staatsmanswysheid, integriteit en die doelgerigte optrede waardeur hy geregtigheid vir alle volksgroepe gesoek het.'"[40]

## 2.2 **Die Kerk in die branding**[41]

Volgens 'n sensus wat reeds in 1961 in die Ned. Geref. Kerk gedoen is, het 36%, of 1,158,091 uit 'n totaal van sowat 3 miljoen van die blanke bevolking van Suid-Afrika – "... en selfs 62 persent van alle Afrikaanssprekende blankes..." aan die Ned. Geref. Kerk behoort.[42] In 1965 het nie minder nie as 354 gemeentes aan die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (wat hele ou Kaapprovinsie omvat het) – wat destyds nog die huidige drie sinodes van Noord-Kaapland, Oos-Kaapland en Wes- en Suid-Kaapland ingesluit het – behoort.[43] Die Ned. Geref. Kerk was gróót en daarbý invloedryk – vroeër is reeds daarna verwys dat na die Ned. Geref. Kerk grappenderwys verwys is as die Nasionale Party in gebed. Die meeste van die kabinetslede van dié party was lidmate van die Ned. Geref. Kerk. Die Eerste Minister wat dr. H. F. Verwoerd

---

[39] Sien Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 68.
[40] Kotzé. 1966. "Indrukke en besluite van die Algemene Sinode", *Die Kerkbode*, xcviii (*21*) 23 November 1966, 734, 735.
[41] Die eerste hoofstuk in Jonker se postuum gepubliseerde boek, *Die Relevansie van die Kerk*, dra dieselfde opskrif. Sien W. D. Jonker, Nico Koopman, Christo Lombard, en Piet Naudé. 2009. *Die relevansie van die kerk: teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld*. Wellington: Bybel-Media, 5 – 22.
[42] Vgl. J. R. Albertyn: "Ons sesde kerksenus", *Die Kerkbode*, xc (*16*), 17 Oktober 1962, 531 – 535.
[43] Vgl. J. Ign. Kemp: "Streeksinodes vir Kaapland – is dit wenslik?", *Die Kerkbode*, xcv (*25*), 23 Junie 1965, 780.

na die moord op hom op 6 September 1966[44] opgevolg het, dr. B. J. Vorster en die aktuarius van die kerk, dr. J. D. (Koot) Vorster was broers. Voorbeelde van die invloed van die kerk op die party en vice versa, kan met 'n lang lys uitgebrei word.

Vir Jonker is 'n kerk wat so groot en magtig geword het nie sonder meer 'n onverdeelde seën nie - daar skuil daar ook groot gevaar in. In 'n artikel "Terwyl die Bruidegom talm om te kom ... staan die kerk in die branding"[45] uit 1966 omskryf hy die bedreiginge van die Bose wat die kerk in die gesig staar. Hoewel hy nêrens in dié artikel die Ned. Geref. Kerk by name noem nie, staar dié bedreiging die kerk in die jare sestig in die gesig. Terwyl hierdie dinge by hom na aan die oppervlak lê, kan tereg gevra word of Jonker oor die kerk in die branding kan skryf sonder om ook dié kerk, waarvoor hy baie lief was, in gedagte te hê? Die ooreenkomste met Jonker se belewenisse in die Ring van Johannesburg en dié artikel is net te opvallend om toevallig te wees.

Die aanslae van die Bose waaroor Jonker in die artikel skryf, is dus óók teen die Ned. Geref. Kerk gerig. Die listigste metode wat Satan teen die kerk kan gebruik, is om die kerk vanuit die kerk self aan te val. Die vervolging van die kerk hou op en die kerk word groot en magtig. Soos dit eie aan die volkskerk is, word

> "... almal op een of ander manier by die kerk ingeskakel. Wanneer die kerk dan in sy eie boesem die Trojaanse perd ingehaal het, is dit 'n eenvoudige saak om die heerskappy in die kerk oor te neem en die ware kerk te verdruk[46] onder die skyn van vrede en rus, of selfs – godlasterlik (sic) – onder die skyn dat die kerk verdedig moet word teen die onrusstokers wat na die Woord van God terugroep..."[47]

---

[44] Vir *Die Kerkbode* se reaksie op die moord, sien Redaksioneel: *Die Kerkbode*, no. 11, jg. 118, 14 September 1966, 356.

[45] W. D. Jonker. 1966. "Terwyl die Bruidegom talm om te kom ... staan die kerk in die branding", *Polumnia*, [s.l. s.n.], 33 – 37. Dié studenteblad verskyn gewoonlik in die tweede semester en die artikel was waarskynlik vóór die moord op dr. Verwoerd geskryf.

[46] Jonker sou goedskiks die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 29 kon byhaal wat van die valse kerk sê dat "... dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf."

[47] Jonker. 1966. "Die kerk in die branding", 36.

Jonker en almal wat soos hy gedink het – so is in die voorafgaande hoofstukke telkens aangetoon – is deur die "kerklike leiers" van die Ned. Geref. Kerk in dié jare as sulke "onrusstokers" beskou. 'n Enkele voorbeeld ter illustrasie: die brief van die 26 leraars,[48] waarin hulle beswaar gemaak het teen die "bindende besluit" deur meerdere vergaderinge, het dr. J. D. (Koot) Vorster "uit die tent gelok". Volgens hom is dié brief "niks minder as skadelik" nie kan "die vrede en orde en lewe van die kerk vernietig." Jonker et al. het volgens Vorster die weg van "anargie en chaos" gekies, wat "volmaak in die smaak van die tydsgees met sy idealistiese liberalisme" val.[49] Vorster het gereken dat hy die kerk beskerm, maar Jonker was oortuig dat hy (Jonker) en sy medestanders die kerk na die Woord terugroep. Maar hiérdie stryd gaan nie sommer in iemand se klere sit nie. Dit het by Jonker dieselfde tol geëis waaroor hy in die Polumnia-artikel skryf:

> "... die gelowige blyk nie alleen 'n krygsman van Jesus Christus te wees, omdat hy teen allerlei dinge moet stry wat sy persoonlike geloof wil aanval nie, maar ook omdat hy moet stryd voer om die waarheid van die geloof wat aan die gemeente oorgelewer is ... Daarby gaan dit nie altyd om groot bewegings of algemene vervolgings nie, maar om die verguising, veragting, vermoording en verwerping van enkelinge, van roepers in die woestyn, van "profetiese gestaltes" wat in die loop van die geskiedenis na vore getree het."[50]

Die Bose kom as 'n wolf in skaapsklere en tree met 'n "bedrieglike kerklikheid en skynvroomheid" op. Daardeur word Christus egter van die troon gestoot en kom die regering van Christus in Sy kerk in die gedrang: "Solank Christus maar net nie werklik gesag in die kerk het nie ..."[51]

---

[48] Jonker et al. 1963. "Opmerkinge oor sinodale besluit", *Die Kerkbode*, xci (*20*)15 Mei 1963, 677, 678. In die vorige hoofstuk is volledig hierna verwys.

[49] J. D. Vorster, "Bespreking van sinodale besluite" *Die Kerkbode*, xci (*24*),819. Vgl. ook J. J. F. Durand. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk" in P. F. Theron, en Johann Kinghorn. 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 66 ev. en J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 114, 205, 289 en 297.

[50] Jonker. 1966. "Die kerk in die branding", 36.

[51] Jonker. 1966. "Die kerk in die branding", 35, 36.

In dié artikel gebruik Jonker diep-religieuse en gelade taal oor die onsigbare bose magte wat agter die sigbare werklikheid aan't werk is. Dit moet in gedagte gehou word dat al die artikels in dié uitgawe van die blad, rondom die tema *Terwyl die Bruidegom talm om te kom ...* geskryf is. Oor die kerk skryf hy in die artikel vanuit die gesigspunt dat die kerk "'n eskatologiese grootheid is, die volk van God van die laaste dae."[52] Die taal wat hy in die artikel besig is eskatologiese taal, geskryf vir 'n studente- en 'n "gewone kerklidmate"-leserskring. Dit is ook die taal wat hy in sy intree- en afskeidspreke, wat hieronder aan die orde kom, gebruik.

Die taalgebruik in dié artikel kan gekontrasteer te word met 'n ander geskrif uit dieselfde periode wat wesenlik dieselfde tema aanspreek, nl. sy (en sewe ander) se ope brief aan die predikante van die Ned. Geref. Kerk[53] waarna kortliks in hoofstuk 6 verwys is. In dié ope brief skryf Jonker et al. oor die verwarring wat in die Ned. Geref. Kerk rondom die ekklesiologie bestaan. 'n Tweede subtitel lui: "Oproep tot handhawing van die eie aard van die kerk in 'n tydperk van verwarring." In die ope brief skryf hy ook oor die kerk wat 'n magtige organisasie in die volkslewe van die Afrikaner geword het en as bolwerk van die Afrikanersaak moet dien. Op dié wyse word die "ware karakter van die kerk as kerk van Christus en die ware lojaliteit van die kerk aan Christus en Sy Woord" ernstig misverstaan.

## 3. Intree- en afskeidspreke in die gemeente Johannesburg

As deel van die agtergrond vir Jonker se intreerede by Unisa, "*Om die regering van Christus in sy Kerk*", moet daarop gewys word dat hy daarin 'n trajek voortsit wat hy lank reeds ingeslaan het – dit is dus alles behalwe 'n reaksionêre standpunt wat in die hitte van die stryd geformuleer is. Dit gaan in werklikheid terug na sy proefskrif, wat dus aantoon dat dit 'n Bybels-teologiese standpunt is wat nie maar net by geleentheid afgestof word nie. Tans word eers net op Jonker se bediening in die gemeente Johannesburg gekonsentreer. Sy intree- en afskeidspreke sit dié trajek voort.

---

[52] Jonker. 1966. "Die kerk in die branding", 33.
[53] W. D. Jonker, Cilliers, W. J. C. et al. 1965. *Verwarring: opheldering noodsaaklik!: Ope brief aan evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. [S.l: s.n.]. Die ander skrywers was: proff. I. H. Eybers en J. A. Lombard, drr. J. H. P. van Rooyen, H. W. de Jager en A. J. Venter en mnr. A. C. Viljoen.

Sy intreepreek[54] het hy gelewer hy op 11 Februarie 1962 aan die hand van 1 Petrus 2:5 "en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus (1933-1953 Afrikaanse Vertaling)." In dié preek vergelyk hy die kerk met 'n skip: "'n Gemeente is soos 'n skip op 'n stormagtige oseaan: daar is voortgang met die reis, maar te midde van terugslae en aftakeling en skade." Hy het dus geen illusie gehad oor feit dat die gemeente Johannesburg ook in die branding gestaan het nie.

In hierdie intreepreek gryp hy terug na 'n tema wat in hoofstuk 1 bespreek is: Jonker se afkeer van 'n volkskerk waarin groen en ryp eenvoudig klakkeloos opgeneem is. Hy sê – op grond van 1 Pet. 2: 9 en 10 – dat 'n gemeente "... mense (is) wat uit die duisternis geroep is na die wonderbare lig, mense aan wie barmhartigheid bewys is." Hy vervolg dat "... dit gaan dus nie om ongeredde mense nie; dit gaan om die gemeente van Christus, *sy* verloste gemeente...'n heilige priesterdom." Jonker hoor by Petrus dat die gemeente in 'n "innige verbinding met Christus" staan, dat die gemeente verenig met Hom en uit Hom lewe.[55] Dit is van deurslaggewende belang om Jonker se beklemtoning (kursivering: "*sy* verloste gemeente") hierbo aan te merk. Wat Jonker hier verkondig, is fundamenteel om sy ekklesiologie én sy intreerede te verstaan. Soos hierdie hoofstuk ontvou, sal die swaarwigtigheid hiervan duidelik aan die lig tree. In onderafdeling 4.1 hieronder sal die belangrikheid van die standpunt in dié preek, verder onder die loep geneem word.

Sy afskeidspreek[56] in dié gemeente volg dieselfde trajek. Hy preek oor "Laat U koninkryk kom" (Matt. 6: 10[a]) – die tweede bede van die Onse Vader. Sy Skriflesing is uit Matt. 6: 6 – 13 (die Onse Vader) en 1 Pet. 1: 22 – 25. Daarbý gebruik hy Sondag 48 van die Heidelbergse Kategismus.[57] In sy semi-outobiografie beklemtoon hy dat dié bede volgens die Kategismus inderwaarheid 'n gebed vir die kerk is.[58] In die preek sê hy dat die Kerk die voorpos van die Koninkryk in die wêreld is. Tematies sluit die preek ook by sy intreerede, *Om die regering van Christus in sy kerk*, aan. Hy sê ons

[54] Die preek is nie gepubliseer nie. Dit is opgeneem in die Jonker Digitale Argief – www.williejonker.co.za
[55] Die preek is opgeneem in die Jonker Digitale Argief – sien www.williejonker.co.za.
[56] Gelewer op 16 Mei 1965 – vgl. Amptelik: *Die Kerkbode* xcv (*19*), 12 Mei 1965, 601.
[57] Die preek is opgeneem in die Jonker Digitale Argief – sien www.williejonker.co.za.
[58] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 79.

bid in dié bede "... om die deurbraak van die heerskappy van God in die wêreld." Volgens hom gebruik die Bybel die woord "koninkryk in die eerste instansie om Gods heerskappy, die toestand waarin Gods heerskappy aanvaar word, die onderworpenheid aan die Koningsheerskappy van God" uit te druk. Hierdie heerskappy van God kan met die Kategismus nader omskrywe kan word as "... heerskappy deur die Woord en die Gees van God." Hy gaan verder deur te sê dat dié bede ook 'n negatiewe kant het. Hierin word ook gebid "... dat alles wat Gods heerskappy deur sy Woord en Gees teenstaan, verbreek en verwyder mag word." In hierdie afskeidspreek reflekteer Jonker op sy ervaringe as lid van die Ring van Johannesburg en die druk wat deur die Ned. Geref. Kerk op hom en sy medestryders – alle moontlike simpatiseerders met C. F. Beyers Naudé en die Ci – uitgeoefen is. In die afskeidspreek klink dieselfde tema op wat hy in sy artikel in *Polumnia* aan die orde gestel het:

> "Nooit klink daar 'n meer duiwelse lag uit die hel op as wanneer die Kerk nog meen dat hy met die Woord omgaan, maar die Woord is afgebind, sy boodskap is stilgemaak en sonder 'n klaende gewete gaan die Kerk aan Gods Woord ongehoorsaam word. Die Kerk is net Kerk solank die Woord van God daarin regeer; 'n kerklike vergadering het slegs gesag solank die Woord van God daar regeer. Anders nie. Dit weet die duiwel en daarom sal hy alles probeer beweeg om die Kerk af te trek van die Woord van God alleen, om die Kerk te laat beheers deur allerlei ideologieë en mensgemaakte skemas."[59]

Hy skryf later: "Nooit is die triomf van die Bose groter nie as wanneer die kerk nog meen dat sy met die Woord omgaan, maar sonder aanklag van haar gewete daaraan ongehoorsaam word" en beklaag hy hom: "Miskien het nie almal in die kerk die volle implikasies van my woorde vir die destydse kerklike situasie verstaan nie."[60] In onderafdelings 2.2.2 hieronder en 2 in die volgende hoofstuk, sal die belangrikheid van die standpunte in dié preek, verder onder die loep geneem word.

---

[59] Vgl. www.williejonker.co.za. Sien ook W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 79.
[60] W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 79.

## 4. Die kwessie oor die behoud van Jonker se status as predikant

Soos aangedui, was die skuif na Unisa nie vir Jonker 'n positiewe belewenis nie. Die belangrikste rede vir sy negatiwiteit was dat hy – hoewel nie heeltemal buite nie – tog op die kantlyn van die bediening tereggekom het. Hy skryf: "Vir my besef kon die soort teologie wat vir my saak maak, nie werklik per korrespondensie aan studente oorgedra word nie; dit kon slegs in die nouste verbintenis met die kerk as geloofsgemeenskap beoefen word."[61] Die teologiese fakulteit by Unisa was nie een van die Ned. Geref. Kerk se eie teologiese opleidingsentra nie – en teologiese opleiding aan Unisa is nie sonder meer deur die Ned. Geref. Kerk erken nie. Jonker het sy bediening spesifiek in en aan die Ned. Geref. Kerk as sy lewensroeping gesien. Hy wou die Ned. Geref. Kerk bedien en terugroep na sy gereformeerde erfenis. Hy wou niks anders nie. Hy skryf:

> "Die situasie by UNISA het meegebring dat ek haas alle kontak met die kerk verloor het. ... Dit was vir my 'n groot gemis om nie meer by gemeentelike werk betrokke te wees nie. Ek het my begin verbeel dat ek alleen gelukkig was toe ek nog 'n gemeente gehad het, op huisbesoek kon gaan en die Woord kon bedien."[62]

Jonker moes nie alleen afskeid van die gemeente neem nie, maar moes ook sy betrokkenheid by meerdere vergaderinge van die kerk en sy werksaamhede as aktuarius van die Sinode van Suid-Transvaal beëindiging. Ds. I. F. Retief van Vereniging is as waarnemende aktuarius deur die Sinodale Kommissie in sy plek aangewys.[63]

Jonker het C. F. Beyers Naudé verwyt dat hy met die aanvaarding van die direkteurskap van die Ci die reformasie in die Ned. Geref. Kerk in duie laat stort het.[64] Doen Jonker nie nou dieselfde deur die "brandende skip" te verlaat nie? Daarom moet Jonker se aansoek om die behoud van sy status as predikant ondervra word. In die konteks van Naudé se aansoek, skryf hy dat hy nie 'n beleid ondersteun waarvolgens predikante hulle status behou "... wanneer hulle hul amp verruil vir diens aan organisasies wat nie

---

[61] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander,* 77.
[62] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander,* 82.
[63] Amptelik: *Die Kerkbode* xcv (*24*), 16 Junie 1965, 763.
[64] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 63.

direk met die roeping van die kerk in verband staan nie."[65] Jonker het egter geoordeel dat sy werk by Unisa om 'n teologiese opdrag gegaan het en dat hy met reg aansoek kon doen om die behoud van sy status as predikant. Die Ned. Geref. Kerk het vantevore geen beswaar gehad dat teologiese dosente aan Unisa hulle status as predikante behou nie. Die behoud van sy status as predikant was vir Jonker die dun draadjie wat hom nog aan die bediening verbind het.[66]

Die vraag is egter of die aansoek van Jonker – ongeag sy motiverings – kerkregtelik verantwoord kan word. Met name sal die vraag aan die Dordtse Kerkorde (DKO) gestel en beantwoord moet word – gesien in die lig van die feit dat Jonker die DKO so hoog aangeskryf het en telkemale (soos in vorige hoofstukke aangedui) gevra het dat teruggekeer moet word na die DKO.

Onmiddellik moet gesê word dat die vraag of iemand sy "status as predikant" mag behou, hom binne die paradigma van die DKO vreemd aandoen. Die DKO gaan deurgaans daarvan uit dat 'n predikant aan 'n plaaslike gemeente verbonde moet wees. Rutgers gaan selfs so ver om te sê "...er (is) geen plaats voor dienst des Woords buiten de plaatselijke kerken."[67] Wat uit die DKO bo alle twyfel vasstaan, is dat die amp nie van die plaaslike kerk geskei kan word nie. Niemand mag enige kerklik werk verrig sonder 'n verbintenis aan die plaaslike gemeente nie.

Die historiese agtergrond waarteen dié sterk klem op die band tussen die plaaslike gemeente en die amp verstaan moet word is kortliks dat daar in die tyd van die Reformasie talle rondreisende gewese priesters en monnike uit die Roomse Katolieke Kerk asook doopsgesindes wat met die Reformasie was meegegaan en hulle in die diens van die Woord in die protestantse kerk wou indwing. "Deze indringers werden in de acta van de synoden aangeduid met de gemeenschappelijke naam van 'lopers' of 'scheurmakers'."[68] Voetius noem dat dié predikers – met sinspeling op Rig. 17: 7 ev. –

[65] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 65.
[66] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 78.
[67] F. L. Rutgers, en Jan de Jong. 1892. *Bespreking der hoofdpunten van het kerkrecht naar aanleiding van de Dordtsche Kerkenorde*. [S.l: s.n.], 54. Sien ook K. de Gier. 1989. *De Dordtse kerkorde: een praktische verklaring*. Houten: Den Hertog, by DKO art 6.
[68] K. de Gier. 1989. *De Dordtse kerkorde: een praktische verklaring*. Houten: Den Hertog, by DKO art 3.

as "ambulantes Levitae" (wandelende Leviete) bekendgestaan het[69] en Rutgers praat van "clerici vagi" (rondreisende monnike).[70] Hulle het die land deurkruis, gepreek en aan reisigers, handelaars, jagters en matrose, ens. die sakramente bedien.[71] Op dié manier het hulle in hulle lewensonderhoud voorsien. Rutgers skryf dat die Sinode van Emden, 1571, hulle "buikdienaars" genoem het![72] Van sulke onverbonde, rondtrekkende predikante wou die Reformasie niks weet nie – vandaar die sterk klem op koppeling aan 'n plaaslike gemeente. Die gemeente moet die predikant beroep, approbasie aan sy beroep verleen, hom in sy amp bevestig en versorg.

Dit is vreemd aan die gereformeerde kerkreg – veral soos dit neerslag gevind het in die Kerkorde van Dordt – dat 'n predikant aan die breëre kerkverband soos aan 'n genootskap verbonde is en waar die topbestuur hulle na goeddunke kan verplaas. Die plaaslike gemeente is die uitgangspunt en grondslag van die gereformeerde kerkreg. Jonker is terdeë bewus van hierdie uitgangspunt van die DKO. Hy skryf in sy ongepubliseerde werk *Die regering van Christus*:

> "... dit (is) egter nogtans duidelik dat predikante steeds aan plaaslike gemeentes verbonde moet wees (art. 7 Dordtse Kerkorde), tensy hy gestuur word om êrens 'n gemeente te versamel. Die bedoeling daarvan is om die beginsel te handhaaf dat die ampte altyd aan plaaslike gemeentes verbonde moet wees, sodat die gelykheid van die predikante gewaarborg kan word en daar geen moontlikheid is vir die ontstaan van die episkopaat nie."[73]

Nie alleen artikel 7 nie, maar ook DKO artikels 6 en 12 moet in ag geneem word in die debat oor die vraag of iemand sy status as predikant mag behou. Die drie artikels word volledig aangehaal:

---

[69] Aangehaal by H. Bouwman. 1928. *Gereformeerd Kerkrecht*, I. Kampen: J. H. Kok, 431.
[70] Rutgers. 1892. *Bespreking der hoofdpunten van het kerkrecht*, 54.
[71] Bouwman. 1928. *Gereformeerd Kerkrecht*, I, 431.
[72] Rutgers. 1892. *Bespreking der hoofdpunten van het kerkrecht*, 55.
[73] W. D. Jonker. (Dit sal gepubliseer word sodra hierdie dissertasie verdedig is by www.williejonker.co.za) *Die regering van Christus*. I, 91.

Artikel 6: "Ook zal geen dienaar dienst mogen aannemen in enige particuliere heerlijkheden[74], gasthuizen of anderszins[75], tenzij dat hij voorheen geadmitteerd en toegelaten is, volgens de voorgaande artikelen; en hij zal ook niet minder dan anderen de kerkenordening onderworpen zijn."

Artikel 7: "Niemand zal tot de dienst des Woords geroepen worden zonder hem in een zekere plaats te stellen, tenzij dat hij gezonden wordt om hier of daar te prediken in de gemeenten onder het kruis[76], of anderszins om kerken te vergaderen."

Artikel 12: "Dewijl een dienaar des Woords, eens wettig, als boven, beroepen zijnde, zijn leven lang aan de kerkendienst verbonden is, zo zal het hem niet geoorloofd zijn zich tot een andere staat des levens te begeven, tenzij om grote en gewichtige oorzaken, waarvan de classis kennisnemen en oordelen zal."[77]

'n Vergelyking tussen die DKO en die kerkordes van die Ned. Geref. Kerk toon dat DKO artikels 6 en 7 geheel en al ontbreek terwyl DKO artikel 12 gewysig is. Die kerkorde van die Algemene Sinode van 1962, artikel 11 lui:

"'n Bedienaar van die Woord mag nie sonder gewigtige redes tot 'n ander lewenstaak oorgaan nie. As by egter sy gemeente verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar, verbeur hy sy status as bedienaar van die Woord, tensy hy in sinodale diens tree of vooraf van die betrokke kommissie van die sinode verlof tot behoud van status ontvang het. Sodanige verlof tot behoud van status mag alleen verleen word indien die betrekking wat hy aanvaar het, 'n geestelike karakter dra en met die verkondiging van die Woord in regstreekse verband staan."[78]

Net die eerste sin van dié artikel kan in die DKO teruggevind word. Die Ned. Geref. Kerk het die artikel egter nie self geformuleer nie, maar het die Kerkorde van die

---

[74] Dié term slaan op predikante wat indertyd aan die hof van die Prins van Oranje en deur ander hoë adellike families aangestel was.

[75] Dié oud-Nederlandse term "gasthuizen" dui op liefdadigheidsinrigtings soos ouetehuise, hospitale, inrigtings vir gestremdes e.d.m. terwyl "anderszins" ook predikante insluit wat bv. dien as weermag kapelane ens.

[76] Die "gemeenten onder het Kruis" was Protestantse gemeentes wat in die suidelike Nederlande gewoon het wat deur (Rooms-Katoliek-gesinde) Spanje oorheers was.

[77] Vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten, *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p. 2008. by http://kerkrecht.nl/node/2769

[78] Sien *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*, *1964.* Kaapstad, N.G. Kerk-Uitgewers.

Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) van 1959 nagevolg. Ook in laasgenoemde is DKO artikel 6 en 7 verwyder en is DKO artikel 12 aansienlik gewysig.[79] Artikel 11 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk van 1962, kan byna netso in twee (byna gelykluidende) artikels van die Kerkorde van die GKN teruggevind word, te wete, artikels 15 en 16.[80] Vroeër was die reëling in die GKN dat predikante wat geroep word om in die kerkverband te werk soos – onder andere – hoogleraars aan die universiteite van die GKN (die Vrije Universiteit en die Theologische Hoogeschool in Kampen), die "status" van emeritus gehad het. Maar, vind Nauta, "Met de oude bepalingen kwam men er gewoonweg niet uit."[81]

Dit is nie die plek om die "nuwe" Kerkorde van die GKN volledig hier te bespreek nie. Enkele opmerkings moet egter gemaak word. Die GKN het reeds by die sinode van 1949 te 's-Gravenhage besluit om "… meteen in de kerkorde een nieuw artikel op te nemen, waardoor de mogelijkheid werd geopend predikanten in algemene dienst aan te wijzen" en by die sinode van van Rotterdam (1952) is besluit welke artikels van die DKO as verouderd geskrap moet word.[82]

---

[79] Dié Kerkorde van die GKN het op sy beurt 'n bepaalde invloed vanuit die nuwe kerkorde van 1951 van die Nederlandse Hervormde Kerk ondergaan. In hoofstuk 2 is reeds op die proses gewys wat gevolg was om die Kerkorde van die NHK te herskryf. Vgl. ook D. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok, 35.

[80] Kerkorde GKN, 1959, Artikel 15 lui: "Een dienaar des Woords, die, met bewilliging van de kerkeraad en met goedkeuring van de classis en met de medewerking en het goedvinden van de daartoe door de particuliere synode aangewezen deputaten, een arbeid aanvaardt, die weliswaar een geestelijk karakter draagt en met de roeping tot de verkondiging van het evangelie in rechtstreeks verband staat, maar waardoor hij zijn taak in de gemeente niet langer kan verrichten, zal toch de eer en de naam van een dienaar behouden en ten aanzien van zijn ambtelijke positie aan de kerk, welke hij het laatst diende, verbonden blijven."
Artikel 16 "Een dienaar des Woords, die door de generale synode of in overeenstemming met door haar goedgekeurde bepalingen geroepen wordt tot arbeid in opdracht van of ten behoeve van de gezamenlijke kerken, die wel een geestelijk karakter draagt en met de roeping tot de verkondiging van het evangelie in rechtstreeks verband staat, maar die voor hem een verhindering is om zijn taak in de gemeente te blijven verrichten, zal geacht worden in dienst te staan van de gezamenlijke kerken en de eer en de naam van een dienaar behouden."
– vgl. http://kerkrecht.nl/content/kerkorde-gkn-1957-art-15. Datum besoek: 2016-07-04.
Die bewoording van dié twee artikels stem tot 'n groot mate ooreen met hier en daar enkele anderse formuleringe. Die verskil tussen die twee artikels is dat artikel 15 ruimte maak vir predikante wat nie meer spesifiek vir die kerk of kerkverband werk nie, maar in 'n ander diensbetrekking teregkom (bv. kapelane in diens van die weermag of hospitaalleraars, ens.) om "de eer en de naam van een dienaar te doen behouden". Daarteenoor reël artikel 16 dieselfde vir predikante wat in diens van die kerkverband staan. Hierin word voorsiening gemaak vir – onder andere – teologiese hoogleraars en persone wat sending- en evangelisasiewerk doen. Vgl. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde*, 82 – 87.

[81] Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde,* 83, 84.

[82] Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde,* 35.

Jonker wy die laaste hoofstuk in Deel III van sy ongepubliseerde werk *Die regering van Christus* aan dié kerkregtelike ontwikkelinge in die Gereformeerde Kerke in Nederland. Hoewel Jonker 'n duidelike standpunt oor die kerkreg het, moet in gedagte gehou word dat hy nie in hierdie werk 'n kritiese beoordeling van spesifieke kerkordes skryf nie, maar 'n historiese oorsig oor die kerkregtelike ontwikkelinge in die gereformeerde kerke gee – sonder om hom noodwendig ten gunste daarvan óf daarteen uit te spreek. Oor genoemde kerkorde van 1959 skryf hy onder andere:

> "Die nuwe kerkorde sluit in 'n groot mate by die Dordtse Kerkorde aan, maar is tog ook weer in soveel opsigte anders as die Dordtse Kerkorde, dat daar inderdaad van 'n hele nuwe kerkorde sprake kan wees. Hierdie afwyking van die Dordtse Kerkorde bestaan nie net daarin, dat die nuwe kerkorde veel omvangryker is ... maar word ook in verskillende materiële dinge duidelik."[83]

Jonker beklemtoon dat die verskuiwing in die nuwe kerkorde veral daaraan te wyte is dat daar "... beslis uitgegaan (word) van die eenheid van die kerke wat in sinodale verband verenig is..." en "dit (is) duidelik dat die kerk as 'n institutêre eenheid gesien word."[84] Volgens hom word dié gedagte in die DKO veronderstel, maar in die Doleansie – en dus by Kuyper en Rutgers – ontken. Dit is juis die beklemtoning van die eenheid, wat daartoe gelei het dat die nuwe kerkorde die ou opvatting dat ampsdraers slegs aan die plaaslike gemeente verbonde kan wees, laat verval het, skryf hy.[85] Die belangrikheid van die eenheid van die kerk in sy teologie en in die stryd wat Jonker in die Ned. Geref. Kerk hieroor gestry het, maak dit duidelik waarom hy in positiewe terme oor dié spesifieke verskuiwing in die Kerkorde van die GKN skryf. Tog wil hy – soos hierbo aangetoon – aan die uitgangspunt dat predikante altyd[86] aan 'n plaaslike gemeente verbonde moet wees, onverkort vashou.

Die vraag ontstaan of daar nie hierin 'n dualisme – selfs 'n kontradiksie – in die teologie van Jonker te bespeur is nie. Meer nog, kan hier nie sprake wees van dubbele standaarde nie: dat hy in Naudé se geval sê dat hy nie ten gunste van die behoud van

---

[83] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 212.
[84] Jonker. 1965. Die regering van *Christus,* I, 212.
[85] Jonker. 1965. Die regering van *Christus,* I, 213.
[86] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 91.

status is nie, maar dit vir homself aanvra? Hiervoor beroep Jonker op Calvyn. Hy skryf dat Calvyn dikwels van die algemene kerk praat maar altyd só dat hy steeds aan die plaaslike kerke as volledige kerke van Christus vashou. Jonker vind nie by Calvyn 'n dualisme nie, maar 'n "... eg-Skriftuurlike ... dialektiese element in sy spreke oor die kerk, want hy het skynbaar geen behoefte daaraan om verskillende terme te gebruik om die plaaslike gemeente en die algemene kerk van mekaar te onderskei nie: albei is eenvoudig kerk."[87] Dieselfde dialektiek in Jonker se denke kan ook in die volgende opmerking gesien word:

> "Nou moet ons ook hier weer opmerk dat die gereformeerde kerkreg nooit daarvoor blind was dat die ampte uitgryp bokant die plaaslike gemeente en betekenis het vir die algemene kerk nie. Maar dit is vir die gereformeerde kerkreg deurgaans wesenlik dat die ampte uit die plaaslike gemeente opkom en dus ampte van die plaaslike gemeente is en nie in enige sin ampte van die algemene kerk nie."[88]

Laasgenoemde roep om beklemtoon te word. Die gereformeerde kerkreg ken nie enige ampte wat uit enige meerdere vergadering opkom nie. Dit is alleen in die plaaslike gemeente waar enigsins sprake is van die ampte. Daarom beklemtoon DKO artikels 6 en 7 dat diegene wat op enige wyse buite die normale bediening in die gemeente arbei, steeds op 'n wettige wyse verkies, deur die gemeente approbasie verleen moet word en die persoon in die gemeente bevestig moet word.

'n Tweede element word deur Jonker uitgelig. Hy skryf dat die oogmerk van die beginsel dat die ampte altyd aan plaaslike gemeentes verbonde moet wees, is dat "... die gelykheid van die predikante gewaarborg kan word en daar geen moontlikheid is vir die ontstaan van die episkopaat nie."[89] Jonker verstaan klaarblyklik dat die gelykheid van predikante deur hul verbondenheid aan 'n plaaslike gemeente die beste/grootste moontlikheid bied dat Christus alleen in die kerk regeer. In sy artikelreeks in *Die Kerkbode* oor die konsep-kerkorde vir die te stigte Algemene

---

[87] Jonker. 1965. Die regering van *Christus,* I, 30. Jonker skryf uitgebreid oor die gewig van die plaaslike kerk by al die hervormers in hierdie eerste deel.
[88] Jonker. 1965. Die regering van *Christus,* I, 69.
[89] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 91.

Sinode, waaraan in hoofstuk 2 aandag gegee is, het Jonker geskryf: "Daar in die plaaslike gemeente kan die leiding en regering van Christus die duidelikste tot openbaring kom."[90] Die regering van Christus in sy kerk – die tema van sy intreerede én die ongepubliseerde werk – is die kernbeginsel waaraan Jonker steeds wil vashou. Dit geld óók vir die kwessie van die behoud van status as predikant.

Jonker het hom nie krities uitgespreek het oor artikel 11 van die Kerkorde van 1962 nie, nie in sy artikelreeks oor konsep kerkorde – waar 'n mens dit in die eerste instansie sou verwag – maar ook nêrens elders nie. Ook nie oor die verandering in dié verband in die Kerkorde van die GKN van 1959 in sy ongepubliseerde manuskrip nie. Gegewe bogenoemde twee ekklesiologies-kerkregtelike grondbeginsels in die teologie van Jonker – die klem op die eenheid van die kerke en die alleenheerskappy van Christus – is dit moontlik dat hy die wysigings aanvaar het. Wat wel duidelik is, is dat Jonker nie daarvoor te vinde was dat predikante sonder meer hul status as predikant behou nie. In die geval van C. F. Beyers Naudé skryf hy duidelik dat hy nie ten gunste daarvan is dat predikante hulle status as predikante behou wanneer hulle hul ampte in die kerk verruil vir diens aan 'n organisasie buite die kerk nie.[91]

Saamgevat kan dus tot die konklusie gekom word dat Jonker saamstem dat die amp en die plaaslike gemeente nie van mekaar geskei kan word nie, maar op 'n dialektiese wyse ('n "onmoontlike-moontlikheid"!) die amp óók in die breë kerkverband laat funksioneer. Ten slotte – soos in Naudé se geval – behoort niemand hulle status as predikant te behou wanneer hulle vir buite-kerklike organisasies werk nie. Jonker het hier in stryd met sy eie kerkregtelike beginsels opgetree. Dit sou nie die geval gewees het indien 'n gemeente hom as hoogleraar beroep het nie.

Soos aangedui, het die skuif na Unisa Jonker gepla. Hy wou volledig aan die kerk verbonde wees. Maar daar was (en is steeds) eenvoudig géén moontlikheid om deur 'n gemeente geroep te word om 'n professoraat in die teologie by Unisa te aanvaar nie én Jonker kon eenvoudig net nie langer die onverkwiklike situasie in die Ring van Johannesburg hanteer nie. Hy skryf dat die behoud van sy bevoegdheid die dun draadjie

---

[90] W. D. Jonker. 1959. "Die Nuwe Kerkorde", *Die Kerkbode*, lxxxiv (*22*), 2 Desember 1959, 870.
[91] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 65.

was wat hom nog aan die bediening verbind het[92] en hy het die eerste geleentheid aangegryp om, na slegs nege maande by Unisa, na die bediening terug te keer.

Die wyse waarop die Ned. Geref. Kerk egter Jonker se aansoek hanteer het, beskryf Jonker as "pynlik". Wat – gesien die talle predikante wat hulle status as predikante behou het – 'n blote formaliteit moes wees, het etlike ure geduur. Jonker is van mening dat druk op die Eksamenkommissie uitgeoefen was en hy skryf: "die bedoeling in bepaalde kringe was duidelik dat ek, soos Beyers Naudé, my status as predikant moes verloor."[93] Hy het egter wel sy status as predikant behou.[94]

## 5. Intreerede by Unisa: *Om die regering van Christus in sy Kerk*

Hierdie opskrif is die titel van Jonker se intreerede by Unisa.[95] Dié intreerede was (en word steeds)[96] deur talle hoog aangeprys – onder andere deur prof. H. Ridderbos, wat só beïndruk met dié stuk was, dat dit 'n rol daarin gespeel het dat Jonker na die Theologische Hoogeschool in Kampen beroep is.[97] Die agtergrondstudie en fondasie vir sy intreerede is gelê tydens sy studiereis in 1960/61,[98] waarna reeds dikwels in die vorige hoofstukke verwys is, maar sy doktorale studie oor die ekklesiologie[99] kan nie buite rekening gelaat word nie. Sy intreerede was die spreekwoordelike skerppunt van die naald van die kerkregtelike standpunte wat hy in die loop van die jare ingeneem het. Dit beteken uitdruklik dat alles wat in die voorafgaande hoofstukke van hierdie verhandeling geskryf is – sy standpunte oor die volkskerk, evangelisasie en tug, die konsep kerkorde vir die Ned. Geref. Kerk, sy standpunte in sy *Sendingbepalinge*, en die stryd tussen hom en die kerk wat daarna gevolg het – daarin gekulmineer het. In 'n

---

[92] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 78.
[93] Jonker. 1998. Selfs die *Kerk kan verander*, 78.
[94] Vgl. Amptelik: *Die Kerkbode* xcv (*26*), 30 Junie 1965, 826.
[95] Jonker het twee artikels en 'n brief onder die titel "Die aard van kerklike gesag" in *Die Kerkbode* gepubliseer waaraan reeds in die vorige hoofstuk aandag gegee is. Dié artikels stem tot 'n hoë mate met die intreerede ooreen – in sommige gevalle, selfs woordeliks. Sien *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573 – 1575, *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615 – 1616 en *Die Kerkbode*, xcvi (*1*), 5 Januarie 1966, 23. Omdat dit in die vorige hoofstuk hanteer is, word dit nie weer volledig behandel nie.
[96] Sien bv. die resensie van prof. B. Spoelstra in *In die Skriflig*, vol. 2, no. 5, 22 Mei 1968, 45 – 49.
[97] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 99.
[98] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 99.
[99] W.D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok.

sekere sin is hierdie intreerede 'n samevatting van Jonker se teologies-kerkregtelike oortuigings.

Die onmiddellike konteks waarteen die intreerede gelees en verstaan moet word, is Jonker se stryd in die Ring van Johannesburg.[100] In die vorige hoofstuk is die stryd teen dié dinge waarteen Jonker nou in sy intreerede waarsku, bespreek. Hy skryf dat sy intreerede "... goed aangesluit (het) by wat ek as die groot gevaar vir die Ned. Geref. Kerk gesien het, dat die kerk haarself nie soseer deur die Woord en Gees van God laat lei nie, maar deur allerlei ander dinge gedryf en gemanipuleer word."[101] Dié standpunt sal hieronder telkens aan die orde kom – dit is inderwaarheid die leitmotief van Jonker se kerkreg. Jonker slaan nie 'n nuwe koers in of kom met nuwe insigte vorendag nie – sy intreerede bied hom egter die geleentheid om sy beskouinge sistematies, kernagtig en op akademiese vlak uiteen te sit. Dr. H. J. P. van Rooyen – leraar van die gemeente Parkhurst, waar Naudé tot ouderling verkies was en hom dus midde-in die hele sage bevind het – skryf in sy (tweede) doktorale[102] proefskrif:

> "Onmiskenbaar het Jonker sy intreerede gehou teen die agtergrond van sy ervaringe as lid van die Ring van Johannesburg en die druk wat deur die kerk uitgeoefen is om tug toe te pas teen lede van die Ci en moontlike simpatiseerders met die Ci. In die stryd wat in die kerk teen die Ci gevoer is, het dit om al die dinge gegaan waarteen Jonker in sy rede gewaarsku het..."[103]

Die intreerede bestaan uit 'n inleidende gedeelte waarin hy sy prinsipiële uitgangspunt verduidelik. Vervolgens uit drie afdelings waarin hy agtereenvolgens die kerkregtelike beginsels van die Reformasie, die verval en die ontwikkeling van die kerkreg gedurende die agtiende en negentiende eeu en laastens die vernuwing wat sedert die Tweede Wêreldoorlog tot op datum van sy intreerede by kerke in Europa ingetree het, uitspel.

---

[100] Vir 'n volledige beskrywing van die gebeure, sien J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 304, 305, by http://hdl.handle.net/10539/20402 Datum besoek: 2016-05-31. Sien ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 78, 79.

[101] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.

[102] Die eerste skryf hy onder die studie leiding van prof. A. A. Van Ruler aan die Rijksuniversiteit in Utrecht, Nederland. Sien J. H. P. Van Rooyen. 1964. *Kerk en staat: 'n vergelyking tussen Kuyper en van Ruler*. Groningen: V.R.B. Kleine.

[103] J. H. P. van Rooyen. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*, 304. Sien ook B. Spoelstra. 1968. "Boek resensie", *In die Skriflig*, vol. 2, no. 5, 22 Mei 1968, 49.

Hierdie driedeling stem presies ooreen met dié in die ongepubliseerde manuskrip. Die intreerede word vervolgens kortliks weergegee.

### 5.1 Die inleidende gedeelte

Met Jonker se inleidende sin sal géén teoloog verskil[104] nie: "Dat Jesus Christus die Hoof en Here van Sy kerk is en as Koning direk en persoonlik oor Sy kerk regeer, is die grondwaarheid waarvan die kerkreg moet uitgaan."[105] Dit is 'n geweldige belydenis, maar die geskiedenis toon dat dit vir die kerk is nes asof dit "... te geweldig is om dit uit te hou met die werklikheid van Christus se lewende teenwoordigheid in sy midde."[106] Wanneer dié belydenis verwaarloos word, word Christus verdring en word die kerkreg óf geklerikaliseer óf gesekulariseer. Die regering van Christus in die kerk word in beide gevalle vervang met dié van die mens.

Jonker wil dat die kerk met hierdie belydenis "tot in die verste verte van die praktyk" erns maak. Alleen dán kan gepraat word van egte, Bybelse kerkreg. Met beroep op Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus, beklemtoon hy dat Christus die handelende Subjek in die kerk is wat Self Sy gemeente vergader, beskerm en regeer. Aan Hom alleen kom "alle mag en seggenskap in die gemeente" toe. Enige iets minder as dit, is valse kerkreg. Jonker noem dat Barth hierdie verhouding tussen Christus en die kerk die grondwet van die kerk genoem het.[107]

### 5.2 Kerkregtelike beginsels van die Reformasie

Die Hervormers was terdeë daarvan bewus dat die Roomse Katolieke Kerk ook meen dat hy die belydenis van die Hoofskap van Christus ten volle erken. Tog was die

---

104 Vgl. voetnoot 127 in hoofstuk 2.
105 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 3.
106 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 4.
107 Sien voetnoot 4 in Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 3. Jonker verwys na K. Barth, *Kirchliche Dogmatik* IV, 2, 770. Vgl. ook Karl Barth and G. W. Bromiley. 1978. *Church Dogmatics Vol. IV, 2.* London: T & T Clark, 676.
682. Barth wy 'n afdeling aan "The order of the community" waarin hy die dogmatiese grondstene vir kerkreg en kerkorde lê – sien *Church Dogmatics Vol. IV, 2*, 676 – 726. Die vraag of Jonker vir Barth reg interpreteer, word buite rekening gelaat, hoewel dit nadere ondersoek kan regverdig – veral in die lig daarvan dat Barth in die jare wat volg in die Ned. Geref. Kerk familie herinterpreteer sou word.

Reformasie – in kerkregtelik sin – 'n stryd om die regering van Christus in Sy kerk. Om dit te verstaan, neem Jonker eers die Roomse Katolieke ampsbegrip onder die loep. Hy stel dit teenoor die oortuiging van die reformatore.

### 5.2.1 Roomse Katolieke ampsbegrip teenoor die reformatore

Met hulle standpunt van die apostoliese suksessie, is Rome se standpunt dat Christus en Sy plaasvervanger (Petrus en sy opvolgers) één is. Vir hulle is daar geen sprake van twee hoofde in die kerk, Christus én die pous nie, maar slegs één: "Christus-in-gemeenskap-met-Sy-plaasvervanger".[108] Vir Rome regeer Christus vanselfsprekend waar die pous regeer. Die pous is die *Vicarius Christi* – die plaasvervanger van Christus. Die konsekwensie is die dogma van die onfeilbaarheid van die pous. Só het gesag in die kerk in die hande van die mens beland, in die persoon van die ampsbekleër.

Die Roomse ampsbegrip is ingebed in die ganse Rooms-Katolieke teologie – veral in sy sakramentsleer. Vir Rome werk die sakramente *ex opere operato* en omdat die priesterwyding 'n sakrament is, word die amp gesakraliseer. Deur dié sakrament word 'n geestelike regeermag aan die ampsdraer oorgedra en word hy tot 'n hoër orde bo die "leke" verhef. Omdat die sakramente *ex opere operato* werk, kleef die amp ook permanent aan die persoon (*character indelibilis*) en verleen aan hom die gesag om die genade onfeilbaar uit te deel en die kerk te regeer – sonder om ooit te vra of die ampsdraer konkreet gehoorsaam is aan Christus. Langs dié weg het die mens die teuels uit die hand van Christus geneem en oefen die mens sonder onderbreking (apostoliese suksessie), remming of grense gesag in die kerk uit.

Die Reformatore gaan van 'n totaal ander ampsbeskouing uit as dié van Rome. Tog het hulle steeds 'n sterk ampsbeskouing. Beide Luther en Calvyn laat ten volle reg geskied aan al die tekste in die Skrif wat die gesag van die ampte onderstreep, maar nooit so, dat Hy sy mag of persoonlike en direkte regering van die kerk aan hulle oordra nie. Hulle beklemtoon dat Christus self, persoonlik en direk die kerk deur sy Woord en Gees regeer. "As Christus die Hoof van die kerk is, kan geen mens dit wees nie; as Christus

[108] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 5.

oor Sy kerk regeer, moet alle menseheerskappy uit die kerk geban word."[109] In Sy regering van die kerk maak Christus wel van die diens van mense gebruik, maar die hele ampsbeskouing van die Reformatore word gedra deur die begrip *diens*. Die ampsdraers is dus nie daar om self in die kerk te regeer nie, maar alleen om die regering van Christus aan Sy kerk te bedien. Christus gebruik alleen die mond van die ampsdraer soos 'n ambagsman 'n stuk gereedskap gebruik. Van onvoorwaardelike en vanselfsprekende vereenselwiging van Christus en die ampsdraers wil hulle niks weet nie. Ampsdraers beskik oor geen eie, inherente gesag nie.

### 5.2.2 **Regering deur Woord en Gees**[110]

Dit is van kardinale belang om te verstaan dat dit die uitgangspunt van die Reformatore is dat die regering van Christus in die kerk verstaan word as regering deur Sy Woord en Gees. Jonker het hierdie oppergesag van die Skrif volledig in sy teologie geïntegreer en hy kom male sonder tal daarop terug. Hy skryf:

> "Omdat Christus die enigste Hoof van die kerk is, kan en mag alleen die Woord van God in die kerk heers. Die bediening van Woord en sakrament is die enigste vorm van regering in die kerk, die inbegrip van alle kerklike mag, die volledige sleutelmag."[111]

Die kerk het geen eie gesag anders as dit wat op grond van Gods Woord beveel kan word nie. Alles wat strydig met Gods Woord gedoen word, het geen gesag hoegenaamd nie. Alle gesag in die kerk is Woord-gesag. Jonker haal Veenhof aan: "De Reformatoren ondernamen het naar den mensch gesproken ontzaglijke en, werelds geoordeeld, krankzinnige waagstuk om het in de regeering en heel het leven der kerk alleen met Gods Woord en de vrijwillige onderwerping daaraan te doen ..."[112]

---

109 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 7.
110 Sien ook Jonker se afskeidspreek in onderafdeling 1.3 hierbo en onderafdeling 2 in die volgende hoofstuk.
111 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 7, 8.
112 Sien Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 10. Dieselfde aanhalings herhaal Jonker in sy artikel in *Die Kerkbode* oor "Die aard van kerklike gesag" – sien *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615.

Die Reformatore erken desondanks die noodsaak om ordereëlings te tref wat nie direk uit die Skrif afgelees kan word nie. Hier gaan dit oor sake soos die tyd en plek van eredienste, kategese ens. Volgens Calvyn is dié sake nie die *essentialia* van diens aan die Here nie, maar die *circumstantia*. Laasgenoemde dra 'n totaal ander gesag as die Woord. Dáárom kan "... (d)ie woord van 'n ampsdraer nooit enige lidmaat bind nie, tensy daardie woord niks anders is as verkondiging van die Woord van God nie."[113] Dit beteken egter nie dat dié bepalinge ligtelik opgeneem mag word nie, maar oortreding daarvan is nie sonde nie.

Jonker se uiteensetting van die Reformatore se siening van Christus se regering in die kerk dring deur tot die kern van die saak wanneer hy daarop wys dat hulle visie deur 'n onvoorwaardelike vertroue op die lewende teenwoordigheid van Christus (Jonker gebruik die ou geykte sakramentele terminologie "*praesentia realis Christi ipsius*"[114]) in die kerk gedra word en 'n onvoorwaardelike vertroue dat Christus só deur Sy Woord sal spreek, dat dit werklik gehóór en as Woord van God erken sal word. Dit is 'n onvoorwaardelike vertroue dat die Here self, deur die werking van die Heilige Gees, die regte antwoord op die Woord na vore sal roep. Hierdie vertroue lê ook aan die wortel van die Reformatore se weiering om aan die gemeente te dink as onmondige "leke". Daar is geen sprake van 'n valse idealisme of 'n naïewe onkunde oor die empiriese onmondigheid van die gemeentes nie. "Hulle neem hierdie standpunt in as konsekwensie van die feit dat hulle die Woord van God vertrou."[115]

### 5.2.3 Gesag in die kerk

Die vraag na gesag in die kerk lê in mindere of meerdere mate aan die wortel van ál die probleme wat Jonker in sy intreerede wil aanspreek. Daarmee het hy immers sedert veral 1962 aan eie lyf te doene gekry. Wanneer Christus alleen in die kerk regeer, het Hy alleen alle mag en in die mate waar hieraan te kort gedoen word, land die gesag in die kerk al meer in die hande van mense. Die kwessie van 'n konfessionele tese wat tot praktiese kerkreg word, is hierbo dikwels aangeroer en sal hieronder dikwels weer – maar telkens binne 'n ander konteks – aan die orde gestel word.

[113] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 12.
[114] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 2.
[115] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 13.

In die kerk het Christus al die mag en gesag en Hy is die enigste Meester en Koning van Sy kerk. Hy gebruik egter mense wat Hy roep om Sy gesag in die kerk te bedien. Dit is van deurslaggewende belang om te verstaan dat die gesag van ampsdraers glad nie vergelyk kan word met dié in in ander samelewingsverbande nie – dit verskil prinsipieel daarvan – omdat dit geheel en al gedra word deur die begrip “diens”. Daarom kan daar in die kerk prinsipieel geen heersers en onderdane, vaders en kinders, hoër of laer ampte wees nie.

Dit kom ook na vore in die wyse waarop die tug toegepas word. Tug, tot aan die ban toe, is Woordverkondiging, ’n getuienis teenoor die broer wat gesondig het. Daarom kan daar nie sprake wees van tughandeling waar nie aangetoon kan word dat daar teen God en Sy Woord gesondig is nie. ’n Oortreding van kerklike reëls en bepalinge, is nie tugwaardig nie, nog minder kan die tug gebruik word om die ampsdraer self te handhaaf nie.

### 5.2.4 Die plaaslike gemeente en gesag in die kerk

Ten nouste verbonde aan bogenoemde onvoorwaardelike vertroue op die Woord, is die klem wat die Reformatore lê op die plaaslike gemeente wat rondom Woord en sakramente vergader is. As die eerste grondbeginsel van gereformeerde kerkreg die heerskappy van Christus in sy kerk is, is die tweede die selfstandigheid van die plaaslike gemeente.[116] Vir Jonker is dít die “grondsteen van alle Bybelse kerkreg”.[117] Immers, waar die Woord suiwer verkondig word, is alle gesag teenwoordig omdat Christus Self daar deur Sy Woord regeer. Die Reformatore beklemtoon geensins die plaaslike gemeente vanweë ’n demokratiese motief of vanuit (die latere) indiwidualisme nie. Vir die Reformatore gaan dit alleen om die heerskappy van Christus deur die Woord. Waar Christus regeer, is die kerk volledig.

[116] In die volgende hoofstuk sal in meer diepte op die kwessie van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente – veral in die lig van die stryd in Nederland rondom die Doleansie kerkreg en die Vrymaking gelet word.
[117] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 23.

Alle kerkreg moet daarop toegespits wees om die plaaslike gemeente op te bou en die verkondiging van die Woord te dien. "Dit is ten diepste altyd 'n hartgrondige twyfel aan die krag van Gods Woord as daar naas die Woord van God in die kerk 'n regsapparaat opgerig word om die kerk met reglemente en bepalinge te regeer in plaas daarvan dat die kerk deur die gepredikte Woord self regeer word." Daarom is die kerkordes uit die reformasie "... alles behalwe juridies korrekte, netjies uitgewerkte reglemente wat alle moontlike wetlike implikasies probeer raakvat en die kerklike samelewing tot in die fynste besonderhede reël."[118] Hulle is eerder "Gottesdienstordnungen" vir die diens van die Woord met sy sentrum in die erediens in die plaaslike gemeente.[119]

As voorbeelde van sulke kerkordes noem Jonker die *Forma ac Ratio* van die Nederlandse vlugteling-gemeentes in Londen; die *Ordonnances Ecclésiastiques* van Genève; die Skotse *First Book of Discipline* van 1560 en die kerkorde van die Paltz uit die jaar 1563. Die Dordtse Kerkorde van 1618/1619 word uitgesonder as 'n kerkorde wat "in sy hele opset ruimte maak vir die persoonlike regering van Christus deur Sy Woord – ten spyte van enkele tekortkominge a.g.v. die staatkundige situasie in die tyd."[120]

### 5.2.5 Verval en ontwikkeling van die kerkreg in die agtiende en negentiende eeu[121]

In hierdie afdeling kom sake onder die loep wat Jonker in sy semi-outobiografie beskryf as dié probleem wat die Ned. Geref Kerk bedreig. Die kerk het hom nie soseer deur

---

[118] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 14.
[119] Sien voetnoot 97 in Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 25. Jonker skryf dat Karl Barth in sy werk uit 1947, *Die Schrift und die Kirche*, die plaaslike gemeente tot so 'n mate beklemtoon dat by selfs in die rigting van die kongregasionalisme beweeg. Hy haal Barth (Karl Barth. 1947. *Die Schrift und die Kirche*. Zollikon-Zürich: Evangelischer Verlag, 27) aan: "Eine Kirchenordnung die nicht von der Anschauung und vom Begriff der Gemeinde her entworfen ist, ist ihres Nahmen nicht wert." Hy oordeel ook dat die invloed van Karl Barth 'n belangrike rol gespeel het in die kerkregtelike ontwikkeling in Duitsland.
[120] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 15.
[121] Hierdie onderafdeling van Jonker se intreerede word ietwat breedvoeriger bespreek aangesien – soos hieronder sal blyk – Jonker die kerkregtelike posisie van die Ned. Geref. Kerk in sy ongepubliseerde manuskrip onder hierdie hoof laat val. Die probleme wat hier bespreek word, het hy as't ware aan sy lyf gevoel in die Ring van Johannesburg.

die Woord en Gees laat lei nie, maar is "deur allerlei ander dinge gedryf en gemanipuleer".

Die *verval* in die ontwikkeling van die kerkreg waarvan hier sprake is, het neerslag gevind in die genootskaplike (of soos Jonker dit noem: die kollegialistiese)[122] vorm van kerkregering in Nederland, wat 'n groot invloed op die Ned. Geref. Kerk gehad het. Die temas wat uit Jonker se intreerede uitgelig word, het elkeen in 'n mindere of meerdere mate te doen met die stryd wat Jonker teen die heersende kerkreg in die Ned. Geref. Kerk gestry het. In 'n enkele sin beskryf Jonker die belangrikste kenmerk van 'n genootskaplike kerkregeringstelsel só: "... dat dit die bestuur van die kerk reël asof dit 'n gewone organisasie is, sonder om rekening te hou met die Woord van God en die belydenis van die kerk."[123] In die vorige hoofstuk was dít die klag wat Jonker telkens voor die deur van die Ned. Geref. Kerk gelê het.

Die Skriftuurlike belydenis van die regering van Christus in die kerk (wat die Reformatore herontdek het) is in die loop van die geskiedenis verdring. Die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel het die heerskappy van Christus deur Sy Woord verdring met die klerikalisering van die kerkreg. In die Protestantse kerke het die kerkreg in 'n rigting ontwikkel wat in werklikheid dieselfde as in die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel laat gebeur het – dat die heerskappy in die kerk weereens in die hande van die mens gelê is. Dié ontwikkeling noem Jonker die sekularisering van die kerkreg.

Die teelaarde vir hierdie verwording van die kerkreg was – vreemd genoeg – reeds deur die optrede van Luther voorberei. Teologies het beide Luther en Calvyn die hoogste premie geplaas op die regering van Christus in die kerk. By Luther vind mens egter 'n eienaardige onwilligheid om die volkskerk prys te gee. Hy het nie die moed gehad om die groot groep gedoopte mense in die breë Duitse volkskerk uit te sluit en 'n egte belydende kerk te wees nie. "Die gevolg was dat die kerk in Duitsland in plaas van 'n belydeniskerk geword het tot 'n preeksinstituut, 'n Heilsanstalt, waarin die prediking van die Woord moes dien tot die opvoeding van die massas..."[124] Jonker oordeel dat

---

[122] Sien hoofstuk 1 bladsy 41 e.v. vir die onderskeiding tussen kollegialisme en genootskaplike kerkreg.
[123] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.
[124] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 16.

Luther dit uiteindelik nie met die Woord van God wou waag (dit onvoorwaardelik vertrou het) om in die plaaslike gemeente te regeer nie. Die gevolg was dat Luther die Hombergse Kerkorde[125], wat volgens Jonker 'n kerkregtelike vormgewing van Luther se eie standpunte oor die regering van die kerk was, van die hand gewys het. In die plek van die regering van Christus alleen in die kerk, is Luther deur die omstandighede wat ná die Reformasie in Duitsland geheers het, gedwing om aan die owerheid 'n plek in die regering van die kerk toe te vertrou. Wat 'n tydelik reëling moes wees, het in werklikheid tot in 1918 geduur. Jonker sê dat dit dus nie vreemd was dat die gedagte - om die kerk soos enige ander gewone menslike vereniging te bestuur - juis in Duitsland sy oorsprong gehad het nie.

'n Verdere belangrike ontwikkeling is dat hierdie kerkregeringstelsel sedert die begin van die sewentiende eeu steeds meer vanuit die natuurreg verdedig sou word. Dit beteken dat die kerk verstaan is as "... 'n religieuse vereniging wat tot stand kom deur die vrywillige samesluiting van 'n aantal indiwidue tot die bevordering van 'n gemeenskaplike doel..."[126] Dit het 'n gesekulariseerde kerkreg tot gevolg gehad wat gedurende die agtiende eeu, die periode van die Verligting en die Franse Revolusie, oor byna die hele Europa versprei het.

Gesag in die kerk was nie meer dié van Christus wat Hy direk en persoonlik uitoefen nie, maar "verenigingsmag" – dit is die gesag waarmee die individuele lede van die kerk deur hulle vrye, demokratiese wilsbeskikking beslis hoe hulle die kerk geregeer wil hê. Dié gesag besit hulle uit hulleself, "*ex re et sua natura*" – d.w.s. 'n gesag uit die (aard van die) saak en eie aan sy wese is. Die ampte word nie langer word as diensknegte van Christus verstaan nie, maar as amptenare van die genootskap, wat ter uitvoering van hulle taak gesag van die genootskap ontvang.[127]

---

125 Keurvors Philipp I (ook bekend as Philipp die Grootmoedige) roep 'n sinode van die land (streek) Hessen byeen wat op 21 en 22 Oktober 1526 in die Hombergse "Stadtkirche" vergader. Sy oogmerk was om die reformasie in die hele land deur te voer. By die geleentheid is 'n kommissie aangewys wat die "Reformatio ecclesiarum Hassiae", oftewel die Hombergse kerkorde binne twee maande gereed gemaak het. Vir 'n kort uiteensetting van die hoofsaak van dié kerkorde, sien Jonker. 1965. *Die regering van Christus I*, 11, 12.

126 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 17.

127 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 18.

Die kerkorde word ’n konstitusie op grond waarvolgens die kerk as genootskap gekonstitueer word, met ’n juridies–korrekte en akkurate sisteem van bestuursmaatreëls. Die kerk word nie meer deur die Woord regeer nie, maar deur mense met reglemente. Die klem van die kerkreg moes noodwendig verander. Dit dra nie meer ’n geestelike karakter nie, maar eerder die toon van burgerlike regspleging omdat die juridiese terme van die reglemente die hele kerkreg deursuur.

Dit kom veral by die kerklike tug duidelik na vore. By die genootskaplike kerkregering gaan dit nie langer oor die vraag of teen die Woord van God gesondig is nie, maar oor die vraag of formeel aan die kerklike reglemente uitvoering gegee is. “Dit gaan daarby om die orde sonder meer, die orde soos dit by enige ander vereniging sou gegeld het, nie die orde wat gestig word deur die regering van die Woord van God nie.”[128]

Die sekularisering van die kerkreg het volgens Jonker ’n verdere gevolg: dit lei onvermydelik daartoe lei dat ’n hiërargiese element in die kerkregering ingedra word – meerdere vergaderings word, soos by die hiërargiese strukture van bestuursliggame, beklee met een of ander hoër gesag in die kerk teen wie se besluite nie geappelleer kan word nie. In ’n voetnoot spreek Jonker hierdie saak aan. Hy sê dat alle kerkvergaderings prinsipieel dieselfde gesag het “omdat almal hulle gesag alleen aan die Woord van God ontleen”. Daar bestaan nie iets soos hoër en laer gesag óf hoër en laer vergaderings in ’n gereformeerde kerk nie:

> “Meerdere vergaderinge het dus geen hoër of andersoortige gesag as mindere vergaderinge nie. Hulle verteenwoordig slegs ’n meerdere deel van die aantal plaaslike kerke wat in die kerkverband ingesluit is en neem dus besluite wat ’n wyer gebied raak. Die gesag waarmee hulle spreek, kan slegs die gesag van die Woord van God wees en moet daarom deur die mindere vergaderinge eerbiedig word, tensy dit blyk dat hulle van Gods Woord afgewyk het.”[129]

Jonker oordeel niks gunstiger oor die genootskaplike kerkregering as oor die Rooms-Katolieke kerkregeringstelsel nie, omdat – hoewel vanuit ’n totaal ander uitgangspunt

---

[128] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 18.
[129] Sien voetnoot 80 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 21.

– daar uiteindelik by dieselfde plek uitgekom word as in die Rooms-Katolieke stelsel: die kerkregering word uit die hande van Christus geneem en in die hande van die mens geplaas:

> "Die Algemeen Reglement is 'n uitstekende voorbeeld van die radikaal-ongeestelike manier waarop die gesekulariseerde kerkreg onder die gebruik van gereformeerde terme die wese van die kerk kan verkrag en die kerk kan belas met 'n hiërargiese bestuursapparaat wat geen getuienis meer daarvan aflê dat ons hier nog met die kerk te doen het nie."[130]

In die volgende onderafdeling behandel Jonker die verdere ontwikkeling wat die kerkreg ondergaan het. Die sekulêre kerkreg wat hierbo beskrywe is, sou slegs deur 'n teologiese terugkeer na die Skrif tot 'n Bybels-verantwoorde kerkreg kon verander.

### 5.2.6 Kerkregtelike ontwikkeling in Duitsland

In Duitsland het die terugkeer na die Skrif met die sogenaamde Kerkstryd in die dertigerjare van die twintigste eeu na vore getree. Die Nazi-regime met sy verregaande en gewelddadige inmenging in kerksake, het meegebring dat die kerkregering gevorm is na analogie van die staat en die sogenaamde "Führer-beginsel"[131] is in die kerk ingevoer. Die verset hierteen het gekulmineer in die sinode van die Bekennende Kirche in 1934 te Barmen. Die Barmer Erklärung[132] (wat daar aanvaar is) het getuienis afgelê van die Bybelse beginsels vir die wese en regering van die kerk.

Vir die Suid-Afrikaanse konteks en veral die groot invloed wat dié verklaring later in die stryd tussen die Ned. Geref. Kerk en sy "dogterkerke" (die Ned. Geref. Sendingkerk

---

[130] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 21.
[131] Die Deutschen Evangelischen Kirche wat van 1933 tot 1945 bestaan het, het 'n Ryksbiskop aan die hoof gehad in welke amp die Führer-beginsel as "oppergesag draer" beliggaam was.
[132] Jonker gebruik die volledige titel: "*Theologische Erklärung zur gegenwärtigen Lage der Deutschen Evangelischen Kirche*" in plaas van die meer algemeen gebruikte *Barmen Erklärung*. Sien Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 22. Vir die teks verwys hy na Wilhelm Niesel. 1938. *Bekenntnisschriften und Kirchenordnungen: der nach Gottes Wort reformierten Kirche*. Zürich: Evangelischer Verlag A.G. Zollikon, 335 e.v. Dié verklaring is in 1934 – te midde van die kerkstryd binne die "Derde Ryk" in Nazi-Duitsland – aanvaar. Die sogenaamde "Deutschen Christen" wou die nasionaal-sosialistiese ideologie Bybels regverdig. Teenoor hulle het die "Bekennende Kirche" gestaan wat die gelowiges alleen aan die Bybel en die geloofsbelydenis gebonde ag. Die verklaring spreek dus die "teenswoordige toestand" waarin die Duitse Evangeliese kerke hulle bevind het, aan.

en die Ned. Geref Kerk in Afrika) gespeel het, is dit betekenisvol dat Jonker heelwat aandag aan die Barmen-verklaring bestee. Hy wys op die volgende in die verklaring:

- Die eerste stelling begin met die belydenis dat Jesus Christus die één Woord van God is waarna ons moet luister. Dit beteken dat "... die kerk hom in alles deur die Woord van God moet laat lei en dus prakties die Woord van God in hom moet laat regeer en nie allerlei menslike ideologieë nie."[133]
- Die derde stelling verklaar dat die kerk daarvan getuienis moet aflê dat hy alleen die eiendom van Jesus Christus is en dat dit 'n valse leer is dat die kerk hom na eie goeddunke mag inrig of hom na wisselende politieke oortuigings mag skik. Dit impliseer dat belydenis en orde onlosmaaklik aan mekaar verbonde is sodat "... elke bepaling van die kerkorde op sigself 'n belydenis moet bevat aangaande die feit dat Christus alleen die Here van die kerk is."[134] In dié stelling word die werklike, persoonlike regering van Christus in die gemeente bely.
- Die vierde stelling verklaar dat die kerk geen Führer ken nie en beklemtoon die dienskarakter van alle ampswerk.

### 5.2.7 Kerkregtelike ontwikkeling in Nederland

Die Nederlandse Hervormde kerk was vir langer as 'n eeu lank gekonfronteer met "'n Bybelse protes teen sy onbybelse kerkreg" – deur die Afskeiding van 1834 en die Doleansie in 1886, maar óók deur bekende Hervormde geleerdes soos Groen van Prinsterer, Ph. H. Hoedemaker en J. H. Gunning.[135]

In Nederland het verskillende faktore gedurende die besetting deur Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog meegewerk om kerkregtelike verandering teweeg te bring. Die Nederlandse Hervormde Kerk, wat sedert die aanvaarding van die Algemeen Reglement onder die sekulêre kerkreg gebuk gegaan het, kon in 1951 'n nuwe kerkorde aanvaar waarin gepoog is om terug te keer na die presbiteriale kerkreg. Jonker vind dat dié kerkorde 'n geheel ander gees adem en dat kerklike taal gebesig word. Hy skryf:

---

[133] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 23.
[134] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 23.
[135] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 24.

> "Die Koningskap van Christus oor die kerk word deur die geheel veronderstel en bely. Die eenheid van kerkorde en belydenis staan deurgaans op die voorgrond. ... (Dit kan) beskou word as 'n moment in die stryd om die regering van Christus in Sy kerk. Die invoering van die nuwe kerkorde is dan ook 'n gebeurtenis van betekenis vir die ganse Christelike Kerk, omdat dit 'n openbaring is van 'n teologiese verandering van onberekenbare groot gewig."

### 5.2.8 Vernuwing sedert die Tweede Wêreldoorlog

Dit is skynbaar uiters moeilik om in 'n kerkorde konkrete uitdrukking aan die persoonlike en werklike regering van Christus in die kerk te gee. Jonker skryf dat dit nie voldoende is om maar net vooraan die kerkorde 'n belydenis van die Koningskap van Christus te plaas nie.[136] Die ganse kerkorde moet so geformuleer word dat die vrye gang van die Woord waardeur Christus regeer op geen enkele wyse verhinder word nie. Daarin moet ook doelbewuste maatreëls getref word teen enige vorm van menseheerskappy in die kerk. Daar moet gesorg word dat ampsdraers niks anders as dienaars van Christus is nie; dat alle ampsdraers gelyk is; dat besluite gemeenskaplik geneem word, nooit deur een ampsdraer alleen nie; dat die "leke"-element in die kerkregering ingebou word om die hiërargie teen te gaan; en dat alle vergaderinge 'n godsdienstige karakter moet dra.[137]

Aan bostaande kriteria gemeet, vind Jonker veel te waardeer in die kerkordes wat sedert die Tweede Wêreldoorlog in Europa ontstaan het – veral dié van die Nederlandse Hervormde Kerk. Maar hy vind óók 'n sterk sentraliserende tendens in al dié kerkordes. Almal maak voorsiening vir klein uitvoerende liggame met groot bevoegdheid, maar sonder dat hulle in direkte kontak met die gemeentes staan. Hy erken dat dit groter effektiwiteit kan verleen, maar dan maak hy onderstaande opvallende opmerking:

> "Tog is ons daarvan oortuig dat die Dordtse Kerkorde veel suiwerder is deurdat hy sorgvuldig waak teen die regering van enkeles in die kerk. Al beteken dit dat

---

[136] 'n Sinspeling op artikel 3 van al die kerkordes van die Algemene Sinode sedert 1962?
[137] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 24, 25.

> die Dordtse Kerkorde nie dieselfde effektiewe funksionering waarborg as die nuwe Duitse kerkordes met hulle Kirchenleitungen en die Hervormde Kerkorde met sy moderamina nie, bly dit nog ’n feit dat nie effektiewe funksionering nie, maar ’n effektiewe beskerming van die Christus-regering in die kerk vir ons die vernaamste beginsel van kerkorde moet bly.”[138]

Dit beteken eenvoudig dat geen ampsdraer of kerkvergadering die reg of mandaat het om in die kerk te regeer nie. Die ampte moet die regering van Christus dien en aan die kerk bedien. Netso mag die tug nooit iets anders wees as die hantering van die Bybelse sleutelmag nie. Lidmate kan nooit getugtig word oor iets wat nie duidelik sonde teen God is nie. Die genootskaplike kerkreg het hierdie karakter van die tug misken deurdat die tug dikwels – selfs meestal – gegaan het oor die blote oortreding van “menslike bepalinge” – dít was die kern van die saak in die stryd in die Ring van Johannesburg.

Die saak wat Jonker as die vernaamste voorsorgmaatreël teen menseheerskappy in die kerk beskou, is dat die kerkorde moet probeer verseker dat die Woord van God die grens van alle kerkregering is. Daarvoor moet die kerkorde voorsiening maak deur ruimte te skep vir die kontrolering van elke kerklike handeling of beslissing deur die Woord van God. Wat meer is, die hele gemeente moet die geleentheid hê om elke handeling en besluit van die kerk aan die Woord van God te toets. ’n Reformatoriese kerkorde moet ’n prinsipiële openheid vir kontrole deur die Woord van God openbaar. Wanneer Jonker oor hierdie aspek skryf, is dit asof die woorde hom ontbreek om die belangrikheid van ’n openheid vir die werking van die Woord te omskryf. Die kerk moet oop wees vir toetsing deur die Woord van God deur die hele gemeente, vir die profetiese kritiek van die gemeente, vir die profetiese stem van lidmate. “’n Protestantse kerk is ’n kerk wat die moed het om die voortdurende worsteling met die Woord van God in eie midde aan te moedig en as dit nodig is, daardeur versteur te word.”[139]

So hoog slaan Jonker die regering deur die Woord van God aan dat ’n mens in die versoeking kom om nie van Teokrasie of Christokrasie nie, maar by Jonker te praat van

---

[138] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 27.
[139] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 29.

Skriptokrasie! Hy skryf: "'n Reformatoriese kerkorde moet daarvan uitgaan dat die Woord van God krag het om in die boesem van die gemeente die insig te werk of 'n bepaalde handeling of beslissing van die kerk volgens Gods Woord is of nie."[140] Daarom kan geen kerkvergadering dink dat hy die Woord van God onfeilbaar verstaan het nie. Die leiding van die Heilige Gees beteken nie "dat kerklike vergaderinge sonder meer in alles deur die Heilige Gees gelei word nie." Die kerk kan of mag nooit wegskram van die toetsing deur die Woord van God nie. Jonker beklemtoon dat kerklike vergaderings geen gesag het om die lidmate aan enigiets anders as aan die Woord van God te bind nie. Hy herhaal wat hy vroeër (in die eerste afdeling van sy intreerede) gesê het, dat die kerk nie lidmate aan wêreldbeskouings, ideologieë of menslike opvattings wat nie met die Woord van God en die belydenis van die kerk gegee is, kan bind nie.

Weer eens: "Ook in hierdie opsig munt die Dordtse Kerkorde ver uit bo die nuwe kerkordes." Jonker verwys hier spesifiek na artikel 31, waarin die regmatige binding van 'n kerklike besluit afhanklik is van die vraag of dié besluit in ooreenstemming of in stryd met die Skrif is. Hy maak die belangrike opmerking dat dié vraag in artikel 31 "kennelik van basiese betekenis vir die hele kerkorde" is en dat die Skrif dus die grens van alle kerklike gesag in die Dordtse Kerkorde is. Ook in dié opsig vind hy die nuwe kerkordes gebrekkig.[141] Hy erken dat dié artikel nie eenvoudig is om toe te pas nie. Aan die een kant dreig die gevaar van independentisme wanneer enigiemand of enige kerkraad volgens eie oordeel mag besluit wat Skriftuurlik is en wat nie. Die gevaar wat aan die ander kant dreig, is vir hierdie verhandeling belangrik:

> "... dit (is) egter ook moontlik dat die kontrole vanuit die Skrif kragteloos gemaak kan word, deurdat eenvoudig uitgegaan word daarvan dat die besluite van kerklike vergaderinge bindend is en uitgevoer moet word en dat besware daarteen, al word dit ook op die Skrif gegrond, alleen langs 'n moeilike ompad en na verloop van 'n aantal jare (by bv. 'n volgende sinode) onder die aandag gebring kan word. Intussen loop die beswaardes dan ook nog gevaar om, ten spyte van hulle besware, met die kerklike tug gedwing te word om te

---

140 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 29.
141 Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 28.

> konformeer aan besluite wat hulle in stryd met Gods Woord ag! ’n Reformatoriese kerk kan nie hierdie weg opgaan nie.”[142]

Die geskille in die Gereformeerde Kerken in Nederland gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu, illustreer bogenoemde problematiek en Jonker sluit sy intreerede daarmee af. Die geskille hang ten nouste saam met die interpretasie van DKO artikel 31 en het in 1944 op die “Vrijmaking” en die totstandkoming van die Gereformeerde Kerken in Nederland (vrijgemaakt – GKv) uitgeloop.[143]

### 5.2.9 In Nederland: Gereformeerde kerke in ’n stryd oor bindende kerklike besluite

Kortliks het die geskiedenis soos volg verloop: in die periode tussen die twee wêreldoorloë (die sogenaamde Interbellum) vind ’n interne stryd in die Gereformeerde Kerke in Nederland in die konteks van oorlog en besetting plaas. Dit het begin met die skorsing en afsetting van dr. J. G. Geelkerken deur die Sinode van Assen in 1926. Geelkerken is van leerdwaling aangekla. Die geskil het oor die teologies-konfessionele vraag of die sogenaamde “vier besonderhede in Genesis 2 en 3” (te wete die twee bome in die tuin van Eden, die slang en die vermelding dat die slang gepraat het) letterlik verstaan moet word: dat die dinge “sintuiglik waarneembaar” was. Omdat hy geweier het om dit letterlik verstaan, is hy veroordeel, geskors en as predikant afgesit. ’n Klein groep predikante en gemeentes het Geelkerken gesteun en die “Gereformeerde Kerken in Hersteld Verband” gestig.[144]

In die Gereformeerde Kerke was daar aanvanklik nie veel ongerus oor die gebeure nie. Dr. J. van Lonkhuijzen (wat op daardie stadium nie in Nederland nie, maar in Amerika gewoon het) het die feit dat die generale sinode ’n predikant en sy kerkraad geskors en

---

[142] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 28. Alhoewel Jonker die kwessie in sy intreerede aan die hand van die kerkstryd in Nederland bespreek, kom sy stryd teen die Ned. Geref. Kerk se hantering van die “bindende besluite” van meerdere vergaderings en sy advies aan Beyers Naudé in dié se stryd om die behoud van sy status as predikant, onwillekeurig in die gedagte op. Dit is in die vorige hoofstuk onder die loep geneem.

[143] Aanvanklik het die kerk egter bekendgestaan as “Gereformeerde kerken (onderhoudende Artikel 31)” of kortweg as “Artikel 31-gers”.

[144] Sien M. J. Aalders. 2012. *Een handjevol verkenners? Het Hersteld Verband opnieuw bekeken*. Barneveld: Uitgeverij De Vuurbaak.

afgesit het, egter skerp gekritiseer.[145] Later het prof. S. Greijdanus, wat adviseur van die Sinode was, ook begin om besware teen die optrede van die sinode lug. Dit was eers na afloop van die Sinode van Amsterdam in 1936 - waartydens die sinode besluit het om die sogenaamde "gangbare leringe" te ondersoek (egter sonder dat die kerke (gemeentes) dié saak op die agenda van die sinode geplaas het) – dat besware begin ontwikkel het oor die wyse waarop die sinode aan homself gesag toegeken het. Prof. H. H. Kuyper[146] het teenoor die beswaardes, die kerkregtelike ontwikkeling na die Sinode van Assen 1926 verdedig. Hy het sy leerling M. Bouwman laat promoveer met 'n proefskrif oor Voetius se siening oor die gesag van sinodes.[147] Die gesag van die sinode is verder uitgebou tydens die sinodes van Sneek-Utrecht, 1939 – 1942 en Utrecht, 1943 – 1945. "Leeruitsprake" is gemaak (onder andere oor die verbond en die sg. "veronderstelde wedergeboorte") waaraan lidmate en ampsdraers gebonde geag word en diegene wat nie wou konformeer nie (waaronder Schilder en Greijdanus), is geskors en afgesit. Dit het tot 'n ontknoping gekom in die sg. Vrymaking van 1944 en volgende jare. Dié kerkregtelike ontwikkelinge is in die nuwe Kerkorde van die GKN in 1959 gekonsolideer. Pas 'n jaar later kom Jonker in Nederland aan om hom te verdiep in die kerkregtelike ontwikkelinge in gereformeerde kringe.

Gereformeerdes in Suid-Afrika het, waarskynlik as gevolg van die oorlogsomstandighede, nouliks kennis van dié gebeure geneem[148]. Jonker was egter tot enigermate op hoogte van die gebeure. Hy gee duidelik blyke daarvan in sy polemiek met prof. S. du Toit van Potchefstroom, waaraan in hoofstuk 2 hierbo aandag gegee is. Toe hy in 1960/61 in Nederland navorsing gedoen het, het hy eerstehandse kennis oor die voorgeskiedenis, ontwikkeling en impak van dié kerkstryd opgedoen. Die vraag

---

[145] D. Deddens. 1985. "Las Rutgers Voetius verkeerd? M. Bouwman' s kritiek op Rutgers' weergave van de Quaestiones XXII en XXIII in Voetius' *Politica Ecclesiastica*, Pars I, Tract. II, Cap. V getoetst." Voordrag gelewer op die vergadering van die Ecclesiologische Club, Kampen, Mei 1985.

[146] Méér as net teologiese en kerkregtelike verskille het in dié stryd 'n rol gespeel. Kuyper was gedurende die Tweede Wêreldoorlog uitgesproke pro-Duits – sien bv. die skerp veroordeling van dr. J. J. Buskus in *Hoera voor het leven* by http://www.dbnl.org/tekst/busk005hoer01_01/busk005hoer01_01_0043.php en G. C. Quispel. *Anti-Joodse beeldvorming en Jodenhaat: de geschiedenis van het antisemitisme in West-Europa*, https://books.google.co.za/books?id=HCamCwAAQBAJ&pg=PA203&lpg=PA203&dq=%22prof+h+h+kuyper%22&source=bl&ots=5AfYl5itx0&sig=leM6QZRiJfKwy3tW5y7fxrMUG0s&hl=en&sa=X&redir_esc=y#v=onepage&q=%22prof%20h%20h%20kuyper%22&f=false, datum besoek 2016-11-14.

[147] Vgl. M. Bouwman, 1937. *Voetius over het gezag der synoden*. Amsterdam: Bakker; J. van Lonkhuijzen, J. 1939. *Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?* Franeker: Wever.

[148] Eers in 1997 is in 'n studie enigsins aan die Vrymaking aandag gegee – sien A. Jansen. 1997. *Die gereformeerde kerke in Suid-Afrika en die vrymaking in Nederland*. Verhandeling, Potchefstroom.

ontstaan waarom Jonker sy intreerede én die onvoltooide manuskrip waaraan hieronder aandag gegee word, juis met hierdie gebeure afsluit en so tot ’n kerkregtelike en kerkhistoriese punt te bring.

Dit lyk asof Jonker duidelike parallelle gesien het tussen die stryd wat die Vrygemaaktes gestry het en die stryd wat hy self in die Ned. Geref. Kerk moes stry. Die spil waarom alles gedraai het, was die vraag na die aard van kerklike gesag. Daar is reeds vroeër op die artikelreeks uit Jonker se pen onder die titel “Die aard van kerklike gesag”, wat in *Die Kerkbode* gepubliseer is, gewys.[149] Dié artikels stem tot ’n hoë mate met die intreerede by Unisa ooreen – soms selfs woordeliks. Die regering van Christus in Sy Kerk gaan inderdaad om die vraag na die aard van kerklike gesag. Jonker skryf: “Die aangrypende van die kerklike stryd is vir ons die feit dat die beswaardes geveg het met die bewussyn dat dit hulle gaan om die behoud van die heerskappy van Christus deur Sy Woord in die kerk en die uitbanning van alle menslike heerskappy.”[150]

Jonker was ook van mening dat beide kante vir ’n regmatige saak gestry het. Terwyl dit vir die Vrygemaaktes (Proff. Schilder en Greijdanus cum suis) om die heerskappy van Christus en die uitbanning van menslike heerskappy in die kerk gegaan het, het dit vir die sogenaamde “Sinodales” daaroor gegaan het dat die besluite van meerdere vergaderings nie op so ’n manier aan die kontrolering deur die Skrif onderwerp sal word dat die orde in die kerk eenvoudig opgehef word nie. Die Vrygemaaktes was van oordeel dat besluite van meerdere vergaderings nie alleen deur die kerkrade getoets moes word nie, maar inderdaad deur hulle geratifiseer[151] moes word. Die “Sinodales” aan die ander kant was van mening dat die besluite van meerdere vergaderings van krag bly totdat bewys van die onskriftuurlikheid of kerkregtelike onjuistheid van ’n besluit by ’n sinodesitting gelewer is. Die Sinode het op diegene wat hulle nie aan sy besluite wou onderwerp nie, die tug toegepas.

---

[149] Sien Jonker. 1965. “Die aard van kerklike gesag”, *Die Kerkbode*, xcv (49), 8 Desember 1965, 1573 – 1575, *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615 – 1616 en *Die Kerkbode*, xcvi (*1*), 5 Januarie 1966, 23. Omdat dit in die vorige hoofstuk bygetrek is, word dit nie weer volledig behandel nie.
[150] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 29.
[151] Dit beteken dat die besluit van ’n meerdere vergadering deur die kerkrade bekragtig moet word voordat die besluit bindend is.

Omdat Jonker van oortuiging was dat beide groepe vir 'n regmatige saak gestry het, kan hy nie sonder meer by een van die groeperinge ingedeel word nie. Wat wel gestel kan word, is dat Jonker hom teologies-kerkregtelik by die Vrygemaaktes kon skaar, maar prosedureel by die "Sinodales". Jonker se "styl" verskil van dié van die Vrygemaaktes. So was hy bv. uitgesproke dat hy nie besluite van meerdere vergaderinge sonder meer wil verbreek nie. As voorbeeld kan verwys word na die besluit van die Sinode van Suid-Transvaal by sy vergadering in 1963 dat lidmate en ampsdraers van die kerk afgeraai word om mee te werk aan die blad *Pro Veritate*.[152] Jonker het hieraan gehoor gegee – alhoewel hy deel van die groep was wat die blad in die lewe geroep het. Hy en 26 ander het hulle in 'n brief aan *Die Kerkbode* sterk teen die besluit van die sinode uitgespreek.[153] Alhoewel sommige van die ondertekenaars die besluit van die sinode geïgnoreer het,[154] het Jonker dit nie gedoen nie. Hy het nooit in dié blad gepubliseer nie, hoewel dit in die eerste uitgawe aangekondig was dat hy wel artikels sal lewer.

In sy intreerede pleit Jonker vir 'n kerkorde wat 'n middeweg vind waarin die goeie uit elke standpunt behou word. Hy skryf dat die Woord van God moontlik deur 'n indiwidu beter gehoor kan word as deur 'n hele kerklike vergadering. Maar besware teen kerklike besluite moet ordelik hanteer word. Hy wys die gedagte van ratifikasie van die hand, maar beklemtoon dat skriftuurlike besware teen kerklike besluite vryelik uitgespreek mag word. Met verwysing na die nuwe Kerkorde van die GKN, artikel 29 (2) pleit hy daarvoor dat iemand met Skriftuurlike beswaar selfs *verplig* is om te appelleer en dat daar groot versigtigheid en toleransie teenoor beswaardes moet wees. Hieronder word bogenoemde aangeleenthede in groter detail onder die loep geneem.

Tot hiertoe is Jonker se intreerede by Unisa in 1965 bespreek.[155] Dié intreerede was

---

[152] Vgl. Jonker et al. "Opmerkinge oor Sinodale Besluit", *Die Kerkbode*, xci (*21*), 15 Mei 1963, 696.
[153] "Opmerkinge oor sinodale besluit" in *Die Kerkbode*, xci (*20*), 15 Mei 1963, 677, 678.
[154] Bv. ds. C. F. Beyers Naudé en dr. Ben Engelbrecht, wat beide agtereenvolgens redakteurs van die blad was.
[155] Jonker het 'n artikel in die *NGTT* "Volkskerk of Belydende Gemeente?" gepubliseer. Dié betrokke uitgawe van die *NGTT* is in sy geheel gewy aan die 450 jarige herdenking van die Hervorming. Die subhoof verklap die inhoud: "Enkele gedagtes oor die verskil tussen Luther en Calvyn met betrekking tot die vraag na die regering van die kerk." Alles in dié artikel word volledig en in groter detail in deel I van *Die regering van Christus in sy kerk* gevind en daarom word dié artikel nie afsonderlik bespreek

gebaseer op ’n ongepubliseerde en onvoltooide manuskrip van 214 bladsye met die titel: *Die regering van Christus in sy kerk* uit die pen van prof. W. D. Jonker. Dit word nou aan die orde gestel.

## 6. ’n Onbekende Jonker manuskrip: *Die regering van Christus in sy kerk*

In hierdie verhandeling is telkens verwys na Jonker se sesmaande lange studiereis gedurende 1960 en 1961 met ’n beurs van die RGN. Hy het op advies van prof. D. Nauta, binne die vereistes wat die RGN gestel het, in Nederland, Duitsland en Switserland navorsing gedoen oor die historiese ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg.[156] Hierdie manuskrip is die vrug van daardie studie.

### 6.1 Datering

Daar is ’n aantal aanduidings in Jonker se geskrifte wat ’n breë aanduiding van die datering van die manuskrip moontlik maak. Die eerste is ’n opmerking in ’n artikel in *Die Kerkbode* van 17 Julie 1963. Daar skryf hy in antwoord op prof. T. N. Hanekom se resensie van *Sendingbepalinge*: “Toevallig werk ek juis aan ’n studie oor die gereformeerde kerkreg in die 16de en 17de eeu.”[157] Deel I van die manuskrip handel daaroor. In voetnoot 214 van Deel II: *Grepe uit die ontwikkeling van die geref. kerkreg in die negentiende eeu*, verwys Jonker na een van sy eie artikels uit 1964 “Die liberale Kerkreg en die veelheid van Kerke” in die *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif (NGTT*)[158] en na sy boek uit 1965, *Aandag vir die Kerk*.[159] Sy intreerede by Unisa (1965) bevat ’n soortgelyke voetnoot (voetnoot 73), maar daarin verwys hy slegs na sy artikel in die *NGTT* – die verwysing na *Aandag vir die kerk* kom nie daarin voor nie. Jonker skryf in sy semi-outobiografie dat hy in die nege maande by Unisa genoeg tyd gehad het om te studeer. Hy maak geen melding van dié manuskrip nie, maar noem dat hy in dié tyd

nie. Sien W. D. Jonker. 1967. “Volkskerk of Belydende Gemeente?” *NGTT* deel viii (*4*), September 1967, 202-211.

[156] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.

[157] Vgl. W. D. Jonker. 1963. “Rooms, Kollegialisties of Gereformeerd”, *Die Kerkbode*, xcii (*3*), 17 Julie 1963, 98


[158] W. D. Jonker. 1964. “Die Liberale Kerkreg en die Veelheid van Kerke”, *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, Januarie 1964, V (*1*), 3 – 9.

[159] W. D. Jonker. 1965. *Aandag vir die Kerk*. Potchefstroom: Die Evangelis.

enkele artikels geskryf het en ook sy kommentaar op Romeine[160] voltooi het.[161] Dit is waarskynlik dat hy in dié tydperk ook aan die manuskrip gewerk het. Jonker is in Februarie 1966 na Johannesburg-Oos (Irenekerk) beroep, waar hy sy intreepreek op 27 Maart 1966 gelewer het.[162] Daar kon nêrens enige aanduiding gevind word dat Jonker ná sy tydperk by Unisa die manuskrip weer onder hande gehad het nie. Die gevolgtrekking is dus dat Jonker tussen 1961 en 1966 aan die manuskrip gewerk het.

## 6.2 Die aard en inhoud van die manuskrip

Die manuskrip is duidelik nie voltooi en vir publikasie gereedgemaak nie. Jonker het opmerkings, aantekeninge, veranderings, e.d.m. in die dokument in pen en potlood aangebring.[163] 'n Handgeskrewe inhoudsopgawe[164] verskil van die uiteindelike inhoud van die dokument self. 'n Ander inhoudsopgawe van Deel II van die manuskrip (hiernaas afgedruk) is saamgestel wat ooreenstem met die uiteindelike inhoud van die manuskrip.[165] Aan die agterkant van die vel papier met die handgeskrewe inhoudsopgawe is egter 'n alternatief vir Deel II van die manuskrip (die manuskrip bestaan uit drie dele). Dit stem ooreen met die inhoud van die manuskrip – behalwe in een belangrike opsig: 'n vierde hoofstuk was beplan, maar dit ontbreek geheel en al. Dié hoofstuk sou handel oor die


GREPE UIT DIE
DEEL II: ONTWIKKELING VAN DIE GEREF. KERKREG IN DIE NEGENTIENDE EEU

Hf. I Periode van Verval

Hf II: Die Kerkreg in die Nederlandse Volkskerk

Hf III: Die Kerkreg in die Afgeskeide kerkgroepe in Nederland

Hf IV: Die Kerkreg in Suid-Afrika.

[160] W.D. Jonker. 1967. *Die Brief aan die Romeine*. Skrifuitleg Vir Bybelstudent En Gemeente. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers
[161] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.
[162] Vgl. Amptelik: *Die Kerkbode*, xcvii (*11*), 16 Maart 1966, 284
[163] Daar kom ook tik en/of spelfoute in die dokument voor – iets waaroor Jonker baie puntenerig was – dit is tydens die skanderings proses (wat optiese karakterherkenning ["OCR"] insluit) geredigeer. Dié manuskrip sal ná die verdediging van hierdie proefskrif op die Jonker Digitale Argief (www.williejonker.co.za) gepubliseer word.
[164] Dié handgeskrewe inhoudsopgawe is twee los bladsye wat in die voulêer met die getikte manuskrip gevind is.
[165] Die inhoudsopgawes word aangeheg as 'n bylae aangeheg.

kerkreg in Suid-Afrika. Die gevolgtrekking is dat hierdie alternatiewe inhoudsopgawe, Jonker se heel laaste beplanning van die manuskrip was.

Jonker beskrywe die navorsing wat hy in 1960/61 in Europa gedoen het, as navorsing oor die historiese ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg. Geskiedenis was een van sy groot belangstellings en dogmageskiedenis was een van die byvakke vir sy doktorale studie by prof. G. C Berkouwer.[166] Dit sou ’n fout wees om die manuskrip as suiwer kerkregtelike geskiedenis te beskou en as sodanig te lees. Jonker se vakgebied was immers die dogmatologie[167] en hy het gepromoveer oor ’n ekklesiologiese onderwerp met die titel: "*Mistieke liggaam en kerk in die Rooms-Katolieke teologie*", waarin hy ook veel aandag aan die dogmageskiedenis gee.[168] Dit spreek vanself dat in dogmageskiedenis ’n groot deel ter sprake sal kom wat ook in die kerkgeskiedenis behandel word, hoewel elk dit vanuit ’n ander gesigspunt doen.[169] Daarbenewens is Jonker van oortuiging dat die kerkreg baie sterk moet aanleun teen die dogmatiek en eksegese. Kerkreg moet vasstel wat die *jus constituendum* vir die kerk as instituut is.[170] Hy skryf: "Omdat die kerkreg niks anders beoog as om die kerklike lewe op ’n wyse te reël wat in ooreenstemming met die belydenis van die kerk is nie, is dit vir Gereformeerdes belangrik om die beginsels van die kerkreg aan die Bybel te ontleen."[171] Buitendien is teologie ten diepste tog ’n ondeelbare geheel[172] en die onderskeid tussen die onderskeie vakdissiplines is nie só klinkklaar dat dit in waterdigte kompartemente ingedeel kan word nie. Dit is dus begryplik – en moontlik doelbewus só deur Jonker beplan – dat hy die kerkreg in dié manuskrip vanuit ’n sistematies teologiese en ekklesiologiese hoek benader.

Ook opvallend is dat die formele struktuur en aanpak van die manuskrip gereeld in Jonker se werke voorkom. Die reeks *Wegwysers in die Dogmatiek* wat hy saam met prof. J. J. F. Durand geskryf het, is ’n goeie voorbeeld. Hulle skryf dat die opset van die reeks so beplan is dat daar telkens eers ’n dogma-historiese oorsig oor ’n spesifieke

---

[166] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82.
[167] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 82, 122.
[168] W. D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok.
[169] Vgl. Heyns en Jonker. 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel, 292.
[170] Vgl. J. A. Heyns en W. D. Jonker. 1974. *Op weg met die teologie*, 287.
[171] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 35.
[172] Vgl. Heyns en Jonker. 1974. *Op weg met die teologie*, 274, 276 en 331.

leerstuk gebied word. Daarna kom die heersende gesprek aan die orde en in 'n laaste ronde gee hulle riglyne of wegwysers oor die saak in die lig van die Skrif.[173] Hierdie manuskrip toon min of meer (*mutatis mutandis*) dieselfde struktuur en opset. Dit bestaan uit drie dele: Deel I handel oor die ontstaan en ontwikkeling van die gereformeerde kerkregeringstelsel in die 16de en 17de eeue. Dit sentreer uiteraard rondom Calvyn, maar hy was 'n tweede geslag hervormer. Die invloed van sy voorgangers – waarvan Luther uit die aard van die saak die belangrikste is – word eerste bespreek waarna die kerkordes waarin Calvyn self 'n aandeel gehad het, aandag kry. Die gedeelte word afgesluit met 'n bespreking van die gereformeerde kerkordes tot en met die Dordtse Kerkorde uit 1618/19. In Deel II bespreek Jonker grepe uit die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg in die 19de eeu. Hierdie afdeling fokus veral op die kerkregtelike verval wat in dié periode ingetree het. Die interessante is dat – soos die (herbeplande) handgeskrewe inhoudsopgawe aandui – Jonker beplan het om die kerkreg in Suid-Afrika in spesifiek hierdie afdeling te bespreek. Hieruit kan dus afgelei word dat die heersende kerkregtelike gesprek in Suid-Afrika, (vgl. die opset van van die reeks Wegwysers in die Dogmatiek) ooreenkomste toon met periode van kerkregtelike verval waarin Europa in die 19de eeu beland het. Dit beteken voorts dat in Deel III, waarin Jonker die kerkregtelike ontwikkelinge in Europa in die "jongste tyd" skets, die riglyne bevat wat vir kerkregtelike reformasie in die lig van die Skrif in Suid-Afrika van belang is. Verder is dit opmerklik dat Jonker nie een van die "jongste" kerkordes uitsonder as dié model wat Suid-Afrika behoort te volg nie, maar dat hy almal krities bekyk en prinsipiële keuses maak waarvan hy die goeie uit die Bekennende Kirche, die Nederlandse Gereformeerde Kerke en die Vrygemaakte Kerke neem, en teen gebreke wat hy by elkeen vind, waarsku. Hieronder sal breedvoeriger hierop ingegaan word.

Bostaande is voldoende om duidelik te maak dat dié manuskrip om veel meer gaan as om slegs die *auctoritas patrum* by te roep in Jonker se stryd in die Ned. Geref. Kerk. Bowendien het Jonker nie die studiereis in 1960/61 aangepak om "bewyse" by die gereformeerde vaders as sogenaamde "outoriteite" te kry vir sy standpunte nie. Soos in hoofstuk 2 reeds aangedui, wou hy – omdat hy as aktuarius van die Sinode van Suid-

---

[173] Sien J. J. F. Durand. 1976. *Die lewende God*. Pretoria: Kerkboekhandel, 7. Jonker se proefskrif is op dergelyke wyse in drie dele verdeel – sien Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk*, 15.

Transvaal verkies is – met die oog op hierdie taak ’n intensiewer studie van die kerkreg maak.[174] Op daardie stadium was Jonker hoog geag en die “auctoritas patrum” nog oorbodig. Dit is óók duidelik dat die Jonker se intreerede by Unisa in 1965 as’t ware die kondensaat van die manuskrip is. Nie alleen stem die titels ooreen nie, maar ook die driedeling in die intreerede is netso in die manuskrip terug te vind. In die manuskrip word die temas egter omvattend behandel en in veel groter diepte bespreek.

Hoewel die manuskrip in hierdie verhandeling as sistematies kerkregtelike ekklesiologie aangemerk word, beantwoord dit óók vanuit ’n historiografiese perspektief aan die kriteria van kerkgeskiedskrywing. Jonker het juis na Europa gereis om geloofwaardige bronne van die gereformeerde kerkreg te bestudeer. Hy gee die resultate van sy navorsing krities weer en dit is opmerklik dat daar nie sprake van ’n onkritiese, skoolse navolging van een bepaalde standpunt is nie. Daarbý gee hy nie bloot alles wat hy gevind het weer nie, maar hy het ’n bepaalde fokus en hy interpreteer die geskiedenis van die gereformeerde kerkreg: hy vra na die Skriftuurlike beginsels vir die inrigting van die kerk. Hierdie manuskrip sal te enige tyd kritiese toetsing kan deurstaan.

## 7. Samevatting

Hiermee word die bespreking van die inhoud van die manuskrip afgesluit. Die vraag waarom die manuskrip nie voltooi en gepubliseer is nie, kan nie met sekerheid beantwoord word nie. Hierbo is aangetoon dat Jonker gedurende die nege maande wat hy aan Unisa verbonde was, aan die manuskrip gewerk het. Hy het in Februarie 1966 die beroep na die gemeente Johannesburg-Oos (Irenekerk) aanvaar, in Maart 1968 die beroep as hoogleraar Praktiese Teologie aan die Theologische Hogeschool aanvaar en in Junie 1968 na Kampen in Nederland verhuis. In Kampen moes hy hom in ’n vakgroep anders as sy eie – die Dogmatologie – verdiep. Na slegs drie jaar (1971) het hy die beroep na die Kweekskool in Stellenbosch as hoogleraar in Dogmatologiese vakke aanvaar, maar hy moes hom eers in die apologetiek, etiek, simboliek en ander vakke ingrawe, want prof. F. J. M. Potgieter het steeds dogmatiek self bly doseer. Uiteraard het dit teweeggebring dat Jonker se fokus van die kerkreg af weggeskuif het.

---

[174] Sien Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 34 – 39.

Buitendien het hy by Unisa ’n aantal artikels geskryf en ’n kommentaar oor die brief aan die Romeine waarmee hy besig was, voltooi.[175] Laasgenoemde sou baie van sy tyd in beslag geneem het. Tydens sy bediening in die Irenekerk het hy steeds geskryf en ’n aantal artikels en preke gepubliseer. Daarbenewens het hy ’n kursus vir godsdiensonderwysers van die Transvaalse Onderwysdepartement oor die Apostolicum aangebied – waaraan reeds in vorige hoofstukke aandag gegee is.

Bes moontlik kon die vernaamste rede egter Jonker se gemoedstoestand by Unisa gewees het. Hy skryf uitvoerig oor hoe ongelukkig hy daar was[176] en skryf dat hy hom “met vasberadenheid” in sy werk probeer stort het, maar “... ek kon maar nie geluk vind...” nie.[177] Sy entoesiasme vir die kerkreg het getaan. ’n Vierde hoofstuk oor die kerkreg in Suid-Afrika moes nog geskryf word, maar Jonker het nooit daarby uitgekom nie. In die volgende hoofstuk word hierdie manuskrip se lyne inhoudelik gevolg. Uit wat Jonker reeds oor die kerkregtelike situasie in die Ned. Geref. Kerk geskryf het, kan ’n redelik duidelike beeld gerekonstrueer word oor wat sy standpunt oor die kerkreg hier sou wees.

---

[175] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 82.
[176] Sien Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 81 – 88.
[177] Jonker, 1998. *Selfs die Kerk kan verander,* 87.

# Hoofstuk 8

## 1966: Die kerkhistoriese begronding van die kerkreg by die Ned. Geref. Kerk

Die rede waarom hierdie hoofstuk uitsluitlik gewy word aan die ongepubliseerde manuskrip van Jonker oor die geskiedenis van die gereformeerde kerkreg, lê nie alleen daarin dat hy gedurende sy Unisa tyd voltooi tot in die vorm waarin ons dit nou het nie. Dit lê ook daarin dat die onderhawige navorsing bevind het dat die studiereis van Jonker in 1960/61 aan hom 'n kerkhistoriese basis en teologiese insig in die Gereformeerde kerkreg besorg het wat hom sodanig toegerus het, dat hy in staat was om die kerkreg en kerkregering van en by die Ned. Geref. Kerk tot in sy wese te deurskou en aan die man te bring. In sy publikasies na sy terugkeer loop dit soos 'n goue draad: Christus regeer lewend en teenwoordig in die plaaslike kerk, en ook in die kerkverband. Hierdie regering van Christus moet in die kerkorde, in die praktiese beoefening van die kerkregering en in die struktuur van die kerkverband gestalte kry. In *Selfs die Kerk kan verander* sien Jonker self sy *Sendingbepalinge* as die groot wending. Uit die onderhawige navorsing blyk dit dat die wending elders is: in die studiereis in Europa. Dáár is die platform geskep om die kerkregering van die Ned. Geref. Kerk, nou met 'n eie kerkorde, te deurskou en in die helder lig van die Gereformeerde kerkreg te stel. Jonker het ingesien dat die nuwe kerkorde van die Ned. Geref. Kerk nie in diens staan van die regering van Christus nie. Ten spyte daarvan dat dit nou om 'n kerkorde en nie langer om Wette nie Bepalinge gaan nie.

Die fondasie van hierdie insig is geleë in sy bestudering van die geskiedenis van die gereformeerd kerkreg. Hierdie geskiedenis het hom gehelp om tot 'n teologies-kritiese beoordeling van die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk te kom. Hy beskryf sy studie in werklikheid met die oog op die Ned. Geref. Kerk. Al het hy die kerkreg van hierdie kerk nie uitgewerk nie, kan 'n mens 'n duidelik profiel uit die res van die geskrif, sowel as uit die publikasies sedert 1962 kry van hoe Jonker oor die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk gedink het. Om dit aan die lig te bring, is die doel van hierdie laaste hoofstuk. Jonker kry dit as 't ware teruggekaats uit die historiese ontwikkelinge van die kerkreg in Nederland en Skotland.

## 1. Die ontbrekende hoofstuk 4 van Deel II van *Die regering van Christus*

In hoofstuk 7 is 'n afdruk van 'n handgeskrewe alternatief vir Deel II van die inhoudsopgawe van Jonker se ongepubliseerde manuskrip geplaas.[1] Hierdie alternatiewe inhoudsopgawe was Jonker se heel laaste beplanning van die manuskrip. Dit sou soos volg daar uitsien:

> DEEL II: GREPE UIT DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEREF. KERKREG IN DIE NEGENTIENDE EEU.
> Hf. I: 'n Periode van verval
> Hf. II: Die Kerkreg in die Nederlandse Volkskerk
> Hf. III: Die Kerkreg in die Afgeskeie Kerke
> Hf. IV: Die Kerkreg in Suid-Afrika.

In die inleidende paragrawe, skets hy sy beplanning van die tweede deel – waaruit blyk waarom hy Suid-Afrika spesifiek in dié gedeelte bespreek:

> "In 'n daaropvolgende hoofstuk (hoofstuk 3 – GJD) skets ons die reaksie teen die kerkregtelike insinking in die Nederlandse volkskerk soos dit tot openbaring gekom het in die kerkreg van die afgeskeie groepe (Afskeiding van 1834 en die Doleansie 1886) in Nederland, en in die laaste hoofstuk van hierdie deel handel ons dan oor die kerkreg in Suid-Afrika. Dat hierdie laaste ook in hierdie deel van ons studie tuishoort, sal duidelik wees op grond daarvan dat die kerk in Suid-Afrika eers aan die begin van die negentiende eeu 'n meer selfstandige bestaan begin ly het en toe ook sy aandeel gekry het aan die algemene neigings van daardie tyd op kerkregtelike gebied, terwyl dit eweneens in die negentiende eeu is dat die kerk in Suid-Afrika 'n afskeiding belewe het (dié van die Gereformeerde Kerk in 1859) waarvan daar gesê is dat dit ook 'n terugkeer is na die leer, diens en tug van die vaders, waarmee dus ook geïmpliseer is dat dit op kerkregtelike terrein 'n terugkeer was na die Reformasie. Eers wanneer ons in hierdie deel 'n beeld gekry het van die kerkregtelike situasie soos dit in die negentiende eeu ontstaan het en tot ongeveer 1920 voortgeduur het, kan ons in die derde en laaste

[1] Sien bladsy 337.

> deel van ons studie handel oor die vernuwing op die terrein van die kerkreg wat sedert die Eerste Wêreldoorlog ingetree het en waardeur die kerkregtelike situasie waarin ons ons tans bevind, gestempel is."[2]

Dit is jammer dat ons nie 'n uiteensetting van Jonker se siening van die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk uit sy eie pen het nie. Tog kan uit die voorafgaande hoofstukke 'n redelik duidelike prentjie gevorm word van wat Jonker moontlik daarin kon geskryf het. Vooraf moet egter 'n paar opmerkings gemaak word. Eers moet daarop gelet word dat die periode onder bespreking nie streng tot die negentiende eeu beperk word nie, maar dat die "kerkregtelike situasie (soos dit volgens Jonker in die negentiende eeu daar uitgesien het) voortgeduur het tot ongeveer 1920. Die vernuwing van die Gereformeerde Kerkreg het eers daarna ingetree – dit word in Deel III van die manuskrip behandel. Daar is geen aanduiding dat hy die ook die kerkreg in Suid-Afrika in hierdie afdeling sou behandel nie.

'n Mens sou min of meer dieselfde van die kerkregtelike ontwikkeling in Suid-Afrika kon sê. Jonker het hierbo aangedui dat die kerk in Suid-Afrika in die negentiende eeu ook gedeel het aan die "algemene neigings" op kerkregtelike gebied. Alhoewel Jonker net die eerste hoofstuk "'n Periode van verval" noem, fokus ook hoofstuk 2, "Die Kerkreg in die Nederlandse Volkskerk" op die kerkregtelike verval wat ingetree het. Oor laasgenoemde skryf hy in die inleidende paragraaf van hoofstuk 2: "Omdat ons in Suid-Afrika soveel direkte belang het by wat veral in Nederland in die periode van verval gebeur het, is dit nodig dat ons in hierdie hoofstuk ietwat uitvoeriger daarby sal stilstaan."[3] Daarbenewens skryf hy in bostaande aanhaling uit die inleiding dat die (Ned. Geref.) Kerk in Suid-Afrika in 1859 eweneens 'n afskeiding belewe het (dié van die Gereformeerde Kerk), waarin geïmpliseer is dat op kerkregtelike terrein teruggekeer word na die kerkreg van die Reformasie.

Formeel het die Ned. Geref. Kerk eers met die totstandkoming van die Algemene sinode en die aanvaarding van die kerkorde van 1962, kerkregtelik tot op 'n bepaalde hoogte "vernuwe". Jonker se standpunte daaroor is uitvoerig in hoofstuk twee bespreek. Daar

---

[2] W. D. Jonker. 1965. *Die regering van Christus, II*, ongepubliseerde manuskrip, 112.
[3] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 126.

kan dus met redelike sekerheid gesê word dat Jonker die geldende kerkreg sou bespreek soos dit was tot 1962.

Die verval kom veral daarin na vore dat, by die Nederlandse Hervormde Kerk, die ou gereformeerde kerkbegrip en gevolglik ook die ou kerkreg iets van die verlede geword het. Lede van die kerk word "lede van die Hervormde Kerkgenootskap" waardeur dit vir Jonker duidelik is dat die genootskapsidee, en daarmee saam die kerkbegrip van die Verligting, aanvaar is. Kerkvergaderings word voortaan kerkbesture genoem. Op dié fondament is 'n genootskaplike kerkregeringstelsel opgebou.

Dit doen met die eerste oogopslag vreemd aan dat Jonker in hierdie tweede deel ook die kerkregtelike opvattings van die Afskeiding en Doleansie bespreek. Hierdie twee afgeskeie kerkformasies was eerder pogings tot kerkregtelike herstel, tot 'n terugkeer na die ou kerkbegrip en kerkreg, nie van kerkregtelike verval nie! Omdat hulle kerkregtelike standpunte – in die besonder die Doleansie-kerkreg – 'n groot rol gespeel het in die Suid-Afrikaanse konteks, is dit nodig dat Jonker se standpunt oor hulle kerkreg deeglik in oënskou geneem en ondervra moet word. Omdat dit in hierdie afdeling oor die ekklesiologie en kerkreg van die Ned. Geref. Kerk gaan, word slegs dit wat tersake is en spesifiek op die Ned. Geref. Kerk van toepassing is, uit hierdie tweede deel van Jonker se manuskrip weergegee.

### 1.1. Die kerkreg van die Afskeiding en Doleansie

Jonker beskryf die kerkreg van die Afskeiding en Doleansie as pogings "... om daadwerklik terug te keer tot die kerkregtelike beginsels van die sestiende eeu soos dit met name in die Dordtse Kerkorde beliggaming gevind het."[4] Hy beskryf die kerkreg van dié twee bewegings as "'n baken in 'n see van verval, 'n ernstige terugkeer na die Bybelse beginsels vir die kerkregering." En Jonker se eie ingesteldheid – om kerkreg vanuit die dogmatiek (ekklesiologie) te bedryf – spreek duidelik uit sy beoordeling:

> "Die innige samehang tussen 'n suiwer belydenis en 'n Bybelse kerkreg het vanself meegebring dat hierdie twee bewegings, waarin dit gegaan het om 'n

---

[4] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 150.

reaksie teen ’n verval in die *leer*, ook ’n reaksie moes wees teen ’n verval ten opsigte van die kerkregering.”[5]

### 1.1.1. Die kerkreg van die Afskeiding

By al die waardering wat Jonker betuig, bemerk hy tog elemente wat nie by die oorspronklike erfenis van die gereformeerde kerkreg hoort nie. Hierdie “vreemde elemente” het die kerkreg in Suid-Afrika in mindere of meerdere mate beïnvloed. Hoewel Jonker meestal van “die kerkreg in Suid-Afrika” skryf, is dit duidelik dat dit oor die kerkreg van die Ned. Geref. Kerk handel. Oor die Ned. Geref. Kerk maak hy dié veelbeduidende opmerking dat daar by die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland[6] “... (soos trouens ook by die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika) ’n eienaardige samevloeiing van oud-gereformeerde en kollegialistiese invloede” voorkom.[7] Dit is ook belangrik dat Jonker meer as een keer benadruk dat “enkele eienaardighede ... miskien verklaar sou kon word uit invloed van die kant van die kollegialistiese denkbeelde, maar ... aan die anderkant tog ook weer beslis nie so verklaar *hoef* te word nie.”[8]

Jonker haal vir dr. A. Kuyper by om aan te dui dat die Doleansie ook so oor die Afskeiding geoordeel het. Kuyper bv., se aanklag teen die Christelike Gereformeerde Kerk is dat die reglement van 1869 die kollegiale stelsel van kerkregering ingevoer het.[9] Volgens dié reglement is ’n mens eers lid van die hele kerk, en pas daarna lid van ’n plaaslike gemeente. Die kerk as ’n geheel gaan aan die plaaslike gemeentes vooraf. Dit kom in ’n aantal dinge na vore, sê Jonker. Dit blyk bv. uit die feit dat die naam van die kerk in die enkelvoud aangegee word terwyl na die plaaslike kerke deurgaans *gemeentes* genoem word.[10] Aan die kerk word eers as ’n geheel gedink – die

---

[5] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 150.
[6] Die naam van die kerk van die Afskeiding.
[7] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 158. Daar is vroeër reeds telkemale daarna verwys dat kollegialisme nie die korrekte term is om te gebruik nie, maar eerder genootskaplike kerkreg (Sien hoofstuk 1, bladsy 41 e.v.). Omdat Jonker dié term egter deurgaans gebruik, word daar in hierdie afdeling daarmee voortgegaan om die term te gebruik.
[8] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 152, 159, ens.
[9] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus*, II, 168. Jonker verwys na Kuyper se artikel, “Het Statuut van 1869” in *De Heraut*, 10 Junie 1888, 3.
[10] Daar word ook van die Ned. Geref. Kerk (enkelvoud) gepraat, maar bv. gemeentes (meervoud) van ’n ring of van ’n streeksinode.

uitgangspunt is nie die plaaslike kerke nie – waarna dit afdaal na die onderskeie dele. Dié dele word nie as die plaaslike kerke verstaan nie, maar die individuele lidmate is die samestellende dele van die kerk as geheel.

Om die naam van die kerk in die enkelvoud aan te gee en die benaming "plaaslike *kerk*" met met "*gemeente*" te vervang mag dalk onskuldig klink, maar Jonker oordeel heel anders daaroor:

> "Die gebruik wat uit Switserland en Duitsland afkomstig was, om van die plaaslike gemeente as *gemeente* te praat in onderskeiding van die algemene kerk wat dan as *kerk* aangedui is (waarin ons 'n navolging van die Rooms-Katolieke spreekwyse moet sien, omdat die Roomse Kerk slegs die algemene kerk "kerk" noem, nie die plaaslike kerk nie; dit is bloot 'n parochie), het egter langsamerhand ook in Nederland ingang gevind, en in die Algemeen Reglement van 1816 was hierdie manier van spreek feitlik honderd persent konsekwent deurgevoer. Dit het natuurlik uitstekend gepas in die kraam van die kollegialistiese denke, waarvolgens die plaaslike kerk in elk geval nie kerk in die volle sin van die woord is nie, maar enkel 'n afdeling van die kerk."[11]

Die wyse waarop die Afskeiding lidmaatskap van die kerk omskryf, moet in samehang met bostaande gelees word. Verder het die ou gereformeerde kerkordes nêrens bepaal wie lidmate van die kerk is nie, omdat dit in die belydenis van die kerk duidelik genoeg uitgespreek is, skryf Jonker. Die kerk het homself verstaan as die kerk van Christus waaroor die belydenisskrifte handel. Die kollegiale kerkreg het dit verander. Die kerkgenootskap van die kollegiale kerkreg kan daarom nie sonder meer vereenselwig word met die kerk van die belydenisskrifte nie, omdat 'n betrokke genootskap maar net een van die moontlikhede van kerk-wees is – nááś vele ander genootskappe of verenigings. Daar word uitgegaan van die geloof van die individuele lede – nie van die verbond nie. Lidmaatskap van die kerk is 'n vrywillige keuse om tot die kerk toe te tree en jongelinge lê nie belydenis van geloof af nie, maar word deur die kerk

[11] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 152,153.

aangeneem, of ten beste "aangeneem as lidmate op belydenis van geloof."[12]. Dáárby word mense lidmate van die kerk in sy geheel, nie net van die plaaslike gemeente nie.

Jonker plaas 'n verdere vraagteken agter die terminologie van die Afskeiding wanneer gepraat word van 'n grondwet of statuut wat moet dien as basis waarop die kerkgenootskap gekonstitueer word.[13] Hy haal 'n opmerking van die eerste leier van die Afskeiding, Hendrik de Cock (1801 – 1842), aan waarin hy opmerk dat die Sinode van Dordrecht 'n kerkorde vervaardig het, "of gelijk het thans genoemd wordt, een kerkelijk reglement." Daarbenewens gebruik De Cock herhaaldelik die term *besture* wanneer daar van kerklike vergaderings gepraat word en sê dat "de macht om de kerk te besturen, is toevertrouwd aan bepaalde dienaren, die door den Heere zelf zijn aangesteld; en dat er eene subordinatie is van kerkelijke vergaderingen..." Hierdie "dienaren", die predikante, behoort aan die kerk in sy geheel, nie net aan die plaaslike gemeentes nie. Predikante word van ouderlinge en diakens dáárin onderskei dat laasgenoemde hulle "aanstelling" van die gemeente ontvang, maar predikante "van de geheele Kerk", word ook beroepbaar gestel "voor de Kerk" en is, deur die ondertekeningsformulier, onderworpe "aan de leer, dienst en tucht der Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland."[14]

Bogenoemde en ander voorbeelde van die verskuiwing in die terminologie – soos dat na die kerk verwys word as "ons kerk", "die kerk in sy geheel", dat nie meer van deputate gepraat word nie, maar van kommissies, ens. – was nie bedoel om wesenlik van die Dordtse Kerkorde af te wyk nie. Jonker stem hierin met Kuyper saam: dit was gewoon die kerklike omgangstaal wat destyds gebruiklik was. Op sigself hoef dit dus nie *noodwendig* op kollegialisme te dui nie, *maar* skryf Jonker

> "Die bewoording wat gebruik word, herinner sterk aan die bewoording van die Algemeen Reglement... Nie die kerkverband as 'n gemeenskap van kerke nie, maar die kerkgenootskap as geheel van vrywillig-verenigde indiwiduele lede wat saam die landskerk vorm, staan hier op die voorgrond... Wel seker is dit kollegialistiese invloed om 'n kerkorde en 'n reglement te vereenselwig, om van

[12] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 151.
[13] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 157.
[14] Al genoemde aanhalings by Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 157.

die kerk 'n genootskap te maak wat as "ons kerk" aangedui kan word in onderskeiding teenoor ander kerke, om van die lidmaatskap aan die kerk in terme van vrywillige toetreding te spreek, of van aanneming, om van kerklike vergaderinge as besture te praat..."[15]

Dáárom is Jonker se gevolgtrekking dat, ongeag sommige teoloë soos bv. A. M. Lindeboom en H. Bouwman wat die reglement van die Afskeiding van 1869 as goed-gereformeerd verdedig, "... dit tog nie so onskuldig is as wat voorgegee word nie. Dit openbaar inderdaad meer as voldoende dat daar by die Christelike Gereformeerde Kerk 'n sterk invloed van die kollegialistiese tendense van die negentiende eeu aanwesig was."[16]

Die stelling kan gemaak word dat Jonker – sou hy die vierde hoofstuk van die tweede deel van sy ongepubliseerde manuskrip geskryf het – hy dit sou uitwys dat dieselfde terminologie in die Ned. Geref. Kerk gebesig word. Van die Ned. Geref. Kerk word ook in die enkelvoud gepraat, maar van die – meervoud – gemeentes (bv. die gemeentes van 'n ring of streeksinode). In die Ned. Geref. Kerk word honderd persent konsekwent van gemeentes – nie kerke nie – gepraat. Aanvanklik is ook van "aanneming" van lidmate gepraat en die oorgrote meerderheid dink aan lidmaatskap as lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk as geheel – nie as lidmaatskap van 'n gemeente nie. Dit het in die jongste tyd egter tot 'n mate verander. Tot en met die kerkorde van die Algemene Sinode in 1962 is van "Wette en Regulasies" in die Ned. Geref. Kerke gepraat. Jonker is hierbo reeds aangehaal dat hy die stelling gemaak het dat daar by beide die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland én "trouens ook by die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika", oud-gereformeerde en kollegialistiese invloede ineenvloei.[17] Dié stelling is bevestig deur ander kerkhistorici in die Ned. Geref. Kerk soos proff. E. Brown en R. M. Britz.[18] Voeg daarbý dat die kerk in artikel 1 geïdentifiseer word as die *Nederduitse Gereformeerde Kerk* en kragtens sy "belydenisgrondslag" – die

[15] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 155, 158, 159; vgl. 168.
[16] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 159.
[17] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 158.
[18] Sien E. Brown. 1979. "Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het". *NGTT*. xx (4): 277 – 304; R. M. Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk." *NGTT*, xxvi, September 1985, 432 – 451.

"geloof" van die lidmate van die kerk – begrens word, is dit duidelik dat die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk afgewyk het van oud-gereformeerde kerkordes soos die Dordtse Kerkorde. Dit geld trouens van al die kerkordes van die Ned. Geref. Kerk sedert 1962.

### 1.1.2. Die kerkreg van die Doleansie

Waar Jonker op ooreenkomste tussen die Afskeiding en die Ned. Geref. Kerk gewys het, het hy nie enige beïnvloeding van die Afskeiding op die Ned. Geref. Kerk uitgewys nie. Met die kerkreg van die Doleansie is dit anders. Dié beweging het via Vrije Universiteit-promovendi – wat aan die VU nader kennis gemaak met die teologie van die "vaders" van die Doleansie, Abraham Kuyper en F. L. Rutgers – beslis 'n sterk invloed in die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen.[19]

Meermale is in hierdie navorsing op dié negatiewe invloed gewys en dat Jonker skerp krities oor sekere standpunte van die Doleansie-kerkreg was. In deel II van sy onvoltooide manuskrip spreek hy egter ook groot waardering vir die werk van hierdie manne uit. Hy noem die Doleansie 'n "grootse poging om onvoorwaardelik terug te keer na die egte gereformeerde kerkreg". Die Doleansie het hierin tot so 'n mate bokant die Afskeiding uitgegaan het dat dit "eenvoudig epochmakend" was. Kerkreg is deur die Doleansie opnuut benader vanuit die wese van die kerk, soos dit op grond van Gods Woord geleer word. Daarmee het hulle die kollegialistiese kerkreg 'n nekslag toegedien en die siening dat die kerkorde 'n kerkwet is waarvolgens die kerk bestuur moet word, is volledig verwerp. Hul standpunt is, "*staande met die Skrif in hulle hand*", dat die kerkorde alleen sekere beginsels van kerkregering kan neerlê, aangesien die Skrif die enigste grondwet van die kerk is. "Hiermee was die hartaar van die gereformeerde kerkreg weer gevind ná al die jare van vertroebeling. Dit is ongetwyfeld die vernaamste verdienste van die kerkreg van die Doleansie"[20] skryf Jonker.

Jonker se kritiek teen die kerkreg van die Doleansie is dat die terugkeer na die Kerkorde van Dordt gepaard gegaan het met 'n bepaalde *interpretasie* van dié Kerkorde, 'n

---

[19] G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005, I*. Zoetermeer: Meinema, 202.
[20] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 159.

interpretasie gebore uit die stryd en reaksie teen die kollegialisme en die hiërargiese struktuur van die Nederlandse Hervormde Kerk. Volgens Jonker is dit hierdie bepaalde *interpretasie* wat die oorheersende kerkreg van die GKN gebly het tot in die laat-twintigerjare van die vorige eeu.[21]

Die Doleansie is, ondanks die feit dat dit onvoorwaardelik na die Skrif en gereformeerde belydenis wou terugkeer, tog merkbaar beïnvloed deur die gees van die tyd: "die individualisme wat die liberale denke van die negentiende eeu so grondig deursuur het."[22] Jonker sien dit in die besonder by dr. A. Kuyper, dogmatikus en leier van die Doleansie. Ook H. J. Langman noem Kuyper

> "... theologisch een kind van zijn tijd... We kunnen Kuyper niet noemen een volgeling van Schleiermacher, ook niet van Vinet, nog minder van de la Saussaye of van Gunning, maar deze allen te zamen hebben de vruchtbare geest van Kuyper beïnvloed, een invloed … waarvan hij toch nooit is losgekomen."[23]

Kuyper was – soos in vorige hoofstukke aangedui is – iemand op wie Ned. Geref. dominees en teoloë hul graag beroep het as dié outoriteit van die gereformeerde teologie. Met Kuyper en sommige van sy teologiese standpunte het Jonker sedert die publikasie van *Sendingbepalinge* skerp verskil en hom daarmee die gramskap van die Ned. Geref. Kerk se leiersfigure op die hals gehaal.[24] Veral drie aspekte van Kuyper en die Doleansie se teologiese denke en uitgangspunte – wat uiteindelik ook die kerklike lewe in Suid-Afrika diepgaande beïnvloed het – is deur Jonker ter sprake gebring

Die invloed van die negentiende-eeuse liberalisme kom volgens Jonker veral duidelik

---

[21] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 160.
[22] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 160.
[23] Vgl. H. J. Langman, *Kuyper en de Volkskerk, een dogmatisch-ecclesiologische studie*. Kampen: Kok, 1950, 161, 162.
[24] Sien bv. T. N. Hanekom. 1963. "Repliek (op Jonker se verweer teen resensie – GJD)." *Die Kerkbode*, xci (8), 20 Februarie 1963, 272, 273; T. N. Hanekom. "Rooms of Gereformeerd?" *Die Kerkbode*, xci (22), 29 Mei 1963, 754 – 756; Kerkbegrip, Kaap. "Een Kerkverband?" *Die Kerkbode*, xci (23), 5 Junie 1963, 785, 786. Hy skryf: "Dit spyt my om te sê dat dr. J. se interpretasie van Kuyper baie onbevredigend is. As hy agter Kuyper teruggryp op die reformatore en die Skrif, kry hy Kuyper ook in sy greep. En wat 'n greep!" Vgl. ook D. D. Rosslee. "Een kerkverband vir moeder- en dogterkerke." *Die Kerkbode*, xcii (3), 17 Julie 1963, 95; H. J. Strauss. "Kerkverband — moeder- en dogterkerke." *Die Kerkbode*, xcii (10), 4 September 1963, 336; S. O. Skeen, Krugersdorp. "Dogterkerke — afsonderlik en selfstandig." *Die Kerkbode*, xcii (10), 4 September 1963, 337, ens.

in Kuyper se kerkbeskouing na vore deurdat hy ook vir sy ekklesiologie sy uitgangspunt in die wedergeboorte van die individuele mens neem. Die kerk is vir Kuyper essensieel die vergadering van wedergebore individue. Hy benader nie die kerk primêr vanuit Christus en sy kerk-vormende Woord nie, maar vanuit die subjektiewe gesteldheid van die wedergebore mens.[25] Langman gee 'n raak beskrywing: "De accentverplaatsing van het objectieve van verbond en rechtvaardigmaking naar het subjectieve van verkiezing en wedergeboorte, … bracht met zich mee een toewending tot het individualistische en het spiritualistische … en een openstaan voor het doperse element."[26]

Jonker skryf dat die kerk as organisme vir Kuyper as uitvloeisel van dié individualisme op die voorgrond staan. Die kerk kom tot stand deur die vrywillige samesluiting van individuele gelowiges. Daarom is die kerk as instituut vir Kuyper "'n vereniging van eendersdenkendes, 'n Gesinnungs-gemeinschaft" waarby die subjektiewe bepalend is. Dit spreek vanself dat gelowiges dan ook verskillende institute wat náás mekaar bestaan kan oprig – sonder dat die wese van die kerk in die gedrang kom. Dié uitgangspunt lê aan die wortel van Kuyper se leer oor die pluriformiteit van kerk. Ook daarmee kom Kuyper – skryf Jonker – baie na Schleiermacher.[27]

Tussen Rutgers en Kuyper is daar, volgens Jonker, volledige ooreenstemming deurdat hulle die plaaslike gemeente verstaan as 'n gemeenskap wat tot stand kom wanneer die individuele gelowiges vrywillig saamsluit "... tot die oprigting van 'n instituut of 'plaaslike federatiewe kerkverband', 'n belydenis opstel as "accoord van gemeenschap" en op dié basis as plaaslike kerk saamlewe."[28] Ook by Rutgers en de Savornin Lohman word die kerk verstaan vanuit die wedergebore individu en is die kerk as organisme primêr, maar die kerk as instituut sekondêr. Hierin bestaan daar 'n verwantskap tussen die Doleansie en die Independentisme.[29]

Dié gedagtegoedere van die Doleansie lê 'n sistematies-teologiese én kerkregtelike grondslag vir die Ned. Geref. Kerk se veelvuldige kerke vir die onderskeie

---

[25] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 160. Vgl. G. J. Duursema. 1979. *Die kinderdoop en die veronderstelde wedergeboorte.* Lisensiaat Skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 34 – 38.
[26] Vgl. Langman, *Kuyper en de Volkskerk*, 174. Sien ook Duursema. 1979. *Die kinderdoop*, 40, 41.
[27] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 161.
[28]. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 161.
[29] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 162.

bevolkingsgroepe – soos Jonker in *Sendingbepalinge* duidelik aangetoon het.

Jonker wys daarop dat dr. A. Kuyper se opvolger, prof. H. Bavinck[30] – afkomstig uit die kring van die Afskeiding – anders gepraat en gedink het. Bavinck wys die skeiding tussen die kerk as organisme en instituut uitdruklik af en beklemtoon dat die kerk tegelykertyd organisme én instituut is. Jonker haal aan: "Afkeuring verdient daarom de voorstelling, alsof het instituut als iets toevalligs en uitwendige op mechaniese wijze aan die kerk als vergadering der geloovigen ware toegevoegd."[31] Volgens Bavinck kom die kerk nie tot stand deur die vrywillige aansluiting van individue nie, maar Christus vergader – deur die kerk – Sy kerk. "Die kerk is *tegelyk* coetus *et* mater fidelium" skryf Jonker van Bavinck se standpunt; die kerk is dus "'n organisme waarvan die geheel aan die dele voorafgaan en in Christus, die Hoof van die Kerk, gegee is."[32]

Volgens Jonker het Bavinck 'n weersin aan enige gedagte dat die kerk *demokraties* óf middellik deur die wedergeborenes regeer word. Christus sélf regeer in die kerk deur Sy Woord en Gees en Jonker skryf dat Bavinck 'n sentrale plek aan die Woord van God in die hele lewe en regering van die kerk gee. Vir Bavinck is ampsdraers nie organe van die gemeente nie: hulle is deur Christus geroep en word slegs deur die gemeente aangewys. Jonker sê dat Bavinck se visie op die kerk vanuit sy verbondsleer gevorm word en hy skryf dat: "... hierdie verskil in aksent ook betekenis moet hê vir die kerkregering ..."[33]

Voortvloeiend uit hierdie individualistiese geneigdheid by Kuyper en die Doleansie, toon Jonker 'n tweede probleemarea aan: hulle siening van die outonomie of selfstandigheid van die plaaslike kerk en hoe hulle kerkverband verstaan het. Immers, as die kerklike instituut verstaan word as iets wat tot stand kom deur die vrywillige aansluiting van 'n aantal individuele wedergeborenes, spreek dit vanself dat alleen die

---

[30] Bavinck se vierdelige "*Gereformeerde Dogmatiek*" was 'n voorgeskrewe handboek tydens Jonker se teologiese studiejare aan die Universiteit van Pretoria – maar so was ook Kuyper se "*Dictaten Dogmatiek*". Vgl. G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955.* Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 71 e.v. Sien ook: Universiteit van Pretoria. *Jaarboek 1949,* 308-310.

[31] Aangehaal by Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 163. Sien H. Bavinck. 1967. *Gereformeerde dogmatiek, IV*. Kampen: Kok, 290.

[32] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 162.

[33] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II,* 163.

plaaslike gemeente, as *kerk* in streng sin van die woord verstaan kan word. Jonker konsentreer in sy ongepubliseerde manuskrip veral daarop dat Kuyper uit taktiese oorwegings soveel klem op die plaaslike kerk lê. Die Doleansie het hom daarvoor beywer

> "... dat 'n plaaslike kerk beskou moet word as 'n selfstandige eenheid wat as eenheid die kerkverband met die Hervormde Kerk kon verbreek *en tog intakt kon bly*. Die opvatting was dat die kerkrade van die verskillende plaaslike gemeentes, ten spyte van die invoering van die Reglement van 1816, tog intakt gebly het en dus die reg en die plig gehad het om die juk van die Sinodale organisasie af te werp, en só, sonder om van die kerk af te skei, die ware gestalte van die aloue Vaderlandse Kerk weereens tot openbaring te bring."[34]

Daarbenewens het hierdie taktiese skuif die plaaslike kerke goed te staan gekom omdat hulle sodoende ook as selfstandige kerke volle beskikkingsreg oor die kerklike goedere en fondse behou het. Jonker noem dit 'n soort "taktiese independentisme."

Die eenheid van die kerk, die *communion sanctorum*, is vir Jonker sedert sy promosie 'n geweldig belangrike saak – maar nog meer so sedert die publikasie van *Sendingbepalinge*. Omdat dit so 'n belangrike invloed in die kerk in Suid-Afrika gehad het, gaan hy uitvoerig in op die Doleansie se siening oor die volledigheid en die selfstandigheid van die plaaslike kerk en op die vraag hoe kerkverband verstaan moet word. Die teologiese begronding vir sy standpunte, skryf Jonker, vind Kuyper en sy medestanders daarin dat die woord ekklesia volgens hulle alleen die plaaslike kerk aandui en dat dit daarom foutief is om van 'n landskerk in die enkelvoud as kerk te praat. Die eenheid van plaaslike kerke word verstaan "... as 'n kerk*verband*, *'n* kerke-bond, 'n federatiewe, kontraktuele vereniging van selfstandige plaaslike kerke..."[35] Jonker toon voorts aan dat hierdie standpunt van Kuyper volledig ooreenstem met dié van die Independentisme. Die Doleansie beklemtoon dat die kerk van Christus oor die hele wêreld slegs *geestelik*, of *onsigbaar* een is. Die plaaslike gemeentes is die sigbare openbaringe van die één onsigbare kerk.[36] Vir die Doleansie is kerkverband 'n losse

---

[34] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 164.
[35] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 165, 166.
[36] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 166.

konfederasie van selfstandige kerke wat aangegaan word met die oog op bepaalde en beperkte doeleindes. Die geestelike eenheid, sowel as eenheid in "beginsels en belydenis", noodsaak 'n kerkverband, maar hoef nie te beteken dat die plaaslike kerke organisatories een hoef te wees nie. Die kerke se belydenis funksioneer volgens Kuyper as die "accoord van kerkelijke gemeenschap" en word dáárom die *Drie Formuliere van Enigheid* genoem.[37]

Jonker dui aan dat die Afgeskeidenes op hulle beurt kritiek teen die Doleansie uitgespreek het. Met name het hulle bepaalde independentistiese trekke by die Doleansie aangetoon. Hy bevind dat die Afgeskeidenes die standpunt van die oud-gereformeerde kerkreg voortsit, eerder as dié van die Doleansie. Hy haal ds. W. H. Gispen, praeses van die Sinode van die Christelijk Gereformeerde Kerk in 1892, aan wat verklaar dat een van die vernaamste verskille tussen die Afskeiding en die Doleansie die wyse is waarop kerkverband verstaan word:

> "'Volgens hen bestaat er een bloot formeel, foederatief (d.i. burgerlijk) verband, tusschen de verschillende plaatselijke gemeenten, geworteld in een accoord op grond van die formulieren van eenheid; volgens ons staan de plaatselijke gemeenten, als deelen van eenzelfde lichaam, in een levend, organisch verband, niet rustende op een accoord of contract, maar in de geestelijke natuur der gemeenten zelve, die niet onafhankelijk van elkander, maar als deelen van één geheel, als leden van één lichaam bestaan, en uit haar eigen aard naar zichtbare eenheid streven.'"[38]

Ook t.o.v. kerkverband gee Jonker voorkeur aan die standpunte van Bavinck, wat oor die aard en wese van die kerkverband 'n ander standpunt as die Doleansie ingeneem het en veel meer reg aan die eenheid van die plaaslike kerke laat geskied. Vir Bavinck is kerkverband nie 'n blote kontraktuele en federatiewe verband nie, maar is die kerk 'n organiese eenheid. "Buitendien", skryf Jonker, "is die kerk sigbaar en onsigbaar één, organisme en instituut word nie geskei nie, hoewel onderskei, en lidmaatskap aan die

---

[37] Aangehaal by Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 167. Vgl. ook A. Kuyper. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken: aan de zonen der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfees*t. Amsterdam: Höveker, 77 e.v.
[38] Aangehaal by Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 169.

kerk is nie slegs 'n plaaslike saak nie." Jonker vind dit merkwaardig dat Bavinck telkens daarvan praat dat die kerk oorspronklik één was en in gemeentes of plaaslike kerke "ingedeel" is. Jonker bevind uiteindelik dat Bavinck veel nader aan Calvyn en ons belydenisskrifte staan as die manne van die Doleansie.[39]

Kuyper en die Doleansie trek die konsekwensies van die individualisme eenvoudig deur wanneer dit gaan om die gesag van meerdere vergaderings, skryf Jonker. Die kerkraad is die enigste permanente bestuur in die kerk – ander vergaderings is slegs tydelike byeenkomste wat ophou om te bestaan sodra die agenda afgehandel is. Géén "sentrale regeerliggaam of bestuur" mag bo die plaaslike kerkrade bestaan nie. Jonker haal Kuyper aan wat skryf: "Is er geen classis saam, dan bestaat er niets dan naast elkander liggende kerken, en elk denkbeeld van eenig duurzaam bestuur of moderamen moet als inkruipsel van pauselijke tyrannie met ijver uit de kerke Gods geweerd blijven.[40] Verder is slegs die kerkraad saamgestel uit die ampte wat Christus vir Sy kerk ingestel het – 'n meerdere vergadering is nie uit ampsdraers saamgestel wat as ampsdraers sitting neem nie, maar is saamgestel uit *afgevaardigdes* van die plaaslike kerkrade. Jonker beskryf die Doleansie se siening van die aard van kerklike gesag so:

> "Daarom het slegs die kerkraad direkte, regstreekse gesag wat deur Christus verleen word met die oog op die regering van die gemeente. Die gesag van die kerkraad is onbeperk, behalwe die beperkinge wat daaraan gestel word deur die Woord van God en die belydenis van die kerk..."[41]

Die derde probleemarea waaraan Jonker aandag gee is dat die Doleansie die selfstandigheid van die kerkraad só verstaan dat die kerkraad die "hoogste vergadering" in die kerk is. Meerdere vergaderings se gesag en bevoegdheid is beperk, van 'n laer rang; dit is afgeleide gesag omdat die kerkraad bepaalde magte aan die meerdere vergadering delegeer.[42] Jonker haal Rutgers uit se bekende werk *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken* aan dat 'n meerdere vergadering inderwaarheid "weerloos"

---

[39] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 169.
[40] Aangehaal by Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 170. Vgl. Kuyper, *Tractaat der reformatie*, 79.
[41] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 170.
[42] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 170.

teenoor 'n kerkraad is, sou die kerkraad die besluit van die meerdere vergadering in stryd met die Woord ag. Indien daar nie tot 'n vergelyk gekom kan word nie, is die enigste uitweg dat die kerkraad die verband moet verbreek. Bly die kerk binne die verband, mag 'n meerdere vergadering kerkraadslede afsit wat weier om gehoor te gee, maar die kerkraad kan steeds weier om die afsetting te aanvaar. Al uitweg is dan om uit die verband te tree. Hierdie kwessies is op die spits gedryf en het tot die Vrymaking gelei.

Jonker gee ook in hierdie saak voorkeur aan die standpunt van Bavinck. 'n Mens sien hierin duidelike ooreenkomste met Jonker se eie standpunte wat hy in sy proefskrif en veral in *Sendingbepalinge* ingeneem het. Hy skryf dat Bavinck sy uitgangspunt daarin neem dat die hegte geestelike eenheid wat tussen die plaaslike gemeente en die kerkverband moet bestaan, ook na buite geopenbaar moet word in wedersydse gemeenskap en beraadslaging. Sinodes is nie 'n voetstuk vir hiërargie nie, maar handhaaf juis die selfstandigheid van die plaaslike kerke en waak teen verwarring, verdeeldheid en die oorheersing deur die plaaslike leraar of enkelinge in die gemeente. Die gesag in meerdere vergaderings is dieselfde as dié in die kerkraad: almal is onderworpe aan Gods Woord. Daarom verskil kerklik vergaderings nie wesenlik van mekaar nie. Laastens wys Jonker daarop dat Bavinck in meer as een opsig nader aan die kerkregtelike kanonikus, Voetius[43] staan as die Doleansie.[44]

Wat duidelik aangeteken moet word, is dat Bavinck – soos Jonker – telkens sy kerkregtelike uitgangspunt in sy ekklesiologie neem. Hierbo is daarop gewys dat ooreenkomste tussen Bavinck en Jonker se standpunt in sy proefskrif (oor 'n ekklesiologiese onderwerp: Die mistieke liggaam van Christus) en *Sendingbepalinge* aangetoon kan word. Ook is daarop gewys dat Jonker bevind het dat Bavinck veel nader aan Calvyn en ons belydenisskrifte staan as die Doleansie en dat Bavinck se kerkbegrip gevorm is vanuit sy verbondsleer. Dit het ongetwyfeld betekenis vir Bavinck se verstaan van die regering in die kerk.

---

[43] Gijsbertus Voetius (1589-1676) word allerweë beskou as dié grootmeester van gereformeerde kerkreg. Hy was die jongste afgevaardigde by die bekende Sinode van Dordrecht in 1618/19. Sedert 1634 tot met sy dood was hy hoogleraar in Utrecht. Sy standaardwerk is die vierdelige Politica Ecclesiastica. Sien W. Bakker. 1987. "Geschiedenis van de wetenschap van het kerkrecht" in W. van 't Spijker en L. C. van Drimmelen. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok, 25.
[44] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 171, 172.

Bogenoemde standpunte van die Doleansie was, soos Jonker aangedui het, tot in die tweede dekade van die twintigste eeu die geldende kerkreg in die Gereformeerde Kerke in Nederland. Rondom die sogenaamde Geelkerken-saak het ’n kerkregtelike debat ontstaan wat verdiep het en later op die Vrymaking in 1944 uitgeloop het. Jonker eindig beide sy intreerede by Unisa én die ongepubliseerde manuskrip met die Vrymaking. Hy ag dié kerkregtelike ontwikkelinge klaarblyklik van (groot?) belang. Die vraag wat nou beantwoord moet word, is of dié gebeure ’n invloed op die kerkregtelike ontwikkeling in Suid-Afrika gehad het.

## 2. Die Vrymaking en die Ned. Geref. Kerk

In die kerke van gereformeerde oorsprong in Suid-Afrika en met name in die Ned. Geref. Kerk, is alleen sydelings kennis van die Vrymaking geneem. Dit is waarskynlik vanweë die feit dat die Vrymaking ’n kerkstryd in Nederland was waarby gereformeerde kerke in Suid-Afrika nie direk betrokke was nie – die teologiese persepsie van dié stryd, was dat dit ’n spreekwoordelike storm in ’n glas was. Dit het ook nog gedurende die Tweede Wêreldoorlog afgespeel en in Suid-Afrika was daar – polities én binne (onder andere) die Ned. Geref. Kerk – tweespalt en stryd oor Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog en betrokkenheid by die geallieerde magte.[45] Die Ned. Geref. Kerk het oor die jare noue bande met die GKN gehad en dit is ná die Tweede Wêreldoorlog voortgesit sonder om van die Vrymaking kennis te neem. Dit is eers in 1978 deur die Ned. Geref. Kerk (eensydig) verbreek. As redes is onder andere aangegee: die GKN se steun aan die Wêreldraad van Kerke se Programme to Combat Racism (wat ondermeer finansiële steun aan die ANC gegee het), en teologies “liberale tendense” wat die Ned. Geref. Kerk by die GKN gevind het.[46] Daarteenoor het die Ned.

---

[45] Vir ’n breedvoerige bespreking van die opkoms van radikale nasionalistiese strominge en groeperings, verdeeldheid tussen dié groeperings en die betrokkenheid van sommige kerklike leiersfigure by die groeperings, asook die verdeeldheid in die kerk, sien Christoph Marx. 2008. *Oxwagon sentinel: radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag*. Berlin: LIT Verlag, 299 – 530. Van die prominentste kerklike leiersfigure wat Marx bespreek, is onder andere dr. J. D. Vorster, (bladsye 325, 341, 377 en 560), ds. C. R. Kotzé, predikant van die Tweetoring Kerk (moedergemeente) in Bloemfontein, wat voorsitter van die “Grootraad” van die Ossewabrandwag was (bladsye 205, 299 303 – 307 en dikwels), ds. D. G. van der Merwe van die gemeente Bloemfontein-Wes, (bladsy 304, 304 – 305, 307), ens.

[46] Vgl. Etienne de Villiers.1986. “Kritiek uit die Ekumene” in J. Kinghorn en C. F. A. Borchardt. 1986. *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan, South Africa, 151.

Geref. Kerk – sover vasgestel kon word – geen formele kontak of enige ekumeniese bande met die GK(v) gehad nie.[47] Daar kan wel aanvaar word dat daar van tyd tot tyd kontak deur akademici en studente[48] was.

Lidmate van die GK(v) in Nederland wat na Suid-Afrika emigreer het, het hulle – na die Tweede Wêreldoorlog – aanvanklik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) aangesluit, maar op 2 Maart 1952 is ’n eie gemeente in Kaapstad in die lewe geroep.[49] Dit is net binne die GKSA – en dan eers in 1996 en weer in 1997 – dat teologies oor die Vrymaking nagedink is. Ds. André Jansen van die GKSA het eers in 1996 ’n meestersverhandeling oor die skeiding tussen die GKSA en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika geskryf[50] en daarna gepromoveer met ’n proefskrif oor die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrymaking.[51] Tot op daardie stadium – buiten die ongepubliseerde navorsing van Jonker – is geen dieptestudie oor die Vrymaking in Suid-Afrika gedoen nie.

Terwyl daar so weinig belangstelling in die Vrymaking in Suid-Afrika was, waarom het Jonker beide sy intreerede by Unisa en die onvoltooide manuskrip met die Vrymaking geëindig en sodoende ’n prominente plek aan die Vrymaking gegee? Aan die een kant het hy ooreenkomste tussen die stryd in die Gereformeerde Kerke in Nederland en sy eie stryd in Suid-Afrika gesien (soos hierbo telkens aan die lig gekom het). Aan die ander kant praat hy van die “oorwonne Doleansie kerkreg” in sy reaksie op prof. T. N. Hanekom se resensie van sy *Sendingbepalinge* (waaraan in hoofstuk 5 aandag gegee is). Waar staan Jonker én die Ned. Geref. Kerk presies?

Dat prof. H. H. Kuyper, opvolger van prof. F. L. Rutgers en seun van die vermaarde dr. Abraham Kuyper, oor die gesag en funksies van meerdere vergaderings van standpunt

[47] Dit is telefonies en per e-pos aan my bevestig deur dr. Kobus Gerber, voormalige algemene sekretaris van die Ned. Geref. Kerk, op 5 Desember 2016.
[48] Dit is bv. bekend dat teoloë soos proff. S. A. Strauss, P. J. Strauss en P. J. Rossouw gedurende die jare 80 aan die Theologische Universiteit Kampen navorsing gedoen het.
[49] J. A. Breytenbach. 2004. “Na vyftig jaar Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad - kerk of sekte?” *NGTT*. 45 (3), 521.
[50] A. Jansen. 1996. *Die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1950-1995*. PU vir CHO, Th.M. Verhandeling.
[51] A. Jansen. 1997. *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrymaking in Nederland*. Potchefstroom: PU vir CHO, proefskrif.

verander het, het Jonker geïnteresseer. H. H. Kuyper was hierin alleen die voorganger, want die sogenaamde "sinodales" van die GKN – wat Jonker se promotor, prof. G. C. Berkouwer insluit - het hom hierin nagevolg. Jonker toon aan dat H. H. Kuyper ronduit erken het dat hy tot 'n ander insig gekom het. Aanvanklik huldig hy dieselfde standpunt as dié van Rutgers in bv. sy *De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*.[52] Jonker haal Kuyper aan:

> "De zelfstandigheid der plaatselijke Kerk was toen nog voor mij het eenige uitgangspunt, waaraan al het andere moest getoetst worden. Eerst toen de procedure in 1926 aan de orde kwam en te voorzien was, welke gevolgen deze zou hebben, hebben Prof. Bouwman zooveel als ik, met het oog op de taak, die als prae-adviseurs ons wachtte, een uitvoerige studie van dit vraagstuk gemaakt."[53]

Jonker bevind dat die kerkregtelike beskouings in die GKN tot in die vroeë twintigerjare van die vorige eeu Rutgers min of meer getrou nagevolg het. 'n Duidelike voorbeeld hiervan vind hy in *De Bevoegdheid der Meerdere Vergaderingen* van ds. Joh. Jansen[54], 'n leerling van Rutgers, wat – skryf Jonker – "die gematigde independentistiese gedagtegang van Rutgers bly handhaaf het."[55] Jansen beroep hom vir sy uiteensetting – veral vir sy uiteensetting van DKO art. 31 – op Rutgers se *Rechtsbevoegdheid onzer Plaatselijke Kerken*. Jansen se fundamentele uitgangspunt is dat die selfstandige gemeentes alleen in 'n federale sin 'n eenheid vorm, maar nie in institutêre sin nie. Meerdere vergaderings het nie eie gesag nie, maar ontleen hulle gesag aan die kerkrade, wat elk 'n gedeelte van hulle gesag aan die meerdere vergaderings delegeer. Die gesag van 'n kerkraad is groter as dié van 'n meerdere vergadering. Meerdere vergaderings het geen regeer- of tugreg nie en kan geen ampsdraers skors nie – dit mag alleen die kerkraad doen. Die meerdere vergadering pas nie self die tug toe nie, maar gee 'n bevinding waarvolgens die kerkraad behoort te handel. Gee 'n kerkraad nie gehoor nie,

---

52 Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 205. Hy verwys na die werk van F. L. Rutgers en A. F. de Savornin Lohman. 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. Amsterdam: Wormser.

53 Aangehaal in Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 205. Vgl. H. H. Kuyper in *De Heraut*, 11 Junie 1944, no. 3457. Prof. Bouwman na wie hier verwys word, is prof. H. Bouwman van die Theologische Hoogeschool in Kampen en nie prof. Kuyper se promovendus, M. Bouwman, nie.

54 J. Jansen. 1924. *De bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. Kampen: Kok.

55 Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 205.

kan ’n meerdere vergadering steeds nie sy wil op die kerkraad afdwing nie. Hulle mag hoogstens die verband met so ’n kerkraad verbreek.[56]

Bogenoemde was die gees waarin Proff. H. H. Kuyper en H. Bouwman aanvanklik kerkreg gedoseer het. Jonker haal uit die bekende *Kerkelijk Handboekje*, uitgegee deur Prof. Biesterveld en Prof. H. H. Kuyper aan, waarin hulle dit onomwonde stel dat die kerkraad die enigste besturende mag in die kerk is: “Classicaal en provinciaal of ook synodaal kerkbestuur kennen de Gereformeerden niet. De bevoegdheid van de meerdere vergaderingen is altijd zelfs geringer dan die van den kerkeraad...”[57]

Voordat verder met die ontwikkelinge in Nederland gegaan word, moet eers gevra word hoe dit t.o.v. bogenoemde in die Ned. Geref. Kerk gesteld was. Terwyl Jonker vir Hanekom, en saam met hom, die hele kerklike leierskorps van die Ned. Geref. Kerk, verwyt dat hulle steeds die oorwonne Doleansie-kerkreg aanhang, is die optrede van die kerklike leierskorps in die Ring van Johannesburg, waar Beyers Naudé tot ouderling van gemeente Parkhurst verkies is, presies die teenoorgestelde van die Doleansie kerkreg. Hieraan is in hoofstuk 6 uitvoerig aandag gegee is. Die klag teen Naudé was dat hy ongehoorsaam was aan die besluite van ’n sinode (Suid-Transvaal) en van ’n *kommissie* van die Algemene Sinode. Nadat die ring eers die kant toe en later weer daardie kant toe besluit het, verklaar die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal uiteindelik Naudé se verkiesing nietig. In hierdie opsig kan die Ned. Geref. Kerk ongetwyfeld *nie* van Doleansie kerkreg beskuldig word nie! Is – ten minste in hierdie geval – die teenoorgestelde van wat prof. H. H. Kuyper hierbo gesê het, nie dalk van die Ned. Geref. Kerk waar nie: ‘Classicaal, provinciaal en synodaal kerkbestuur kennen de *Ned. Geref. Kerk wel*. De bevoegdheid van de meerdere vergaderingen is altijd *groter* dan die van den kerkraad?’

Die Geelkerken-kwessie wat by die sinode van Assen 1926 tot ’n punt gekom het, was die keerpunt vir Kuyper en uiteindelik ook vir die GKN. Reeds vóórdat die vergadering plaasgevind het, het ’n regsgeleerde, mnr. A. C. G. van Proosdij, ’n brosjure uitgegee

---

[56] Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 205.
[57] Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 206. Vgl. P. Biesterveld en H. H. Kuyper. 1905. *Kerkelijk handboekje: bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regering der kerken*. Kampen: Bos, XVI.

met die titel *Recht in de zaak-Geelkerken*. Daarop reageer Kuyper in *De Heraut* van 10 Januarie 1926. Kuyper verwyt hom: "Indien hij alleen maar de moeite had genomen onze grooten Canonicus Voetius te bestudeeren en evenzoo wat prof. Rutgers in zijn dictaat over het tuchtrecht in onze Kerken gegeven heeft, dan zou hij zelf wel hebben gezien, waarin hij feil ging."[58] Die interpretasie van Voetius (insluitend Rutgers se interpretasie van Voetius) sou in die voortslepende sage 'n groot rol speel – en dit spesifiek ten opsigte van independentisme versus hiërargie in die kerk oftewel, die gesag van meerdere vergaderings.

Ná die sinode van Assen was daar aanvanklik nie veel reaksie nie. Kuyper reageer wel 'n aantal kere op kritiek teen die optrede van die sinode. Hy skryf: "... men (wil) op kerkrechtelijke gebied alle gezag der meerdere vergaderingen wegnemen en voor elken kerkeraad de beslissende macht opeischen, zooals in de procedure Geelkerken gebleken is." Voorts skryf hy dat prof. J. L. van Appeldoorn, "een autoriteit op juridisch gebied", die kerkregtelike prosedure van Assen "op elk punt veroordeelen … omdat ze in strijd zou zijn geweest met de bepalingen onzer Kerkenorde en een openlijke afwijking van het standpunt door Prof. Rutgers in de dagen der Doleantie ingenomen en verdedigd." Kuyper ontken dit ten sterkste en sê: "De Synode te Assen heeft zich geheel aan dit advies van Prof. Rutgers gehouden..."[59]

Die debat het momentum gekry toe dr. J. van Lonkhuijzen, op daardie stadium predikant in Chicago, in 1926 'n brosjure publiseer met die titel *Een ernstige fout*.[60] Daarin teken hy ernstige protes teen dié besluit aan en spreek hom ook spesifiek teen Kuyper se standpunte daaroor uit. Nadat hy terugkeer na Nederland, bestry hy die – soos hy dit toe gemunt het – "nieuw kerkrecht" van veral prof. H. H. Kuyper en bepleit hy dat by die "oud kerkrecht" van Rutgers gebly sal word.[61] In die adviese wat Kuyper

---

[58] Vgl. H. H. Kuyper, "Recht in de zaak-Geelkerken", *De Heraut*, nr. 2503, 10-01-1926.
[59] Sien H. H. Kuyper, "De Kerkelijke besluiten der Synode van Assen" *De Heraut*, nr. 2515, 04-04-1926.
[60] J. Van Lonkhuijzen. 1926. *Een ernstige fout: het besluit der Generale Synode te Assen inzake de afzetting van een of meer kerkeraden gewogen en te licht bevonden*. Chicago: Christian Literature Publ. Co.
[61] Sien bv. sy skrywes: 1939. *Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?* Franeker: Wever; 1931. *In eigen rechte lijn*. Aalten: De Graafschap, 1933. *Debat niet mogelijk*. Aalten: De Graafschap, 1932. *Geen "napleiten" maar een tijdig waarschuwen.* Aalten: De Graafschap. Vgl. ook D. Deddens. 1992. "De Gereformeerde Kerken na de Vereniging van 1892" in Van 't Spijker, W. en L. C. van Drimmelen. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht. Kampen*: J. H. Kok, 146.

by die beslissinge van Assen gegee het, in artikels in *De Heraut*[62] en in sy klaslesings,[63] verdedig hy hom teen van Lonkhuijzen. Hy verdedig daarin die standpunt dat meerdere vergaderings 'n eie gesag het kragtens die feit dat die amp van regerende ouderlinge (ouderlinge en bedienaars van die Woord) in die meerdere vergadering saamkom. 'n Meerdere vergadering het dus die reg om bindende besluite te neem en tug uit te oefen. "Die kerkrade is aan die meerdere vergaderinge onderworpe en is beslis nie die hoogste mag in die kerk nie", skryf Jonker oor Kuyper se nuwe standpunt.[64] Daarteenoor staan die standpunt van Van Lonkhuijzen dat dit kerkrade is wat in meerdere vergaderings byeenkom en húlle gesag word aan die meerdere vergadering gedelegeer.[65]

'n Enkele sin in Jonker se ongepubliseerde manuskrip val op – veral ook omdat daar geen verwysing daarna in die geraadpleegde bronne uit Vrygemaakte kring oor dié aangeleentheid voorkom nie. Jonker verduidelik of substansieer die enkele sin nie, maar dit is belangrik omdat dit 'n volgende faset in Jonker se kerkreg na vore bring. Hy maak dié stelling: "Kuyper bestry die opvattings van van Lonkhuijzen en *beroep*

---

[62] Sien bv. sy artikels: "Napleiten" 'n reeks van 13 aflewerings in *De Heraut*, nr. 2830 – 2842, (1932); "Repliek van dr. J. van Lonkhuijzen", 'n reeks van 6 aflewerings in *De Heraut*, nr. 2862 – 2867; (1932/33) "Nieuw kerkrecht?", 'n reeks van 7 aflewerings in *De Heraut*, nr. 3145 – 3154 (1938); "De drieërlei macht" 'n reeks van 25 aflewerings in *De Heraut,* nr. 3178, 3179 (1938), 3180-3222 (1939)

[63] Sien by www.kerkrecht.nl

[64] Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 206.

[65] Vir meer inligting kan – naas die skrywes van J. van Lonkhuijzen en H. H. Kuyper waarna reeds in voetnote hierbo verwys is – uit die talle werke wat bestaan onder ander die volgende geraadpleeg word: G. G. Gijben. 1925. *De groote beteekenis van de procedure tegen Dr. Geelkerken voor de Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: W. ten Have; J. J. van der Schuit 1934. A*fscheiding – doleantie getoetst aan het handboek van het kerkrecht der doleantie.* Apeldoorn: Drukkerij Jonker z.j.; Hendrik Kaajan. 1935. *De Doleantie en haar kerkrechtelijke beginselen*. Utrecht: P. den Boer; M. Bouwman. 1937. *Voetius over het gezag der synoden*. Amsterdam: Bakker; R. H. Bremmer en J. P. van der Stoel. 1944. *Overstemming of overeenstemming?: een bijdrage tot het verstaan van kerkrechtelijke strijd in de Gereformeerde Kerken*. [S.l.]: [s.n.]. L. G. Bruijn. 1945. *De Kerk in Generale Synode: een woord in het bijzonder tot de vreesachtigen in de Ned. Herv. (Geref.) Kerk*. Wageningen: Veenman; R. J. Dam, B. Holwerda, C. Veenhof en D. H. Th Vollenhoven. 1945. *Rondom "1905"*. Terneuzen: Littooy; E. Smilde. 1946. *Een eeuw van strijd over verbond en doop*. Kampen: J. H. Kok; C. N. Impeta. 1956. *Waar het om ging.* Kampen: Kok; C. Veenhof. 1949. *Om de "Unica Catholica": een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre; C. Veenhof. 1959. *Prediking en uitverkiezing: kort overzicht van de strijd, gevoerd in de Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk tussen 1850 en 1870, over de plaats van de leer der uitverkiezing in de prediking*. Kampen: Kok; C. Veenhof. 1966. *Om kerk te blijven.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn; C. Veenhof. 1974. *Kerkgemeenschap en kerkorde: kort overzicht van de strijd, gevoerd in de Afgescheiden kerken tussen 1836 en 1840 over de kerkgemeenschap en kerkorde.* Amsterdam: Buijten & Schipperheijn; D. Deddens en J. Kamphuis. 1986. *Doleantie, wederkeer: opstellen over de Doleantie van 1886.* Haarlem: Vijlbrief; D. Deddens en M. te Velde. 1992. *Vereniging in wederkeer: opstellen over de Vereniging van 1892.* Barneveld: De Vuurbaak; D. Deddens en M. te Velde. 1994. *Vrijmaking – Wederkeer: vijftig jaar vrijmaking in beeld gebracht*, 1944-1994. Barneveld: De Vuurbaak; G. Harinck, 1998. *Leven en werk van prof. dr. Seakle Greijdanus*. Barneveld: De Vuurbaak.

*hom op die Skotse kerkreg* (eie kursivering - GJD)."[66] In 'n voetnoot verwys Jonker na artikels uit Kuyper se pen in *De Heraut*.[67] Twee artikels in die uitgawe van *De Heraut* van 27 Junie 1926, waarna Jonker ook verwys, dien as voorbeeld: In die eerste artikel skryf Kuyper dat hy "volkomen het recht te hebben, om mij op deze Kerkenorde te beroepen (lees *Second Book of Discipline* – GJD)." Hy vervolg:

> "... dat Dr van Lonkhuyzen het beroep op dit Schotsche Kerkrecht wraakt, omdat dit kerkrecht volgens hem "presbyteriaansch" is, en ons Gereformeerd Kerkrecht tusschen het Presbyteriaansche en Independistische Kerkrecht inligt. Op dit Presbyteriaansche Kerkrecht zou men zich daarom niet mogen beroepen, omdat het nog min of meer hiërarchisch is."[68]

In die tweede artikel reageer hy (nogeens) op die kerkregtelike besware van mnr. Van Proosdij en prof. Van Appeldoorn teen die optrede van die sinode van Assen. Hy beroep hom op "onze Zeeuwsche Kerken" – waarop hy nie uitbrei nie – en

> "... nog sterker laat zich de Kerkenorde der Gereformeerde Kerken in Schotland uit… In the Second Book of Discipline, … wordt eerst als regel gesteld, dat het recht om de ambtsdragers af te zetten toekomt aan den Kerkeraad. Maar daarna wordt gesproken over deze Provinciale Synodes en gezegd, dat deze de macht hebben om … de ambtsdragers in die provincie af te zetten, wanneer daartoe goede en rechtvaardige oorzaken aanwezig zijn…"[69]

H. H. Kuyper skryf verder dat dit nie moeilik sou wees om hom op ander gereformeerde kerke in die buiteland te beroep nie, maar volstaan met bogenoemde omdat dit "thans wel duidelijk geworden zijn dat de Synode van Assen niets gedaan heeft wat niet naar het oordeel van alle Gereformeerde Kerken volkomen geoorloofd en plichtmatig was."[70] Die vraag moet ook gevra word of Kuyper se interpretasie van Voetius (ter

---

[66] Sien Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 206.
[67] Voetnoot 121 in Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III*, 206.
[68] H. H. Kuyper. 1926. "Repliek van Dr van Lonkhuizen VI, I" *De Heraut*, nr. 2527, 27-06-1926.
[69] H. H. Kuyper. 1926. "De Kerkrechtelijke bezwaren II" *De Heraut*, nr. 2527, 27-06-1926.
[70] H. H. Kuyper. 1926. "De Kerkrechtelijke bezwaren II" *De Heraut*, nr. 2527, 27-06-1926. Sien ook "Napleiten (viii)" De Heraut, nr. 2837, 05-06-1932, "De drieërlei macht" (xx) *De Heraut*, nr. 3203, 11-06-1939 en "De drieërlei macht" (xxiv) *De Heraut*, nr. 3207, 09-07-1939.

ondersteuning van sy veranderde standpunt oor die gesag van meerdere vergaderings) nie óók via die Skotse kerkreg binnegehaal is nie. Oor Kuyper se interpretasie van Voetius het hy en Van Lonkhuijzen ook swaarde gekruis. Dit het aanleiding gegee tot M. Bouwman se studie en promosie by Kuyper in 1937. Bouwman promoveer met sy proefskrif: *Voetius over het gezag der synoden*.

Jonker skryf oor die Skotse kerkreg en Voetius:

> "Die besluite van die Sinode van Westminster in verband met kerkregering is van buitengewone veel belang, nie alleen omdat dit vir die Skotse en Engelse kerke van groot betekenis was nie, maar ook omdat ondersoekinge aangetoon het dat 'n kerkregtelike soos Voetius wat in dieselfde tyd gelewe het op die vasteland van Europa en die kerkregtelikes van die Skotse Kerk mekaar *op alle punte* kon vind (eie kursivering - GJD). In meer as een opsig moet die Skotse kerkreg dus bygehaal word as ons die gereformeerde kerkreg in sy geheel nie wil misverstaan nie."[71]

Die feit dat Kuyper hom op die Skotse kerkreg beroep sou Jonker opval, omdat die Ned. Geref. Kerk kerkregtelik óók diepgaande deur die Skotse kerkreg beïnvloed was. Lê hierin dalk ook 'n verklaring vir die optrede van die Sinodale Kommissie van die Sinode van Suid-Transvaal en die Ring van Johannesburg rondom die verkiesing van Beyers Naudé tot ouderling waarna hierbo verwys is? Is daar en indien wel, tot watter mate kan ooreenkomste tussen optrede van die leierskorps van die Ned. Geref. Kerk en die Skotse kerkreg aangetoon word?

### 2.1. Die Vrymaking, Skotse Kerkreg en die Ned. Geref. Kerk

Kerkregtelik het die Ned. Geref. Kerk nie uit een wortel gespruit nie. Aanvanklik het die Kaapse kerk onder beheer van die politieke gesaghebbers aan die Kaap gestaan: eers die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC), daarna die Bataafse Republiek en uiteindelik Engelse owerheid. Die kerk het eers in 1843 begin om vry te raak van

[71] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, deel I, 67. Hierbo is opgemerk dat geen verwysing op hierdie beroep van Kuyper op die Skotse kerkreg in die geraadpleegde bronne uit Vrygemaakte kring gevind is nie. Dit verdien verdere ondersoek, maar val buite die bestek van hierdie proefskrif.

staatsgesag. Jonker maak dié belangrike opmerking: "Die kerk het in hierdie proses die Dordtse kerkorde kwytgeraak."[72] Uiteraard sou die Kaaps-Hollandse Kerk hom aanvanklik aan die model van die Nederlandse (Hervormde) Kerk oriënteer – sy predikante het óf uit Nederland gekom óf is daar opgelei. In 1859 kom die Kweekskool in Stellenbosch tot stand. Vir die volgende byna 80 jaar – tot met die totstandkoming van die Teologiese Fakulteit (Afdeling B) aan die Universiteit van Pretoria in 1937 – was al die predikante aan die Teologiese Kweekskool in Stellenbosch opgelei. In hoofstuk 5 is op die invloed van prof. H. J. Royaards – in Jonker se woorde: "... 'n goeie verteenwoordiger van die liberale kerkregtelike opvattinge ... wat op sy beurt onmiskenbaar die grondstruktuur van die kollegiale kerkreg van die Verligting vertoon ..."[73] – op die Ned. Geref. Kerk gewys.

Beide die eerste hoogleraars van die Kweekskool in Stellenbosch, proff. John Murray en J. H. Hofmeyr, het in Utrecht by (onder andere) Royaards studeer. So ook ds. Andrew Murray, ds. J. H. Neethling van Stellenbosch en ds. G. W. A. van der Lingen – wat almal 'n rol in die totstandkoming van die Kweekskool gespeel het.[74] Prof. A. M. Hugo, wat self aan Utrecht gepromoveer het, skryf dat daar vanaf die eerste dag van Royaards se amps-aanvaarding in 1823 ten minste twee Kaapse studente in sy klas was – "soms selfs soveel as sewe tegelyk".[75] Dr. H. J. van Rinsum[76] noteer dat daar in die periode 1843 tot 1859 agt en dertig studente uit Suid-Afrika teologie aan die Utrechtse Universiteit studeer het.[77] Nie alleen was die wapen en leuse van die Kweekskool (Sol Iustitiae Illustra Nos) dieselfde as dié van die Universiteit Utrecht nie, maar vyf van die eerste ses hoogleraars van die Kweekskool was oudstudente van dié universiteit.[78]

Ondertussen het die sogenaamde "Britse Setlaars" in 1820 na Suid-Afrika begin immigreer – in 1822 ook ds. Andrew Murray sr., 'n Skotse (Presbiteriaanse) predikant.

---

[72] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*. 36.
[73] W. D. Jonker. 1964. "Die liberale kerkreg en die veelheid van kerke." *NGTT*, V (1), 5.
[74] F. J. M. Potgieter. 1952. "Ons kerk in Kaapland" in Hanekom, T. N. 1952. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 84.
[75] A. M. Hugo. 1959. "Prof. H. J. Royaards, III. Sy betrekkinge met die N. G. Kerk van die Kaap." in *Die Kerkbode*, lxxxiv (19), 11 November 1959, 746, 747.
[76] Historikus en verbonde aan die Buro Buiteland van die Universiteit Utrecht.
[77] H. J. van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*: *een geschiedenis van de banden van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*. Hilversum: Verloren, 38.
[78] Van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*, 55. Dié vyf was N. J. Hofmeyr, J. Murray, J. I. Marais, P. J. G. de Vos en A. Moorrees.

Die aankoms van die Skotse predikante het 'n volgende fase in die kerkregtelike ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk ingelui. Murray se seuns, John en Andrew, is na Aberdeen, Skotland gestuur om daar skool te gaan. Hulle het tuisgegaan by hul oom, John, ook 'n predikant. Daar het hulle in aanraking gekom met die Skotse Réveil deur die prediking van die "opwekkingspredikers" dr. T. Chalmers en ds. W. C. Burns.[79] Beide behaal daar MA-grade in 1845, waarna hulle na Utrecht gaan om teologie te studeer. In Utrecht is die teologiese denke gekenmerk deur 'n stryd tussen geloof en rede. Die dominante stroming was dié van die supranaturalisme, 'n poging om geloof en rede met mekaar te versoen. "Het gevolg was een theologisch systeem dat gekenmerkt werd door een zekere oppervlakkigheid die gepaard ging met een vorm van min of meer orthodoxe zelfgenoegzaamheid."[80] Royaards het in dié supranaturalistiese tradisie gestaan.[81]

In Nederland het die Réveil ook ontwikkel as 'n reaksie op (onder andere) die teologie van prof. Scholten van die Universiteit van Leiden. Die Murray-broers, beïnvloed deur die denkbeelde van die Réveil, stig 'n studente Sendingvereniging "Eltheto Hè Basileia Sou" (Laat U Koninkryk kom). "Eltheto was de zendingtak van het 'wetenschappelijk gezelschap van godsdienstige studenten', Secor Dabar (Gedenk het Woord) ..."[82] Van Rinsum haal prof. Johannes du Plessis aan dat Royaards vir John Murray aangeraai het om "zich niet teveel door het Secor Dabar genootschap te laten beïnvloeden, om alzo minder aan het gevaar van dweperij bloottestaan (sic)." Dit is dus geen verrassing nie dat Murray aan sy vader skryf dat hy nogal teleurgesteld was in Royaards.[83]

Daarmee was die tafel gedek vir 'n kerkregtelike heroriëntering. Waar die Kaapse Kerk homself aanvanklik aan die Nederlandse (Hervormde) kerkreg (Royaards) "... met sy tipies kollegiale inkleding en reglementele praktyk ..." oriënteer het, verskuif dit in die tweede helfte van die negentiende eeu na "... die juridiese presiesheid van die Skotse

---

[79] Sien J. P. Classen. 1959. "Die Stellenbosse Driemanskap", *Die Kerkbode*, lxxxiv (18), 4 November 1959, 704.
[80] Van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*, 36. Vgl. ook E. Brown. 1992. "Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme", 700.
[81] Van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*, 37
[82] Van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*, 40. Sien ook J. P. Classen. 1959. "Die Stellenbosse Driemanskap", *Die Kerkbode*, lxxxiv (18), 4 November 1959, 704.
[83] Vgl. Van Rinsum. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap*, 41.

presbiterianisme ..."[84] Dit tree duidelik aan die lig toe die kerk besluit om vanaf 1859 self sy studente teologies op te lei, vanweë die feit dat die Nederlandse Hervormde Kerk van vrysinnigheid verdink is. Nederland het in onguns geraak en Skotland het daarby gebaat. Van die teologiese studente wat vir nagraadse studie na die buiteland gegaan het, het gevolglik na Skotland gegaan. 'n Sprekende voorbeeld was die tweede en derde hoogleraars wat na die Kweekskool beroep is, proff. J. I. Marais (1877) en P. G. J. de Vos (1883). Marais het in Edinburgh filosofie en natuurwetenskap bestudeer en de Vos het 'n tyd lank aan die New College van die "Free Church of Scotland" in Edinburgh gestudeer.[85]

Sedert 1884 vorm kerkreg, as 'n selfstandige dissipline, deel van die kurrikulum by die Kweekskool en van 1886 af word *Presbyterianism* van die Skot, John Macpherson[86], as handboek voorgeskryf. Vir die volgende meer as 30 jaar sou dit die handboek bly en is al die predikante wat tot die bediening in die Ned. Geref. Kerk toegetree het, daardeur gevorm. Hieroor skryf prof. R. M. Britz: "Die invloed hiervan moet nie onderskat word nie."[87]

Met bogenoemde kerkregtelike strominge binne die Ned. Geref. Kerk, het 'n eiesoortige Nederduitse Gereformeerde kerkregtelike inslag ontstaan. Die supranaturalistiese invloed van die Nederlandse (Hervormde) Kerk (Royaards) en die Skotse Presbiterianisme (Macpherson) kon in 'n bepaalde sin by mekaar aangesluit en het hande gevat.[88] Oor dié soort kerkinrigting skryf Britz dat die Ned. Geref. Kerk "... 'n evangeliese teologie en presbiteriaanse ekklesiologie met 'n genootskaplike kerkbegrip versoen het en so haarself en haar roeping verstaan het."[89]

---

[84] R M Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe" *NGTT*, xxvi (3), September 1985, 432.
[85] R. M. Britz. 2010. *Teologiese aantekeninge by die jubileum van "ons Theologische Seminarium" op Stellenbosch.* Acta Theologica; Vol 24, No 2 (2004): Supplementum 5; 231. Fakulteit Teologie. By http://www.ajol.info/index.php/actat/article/view/52284, datum besoek 2016-12-30
[86] John Macpherson. s.d. *Presbyterianism*. Edinburgh: T. & T, Clark.
[87] Sien Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe.", 439, 440. Ook prof. E. Brown laat hom só hieroor uit: "Die invloed wat daar van hierdie Presbiteriaanse tradisie, en by name van Macpherson se handboek, op die Kerkregering van die Ned. Geref. Kerk uitgegaan het, is nog nie na behore nagevors nie. Dit moet nie onderskat word nie. Verdere studie in die verband sal baie tiperende kenmerke in die kerkregering van die kerk uitklaar." – vgl. Brown. 1979. "Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het", 283.
[88] Sien Brown. 1992. "Die hervertolking van die paradigma". *Hervormde Teologiese Studies*. v 48 (3/4), 704, 705.
[89] Britz. *Teologiese aantekeninge by die jubileum van "ons Theologische Seminarium"*, 219.

Die Anglo-Boereoorlog (1899 – 1902) het ’n sterk anti-Britse sentiment laat posvat en die stroom studente wat vir nagraadse studie na Skotland gegaan het, het opgedroog. Die keuse sou voortaan op die Vrije Universiteit val. Daar promoveer B. B. Keet in Oktober 1913 by prof. H. Bavinck.[90] Hy word in 1919 as dosent aan die Kweekskool bevestig – verantwoordelik vir (o.a.) kerkreg. John MacPherson se *Presbyterianism* word links laat lê en Keet gebruik voortaan sy eie klasaantekeninge, *Gereformeerde Kerkreg*.[91]

Jonker het egter in Pretoria by prof. D. J. Keet Kerkreg bestudeer. D. J. Keet was ’n tydgenoot van B. B. Keet. Hulle het dieselfde kerkregtelike skoling aan die Kweekskool deurloop. Dit beteken dat die Kerkregdosent aan wie se voete Jonker gesit het, aanvanklik ook deur *Presbyterianism* kerkregtelik gevorm was. Ook D. J. Keet promoveer by Bavinck (1918).[92] Aan die VU maak die Keet nie alleen kennis met die kerkbegrip van Bavinck nie, maar ook met die kerkinrigting en kerkreg van die GKN – met name met die "doleansie-kerkreg" – wat hulle krities gemaak het teenoor die inrigting en kerkreg van die Ned. Geref. Kerk. Prof. Gerrit Schutte merk op dat baie van hierdie studente:

> "… verraadden een nadere kennismaking met het gereformeerde kerkrecht, zoals dat op de vu gedoceerd werd. Abraham Kuyper en F. L. Rutgers, en na hen H. H. Kuyper, grepen bij de Doleantie terug op de oude gereformeerde traditie, zoals in de Dordtse kerkenorde vastgelegd ... Een Zuid-Afrikaan die het doleantiekerkrecht bestudeerde, ontdekte al snel dat de kerkorde van de NG Kerk in Zuid-Afrika sterk beïnvloed was door het Algemeen Reglement van de Nederlandse Hervormde Kerk.[93]

---

[90] Sien G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005, II*, 718. Keet se proefskrif handel oor *De theologie van Ernst Troeltsch*.
[91] Dit is deur Pro Ecclesia op Stellenbosch gedruk. maar nooit gepubliseer nie. Sien R M Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe", 444.
[92] Sien G. J. Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005, II*, 719. Keet se proefskrif handel oor *Wezen en waarden van het gebed*. Trouens, vier van Jonker se vyf dosente het aan die VU studeer. Buiten Keet was die ander proff. J. H. Kritzinger, E. P. Groenewald en A. B. du Preez.
[93] Schutte. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005, I*, 202.

D. J. Keet het kerkregtelik aan die voete van prof. H. H. Kuyper gesit vóórdat hy van standpunt verander het. By Keet het die studente (waaronder Jonker) in die eerste jaar 'n oorsig van die ontwikkeling van die Kerkreg by Rome en in die Protestantisme bestudeer en in hulle tweede jaar, die beginsels van Gereformeerde Kerkreg.[94] Die kerkreg van die Gereformeerde Kerken in Nederland - soos dit aangebied was deur proff. B. B. en D. J. Keet - sou teenoor die genootskaplike kerkbegrip wat uit die evangeliese teologie en Presbiteriaanse ekklesiologie spruit te staan kom en het ook 'n vormende rol gespeel het t.o.v. Jonker se siening van die invloed wat die Skotse predikante op die Ned. Geref. Kerk uitgeoefen het, sowel as op sy siening van Kuyper se beroep op die Skotse kerkreg.

Keet sou 'n verdere belangrike insig by Jonker laat wortel skiet – hy het ook 'n spesiale kursus in Sendingwetenskap by Keet gevolg. Daar is 'n saadjie geplant wat uiteindelik in 1962 in Jonker se *Sendingbepalinge* sou ontkiem. Sendingteorie en Sendinggeskiedenis was 'n eenjarige kursus in die bestek van die Departement Geskiedenis van die Christendom.[95] Die handboek wat hulle destyds gebruik het, was prof. Johannes du Plessis van Stellenbosch se *Wie sal gaan?* uit 1932.[96] Die sendingideaal desjare was die kerstening van volkere, wat vanselfsprekend gelei het tot die gedagte dat elke volk sy eie selfstandige kerk moet hê. Du Plessis het ook die beginsel van afsonderlike volkskerke as uitgangspunt geneem. Dit het op sy beurt steun verleen aan die vorming van aparte kerke vir die afsonderlike bevolkingsgroepe binne die Ned. Geref. Kerk. Vir sy standpunt het du Plessis swaar geleun op die Duitse Sendingwetenskap – die enigste wetenskaplike bron wat in *Wie sal gaan?* vermeld word, is dié van die Duitse teoloog Gustav Warneck, *Die Missionslehre*.[97]

Vir dié spesiale kursus by Keet het hulle onder meer die proefskrif van van J. C. Hoekendijk *Kerk en Volk in de Duitse Zendingswetenschap*[98], bestudeer. Hoekendijk

---

[94] In die vorige studie oor Jonker is aan die kurrikulum wat in Pretoria gevolg was, aandag gegee. Sien Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 71 e.v. Vgl. ook Universiteit van Pretoria. *Jaarboek 1949*, 307, 325

[95] *Jaarboek van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke 1949*, 148.

[96] Johannes du Plessis. 1932. *Wie sal gaan? of, Die sending in teorie en praktyk*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

[97] Gustav Warneck. 1897. *Evangelische Missionslehre: ein missionstheoretischer Versuch*. Gotha: Perthes.

[98] Johannes Christiaan Hoekendijk. 1940. *Kerk en volk in de Duitse zendingswetenschap*. Amsterdam: Kampert & Helm.

toon die onhoudbaarheid van die eksegetiese gronde vir bogenoemde opvatting aan. Jonker skryf dat hy daar tot ander insig gekom het:

> "Waar die volk bepalend vir die kerk word, is die kerk nie meer die nuwe volk van God nie. Soos dikwels in die geskiedenis, word die kerk dan bloot die religieuse aspek van die volkslewe en dien dit hoofsaaklik om die volk se politieke ideale teologies te sanksioneer. Vir die eerste keer het ek besef dat 'n mens krities na die verhouding tussen volk en kerk behoort te kyk. Die kerk as die volk van God word nie afgebaken deur die grense van die verskillende volkere nie."[99]

Wanneer Jonker in sy ongepubliseerde manuskrip die ontstaan en ontwikkeling van die Skotse kerkreg onder die loep neem, wys hy ten aanvang reeds daarop dat "dieselfde ou probleem van die volkskerk", wat hy in o.a. in die Duitse en Switserse kerkreg gevind het, hier nog meer akuut aanwesig is:

> "Want nêrens was kerk en volk só heg aaneen gesmee as in Skotland nie: die saak van die volk was die saak van die kerk, en omgekeerd... Baie wat met die reformasie meegegaan het, het dit eerder uit politieke as uit godsdienstige oorwegings gedoen. Waar dit gebeur, bestaan die gevaar altyd dat daar 'n onsuiwer toestand ontstaan, waarby die kerk ... die tol moes betaal."[100]

Vanuit hierdie noue band tussen kerk en volk volg dit dat Jonker Hoofstuk V, 1 van die *First Book of Discipline* die "hartaar van die hele kerkorde" noem. Hy haal aan: "And thairfore, no thing desire we more earnistlie, then that Christ Jesus be universallie once preached trouchout this Realme ..."[101] Jonker verduidelik dat in Skotland 'n unieke situasie geheers het: met die optrede van John Knox en die deurbraak van die reformasie in 1560 was daar streng gesproke nog geen georganiseerde gemeentes nie. Die *volk* het

---

[99] Jonker, *Selfs die Kerk kan verander*, 13, 14.
[100] Jonker, *Die regering van Christus*, I, 57.
[101] Jonker, *Die regering van Christus*, I, 60. Jonker maak gebruik van die teks in *The Works of John Knox Collected and edited by David Laing, Vol. II*, Edinburgh, 1895, 183-258. Dit is ook van belang om daarop te wys dat, nadat Jonker die ontwikkeling van die Skotse kerkreg beskryf het – die First en Second Book of Discipline en bekende Form of Presbyterial Church Government – sy gevolgtrekking is dat dit "... feitlik so (is) dat die kerkreg in Skotland sedert die dae van die Reformasie onveranderd gebly het." – sien Jonker, *Die regering van Christus, III,* 175; vgl. ook *Deel II*, 112.

vir die reformasie gekies, en dus moes daar 'n "kerkorganisasie" geskep word. Skotland word sonder meer in "dioceses" of kerklike provinsies ingedeel met 'n superintendent oor elkeen.[102] Die kerk is gesien as 'n nasionale organisatoriese eenheid en die Skotse kerk ken nie iets soos die "selfstandigheid" van die plaaslike gemeente wat van ander gemeentes afgegrens was en hulle van ander gemeentes kon afsluit nie. Independentisme was vir die Skotse Kerk 'n vorm van kettery![103] In die Skotse kerkreg – anders as in die vroeë kerkreg van die Gereformeerde Kerken in Nederland met sy klem op die selfstandigheid van die plaaslike gemeente – word die kerk verstaan as

> "... 'n eenheid wat voorafgaan aan die dele, en die kerk soos hy as 'n eenheid bestaan, het 'n plaaslike, regionale, provinsiale, nasionale en selfs mundiale apparaat vir sy regering. Dit beteken dat die meerdere vergaderinge dieselfde karakter dra as die kerkraad, maar net groter gesag as die kerkraad het, omdat hulle telkens in opklimmende volgorde 'n groter deel van die kerk verteenwoordig. Dit is ... meer as duidelik dat die Skotse Kerk dit van die begin af so verstaan het, dat daar ... sprake moet wees van 'n *hiërargie van vergaderinge* in plaas van 'n hiërargie van persone of ampte."[104]

Dit volg logies dat, wanneer die kerk in bogenoemde sin 'n organisatoriese eenheid is, die kerk permanente bestuursliggame kan hê, skryf Jonker. Die idee dat 'n meerdere vergadering tydelik van aard is en dat slegs die plaaslike kerkraad as bestuursliggaam oorbly, is vir die Skotse Kerk ondenkbaar, "... en dit sou beslis as die reinste independentisme van die hand gewys word."[105] Die General Assembly verstaan homself van die begin af as 'n vergadering wat die reg het om enige saak op die agenda te plaas – ongeag of dit deur 'n mindere vergadering versoek is. Uiteraard beskik hy oor die tugreg en pas dit op alle ampsdraers van die kerk, sonder onderskeid, toe. Jonker skryf: "Van hieruit word die weë nou egter ook sigbaar na die kerkregtelike

---

[102] Hieroor oordeel Jonker ook krities: Hy wys daarop dat sommige outeurs die instelling van die superintendente wil verklaar uit die sendingsituasie waarin die kerk in Skotland in daardie stadium verkeer het. "Aan die anderkant moet ons die moontlikheid oophou daarvoor dat Knox en sy medestanders ... geen beswaar daarteen gehad het om 'n werklike "evangeliese biskop" in te stel wat van die Rooms-Katolieke biskop sou verskil deurdat hy die ware funksies van 'n biskop moes beklee en onder die juiste kontrole gehou sou word nie." Sien Jonker, Die regering van Christus, I, 61

[103] Jonker, *Die regering van Christus, I,* 62.

[104] Jonker, *Die regering van Christus, I,* 65.

[105] Jonker, *Die regering van Christus, I,* 62.

ontwikkelinge in Skotland wat 'n eie aksent dra."[106] Dit het juis oor hiérdie sake vir Kuyper in sy beroep op die Skotse kerkreg gegaan.[107] Aangesien die Skotse kerkreg 'n eie aksent dra, kan afgelei word dat Jonker ook sou reken dat Kuyper hom ten onregte op die Skotse kerkreg beroep. Die Skotse kerkreg is ten ene male nie die Nederlandse gereformeerde kerkreg nie. Wat wel gesê kan word, is dat die Skotse kerkreg bepaalde ooreenkomste met die kerkregtelike siening van die Afskeiding (wat hierbo behandel is) bestaan.

Dit het ook die verdere implikasie nl. dat 'n mens uit bostaande kan aflei dat Jonker hom ook nie sou kon vind in die Skotse Presbiterianisme soos dit by die Kweekskool aan die hand van MacPherson se *Presbyterianism* gedoseer is nie. In hoofstuk 1 was Jonker se teenkanting teen die evangeliese teologie, wat ten koste van die kerklike tug sy eie lidmate wou evangeliseer. Daar is in vroeëre hoofstukke herhaaldelik op Jonker se afwysing van die genootskaplike (kollegialistiese) kerkreg gewys. Meer nog, vroeër is Jonker aangehaal dat daar in die Ned. Geref. Kerk soos by die Christelijke Gereformeerde Kerk in Nederland "... 'n eienaardige samevloeiing van oud-gereformeerde en kollegialistiese invloede" voorkom.[108] Dus het 'n mens in die Ned. Geref. Kerk 'n genootskaplike kerkregtelike bestel wat uit die samevloeiing van die supranaturalisme van die Nederlandse (Hervormde) Kerk (Royaards), die Skotse Presbiterianisme (Macpherson) en oud-gereformeerde kerkreg (Doleansie) tot stand gekom het. Kerkhistorici soos proff. E. Brown en R. M. Britz het soortgelyke gevolgtrekkings geboekstaaf.[109] Hulle het nie die navorsingsverslag van Jonker ter hand kon neem nie. Merkwaardig.

Jonker skryf en dink vanuit 'n ander kerkbegrip – een wat Bybels-teologies gevorm is met sy studie in Dogmatiek (ekklesiologie) én die geskiedenis van die ontwikkeling

---

[106] Jonker, *Die regering van Christus, I,* 62.
[107] Vgl. H. H. Kuyper. 1926. "Repliek van Dr van Lonkhuizen VI, I" *De Heraut*, nr. 2527, 27-06-1926 en "De Kerkrechtelijke bezwaren II" *De Heraut,* nr. 2527, 27-06-1926.
[108] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, II*, 158. Daar is vroeër reeds telkemale daarna verwys dat kollegialisme nie die korrekte term is om te gebruik nie, maar eerder genootskaplike kerkreg (Sien hoofstuk 1, bladsy 41 e.v.). Omdat Jonker dié term egter deurgaans gebruik, word daar in hierdie afdeling gewoon daarmee voortgegaan om die term te gebruik.
[109] Sien E. Brown. 1979. "Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het". *NGTT*. xx (4): 277 – 304; Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike", 432 – 451; Sien Brown. 1992. "Die hervertolking van die paradigma". 691 – 715; Britz, 2010. *Teologiese aantekeninge by die jubileum van "ons theologische seminarium op Stellenbosch*., 217-249. Fakulteit Teologie. http://www.ajol.info/index.php/actat/article/view/52284.

van die Gereformeerde Kerkreg. Jonker het egter niemand skools nagevolg nie – deur studie en navorsing het hy ’n eie mening gevorm – óók wat die Skotse kerkreg betref. Daar is veel daarin wat hy waardeer – soos byvoorbeeld die Skotse interpretasie van die kerkregtelike kanonikus, Gysbert Voetius.

### 2.1.1. Die interpretasie van die standpunte van Voetius

’n Belangrike geskil in die kerkregtelike stryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland was die vraag of Voetius deur die Doleansie-kerkreg korrek interpreteer is. Ook hieroor maak Jonker ’n opmerklike stelling:

> “... ondersoekinge (het) aangetoon dat ’n kerkregtelike soos Voetius wat in dieselfde tyd gelewe het op die vasteland van Europa en die kerkregtelikes van die Skotse Kerk mekaar op alle punte kon vind. In meer as een opsig moet die Skotse kerkreg dus bygehaal word as ons die gereformeerde kerkreg in sy geheel nie wil misverstaan nie.”[110]

Hy sê dat Kuyper en Bouwman, in hulle navorsing vóór die Sinode van Assen, ook ontdek het dat die algemeen-heersende interpretasie van Voetius nie altyd korrek was nie. Met die “nuwe” verstaan van Voetius het hulle steun gevind vir al die geskilpunte in die kerkregtelike stryd ná Assen. Daarom is dit belangrik om Jonker volledig aan te haal:

> “Dit het vir hulle duidelik geword dat die meerdere vergaderinge volgens Voetius terdeë regeer- en tugmag besit, seggenskap oor die mindere vergaderinge het en dat die mindere vergaderinge gebonde is om die besluite van die meerdere vergaderinge te gehoorsaam, tensy dit in die betrokke meerdere vergadering bewys kan word dat sy besluite in stryd met Gods Woord of die kerkorde is.”[111]

’n Belangrike verwikkeling in dié gebeure was dat proff. Kuyper en Bouwman vermoed

[110] Jonker, *Die regering van Christus, I*, 67.
[111] Jonker, *Die regering van Christus, III*, 205, 206.

het dat die doleansie deskundige, Rutgers, die sewentiende-eeuse outoriteit, Voetius[112] nie altyd korrek weergegee het nie. Volgens Jonker was die eintlike wetenskaplike onderbou hiervoor gelewer deur Dr. Marius Bouwman. Hy promoveer cum laude met sy proefskrif *Voetius over het Gezag der Synoden* by Kuyper in 1937. Dié proefskrif het in die debatte wat die Vrymaking voorafgegaan het, 'n belangrike rol gespeel. Jonker gee daarom taamlike aandag aan dié proefskrif in die derde deel van sy ongepubliseerde manuskrip.

Kortliks kom Jonker se standpunt oor die tugreg van meerdere vergaderings daarop neer dat meerdere vergaderings belang het by die handhawing van die tug in die plaaslike gemeente. Hulle moet, luidens DKO artikels 76 en 77, advies gee in verband met die afsnyding van 'n lidmaat van die gemeente en kragtens DKO artikel 79 oordeel of 'n bedienaar van die Woord afgesit moet word of nie.[113] Hy stem dus saam dat dat meerdere vergaderings regeer- en tugreg besit.

Bouwman stel dit dat selfs die oortreding van sinodale besluite of bepalings, al handel daardie bepalinge slegs oor die sogenaamde middelmatige dinge, deur die sinode getug kan word.[114] Hiermee sal Jonker egter nie kan saamgaan nie. Een van die sterk standpunte wat Jonker ingeneem het, is dat die tug slegs oor sonde teen die Bybel kan handel. In die stryd in die Ring van Johannesburg rondom die beswaar teen die verkiesing van Beyers Naudé as ouderling, het Jonker meermale die standpunt ingeneem dat alléén aan die Woord van God gehoorsaamheid geëis kan word en dat die tug daarom volgens Jonker nooit oor allerlei dinge kan gaan wat nie onmiskenbaar duidelik sonde teen God en die heiligheid van Sy verbond is nie. In hierdie spesifieke opsig staan Jonker dus nader aan die Vrymaking as aan die "Sinodales".

'n Ander "nuwe standpunt" wat Bouwman inneem, is dat gemeentes wat met mekaar in verband staan, nie – soos in die Doleansie-kerkreg – slegs in 'n federale verband met mekaar staan nie. Jonker noem dit "gematigde independentisme" wanneer geleer word

---

[112] "Voetius stond hoog, zeer hoog genoteerd bij Rutgers." skryf prof. J. Kamphuis in sy voorwoord tot die heruitgawe van Rutgers se *De geldigheid van de oude Kerkenordening*. Sien F. L. Rutgers en J. Kamphuis 1971. *De geldigheid van de oude Kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: Ton Bolland, v.
[113] Jonker. 1965. *Die regering van Christus, I*, 97.
[114] Jonker. 1965. *Die regering van Christus, III*, 208.

dat kerke slegs in 'n federale sin 'n eenheid vorm, maar nie in institutêre sin nie. Hiervolgens is die plaaslike selfstandige gemeente met die gesag beklee, wat hulle aan die meerdere vergaderinge delegeer.[115] Bouwman beklemtoon dat dié kerke – volgens Voetius – inderdaad saam 'n institutêre eenheid vorm. Jonker skryf: "Al beklemtoon Voetius die selfstandigheid van die plaaslike kerke, is dit nogtans só, dat die plaaslike kerke dele of kompartemente van die klassikale, provinsiale en nasionale kerk vorm."[116] Bouwman se gevolgtrekking is uiteraard dat Rutgers en die Doleansie-kerkreg Voetius verkeerd verstaan het.[117]

Jonker het met veel van Bouwman se standpunte saamgestem. Noukeurige ondersoek dui daarop dat dit vir Jonker nie in die eerste instansie oor Bouwman se standpunte oor die gesag van meerdere vergaderings as sodanig gaan nie – oor een en ander van Bouwman se standpunte hieroor verskil Jonker. Dit gaan vir Jonker veral oor Bouwman se afwysing van die "gematigde independentisme" wat by Kuyper en die Doleansie aangetoon kan word. Dít is die "oorwonne Doleansie kerkreg" waarna Jonker in sy pennestryd met prof. Hanekom, verwys. Jonker vind dus veral aansluiting by Bouwman se siening oor die eenheid van die kerk. Hy roep Bouwman – en daarmee óók vir Voetius – by om die Ned. Geref. Kerk op die onhoudbaarheid van kerklike geskeidenheid te wys. Daaraan word vervolgens aandag gegee.

### 3. Die eenheid van die kerk

Jonker het met dr. M. Bouwman se standpunt dat kerke in 'n kerkverband ook in 'n *institutêre sin 'n* eenheid vorm, meegegaan. Dit is die standpunt wat hy – met uitgebreide beroep op Bouwman – ingeneem het téénoor prof. S. du Toit van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, waarop in hoofstuk 2 in diepte ingegaan is. Trouens, dáár is aangetoon dat Jonker dié standpunt reeds in sy proefskrif gehuldig

---

[115] Jonker, *Die regering van Christus, III,* 203, 208.
[116] Jonker. 1965. Die regering van C*hristus, III,* 207.
[117] Dr. J. van Lonkhuijzen het talle artikels en pamflette hieroor geskryf. Sien bv. J. van. Lonkhuijzen. 1939. *Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?* Franeker: Wever; J. van Lonkhuijzen en S. Greijdanus. 1986. *In eigen rechte lijn: Dr. J. van Lonkhuijzen en Prof. Dr. S. Greijdanus contra het Nieuwe Kerkrecht*. [S.l.]. Sien ook D. Deddens. 1985. *Las Rutgers Voetius verkeerd? M. Bouwman' s kritiek op Rutgers' weergave van de Quaestiones XXII en XXIII in Voetius' Politica Ecclesiastica, Pars I, Tract. II, Cap. V getoetst*. Voordrag gelewer op die vergadering van die Ecclesiologische Club, Kampen, Mei 1985, 6. ens.

het.[118] In die debat met Du Toit was Jonker se standpunt onomwonde dat gemeentes wat onderling verbonde is, 'n eenheid "in institutêre sin" vorm en dat hierdie instituut hom met reg kerk in die enkelvoud mag noem. Daarteenoor het Du Toit (en die GKSA) steeds die "reaksionêre en oorwonne standpunt van die Doleansie-kerkreg" aangehang.[119] Dieselfde punt maak Jonker teenoor die resensie van prof. T. N. Hanekom van sy *Sendingbepalinge* en beroep hom op die rapport "Oecumeniciteit en Pluriformiteit" van die GKN,[120] waarin verklaar word dat ons belydenis (NGB) van ons eis om alles te doen wat die eenheid, katolisiteit, apostolisiteit en heiligheid van die kerk van Christus "ook in het georganiseerde leven der kerk bevorderen kan."[121]

Dit was juis gedurende Jonker se navorsing oor die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg in Europa en Skotland, dat hy oortuig geword het dat hy die pen sal moet opneem oor die Ned. Geref. Kerk se beleid van afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe. Daaruit is *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde kerk van Transvaal*, wat soveel opspraak verwek het en in dié verhandeling die spilgewrig van Jonker se bediening in die periode onder bespreking, genoem is, gebore. Meer as ooit tevore het Jonker die onhoudbaarheid van 'n veelvoud Ned. Geref. Kerke wat in alle opsigte – behalwe institutêr – één is, besef.

Daar was 'n tweede motivering om die Ned. Geref. Kerk oor institutêre eenheid aan te spreek: in Maart 1960 publiseer Jonker "Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art. 35 van die nuwe konsep-kerkorde" in die *Ned. Geref. Teologiese tydskrif* (*NGTT*).[122] Gesien die feit dat hy sy reeks van drie artikels oor die konsep-kerkorde in 1959 in *Die Kerkbode* geskryf het, maar niks gerep het oor die bevoegdheid van die streeksinodes nie, maar wel enkele maande later en dan in 'n vaktydskrif, is aanduiding van 'n nuwe insig. Dié nuwe insig is dat die "organiese eenheid" van die gefedereerde Ned. Geref. Kerke *kerkregtelik* nie aan verwagtinge voldoen nie. Jonker het die vooruitsig van een Ned. Geref. Kerk "van die Kaap tot aan die Zambezi" toegejuig

---

118 Sien Jonker. 1954. *Mistieke liggaam en Kerk*, 180.
119 Jonker, "Die ander kant van die saak!" *Die Kerkbode*, lxxxvi (*3*), 20 Julie 1960, 76, 77.
120 Gereformeerde Kerken in Nederland. 1959. *Rapport van de deputaten voor bestudering van het vraagstuk der "pluriformiteit" en oecumeniciteit*. [S.l.]: [s.n.], 27 – 30.
121 W. D. Jonker. 1963. "Rooms of Gereformeerd? Enkele gedagtes oor die noodsaaklikheid van die kerkverband. II" *Die Kerkbode*, xci (14), 3 April 1963, 470
122 Sien *NGTT*, i (2), Maart 1960, 33-37.

omdat die kerk "... weer organies één sal wees, en dit nie alleen in die uiterlike, organisatoriese sin nie, maar veral in die geestelike sin van die feit dat ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie – dié Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers!" Hy skryf voorts dat dié ontwikkeling binne die Ned. Geref. Kerk om twee redes van soveel belang is: dat dit "daadwerklik organiese kerkvereniging" teweegbring en "omdat dit ook kerkregtelik vir ons Kerke as 'n belangrike vordering gesien moet word."[123]

Die leser word daarop attent gemaak dat Jonker dié ontwikkeling in die Ned. Geref. Kerk op teologiese gronde toejuig: dit gaan vir hom om 'n eenheid op *grond van die Skrif* waarin *die regering van Christus* in organisasie én kerkorde tot sy reg sal kom. In sy 1960 *NGTT*-artikel moes hy sy woorde terugtrek: "By nader bestudering van die nuwe konsep-kerkorde kan daar egter 'n mate van twyfel by 'n mens ontstaan juis in verband met hierdie twee sake."[124] In hierdie artikel beklaag hy dit dat "... die status van die streeksinodes nie meer dieselfde is as dié van partikuliere sinodes in die Dordtse Kerkorde nie, en dat gevolglik ook die algemene sinode nie dieselfde gesag dra as die nasionale sinode in die Dordtse Kerkorde (art. 50) nie." Nou kan nie meer van "daadwerklik organiese kerkvereniging" op grond van die Skrif gepraat word nie. Vir sy besef is die Algemene Sinode "... alleen maar 'n soort koördinerende vergadering wat as bowe-struktuur die vyf (of meer) selfstandige provinsiale sinodes saamsnoer ..."[125]

Die hoofsaak waaroor dit vir Jonker gaan, word in die titel van die artikel saamgevat: "Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art. 35 van die nuwe konsep-kerkorde". Artikel 35 lees: "Tot die taak en bevoegdheid van die Sinode behoort: (a) Die opstel en wysiging van bepalinge en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die kerkorde in stryd is nie..."[126] Hy vra of die Ned. Geref. Kerk "kerkregtelik met hierdie nuwe stap veel gevorder het" indien elke streeksinode "'n eie stel wette en bepalinge en reglemente" mag opstel om die *normale arbeid* van

[123] Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde. n Voorwaartse Stap op Dordtse Grondslag", 795.
[124] Vgl. W. D. Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art. 35 van die nuwe konsep-kerkorde" *NGTT*, i (2), Maart 1960, 33, 34.
[125] Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 34, 35.
[126] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1964.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

die kerke "tot in die fynste detail te reël". Bowendien maak dit geen einde aan die "eindelose reglementering van die kerklike lewe" nie.[127]

Jonker sou, buiten artikel 35, ook op artikels 37 en 44 kon wys. Artikel 37 lui: "Dit sal die samestellende kerke (lees: streeksinodes -GJD) vry staan om met behoud van alle regte, voorregte, besittinge, naam, ens., uit die verband te tree ..." Daarbenewens bepaal artikel 44 dat die Algemene Sinode nie die gesag het om wysigings aan die belydenis van die kerk te maak nie, maar dié gesag berus by die streeksinodes.[128] Jonker het gepleit: "Dit is duidelik dat ons in hierdie stadium sal moet verstaan dat die enigste weg vorentoe vir ons die weg kan wees wat aangegee is in die kosbare erfenis van die Dordtse Kerkorde",[129] maar vir dr. J. D. (Koot) Vorster het Jonker se besware egter "weinig om die lyf" en Jonker lees dinge in die kerkorde in wat nie bestaan nie.[130]

Die sistematies-teologiese onderbou vir die samestelling van die Algemene Sinode waarteen Jonker beswaar maak (en wat vandag steeds onveranderd is), is reeds in 1955 deur prof. F. J. M. Potgieter van Stellenbosch in 'n brief aan *Die Kerkbode* gelewer. Dit is van belang om daarop te let dat die vooruitsig tot kerkhereniging nie deur almal ondersteun is nie. Potgieter skryf dat "daar in die verband spanninge (bestaan) wat die Kerk in beroering bring" en hy maak selfs gewag van "gedagte aan afstigting" van die Raad van die Kerke (die federasie van Ned. Geref. Kerke).[131] Om dié beroeringe te besweer, suggereer Potgieter dat die gesag van die Algemene Sinode beperk moet word. Hy argumenteer dat die mate waarin die plaaslike gemeentes op 'n sinode verteenwoordig is, sy gesag bepaal. Hy kom tot dié gevolgtrekking:

> "Waar dit die geval is, volg dit dat die *hoogste gesag* (eie kursivering – GJD) by dié Sinode berus waar die beginsel van verteenwoordiging van die plaaslike Kerke meeste tot sy reg kom, t.w. die Streeksinode, en volg dit verder dat hierdie

---

127 Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 34.
128 *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1964.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers. Dit geld vandag steeds onveranderd – sien *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 2015*. [s.l.]
129 Jonker. 1960. "Die bevoegdheid van die streeksinodes", 36.
130 J. D. Vorster. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke: Die Besware Daarteen en die Betekenis Daarvan", *NGTT*, i (4): 15.
131 Vgl. F. J. M. Potgieter. 1955. "Generale en Streeksinodes" in *Die Kerkbode*, lxxvi (5), 3 Augustus 1955, 158.

Sinode die mag sal hê om te besluit oor die geloofsbelydenis van die betrokke afsonderlike Kerk én die wyse waarop die leer daar aanvaar word."[132]

Vir Potgieter besit streeksinodes "kragtens die verteenwoordigings-beginsel" die hoogste mag en vind hy 'n ooreenkoms tussen 'n algemene en 'n ekumeniese sinode: "... ons (wil) dit stel dat nóg 'n Ekumeniese Sinode nóg 'n Generale Sinode *bindende* besluite kan neem oor die geloofsbelydenis ..." Hy vervolg: "In 'n land soos Holland is sulke bindende besluite deur die Generale Sinode wel in die verlede aanvaar; maar in geval van ons eie volk, waar die demokratiese inslag nog sterker is, is so iets ondenkbaar." Dié "demokratiese beginsel" is klaarblyklik vir Potgieter belangrik – hy kom in 'n tweede brief breedvoeriger daarop terug.[133]

Uit die skrywe van Potgieter (en die instemmende korrespondensie wat daarop gevolg het[134]) blyk duidelik dat 'n groot deel van die Ned. Geref. Kerk – anders as Jonker – met 'n funksionele kerkbegrip en 'n saamgestelde eenheidsgedagte werk. Die argumentasie is funksioneel-pragmaties en kerksentries. 'n Mens mis – soos by Jonker – 'n Skriftuurlike, konfessionele kerkbegrip om oor die eenheid van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke te dink. Vir Jonker is die "vernaamste 'akte van vereniging' ... tog ons gemeenskaplike belydenis ..."[135] Wanneer hy pleit dat 'n langer proses om die kerkorde te finaliseer gevolg moet word, en hy dit nie dringend noodsaaklik vind om 'n kerkorde vóór die konstituering van die Algemene Sinode te finaliseer nie, motiveer hy dit "...want die voorlopig goedgekeurde kerkorde is dan mos daar, en *die belydenis is daar* en *die Woord is daar*."[136] Uit Potgieter se skrywe, daarenteen, blyk dit dat die kerk eerder oor homself vanuit 'n sinodale struktuur moet dink en homself dan kerkregtelik orden aan die hand van – in die woorde van dr. D. J. Vorster – "die Dordtse Kerkorde, aangepas by die eise van die tyd."[137] Jonker verskil. Hy skryf dat die Ned.

---

[132] Potgieter. 1955. "Generale en Streeksinodes" in *Die Kerkbode*, lxxvi (5), 3 Augustus 1955, 159. Dit is inderdaad netso aanvaar en geld vandag steeds – sien *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1964*.
[133] Vgl. Potgieter. 1956. "Generale en Streeksinodes" in *Die Kerkbode*, lxxvii (18), 2 Mei 1956, 817.
[134] Vgl. bv. die skrywes van J. D. Cilliers (Ottosdal). 1955. "Kerkvereniging" *Die Kerkbode*, lxxvi (10), 7 September 1955, 313, 314 en J. R. Albertyn, (Kleinmond). 1955. "Organiese Kerkvereniging" *Die Kerkbode*, lxxvi (15), 12 Oktober 1955, 521
[135] W. D. Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde. Pleidooi vir voorlopige aanvaarding" *Die Kerkbode*, lxxxvii (5), 1 Februarie 1961, 148.
[136] Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde" *Die Kerkbode*, lxxxvii (5), 1 Februarie 1961, 148
[137] Vorster. 1960. "Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke", *NGTT*, i (4): 13.

Geref. Kerk "... tot vandag nog (lewe) met die Wette en Bepalinge wat hulle geboorte minstens formeel in 1824 moet soek ..."[138] Prof. R. M. Britz voeg daaraan toe dat "... die Ned Geref Kerk oor homself vanuit 'n algemene en kerksentriese struktuur dink..." en dat dit "... die manier (is) waarop hy sy kerklike lewe georden het. Hierdie kerkbegrip is diepgaande by sy lidmate ingeburger."[139]

## 4. Samevatting

Hierbo is aangedui dat die Ned. Geref. Kerk uit 'n aantal kerkregtelike wortels gespruit het. Die genootskaplike kerkreg van die Nederlandse (Hervormde) Kerke het hande gevat met die Presbiteriaanse kerkreg en 'n eiesoortige kerkregtelike bestel daargestel het. Aanvanklik het die kerkreg van die GKN wars daarteenoor gestaan. In Jonker se beoordeling van die konsep-kerkorde het hy by hierdie tweesprong beland: die eiesoortige Ned. Geref. kerkregtelike bestel of die ou (Doleansie) kerkreg van die GKN. Min het hy geweet dat die Doleansie kerkreg van die GKN en die Genootskaplik-Presbiteriaanse kerkreg wat vroeër in die Ned. Geref. Kerk geheers het, al meer sou hande vat. Nóú het egter vir hom aan die lig getree en kan 'n mens vra of hy inderdaad in 1960/61 steeds so sou reageer het teenoor prof. S. J. du Toit as wat hy gedoen het en of hy nie skerper in sy kritiek teen die konsep-kerkorde sou gewees het nie (beide sake is in hoofstuk 2 beskrywe). In hoofstuk 9 moet die grondbeginsels van Jonker se ekklesiologie en kerkreg sistematies uiteengesit en ondervra word en kan meer lig op hierdie en ander vrae gewerp word. Daarin word die kruks van die saak duidelik gestel.

[138] Jonker. 1961. "Die nuwe kerkorde." *Die Kerkbode*, lxxxvii (5), 1 Februarie 1961, 145.
[139] Sien Britz. 1985. "Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe", 450.

## Hoofstuk 9

### 1955-1968: Die kruks van die saak: Christus regeer

Willie Jonker se publikasies tussen 1955 en 1968 vertel ’n verhaal. Dit is ’n geskrewe biografie waarin sy oortuigings en standpunte, sy beoefening van die teologie afgestem is op veral die gereformeerde kerkreg, soos hy dit vir die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika voorsien het, bibliographies uitgespel is. Twee uitstaande momente het aan dié verhaal ’n wending besorg.

Die eerste is die voltooiing van sy studie in Nederland. As toegeruste gereformeerde teoloog word hy met die volkskerklike praktyke in sy eerste gemeente gekonfronteer. Hy sou teen die stroom gaan staan. Maar, met geesgenote en jong kollegas kon die knop deurgehaak word. Die tweede wending vind plaas tydens sy studiereis 1960/61. Hier tydens is hy toegerus met verdiepte insigte in die gereformeerde kerkreg, met name dié uit die Vrymaking. Terug in Suid-Afrika, en binne die konteks van die Ned. Geref. Kerk, pas hy die regering van Christus deur sy Woord en Gees toe op die situasie van kerklike geskeidenheid. Kerklike geskeidenheid het neerslag gevind in ’n sendingbeleid, waarvolgens elke bevolkingsgroep (ook die wordende Afrikaanssprekende “Kleurlingvolk”) ’n eie kerk ontvang uit die hand en beurs van die Moederkerk. Dié kerke het bekend gestaan as die NG Sendingkerke. Vir Jonker kon die gemeenskap van die heiliges, die kerk van Christus eenvoudig nie inpas in hierdie soort kerklike struktuur en orde (met sy talle reëls) nie. So regeer Christus nie. Hiervoor is hy in die Ned. Geref. Kerk verkwalik, verdag gemaak en verwerp. Die verhaal wat sy publikasies uit daardie tyd getuig egter van ’n oorwoë aandrang om die gereformeerde kerkreg in diens van Christus en sy Woord teen kerklike geskeidenheid en hiërargie te herstel.

Die doel van hierdie studie was om die bibliografie van Jonker as ’n verhaal van kerkregtelike teologie te beskryf. Bogenoemde opsomming van hierdie verhaal verduidelik eweneens die keuse vir die titel van die ondersoek: *Communio sanctorum – Gereformeerde kerkreg versus kerklike geskeidenheid. ’n Biografiese bibliografie van W.D. Jonker 1955-1968*. Die laaste hoofstuk bring Jonker se ekklesiologie, onderliggend aan die verhaal wat in die vorige agt hoofstukke uitgepluis is, sistematies

saam. Die eerste paragraaf bring Jonker se keuse vir die Dordtse Kerkorde, as synde dié kerkorde wat die kerkregering, kerkreg en ordening van die kerklike lewe vir die Suid-Afrikaanse konteks met sy tradisionele geskeidenheid, volgens hom die heel beste sou kon aanspreek en aan 'n blywende oplossing help. In hierdie paragraaf word Jonker se omgang met die Dordtse Kerkorde, binne die konteks van die Nederlandse kerk- en teologiegeskiedenis dus oorsigtelik geskets. In die opvolgende paragrawe word die basiese uitgangspunte van Jonker aan die orde gestel. In die laaste paragraaf word die kruks van die saak op die punt af uitgespel. Daarmee sluit die studie.

## 1. Die keuse vir die Dordtse Kerkorde

Met die totstandkoming van die Gereformeerde Kerken in Nederland (1892) is die Dordtse Kerkorde as heersende kerkorde aanvaar. Jonker se standpunt was dat die aanvaarding van die DKO met 'n bepaalde *interpretasie* daarvan deur die Doleansie-teoloë gepaard gegaan het. In 1905 by die sinode van Utrecht is enkele verouderde artikels hersien – dié hersiening het volgens Nauta 'n beperkte karakter gedra. Die kerkregtelike stryd sedert die Geelkerken-saak wat op die Vrymaking uitgeloop het, het die GKN genoop om hulle standpunte te heroorweeg. Dit het nie alleen die Doleansie se interpretasies van die DKO aangespreek nie, maar het uiteindelik op 'n nuwe kerkorde aan die hand gedoen. In 1949 is 'n begin gemaak om oor wysigings te besin wat uiteindelik in 1957 by die Sinode van Assen goedgekeur en in 1959 gepubliseer is.[1]

Die nuwe kerkorde van die GKN van 1959 is die laaste kerkregtelike ontwikkeling waaraan Jonker in sy ongepubliseerde manuskrip aandag aangegee het. Die voorwaarde vir 'n goeie kerkorde vir die GKN, sê Jonker, is dat dit tussen die twee uiterstes – aan die een kant dié van die Vrygemaaktes en aan die ander kant dié van die sinodales – moet deurgaan en die goeie uit elke standpunt moet behou. Hy gee nêrens 'n sistematiese punt vir punt beoordeling van die kerkorde (trouens, van geen kerkorde nie) óf beantwoord die vraag of die nuwe kerkorde wel daarin slaag om die goeie uit elke standpunt op te neem nie. Hy maak wel opmerkings wat, in die lig van standpunte

[1] Sien D. Nauta, 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok, 34 – 37 en B. Spoelstra. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 22.

wat hy elders ingeneem het, as waardering of as kritiek aangemerk kan word.

Hy maak aanvanklik oor twee sake algemene kritiese opmerkings oor die nuwe kerkorde. Die eerste is dat dit tot ’n groot mate by die Dordtse Kerkorde aansluit, maar tog in soveel opsigte daarvan verskil, dat dit inderdaad ’n nuwe kerkorde genoem kan word. ’n Mens moet hierin wel ’n waarskuwende noot hoor – daar is dikwels in hierdie verhandeling op Jonker se hoë waardering vir die Kerkorde van Dordt gewys. Hy beskou DKO as die suiwerste formulering van die beginsels van die Skrif om die regering van Christus in sy kerk mee te reël. Waaroor hy wel (soos elders blyk) uitgesproke krities was, is die omvang van die kerkorde. Behalwe dat dit 132 artikels bevat, verwys dit ook nog op talle plekke na besluite wat die Generale Synode oor ’n verskeidenheid sake afsonderlik geneem het, sodat dit in sy geheel “taamlik uitgebreid” is.[2]

Wat hy wel telkens met waardering uitwys – en wat in sy teologie ’n belangrike tema was – is dat die nuwe kerkorde beslis daarvan uitgaan dat die kerk ’n institutêre eenheid[3] is wat in sinodale verband verenig is. Die standpunt oor die eenheid van die kerk blyk onder andere uit artikel 16[4] waarin bepaal word dat ’n predikant geroep mag word om ten behoewe van die gesamentlike kerke en in diens van die gesamentlike kerke te mag staan.[5]

Die ander groot aanpassing wat in die nuwe kerkorde gemaak is, is ’n poging om alle misverstand oor die gesag van die meerdere vergaderinge – oor onder andere die tugreg van meerdere vergaderings – uit die weg te ruim. Soos te wagte kan wees, gee die nuwe kerkorde ook aan meerdere vergaderings volledige tugreg oor ampsdraers (artikels 112 en 113) en in geval van wanbestuur deur die plaaslike kerkraad, mag die klassis ingryp en ampsdraers skors en afset.

---

[2] W. D. Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, ongepubliseerde manuskrip, 212.
[3] Oor die vraag of kerkverband institutêr verstaan moet word, word in die volgende onderafdeling onder die loep geneem.
[4] “Een dienaar des Woords, die door de generale synode of in overeenstemming met door haar goedgekeurde bepalingen geroepen wordt tot een zodanige arbeid in opdracht van of ten behoeve van de gezamenlijke kerken, die weliswaar een geestelijk karakter draagt en met de roeping tot de verkondiging van het evangelie in rechtstreeks verband staat, maar waardoor hij zijn taak in de gemeente niet langer kan verrichten, zal geacht worden in dienst te staan van de gezamenlijke kerken en als zodanig de eer en de naam van een dienaar behouden” sien http://kerkrecht.nl/content/kerkorde-gkn-1957-art-16
[5] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 212, 213.

Vanweë hierdie siening van die gesag van die sinode mag die sinode voortaan self sake op sy agenda plaas sonder dat mindere vergaderings 'n versoek daartoe gerig het (artikel 28 [2]). Die beswaardes het geoordeel dat die sinode hom langs dié weg van bo af op 'n ongeoorloofde manier met die kerklike gesprek bemoei het. Dit het vir die beswaardes getoon dat die Generale Sinode homself verstaan as 'n bestuursliggaam wat bo-oor die kerkrade staan en oor die kerk mag regeer. Kerkregtelik verteenwoordig dit 'n aansienlike paradigmaverskuiwing. Die algemene siening was dat 'n sinode alleen sake mag behandel wat gemeentes of mindere vergaderings op sy agenda geplaas het.[6]

Ten nouste hieraan verbonde was dat artikel 57(2) bepaal dat die sinode na goeddunke vir so 'n lang tydperk as wat hy dit goed ag, in reses kan gaan om later weer te vergader (die sg. "selfkontinuering van die sinode"). Die beswaar hierteen is dat die sinode homself as 'n permanente bestuur in die kerk verstaan wat te enige tyd byeen kan kom om enige saak volgens die sinode se eie diskresie in behandeling te neem.[7]

In samehang met bogenoemde reel artikel 60 dat die moderamen ná die sitting van die sinode as deputate sal bly voortbestaan. Hieroor was Jonker nie gelukkig nie: "Daarmee is 'n belangrike beginsel aanvaar en in 'n wesenlike sin van die Dordtse Kerkorde afgewyk, wat juis bepaal het dat die taak van die praeses van die sinode ophou as die sinode verdaag."[8] Hieraan wy hy die grootse gedeelte van sy driedelige artikelreeks[9] oor die nuwe kerkorde van die Algemene Sinode en hy opper reeds dáár sterk beswaar daarteen.

'n Verdere belangrike aanpassing – en een waarmee Jonker baie tevrede was – is dat DKO artikel 31 vervang is met 'n (nuwe, lang) artikel 29. Steeds word bepaal dat die besluite van meerdere vergaderinge bindend is. Artikel 29 (2) bepaal egter dat appèl moontlik is indien iemand meen dat óf die optrede óf die besluite van die vergadering teen die kerkorde is, óf teen Gods Woord ingaan. Sou geappelleer word op grond van die Skrif, "zijn zij gehouden in appèl te gaan". In sy advies aan Beyers Naudé (waaraan in hoofstuk 6 aandag gegee is) neem Jonker ook die standpunt in dat, indien 'n lidmaat

---

[6] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 209.
[7] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 209, 210.
[8] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 213.
[9] W. D. Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: II". *Die Kerkbode*, lxxxiv (*21*), 25 November 1959, 835.

op grond van die Skrif verskil van 'n besluit van 'n kerklike vergadering, die lidmaat *verplig* is om te appelleer. Wat meer is, is dat dié artikel bepaal dat die vergadering hom nie sal verplig om dié besluite uit te voer of daaraan mee te werk nie, alhoewel hy hom moet gedra volgens aanwysings wat die vergadering aan hom mag opdra. Daarbenewens bepaal artikel 31 dat iemand wat hom beswaard voel oor 'n uitspraak van die generale sinode (en, Jonker voeg by dat hy dus nie verder in beroep kan gaan nie), omdat dit na sy oordeel in stryd is Gods Woord, moet die vergadering "jegens hem zoveel mogelijk tolerantie gebruiken", tensy sy optrede 'n bedreiging inhou vir die goeie funksionering van die plaaslike kerklike gemeenskap of die kerkverband. Jonker skryf: "Daarin openbaar die nuwe kerkorde dat dit werklik die Woord van God as die grens van die kerklike regeerhandelinge wil handhaaf, sonder egter om ordeloosheid te laat intros ..."[10]

Deel van die nuwe paradigma is dat artikel 41(1) bepaal dat meerdere vergaderings volwaardige vergaderings van ampsdraers is (waarmee Jonker saamstem), wat as breër kerkrade beskou kan word.

Die kerkorde van 1959 is deur die Vrygemaakte kerke verwerp. Die onveranderde behoud van DKO artikel 31 was vir hulle só belangrik dat hulle aanvanklik bekend gestaan het as Gereformeerde kerken (onderhoudende Artikel 31). Jonker se interpretasie van hierdie verhaal is:

> "Dit is duidelik dat hierdie punte van verskil diepgaande kerkregtelike beginsels raak. Dit gaan uiteindelik om die vraag of die direkte heerskappy van Christus in die kerk tot sy reg kom en of dit nie deur die kerklike apparaat verdring word nie. Vir die beswaardes was dit eenvoudig die invoering van 'n nuwe hiërargie in die kerk."[11]

In sy uiteindelike beoordeling van die kerkstryd was Jonker se oordeel dat beide kante vir 'n regmatige saak gestry het. Hy sê dat vir hom aangrypend is dat dit vir die die beswaardes om die behoud van die direkte heerskappy van Christus deur Sy Woord in

---

[10] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 214.
[11] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 211.

die kerk gegaan het. Hulle was bevrees dat Sy heerskappy deur die kerklike apparaat verdring word en dit ’n nuwe hiërargie in die kerk ingevoer het. Hulle wou alle menslike heerskappy uit die kerk uitban en

> “Met groot bewoënheid verdedig hulle die kerkreg van die doleansie as die enigste Skriftuurlike kerkreg, waarin sowel die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as die kontrolerende werking van die Woord van God tot hulle reg kom.”[12]

Hoewel Jonker dus waardering vir sommige artikels in die nuwe kerkorde gehad het, bly hy by sy standpunt dat die Dordtse Kerkorde steeds as die suiwerste formulering van die beginsels van die Skrif in ’n kerkorde waaroor die gereformeerde wêreld beskik, beskou moet word. Met dit gesê, moet noun a die basiese uitgangspunte van Jonker gevra word, uitgangspunte wat in sy kerkregtelik-teologiese denke prakties tot openbaring moes kom. Heel eerste gaan dit vir hom om die feit dat die eenheid tussen Christus en sy kerk die gemeenskap van die heiliges skep.

## 2. Die eenheid tussen Christus en sy kerk as die gemeenskap van die heiliges

Die mees fundamentele ekklesiologiese uitgangspunt – wat ook aan Jonker se kerkreg ten grondslag lê – is *die onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk*. Die kerk moet in terme van die *heil* gedefinieer word. Daarom sluit hy met voorbedagte rade by die belydenisskrifte aan. Wanneer ’n mens oor die *kerk* wil praat, moet ’n mens - soos die belydenisskrifte - begin om van *Christus* te praat. Hy wys op die Heidelbergse Kategismus Sondag 21 wat, in antwoord op die vraag wat die kerk is, begin met die woorde: “Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom ’n gemeente vergader ...” Wanneer Jonker ’n opsomming van sy proefskrif in twee artikels in *Die Kerkbode* gee, skryf hy dat wanneer hy oor die kerk praat, hy nie in die eerste plek aan die sigbare kerk met sy instituut dink nie, maar “aan die skare van ‘ware Christus-gelowiges, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die heilige Gees.’[13] *Dit is vir ons die eintlike Kerk* (eie

---

[12] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 211.
[13] Jonker haal NGB artikel 27 aan.

kursivering – GJD)"[14] In die belydenisskrifte staan Christus en Sy daad altyd voorop.[15] In sy proefskrif neem hy dié standpunt in:

"Wie op dogmatiese standpunt gaan staan en oor die Kerk vanuit die Christologie, die Pneumatologie en die leer van die regverdiging gaan spreek, moet noodwendig die Kerk as vrug van die heilswerk van Christus verstaan, en dus tot die uitspraak kom: *ubi gratia, ibi ecclesia*."[16]

Wanneer Jonker oor die kerk nadink of skryf, doen hy dit in die wete dat die kerk in die Bybel op die allerinnigste manier aan Christus verbind is. In Matt. 16: 18 noem Christus die kerk "my gemeente"; die kerk is dus sy eiendom, is in Hom begrepe, ontvang die lewe uit Hom en word deur Hom regeer.[17] Volgens Jonker is daar "'n oorweldigende mag van gegewens" in die Nuwe Testament wat bevestig "dat die leer aangaande die kerk (ekklesiologie) gebou moet wees op die leer aangaande Christus (Christologie), en dat die Christologie die ekklesiologie noodwendig moet insluit, anders is dit vals."[18] Die kerk is die *heilsinstituut van Gods heilsverbond*, die *gemeenskap van Christus-gelowiges*. Daarom kan die kerk alleen vanuit die heilsopenbaring reg geken word. "Die kerk is *mater fidelium, communio sanctorum* en instrument van die missio Dei in die wêreld" skryf hy. Die kerk is nie 'n inrigting van die skepping nie, maar van die *herskepping*, en moet daarom vanuit die *herskepping* gestruktureer en geken word.[19] Omdat die kerk in Jonker se teologie in die nouste verband met die verlossing staan, hoort die leer oor die kerk vir hom tuis in die soteriologie, nie in die skeppingsleer nie.[20]

Met instemming verwys Jonker na dr. A. Kuyper wat gesê het dat die kerk uit die besondere genade opkom, nie uit die algemene genade nie. Kuyper het dit selfs

---

[14] W. D. Jonker. 1955. "Genade en Kerk. Die Verband tussen die Rooms-Katolieke Genadebegrip en Kerkbegrip, II." *Die Kerkbode*, lxxvii (*25*), 21 Desember 1955, 980.
[15] Vgl. W. D. Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*. Potchefstroom: Die Evangelis, 6 – 11.
[16] W. D. Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk in die nuwe Rooms-Katolieke Teologie*. Kampen: Kok, 11.
[17] Vgl. Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*, 58.
[18] Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*, 10.
[19] W. D. Jonker. 1977. "Die unieke karakter van die kerk", *In die Skriflig*, 11 (*43*), September 1977, 3.
[20] Vgl. W. D. Jonker. 1995. "Reformed theology and the identity of the Christian congregation", *In die Skriflig* 29 (*3*), 345-369. Sien ook F. D. J. Basson. 2015. *Bevrydende Waarheid. Soteriologie as sleutel tot die verstaan van WD Jonker* (ongepubliseerde doktorale verhandeling, Universiteit Stellenbosch.), 182 ev.

pertinent so geformuleer dat die kerk "het particulier domein van de particuliere genade" is en het volgens Jonker nooit moeg geword om te beklemtoon dat die kerk 'n verskynsel "sui generis" is nie. Jonker haal hom aan: "(sui generis) wat zeggen wil ... een verschijnsel van eigen aard en als zoodanig met niets anders vergelijkbaar of op één lijn te stellen."[21] En in Jonker se eie woorde: "*... daar (is) tog geen enkele ander samelewingsvorm wat op presies dieselfde wyse aan die heil in Christus verbind is as die kerk nie.*" Slegs die kerk word tussen al die menslike gemeenskapsvorme die *liggaam* en *bruid* van Christus, die *volk, bouwerk en tempel van God* ens. genoem.[22]

In sy proefskrif het Jonker alreeds die standpunt ingeneem dat die kerk wesenlik die *communio sanctorum* is en dié standpunt neem 'n belangrike plek in Jonker se denke in.[23] Die kerk is die liggaam van Christus en is as sodanig, die gemeenskap van die heiliges. Die gemeenskap van die heiliges is die voorveronderstelling, die milieu waarbinne Jonker se kerkregtelike denke opereer, waarsonder sy standpunte dalk na idealisme of wensdenkery mag klink. Om die kerk as liggaam van Christus kerkregtelik te struktureer soos enige ander (sekulêre) vereniging, is vir hom ten ene male ondenkbaar. Dit hoort tot die wese van die kerk dat dit die gemeenskap van uitverkorenes, van diegene wat deel in die genade van Christus, 'n gemeenskap van verloste mense, die gemeenskap van begenadigdes is. Die Reformasie leer volgens Jonker dat die uitverkiesing die fondament van die kerk is. Vir Jonker vloei kerkbegrip en die leer van die uitverkiesing ineen.[24]

In die eerste hoofstuk van hierdie verhandeling is Jonker aangehaal dat hy sê: "My studie oor die kerk het my daarvan oortuig dat die kerk bedoel is om 'n lewende, bewuste gemeenskap van gelowiges te wees."[25] In sy proefskrif skryf hy: "Die Kerk is dan die *congregatio fidelium*, die *coetus bonorum* of *communio sanctorum*."[26] En weer

[21] Aangehaal in Jonker. 1977. "Die unieke karakter van die kerk", 4. Vgl. A. Kuyper. 1904. *De gemeene gratie Dl. 3,* Amsterdam, Pretoria: Höveker & Wormser, 259.
[22] Jonker. 1977. "Die unieke karakter van die kerk", 4.
[23] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk*, 173; vgl. W. D. Jonker. 1982. "Eenheid as gemeenskap van die heiliges", *Die Kerkbode*, 7 Julie 1982, jg. 134 (*1*), 8 – 9.
[24] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk*, 196.
[25] W. D. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, Kaapstad: Tafelberg, 26.
[26] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk*, 79. Vgl. ook my ongepubliseerde verhandeling: G. J. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, 155. Sien ook bladsye 152 – 156; beskikbaar by www.williejonker.co.za

– met verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27: "Werklik, hieroor kan daar in die lig van die Skrif tog geen onsekerheid bestaan nie: die Kerk is die *communio sanctorum*, die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges (1 Kor. 1: 2, vgl. Ef. 4: 12), die vergadering van verlostes, die *coetus omnium vere fidelium Christianorum*."[27] Jonker het deur sy doktorale studie tot die insig gekom dat die kerk *alléén,* sonder uitsondering, versamel en vermeerder word deur genade wat ons deel is in Jesus Christus."[28]

Di onderstreep hy ook is sy intreepreek wat op 11 Februarie 1962 in die gemeente Johannesburg aan die hand van 1 Pet. 2: 9 en 10 gelewer. Dié preek handel ook oor die liggaam van Christus. 'n Gemeente is mense wat uit die duisternis geroep is na die wonderbare lig, mense aan wie barmhartigheid bewys is, wat lewe vanuit 'n innige verbinding met Christus. In hierdie verhandeling het reeds duidelik na vore gekom dat Jonker se hele bediening – en met name sy kerkregtelike bediening – daarop afgestem was om die Ned. Geref. Kerk te oortuig om meer en meer die karakter van egte *communio sanctorum* te vertoon.

Hierdie unieke karakter van die kerk is vir Jonker die vanselfsprekende veronderstelling by alles wat hy oor die kerk skryf. Óók in die ongepubliseerde manuskrip spreek dit duidelik wanneer hy bv. meerdere vergaderings bespreek. 'n Meerdere vergadering is 'n vergadering waar

"... die liefde van Christus geken moet word 'saam met al die heiliges'"[29]. En inderdaad, in die meerdere vergaderinge kom steeds 'n wyer kring van die gawes en insigte van die heiliges byeen. Daar kom in die onderlinge en gemeenskaplike diens aan mekaar en die wedersydse versterking van mekaar 'n telkens heerliker openbaring van die eenheid van die kerk na vore, en word dit moontlik om mekaar te kontroleer en op te skerp om ten volle te wandel in die lig van die Woord. Op die meerdere vergadering is daar dus nie soseer meer gesag teenwoordig as in die mindere nie, maar daar is meer ...

[27] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk*, 190. Laasgenoemde Latynse aanhaling is uit die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27 ("'n vergadering van almal wat waarlik in Christus glo"). Vgl. ook Jonker. 1995. "Reformed theology and the identity of the Christian congregation", *In die Skriflig* 29 (*3*), 349.
[28] Vgl. bv. die hoofstuk "Kritiese terugblik" in Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk*, 179, 190, 192, 203, 215.
[29] Jonker verwys na Ef. 3:17 – 91.

van ‘al die heiliges’, ’n groter sektor uit die gemeente van Christus op aarde... Dit is geen heerskappy en dwingende seggenskap nie, maar ’n geestelike, amptelike diens ...”[30]

Teenoor dié unieke karakter van die kerk staan die volkskerk waarvan Kuyper skryf dat dit ’n kerk in sy “meest verwaterde, minst eigenaardige vorm” is.[31] Daarom het ook Jonker hom met volle ywer sy lewe lank as teenstander van die “volkskerk” laat ken. In hoofstuk 1 hierbo is aangetoon dat Jonker dit geheel en al onhoudbaar vind dat lidmaatskap van die kerk deur lidmaatskap aan ’n bepaalde volk bepaal word en nie uitsluitlik deur geloof in Christus nie. Die kerk moet uitsluitlik vrug van die herskepping, die volk van God, die liggaam van Christus, die gemeenskap van mense gewas in die bloed van die Lam en gereinig en verseël deur die Heilige Gees wees.[32]

Jonker gaan uit van die Bybelse, konfessioneel-gereformeerde siening van die kerk. En omdat die Ned. Geref. Kerk – in plaas dáárvan – in ’n volkskerk ontaard het (hoofstuk 1), het die kerk sy gereformeerde identiteit verloën. Hy het dit as sy taak en roeping gesien om die kerk na sy gereformeerde identiteit terug te lei en aan te spoor om daaraan getrou te wees. Hy skryf dat hy en die “jong turke” hulle beywer het vir die herstel van die gereformeerde aard van die kerk, “om Kerk te wees in die sin van die Nuwe Testament”.[33]

Hierdie motief het dié deel van sy lewe en skryfwerk, wat in die eerste hoofstuk van hierdie verhandeling beskryf is, beheers. Die gedagte dat die (volks)kerk geëvangeliseer moet word vind Jonker onaanvaarbaar – ’n *contradictio in terminis*. Die gangbare mening wat in die vyftiger en sestigerjare van die vorige eeu in die Ned. Geref. Kerk geheers het, was dat lidmate met allerlei spesiale middele binne sy eie grense evangeliseer moes word. So, sê hy, ontstaan ’n “gedrog van ’n Kerk wat ’n

---

[30] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 94. Male sonder tal verwys Jonker in hierdie werk na die kerk as die gemeenskap van die heiliges, gemeenskap van begenadigdes, verlostes, belydende lidmate, ens.
[31] Aangehaal by H. J. Langman, 1950. *Kuyper en de volkskerk: een dogmatisch-ecclesiologische studie*. Kampen: Kok, 99.
[32] Jonker. 1977. “Die unieke karakter van die kerk”, 7.
[33] W. D. Jonker. 1956. “Is ons gehoorsaam? Enkele Gedagtes oor die Kerklike Tug”, *Die Kerkbode,* lxxviii, (*15*), 10 Oktober 1956, 666.

opvoedingsinrigting ... ’n evangelisasie-instituut”[34] wil wees. In die ongepubliseerde manuskrip is Jonker van oordeel dat ook Luther met sy voorkeur vir die behoud van die Duitse volkskerk, van die kerk “... ’n Heilsanstalt, ’n preekinstituut (gemaak het), waarin die prediking van die Woord moes dien tot die opvoeding van die massas, terwyl die *egte gemeentelike lewe en die ontplooiing van die priesterskap van die gelowiges nie tot sy reg kon kom nie*.”[35]

Oor die Ned. Geref. Kerk skryf hy: “Ek was oortuig die kerk moes haar gereformeerde aard herwin en deur intensiewe bearbeiding en die kerklike tug haarself duidelik van die wêreld onderskei.”[36] Alleen buitekerklikes, ongelowiges kan geëvangeliseer word – lidmate van die kerk moet opgeroep word om al hoe meer te word wat hulle in Christus is en moet wees. Die kerk moet aan sy identiteit as liggaam van Christus trou wees.

Dit is ook alleen binne die kerk as gemeenskap van die heiliges dat die tug, soos Jonker dit verstaan, beoefen kan word. In hoofstuk 1 is Jonker se boek, *En as jou broeder sondig*, onder die loep geneem. Daar word vermeld dat Jonker ’n nuwe perspektief oor die tug geopen het. Die kerklike tughandeling gaan vir hom om die aard van die *Kerk*. Daar is aangedui dat die tug volgens hom slegs dán na behore funksioneer wanneer daar in die gemeente egte, warme *gemeenskap van die heiliges* is.[37] Hy skryf: “Waar die ware, bloed-warme gemeenskap in die kerk ontbreek, is alle tugoefening feitlik gedoem tot mislukking; waar dit wel bestaan, is tugoefening spontaan en doeltreffend.”[38] En hy sluit die hoofstuk af met dié gevolgtrekking dat “... die tug wesenlik ’n daad van gemeenskap is, ’n pleitstem om gemeenskap ...”[39]

Bogenoemde is die eerste grondbeginsel wat fundamenteel is vir die verstaan van Jonker se ekklesiologie. Die vraag is egter of hierdie uitgangspunt van Jonker teologies verantwoord is. Idealiseer hy nie die kerk nie? In die debat rondom die eenheid van

---

[34] W. D. Jonker. 1956. “Ons Kerk ’n Volkskerk?”, *Die Kerkbode*, lxxvii (*3*), 18 Januarie 1956, 111.
[35] Sien Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 7. Jonker haal hierby die boek van A. Lang, *Puritanismus und Pietismus*, aan waarin Lang dieselfde punt maak.
[36] Jonker. 1998. *Selfs die kerk kan verander*, 28. Sien ook bladsye 30, 36 215.
[37] W. D. Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ...": enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers, 156.
[38] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 160.
[39] Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 197.

die kerk versus onderskeie kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe, is dít juis die beswaar wat teen hom geopper is en die onderskeid tussen die sigbare en onsigbare kerk is opgehaal. Jonker se voorstelling van die kerk sou volgens sy teenstanders nét van die onsigbare kerk waar wees. Hierbo is Jonker aangehaal dat hy nie in die eerste plek aan die sigbare kerk met sy instituut dink nie, maar aan die "ware Christus-gelowiges, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die heilige Gees" (NGB artikel 27). Neem Jonker hiermee dan nie juis sy uitgangspunt in die onsigbare kerk nie? Dié vraag verdiep as in gedagte gehou word dat dit Jonker se standpunt is (soos hierbo na verwys is) dat die uitverkiesing die fondament van die kerk is. Dít kan tog nie van die sigbare kerk waar wees nie?

Jonker sal hierop antwoord dat ook Calvyn[40] aanvanklik die kerk veral vanuit die uitverkiesing verstaan het. Met verloop van tyd lê hy egter meer klem op die kerk as 'n sigbare vergadering van gelowiges. Jonker wys daarop dat dit reeds in die tweede uitgawe van die *Institusie* in 1539 blyk en in die *Institusie* van 1559 (4.1.3) betoog Calvyn dat die kerk, as somtotaal van uitverkorenes, in 'n sekere mate tog ook betrekking op die sigbare kerk, omdat die Apostolicum dit uitdruklik as gemeenskap van die heiliges beskryf. Hierdie opvatting skryf Jonker elders, vind ons ook in artikel 27 van die NGB.[41]

Jonker wy 'n aansienlik deel van *Sendingbepalinge* aan hierdie vraagstuk.[42] Dié onderskeiding – so is in hoofstuk 4 aangedui – is verkeerdelik in die Ned. Geref. Kerk as 'n kunsgreep gebruik om die sogenaamde pluriformiteit van die kerk te rugsteun. Dit was die onderbou vir die onderskeie kerke vir die onderskeie bevolkingsgroepe binne die Ned. Geref. Kerk. In *Sendingbepalinge* verduidelik hy dat dit inderwaarheid nie korrek is om van sigbare *en* onsigbare kerk te praat nie "... want daar is nie twee kerke nie. Die één kerk van Christus het twee sye, 'n sigbare en 'n onsigbare, en hierdie twee sye dek mekaar wel nie volkome nie, maar kan tog nooit heeltemal los van mekaar

---

40 Hy wy die meeste aandag in die Deel I van sy ongepubliseerde manuskrip *Die regering van Christus*, wat oor die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg handel, aan Calvyn en gaan in detail in op die groei en ontwikkeling by Calvyn soos dit na vore kom in die onderskeie uitgawes van sy *Institusie*.
41 W. D. Jonker. 1994. *Bevrydende Waarheid*. Wellington: Hugenote-Uitgewers, 71, 72.
42 Vgl. W. D. Jonker. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld, 20 – 35.

gemaak word nie."[43] Dat dit 'n vroeë gedagte by Jonker is blyk uit sy proefskrif waar hy duidelik maak dat die heiligheid waarvan sprake is, geheel en al nie as 'n subjektiewe inklewende karakter eienskap verstaan mag word nie. Dit is van begin tot einde 'n *heiligheid in Christus*.[44] Jonker bespreek die vraagstuk van die sigbaarheid en onsigbaarheid van die kerk so dikwels in sy proefskrif dat dit onmoontlik is om na alles te verwys. Daar word met een aanhaling volstaan:

> "Die sigbaarheid is die openbaar-wording van die onsigbare werklikhede waarom dit in die Kerk gaan. Omdat die onsigbare werklikhede nie verborge *kan* bly nie, daarom is die Kerk, wat die liggaam van Christus is, *sigbaar*, ook *formeel* sigbaar ... omdat die liggaam van Christus die Kerk is ... daarom is die liggaam van Christus sigbaar soos die Kerk sigbaar is."[45]

Soos hy in *En as jou broeder sondig ...* aantoon, pas die teologie van 'n sigbare *en* onsigbare kerk pragtig in die kraam van die volkskerk-gedagte. Augustinus (en op sy voetspoor later ook Calvyn) het die term gebruik om aan te toon dat daar in die sigbare kerk op aarde ook wolwe in skaapsklere is, huigelaars wat die kerk insluip. In dié sin het die term *onsigbaar* vir Jonker 'n *kritiese* betekenis. Aan die onsigbare kerk behoort almal wat uitverkore is, maar wie hulle is, is nie vir die menslike oog sigbaar nie.[46] Dié onderskeiding het sin indien dit gebruik word om die *vanselfsprekende* identiteit (soos by Rome) van die sigbare kerkgemeenskap met die kerk soos dit voor God bestaan, af te wys.[47] Vir die hervormers bestaan daar wel 'n *indirekte identiteit* tussen die onsigbare kerk en die sigbare kerk. Wanneer hulle van die kerk praat, praat hulle van die sigbare en kenbare kerk sonder om die onsigbare dimensie daarvan te ontken.[48]

Dit is hiérdie kerkbegrip wat Jonker in die NGB vind. Die kerk word in artikel 27 beskryf as die versameling van diegene wat verlos word. Dat dit nie net oor die onsigbare kerk handel nie, blyk onder andere daaruit dat gesê word dat die kerk soms

---

[43] Jonker. 1962. *Sendingbepalinge*, 20.
[44] Jonker. 1995. *Mistieke liggaam en kerk*, 209; vgl. ook 9, 10, 18, 193, ens.
[45] Jonker. 1995. *Mistieke liggaam en kerk*, 182. Vgl. ook bladsye 177 e.v.; 208 – 210 en dikwels.
[46] Vgl. Jonker. 1959. *"En as jou broeder sondig ..."*, 43 e.v. Vgl. ook Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*, 26 – 30; en Jonker. 1994. *Bevrydende Waarheid,* 71 – 73.
[47] Vgl. Jonker. 1995. *Mistieke liggaam en kerk*, 189, 193, 194.
[48] Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*, 33, 34.

’n tyd lank baie klein is en dat dit *in die oë van die mense* lyk asof dit tot niet gaan. Boonop sê artikel 28 dat ’n mens jou nie van die ware kerk afsydig mag hou nie, iets wat tog nie van die onsigbare kerk gesê kan word nie.[49] Die Reformasie het nie van die “pluriformiteit van kerke” geweet nie. Die NGB ken net twee moontlikhede: die ware kerk en die valse kerk. ’n Gelowige mag nie ’n kerk verlaat, as hy nie met sy hand op sy hart kan sê dat daardie kerk ’n valse kerk geword het nie.

Hierdie grondbeginsel van Jonker se ekklesiologie en sy interpretasie van die Skrif en die belydenisse, staan op goeie fondamente. Nie alleen beredeneer hy sy standpunt telkens met talle verwysings na die Skrif nie, maar vir sy standpunte kan hy hom op tereg op die auctoritas patrum beroep. Waar hy verskil van gesiene en gerespekteerde teoloë soos Abraham Kuyper, doen hy dit op goeie grond. Die kerk is inderdaad, soos die apostoliese geloofsbelydenis, die Confessio Belgica én die Heidelbergse Kategismus[50] sê, die gemeenskap van heiliges.

Sonder insig in bogenoemde *onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk* sal Jonker se ekklesiologie nie ten volle begryp kan word nie. Onlosmaaklik daaraan verbonde is dat die gemeenskap wat deur Christus self vergader word, *in Christus* ’n gemeenskap van heiliges is. Hierdie primêre uitgangspunt is die uitgesproke basis van Jonker se kerkregtelike standpunte. Met name geld dit van die kerklike tug soos hierbo bespreek én van die kerk waar Christus deur sy Woord regeer.

### 3. Die regering van Christus deur die Woord en die Gees

As die mees fundamentele ekklesiologiese uitgangspunt wat aan Jonker se kerkreg ten grondslag lê *die onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk* is, hang dit onlosmaaklik daarmee *saam dat Christus Self, persoonlik en direk sy kerk regeer.* Reeds in sy proefskrif neem Jonker hierdie standpunt oor die Christus-regering in die kerk in:

---

[49] Jonker. 1994. *Bevrydende Waarheid*, 72.

[50] Op die Kategismus sal teruggekom word in die afdeling hieronder waar dit oor die eenheid van die kerk handel. Daar sal die dubbele betekenis van “gemeenskap van die heiliges” (Sondag 21, vraag 55) onder die loep geneem word.

"Waar Christus se Woord suiwer verkondig word, daar héérs Hy. Daar regeer en red Hy. Daar word die Kerk sigbaar. Daar word die bedieninge vervul na die maat van die geloof. Daar is die ernstige begeerte om na al Gods gebooie te wandel. Dáár is die Kerk."[51]

Jonker beklemtoon in sy ekklesiologie en kerkreg dat Christus die kerk deur Sy Woord en Gees vergader, beskerm en onderhou (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21). Hy noem die kerk 'n *creatura Verbi* – 'n skepping van die Woord.[52] Die mens word immers deur die (suiwer) verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente tot geloof gewek. In sy boek wat postuum gepubliseer is, *Die relevansie van die kerk*, skryf hy: "Die Godsregering, die Godsryk, bestaan slegs in die kerugma en die konkrete gehoorsaamheid..."[53] Dié uitgangspunt beheers dus sy hele bediening – van sy proefskrif tot by *Die relevansie van die kerk*.

Word die lens gefokus op Jonker se Unisa-periode, is die klem op Christus se regering van die kerk *deur die Woord en Gees van God*, opvallend. Dit blyk ook uit Jonker se afskeidspreek voordat hy na Unisa vertrek het. Die koninkryk van God gaan in eerste instansie om die *heerskappy* van God en volgens Jonker kan dit saam met die Kategismus nader omskrywe kan word as "... *heerskappy deur die Woord en die Gees van God*... Die Kerk is net Kerk solank die Woord van God daarin regeer; 'n kerklike vergadering het slegs gesag solank die Woord van God daar regeer, anders nie."[54] Só belangrik is die rol wat die Skrif in die regering van die kerk in die kerkreg van Jonker inneem dat hierbo gepraat is van 'n Skriptokrasie by Jonker.[55]

---

[51] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk*, 189.
[52] Jonker. 1995. "Reformed theology and the identity of the Christian congregation", 349. Sien ook Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 3, 4, 5, 7 en dikwels.
[53] W. D. Jonker, Nico Koopman, Christo Lombard, and Piet Naudé. 2009. *Die relevansie van die kerk: teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld*. Wellington: Bybel-Media, 190.
[54] Vir die preek, vgl. www.williejonker.co.za . Sien ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 79.
[55] Hierin sluit Jonker aan by die teologie van sy promotor, prof. G. C. Berkouwer. In 'n artikel in die huldigingsbundel vir Berkouwer, skryf Jonker dat die kenmerkende van Berkouwer "... niks anders wil wees nie, as *Skrif-teoloog*." Die resultant hiervan was die "bybelse teologie" wat so tipies van Berkouwer is. Sien W. D. Jonker. 1973. "Dogmatiek en Heilige Skrif. Enkele opmerkinge oor die plek van die Skrif in die teologie van G. C. Berkouwer" in "*Septuagesimo Anno. Theologische opstellen aangeboden aan G. C. Berkouwer ter gelegenheid van zijn afscheid als hoogleraar in de Faculteit der Godgeleerdheid van de Vrije Universiteit te Amsterdam*." Kampen: Kok, 1973, 87.

Sy intreerede by Unisa en die ongepubliseerde manuskrip dra gelykluidende titels: *Die regering van Christus in Sy Kerk*. Reeds op die eerste bladsye van die manuskrip skryf hy in gekursiveerde letters dat dié standpunt

> "... by Luther en Calvyn albei beklemtoon word, naamlik dat *die kerk dáár is, waar die gelowiges om die Woord en die sakramente versamel is*, en dat die ganse regeermag van die kerk op aarde, met al die moontlike gesag wat dit kan dra, *gegee is aan daardie versameling van gelowiges rondom die Woord van God, omdat Christus self daar in hulle midde met Sy Woord regeer*."[56]

In die gereformeerde kerkregeringstelsel het die standpunte van Calvyn, soos hy dit in sy *Institusie* verwoord, neerslag gevind. In sy navorsing oor die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg, toon Jonker aan dat hierdie standpunte al die hooftrekke van die gereformeerde kerkreg bevat soos dit later vasgelê is in die Nederlandse Geloofsbelydenis en nog later in die Dordtse Kerkorde.[57] Elders bespreek Jonker die drie artikels in die NGB (30 – 32) wat oor die regering en orde van die kerk handel.[58] Die doel van hierdie artikels in die NGB is om die bediening van die Woord en die sakramente, die handhawing van die tug en onderlinge sorg van die lidmate van die kerk te reël. Die fundamentele uitgangspunt van die NGB is dat Christus die enigste Hoof van die kerk is (artikels 31 en 32). Die Dordtse kerkorde het al die beginsels wat hierin uitgespel word, opgeneem. Om hierdie rede noem Jonker dit die suiwerste formulering van die beginsels van die Skrif in 'n kerkorde waaroor die gereformeerde wêreld beskik en dat dit ver bo die nuwe kerkordes uitmunt, omdat dit "in sy hele opset ruimte maak vir die persoonlike regering van Christus deur Sy Woord."[59]

In alles wat Jonker geskryf het, gee hy te kenne dat hy dié kerkorde wil navolg. Daarvoor het hy in *Sendingbepalinge* gepleit. In hoofstuk 4 is aangetoon dat Jonker veral artikel 7 (wat bepaal dat 'n leraar aan 'n gemeente gekoppel moet wees), die

---

[56] Sien Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 4, 5.
[57] Sien Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 1
[58] "Elders" verwys na 'n ongepubliseerde dokument wat opgespoor is en wat sover vasgestel kon word nou vir die eerste keer in die openbare domein kom. Dit dra die titel: *Die eenheid van die kerk volgens die NGB*, *notas opgestel deur W D Jonker, Stellenbosch*. Niks meer kon oor dié dokument (datering, ens.) uitgevind word nie.
[59] W. D. Jonker. 1965. *Om die regering van Christus in sy Kerk.* Pretoria: Unisa, 15. Vgl. ook Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, 28 en dikwels.

sogenaamde anti-hiërargiese beginsel van artikel 84 en 'n terugkeer na die sogenaamde "Waalse Bepalinge" (artikels 51 en 52) van die Dordtse Kerkorde in die nuwe kerkorde van die Ned. Geref. kerk wou sien. In daardie hoofstuk is verwys na die die versugting van Jonker uit 1957 dat die Ned. Geref. Kerke sal terugkeer na die Dordtse Kerkorde. Tog moes hy byvoeg: "Helaas is die toestand in ons kerk in meer as een opsig reeds sodanig dat daar baie moed nodig sal wees om alles te herstel wat deur die storms en getye beskadig is."[60] Hier moet weer eens daarop gewys word dat Jonker van die begin van sy bediening af daarvoor gepleit het dat die Ned. Geref. Kerk sal terugkeer na die beginsels van die Dordtse kerkorde. Met die opstel van die kerkorde van 1962 is naam "Dordtse kerkorde" dikwels genoem sonder om dit werklik te volg – sien hoofstuk 2 hierbo.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat dit nie maar om't ewe is hoe die kerk homself kerkregtelik verstaan nie. 'n Kerkorde moet, om Skriftuurlik genoem te word, daaraan uitdrukking gee dat die kerkinrigting uniek is (*sui generis*) teenoor alle ander gemeenskapsvorme.[61] Die DKO is nie bedoel om 'n juridies-suiwer, volledige en afgewerkte stel reëls of reglemente, wat elke moontlike wetlike implikasie aanspreek en die kerk se regsposisie vaslê en reël, te wees nie. Dié kerkorde beoog om die Woord van God sy vrye loop in die gemeente te laat neem. Jonker noem die DKO 'n "Gottesdienstordnung." Dit blyk uit die bekende vierdeling in die inleidende eerste artikel: "Om goede orde in de gemeente van Christus te onderhouden zijn daarin nodig (i) de diensten, (ii) samenkomsten, (iii) opzicht der leer, sacramenten en ceremoniën, en (iv) christelijke straf, waarvan hierna ordelijk zal gehandeld worden."[62]

Dit val op – wanneer die Dordtse kerkorde met die kerkordes van die Ned. Geref. Kerk vergelyk word – dat die naam van 'n kerkgenootskap nêrens in die Dordtse kerkorde genoem word nie. Die Ned. Geref. Kerk het 'n nuwe artikel 1 geformuleer waarin die kerk by die naam geïdentifiseer en, kragtens sy belydenisgrondslag, gedefinieer word. Die Dordtse kerkorde ken nét die ware en die valse kerk en in dié kerkorde vind 'n

---

[60] W. D. Jonker. Is die Transvaal op weg na herstel? Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957, *Die Gereformeerde Vaandel (25 no 2)*, September 1957, 19.
[61] Vgl. Jonker. 1977. "Die unieke karakter van die kerk", 4 e.v.
[62] Moderne vertaling deur Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. 2007 [2008]. *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 121-144.

mens die "Gottesdienstordnungen" vir die lewe van die ware communio sanctorum in die kerk van Christus.

Uit DKO artikel 1 blyk ook dat die hele kerkorde op die gemeente fokus. Al die ampte, meerdere vergaderings én die kerkorde is daarop afgestem dat die plaaslike gemeente al die merktekens van die ware kerk (NGB artikel 29) sal vertoon. Hierdie sistematies-teologiese uitgangspunt is vergestalt in die DKO. So word die derde deel van die Dordtse kerkorde aan die leer, die sakramente en ander seremonies gewy. Jonker wys daarop dat dít die hart van die kerkorde is. "Wat daaraan voorafgaan en daarop volg, is bereken om wat in die derde deel staan, te dra en moontlik te maak."[63] Daarmee wil die DKO uitdrukking gee dat hy na alle kante oop wil bly vir die Woord, sodat die lewende Christus die gemeente deur sy Woord en Gees regeer. Juis daarom moet die verkondiging van die Woord suiwer wees. Die DKO het 'n baie roemryke geskiedenis t.o.v. die handhawing van die suiwere leer en die ondertekening van die belydenisskrifte word as 'n voorvereiste vir alle bedienaars van die Woord, professore in die teologie en selfs ook onderwysers gestel (artikels 53 en 54). In samehang hiermee word ook baie aandag aan die kerklike tug bestee. Wat by die kerklike tug vooropstaan,

"... is die sielsorg-motief, die geestelike element, nie die juridiese tugprosedure nie... In die artikels oor die tug kom dit meer as in enige ander deel van die kerkorde duidelik na vore dat die kerk hier nie verstaan word as maar net 'n sigbare, menslike organisasie nie, maar dat dit in die sigbare kerk met sy organisasie gaan om die liggaam van Christus, dat uitsluiting uit die kerk ook beteken uitsluiting uit die Koninkryk."[64]

Dit is opvallend dat die DKO so kort is – daar is min artikels (86) en hulle is saaklik en kort geformuleer. Die rede daarvoor is voor die hand liggend: dit gaan nie in die DKO om juridiese korrektheid nie, maar die hele kerkorde is daarop bereken om die heerskappy van Christus deur die Woord in die gemeente na vore te roep.

---

[63] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 99. Vgl. ook Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 6 e.v., 13.
[64] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 100.

## 4. Die volledigheid van die plaaslike gemeente ingebed in 'n unieke verband

Dit wil voorkom of dit beter sal wees om die begrip "selfstandigheid van die plaaslike gemeente" as 'n kerkregtelike begrip te beskou wat in die Doleansie na vore gekom het, terwyl dit sistematies-teologies beter is om van die volledigheid van die plaaslike kerk te praat. Jonker tref egter nie self hierdie onderskeiding nie, maar praat feitlik deurgaans van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Dit lyk asof die twee terme vir hom sinoniem is.

In 'n Bybels-teologies gefundeerde kerkreg kan daar nie oor die gesag in die kerk gedink word sonder om die selfstandigheid van die plaaslike gemeente te verreken nie. Dít hang ten nouste met bogenoemde saam: as die eerste grondbeginsel van Jonker se kerkreg die heerskappy van Christus in sy kerk is, is die tweede die volledigheid van die plaaslike gemeente. Hy skryf in sy ongepubliseerde manuskrip:

"Dit is uiters interessant om daarop te let dat ook die tweede basiese beginsel van die Bybelse kerkreg by Luther en Calvyn albei beklemtoon word, naamlik dat *die kerk dáár is, waar die gelowiges om die Woord en die sakramente versamel is*, en dat die ganse regeermag van die kerk op aarde, met al die moontlike gesag wat dit kan dra, *gegee is aan daardie versameling van gelowiges rondom die Woord van God, omdat Christus self daar in hulle midde met Sy Woord regeer*. Elke vergadering van gelowiges op 'n bepaalde plek is *kerk* in die volle sin van die woord, en is gevolglik bevoegd om alles te doen wat die evangelie die *kerk* gebied om te doen.[65]

Hy skryf verder dat dit "'n kopernikaanse omwenteling" was vir die Reformasie om elke plaaslike gemeente as *kerk* in die volle sin van die woord te sien, terwyl die Rooms-Katolieke Kerk die kerk so totaal anders verstaan het. Die plaaslike gemeente, as die plek waar die Woord en die sakramente bedien word, is die plek waar Christus direk en persoonlik wil regeer. Daarom mag die plaaslike gemeente nie in sy selfstandigheid aangetas word nie en nie van buite deur andere regeer word nie.[66] Dit moet sterk beklemtoon word dat Jonker onder die "selfstandigheid van die plaaslike gemeente"

[65] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 4, 5.
[66] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 51.

konsekwent selfstandigheid van die plaaslike *kerkraad* verstaan. Die uitdrukking "selfstandigheid van die plaaslike gemeente" dui ook konsekwent op, aan die een kant, die uitsluiting van elke vorm van hiërargie en menslike regering en, aan die ander kant, die erkenning van die alleen-heerskappy van die Woord van God. Dit beteken onder geen omstandighede 'n "demokratisering" van die kerkregering nie.

Die volledigheid (Jonker gebruik die woord "selfstandigheid") van die plaaslike gemeente het volgens Jonker niks te doen met 'n eie reg en outoriteit wat in homself geleë is, 'n tipe "mondigheid", 'n soort eie-reg of iets dergeliks nie. Indien die regering in die kerk deur die Woord geskied, is daar geen groter gesag as dié van die Woord nie – däárom is dié gesag in die plaaslike gemeente ewegoed aanwesig as in 'n meerdere vergadering. Gesag in die kerk en die volledigheid van die plaaslike gemeente het uitsluitlik daarmee te doen dat Christus self persoonlik en direk in die gemeente met Sy Woord regeer.

Jonker vind volkome ooreenstemming tussen Calvyn en Luther oor die feit dat alle gesag – ook die volmag waaroor die kerk beskik (Matt. 16:16, 18:18) – in die plaaslike gemeente aanwesig is. Wanneer die Nuwe Testament oor die kerk praat, geld alles wat daarin aan die kerk toegeskrywe word ten volle van die plaaslike kerk. Elke plaaslike gemeente is vir Jonker, soos vir Calvyn, 'n volledige openbaring van die liggaam van Christus. So is ook die kenmerke van die ware kerk – die suiwer verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente – kenmerke wat alleen by die plaaslike gemeente aangetref kan word.

Dit is opmerklik dat Jonker net twee van die drie kenmerke van die ware kerk (NGB artikel 29) noem. Hy laat bewustelik die derde – die tug – uit.[67] Na alle waarskynlikheid het dit te doen met die vraag of meerdere vergaderings óók die tug mag toepas – een van die groot geskilpunte in die Gereformeerde Kerke in Nederland sedert die sinode van Assen in 1926. Hieronder sal daaraan meer aandag bestee word.

Hier moet egter aangeteken word dat Jonker – soos in hoofstuk 2 aangetoon – groot klem op die eenheid van die kerk lê en dat hy tot die slotsom gekom het dat gemeentes

[67] Sien Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 30.

wat onderling verbonde is, 'n eenheid "in institutêre sin" vorm en dat hierdie instituut hom met reg kerk in die enkelvoud mag noem.[68] Die "selfstandigheid" van die plaaslike gemeente mag egter nie so verstaan word asof plaaslike gemeente hom mag afsluit van ander gemeentes nie. Jonker het reeds in sy proefskrif daarop gewys dat die term "ekklesia" (ἐκκλησία) nie alleen vir die plaaslike gemeente gebruik word nie, maar ook vir die kerkverband. Paulus verwys in 1 Kor. 15: 9; Gal. 1: 13 en Fil. 3: 6 na sy vervolging van die gelowiges as vervolging van die ἐκκλησία, in watter stad of dorp hulle hulself mag bevind het. Handeling 15 toon aan dat al die onderskeie plaaslike gemeentes in 'n duidelike verband met die moedergemeente in Jerusalem gestaan het. Dié gedagte vind hy nie alleen by al die ou-gereformeerde skrywers nie, maar ook in die gereformeerde belydenisskrifte, by name die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 32. Hy skryf dat ook van die universele kerk (ecclesia universalis visibilis) in 'n verwyderde sin as één "instituut" gepraat mag word.[69] Tog handhaaf Jonker (saam met Calvyn) onverswak dat dit "onmoontlik is om daardie kerk te leer ken *anders as in die plaaslike openbaring daarvan*." Dit is immers slegs in die plaaslike gemeente waar lidmate (volgens Calvyn)

> "... deur die doop in Sy verbond ingelyf word, deur die deelname aan die nagmaal hulle eenheid in die ware leer en liefde betuig, eenstemmig is in die Woord van die Here en met die oog op die prediking daarvan die diens onderhou wat deur Christus ingestel is ..."[70]

Jonker skryf dat wanneer gesag in die kerk verstaan word as iets wat nie in die kerk self geleë is nie, maar in die Woord van God, daar onbevange gepraat kan word oor die eenheid van die kerke as één kerk onder die Woord van God, waarby alle afsonderlike gemeentes en lidmate op mekaar aangewese is in wedersydse diens aan mekaar, in gehoorsaamheid aan die Woord van God alleen.[71]

---

[68] W. D. Jonker. 1960. "Die ander kant van die saak!", *Die Kerkbode*, lxxxvi (32), 20 Julie 1960, 77.
[69] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en Kerk*, 180.
[70] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 30. Jonker verwys na Calvyn se *Institusie*, IV, I, 7.
[71] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 71.

Jonker verkies 'n kerkorde – soos dié van die Konvent van Wesel van 1568[72] en later ook die Dordtse Kerkorde van 1618/19 – waarin die meeste artikels gewy word aan die reëling van die lewe in die plaaslike gemeentes, sodat die Woord van God daar sy vrye loop mag neem. Alle kerkregering moet daarop bereken wees om 'n "lewe-onder-die-Woord-van-God in die plaaslike gemeentes" te laat ontplooi. Kerkverband en meerdere vergaderinge mag nooit sonder meer ingryp in die plaaslike gemeentes nie, maar hul sin en doel is om plaaslike gemeentes te dien ter bereiking van hierdie doel. Hulle moet plaaslike gemeentes help om werklik alleen deur die Woord van God regeer te word. Daarvoor vind Jonker meer as net praktiese oorwegings, want dit gaan om 'n beginsel: dat die regering van die kerk in eerste instansie in die plaaslike gemeente gebeur:

> "Die regering van die kerk berus nie in eerste instansie by die Sinode wat dan 'n deel van sy gesag kan laat afdaal na die mindere vergaderinge nie. Die regering van die kerk berus by die Woord van God, en omdat daardie Woord in die plaaslike gemeente bedien word, vind die regering van die kerk konkreet daar plaas... Indien die meerdere vergaderinge te veel gesag uitoefen en hulle te diep inlaat met die sake van die plaaslike gemeentes, word die regering wat deur Christus aan al die ampsdraers toevertrou is (N.G.B. art. 30) uit hulle hande gehaal en geplaas in die hande van die klein groepie wat by die meerdere vergaderings die gemeentes verteenwoordig."[73]

Volgens Jonker is die funksie van die meerdere vergaderings om te kontroleer dat alles in die gemeente van die Here gepas en ordelik daaraan toegaan. 'n Meerdere vergadering mag nooit die verantwoordelikheid uit die hande van plaaslike gemeentes neem nie. Sy taak is om die plaaslike gemeente te help om self te sorg dat alles gepas en ordelike geskied.[74]

---

[72] Daar is deesdae onder geskiedkundiges 'n communs opinio dat daar nooit 'n Konvent van Wesel plaasgevind het nie, maar dat die dokument eers later in 'n versameling Sinode handelinge ingevoeg is en tot dié status verhef is. Waarskynlik was die dokument 'n voorstel vanuit die Nederlandse vlugtelinge in Londen. In die lig hiervan sou dit beter gewees het as Jonker eerder na die Sinode van Emden 1571 verwys het.
[73] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 94.
[74] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 94.

Bogenoemde stem in ’n groot mate ooreen met die standpunte van die Vrymaking. ’n Mens sou met reg kon sê dat Jonker in hierdie opsig *Doleansie-kerkreg* beoefen! En inderdaad het Jonker waardering vir standpunte van die Vrymaking. Hy skryf: “Met groot bewoënheid verdedig hulle die kerkreg van die doleansie as die enigste Skriftuurlike kerkreg, waarin sowel die selfstandigheid van die plaaslike gemeente as die kontrolerende werking van die Woord van God tot hulle reg kom.”[75] Hieraan sal hieronder meer volledig aandag gegee word.

Hierbo is gewag daarvan gemaak dat Jonker as motivering vir die volledigheid van die plaaslike gemeente noem dat die kenmerke van die ware kerk alleen by die plaaslike gemeente aangetref kan word. Maar dan noem hy net die suiwer verkondiging van die Woord en bediening van die sakramente en laat – soos vroeër gesê is – doelbewus die beoefening van die tug uit. Hy is van oortuiging dat nie uitsluitlik die plaaslike gemeente nie, maar ook meerdere vergaderings ’n aandeel het by die handhawing van die tug in die plaaslike gemeente. Hy skryf:

> “Nie alleen moet die meerdere vergaderinge toesien dat die plaaslike gemeentes wel die tug handhaaf nie, maar uitsluiting uit die een gemeente beteken ook uitsluiting uit die kerk as sodanig, en daarom moet die meerdere vergadering bv. advies gee in verband met die afsnyding van ’n lidmaat van die gemeente (DKO art. 76 en 77). Die meerdere vergaderinge het ook die plig om die mindere te kontroleer en die lidmaat desnoods te beskerm teen moontlike onreg en tirannie van die kant van die kerkraad.”[76]

Daarbenewens het die kerkverband ook ’n duidelike rol en funksie wanneer dit kom by die tug van bedienaars van die Woord, ouderlinge of diakens. DKO artikel 79 bepaal dat die plaaslike kerkraad nie alleen nie, maar saam met dié van ’n naburige gemeente die ouderlinge en diakens mag afsit. Hulle kan egter net die diens van ’n bedienaar van die Woord opskort – die klassis moet egter oordeel of hy afgesit moet word.

---

[75] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, III, 211.
[76] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 97.

Die tergende vraag wat gereformeerdes deur die eeue besig gehou het, is hoe die verhouding tussen die volledigheid van die plaaslike gemeente aan die een kant en kerklike gesag in meerdere vergaderings aan die ander kant verstaan moet word. Voordat volledig daaraan aandag gegee kan word, moet eers gevra word hoe Jonker kerkverband verstaan. Kortliks: volgens hom kom kerkverband nie eers tot stand wanneer lede of vergaderings van plaaslike gemeentes uit eie vrye wil met mekaar onderhandel om "vrywillig" 'n "konfederasie" of "kerkebond" te vorm waaruit weer te eniger tyd uitgetree kan word nie. Dit is nie die oud-gereformeerde opvatting van die kerkverband nie. Jonker toon aan dat oud-gereformeerdes vanuit die regering van Christus oor sy kerk dink en nie vanuit die opvatting dat die kerk "demokraties" in sy regering is, sodat elke plaaslike gemeente gelyke regte het en in homself oor 'n sekere hoeveelheid mag beskik nie.[77]

Kan daar met Jonker se standpunt t.o.v. die tugreg van meerdere vergaderings meegegaan word? Maak die feit dat Jonker sê dat meerdere vergaderings tugreg het, nie inbreuk op die volledigheid van die plaaslike kerk nie? Vir hom gaan dit in die kerklike tughandeling om die aard van die kerk en die aard van kerklike gesag. Tussen die kerk en Christus bestaan daar 'n onverbreekbare eenheid wat van die kerklik tughandeling nie 'n juridiese handeling maak nie, maar 'n geestelike pastorale sorg-prosedure. Dít kan alleen binne 'n gemeenskap van die heiliges geskied. Dáár regeer Christus deur sy Woord en word in gehoorsaamheid aan Hom gehandel. Wanneer Christus die handelende subjek van die kerklike tug is, is die vraag wie die diensknegte is wat Hy gebruik om sy Woord te bedien van sekondêre belang. Christus het die gesag vir die regering van die kerk aan niemand, nie die ampsdraers of enige kerklike vergadering, oorgedra as iets wat hulle aankleef of waaroor hulle beskik nie – dit is enkel en alleen geleë in die Woord van God. Dié gesag is oral waar na die Woord van God geluister word volledig teenwoordig.

Ondertussen leef die strydende kerk op hierdie ondermaanse steeds met die sondige geneigdheid van elk van sy lede. Mense en vergaderinge gryp mag uit die hand van Christus om dit vir eie gewin te misbruik. Die vraag is of 'n kerkorde dit kan aanspreek?

[77] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 97.

Is dit Bybels-teologies ’n legitieme vraag om bv. te vra of alleen die plaaslike kerk die *inisiatief* mag neem by kerklike tughandelinge? Die lede van die liggaam van Christus is tog almal betrokke by mekaar. *Maar*, Bybels-teologies moet gesê word dat ’n kerklike tughandeling nie *sonder* of *buite* die plaaslike kerk om kan of mag plaasvind nie. Sonder twyfel het meerdere vergaderings ’n rol te speel in die kerklike tughandelinge, soos Jonker inderdaad aan die hand van die Dordtse kerkorde aangedui het.

**5. Die eenheid as ’n verband in en van die kerk**

Hierbo is die stelling gemaak dat as die eerste grondbeginsel van Jonker se kerkreg die heerskappy van Christus in sy kerk is, die tweede die volledigheid van die plaaslike gemeente is. Dít kan net so goed van die eenheid van die kerk gesê word. Die eenheid van die kerk het trouens in Jonker se bediening en skryfwerk ’n groter (belangriker?) plek ingeneem as die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Dit kan ook nie anders nie – gesien die konteks waarin Jonker hom in die Ned. Geref. Kerk met sy afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe bevind het. Tydens sy bediening is die volledigheid van die plaaslike gemeente nie naastenby so bedreig soos die eenheid van die kerk nie. So belangrik was die eenheid van die kerk vir Jonker dat hy in die voorwoord van semi-outobiografie skryf dat die Ned. Geref. Kerk voor die uitdaging staan

> “... om haar wese, erfenis en roeping as ’n reformatoriese en gereformeerde kerk getrou te wees. Dit beteken onder meer ook dat die kerk haarself daaraan moet ontworstel om ’n eksklusiewe blanke volkskerk te wees en in ’n veelvolkige land die eenheid moet soek van, allereers, die hele NG familie van kerke, maar daarnaas ook dié van alle gereformeerde kerke in die land.”

Dié gebrek aan eenheid binne die Ned. Geref. Kerk het volgens Jonker die wese van die kerk tot in die wortels van sy bestaan bedreig. Hy praat van die “sekulêre evangelie van apartheid” wat “ten diepste die versoening in Jesus Christus en die eenheid van die kerk in sy wese bedreig.”[78] Die kruks van Jonker se standpunt in sy proefskrif was dat

[78] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die kerk kan verander*, 161.

niemand aan wie in Jesus Christus genade betoon is en wat in Hom glo, op enige gronde uit die kerk uitgesluit mag word nie.[79] Dié standpunt het hy in sy semi-outobiografie herhaal en in terme van die Suid-Afrikaanse konteks verder omskryf. Dit het vir Jonker duidelik geword dat die Ned. Geref. Kerk se verstrengeling met die politiek en kultuur van die Afrikanervolk meegebring het dat die kerk in sy profetiese roeping met betrekking tot die eenheid van die kerk gefaal het.[80]

Daar is reeds daarna verwys dat hy sedert sy studentedae aan die Universiteit van Pretoria besef het dat ’n mens krities na die verhouding tussen volk en kerk behoort te kyk. Met sy doktorale studie aan die VU het hy ’n deurdagte koerswysiging oor dié verhouding gemaak en besef dat onderskeie kerke vir die onderskeie bevolkingsgroepe op Bybels-teologiese gronde onhoudbaar is. Tydens sy studiereis in Europa gedurende 1960/61 het hy tot die oortuiging gekom dat hy nie langer hieroor mag stilbly nie. In *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal* spreek hy hierdie saak aan. Die resensie van *Sendingbepalinge* deur prof. Hanekom het ’n kettingreaksie tot gevolg gehad sodat Jonker telkens sy standpunt oor die eenheid van die kerk moes verduidelik en verdedig. Ook die stryd in die Ring van Johannesburg rondom die Ci en Beyers Naudé handel vir Jonker ten diepste oor die eenheid van die kerk – hy bespreek dit in hoofstuk 3 in *Selfs die kerk kan verander* onder die opskrif: “Die eenheid van die kerk”.[81] In tallose publikasies van uiteenlopende aard het Jonker deurlopend oor die eenheid van die kerk geskryf.[82]

Die basiese uitgangspunt is dat die één kerk die vrug van die genade van die één God is wat as Vader, Seun en Heilige Gees in die geskiedenis die uitverkorenes tot sy één gemeente vergader.

[79] Vgl. Duursema. 2013. *Deurdagte Koerswysiging*, 155, 167 e.v. Sien ook Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 41.
[80] Vgl. Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 43.
[81] Jonker. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*, 49 – 75.
[82] Behalwe wat reeds in dié verhandeling genoem is, kan onder andere na onderstaande verwys word: “Selfliefde en Selfhandhawing” *Die Kerkbode*: 14 Augustus 1974, jg. 126, (7), 210 -212 en *Die Kerkbode*: 21 Augustus 1974, jg. 126, (7), 240 – 242; “Die Uitdaging”, *Die Kerkbode*, 16 Augustus, 1978, jg. 130 (*7*), 198 -200, 211; “The credibility of the church” in *Missionalia*, vii (*3*), October 1979, 114-127; ’n ongepubliseerde toespraak gelewer by ’n konferensie oor die kerk in 1982 in Pretoria: *Church unity amidst differences of belief and confession*; “Eenheid as gemeenskap van die heiliges” *Die Kerkbode*, 7 Julie 1982, jg. 134 (*1*), 8 – 9; “Die koningskap van Christus en die staat in ’n godsdienstig-pluralistiese land”, *Scriptura* 12 (1984), 1 – 19; 1987 “Die eenheid van die kerk – noodsaak of luukse?” in *Die eenheid van die kerk van Christus*, red. P. B. van der Watt et al. Universiteit Pretoria Teologiese studies III. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal. ’n Pinksterreeks “Een sodat die wêreld kan glo” in *Die Ligdraer*. jg. 49 (*7*) 1988-04-25, 99 – 111.

Die kerk as gemeenskap van die heiliges moet as vrug van die verlossing in Christus sigbaar word.

In 'n ongepubliseerde dokument[83] bespreek Jonker die neiging in die – destyds heersende – Ned. Geref. teologie om uitsprake van die Skrif oor die eenheid van die kerk te relativeer deur vanuit die verskeidenheid in die skepping die konklusie te trek dat verskillende bevolkingsgroepe verskillende kerke behoort te hê. *Verskeidenheid* hoef nie *geskeidenheid* tot gevolg te hê nie. Wanneer 'n Bybelse gegewe, soos die verskeidenheid in die skepping, geabstraheer en van Christus losgemaak word, kry 'n mens 'n vorm van natuurlike teologie wat "*met die Bybel in die hand*" bedryf kan word. Sistematies-teologies hou natuurlike teologie die grootse bedreiging vir die Ned. Geref. Kerk in.

Bostaande toon duidelik dat Jonker die verwording in die Ned. Geref. Kerk sistematies-teologies vanuit die ekklesiologie benader het. Maar in die periode 1955 – 1968 het hy die ekklesiologiese probleem binne die Ned. Geref. Kerk in die eerste instansie kerkregtelik aangespreek. Was die probleem van so 'n aard dat dit ten beste kerkregtelik hanteer moes word? Vir Jonker was kerkreg ten nouste verbind aan die ekklesiologie en die kerkorde was die praktiese neerslag daarvan. Kerkreg is niks anders nie as 'n poging om die kerklike lewe só te reël dat dit in ooreenstemming met die belydenis van die kerk is.

Enkele maande nadat hy tot die bediening toegetree het, het Jonker reeds die geleentheid gekry om die skeefgroei van die Ned. Geref. Kerk aan te spreek toe 'n debat in *Die Kerkbode* oor die volkskerkkarakter van die kerk ontstaan het. Dié skeefgroei het aan die lig gekom in die verwaarlosing van die kerklike tug: die tug is verdryf en vervang deur pogings om *lidmate* (in piëtisties-metodistiese sin) te evangeliseer. 'n Leerdwaling tree ook na vore wanneer die volkskerk eksklusief vir 'n enkele bevolkings- of kultuurgroep gereserveer word en kerklike geskeidenheid op rassegrondslag teologies geregverdig word. Vir Jonker is die kerkverband, met name 'n Algemene Sinode in die volste sin van die word (en Woord) by uitstek die vergestalting van di eenheid van die kerk.

[83] *Die eenheid van die kerk in die lig van Skrif en Belydenis*.sj sl. Dit 'n ongepubliseerde manuskrip in die Jonker argief wat in my besit gekom het. Dit word in die Jonker Digitale Argief gepubliseer na publikasie van my proefskrif. Sien www.williejonker.co.za

Daar is nog een van die basiese uitgangspunte in Jonker se kerkregtelike denke wat nie oorgeslaan kan word nie. Dit gaan oor die aard van die gesag in die kerk soos dit in die Skrif  aangedien word. Dit raak natuurlik die kwessie van gesag van die ampte, maar veral ook die karakter van kerklike besluite, en hulle verband met die gesag van die Woord.

**6. Gesag in die kerk**

"Gesag in die kerk" word in hierdie paragraaf as 'n sambreelterm gebruik waaronder die gesag van ampsdraers, die gesag van meerdere vergaderings oor mindere, die mate waartoe besluite van vergaderings van die kerk as bindend geag word, en so meer, tuishoort. Hierdie sake het groot invloed op Jonker se lewe en bediening gehad. Dié gesagsvraag is óók onderliggend aan die lewensverhaal van Jonker soos in hoofstukke 3 tot 5 van hierdie verhandeling beskrywe. Dit het gekulmineer in die stryd in die Ring van Johannesburg rondom die verkiesing van Beyers Naudé as ouderling, die Christelike Instituut (Ci) en die blad *Pro Veritate* waarby Jonker betrokke was. Uiteindelik is Naudé, Jonker en ander, onder verdenking gebring omdat geoordeel is dat hulle nie "gehoorsaam" was aan besluite van die Ned. Geref. Kerk oor die tydskrif *Pro Veritate* en die Christelike Instituut (Ci) nie.

Soos reeds in vorige hoofstukke aangetoon is, was dit is nie 'n stryd wat net in die Ned. Geref. Kerk gewoed het nie. Dit was ook 'n dekades lange stryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland en het uiteindelik op die Vrymaking in 1944 uitgeloop. Die vraag na die gesag in die kerk was dan ook 'n belangrike tema in Jonker se intreerede by Unisa én in die ongepubliseerde kerkreg manuskrip, sowel as in 'n aantal ander publikasie waarna reeds verwys is.

Die gesagsvraag kan van die voorafgaande onderafdelings onderskei word, maar nie daarvan geskei word nie – dit is inderwaarheid bloot verskillende perspektiewe van die één saak: *die regering van Christus in sy kerk*. In die nouste verband met sy siening van die band tussen Christus en sy kerk en die kerk as die gemeenskap van die heiliges, skryf Jonker: "Ten slotte gaan dit dan in die Kerk nie soseer om gesag nie, maar om

liefde; nie soseer om gehoorsaamheid nie, maar om innerlike beweegdheid; nie soseer om die sigbare hiërargiese Kerk nie, maar om die gemeenskap van begenadigdes."[84]

Dit staan ook in die nouste verband met sy siening van die regering van Christus deur sy Woord. Jonker skryf telkens: "... alleen besluite wat in ooreenstemming met die Woord van God geneem is, kan gesag hê."[85] Jonker bevind dat Calvyn (met wie hy volledig saamstem) "*angsvallig*" en "*telkens*" daarop klem lê dat die "potestas waarmee die kerk regeer" alleen aan die Woord van God toekom. Die amptelike volmag waarmee die kerk regeer, is *uitsluitlik* die volmag van die Woord van God.[86]

Jonker (en Calvyn) se standpunt hieroor blyk duidelik uit talle van Jonker se publikasies én is in beide sy intreerede en in die ongepubliseerde manuskrip aanwesig. Volgens Jonker is dit vir 'n Reformatoriese kerk noodsaaklik is om hierdie beginsel noulettend te handhaaf ten einde nie óf die Roomse (wat gesag in die ampsdraers laat setel) óf die liberalistiese (wat gesag op 'n demokratiese wyse in die meerderheid laat setel) standpunte oor gesag in die kerk te akkommodeer nie. Hy pleit dat gebly moet word by "... die Bybelse en Reformatoriese belydenis *dat alle gesag in die kerk alleen aan Jesus Christus toekom, wat deur Sy Woord en Gees persoonlik en direk in die kerk moet regeer*... Net Christus, maar daarom ook: net die Woord van God, het gesag in die kerk."[87] Dit impliseer dat geen mindere vergadering – ook geen lidmaat –'n besluit moet (mag) gehoorsaam bloot omdat 'n meerdere vergadering – of inderdaad enige kerkvergadering – dit geneem het nie. In die kerk van Christus word gehoorsaamheid alléén geëis omdat 'n besluit in ooreenstemming met Gods Woord is. Die Woord word in die plaaslike gemeente bedien, dus vind die konkrete regering van die kerk deur Christus dáár plaas. 'n Meerdere vergadering moet in diens hiervan staan.[88]

---

[84] Jonker. 1955. *Mistieke liggaam en kerk*, 103.
[85] Jonker. *Om die regering van Christus*, 28. Sien ook bladsye 12, 27, 29. Vgl. ook *Om die regering van Christus*, 51, 72, 95, ens.
[86] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 28: "... die volmag is van die Woord van God waardeur Christus deur middel van diens van mense regeer."
[87] Sien Jonker. 1965. "Die aard van kerklike gesag", *Die Kerkbode*, xcv (*49*), 8 Desember 1965, 1573, 1575.
[88] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 95.

## 6.1 Die gesag van die ampte

Die ampte in die kerk word nie met 'n gesag beklee wat aan die amp as sodanig kleef nie. Alle gesag in die kerk kleef aan die Woord wat bedien word. Jonker haal Calvyn aan en skryf dat "... alle gesag of waardigheid ... nie gegee word aan die mense self nie, maar aan die *diens* waarvoor hulle aangestel is, of (om duideliker te spreek) aan die *Woord* waarvan die bediening aan hulle toevertrou is."[89] Jonker beklemtoon dikwels en met nadruk dat die ampte nie anders mag doen as om te dien nie. Hulle diens is diens aan die heerskappy van die Woord van God alleen. "Die klok word in elk geval helder gelui: alle ampswerk is diens en niks anders nie; selfs die hantering van die sleutelmag is diens ..."[90]

Soos in vorige hoofstukke aangedui, was dit nie die geval in die Ned. Geref. Kerk nie. Jonker moes beswaar maak teen die permanente posisie wat moderators volgens die kerkorde van die Algemene Sinode beklee en "volbloed-pouslike" optrede van kerkleiers (bv. dr. A. P. Treurnicht).[91] Beyers Naudé is nie toegelaat om die amp van ouderling te beklee nie omdat sinodes en selfs 'n kommissie van die Algemene Sinode se besluite as bindend geag is.

Hierteenoor wou Jonker, soos Calvyn, óók "angsvallig" die dienskarakter van die ampte beklemtoon:

> "Wat die mens in die kerk mag doen – en dit is sy hoogste voorreg – is om in diens te staan van die Woord en om die Woord aan andere deur te gee langs die verskillende kanale van diens wat daar in die amptelike werksaamhede van die kerk geopen word, sodat Christus deur Sy Woord en Gees vry en onbelemmerd, Sy kerk kan regeer... Kerkregering is diens aan en van die Woord."[92]

---

[89] Jonker. *Om die regering van Christus*, 6, 7, 12. *Die regering van Christus*, I, 9, 25, 27, 28 89, 106. Sien ook "Die aard van kerklike gesag", *Die Kerkbode*, xcv (*49*), 8 Desember 1965, 1573
[90] *Die regering van Christus*, I, 20. Vgl. ook *Om die regering van Christus*, 7, 8.
[91] W. D. Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135.
[92] Jonker. *Die regering van Christus*, I, 29.

Die gesag van diegene wat in die Naam van Christus optree en aan wie Christus volmag verleen het om in Sy Naam te mag optree, word onverswak deur die reformatore gehandhaaf. Jonker skryf: "Dit is onbeskryflik heerlik en hou niks minder in nie as die volmag om te straf en te vermaan, te bind en te ontbind, te bou en te vernietig en as dit nodig is, sê Calvyn, ook te bliksem en te donder, ... maar *alles net deur die Woord van God*."[93] Vir Jonker is dit eenvoudig so dat die regering van die kerk deur Christus geen mens toelaat om op enige manier in die kerk heerskappy te voer nie. Slegs die Woord van God het bindende gesag – nie dié van enige ampsdraer óf kerkvergadering nie.[94]

'n Verdere uitgangspunt wat Jonker inneem is dat, hoewel Christus self onmiddellik in die kerk kan regeer, Hy verkies om middellik, d.w.s. deur mense wat Hy daartoe roep, te regeer. Só verstaan Jonker NGB artikel 31 en DKO artikel 3. Christus regeer persoonlik en direk in sy kerk soos 'n ambagsman 'n stuk gereedskap gebruik. Soos by Calvyn, is Jonker oortuig dat die ampte deur Christus self ingestel is. Daarmee wil hy geensins die ampte onder bande van sakraliteit (soos in die Roomse teologie en praktyk) inbind nie, maar beslis ook nie die ampsdraer tot 'n soort demokratiese gemeentelike verteenwoordiger maak nie. Jonker handhaaf ook die bepaling in DKO artikel 7, dat die amp, met name dié van die bedienaar van die Woord aan 'n bepaalde gemeente verbonde moet wees. Die plaaslike gemeente is die plek waar die Woord en sakramente bedien word. Dit is ook die plek waar Christus persoonlik en direk deur die ampte regeer. Daarom mag die plaaslike gemeente nie in sy volledigheid aangetas word en van buite deur andere regeer word nie.

Dit is belangrik om raak te sien dat Jonker die gedagte dat die volledigheid van die plaaslike gemeente op een of ander demokratiese beginsel berus, ten sterkste afkeur. Die volledigheid van die plaaslike gemeente is nie gebaseer op die "mondigheid" of iets dergeliks van die lidmate nie. Ampsdraers word ook nie as hulle verteenwoordigers

---

[93] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 7, 9. *Die regering van Christus*, I, 28. Sien ook "Die aard van kerklike gesag", *Die Kerkbode*, xcv (*49*), 8 Desember 1965, 1575.

[94] Jonker. "Die aard van kerklike gesag", *Die Kerkbode*, xcv (*50*), 15 Desember 1965, 1615. Jonker reageer met dié artikel om sy perspektief op dié aangeleentheid te stel nadat dr. Z. B. Loots drie artikels in *Die Kerkbod*e oor "Die bevoegdheid van meerdere vergaderings van die Kerk" gepubliseer het (*Die Kerkbode*, xcv (29), 21 Julie 1965, 914, 915, *Die Kerkbode*, xcv (30), 28 Julie 1965, 947 en *Die Kerkbode*, xcv (31), 4 Augustus 1965, 982). 'n Debat het gevolg tussen Loots en onder andere dr. D. D. Rosslee (*Die Kerkbode*, xcv (35), 8 September 1965, 1144) en ds. F. A. Kock (*Die Kerkbode*, xcv (45), 10 November 1965, 1426).

verkies nie. Die regeermag is nie deur Christus aan die gemeente gegee of oorgedra sodat die gemeente oor die regeermag beskik en dit kan uitoefen deur ampsdraers wat hulle daartoe aanwys nie.[95] Volgens Jonker verstaan die Bybel die volledigheid van die plaaslike gemeente as "Christus-verbondenheid".[96]

Jonker se siening oor die gesag van kerklike vergaderings adem dieselfde gees. Soos Calvyn kies hy vir regering van die kerk deur kerklike vergaderings eerder as deur bepaalde persone. Sodoende kan verhoed word dat die gesag in die kerk deur enkelinge uit die hande van Christus gegryp word. Kerklike vergaderings is 'n basiese element van gereformeerde kerkregering. Dit blyk bv. duidelik uit die DKO se vierdeling waarvan die tweede oor die "Samenkomsten" – kerklike vergaderings – handel. Die onuitgesproke voorveronderstelling is die gedagte dat die verskillende ampte steeds – as communio sanctorum – gemeenskaplik met mekaar moet optree.

Kerklike vergaderings mag eweneens nie die gesag uit Christus se hande gryp nie: "Die grens van die gesag van meerdere en mindere vergadering beide lê egter in die Woord van God: wat daarmee in stryd is, het in elk geval geen gesag nie, al is dit ook deur watter vergadering besluit!"[97] In 'n voetnoot in sy intreerede brei Jonker hierop uit. Alle kerkvergaderings het prinsipieel dieselfde gesag omdat hulle hul gesag alleen aan die Woord van God ontleen. Hy skryf dat gereformeerde kerkreg geen hoër of laer gesag in die kerk ken nie en daarom ook nie hoër en laer vergaderings nie, maar wel meerdere en mindere vergaderings. 'n Meerdere vergadering

> "... verteenwoordig slegs 'n meerdere deel van die aantal plaaslike kerke wat in die kerkverband ingesluit is en neem dus besluite wat 'n wyer gebied raak. Die gesag waarmee hulle spreek, kan slegs die gesag van die Woord van God wees en moet daarom deur die mindere vergaderinge eerbiedig word, tensy dit blyk dat hulle van Gods Woord afgewyk het."[98]

---

[95] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 31.
[96] Vgl. Jonker. 1965. *Aandag vir die kerk*, 45.
[97] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 95. Dit word byna woordeliks in sy intreerede herhaal. Sien *Om Die regering van Christus*, 26.
[98] Sien voetnoot 80 in Jonker. *Om die regering van Christus*, 20. Sien ook *Die regering van Christus*, I, 50.

Vir Jonker is dit belangrik "... om daarop te let dat die kerklike vergaderinge een gewigtige kwalifikasie het: dit is *amptelike* vergaderinge, die gereformeerde kerkvergadering is 'n samestroming van die *ampte*."[99] Hy argumenteer dat daar nêrens in die gereformeerde kerkreg sprake is van gemeentelede wat na kerkvergaderings afgevaardig word nie. Ook volgens DKO artikels 47 en 50 is dit deurgaans net die ampte wat meerdere vergaderings bywoon. Jonker wys ook daarop dat M. Bouwman in sy proefskrif bevind het dat dit vir Voetius van groot belang was dat meerdere vergaderings 'n samekoms van ampsdraers is. Meerdere vergaderings "... is samekomste van kerklike ampsdraers en die meerdere vergaderinge ontleen hulle gesag terdeë ook dááraan, dat dieselfde ampsdraers wat in die kerkrade hulle regeermag vir die plaaslike kerk uitoefen, dit in die meerdere vergaderinge vir die geheel van die kerke doen."[100]

Dat meerdere vergaderings 'n samestroming van die ampte is, vind Jonker in talle van die oud-gereformeerd kerkordes en hy toon dit aan in Deel I van sy ongepubliseerde manuskrip. Hy gee veral uitvoerig aandag aan hierdie standpunt soos hy dit in die Franse kerkorde (*Discipline Ecclésiastique*) – wat na Calvyn terug gevoer kan word – aflees.[101] In hierdie kerkorde is meerdere vergaderinge in dieselfde mate as die kerkraad, 'n amptelike vergadering of dan, 'n vergadering van ampsdraers.[102] Hy sê – met verwysing na Noordmans – dat 'n sinode 'n samestroming is van "ander herders, regeerders, die eveneens van God geroepen zijn."[103]

Vir Jonker is daar geen wesensverskil tussen die vier verskillende gereformeerde kerklike vergaderings nie omdat almal 'n samestroming van ampte is. Hulle aard en karakter is dieselfde, behalwe dat die een telkens breër as die ander is. Hy verstaan die bedoeling van die gereformeerde kerkordes só dat dit ampsdraers is wat in meerdere vergaderings byeenkom om met amptelike werk in diens van die kerk van Christus besig te wees, "... en dat hulle daar in vergadering gekonstitueer is met die Woord van

---

[99] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 92.
[100] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 207, 208. Die standpunt word egter te ver gevoer (en Jonker sou nooit hierdie weg opgegaan het nie) wanneer gesê word "Dat elke gemeente *krachtens de ambten* complete kerk is" – sien dr. Ir. J. de Graaf in Nederlands Dagblad, 10 September 2003.
[101] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 54 – 56.
[102] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 54.
[103] Vir Noordmans se volledige bespreking, sien Oepke Noordmans en Johannes M. Hasselaar. 1984. *Verzamelde werken 5. Om de rechte orde der kerk*. Kampen: Kok, 430 e.v.

God as hulle norm en wegwyser."[104] Voetius vind ook nie enige prinsipiële verskil tussen die kerkraad en meerdere vergaderings nie, aldus dr. M. Bouwman. "Ook die meerdere vergaderinge is coetus ecclesiastici wat met vaste en gewone kerklike mag beklee is. Die meerdere vergaderinge is dus groter kerkrade en die mag van die meerdere vergaderinge is dus groter as die mag van die kerkrade..."[105] Jonker haal met instemming die dissertasie van Hendrik Schokking aan waarin hy skryf dat die kerk in sy institutêre gestalte rekening hou met "een meer intensief worden van de ambtelijke macht."[106]

Ten nouste aan bogenoemde gekoppel is Jonker se standpunt dat die taak van die ampte nie net vir die plaaslike gemeente betekenis het nie, maar vir die algemene kerk van Christus as sodanig. Ampswerk oorstyg dus vanself die plaaslike gemeente.[107] Volledigheidshalwe en om die fynere nuanse van hierdie standpunt te begryp, word 'n aanhaling wat in die vorige hoofstuk gebruik is, herhaal. Die konteks dáár was Naudé se aansoek om behoud van status toe hy direkteur van die Ci geword het. Jonker skryf:

> "Nou moet ons ook hier weer opmerk dat die gereformeerde kerkreg nooit daarvoor blind was dat die ampte uitgryp bokant die plaaslike gemeente en betekenis het vir die algemene kerk nie. Maar dit is vir die gereformeerde kerkreg deurgaans wesenlik dat die ampte uit die plaaslike gemeente opkom en dus ampte van die plaaslike gemeente is en nie in enige sin ampte van die algemene kerk nie.[108]

Aan die ampte is die bediening van die regering van Christus in die plaaslike gemeente opgedra. Omdat Jonker die kerk as 'n eenheid sien, en die ampsdraers van die hele kerk in meerdere vergaderings saamkom om gesamentlik na die lig van die Woord van God soek, bedien hulle die gesag van Christus ook aan die kerkverband. Dáárom, skryf Jonker, het meerdere vergaderings gesag.[109]

---

[104] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 93.
[105] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 208.
[106] Aangehaal by Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 94. Vgl. H. Schokking. 1902. *De leertucht in de Gereformeerde kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620*. Amsterdam: Clausen, 37.
[107] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 56.
[108] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 69.
[109] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 56.

Só verstaan Jonker ook die Nederlandse Geloofsbelydenis. Trouens, Jonker vind in NGB artikels 30 – 32 eintlik alles wat in die latere Nederlandse kerkorde oor die kerkregering van die kerk tot ontplooiing sou kom. Die NGB bou voort op wat reeds in die Franse *Confession de Foy* begin is. Laasgenoemde bou op sy beurt op die standpunte van Calvyn. Guido de Bray, sê Jonker, het by die skryf van die NGB (*Confessio Belgica*) deurgaans en meestal woordeliks die *Confession de Foy* gevolg. Dit bemerk 'n mens dan ook wanneer NGB artikels 30 – 32 en die *Confession de Foy*, artikel 29 – 33 met mekaar vergelyk word.[110] En, skryf Jonker, in die Nederlandse Geloofsbelydenis het ons "haarfyn dieselfde posisie as ... by die *Discipline Ecclésiastique*."[111] Die NGB laat die regering van die kerk in eerste instansie by die ampte berus en meerdere vergaderings is vergaderings van *ampsdraers*:

> "Die regeerders van die kerk waarvan art. 32 praat, is kennelik nie net die ampsdraers van die plaaslike gemeente nie, maar van al die plaaslike gemeentes wat verbind is in die een, sigbare kerk. Dat ons in art. 32 met die enkelvoud *kerk* en met die uitdrukking *die liggaam van die kerk* die sigbare algemene kerk in sy institutêre gestalte voor ons het, is duidelik."[112]

Jonker beantwoord die vraag na die verhouding tussen die kerkraad en meerdere vergaderings in die lig van bostaande: "Dan is dit duidelik dat Christus se gesag waarmee Hy deur Sy Woord regeer, een en onverdeeld is en oral waar daar na die Woord geluister word, ewe veel teenwoordig is." Géén vergadering het meer of minder gesag as die ander nie, want, skryf Jonker, "kerklike gesag kan nie kwantitatief benader word nie, slegs kwalitatief... Die verskil tussen die kerkraad en die meerdere vergaderinge lê dan ook nie op die vlak van meer of minder gesag nie, maar op die vlak van die meerdere insig en wysheid wat by die meerdere vergadering hopelik byeen sal

---

[110] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 72, 73.

[111] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 74. Prof. E. A. de Boer toon aan dat de Brès inderwaarheid in 'n ouer geskrif *Le Baston de la Foy Chrétienne* – sy standpunte kan terugvoer na materiaal "verzameld en samengesteld uit de boeken van de oude leraars van de kerk, van de concilies en van verschillende andere leraars" om só vir die standpunte van die reformasie op die *auctoritas patrum* aanspraak te maak. Hy toon dat in die opbou van die ekklesiologie van *Le Baston de la Foy Chrétienne* die voortgang van artikel 27 van dié geskrif na artikel 29 van die *Confession de Foy* herken kan word. Sien E. A. de Boer. 2012. De katholieke ecclesiologie van de *Confession de Foy* in het licht van *Le Baston de la Foy Chrétienne*" in *Theologia Reformata*, jaargang 55 nummer 3 september 2012, 264 – 277.

[112] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 74.

wees ..."[113] Aan hierdie kwalitatiewe verskil ontleen ’n meerdere vergadering sy seggenskap oor die mindere.

In die Doleansie-kerkreg is dit anders. Volgens die Doleansie-kerkreg, is dit ook ampsdraers wat afgevaardig word, maar meerdere vergaderings is eerder ’n samestroming van afgevaardigdes *van die kerke* – en die kerke delegeer slegs ’n *gedeelte* van hulle gesag aan die meerdere vergadering. Daarom is die standpunt van die Doleansie dat die gesag van meerdere vergaderings minder is as die van die kerkraad – trouens, Rutgers skryf dat alle kerklike mag deur die plaaslike kerkraad uitgeoefen word en dat meerdere vergaderings eintlik weerloos is teen die plaaslike kerkraad.[114]

Jonker trek egter die lyne konsekwent deur. ’n Kerk wat deur Christus self versamel is en ’n gemeenskap van heiliges is wat deur die Woord en Gees van die Here regeer word, kan nie anders verstaan word as één liggaam nie. Al die ampte is deur Hom geroep om sy gemeentes te bedien; of dit in die plaaslike gemeente is of daar waar die plaaslike gemeentes in vergadering met mekaar verkeer, dit gaan om één saak: die regering van Christus in sy Kerk. Jonker is reg: gesag in die kerk kan nie kwantitatief benader word nie, alleen kwalitatief. Dit gaan nie om die vraag wie meer of wie minder gesag het nie, maar of Christus regeer.

### 6.2 Die gesag van meerdere vergaderings

Jonker is oortuig dat alle kerkvergaderings prinsipieel dieselfde gesag het omdat hulle almal hul gesag alleen aan die Woord van God ontleen. Dordtse Kerkorde artikel 36[115] kan volgens Jonker alleen op hiérdie wyse sinvol verstaan kan word.[116] Die artikel lui:

---

[113] Jonker. 1965. *Die regering van Christus*, I, 94.
[114] Vgl. Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, II, 170 e.v. Vgl. Rutgers en Kamphuis. 1971. *De geldigheid van de oude Kerkenordening*, 18.
[115] In die afdeling waarin Jonker die Franse Kerkorde bespreek (Discipline Ecclésiastique) noem hy dat die Franse reformasie sterk onder die invloed van Calvyn gestaan het. Verder dat DKO art. 36 sy oorsprong vind in ’n uitspraak van die Sinode van La Rochelle in 1581 wat lui: "Comme c'est de l'Autorité des Synodes Nationaux que dépendent les Provinciaux, les Colloques doivent aussi être soumis aux Synodes Provinciaux et les Consistoires aux Colloques.". Sien Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 55, 56.
[116] Sien voetnoot 80 in Jonker. *Om die regering van Christus*, 20. Sien ook *Die regering van Christus*, I, 50.

"Hetzelfde *zeggen* heeft de classis over de kerkenraad, hetwelk de particuliere synode heeft over de classis en de generale synode over de particuliere (ek kursiveer)."[117]

Die Gereformeerde Kerken Nederland het die kerkorde in 1959 gewysig en DKO artikel 36 vervang met artikel 28 wat lui: "... Hetzelfde *gezag*, dat de classis heeft over de kerkenraad, heeft de particuliere synode over de classis en de generale synode over de particuliere synode (ek kursiveer)." Nauta redeneer dat "zeggen" presies dieselfde beteken as "gezag". Hy argumenteer (tereg) dat "om die *sê* te hê" in gewone omgangstaal dieselfde beteken as "om *seggenskap* te hê" – oftewel, om *gesag* te hê.[118] Jonker bespreek die nuwe kerkorde van die GKN in deel III van sy ongepubliseerde manuskrip. Sy slotsom is: "Die nuwe kerkorde sluit in 'n groot mate by die Dordtse Kerkorde aan, maar is tog ook weer in soveel opsigte anders as die Dordtse Kerkorde, dat daar inderdaad van 'n hele nuwe kerkorde sprake kan wees."[119] Is dit ook in die geval van DKO artikel 36 waar?

'n Behoorlike taksering van sy eie kerkorde is van groot belang vir die Ned. Geref. Kerk: die nuwe kerkorde van die Algemene Sinode wat in 1962 gestig is, hét in 'n mate by die DKO aangesluit,[120] maar óók sterk op die kerkorde van die GKN uit 1959 gesteun. Wat die onderhawige artikel betref, is die GKN sonder meer nagevolg: artikel 20 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk 1962, is woordeliks dieselfde as artikel 28 van die GKN Kerkorde 1959.

In Jonker se bespreking van artikel 28 van die GKN Kerkorde 1959 in sy ongepubliseerde manuskrip, toon hy aan dat die kerkregtelike ontwikkeling wat tot die Vrymaking van 1944 gelei het, die wysiging van dié kerkorde beïnvloed het. Hy skryf dat "die ou misverstandelike uitdrukking 'zeggen'", wat deur sommige Vrygemaaktes[121] uitgelê is as "besluitvaardigheid", vervang is met "gesag". Vir Jonker is die kruks van die saak dat alle misverstand oor die gesag van meerdere vergaderings

---

[117] Vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten, *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 2007. http://kerkrecht.nl/node/2769
[118] Vgl. Nauta. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*, 121, 122.
[119] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 212.
[120] Sien W. D. Jonker. 1959. "Die Nuwe Kerkorde. 'n Voorwaartse Stap op Dordtse Grondslag", *Die Kerkbode*, lxxxiv (*20*), 18 November 1959, 796.
[121] Hy noem nie die name van die persone na wie hy verwys nie.

daarmee uit die weg geruim is. Hy verwerp die siening dat die kerkraad die enigste vergadering sou wees waaraan gesag deur Christus verleen is, terwyl die meerdere vergaderinge alleen afgeleide, en daarom mindere gesag sou hê. Deur GKN artikel 28, sê hy, word alle twyfel oor die "meerdere gesag van die meerdere vergaderinge oor die mindere vergaderinge" uit die weg geruim.[122] Dit is opmerklik dat Jonker nie praat van hoër gesag nie, maar van meerdere gesag. Wie dit nie insien nie, sal Jonker misverstaan. Jonker bly daarby "dat alle gesag in die kerk enkel geleë is in die Woord". Dáárom het alle kerklike vergaderings ewe veel of ewe min gesag – "al na gelang van die vraag of hulle volgens Gods Woord oordeel of nie". Daarbenewens verduidelik hy dat die gesag van bv.

> "... ampsdraers *prinsipieel verskillend* is van die gesag van die owerheid oor sy onderdane of die ouer oor sy kinders. In die kerk is geen heersers en onderdane, vaders en kinders nie. In die kerk regeer Christus alleen en daarom kan daar in die kerk uit beginsel geen hoër of laer ampte wees nie ..."[123]

Dit is kernbelangrik om hierdie prinsipiële verskil in die aard van kerklike gesag en gesag in die (sekulêre) wêreld te begryp en volledig te verreken in die beoordeling van Jonker se siening van kerklike gesag. Dit is en bly 'n *bediening* en is nooit te vergelyk of gelyk te stel met enige vorm van dwingelandy nie. Daarbenewens toon hy in sy ongepubliseerde manuskrip aan dat die gesag van meerdere vergaderings alleen binne die konteks van die kerk as die gemeenskap van die heiliges verstaan mag word:

> "... die gesag wat die meerdere vergadering oor die mindere het, (is) geen inherente gesag nie: dit is diakonia, diens. Finale gesag het alleen Gods Woord... Die hele toutrekkery oor meer en minder gesag in kerklike vergaderinge hoort eintlik nie tuis in die kader van die gereformeerde opvatting dat slegs die Woord van God in die gemeente moet regeer nie."[124]

Dit is duidelik: Jonker kan nóg die standpunt van Nauta, nóg dié van die Doleansie (Vrymaking) aanvaar. Uitgaande van sy kerkbegrip, is nie een van die twee haalbaar

---

[122] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 213.
[123] Jonker. *Om die regering van Christus*, 11.
[124] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, I, 95.

nie. Alléén Christus, en daarom alléén die Woord van God het "seggenskap" in die Kerk. Nóg die individuele ampsdraer, nóg enige vergadering waarin hulle is, besit enige inklewende gesag. Ampsdraers en kerklike vergaderings kan alleen die gesag van Christus bedien.

### 6.3 Bindende besluite en die Vrymaking

Die hele kwessie van sogenaamde "bindende besluite" van kerkvergaderings is ten nouste aan Jonker se standpunt oor DKO artikel 36 verbonde. Oor die interpretasie van DKO artikel 31 loop die weë dikwels uiteen. Die onmiddellike historiese konteks waarbinne hierdie saak gedurende Jonker se loopbaan afspeel, is – soos aangedui – die worsteling in die Ring van Johannesburg rondom die verkiesing van Beyers Naudé as ouderling, die Ci en die blad *Pro Veritate*. Die klagte teen Naudé en medestanders was dat hulle nie aan besluite van sinodes én die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehoorsaam was nie. Die kerkleiding het dié besluite as bindend geag terwyl Jonker et al. dit anders verstaan het. In die vorige hoofstuk is uitvoerig op die stryd ingegaan en dié geskiedenis word nie weer herhaal nie.

Wat tans van belang is, is om aan te dui hoe die standpunte wat Jonker ingeneem het, ingebed is in sy teologie. Jonker het hom reeds in 1959 in 'n artikel oor die konsep-kerkorde in *Die Kerkbode*, teen besluite waarmee gelowiges se gewetens gebind word uitgespreek. Hierbo is aangedui dat hierdie standpunte in sy intreerede by Unisa gekulmineer het. Vir Jonker is die vraag hoe die regering van Christus in sy kerk in DKO artikel 31 met sy "bindende besluite" tot sy reg kom?

DKO artikel 31 het in artikel 23 van die Kerkorde van 1962 neerslag gevind.[125] Dit is egter aansienlik verkort en die veranderings wat GKN Kerkorde 1959 (artikel 29) daarop aangebring het, is geensins deur die Ned. Geref. Kerk nagevolg nie. Dié artikel het by Jonker (soos die gebeure in die Ring van Johannesburg later getoon het) die indruk gelaat dat besluite van meerdere vergaderings onvoorwaardelik gehoorsaam

---

[125] Artikel 23 lui: "Die besluite van vergaderings is bindend, maar is vatbaar vir beroep op 'n meerdere vergadering."

moet word.[126] Reeds in dié artikels uit 1959 pleit Jonker daarvoor dat die besluite bindend is *tensy dat hulle in stryd met die Skrif is*. Jonker wou ook dat dit in die nuwe kerkorde duidelik gestel moet word dat 'n besluit van 'n meerdere vergadering nie lidmate se gewetens kan bind nie – selfs nie as hulle, ná beroep op 'n meerdere vergadering, in die ongelyk gestel word nie![127]

Oor hierdie aangeleentheid het Jonker hom op sy skerpste uitgelaat. Hy waarsku in sy intreerede teen die gevaar dat 'n kerkvergadering die indruk mag skep dat hy die Woord van God *onfeilbaar* geïnterpreteer het. Geen kerkvergadering mag die indruk wek dat sy beslissings *vanselfsprekend* die Woord van God reflekteer óf dat 'n kerkvergadering *sonder meer* deur die Heilige Gees gelei is nie. Dit is hoe dit by Rome gebeur. Hy bepleit 'n openheid vir toetsing deur die Woord van God van die kant van die *hele* gemeente. Hy waarsku teen "... 'n geslote sisteem, waarvan die indruk uitgaan dat as die Sinode gepraat het, alles afgehandel is, so goed as wat dit sou geld: *Roma locuta, causa finita est.*"[128] Dít had Jonker in gedagte toe hy toe hy 'n anderhalf jaar na sy intreerede vir dr. A. P. Treurnicht in 'n brief aan *Die Kerkbode* voor stok kry: "Die redakteur van *Die Kerkbode* ... deel dreigemente en waarskuwings uit en gee op die manier 'n volbloed-pouslike 'leiding' aan die kerk."[129]

In die lig van bostaande is dit duidelik dat die interpretasie van DKO artikel 31 tot in die kerkregtelike kern van die probleem in beide die stryd rondom die Vrymaking en dié van Jonker binne die Ned. Geref. Kerk sny. Jonker het ook tydens sy studiereis in 1960/61 deeglik kennis geneem van 'n hele spektrum van menings wat in die kerkstryd in die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu hieroor ingeneem is.[130] Sy standpunte oor die regering van Christus in die kerk, die volledigheid van die plaaslike gemeente en die aard van kerklike gesag, stem tot 'n groot mate ooreen met dié wat deur die Vrygemaaktes ingeneem is. Dit verskil dus uiteraard van dié van die sg. "Sinodales"

---

[126] Dit is moontlik dat Jonker oor die rol wat "bindende besluite" in die geskiedenis van die GKN en uiteindelike kerkskeuring – die Vrymaking – deeglik ingelig was. Sy promotor, prof. G. C. Berkouwer, was immers praeses van die Generale Synode van 1944 waartydens die skeuring plaasgevind het en waarin die interpretasie van DKO artikel 31 'n groot en beslissende rol gespeel het.
[127] W. D. Jonker. 1959. "Die nuwe kerkorde: III". *Die Kerkbode*, lxxxiv (*22*), 2 Desember 1959, 871, 883.
[128] Jonker. 1965. *Om die regering van Christus*, 28.
[129] Jonker. 1967. "Die kerkraad, Ring en die Ci", *Die Kerkbode*, c (*4*), 26 Julie 1967, 135. Sien ook onderafdeling 3 in hoofstuk 5 hierbo waarin geskille tussen Jonker en Treurnicht bepreek is.
[130] Jonker. 1965. Die regering van *Christus*, III, 204.

in die GKN. Tog is ook hierbo duidelik aangetoon dat Jonker op sekere punte van die GK(v) verskil en op ander punte van beide groeperinge verskil. Dááruit is reeds duidelik dat Jonker sy eie menings gevorm het en nie een of ander skoolse kerkreg navolg nie.

Vanuit watter hoek ook al die vraagstuk van gesag in die kerk benader word, bly die slotsom: slegs Christus, slegs die Woord het enige gesag in die Kerk.

## 7 Die kruks van die saak

Die ekklesiologie en kerkreg van Willem Daniel Jonker is gebou op en word gedra deur sy kerkbeskouing. Die hoeksteen van sy kerkbeskouing is *die onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk*. Jonker definieer die kerk saam met NGB artikel 27 as "'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees." Só moet die kerk ook sigbaar gestalte aanneem. Die piëteit wat uit die NGB spreek, was kenmerkend van die teologie van Jonker. Die "heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo" beskryf hy in *"En as jou broeder sondig ..."* as 'n "bloed-warme" gemeenskap van die heiliges. Dit staan teenoor die natuurlike teologie wat die Ned. Geref. Kerk tot 'n volkskerk laat verword het en lidmaatskap van dié kerk beperk het tot een bevolkingsgroep. Die teologiese kunsgrepe waarmee dit geregverdig is – die pluriformiteit van die kerk op grond van die onderskeidings tussen sigbare en onsigbare kerk en die kerk as instituut en organisme – spruit uit die Doleansie-teologie en -kerkreg, hoewel dit in die Ned. Geref. Kerk 'n eiesoortige toepassing gekry het.

Vir Jonker gaan dit uiteindelik om één saak: dat die *onverbreekbare eenheid tussen Christus en Sy kerk* sigbaar word *omdat* Christus daar regeer deur sy Woord. Kragtens die teenwoordigheid van Christus deur sy Woord in sy gemeente, is die volmag om die hemele oop of toe te sluit in die plaaslike gemeente teenwoordig. Die plaaslike kerk is dus volledig kerk en gesag in die kerk moet kwalitatief, nie kwantitatief gesien word nie. Waar die Woord regeer, is die eenheid van die kerk ononderhandelbaar. Waar die Woord regeer is gemeenskap van die heiliges. Jonker verstaan daaronder:

> "Ons het in die vraag na die eenheid van die kerk met 'n diep-geestelike saak te

> make. Ons houding en gesindheid in hierdie dinge lê getuienis af van ons erns met die heiligmaking... Al ons regsinnigheid is van nul en gener waarde sonder die liefde nie (1 Kor. 13). En die liefde wat die Heilige Gees in ons harte uitgestort het, is die enigste ware wortel van kerklike eenheid.[131]

Uiteindelik bly die kruks van die saak: Christus regeer. Dít is wat Jonker wou sê. Maar, daarvoor moes hy 'n kruis dra. 'n Crux. 'n Kruks.

[131] *Die eenheid van die kerk in die lig van Skrif en Belydenis*. Sj. sl.

## Bibliografie

### 1. BIBLIOGRAFIE VAN W. D. JONKER MET BETREKKING TOT DIE TYDPERK 1955-1968

#### 1.1 1951-1954

Jonker, W. D. 1951. *Die invloed van die leer aangaande God op die opvatting van die vergiffenis van sondes in die teologie van Schleiermacher, Ritschl en Brunner*. B.D.-skripsie, Universiteit van Pretoria.

Jonker, W.D. 1955. *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie*. Kampen: Kok.

#### 1.2 1955

Jonker, W. D. 1955. "Genade en kerk. Die verband tussen die Rooms-Katolieke genadebegrip en kerkbegrip I", *Die Kerkbode lxxvii (24),* 14 Desember 1955, 933, 934.

Jonker, W. D. 1955. "Genade en kerk. Die verband tussen die Rooms-Katolieke genadebegrip en kerkbegrip II", *Die Kerkbode*, *lxxvii (25),* 21 Desember 1955, 980, 981.

#### 1.3 1956

Jonker, W. D. 1956. "Ons Kerk 'n volkskerk?", *Die Kerkbode*, *lxxvii (3),* 18 Januarie 1956, 111.

Jonker, W. D. 1956. "Ons is kinders van God", *Die Kerkbode, lxxvii (17),* 27 April 1956, 750 – 751.

Jonker, W. D. 1956. "Is ons gehoorsaam? Enkele gedagtes oor die kerklike tug I", *Die Kerkbode, lxxviii, (15),* 10 Oktober 1956, 665, 666.

Jonker, W. D. 1956. "Is ons gehoorsaam? Enkele gedagtes oor die kerklike tug II", *Die Kerkbode, lxxviii, (16),* 17 Oktober 1956, 701, 702.

#### 1.4 1957

Jonker, W. D. 1957. “Is die Transvaal nog op weg na herstel?: Enkele gedagtes n.a.v. die Transvaalse Sinode van 1957”, *Die Gereformeerde Vaandel, 25 (3)*, September 1957, 14 - 19.

Jonker, W. D. 1957. “Die geduld van God”, *Die Kerkbode*, *lxxx (19),* 7 November 1957, 823.

Jonker, W. D. 1957. “Vergifnis en liefde”, *Die Kerkbode*, *lxxx (23),* 4 Desember 1957, 1013, 1014.

**1.5 1958**

Jonker, W. D. 1958. “Die roeping van die KJV in die jeugkrisis”, *Die Voorligter*, *xxi (11),* September 1958, 24.

Jonker, W. D. 1958. “Het dit sin om van evangelisasie te spreek?”, *Die Voorligter*, *xxi (13),* November 1958, 24.

**1.6 1959**

Jonker, W. D. 1959. *"En as jou broeder sondig ...": Enkele aspekte van die kerklike tug*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Jonker, W. D. 1959. Korrespondensie, *Die Kerkblad, 61 (1514)*, 16 September 1959, 8.

Jonker, W. D. 1959. “Wat is evangelisasie?”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (13),* 30 September 1959, 514, 515, 517.

Jonker, W. D. 1959. “Die nuwe kerkorde I: ’n Voorwaartse stap op Dordtse grondslag”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (20),* 18 November 1959, 795, 796, 800.

Jonker, W. D. 1959. “Die nuwe kerkorde II: ’n Voorwaartse stap op Dordtse grondslag”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (21),* 25 November 1959, 835 – 837

Jonker, W. D. 1959. “Die nuwe kerkorde III: ’n Voorwaartse stap op Dordtse grondslag”, *Die Kerkbode*, *lxxxiv (22),* 2 Desember 1959, 870 – 871, 883.

**1.7 1960**

Jonker, W. D. 1960. “Wat gebeur as dit Pinkster word?”. In Botes, D. H. *Die volle Raad*: *Preekbundel vir ouderlinge*. Bloemfontein, SACUM.

Jonker, W. D. 1960. “Dra mekaar se laste”. In Botes, D. H. *Die volle Raad*: *Preekbundel vir ouderlinge*. Bloemfontein, SACUM.

Jonker, W. D. 1960. “Die bevoegdheid van die streeksinodes volgens art. 35 van die nuwe konsep-kerkorde”, *NGTT,* i (*2*), Maart 1960, 33 – 37.

Jonker, W. D. 1960. “Treffende oordenking vir Goeie Vrydag”, *Die Kerkbode*, lxxxv (*15*), 13 April 1960, 555, 556.

Jonker, W. D. 1960. “Die ander kant van die saak!”. *Die Kerkbode*, lxxxvi (2), 13 Julie 1960, 41- 44.

Jonker, W. D. 1960. “Die ander kant van die saak!”. *Die Kerkbode*, lxxxvi (*3*), 20 Julie 1960, 74 - 77.

Jonker, W. D. 1960. “Die ander kant van die saak!”. *Die Kerkbode*, lxxxvi (*4*), 27 Julie 1960, 107 – 111, 119.

Jonker, W. D. 1960. “Die ander kant van die saak!”. *Die Kerkbode*, lxxxvi (*11*), 14 September 1960, 375.

**1.8 1961**

Jonker, W. D. 1961. “Ons toekoms en die sending”. In *Sendingsketse 1961* uitgegee deur die Sinodale Sendingkommissies van die Ned. Geref. Kerk van Transvaal.

Jonker, W. D. 1961. “Zuid-Afrika, Republiek van”. In Grosheide, F. W. en van Itterzon, G. P. (red.), *Christelijke Encyclopedie Band VI*. Kampen: J. H. Kok, 713-715.

Jonker, W. D. 1961. “Die nuwe kerkorde: Pleidooi vir voorlopige aanvaarding”, *Die Kerkbode*, *lxxxvii (5),* 1 Februarie 1961, 145 – 147.

Jonker, W. D. 1961. “Wat is ’n sinode”, *Die Kerkbode*, *lxxxvii (12),* 21 Maart 1961, 398, 399.

Jonker, W. D. 1961. “Die Transvaalse Sinode en die status van sendelinge”, *Die Kerkbode*, lxxxvii (26), 28 Junie 1961, 866 – 869.

**1.9 1962**

Jonker, W. D. 1962. *Die sendingbepalinge van die Ned. Gereformeerde Kerk van Transvaal*. Potchefstroom: Kerk en wêreld.

Jonker, W. D. 1962. “Intreepreek – 1 Pet. 2: 1 – 10”, 11 Februarie 1962. Ongepubliseerd.

Jonker, W. D. 1962. “Die beroepbaarheid van sendelinge in Moederkerk”, *Die Kerkbode*, *lxxxix (12),* 21 Maart 1962, 396, 397.

Jonker, W.D. en Barnard A. C. 1962. "Die Transvaler se Kersfonds." *Die Voorligter*, *xxv (11),* Oktober 1962, 7.

**1.10 1963**

Jonker, W. D. 1963. *'n Brief aan doopouers*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Jonker, W. D. 1963. Dertig oordenkings vir die maand Junie. In Zeeman, M. T. S. en Heyns, J. A. (red.). *Aandgesprekke*. Bloemfontein: Sacum Beperk, 153 – 182.

Jonker, W. D. 1963. Drie preke oor Sondag 26, 27 en 28 in Du Toit, H. D. A. (red.). *Vier eeue van troos: Preke oor die Heidelbergse Kategismus*. Kaapstad, Pretoria: N.G. Kerk-Uitgewers, 151 – 171.

Jonker, W. D. 1963. "Verweer teen resensie", *Die Kerkbode*, *xci (8),* 20 Februarie 1963, 271, 272.

Jonker, W. D. 1963. "Teologiese verskuiwinge by Rome in die laaste tyd", *NGTT*, *iv (2),* Maart 1963, 67 - 77.

Jonker, W. D. 1963. "Die beroepbaarheid van sendelinge", *Die Kerkbode*, *xci (10),* 6 Maart 1963, 335, 336.

Jonker, W. D. 1963. "Die bevestiging van huwelike en huweliksgebooie", *Die Kerkbode*, *xci (12),* 20 Maart 1963, 390, 391.

Jonker, W. D. 1963. "Rooms of Gereformeerd? Enkele gedagtes oor die noodsaaklikheid van die kerkverband", *Die Kerkbode*, *xci (13),* 27 Maart 1963, 435 - 436, 438.

Jonker, W. D. 1963. "Rooms of Gereformeerd? Enkele gedagtes oor die noodsaaklikheid van die kerkverband", *Die Kerkbode*, *xci (14),* 3 April 1963, 469 - 471.

Jonker, W. D. et al. 1963. Korrespondensie: "Opmerkinge oor sinodale besluit", *Die Kerkbode*, *xci (20),* 15 Mei 1963, 677, 678.

Jonker, W. D. 1963. "Beroepbaarheid van sendelinge", *Die Kerkbode, xci (21),* 22 Mei 1963, 724.

Jonker, W. D. 1963. "Rooms, kollegialisties of gereformeerd?", *Die Kerkbode*, *xcii (3),* 17 Julie 1963, 97 - 99.

Jonker, W. D. et al. 1963. "Repliek op korrespondensie i/s sinodale besluit", *Die Kerkbode*, *xcii (18),* 30 Oktober 1963, 614, 615.

Jonker, W. D. 1963. “Die gee van tiendes”, *Die Kerkbode*, *xcii (21),* 20 November 1963, 709 – 712.

Jonker, W. D. 1963. “Die Heidelbergse Kategismus, van waar dit kom en wat dit leer”, *Die Voorligter*, *xxi (11),* Desember 1963, 27, 29.

**1.11 1964**

Jonker, W. D. 1964. “Die Liberale Kerkreg en die veelheid van kerke”, *NGTT, v (1),* Januarie 1964, 3 – 9.

Jonker, W. D. 1964. “Die Christen en aardse besittings”, *Die Voorligter*, *xxvii (3),* Februarie 1964, 16 - 17.

Jonker, W. D. 1964. “Die gawe om te kan uitdeel”, *Die Voorligter*, *xxvii (6),* Mei 1964, 7, 8, 13, 22, 23.

Jonker, W. D. 1964. “Die Christen en geheime bewegings”, *Die Kerkbode*, *xciv (3),* 15 Julie 1964, 86 – 88.

Jonker, W. D. 1964. “Ontwrigting van stedelike Bantoe”, *Die Voorligter, xxviii (1),* Desember 1964, 23, 25.

**1.12 1965**

Jonker, W. D. 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa.

Jonker, W. D. Circa 1965. *Die regering van Christus*. (Ongepubliseerde manuskrip) www.williejonker.co.za.

Jonker, W. D. 1965. *Aandag vir die kerk*. Potchefstroom: Die Evangelis.

Jonker, W. D., Cilliers, W. J. C., et al. 1965. *Verwarring: Opheldering noodsaaklik!: Ope brief aan evangeliedienaars van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. S.p., s.u.

Jonker, W. D. 1962. Afskeidspreek – Matt. 6: 10 (a) H.K. Sondag 48, 16 Mei 1965. Ongepubliseerd.

Jonker, W. D. 1965. “Die diaken en die meerdere vergaderinge”, *Die Kerkbode*, *xcv (22),* 2 Junie 1965, 689 – 691.

Jonker, W. D. 1965. “Die aard van die kerklike gesag”, *Die Kerkbode*, *xcv (49),* 8 Desember 1965, 1573 – 1575.

Jonker, W. D. 1965. “Die aard van die kerklike gesag”, *Die Kerkbode*, *xcv (50),* 15 Desember 1965, 1615 – 1616.

**1.13 1966**

Jonker, W. D. 1966. “Terwyl die bruidegom talm om te kom ... staan die kerk in die branding”, *Polumnia 1966*. Stellenbosch.

Jonker, W. D. 1966. “Die eenvoud van Jesus”, *Die Voorligter*, *xxix (2),* Januarie 1966, 24, 29.

Jonker, W. D. 1966. “Die aard van die kerklike gesag”, *Die Kerkbode*, *xcvi (1),* 5 Januarie 1966, 23.

Jonker, W. D. 1966. “Hulpmiddels by die hou van huisgodsdiens”, *Die Voorligter, xxix (2),* Februarie 1966, 14.

Jonker, W. D. 1966. “Het die Christelike Instituut bestaansreg?”, *Die Kerkbode*, *xcvii (5),* 2 Februarie 1966, 155.

Jonker, W. D. 1966. “Oor Erdekruike en ... Gesante van God”, *Die Kerkbode*, *xcvii (9),* 2 Maart 1966, 262 – 264.

Jonker, W. D. 1966. “Die sin van ons lyding”, *Die Voorligter*, *xxix (5),* April 1966, 11.

**1.14 1967**

Jonker, W.D. 1967. *Die Brief aan die Romeine*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Jonker, W. D. 1967. “Insake beroepbaarheid na drie jaar”, *Die Kerkbode*, *xcix (3),* 18 Januarie 1967, 94.

Jonker, W. D. 1967. “Die sug na bevryding”, *Die Voorligter*, *xxx (5),* April 1967, 12.

Jonker, W. D. 1967. “Die Kerkraad, Ring en die Ci “, *Die Kerkbode*, *c (4),* 26 Julie 1967, 135 - 136.

Jonker, W. D. 1967. “Getuig met woord en daad”, *Die Voorligter*, *xxx (9),* Augustus 1967, 12.

Jonker, W. D. 1967. “Volkskerk of Belydende Gemeente? (Enkele gedagtes oor die verskil tussen Luther en Calvyn met betrekking tot die vraag na die regering van die kerk)”, *NGTT*, *viii (4),* September 1967, 202 - 211.

Jonker, W. D. 1967. “Wat die Hervorming vandag nog beteken”, *Die Voorligter*, *vxxx (11),* Oktober 1967, 3, 8, 9.

Jonker, W. D. 1967. “Konflik in die kerk”, *Die Kerkbode*, *119 (22),* 29 November 1967, 770 – 772.

**1.15 1968**

Jonker, W. D. 1968. *Perspektief op Geloofsleer in Bybelkunde–Onderrig.* Ongepubliseerde referaat (Departementele opknappingskursus in Bybelkunde sts. 9 en 10, 1-5 April 1968 aan die Goudstadse Onderwyskollege).

Jonker, W. D. 1968. “Daar is geen onderskeid nie”. In *Verkondig die Woord: 52 boodskappe deur 52 leraars*. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Jonker, W. D. 1968. “Belydenis van Gods genade”, *Die Kerkbode, ci (8)*, 21 Februarie 1968, 265 - 266 en 268.

Jonker, W. D. 1968. “Ontslae van die wet”, *Die Voorligter*, *xxxi (4),* Maart 1968, 12.

Jonker, W. D. 1968. “Dit is salig om gering te wees”, *Die Voorligter*, *xxxi (4),* Mei 1968, 10.

Jonker, W. D. 1968. “Grace and Justification”, *NGTT, ix (3),* Junie 1968, 132 - 143.

**1.16 Na 1968**

Jonker, W. D. 1973. “Dogmatiek en Heilige Skrif. Enkele opmerkinge oor die plek van die Skrif in die teologie van G. C. Berkouwer”. In *Septuagesimo Anno. Theologische opstellen aangeboden aan G. C. Berkouwer ter gelegenheid van zijn afscheid als hoogleraar in de Faculteit der Godgeleerdheid van de Vrije Universiteit te Amsterdam*. Kampen: Kok, 86 – 111.

Heyns, J. A. en Jonker, W. D. 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Jonker, W. D. 1974. “Selfliefde en selfhandhawing”, *Die Kerkbode, 126 (7),* 14 Augustus 1974, 210 - 212.

Jonker, W. D. 1974. “Selfliefde en selfhandhawing”, *Die Kerkbode, 126 (7),* 21 Augustus 1974, 240 – 242.

Jonker, W. D. 1977. “Die unieke karakter van die kerk”, *In die Skriflig*, *11 (43)*, September 1977, 4 – 13.

Jonker, W. D. 1978. “Die uitdaging”, *Die Kerkbode*, *130 (7),* 16 Augustus, 1978, 198 -200, 211.

Jonker, W. D. 1979. “The Credibility of the Church”, *Missionalia*, *vii (3),* October 1979, 114 - 127.

Jonker, W. D. 1982. “Eenheid as gemeenskap van die heiliges”, *Die Kerkbode*, *134 (1),* 7 Julie 1982, 8 – 9.

Jonker, W. D. 1984. “Die koningskap van Christus en die staat in 'n godsdienstig-pluralistiese land”, *Scriptura 12*, 1 – 19.

Jonker, W. D. 1987. *Church unity amidst differences of believe and confession*. Ongepubliseerde toespraak gelewer by ’n konferensie oor die kerk. Pretoria.

Jonker, W. D. 1987. “Die eenheid van die kerk – noodsaak of luukse?”. In P. B. van der Watt et al. *Die eenheid van die kerk van Christus*. Universiteit Pretoria Teologiese Studies III. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel Transvaal, 35 – 44.

Jonker, W. D. 1988. “Een sodat die wêreld kan glo.” *Die Ligdraer*, *49 (7),* 25 April 1988, 99 – 111.

Jonker, W. D. 1991. “Die noodsaak van skuldbelydenis”. In De Villiers, Etienne en Kitching, Deon. *Derdegelui vir môre. Die NG Kerk voor die uitdagings van 'n nuwe tyd*. Kaapstad: Tafelberg, 94 – 102.

Jonker, W. D. 1991. “Reaksie op Naudé en Fürstenberg se bespreking van *Uit vrye guns alleen*”, *NGTT, xxxv (1),* Maart 1991, 119 – 123.

Jonker, W. D. 1993. *Ja! Jy kán seker wees – dat jy gered is*. Kaapstad: Lux Verbi.

Jonker, W.D. 1994. *Bevrydende Waarheid.* Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Jonker, W. D. 1995. “Reformed Theology and the Identity of the Christian Congregation”, *In die Skriflig, 29 (3),* 345 - 369.

Jonker, W. D. 1998. *Selfs die Kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

Jonker, W. D., Koopman, Nico, Lombard Christo en Piet Naudé. 2009. *Die relevansie van die kerk: Teologiese reaksies op die vraag na die betekenis van die kerk in die wêreld*. Wellington: Bybel-Media.

## 1.17 Ongepubliseerde, ongedateerde bronne

Advies aan Beyers Naudé (1963), NG Kerk in SA Argief, SIN 1376.

Die eenheid van die kerk in die lig van Skrif en Belydenis.

Die eenheid van die kerk volgens die NGB; Nota opgestel deur W. D. Jonker, Stellenbosch.

## 2. PRIMÊRE BRONNE

### 2.1 Argiewe

NG Kerk in SA Argiefbewaarplek:

*Predikante lêer* P. 4322.

*Handelinge van die Tweede Vergadering van die Suidelike Streeksinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Transvaal gehou te Pretoria op 16 April 1959 en volgende dae.*

*Agenda vir die Konvensie van Kerke in 1962.*

*Handelinge van die eerste vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk asook van die Konvensie en die ontbinding van die Raad van die Kerke gehou in Kaapstad op Donderdag, 11 Oktober 1962 en volgende dae.*

*Notule van Buitengewone vergadering van die kommissie van eksaminatore gehou op 8 September 1963*.

*Notule van 'n buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie gehou op die gewone plek te Johannesburg 11 Februarie 1964.*

Archive of the World Council of Churches 4223.18.1/1 *Cottesloe Consultation* (1952-1963).

Argiefbewaarplek: Theologische Hogeschool, Kampen.

Argiefbewaarplek: Vrije Universiteit.

Argiefbewaarplek: Ridderbos argief, Theologische Hogeschool, Kampen.

Argiefbewaarplek: Gemeente argief - Kuratorium Theologische Hogeschool, Kampen.

### 2.2 Argiewe (Gepubliseer)

*Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Middelburg van 11 Augustus tot 4 September 1896*. 1897. Leiden: D. Donner.

*Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Utrecht van 22 Augustus tot 7 September 1905*. 1905. Amsterdam: Hoveker & Wormser.

*Acta der buitengewone generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Assen van 26 januari tot 17 maart 1926*. Kampen: J. H. Kok, s.j.

*Acta der voortgezette buitengewone generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Assen van 31 augustus tot 10 september en van 27 tot 29 october 1926*. Kampen: J. H. Kok, s.j.

*Acta van de generale synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland: gehouden te Utrecht van juni 1943 – augustus 1945.* Kampen: J. H. Kok, s.j.

*Acta van de generale synode van Utrecht 1959 en 1960 van de Gereformeerde Kerken in Nederland.* Kampen: J. H. Kok, s.j.

*Bijlage bij de Acta van de Generale Synode van de Gereformeerde Kerken in Nederland, 1957 – 1958*. Kampen: J. H. Kok, s.j.

*Die Ned. Geref. Kerk en sy Evangelisasie Taak Vandag*. Handelinge, referate en besluite van die eerste Uniale Evangelisasiekongres gehou in die stadsaal, Bloemfontein, 28-30 September 1959. 1960. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Gereformeerde Kerken in Nederland. 1959. *Rapport van de deputaten voor bestudering van het vraagstuk der "pluriformiteit" en oecumeniciteit*. S.l., s.n.

*Historisch Documentatiecentrum voor het Nederlands Protestantisme*, Nauta archief, Coll. Nr. 470.

*Jaarboek van die Gefedereerde Nederduitse Gereformeerde Kerke*, *1955.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

*Jaarboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerke, 1964.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

*Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1964.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

*Reglemente voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. 1862. Potchefstroom: JP Borrius.

Rutgers, F. L. 1980. *Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw*. Dordtrecht: J. P. van den Tol.

*Soli Deo Gloria. Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek*. 1874. Utrecht: J. H. van Peursum.

Van Raalte, A. C., Brummelkamp, A. en van Velzen S. 1841. *Kerkelijk handboekje, zijnde een kort uittreksel van de voornaamste acten der Nationale en Provintiale Synoden, betrekkelijk de zuiverheid der Leere, rust der Kerke, enz., alsmede de post-acta of nahandelingen van het Nationale Synode van Dordrecht, gehouden in de jaren 1618 en 1619: zeer dienstig en noodig voor predikanten en kerkenraden: met eene voorrede*. Amsterdam: N. Obbes.

*Wetten en Bepalingen voor de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk, in de Zuid-Afrikaansche Republiek*. 1890. Kaapstad: Hofmeyer & Regter.

### 2.3 Kerklike tydskrifte

*Die Kerkbode,* 1955-1968.

Albertyn, J. R. 1955. "Organiese Kerkvereniging", *Die Kerkbode*, *lxxvi (15),* 12 Oktober 1955, 521.

Cilliers, J. D. 1955. "Kerkvereniging", *Die Kerkbode*, *lxxvi (10),* 7 September 1955, 313, 314.

Du Toit, S., "Die ander kant van die saak", *Die Kerkbode*, *lxxxvi (8),* 24 Augustus 1960, 261 – 262.

Hanekom, T. N., "Boekbeskouing", *Die Kerkbode*, *xc (14),* 3 Oktober 1962, 473, 474.

Kocks, J. F., *Die Kerkbode, lxxv (2),* 12 Januarie 1955, 43.

Redakteur. 1955. "In Nederland gepromoveer", *Die Kerkbode, lxxv (17)*, 27 April 1955, 533.

Redakteur. 1955. "Ons Kerk en die immigrante", *Die Kerkbode*, *lxxv (2),* 12 Januarie 1955, 36.

Potgieter, F. J. M. 1955. "Generale en streeksinodes", *Die Kerkbode*, *lxxvi (5),* 3 Augustus 1955, 158, 159.

Potgieter, F. J. M. 1956. "Generale en streeksinodes", in *Die Kerkbode*, *lxxvii (18),* 2 Mei 1956, 815, 817.

Venter, E. A. 1955. "Die Rooms-Katolisisme", *Die Kerkbode*, *lxxv (2),* 12 Januarie 1955, 40, 41.

### 2.4 Ander dokumente en afskrifte

"Promotie W. D. Jonker", *Kerknieuws*, *12 (615),* 9 April 1955, 505-506.

"Skitterende verweer van Suid-Afrikaanse student teen aanvalle van Roomse priester", *Die Voorligter*, *xviii (6),* 15 Mei 1955, 18.

Boekbeskouing: *Mistieke liggaam en kerk in die nuwe Rooms-Katolieke teologie,* deur dr. W. D. Jonker", *Die Kerkbode lxxvi (5),* 3 Augustus 1955, 155.

## 3. DIGITALE BRONNE

Atlantic Charter, http://web.archive.org/web/20080712004047/http://usinfo.state.gov/infousa/government/overview/53.html Datum besoek: 2015-05-14.

Britz, R. M. 2010. "Teologiese aantekeninge by die jubileum van "ons theologische seminarium" op Stellenbosch", *Acta Theologica, 24 (2) Supplementum 5*, 217-249. Fakulteit Teologie. http://www.ajol.info/index.php/actat/article/view/52284 Datum besoek: 2016-12-30.

Buskes, J. J. "Hoera voor het leven". http://www.dbnl.org/tekst/busk005hoer01_01/busk005hoer01_01_0043.php Datum besoek 2016-11-14.

Degenaar, J. J. "Die betekenis van N. P. van Wyk Louw vir my eie denke", *Standpunte*, http://dcsoosthuizen.blogspot.co.uk/ Datum besoek: 2015-05-01.

Deputaatschap kerkrecht van de Generale Synode 2007 van de Gereformeerde Gemeenten. 2008. *In goede orde: handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*. [S.l.] http://kerkrecht.nl/node/2769 Datum besoek: 2016-02-01.

Giliomee, Herman. "Het Apartheid by die Kerk Begin?", *LitNET*, 2013-05-08. http://www.litnet.co.za/Article/hermann-giliomee-het-apartheid-by-die-kerk-begin Datum besoek: 2014-06-04.

Giliomee, Herman. "Die wortels van Apartheid", *Rapport*, 2013-07-20. http://www.rapport.co.za/Weekliks/Nuus/Die-wortels-van-apartheid-20130720 Datum besoek: 2014-06-04.

Golverdingen, M. *De strijd om het kerkrecht in de Gereformeerde Kerken in Nederland van 1926 tot 1944.* Bijvakscriptie TU Apeldoorn. http://kerkrecht.nl/main.asp?pagetype=onderdeel&item=78 Datum besoek: 2015-04-18.

Kerkorde van de Nationale Synode te Dordrecht 1619: http://kerkrecht.nl/node/439 (Oud Nederlandse vertaling.)

Moderne vertaling: Deputaatschap Kerkrecht van de Gereformeerde Gemeenten. 2007 [2008]. *In goede orde. Handleiding en toelichting bij de kerkelijke rechtsgang*, z.p., 2007: http://kerkrecht.nl/node/2769 Datum besoek: 2012-05-21.

Louw, R. W. 2009. *Die bydrae van dr J D [Koot] Vorster tot die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk*. Doktorale verhandeling, Fakulteit

Teologie, Universiteit Pretoria. http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/28183/00front.pdf?sequence=1&isAllowed=y, Datum besoek: 2015-04-03.

Plaatjies-Van Huffel, Mary-Anne. 2008. *Die Doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika* (Doktorale verhandeling, Universiteit Pretoria. http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/23708/Complete.pdf?sequence=9&isAllowed=y Datum besoek: 2015-04-28.

Quispel, G. C. *Anti-Joodse beeldvorming en Jodenhaat: de geschiedenis van het antisemitisme in West-Europa*. https://books.google.co.za/books?id=HCamCwAAQBAJ&pg=PA203&lpg=PA203&dq=%22prof+h+h+kuyper%22&source=bl&ots=5AfYl5itx0&sig=leM6QZRiJfKwy3tW5y7fxrMUG0s&hl=en&sa=X&redir_esc=y#v=onepage&q=%22prof%20h%20h%20kuyper%22&f=false Datum besoek: 2016-11-14.

Strauss, P. J. 2014. "Die kerk, maatskappy en vrye verenigings: 'n studie van die kerkorde van die NG Kerk", *Acta Theologica, 34 (2)*. http://dx.doi.org/10.4314/ACTAT.V34I2.8 Datum besoek: 2016-01-12.

The Roman Catholic Church in *"Faith Communities and Apartheid"*. (Report Prepared for The Truth and Reconciliation Commission by the Research Institute on Christianity in South Africa, March 1998). http://web.uct.ac.za/depts/ricsa/commiss/trc/trcr_ch2.htm#2.3.5%20The%20Roman%20Catholic%20Church Datum besoek: 2014-05-08.

Van Rooyen, Jan Hendrik Petrus. 1990. *Die NG Kerk, apartheid en die Christelike Instituut van Suidelike Afrika*. http://hdl.handle.net/10539/20402 Datum besoek: 2016-05-12.

Van Staden, J. H. 2014. *Church Law as a ius sui generis in South Africa: a Reformed Perspective*. (Proefskrif, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein). http://etd.uovs.ac.za/ETD-db/theses/available/etd-08042014-161049/unrestricted/VanStadenJH.pdf Datum besoek: 2016-08-22.

Vosloo, Robert. "The Dutch Reformed Church, Beyers Naudé and the Ghost of Cottesloe". http://uir.unisa.ac.za/xmlui/bitstream/handle/10500/4632/Vosloo.pdf?sequence=1 Datum besoek: 2015-06-23.

Mark Wallet, 2010. “1960, Het jaar van Afrika”. http://www.digibron.nl/search/detail/012dba7e7720626f8598eb66/het-jaar-van-afrika Datum besoek: 2015-09-12.

Uitvoeringsbepaling bij Kerkorde CGK (2010) Art. 6. http://kerkrecht.nl/node/5575 Datum besoek: 2016-02-01.

http://stellenboschwriters.com/hugoa.html. Datum besoek: 2016-02-06.

https://en.wikiquote.org/wiki/Harold_Macmillan Datum besoek: 2015-06-02

## 4. ARTIKELS EN TYDSKRIFTE

Berkouwer, G. C. 1960. *Gereformeerd weekblad voor den opbouw van het gereformeerde leven*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G. C. 1961. *Gereformeerd weekblad voor den opbouw van het gereformeerde leven*. Kampen: Kok.

Breytenbach, J. A. 2004. “Na vyftig jaar Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad - kerk of sekte?” *NGTT, 45 (3),* 518 - 528.

Britz, R. M. 1985. “Oor die kerkbegrip en die ordening van die kerklike lewe by die Nederduitse Gereformeerde Kerk”. *NGTT*, xxvi *(3),* September 1985, 432 – 451.

Brown, E. 1979. “Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het”. *NGTT, xx (4),* 277 - 304.

Brown, E. 1992. “Die hervertolking van die paradigma in verband met die Kollegialisme om die Afrikaanse kerke kerkregtelik te verstaan”. *Hervormde Teologiese Studies v 48 (3/4),* 691 - 715.

*Centraal weekblad: voor de gereformeerde kerken in Nederland*. 1959. Utrecht: Libertas.

*Centraal weekblad: voor de gereformeerde kerken in Nederland*. 1960. Utrecht: Libertas.

Christian Institute of Southern Africa. 1969. *Newsletter*, no. 2, April – June 1969. Johannesburg: Christian Institute of Southern Africa.

Coetzee, Murray. 2013. "Eertydse Nederduitse Gereformeerde teologiese denkstrome ten grondslag van Beyers Naudé se kritiek op apartheid: algemeen", *NGTT, 54 (3 & 4),* 154 - 168.

De Boer, E. A. 2012. De katholieke ecclesiologie van de *Confession de Foy* in het licht van *Le Baston de la Foy Chrétienne*", *Theologia Reformata*, *jaargang 55 nummer 3,* september 2012, 264 – 277.

Du Toit, S. 1959. "Belangrike nuwe ontwikkeling in die N.G. Kerk: 'n Kerkorde Aanvaar deur die Raad van die Kerke", *Die Kerkblad*, *61 (1511)*, 26 Augustus 1959, 10, 11.

Floor, F. 1993. "'n Nuwe-Testamentiese perspektief op 1892", *In die Skriflig 27(2)*, 199 - 213.

Gereformeerde Bond. 1959. *De Waarheidsvriend: wekelijks orgaan van de Gereformeerde Bond in de Nederlandse Hervormde Kerk*. Maassluis, Nederland: Gereformeerde Bond.

Gereformeerde Bond. 1960. *De Waarheidsvriend: wekelijks orgaan van de Gereformeerde Bond in de Nederlandse Hervormde Kerk*. Maassluis, Nederland: Gereformeerde Bond.

Geyser, A. S. 1960. "Christelike godsdiens en eiesoortige volksdiens: 'n beoordeling van die boek van Prof. Dr. A.B. du Preez, Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens," *HTS, 16(1),* 1 - 30.

Giliomee, H. 2003. "The Making of the Apartheid Plan, 1929-1948", *Journal of Southern African Studies, 29(2)*, 273 – 292.

*Hervormd Nederland*. 1900. 's-Gravenhage: Hervormde Raad voor Pers en Publiciteit.

Hofmeyr, J. W. 1991. "'n Beraad te midde van berade: Die historiese konteks van die Cottesloe-Kerkeberaad herbeoordeel", *Skrif en Kerk*, *Jaargang 12 (2),* 242 – 258.

Kuyper, H. H. 1926. "Recht in de zaak-Geelkerken", *De Heraut*, *nr. 2503*, 10-01-1926.

Kuyper, H. H. 1926. "De Kerkelijke besluiten der Synode van Assen" *De Heraut*, *nr. 2515*, 04-04-1926.

Kuyper, H. H. 1926. "De Kerkrechtelijke bezwaren II" *De Heraut*, *nr. 2527*, 27-06-1926.

Kuyper, H. H. 1926. "Repliek van Dr van Lonkhuizen VI, I" *De Heraut*, *nr. 2527*, 27-06-1926.

Kuyper, H. H. 1932. "Napleiten". 'n Reeks van 13 aflewerings in *De Heraut*, *nr. 2830 – 2842*.

Kuyper, H. H. 1932/33. "Repliek van dr. J. van Lonkhuijzen". 'n Reeks van 6 aflewerings in *De Heraut*, *nr. 2862 – 2867*.

Kuyper, H. H. 1938. “Nieuw kerkrecht?”. ’n Reeks van 7 aflewerings in *De Heraut*, *nr. 3145 – 3154*.

Kuyper, H. H. 1939. “De drieërlei macht”. ’n Reeks van 25 aflewerings in *De Heraut*, *nr. 3178, 3179,* 3180 - 3222.

Nash, Andrew. 2005. “Dialogue Alone: D.C.S. Oosthuizen’s Engagement with Three Philosophical Generations”, *African Sociological Review, 9(1)*, 62 - 72.

Naudé, P. 2010. "Op 'n mespunt. Die ontvangs van Johannes Calvyn in die denke van Willie Jonker". *NGTT*, *51 (3 & 4),* 82 - 91.

Potgieter, F. J. M. 1950. “Die Apartheidsvraagstuk”, *Die Gereformeerde Vaandel, xviii (1),* 2 – 4.

Schutte, G. J. 2006. "Meer dan theologie alleen: Neo-Calvinistische perspectieven op kerk en samenleving in Zuid-Afrika. Opmerkingen bij de Du Plessis-zaak", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, *46 (3),* 348-366.

Skrywer onbekend. 1955. “Skitterende Verweer van Suid-Afrikaanse Student teen Aanvalle van Roomse Priester”, *Die Voorligter*, *vol. xviii (6),* 15 Mei 1955, 18.

Spoelstra, B. 1968. Boekresensie. *In die Skriflig*, *2 (5)*, 22 Mei 1968, 45 – 49.

Van Wyk, Amie. 2010. “Profetiese stem het 2 style”. *Beeld,* 24-08-2010.

Vereniging tot Opbouw en Bewaring van het Gereformeerde Leven 'Schrift en Getuigenis' ('s-Gravenhage). 1960. *Waarheid en eenheid: orgaan voor het gereformeerde leven*. Bodegraven: Karssen ene Zoon.

Vorster, J. D. 1960. “Die Kerkorde vir die Ned. Geref. Kerke: Die besware daarteen en die betekenis daarvan”, *NGTT,* i (*4*), 12 – 18.

**5. LITERATUUR**

Aalders, M. J. 2012. *Een handjevol verkenners? Het Hersteld Verband opnieuw bekeken*. Barneveld: Uitgeverij De Vuurbaak.

Adam, Heribert and Giliomee, Herman. 1979. *The Rise and Crisis of Afrikaner Power*. Cape Town: David Philip.

Adonis, J.C. 1999. “The Role of Abraham Kuyper in South Africa – A Critical Historical Evaluation”. In Van der Kooi, Cornelis and J. de Bruijn. 1999. *Kuyper Reconsidered: Aspects of his Life and Work*. Amsterdam: VU Uitgeverij.

Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1988. *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Bakhuizen van den Brink, J. N. en Tukker C. A. 1966. *Ecclesia II: een bundel opstellen*. 's-Gravenhage: Nijhoff.

Bakhuizen van den Brink, J. N. 1968. *Ius ecclesiasticum: historische beschouwingen over kerk en recht*. Amsterdam: Noord-Hollandsche Uitgevers Maatschappij.

Bakhuizen van den Brink, J. N. 1976. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen.* Tweede druk. Amsterdam: Ton Bolland.

Bakker, Robert Jan. 2007. *De boycot beoordeeld: een ethische studie over de internationale dwangmaatregelen tegen Zuid-Afrika*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Balke, W. en Oostenbrink-Evers. H. 1993. *De Commissie voor de Kerkorde, 1945-1950: bouwplan, agendastukken en notulen van de vergaderingen ter voorbereiding van de nieuwe kerkorde (1951) van de Nederlandse Hervormde Kerk*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Barth, Karl and G. W. Bromiley. 1978. *Church Dogmatics Vol. IV, 1*. London: T & T Clark.

Barth, Karl and G. W. Bromiley. 1978. *Church Dogmatics Vol. IV, 2*. London: T & T Clark.

Basson, F. D. J. 2015. *Bevrydende Waarheid. Soteriologie as sleutel tot die verstaan van WD Jonker.* (Ongepubliseerde doktorale verhandeling, Universiteit Stellenbosch.)

Bavinck, H. 1967. *Gereformeerde dogmatiek, IV*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G. C. 1989. *Zoeken en vinden: herinneringen en ervaringen*. Kampen: Kok.

Biesterveld, P. en Kuyper, H. H. 1905. *Kerkelijk handboekje: bevattende de bepalingen der Nederlandsche synoden en andere stukken van beteekenis voor de regering der kerken*. Kampen: Bos.

Brouwer, A.M., Sevenster, Gerhard en Wagenaar, C. G. 1939. *Schrift en kerkorde: "Kerkopbouw"-rapport*. Baarn: Bosch & Keuning.

Brouwer, A.M. 1947. *Schrift en kerkorde: antwoord aan Dr. A. J. Bronkhorst*. Leiden: Sijthoff.

Bouwman, H., 1928. *Gereformeerd kerkrecht: het recht der kerken in de practijk – I*. Kampen: Kok.

Bouwman, H. 1988. *De kerkelijke tucht: naar het gereformeerde kerkrecht*. Tweede onveranderde druk. Kampen: De Groot Goudriaan.

Bouwman, H. en Hoekstra, T. 1934. *Gereformeerd kerkrecht: het recht der kerken in de practijk – II*. Kampen: Kok.

Bouwman, M. 1937. *Voetius over het gezag der synoden*. Amsterdam: Bakker.

Bouwman, M. 1944. *Tweeërlei kerkrecht?: het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch gereformeerd*. Amsterdam: Bakker.

Bruijn, L. G. 1945. *De Kerk in Generale Synode: een woord in het bijzonder tot de vreesachtigen in de Ned. Herv. (Geref.) Kerk*. Wageningen: Veenman.

Bremmer, R. H. en van der Stoel, J. P. 1944. *Overstemming of overeenstemming?: een bijdrage tot het verstaan van kerkrechtelijke strijd in de Gereformeerde Kerken*. S.l., s.n.

Bronkhorst, A. J. 1947. *Schrift en kerkorde: een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid van een "Schriftuurlijke kerkorde"*. Den Haag: Zuid-Holl. Boek- en Handelsdrukkerij.

Bronkhorst, A. J. 1987. "De Nederlandse Hervormde kerk en het Algemeen Reglement van 1816". In Van 't Spijker, W. en van Drimmelen, L. C. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok.

Calvijn, Johannes (Vertaal deur Sizoo, A). 1949. *Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdienst*. Delft: Meinema.

Cameron, Trewhella, en Spies, S. B. 1986. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad: Human & Rousseau.

*Cottesloe Consultation: the Report of the Consultation among South African Member Churches of the World Council of Churches, 7-14 December 1960 at Cottesloe, Johannesburg*. 1960. Johannesburg: s.u.

Dam, R. J., Holwerds, B., Veenhof, C. en Vollenhoven, D. H. Th. 1945. *Rondom "1905"*. Terneuzen: Littooy.

D'Assonville, V. E. 1993. *Dit is Totius: J. D. du Toit, 1877-1953*. Lynnwoodrif: MARNIX.

Deddens, D. "Las Rutgers Voetius verkeerd? M. Bouwman' s kritiek op Rutgers' weergave van de Quaestiones XXII en XXIII in Voetius' *Politica Ecclesiastica*,

Pars I, Tract. II, Cap. V getoetst.” Voordracht geleverd op de vergadering van de Ecclesiologische Club, Kampen, Mei 1985. S.p., s.u.

Deddens, D. en Kamphuis, J. 1986. *Doleantie, wederkeer: opstellen over de Doleantie van 1886*. Haarlem: Vijlbrief.

Deddens, D. en te Velde, M. 1992. *Vereniging in wederkeer: opstellen over de Vereniging van 1892*. Barneveld: De Vuurbaak.

Deddens, D. 1992. “De Gereformeerde Kerken na de Vereniging van 1892”. In Van ‘t Spijker, W. en van Drimmelen, L. C. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok.

Deddens, D., en te Velde, M. 1994. *Vrijmaking – Wederkeer: vijftig jaar vrijmaking in beeld gebracht, 1944-1994*. Barneveld: De Vuurbaak.

De Gier, K. 1989. *De Dordtse kerkorde: een praktische verklaring*. Houten: Den Hertog.

De Gruchy, John W. 1995. “Century South Africa”. In Prozesky, M. and De Gruchy, John W. *Living Faiths in South Africa*. Londen: C Hurst & co. (Publishers), Ltd.

Deist, Ferdinand. 1975. *Die noodlottige band: die verhouding tussen kerk en staat in Oud-Israel*. Kaapstad: Tafelberg.

Dengerink, J. D. 1948. *Critisch-historisch onderzoek naar de sociologische ontwikkeling van het beginsel der "souvereiniteit in eigen kring" in de 19e en 20e eeuw*. Kampen: Kok.

De Villiers, Etienne.1986. “Kritiek uit die Ekumene”. In Kinghorn, J. en Borchardt, C. F. A. 1986. *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan South Africa.

De Wet, C. J. H. 1921. *Die kollegiale kerkreg*. Amsterdam: Bottenburg.

De Vries, W.G. 1974. *Calvinisten op de tweesprong: de Internationale Federatie van Calvinisten en haar invloed op de onderlinge verhoudingen in de Gereformeerde Kerken in Nederland in de dertiger jaren van de twintigste eeuw*. Groningen: De Vuurbaak.

Dooyeweerd, Herman. 1924. *In den strijd om een christelijke Staatkunde: proeve van een fundeering der Calvinistische levens- en wereldbeschouwing in hare wetsidee*. Kampen: Kok.

Dooyeweerd, Herman, Freeman, David H., Young, William and de Jongste, H. 1953. *A New Critique of Theoretical Thought*. Philadelphia: The Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Dreyer, A. 1927. *Kruisgesante in Suid-Afrika: Jubileum-gedenkboek van die Sendinginstituut op Wellington: 1877-1927*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Du Plessis, J. A. 1925. *Die gereformeerde kerk en kerkregering gehandhaaf teen Prof. Dr. J. du Plessis van Stellenbosch*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

Du Plessis, Johannes. 1932. *Wie sal gaan? of, Die sending in teorie en praktyk*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Bybelvereniging.

Du Preez, A. B. 1959. *Eiesoortige ontwikkeling tot volksdiens: die hoop van Suid-Afrika.* Kaapstad: HAUM.

Durand, J. J. F. 1961. *Una Sancta Catholica in sendingperspektief: 'n analise van die probleme rondom kerklike pluriformiteit en ekumenisiteit in die sending*. Amsterdam: Ten Have.

Durand, J. J. F. 1976. *Die lewende God*. Pretoria: Kerkboekhandel.

Durand, J. J. F. 1989. "Willie Jonker en die Nederduitse Gereformeerde Kerk". In Theron, P. F. en Kinghorn, Johann (red.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo.

Duursema, G. J. 1979. *Die kinderdoop en die veronderstelde wedergeboorte*. Lisensiaat Skripsie, Universiteit van Stellenbosch.

Duursema, G. J. 2013. *Deurdagte Koerswysiging: 'n Biografiese Bibliografie van Willem Daniel Jonker 1929-1955*. Meesters Verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

Elphick, Richard H. 2012. *The Equality of Believers: Protestant Missionaries and the Racial Politics of South Africa*. Charlottesville, VA [etc.]: University of Virginia Press.

Engdahl, Hans S. A. 2006. *Theology in Conflict – Readings in Afrikaner Theology the Theologies of F. J. M. Potgieter and B. J. Marais.* Frankfurt am Main: Peter Lang.

Engelbrecht, S. P. 1953. *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*. Kaapstad: HAUM.

Erasmus, A. S. 2009. *Prof. Johannes du Plessis 1886 – 1935. Baanbreker, verbreker van die gereformeerde geloof*? Bloemfontein: UV Teologiese Studies.

Eybers, J. H. 1934. *Die kerkinrigting van die Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika getoets aan die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg*. Pretoria: Van Schaik.

Geldenhuys, F. E. O'Brien. 1951. *Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode, onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria: van Shaik.

Geldenhuys, F. E. O'Brien. 1982. *In die stroomversnellings: vyftig jaar van die NG Kerk*. Kaapstad: Tafelberg.

Gerdener, G. B. A. 1930. *Boustowwe vir die geskiedenis van die Nederduits-Gereformeerde Kerk in die Transgariep*. Kaapstad: Die Nasionale Pers Beperk.

Geyser, A.S. et al. 1960. *Vertraagde aksie: 'n ekumeniese getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk*. Pretoria: uitgegee deur outeurs.

Gijben, G. G. 1925. *De groote beteekenis van de procedure tegen Dr. Geelkerken voor de Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: W. ten Have.

Giliomee, Hermann, and Mbenga, Bernard. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

Grosheide, F. W. 1952. *Wat leert het Nieuwe Testament inzake de tucht*? Delft: Van Keulen.

Hanekom, T. N. 1952. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers.

Hanekom, T. N. 1953. *Kerk en volk: die verhouding tussen Afrikaanse lewenskringe*. Kaapstad: N. G. Kerk.

Harinck, G. 1998. *Leven en werk van prof. dr. Seakle Greijdanus*. Barneveld: De Vuurbaak.

Hoekendijk, Johannes Christiaan. 1940. *Kerk en volk in de Duitse zendingswetenschap*. Amsterdam: Kampert & Helm.

Hoedemaker, Ph. J. 1897. *Heel de kerk en heel het volk!: een protest tegen het optreden der Gereformeerden als partij, en een woord van afscheid aan de Confessioneele Vereeniging : aan Jhr. Mr. A. F. de Savornin Lohman*. Sneek: Campen.

Hofmeyr, George. 2002. *NG Kerk 350: Eenhonderd bakens in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-2002*. Wellington: Lux Verbi.

Impeta, C. N. 1956. *Waar het om ging*. Kampen: Kok.

Jansen, Joh. 1913. *De kerkelijke tucht: handleiding ten dienste der Gereformeerde Kerken*. Nijverdal: Bosch.

Jansen, Joh. 1923. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Kampen: Kok.

Jansen, Joh. 1924. *De bevoegdheid der meerdere vergaderingen*. Kampen: Kok.

Jansen, Joh. 1952. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Kampen: Kok.

Jansen, André. 1997. *Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die vrymaking in Nederland*. Potchefstroom: PU vir CHO, Th.D. proefskrif.

Jansen, André. 1996. *Die geskeidenheid tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1950-1995*. PU vir CHO, Th.M. Verhandeling.

Kaajan, Hendrik. 1935. *De Doleantie en haar kerkrechtelijke beginselen*. Utrecht: P. den Boer.

Kamphuis, J. 1982. *Om de heiligheid van de gemeente: de kerkelijke tucht*. Kampen: Van den Berg.

Kamphuis, J. 1967. *Op zoek naar de belijdende volkskerk: notities over het kerkelijk-kerkrechtelijk denken van dr. Ph. J. Hoedemaker, inzonderheid met betrekking tot zijn oppositie tegen het z.g. 'Doleantie-kerkrecht' van dr. A. Kuyper en dr. F. L. Rutgers: rede gehouden bij de overdracht van het rectoraat der Theologische Hogeschool van de Gereformeerde Kerken in Nederland op 16 maart 1967*. Groningen: De Vuurbaak.

Kamphuis, J. 1971. *Zo vonden wij elkaar: het begin van het Nederlandse gereformeerde kerkverband, de synode van Emden, 1571*. Groningen: De Vuurbaak.

Kamphuis, J. 1992. "'Geen klauw macht achterblijven!' Enkele opmerkingen over A. Kuypers begeerte naar de éénheid der gereformeerde belijders". In Deddens, D. en te Velde, M. 1992. *Vereniging in wederkeer: opstellen over de Vereniging van 1892*. Barneveld: De Vuurbaak.

Keet, B. B. 1925. *Na honderd jaar: de regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de gereformeerde beginselen getoetst: toespraak gehouden bij de sluiting van de Teologiese Kweekschool, Oktober 1924*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Kersten, G. H. 1961. *Kerkelijk handboekje. Opnieuw uitgegeven op last van die Generale Synode der Gereformeerde Gemeenten in Nederland*. Utrecht: De Banier.

Kinghorn, J. en Borchardt, C. F. A. 1986. *Die NG Kerk en apartheid*. Johannesburg: Macmillan South Africa.

Kleynhans, E. P. J. 1973. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1795-1962*. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Kleynhans, E. P. J. 1982. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal.

Kleynhans, E. P. J. 1984. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal.

Kleynhans, E. P. J. 1985. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal.

Kleynhans, E. P. J. 1988. *Gereformeerde kerkreg*. Pretoria: N.G. Boekhandel Transvaal.

Knigge, J. 1994. *Historisch perspectief: wereldgeschiedenis van de 20e eeuw Boek II.* Historisch Perspectief. Barneveld: De Vuurbaak.

Koffeman, L. J. 2014. *In Order to Serve: An Ecumenical Introduction to Church Polity*. Zürich: LIT.

Koorts, Lindie. 2014. *D. F. Malan en die opkoms van Afrikaner Nasionalisme*. Kaapstad: Tafelberg.

Kromsigt, P. J. 1899. *De kinderdoop en het genadeverbond in verband met de volkskerk*. Utrecht: Kemink & Zoon.

Kromsigt, P. J. 1915. *Tweeërlei volkskerk*. Amsterdam: Van der Land.

Kruger, L. S. 1957. *Waarom is u lid van die Gereformeerde Kerk?* Benoni: L.S. Kruger.

Kuyper, A. 1870. *"Geworteld en gegrond": de kerk als organisme en instituut: intreerede, uitgesproken in de Nieuwe Kerk te Amsterdam, 10 Augustus 1870*. Amsterdam: De Hoogh.

Kuyper, A. 1884. *Plancius-rede*. Amsterdam: J. H. Kruyt.

Kuyper, A. 1884. *Tractaat van de reformatie der kerken: aan de zonen der reformatie hier te lande op Luthers vierde eeuwfeest*. Amsterdam: Höveker.

Kuyper, Abraham en Harinck, George. 2002. *Het calvinisme: zes stone-lezingen in oktober 1989 te Princeton (N.J.) gehouden*. Soesterberg: Aspekt.

Kuyper, A. 1904. *De gemeene gratie Dl. 3.* Amsterdam, Pretoria: Höveker & Wormser.

Kuyper, A. 1923. *E voto Dordraceno toelichting op den Heidelbergschen Catechismus*. Kampen: J. H. Kok.

Kuyper, A. 1910. *Dictaten Dogmatiek, Locus de salute, ecclesia, sacramentis: college-dictaat van een der studenten*. Kampen: Kok.

Labuschagne, C. J. 2011. *Beyers Naudé en het verzet tegen de apartheid: achtergrondinformatie van een medestrijder van het eerste uur*. Leeuwarden: Christelijk Gymnasium Beyers Naudé.

Langman, Harm Jan. 1950. *Kuyper en de volkskerk: een dogmatisch-ecclesiologische studie*. Kampen: Kok.

Lindeboom, L. 1877. *De gereformeerde kerkregeering een weinig toegelicht uit de historie, vooral met het oog op het stelsel van vertegenwoordiging*. Amsterdam: P. van der Sluys Jr.

Lombard, R. T. J. 1981. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerke en rassepolitiek: met spesiale verwysing na die jare 1948-1961*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Marx, Christoph. 2008. *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner Nationalism and the History of the Ossewabrandwag*. Berlin: LIT Verlag.

Meijers, P. E. M. 2008. *Blanke broeders - zwarte vreemden: de Nederlandse Hervormde Kerk, de Gereformeerde Kerken in Nederland en de apartheid in Zuid-Afrika 1948-1972*. S.l., s.n.

Meyer, P. J., Lee, Nik en Du Preez, A. B. 1970. *Die rooi gevaar is hier: kommunistiese aanslag op ons land en gees*. Pretoria: Antikommunistiese Aksiekommissie van die Afrikaanse Kerke.

Naudé, Beyers. 1995. *My land van hoop: die lewe van Beyers Naudé*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Nauta, D. 1971. *Verklaring van de kerkorde van de gereformeerde kerken in Nederland*. Kampen: Kok.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat. 1929. *Die N.G. Kerk in die O.V.S. en die Naturellevraagstuk*. Nasionale Pers: Bloemfontein.

Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1975. *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Nederduitse Gereformeerde Kerk. 1986. *Kerk en samelewing: 'n getuienis van die Ned Geref Kerk*. Bloemfontein: Algemene Sinodale Kommissie.

Noordmans, O. 1934. *Evangelie en volkskerk: een antwoord aan 'Kerkherstel'*. Baarn: Bosch en Keuning.

Noordmans, O. 1938. *Kerkelijk denken voorwaarde voor kerkorde: beschouwingen over reorganisatie*. Nijkerk: G. F. Callenbach.

Noordmans, Oepke en Hasselaar, Johannes M. 1984. *Verzamelde werken 5. Om de rechte orde der kerk*. Kampen: Kok.

Oberman, Heiko Augustinus and Donald Weinstein. 2003. *The two Reformations: the Journey from the Last Days to the New World*. New Haven: Yale University Press.

Odendaal, B. J. 1957. *Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland (1652-1952) veral met betrekking tot die Ned. Geref. Kerk*. Franeker: Wever.

Oosthuizen, G. C. 1958. *Theological Discussions and Confessional Developments in the Churches of Asia and Africa*. Franeker: T. Wever.

Oostenbrink-Evers, H. 2000. *Beginselen en achtergrond van de Kerkorde van 1951 van de Nederlandse Hervormde Kerk: een kerkrechtelijke onderzoek naar de structuur van de Nederlandse Hervormde Kerk, zoals die werd ontworpen door de Commissie voor beginselen van Kerkorde (1942-1944) en de Commissie voor de Kerkorde (1945-1947)*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Plomp, J. 1968. *Beginselen van reformatorisch kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok.

Plomp, J. 1982. *De synode. Lang zal ze leven!* Kampen: Kok.

Post, J. J. H. 2003. *Een sikkel in een vreemde oogst?: de juridische verhouding tussen hervormde gemeenten en de Nederlandse Hervormde Kerk in het bijzonder bij kerkfusie*. Heerenveen: Groen.

Pont, A. D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*. Pretoria: HAUM.

Potgieter, J. 1992. *Die verhouding tussen Beyers Naudé en die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Potgieter, F. J. M. 1952. "Ons kerk in Kaapland". In Hanekom, T. N. *Ons Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers.

Potgieter, F. J. M. 1956. *Veelvormige ontwikkeling die wil van God*. Bloemfontein: Sacum Beperk.

Potgieter, F. J. M. 1961. "Is die Apartheidsbeleid Moreel te Regverdig?". In Thom, H.B. (red.). *Grense: 'n Simposium oor Rasse- en ander verhoudings*. Stellenbosch, Grahamstad: Universiteits-uitgewers en -boekhandelaars (EDMS.) Bpk.

Potgieter, F. J. M. 1978. "Eenheid en veelvormigheid prinsipieel verantwoord". In Vorster, J. D. (red.). *Veelvormigheid en eenheid*. Kaapstad, N. G. Kerk-Uitgewers.

Prinsloo, C. B. 2016. *Die teologiese diskoers oor apartheid in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (1951 – 2011)*. Ongepubliseerde Meesters Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Pretorius, Fransjohan (red.). 2012. *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg.

Richter, A. L., Dove, Richard en van Toorenenbergen, A. 1876. *Het katholieke en evangelisch kerkrecht*. Utrecht: Kemink & Zoon.

Royaards, H. J. 1834. *Hedendaagsch kerkregt bij de Hervormden in Nederland: een handboek voor akademische lessen: alsmede ten gebruike van predikanten en leden van kerkelijke vergaderingen*. Utrecht: J. Altheer.

Rutgers, F. L. en de Jong, J. 1892. *Bespreking der hoofdpunten van het kerkrecht naar aanleiding van de Dordtsche Kerkenorde*. S.l., s.n.

Rutgers, F. L. en de Savornin Lohman, A. F. 1887. *De rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerken*. Amsterdam: Wormser.

Rutgers, F. L. en de Jong, J. 1918. *Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619*. S.l., J de Jong.

Rutgers, F. L. en Kamphuis, J. 1971. De *geldigheid van de oude Kerkenordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken*. Amsterdam: Ton Bolland.

Ryan, Colleen. 1990. *Beyers Naudé: Pilgrimage of Faith*. Cape Town: D. Philip.

Shillington, Kevin. 2005. *History of Africa*. Oxford: Macmillan Education.

Scholtz, G.D. 1956. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1842 – 1885.* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

Scholtz, G. D. 1960. *Die geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1885 – 1910*. Kaapstad: N. G. Kerk-Uitgewers.

Schüle, Charles. 1926. *Die Grundlagen des reformierten Kirchenrechtes*. Basel: Verlag der reformierten Schweizer Zeitung.

Schutte, G. J. 2005. *De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika 1880-2005. I & II.* Zoetermeer: Meinema.

Schipper, J. 2011. *Wat zegt de kerkorde?: rondom het kerkelijk leven*. Houten: Den Hertog.

Schokking, H. 1902. *De leertucht in de Gereformeerde kerk van Nederland tusschen 1570 en 1620*. Amsterdam: Clausen.

Sehling, Emil. 1914. *Geschichte der protestantischen Kirchenverfassung*. Leipzig: B. G. Teubner.

Serfontein, J. H. P. 1982. *Apartheid, Change and the NG Kerk*. Emmarentia, South Africa: Taurus.

Smilde, E. 1946. *Een eeuw van strijd over verbond en doop*. Kampen: J. H. Kok.

Smith, Nico. 2009. *Die Afrikaner Broederbond: belewinge van die binnekant*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Smit, Dirkie, en Vosloo, Robert. 2013. *Remembering Theologians, Doing Theology: Collected Essays 5*. Stellenbosch: SUN Press.

Sohm, Rudolph. 1970. *Kirchenrecht 1. Bd. 1.* Berlin: Duncker & Humblot.

Spoelstra, B. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering: 'n handboek by die Kerkorde*. Hammanskraal: Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Steyn, Jaap. 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg

Stoker, H. G. 1933. *Die wysbegeerte van die skeppingsidee, of, Grondbeginsels van 'n Kalvinistiese wysbegeerte*. Pretoria: De Bussy.

Stoker, H. G. 1941. *Die stryd om die ordes*. Pretoria: Caxton.

Strauss, P. J. 1994. *Abraham Kuyper, Apartheid and the Reformed Churches in South Africa in their Support of Apartheid*. [Kampen: Theologische Universiteit].

Strauss, P. J. 1999. "Abraham Kuyper and pro-apartheid theologians in South Africa – was the former misused by the latter?". In van der Kooi, Cornelis en de Bruijn, J. 1999. *Kuyper Reconsidered: Aspects of his Life and Work*. Amsterdam: VU Uitgeverij.

Strauss, P.J. 2002. "Die NG Kerk en sy ekumeniese bande". In Du Toit, Flip. 2002. *Moeisame pad na vernuwing: die NG Kerk se pad van isolasie en die soeke na 'n nuwe relevansie*. Bloemfontein: Barnabas.

Swart, Gerhardus Jacobus. 1959. *Die vraagstuk van die eenheid, verskeidenheid en verdeeldheid van die kerk: 'n Ekumenies-ekklesiologiese ondersoek*. Pretoria: s.u.

Theron, P. F. en Kinghorn, Johann (red.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo.

Theron, P. F. 1989. "*Corpus Christi*, Katolisisme en Kuyper". In Theron, P. F. en Kinghorn, Johann (red.). 1989. *Koninkryk, kerk en kosmos: huldigingsbundel ter ere van Prof W D Jonker*. Bloemfontein: Pro-Christo, 87 – 100.

Van Bruggen, J. 1984. *Ambten in de apostolische kerk: een exegetisch mozaïek*. Kampen: Kok.

Van Deelen, H. C. J. 1935. *Volkskerk, belijdeniskerk, vrije kerk*. Wageningen: Veenman.

Van den Berg, K. J. 1920. *Toelichting omtrent de Kwestie-Geelkerken.* Amsterdam: W. ten Have.

Van den Heuvel, P. 2004. *De toelichting op de kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Van der Linde, G. P. L. 1965. *Die grondbeginsels van die presbiteriale stelsel.* Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Schuit, J. J. 1934. *Afscheiding – doleantie getoetst aan het handboek van het kerkrecht der doleantie*. Apeldoorn: Drukkerij Jonker z.j.

Van der Walt, J. J. 1976. *Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering*. Potchefstroom: Pro Rege.

Van der Watt, P. B. 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962; 'n kerkhistories-kerkregtelike studie*. [Kaapstad]: Uitgegee vir die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur Tafelberg.

Van der Watt, P. B. 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1652-1824,* Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Van der Watt, P. B. 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1834-1866,* Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Van der Watt, P. B. 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1824-1905,* Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Van der Watt, P. B. 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk 1905-1975,* Pretoria: N.G. Kerk-Boekhandel.

Van Deursen, A. Th. 1974. *Bavianen en slijkgeuzen: kerk en kerkvolk ten tijde van Maurits en Oldenbarnevelt*. Assen: Van Gorcum.

Van Lonkhuijzen, J. 1926. *Een ernstige fout: het besluit der Generale Synode te Assen inzake de afzetting van een of meer kerkeraden gewogen en te licht bevonden*. Chicago: Christian Literature Publ. Co.

Van Lonkhuijzen, J. 1939. *Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?* Franeker: Wever.

Van Lonkhuijzen, J. 1931. *In eigen rechte lijn*. Aalten: De Graafschap.

Van Lonkhuijzen, J. 1933. *Debat niet mogelijk*. Aalten: De Graafschap

Van Lonkhuijzen, J. 1932. *Geen "napleiten" maar een tijdig waarschuwen*. Aalten: De Graafschap.

Van Loon, J. C. A. 1942. *Het algemeen reglement van 1816*. Wageningen: Zomer & Keuning.

Van Rinsum, H. J. 2006. *Sol Iustitiae en de Kaap: een geschiedenis van de banden van de Utrechtse Universiteit met Zuid-Afrika*. Hilversum: Verloren.

Van Rooyen, Jan Hendrik Petrus. 1964. *Kerk en staat: 'n vergelyking tussen Kuyper en Van Ruler*. Groningen: V. R. B. Kleine.

Van Ruler, A. A. 1948. *De belijdende kerk in de nieuwe kerkorde*. Nijkerk: Callenbach.

Van Ruler, A. A. 1958. *Heeft het nog zin, van "Volkskerk" te spreken?* Wageningen: Veenman.

Van Selms, A. 1963. *Kerk en geheime organisasie, met verwysing na die Vrymesselary en die Broederbond*. Pretoria: die skrywer.

Van Staden, F. A. H. 1973. *Kerkorde in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika 1652-1970*. Tesis (D. Div.), Universiteit van Pretoria.

Van 't Spijker, W. en van Drimmelen L. C. 1987. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J. H. Kok.

Veenhof, C. 1949. *Om de "Unica Catholica": een beschouwing over de positie van de bezwaarden onder en over de synodocratie*. Goes: Oosterbaan & Le Cointre.

Veenhof, C. 1959. *Prediking en uitverkiezing: kort overzicht van de strijd, gevoerd in de Christelijk Afgescheidene Gereformeerde Kerk tussen 1850 en 1870, over de plaats van de leer der uitverkiezing in de prediking*. Kampen: Kok.

Veenhof, C. 1966. *Om kerk te blijven*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Veenhof, C. 1974. *Kerkgemeenschap en kerkorde: kort overzicht van de strijd, gevoerd in de Afgescheiden kerken tussen 1836 en 1840 over de kerkgemeenschap en kerkorde*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.

Velema, W. H. 1957. *De leer van de Heilige Geest bij Abraham Kuyper*. 's-Gravenhage: Van Keulen.

Voigt, Alfred. 1961. *Kirchenrecht*. Neuwied am Rhein: H. Luchterhand.

Volkskongres oor Kommunisme. Pretoria 31 Maart-2 April 1964. 1964. *Christendom teen Kommunisme; Referate gelewer by die Volkskongres oor Kommunisme*. Pretoria: die Kongres.

Vorster, J. D. 1956. *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652-1792*. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.

Vos, G. J. 1884. *De tegenwoordige inrichting der vaderlandsche kerk: beschreven en naar de beginselen der Gereformeerde Kerkenordening beoordeeld: handboek tot beoefening en toepassing van het kerkrecht*. Dordrecht: J. P. Revers.

Vos, G. J. 1896. *Hoe men zich in de Nederlandsche Hervormde Kerk heeft te gedragen: systematische uiteenzetting van het tegenwoordig Nederlandsch-Hervormd Kerkrecht*. Utrecht: Kemink & Zoon.

Vree, J. 2006. *Kuyper in de kiem: de precalvinistische periode van Abraham Kuyper, 1848-1874*. Hilversum: Verloren.

Wallet, Barend. 2005. *Samen op Weg naar de Protestantse Kerk in Nederland: het verhaal achter de vereniging*. Zoetermeer: Boekencentrum.

Warneck, Gustav. 1897. *Evangelische Missionslehre: ein missionstheoretischer Versuch*. Gotha: Perthes.

Werkgroep Kerkelijk Gesprek. 1993. *Kerkelijk gesprek*. Leusden: Dienstencentrum GKN.

Williams, Henry Hofmeyr. 2006. *J. A. Heyns en die Nederduitse Gereformeerde Kerk en apartheid*. Doktorale proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

Zuberi, Tukufu. 2015. *African Independence: How Africa Shapes the World*. Lanham: Rowman & Littlefield.

**Bylaag 1**

VERTROULIK.

# APPÈL SES LERAARS TEEN RINGSBESLUIT.

INLEIDING: Vooraf wens ons die volgende onder u aandag te bring:

(a) Dit gaan vir ons nie om die persoon wie se verkiesing deur die genoemde besluit nietig geword het nie, maar enkel om die kerkregtelike en Bybelse beginsels wat daarmee gemoeid is.

(b) Daarom beskou ons die behandeling van hierdie saak nie as van spoedeisende aard nie en sal ons bly wees as dit by ’n gewone vergadering van die Sinodale Kommissie kan geskied, sodat koste soveel moontlik bespaar kan word.

I. <u>TEENSTRYDIGE BESLUITE</u>: Die eerste grond waarop ons tot u appelleer, is die feit dat hierdie besluit van die Ring in duidelike teenspraak is met ’n ander besluit wat die Ring geneem het. Ons verwys hier na die besluit van die Ring wat lui:

“Hoewel dit as te betreure te ag is dat Br. Naudé nie uitvoering gegee het aan die Sinodale versoek insake *Pro Veritate* nie, kan hierdie vergadering dit nie as ongehoorsaamheid sien op grond waarvan hy uit die amp geweer mag word nie, en daarom handhaaf die Ring die beslissing van die Kerkraad van Parkhurst”.

Daarteenoor lui die besluit van die Ring waarteen ons appelleer soos volg:

“Die H.E. Vergadering besluit dat punt B van hierdie beswaarskrif aanvaar word, aangesien br. Naudé die leiding van die Breë Moderatuur ten opsigte van die Christelike Instituut ongehoorsaam is”.

Dit is ons oortuiging dat hierdie twee besluite beginsels bevat wat met mekaar in stryd is, en nie só langs mekaar kan bly staan nie.

Volgens ons oortuiging is die besluit insake *Pro Veritate* wat deur die Ring geneem is, <u>volkome korrek. Die Ring kon nie anders besluit het nie</u>, aangesien (a) die Sinode geen verbod daarop geplaas het om aan Pro Veritate mee te werk nie, maar in die verband slegs <u>afgeraai het</u> dat dit gedoen moet word, <u>waaruit dus logies voortvloei</u> dat; (b) hoewel <u>die Sinode stellig</u> verwag dat lidmate en ampsdraers sy raad moet opvolg, dit hulle goeie reg is om dit op gewetensgronde ook nie te doen nie, sonder dat daarby

enige sprake kan wees van ongehoorsaamheid aan 'n Sinodale besluit; (c) dat die Sinode dergelike nie-opvolging van sy raad dus wel kan betreur, maar, solank daar geen sterker besluit oor die aangeleentheid geneem is nie, alle regsgrond mis om sulke lidmate of ampsdraers uit die amp te weer of met die kerklike tug teen hulle op te tree. Die Ring sal hom daarby ook laat lei het deur die feit dat die roeping tot die amp van Christus kom en dat dit niks minder as 'n vergryp sou wees om iemand wat bely dat hy deur God tot die amp geroep is en wat deur die gemeente daartoe aangewys is, op so 'n wankele grond uit die amp te weer, terwyl daar geen sprake is van dwaling in leer of lewe nie. Geen Sinode het buitendien die reg om 'n besluit te neem wat iemand uit die amp kan weer as hy nie baie beslis die gawes wat vir die amp nodig is, ontbeer, of in leer of lewe dwaal nie. Die kerk is geen vereniging van enersdenkendes, en 'n Sinode is geen hoofbestuur van 'n dergelike vereniging, waarin die wil van die lede die maatstaf vir besluite mag aangee nie. In die kerk van Christus is die Woord van God alleen die norm en maatstaf. Daarom kan 'n Sinode nie besluite neem om mense wat nie in leer of lewe dwaal nie, maar hoogstens oor sekere sekondêre sake opvattings huldig wat van die van die meerderheid van die lidmate afwyk, uit die amp te weer, asof die Sinode 'n wêreldlike vereniging is wat oor sake soos die amp besluite kan neem soos hy wil, sonder enige grond daarvoor in die Woord van God nie. Dit is gevolglik onmoontlik dat die Sinode kon bedoel het dat die genoemde besluit oor Pro Veritate 'n grond kan verskaf vir die wering van lidmate uit die kerklike amp, as hulle nie in leer of lewe dwaal nie. Daarom meen ons dat die Ring ten volle korrek besluit het dat, hoewel dit betreur word dat die betrokke broeder nie die raad van die Sinode opgevolg het nie, dit nie voldoende grond bied om hom uit die amp te weer nie.

In flagrante stryd met die bogenoemde redenasie kom die Ring nou egter en besluit op 'n veel swakker grond om die broeder wel uit die amp te weer, en wel omdat hy "ongehoorsaam" sou wees aan die leiding wat deur die Breë Moderatuur insake die Christelike Instituut gegee is. Weliswaar lui die besluit van die Ring dat punt (b) van die oorspronklike beswaarskrif van br. P.J. Potgieter gehandhaaf word, nl. dat br. Naudé die leer- en regeeramp in die kerk neergelê het terwille van 'n buite- en nie-kerklike direkteurskap van die Christelike Instituut wat deur die Breë Moderatuur veroordeel is, maar dit is duidelik dat dit vir die Ring in sy besluit nie gegaan het om die aflegging van die leer- en regeeramp nie, maar om die ongehoorsaamheid aan die Breë Moderatuur se veroordeling van die Christelike Instituut. Dit alleen word in die Ring

se besluit as motivering genoem. Met ander woorde: nie die opoffering van sy amp nie, maar sy ongehoorsaamheid aan die Breë Moderatuur vorm die regsgrond waarop iemand hier uit die amp geweer word. Ons beweer dat dit 'n teenstrydigheid bevat met die bogenoemde suiwer redenasie, omdat die gronde wat dáár gegeld het vir die verwerping van die beswaar, hier nog meer geld, aangesien (i) die besluit van die Breë Moderatuur geen enkele woord bevat van 'n verbod wat op lidmate of ampsdraers gelê word om aan die Christelike Instituut te behoort nie, ja, nie eers 'n versoek aan lidmate om nie daarby aan te sluit, of die raad om dit te doen nie. Die Breë Moderatuur het slegs die uitspraak gedoen dat hy op sekere gronde die stigting en voortbestaan van die Christelike Instituut nie goedkeur nie (vgl. Kerkbode, 27 Nov. 1963, p. 737). Buitendien mis die Breë Moderatuur alle gesag om 'n verbod van watter aard ookal op lidmate en ampsdraers te lê. (ii) Hieruit volg logies dat hier, nog minder as in die geval van die Sinode-besluit oor *Pro Veritate*, sprake kan wees van ongehoorsaamheid wanneer 'n lidmaat tóg op gewetensgronde sou besluit om nie as lid van die Christelike Instituut te bedank, net maar omdat die Breë Moderatuur nie van die Instituut hou nie. (iii) Nog minder as in die geval van die besluit oor *Pro Veritate* is hier dus sprake van 'n regsgrond om iemand wat deur Christus tot die amp geroep is, uit die amp te weer.

Buitendien is daar nog 'n verdere teenstrydigheid in die besluite van die Ring. Immers, voor die Ring het ook die beswaar van br. P.J. Potgieter gedien dat Dr. B. Engelbrecht, konsulent van die gemeente Parkhurst en voorsitter van die Kerkraadsvergadering wat die besware teen die verkiesing van br. Naudé behandel het, die vergadering verkeerd sou voorgelig het. Die Ring het egter die beswaar van br. Potgieter verwerp, waaruit logies voortvloei dat die Ring Dr. Engelbrecht se voorligting van die kerkraad ook oor hierdie punt as saaklik korrek aanvaar het. Wie nou egter in die notule van die kerkraad die uiteensetting van Dr. Engelbrecht nagaan, sal sien dat Dr. Engelbrecht hierdie saak wesenlik netso verduidelik het as wat ons dit gesamentlik hierbo gedoen het. Die Ring het dus ook in hierdie opsig met homself in stryd gekom, en daarom is dit noodsaaklik dat hierdie besluit oor die "ongehoorsaamheid aan die leiding van die Breë Moderatuur" ter syde gestel sal word.

BEVINDING VAN DIE REGSKOMMISSIE.

Die saak word voorgedra en uitvoerig bespreek. Na heroorweging en deeglike bespreking spreek die Regskommissie die volgende mening eenparig uit: Daar heers die grootste onsekerheid oor die vraag wie in gevalle soos hierdie die reg het om te appelleer, en dus ook oor die vraag of die appellante, die ses Broeders leraars, sodanige reg het in die lig van die geldende Kerkorde. Daar is egter skrywers oor die Gereformeerde Kerkreg oor die algemeen wat blykbaar die mening van so 'n reg huldig. (Vgl. Jansen, Korteverklaring (sic) van die Kerkorde p. 147 en Votius (sic), Die Sinodale Gesag, 208, 389). Die Regskommissie gaan met huiwering van die standpunt uit dat die appellant moontlik so 'n reg mag hê en gebruik en beveel derhalwe aan:-

Die Regskommissie is van oordeel dat die tydperk genoem in Besluit 100 van ons Kerkorde-bepaling waarop die appellant hom beroep, nie betrekking het op appèlle van hierdie aard nie, maar alleen op tugappèlle. Vir appèlle van hierdie aard is daar geen reëling i.v.m. tydsbepaling nie.

1. Teenspraak tussen Ringsbesluite as appèlgrond. Die Regskommissie is van oordeel dat die Ringsbesluite oor Pro Veritate en die Breë Moderatuur nie teenstrydig is nie en dat teenstrydighede op sig-self nie grond van appèl is nie, daarom word aanbeveel dat die appèl op hierdie punt van die hand gewys word.

## II. DIE GESAG VAN DIE BREË MODERATUUR SE VERKLARING:

Die tweede grond waarop ons meen dat hierdie besluit van die Ring van Johannesburg onhoudbaar is, is die feit dat daarmee aan die "leiding van die Breë Moderatuur" 'n gesag toegeken is wat dit nooit kan besit nie. Die Breë Moderatuur is geen tussentydse bestuur wat regeer wanneer die Sinode nie sit nie, maar eenvoudig 'n kommissie van die Sinode soos elke ander kommissie van die Sinode (vgl. art. 40 kerkorde). Selfs wanneer die Breë Moderatuur in spoedeisende sake voorlopig namens die Sinode mag handel, bly sy bevoegdhede volgens art. 40 (b) (ii) van die kerkorde nog baie beperk. In die onderhawige geval het die Breë Moderatuur egter nie in sy hoedanigheid as Breë Moderatuur opgetree nie, maar in sy hoedanigheid as Ekumeniese Kommissie van die Algemene Sinode, soos die verklarings in die Kerkbode dit ook duidelik stel. Dit bevestig nog te meer dat die gesag van die verklaring van die Breë Moderatuur niks meer is as die van die verklarings wat enige ander kommissie van die Algemene Sinode mag doen nie. Die besluit van die Ring van Johannesburg wek die indruk dat 'n verklaring van die Breë Moderatuur selfs meer gesag het as 'n besluit van 'n Sinode

(vgl. ons betoog hoër op oor die Sinodale besluit rakende Pro Veritate), en lê in lyn met al die koerantopskrifte wat ten tyde van die uitreiking van dié verklaring gelui het: Hoogste Liggaam van N.G. Kerk Bestraf Christelike Instituut (vgl. Dagbreek, 17/11/1963). Hoe ver lê hierdie dinge weg van ons gereformeerde opvattings oor die Kerkregering!

Die Algemene Sinode het hom duidelik uitgespreek oor die gesag van dergelike verklarings wat deur sy kommissies gedoen word, en het neergelê dat dergelike verklarings steeds met die uitdruklike verstandhouding gedoen word dat hulle die standpunt van die betrokke kommissie as sodanig verteenwoordig en eers deur die Sinode bekragtig moet word (Acta, 1962, 162 en 262). Hieruit is dit baie duidelik dat die genoemde verklaring bloot die standpunt van die Ekumeniese Kommissie van die Algemene Sinode verteenwoordig en nie as die standpunt van die kerk beskou kan word nie, tot tyd en wyl dit deur die Algemene Sinode bekragtig is. Maar dan is dit ook duidelik dat dit niks minder as verregaande is om te verklaar dat ’n lidmaat wat aan ’n beweging behoort wat deur ’n kommissie veroordeel word, “ongehoorsaam” sou wees, en daarom nie tot die amp toegelaat mag word nie! Sedert wanneer het kommissies in die N.G. Kerk ’n dergelike status? Bly daar nog in die N.G. Kerk enige ampsdraer oor as nagegaan moet word hoeveel ampsdraers “ongehoorsaam is” aan die “leiding” van die verskillende kommissies, bv. die Evangelisasiekommissie, die Kommissie vir Openbare Sedelikheid, die Algemene Sondagskoolkommissie ens.?

Dit sou ’n verkragting van alle beginsels van ons kerkreg wees as hierdie koers ingeslaan sou word. Dit sou immers beteken dat ’n bepaalde kommissie van die kerk op sy eie uitsprake oor bewegings kan gaan doen, sonder dat dit duidelik is hoe grondig hulle dergelike bewegings in die lig van Gods Woord bestudeer het, of hulle daarby billik en objektief was, ens. Daar was immers dan nog geen geleentheid vir die kerk om by die Sinode die saak deeglik te oorweeg en te toets nie! En as daarop persone uit die amp geweer word, is die hiërargie reeds binne in die kerk ingehaal, en is die bepaalde kommissie, in hierdie geval die Breë Moderatuur, gelyk aan die Rooms-Katolieke Kurie!

2. Die gesag van die Breë Moderatuur.

(a) Die Regskommissie is van oordeel dat die verklaring van die Breë Moderatuur

oor die Christelike Instituut op versoek van sekere kerkrade uitgereik is, ooreenkomstig die Kerkorde Art. 40 (b) (ii) is en dit tans dus bindend is ook ten opsigte van die Ring;

(b) Om dieselfde redes as wat aangevoer is deur die Regskommissie na aanleiding van die Sinodale bevinding insake die gevolge van die blad, Pro Veritate, soos hierbo genoem by punt D. (a) van die appèl van mnr. Potgieter d.w.s. in die lig van die Breë Moderatuur se feitlike bevinding aangaande die Christelike Instituut, daarom word aanbeveel dat die appèl op hierdie punt ook van die hand gewys word.

## III. HIER WORD ’n VALSE GROND VIR TUG GESKEP.

Die derde grond waarop ons appelleer teen die besluit van die Ring van Johannesburg, is die feit dat daarmee ’n onhoudbare grond vir die tug teen ampsdraers geskep is.

Dit is waar dat dit in die geval waaroor die Ring van Johannesburg moes beslis, nie om ’n tugsaak in eintlike sin gegaan het nie, maar om die behandeling van ’n beswaar teen iemand wat tot die amp gekies is. Nou is dit daarby egter ook duidelik dat besware teen iemand wat tot die amp gekies is, behalwe waar dit om bloot formele kwessies gaan, van tweërlei aard kan wees: (a) dit kan besware wees teen sy bekwaamheid (gebrek aan gawes), waarby dit duidelik is dat dit glad niks met tug te doen het nie, of (b) dit kan besware wees wat daarop neerkom dat die betrokke persoon ’n dwaling daarop nahou wat van sodanige aard is, dat hy nie tot die amp toegelaat behoort te word nie. In die onderhawige geval gaan dit om laasgenoemde. Wanneer die tipe beswaar onder (a) aan die orde is, spreek dit vanself dat dit nie met die tug enige verband het nie, maar wanneer dit die tipe beswaar onder (b) is wat aan die orde kom, spreek dit weer net so vanself dat dit dan logies daarop neer behoort te kom dat die persoon wat nie geskik vir die amp bevind word nie, eintlik as ’n voorwerp van tug gesien moet word. Ja, in so ’n geval is die wering uit die amp reeds volgens Rutgers “toch ook eer, tuchtmiddel, bestemd om tot eene verandering van gedrag te dwingen” (Kerklijke Adviezen, I, 166). Dit is dan ook duidelik dat waar iemand op grond van ’n gedragsafwyking of ’n dwaling in die leer uit die amp geweer word, daar nie net by die wering uit die amp volstaan behoort te word nie, maar dat een of ander vorm van tug op hom toegepas behoort te word – anders is die kerk nie konsekwent nie.

Hierby kom daar egter 'n ander baie wesenlike oorweging. Dit is die feit dat 'n grond wat genoegsaam geoordeel word om iemand wat tot die amp verkies is, uit die amp weg te hou, vanselfsprekend ook genoegsaam is om iemand wat reeds in die amp is, uit die amp te skors of te onthef. Met ander woorde: al gaan dit in eerste instansie by die geval wat die Ring van Johannesburg voor hom gehad het, nog nie om tug in die eintlike sin van die woord nie, dan open dit tog die deur vir en skep die grond vir tug in die eintlike sin van die woord, nl. vir die skorsing of ontheffing uit die amp. En hierin is vir ons die erns van die beslissing van die Ring van Johannesburg geleë, en die kerk moet wéét wat hy daarmee gaan doen!

Soos ons weet, is Christus die gewer van die amp. Die kerk gee nie die amp nie, maar wys alleen onder leiding van die Heilige Gees aan wie God tot die amp geroep en van die nodige gawes voorsien het. Ook is dit weer Christus Self wat die amp wegneem. Die kerk mag alleen; <u>staande op die hegte basis van die Skrif</u>, uitspraak doen dat Christus volgens Sy Woord sekerlik nie die amp wil lê in die hande van iemand wat so en so dwaal in leer of lewe nie. Hieruit is dit duidelik dat die kerk niemand uit die amp kan weer op grond van dwaling, tensy die kerk bereid is om op grond van die Skrif aan te toon <u>wat dié persoon se sonde teen God is nie</u>.

Wil die kerk waarlik kerk bly, moet hy vashou aan hierdie norm, dat grond van die tug steeds sonde is. Dit merk ons duidelik in Matt. 18 : 15 en ander plekke. Reeds die Dordtse Kerkorde bepaal duidelik in art. 79 dat die tug oor ampsdraers alleen mag geskied vanweë "een openbare grove zonde ... die der Kerk schandelijk, of ook bij de Overheid strafwaardig is", en art. 80 beskrywe sulke sondes uitvoerig, met die konklusie dat dit sondes moet wees "die de bedrijver voor de wereld eerloos maken, <u>en in een ander gemeen lidmaat der kerk de afsnijding waardig gerekend worden</u>." Netso bepaal ons eie kerkorde in art. 59 dat die tug gaan "<u>oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God en die belydenis indruis</u>".

Waar dit nou volkome duidelik is dat die versperring van die weg tot die amp in die saak onder geding nie alleen "toch ook een tuchtmiddel" is nie, maar die grond skep en die weg open vir tug in eintlike sin by ander ampsdraers, moet ons dit hiermee uitspreek dat die Ring van Johannesburg daarmee die basis van die Skrif en die Kerkorde verlaat het. Iemand word hier uit die amp geweer, nie op grond van enige dwaling in leer of lewe, nie op grond van sonde nie, maar op grond daarvan dat hy die opinie van 'n kommissie van die Algemene Sinode, wat nog nie eers deur die Algemene Sinode

bekragtig is nie, links laat lê het. Ons het tevore aangetoon dat hier geen sprake is van ongehoorsaamheid nie, maar van die gebruikmaking van ’n goeie reg wat elke lidmaat darem seker het. Deur nou egter ’n persoon op hierdie grond uit die amp te weer en die weg te open om ander persone op dieselfde of dergelike valse gronde uit die amp te weer, het die Ring van Johannesburg in stryd gekom met die Skrif en die kerkorde, en ook met die belydenis. Want – en dit moet baie duidelik wees – daarmee het die Ring die weg betree van ’n tugoefening wat in flagrante stryd is met art. 32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, waarvolgens die tug alleen uitgeoefen mag word “volgens Gods Woord” en nie volgens “menslike vindinge” nie. Dit beteken egter ook dat as die kerk die weg sou volg wat hiermee deur die Ring van Johannesburg aangegee is, die kerk sy voet sit op die weg van die valse kerk, wat volgens art. 29 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis “aan homself en sy verordeninge meer mag en gesag toeskrywe as aan die Woord van God” en “hom meer grond op mense as op Christus, diegene vervolg wat heilig lewe na die Woord van God en wat hom oor sy gebreke, gierigheid en afgodery bestraf”. Oral en altyd waar die kerk tug uitoefen, of die basis skep vir tuguitoefening, op ander gronde as wat duidelik in die Skrif te vinde is, word die suiwerheid van die kerk vernietig, en waar die eenheid en die waarheid in die kerk so nou saamhang, is ’n dergelike optrede daarop bereken om die eenheid van die kerk te bedreig. So noodsaaklik as wat dit vir die kerk is om tug te oefen <u>volgens Gods Woord</u> en dus te waak oor die suiwerheid van leer en lewenswandel, so gevaarlik is dit vir die kerk om die tug te misbruik vir die handhawing van menslike opinies wat nie direk op die Skrif gebaseer is nie, of vir die sogenaamde “orde”, terwyl ons tog weet dat die ware orde vir die kerk daarin geleë is dat hy na Gods Woord luister, en alles wat verder as dit gaan, die invoering van wanorde is. Daarvan is die Rooms-Katolieke Kerk ’n goeie voorbeeld, want daar word op alles en nog wat orde gestel, ook oor sake wat nie in Gods Woord gevind kan word nie, terwyl die ware orde van die waarheid al lankal verlore geraak het.

Wat die besluit van die Ring van Johannesburg in die ergste sin onhoudbaar maak, is dat dit ’n grond vir die tug skep, sonder om hom op die Skrif, die belydenis of die kerkorde te kan beroep, ja selfs nie eers op ’n Sinodale besluit wat die skyn van voldoende grond vir hierdie beslissing kan bied nie. Dit is ’n hoogs ernstige saak, waarvan die gevolge nie oorsien kan word nie. ’n Kerk wat tug toepas op grond van Sinodale besluite wat nie direk op die Skrif gebaseer is nie, het die hiërargie

binnegelaat, het die wese van die tug geskend en sy voet geplaas op die weg van die valse kerk. Maar ’n kerk wat nog verder gaan en mense uit die amp weer en tug wil gaan oefen op grond van besluite van kommissies, wat oor ’n paar jaar miskien by ’n sinode gewysig kan word, omdat dit nie die Skrif as direkte grond kan aanvoer nie, maak homself tot ’n aansluiting vir elkeen wat die Woord van God en die gereformeerde kerkreg ken, en sal op die lang duur ’n geweldige prys daarvoor moet betaal.

BEVINDING VAN REGSKOMMISSIE.

3. Valse Frond vir die tug geskep.

Die Regskommissie is van oordeel dat hier geen grond vir die bewering, dat ’n valse tug geskep word bestaan nie. Aangesien die Breë Moderatuur se verklaring ’n feitelike verklaring is dat

“1. Omdat dit duidelik is dat die stigting en optrede van die Instituut noodwendig moet lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van die Kerk;

“2. Omdat die Instituut hom begeef op die terrein van die Kerk deur vir hom sekere funksies, wat tot die roeping en terrein van die Kerk behoort, toe te eien ... kan die stigting van die Instituut nie vrugbaar help nie, maar dit kan verwarring skep en die Kerk in die uitvoering van sy taak hinder;”

derhalwe het ons hier nie te doen met die skepping van ’n grond vir die valse tug nie maar die beoefening van die ware tug in breëre sin ooreenkomstig Art. 59 van die Kerkorde. Daarom word aanbeveel dat die appèl op hierdie punt ook van die hand gewys word.

IV DIE MISVERSTAND WAT DIE BESLUIT WEK.

As vierde grond waarom ons appelleer, noem ons die feit dat hierdie beslissing van die Ring op so ’n swak grond rus en juis in die onderhawige geval, die indruk by die groot meerderheid van die lidmate van die kerk werk en voed, dat die kerk hier ’n persoon uit die amp geweer het, nie op grond van egte, kerklike en Bybelse redes nie, maar op grond van die feit dat dit hier gegaan het oor ’n persoon wat vir ’n deel van die Afrikanervolk onaanvaarbaar geword het om politieke redes. Terwyl die saak nog

onder behandeling was by die Ring, het politieke koerante reeds die beslissing van die Ring onder hierdie aspek belig. Dit is sonder meer duidelik dat baie op die beslissing van die Ring (en nou ook weer op die beslissing van die Sinodale Kommissie) gewag het en wag, nie met die vraag in die hart of daar gehandel sal word volgens die Woord van God, die belydenis en die kerkorde nie, maar of die kerk sal handel in ooreenstemming met die wense en begeertes van die Afrikanervolk, aan wie se sy die kerk verwag word om pal te staan. Oor dié feit hoef ons geen illusies te koester nie. Die blote feit al dat ons gebruik gemaak het van ons goeie reg en plig om te appelleer teen ’n beslissing wat na ons mening kerkregtelik nie kan deurgaan nie, is wyd en syd geïnterpreteer as ’n openbaring van politieke liberalisme, sonder enige gedagte dat dit kan voortgekom het uit opregte bekommernis oor die vraag of die kerk hom aan sy eie reg hou. Uit hierdie feit blyk baie duidelik die verregaande misverstand wat daar by ons mense aangaande die wese en optrede van die kerk heers. Die feit dat die Ring hier ’n uiters floue grond aangevoer het om te doen wat die volk begeer het dat hy sou doen, het waarskynlik baie mense met trots vervul dat die Afrikaner darem so ’n kerk het wat altyd weer die wysheid vind om die sake te doen soos die volk dit wil hê, en daarby nog ’n kerklike grond ook kan aanvoer waarom dit gedoen word. By baie ander het dit egter aan die anderkant weer die teleurstelling opgewek van te vermoed dat die kerk nie volgens sy eie beginsels handel nie, maar volgens die wil van die meerderheid van mense.

<u>Die Sinodale Kommissie is deur hierdie toedrag van sake voor die tweesprong geplaas</u>. Die Sinodale Kommissie moet nou of duidelik maak dat die Ring sy beslissing op deugdelike gronde gebaseer het (wat na ons mening nie gedoen kan word nie), of die Sinodale Kommissie moet die besluit van die Ring tersyde stel en daarmee bewys dat dit in die kerk nie om die wil van die volk gaan nie, maar om die beginsels wat die lewe van die kerk volgens Gods Woord moet beheers. Dit is in elk geval uiters noodsaaklik dat die Sinodale Kommissie nie die geleentheid moet laat verbygaan om die misverstand wat deur die besluit van die Ring gewek is, uit die weg te ruim nie. Die brandende vraag is: wie regeer in die kerk, die Woord van God of die wil van die mens? Die beslissing waarvoor die Sinodale Kommissie dus gestel is, is of die kerk die standpunt mag inneem dat mense wat nie van dwaling in leer en lewe aangeklae is nie, vir die kerklike amp ongeskik is, net omdat hulle meen dat hulle op Bybelse gronde van die gangbare opvattings van ons mense oor sekere sekondêre sake moet afwyk of

daarop kritiek moet lewer. Hierdie beslissing kan die Sinodale Kommissie nie ontwyk nie. Graag bid ons u wysheid toe in hierdie beslissing, wat na ons mening in die lig van Gods Woord ’n maklike beslissing is, maar in die lig van die wense en begeertes van die volk waarskynlik ’n baie moeilike.

Met die verskuldigde agting,
opreg die uwe in Christus,

A. C. BARNARD.
B. ENGELBRECHT.
W.D. JONKER.
R.A. MEYER.
J. H. P. VAN ROOYEN.
A. J. VENTER.

BEVINDINGE VAN DIE REGSKOMMISSIE.

4. Misverstand wat die Ringsbesluit wek.

Die Regskommissie is van oordeel dat hierdie grond vir appèl op feite sou berus waarvan die appellante geen bewyse aan die Regskommissie voorgelê het nie, derhalwe word aanbeveel dat die appèl op hierdie punt ook van die hand gewys word.

Na ernstige oorweging wil die Regskommissie dit baie sterk by die Sinodale Kommissie aanbeveel dat die Regsadviseur Prof. H. Swanepoel, teenwoordig sal wees wanneer die Sinodale Kommissie hierdie appèlle behandel.

Vertrouende dat ons hiermee aan ons opdrag voldoen het, bid ons u toe die wysheid, die genade van onse Here Jesus Christus by u oorweginge.

______________________________

(Waarnemende Scriba).

N.B. Sien asseblief Bylae hierby aangeheg as uittreksel van die Ringsnotule waar die saak behandel is.[1]

[1] Geen bylae is by die stukke in die Jonker argief gevind nie – GJD.

**Bylaag 2**

# DIE REGERING VAN CHRISTUS IN SY KERK

**DEEL EEN:** DIE ONTST. EN ONTW. V.D. GEREF. STELSEL V. KERKREGERING IN DIE SESTIENDE EN 17DE EEUE.

Hf 1: [illegible]

Hf 2: Gereformeerde K'O.

**DEEL TWEE:** DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING IN DIE NEGENTIENDE EEU

Hf 3: Ontwikkelinge in die Ned. Volkskerk

Hf 4: Ontwikkelinge in die Afgeskeie Gereformeerde groepe.

Hf 5: Ontwikkelinge in Frankryk, Duitsland en Switserland.

**DEEL DRIE:** KERKREGTELIKE ONTWIKKELINGE IN DIE JONGSTE TYD

Hf 6: Ontwikkelinge in Nederlandse Herv. Kerk

Hf 7: Die Duitse Kerkorde

Hf 8: Die nuwe gereformeerde Kerkorde

Hf 9: Gesprekke in Skotland

Hf 10: Franse [illegible] K.O.

**Bylaag 3**

DEEL II: GREPE UIT DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEREF. KERKREG IN DIE NEGENTIENDE EEU.

Hf. I ~~Die~~ 'n Periode van verval
~~Algemene tendense (met verwysing na enkele Europese kerke) buite Nederland~~.

Hf II : Die Kerkreg in die Nederlandse Volkskerk

Hf III : Die Kerkreg in die Afgeskeide kerkgroepe in Nederland.

Hf IV : Die Kerkreg in Suid-Afrika.